UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DIE SEPARATISME EN RELIGIEUSE BEWEGINGS ONDER DIE SOTHO VAN DIE RSA

deur

JOHANNES HENDRIK VAN WYK

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

D.Phil. (Volkekunde)

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
Universiteit van Pretoria
Pretoria

Mei 1986

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## VOORWOORD

By die voltooiing van hierdie proefskrif is daar 'n diepe behoefte om my waardering uit te spreek.

Aan my promotor prof dr R D Coertze wil ek my hartlike dank betuig. Met baie geduld en begrip het hy volhard in sy heldere leiding en sy indringende kritiek. Hy het uit sy pad gegaan om op detail te let.

Hierdie proefskrif hou verband met my verslag soos deur die RGN in 1973 aanvaar. In 'n voorwoord tot daardie verslag kon ek reeds my dank aan persone en instansies vir buitegewone hulpvaardigheid en tegemoetkoming uitspreek. Wat destyds nog nie ter sprake was nie, was die reg wat die NRSN (later die RGN) aan my vergun het om gegewens uit die verslag te verwerk en in 'n proefskrif te inkorporeer. Daarsonder sou dit vir my nie moontlik gewees het om hierdie proefskrif uit te bou nie.

In die loop van 1985 het die Universiteit van Pretoria aan my 'n nagraadse beurs toegeken. Hiervoor is ek opreg dankbaar.

Uiteraard, waar die proefskrif eers na my aftrede geskryf is, is dit nie moontlik om die baie persone en instansies te bedank wat in akade= miese en ander bestelle tot my roeping en voorliefdes bygedra het nie. Wat die Volkekunde betref, was dit dr W W M Eiselen wat so vroeg soos 1931 my ingelei het in die wêreld van hierdie dissipline. En saam met hom in die Departement was reeds mnr P J Coertze, wat as professor aan die Universiteit van Pretoria aan my leiding op nagraadse vlak gegee het. Dit is vir my 'n besondere eer en voorreg dat hy nog as een van die onder= hawige eksamenkommissie inspraak in die toekenning van die doktorale graad kon hê.

Wie ervaring het van 'n studie soos hierdie een, weet dat sonder die tegemoetkoming van die swart gemeenskappe en die menigvuldige separatiste bewegings in besonder so 'n ondersoek nie na behore deurgevoer kan word nie. Maar om oor so 'n uitgestrekte gebied oor so 'n onderwerp relevante gegewens in te samel, is dit veral onontbeerlik dat veldassistente met 'n aanvoeling vir die problematiek met volharding en toewyding monsteropnames

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



maak. Ek ag my gelukkig dat so 'n keurgroepie gewerf kon word. Aan hierdie uitgelese veldwerkers, wat op 'n paar uitsonderings na, swart teologiese studente was, nogmaals my innige dank.

Laaste maar meeste, my dank aan my vroutjie Ruth, wat oor baie jare en selfs onder baie moeilike omstandighede in selfverloëning haar onder=skraging nooit laat wankel het nie.

Dit is my hoop dat hierdie proefskrif ten dele sal bydra tot beter begrip van 'n verskynsel wat voortgesette insameling van eerstehandse gegewens en interpretasie vereis.

J H van Wyk
PRETORIA
Mei 1986

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




## Samevatting

DIE SEPARATISME EN RELIGIEUSE BEWEGINGS ONDER DIE SOTHO VAN DIE RSA

deur
Johannes Hendrik van Wyk

Promotor : Prof dr R D Coertze, Departement Volkekunde
Graad : D.Phil (Volkekunde)

Die menigvuldige religieuse groeperinge onder die Sotho beskou hulself as soveel onafhanklike kerke. Alhoewel die separatisme vanuit die Volkekunde as voorbeeld van akkulturasie bestudeer is, is aandag gegee aan die verhouding kerk en sekte asook die aanleiding tot skisma en heresie. Die aantal bewegings sowel as die getal aanhoriges het oor die afgelope eeu aansienlik gegroei. Volgens die beste gegewens was daar 4 000 bewegings in 1980 terwyl die RSA-sensus (1980) die aanhoriges op 29,3% van die totale swart bevolking bereken het.

Tydens ondersoek is opnames in sowel die platteland as stedelike gebiede gemaak en 'n aansienlike reeks leierspersone uit separatistebewegings ondervra. Ter illustrasie is ses bewegings verder uitvoerig beskrywe. Daar is bevind dat die wese van die separatisme as 'n afwyking oor 'n hele spektrum van links na regs aangedui kan word. Die meer ortodokse bewegings word op 'n ver-regse posisie gekry. Hulle is oor die algemeen behoudend ten opsigte van die kerke waaruit hulle ontstaan het en 'n verlengstuk in leer en liturgie van hierdie kerke. Ver-links plaas ons dan daardie bewegings wat in 'n hoë mate afwyk van die kerke waaruit hulle ontstaan het en ook so akkommoderend teenoor die tradisionele Afrika-religie staan dat manisme en selfs magiese praktyke in die leer= stellige en liturgiese kenmerke onderskei kon word.

As belangrikste enkele oorsaak vir die ontstaan van nuwe separatiste= groepe moet die herhalende stryd om oppergesag tussen bestaande en jonger leiersfigure aangedui word. Verdere besondere kenmerke wat aan= gedui kon word, is die besondere rol van die vrou as leiersfiguur en


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



volgeling; die besondere waarde wat aan helingsrites met "geseënde water" geheg word; asook die wyse waarop die leiersfiguur by baie bewegings die ou funksies van stamhoof en kragdokter so in hom verenig dat religieuse bewegings soms soos stameenhede in 'n nuwe gedaante vertoon.

Die separatisme moet as poging tot aanpassing in 'n akkulturasie-opset gesien word. Aan die linkerkant van die spektrum word die christelike en tradisionele religie tot 'n dubbeldorige vennootskap verbind wat volgelinge 'n sosiale geborgenheid bied.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Synopsis

SEPARATISM AND RELIGIOUS MOVEMENTS AMONG THE SOTHO OF THE RSA

by

Johannes Hendrik van Wyk

Supervisor : Prof Dr R D Coertze, Department of Anthropology
Degree : D.Phil (Anthropology)

The manifold religious movements among the Sotho see themselves as so many independent churches.Though separatism was studied from an anthro=pological point of view as an example of acculturation, the relationship between church and sect and motivation towards schism and heresy could not be ignored. The number of movements and their adherents have greatly increased during the last century. According to the best information there were at least 4 000 of these movements in the RSA in 1980. According to the 1980-census the adherents comprised 29,3% of the total black population.

During the research surveys were conducted in rural as well as urban areas in both of which intensive interviewing was conducted with leaders of separatist movements. Six of these movements were studied in depth. The nature of separatism could be indicated on a broad spectrum lying from left to right. On the far right one found the more orthodox movements which retained many qualities of their churches of origin in faith and liturgical order. On the far left had to be placed those movements differing profoundly from their churches of origin and which showed such extensive accommodation of the traditional religion of Africa, that manistic and magical elements could readily be indicated in their faith and liturgical order.

The most important reason for the origination of new separatist groups was the recurrent contest for autonomous power between existing and younger leaders. Further characteristics were the particular role of women both as officiants and followers; the excessive value attached

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



to healing rituals conducted with "blessed water", as well as the way in which the leaders of these movements combined the old roles of tribal chief and power doctor in their persons giving their movements a similar configuration as the tribal entities of old.

Separatism was basically evaluated as being examples of adaptation in acculturative context. On the left side of the spectrum the Christian faith and traditional religion were often combined into a dual partnership giving its adherents a special feeling of social security.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



INHOUDSOPGAWE

| | Bladsy |
|---|---|
| VOORWOORD | ii |
| SAMEVATTING | iv |
| SYNOPSIS | vi |
| LYS VAN TABELLE | xv |
| LYS VAN FIGURE | xvi |
| HOOFSTUK I: PROBLEEMSTELLING EN METODE | 1 |
| 1.1 PROBLEEMSTELLING | |
| 1.1.1 Omlyning van "separatisme en religieuse bewegings" | |
| 1.1.2 Die Sotho van die RSA | 13 |
| 1.2 KENSKETSING VAN DIE TRADISIONELE RELIGIE | 15 |
| 1.2.1 Christelike religie en die tradisionele religieë | |
| 1.2.2 Etniese religie | |
| 1.2.2.1 Inleiding | |
| 1.2.2.2 Persoonlike Supernaturalisme | 17 |
| (a) Die geloof in 'n opperwese en nie-menslike geeste | |
| (b) Die geloof in en diens aan voorouergeeste | 26 |
| 1.2.2.3 Onpersoonlike Supernaturalisme | 41 |
| 1.3 RELEVANTE LITERATUUR | 48 |
| 1.3.1 Algemeen | 49 |
| 1.3.1.1 Volkekundige werke - wat veral die gang van akkulturasie verduidelik | |
| 1.3.2 Oor separatisme | 54 |
| 1.3.2.1 Algemeen - werke waarin die verskynsel separatisme veral buite die RSA behandel word | |
| 1.3.2.2 Oor die separatisme in die RSA | 59 |
| 1.3.2.3 Separatisme in die RSA - Stad | 65 |
| 1.3.2.4 Separatisme in die RSA - Platteland | 67 |
| 1.4 DIE METODOLOGIESE ASPEK | 71 |
| 1.4.1 Die separatisme en inheemse kerklike bewegings onder die Bantoe van die Sothogroep (<u>Verslag 1973</u>) | |
| 1.4.2 Geografiese omlyning | |
| 1.4.3 Ondervragingskedules | |
| 1.4.4 Veldwerkbeplanning | 72 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


1.4.5 Verkenning van die wese 72
1.4.6 Die wêreld van die separatisme 74
1.4.7 Onderhoude met deskundiges 76
1.4.8 Die totale metode

HOOFSTUK 2A: DIE OMVANG VAN DIE SEPARATISME 77

2.1 INLEIDING
2.1.1 Dinamiek
2.1.2 Staatsbeleid 78
2.2 Groter perspektief 81
2.3 Geloof - Getals- en Persentasieverspreiding - 1980 - Gespesifiseerde Steekproef
2.4 Tabel 4 - twaalf onderskeidinge 87
2.5 Kerkverband - Getals- en Persentasieverspreiding RSA (Suid-Afrika)
2.6 Globale driedeling - Christene, Separatiste en Nie-Christene 90
2.7 Die Sotho van die RSA 92
2.8 Ordening en korrelering van gegewens insake godsdiens=verband 93
2.9 Hooftrekke rakende omvang en digtheidsfrekwensie 94
2.9.1 Vergelyking met voorbehoud en behoefte aan perspektief
2.9.2 Hoë en lae separatistefrekwensie 102
2.9.3 Etniese sametreffing en hoë frekwensie 103
2.9.4 Steekproewe in stedelike gebiede 105
2.9.4.1 Inleiding
2.9.4.2 Ga-Rankuwa 108
2.9.4.3 Bloemfontein 118
2.9.4.4 Thabong 133
2.9.4.5 Soweto 145
2.9.4.6 Slotopmerkinge rakende die vier stedelike illustrasies 160

HOOFSTUK 2B: PLATTELANDSE KONSENTRASIE- EN ORGANISASIE=SENTRUMS 165

2.10 INLEIDING
2.10.1 Bloemhof
2.10.2 Frankfort 166
2.10.2.1 Statisties
2.10.2.2 Die aardrykskundige agtergrond

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2.10.2.3 Die volkekundige agtergrond 167
2.10.2.4 Die kerklike agtergrond 168
2.10.2.5 Optimum teelaarde 174

2.10.3 Wallmannsthal 175
2.10.3.1 'n Konsentrasie van tegnies-ongewenstes soos buitelandse Swartes 177
2.10.3.2 'n Sterk verteenwoordiging van die Le Rouxkompleks 178
2.10.3.3 Die rol van die vrou 179
2.10.3.4 Op die gebied van die liturgie
2.10.3.5 Die tradisionele religie 180
Bylaag Wallmannsthal (p183)

2.10.4 Wintersveld 182
2.10.4.1 Die menigvuldigheid van separatistiese bewegings 184
2.10.4.2 Voorbeelde van skeuring uit denominasies van gevestigde aard 185
2.10.4.3 Teologiese/dogmatiese veroorsaking 186
2.10.4.4 Psigologiese oorsake 187
2.10.4.5 Tradisioneel-religieuse oorsake
Bylaag Wintersveld (p190)

2.10.5 Evaton 189
2.10.5.1 'n Vrugbare teelaarde vir die separatisme 191
2.10.5.2 Die vestigingsbestel
2.10.5.3 Die menigvuldigheid 192
2.10.5.4 Die Apostoliese eensydige verswaring
2.10.5.5 Die skeuroorsake soos opgeteken 194
2.10.5.6 Die rol van die vrou 198
2.10.5.7 Die leerstellige aspek 199
2.10.5.8 Die tradisioneel-religieuse aspek 202
Bylaag 1 Evaton (p214)
Bylaag 2 do (p219)
Bylaag 3 do (p227)
2.10.5.9 Slotopmerkinge 210

2.11 Samevatting 230

HOOFSTUK 3: BESONDERE KERKE EN BEWEGINGS 239

ALGEMENE INLEIDING
3.1 AFRIKAANSCHE KERK (AFRICAN CHURCH) 241

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3.1.1 Inleiding 241
3.1.2 Die ontstaansgeskiedenis 242
3.1.3 Onderlinge stryd en skeuring 246
3.1.4 Die organisasie van die AC 252
3.1.5 Die liturgie van die AC 254
3.1.6 Die leerstellige aspekte
3.1.7 Openbare sedelikheid 255
3.1.8 Die AC en skakeling met die Volksraad
3.1.9 Die wese van die AC 256

3.2 LUTHERAN BAPEDI CHURCH 257
3.2.1 Ontstaansgeskiedenis
3.2.2 J A Winter, sy leiersrol en die wese van die LBC in die Winterbestel 259
3.2.3 Grepe uit die verloop van sake in die LBC en sy verwante geledinge 268
3.2.4 Slotopmerkinge 272
3.2.4.1 Verskeurdheid
3.2.4.2 Die leerstellige aspek
3.2.4.3 Die organisatoriese aspek 273
3.2.4.4 Die liturgiese aspek

3.3 MOSHOESHOE BEREAN BIBLE READERS' CHURCH 274
3.3.1 Inleiding
3.3.2 Ontstaansgeskiedenis en verloop van sake tot met die dood van die stigter in 1935
3.3.3 Die verskeurdheid in die MBBRC sedert die dood van Matita (1935) tot 1964 300
3.3.4 Die organisatoriese aspekte 308
3.3.5 Leerstellige aspekte 314
3.3.6 Die tug in die MBBRC 316
3.3.7 Die liturgiese aspek 317
3.3.8 Die tradisioneel-religieuse aspek 320
3.3.9 Die gestalte van die MBBRC 324
3.3.9.1 Die hegte verbintenis tussen Stigter en Stigting
3.3.9.2 Leerstellig
3.3.9.3 Organisasie 326
3.3.9.4 Die liturgie 327
3.3.9.5 Die tradisioneel-religieuse aspek

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3.4 ST PAUL'S APOSTOLIC FAITH MORNING STAR CHURCH OF SA 329

3.4.1 Inleiding
3.4.2 Die ontstaansgeskiedenis
3.4.3 Die organisatoriese aspek 331
3.4.4 Die rol van die vrou 337
3.4.5 Die leerstellige karaktertrekke 339
3.4.6 Die liturgiese aspek 344
3.4.7 Die tug 347
3.4.8 Die genesingsaspek 348
3.4.9 Slotopmerkinge 352

3.5 CHURCH OF CHRIST'S ASSEMBLIES 354

3.5.1 Inleiding
3.5.2 Ontstaan en geskiedenis
3.5.3 Organisasie en samestelling 357
3.5.4 Leerstellige karaktertrekke 362
3.5.5 Liturgiese en aanverwante sake 364
3.5.6 Genesing en sy vervlegting in die CCA 365
3.5.7 Aard en effek van tug 368
3.5.8 Slotopmerkinge 369

3.6 ZION CHRISTIAN CHURCH 371

3.6.1 Inleiding
3.6.2 Die ontstaan en uitbouing van die ZCC onder die stigter, Egenase Lekganyane, oorlede 1948
3.6.3 Die magstryd om opperleierskap in die ZCC na die dood van die stigter 378
3.6.4 Verdere uitbouing van daardie deel van die ZCC onder leierskap van Edward Lekganyane (1949-1967) 381
3.6.5 Die organisatoriese aspek 385
3.6.6 Die rol van die vrou 395
3.6.7 Die liturgiese en aanverwante aspekte
3.6.8 Die leerstellige aspek 405
3.6.9 Genesing in die ZCC 414
3.6.10 Die tradisioneel-religieuse aspek 415
3.6.11 Tug, sy aard en effek 417
3.6.12 Die gestalte van die ZCC 419

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



HOOFSTUK 4: BEREDENERING EN BEVINDING 424

4.1 INLEIDING
4.1.1 Die metodologiese benadering
4.1.2 Verbandlegging

4.2 Omvang en frekwensie
4.2.1 'n Eie dinamiek
4.2.2 Aktueel 426
4.2.3 Hoë en lae frekwensie
4.2.4 Sinvolle verskil in sterktepersentasies (stadsgebiede) 428
4.2.4.1 Ga-Rankuwa 430
4.2.4.2 Bloemfontein 431
4.2.4.3 Thabong 432
4.2.4.4 Soweto
4.2.5 Betekenisvolle verskil in plattelandse gebiede 435
4.2.6 Opsommend insake versyfering 437

4.3 Die organisatoriese aspek 439
4.3.1 Die oorhoofse doelstelling
4.3.2 Die leiergerigtheid
4.3.3 Magstryd 442
4.3.4 Die regeringstelsel 445
4.3.5 Knooppunte van die kerkorganisasie 447
4.3.6 Werwing van aanhoriges 448
4.3.7 Insameling en besteding van fondse 449
4.3.8 Samestelling van aanhoriges 452

4.4 Die rol van die vrou 458
4.4.1 Die persentuele verhouding van aanhorigheid, manlik en vroulik
4.4.2 Die emansipasie van die swart vrou
4.4.3 Hiërargiese rangorde 459
4.4.4 Die vrouevereniging 460
4.4.5 Genesing en die vrou 461

4.5 Die leerstellige aspek 462
4.5.1 Die verhouding kerk en sekte
4.5.2 Heresie en skisma in die separatisme 464
4.5.3 Die kerkbegrip 466

4.6 Die liturgiese aspek 469

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4.6.1 Die begrip liturgie in wyer konnotasie 469
4.6.2 Kerkgebou of ruimte? 470
4.6.3 Kerkgeboue 471
4.6.4 Kensketsende kleredrag 472
4.6.5 Skakeringe in die liturgieë 475
4.6.6 Helings- of genesingsrite 480
4.6.7 Slotopmerkinge 481

4.7 Die tugaspek 482
4.7.1 Die wese van die kerklike tug
4.7.2 Kerktug en tug in die separatisme 483

4.8 Vervlegting van die tradisionele religie 485
4.8.1 Die Opperwese 486
4.8.2 Die voorouergeeste 487
(a) Daar is een geesteswêreld
(b) Die geeste beïnvloed hulle nasate 488
(c) Wilsopenbaring deur drome en besetting 490
(d) Die gebruik van 'n ngaka/priester om onduide=likhede te verklaar 500
(e) Goeie gesindheid van geeste bewaar deur eerbiediging van taboes 502
(f) Selfsugtige gebede omdat eiebelang by geeste afgebid word 505
4.8.3 Towery 506
(a) Aanwending van 'n kundige rituele ekspert - ngaka word priester 508
(b) Geroepenheid tot priesterskap deur drome en bonatuurlike ervaringe 509
(c) Die beskikbaarstelling van medisyne of water wat met kragkomponente gelaai word 511
(d) Gebruik van gedienstiges 522
4.8.4 Opmerkinge 523

4.9 SLOT 524

BIBLIOGRAFIE 535

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



LYS VAN TABELLE

| | | | Bladsy |
|---|---|---|---|
| TABEL | 1 | Swartes - Separatiste, groeitendens vir die tydperk 1884-1980 | 77 |
| | 2 | Swartes - Onafhanklike Kerke 1980, 1960 en 1951 | 82 |
| | 3 | Swartes - RSA (Suid-Afrika) - Steekproef 1980 | 85 |
| | 3a | Swartes - Bophuthatswana 1980 | 86 |
| | 4 | Swartes - RSA - (Twaalfdeling/kategorieë) | 88 |
| | 5 | Swartes - RSA - 1980, 1970, 1960, 1951 | 89 |
| | 6 | Swartes - RSA - ingedeel volgens Christene, Separatiste en Nie-Christene (Aanhangers van die tradisionele religie) 1980, 1970, 1960, 1951 | 91 |
| | 7 | Swartes - RSA - Bevolking volgens volkseenheid | 93 |
| | 8 | Swartes - ingedeel volgens Christene, Separatiste en Nie-Christene - Platteland Noord-Sothogebied - 1951 | 95 |
| | 9 | Swartes - ingedeel volgens Christene, Separatiste en Nie-Christene - Platteland Wes-Sothogebied - 1951 | 96 |
| | 10 | Swartes - ingedeel volgens Christene, Separatiste en Nie-Christene - Platteland Suid-Sothogebied - 1951 | 97 |
| | 11 | Swartes - ingedeel volgens Christene, Separatiste en Nie-Christene - Dorp- en Stadsgebiede binne die globale Sothogebied - 1951 | 98 |
| | 12 | Swartes - per Ekonomiese Streek binne omskrewe gebied - 1960 | 99 |
| | 13 | Swartes - ingedeel volgens Christene, Separatiste en Nie-Christene per Statistiese Streke - 1980 | 100 |
| | 14 | Swartes- Ga-Rankuwa - 1964. Bantoe-Kerkgenootskappe Ga-Rankuwa (1964) | 111 |
| | 15 | Swartes - stedelik "Bloemfontein" - 1964 | 119 |
| | 15a | Swartes - "Bloemfontein" (1964) en Bloemfontein (Statistiese Streek) 1980 | 119 |
| | 15b | Blankes en Swartes in Bloemfontein (metropoli= taans) - 1960 en 1951 | 121 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| TABEL 16 | Swartes - Thabong - 1964 | 136 |
| 17a | Soweto - Etniese aanhorigheid - 1980 | 146 |
| 17b | Swartes - Soweto 2 (Orlando-Wes en Mofolo) - 1964 | 148 |
| 18 | Swartes - Soweto 1 (Emdeni, Naledi, Zola en Tladi) 1964 | 152 |
| 18a | Saamgetrokke Sterkte-% in 4 stedelike gebiede - 1964 | 161 & 428 |


LYS VAN FIGURE


| | | |
|---|---|---|
| FIGUUR I | Christene onder die Sothogroepe - 1951 | 98a |
| II | Separatisme onder die Sothogroepe - 1951 | 98b |
| III | Nie-Crhistene onder die Sothogroepe - 1951 | 98c |
| IV | Separatiste as persentasie van Christene onder die Sothogroepe - 1951 | 98d |
| V | Separatisme onder die Sothogroepe - 1960 | 99a |
| VI | Separatisme as persentasie van die totale swart bevolking (Sothogebied) 1980) | 100a |
| VII | Ga-Rankuwa | 114a |
| VIII | Bloemfontein | 118a |
| IX | Thabong | 137a |
| X | Soweto 2 | 151a |
| XI | Soweto 1 | 153a |


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 1

# PROBLEEMSTELLING EN METODE

## 1.1 PROBLEEMSTELLING

### 1.1.1 Omlyning van "separatisme en religieuse bewegings"

Wanneer daar na separatisme as verskynsel onder die Sotho van die RSA gekyk word, is dit nodig om die begrip separatisme duidelik te omlyn. Separatisme kan enersyds omskrywe word vanuit die verhouding kerk en sekte. Wat die kerk is, word gewoonlik belig vanuit sy wese, eienskappe, kenmerke, regering en mag.

Wat sy wese betref, is die kerk uniek en nie vergelykbaar met ander organisasies nie. Immers, ten grondslag van die kerk, die Christelike Kerk, lê die uitverkiesende genade van God Drie-enig. Sy karakter kan deels verken word waar in die Nuwe Testament die woorde "kerk"/"gemeente" 'n vertaling is van die Griekse woorde <u>kuriake</u>/<u>ekklesia</u>. Die woord <u>kuriake</u> is 'n vorm van <u>kurios</u> wat "Here" beteken. En waar Christus dié Kurios is, beteken "kerk" dan "wat aan die Here behoort" of "die Here s'n". So is <u>ekklesia</u> in vertaling "wat uitgeroep is" of "wat saamgeroep is". In die teologiese fundering van die wese van die kerk kan Rom. 8:29-30 en Ef. 1:3-6 goedskiks aangemerk word. Skrifgegewens word in 'n brand=punt saamgetrek in die volgende formulering: "Dat die Seun van God uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uit=verkies is deur Sy Gees en Woord in die eenheid van ware geloof van die begin van die wêreld af tot aan die einde toe vergader, beskerm en onder=hou; en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig bly." (Heidelbergse Kategismus, Sondag 21). Gewoonlik word onder die eienskappe van die kerk vier onderskei: sy eenheid, heiligheid, algemeenheid en Christelik=heid (of apostolisiteit). Die kerk is één omdat daar maar één God is; die kerk is één omdat daar maar één Christus is en Christus maar één liggaam kan hê. Diegene wat in die kerk is, is broeders en susters nie kragtens hulle gemeenskapsin of eensgesindheid nie, maar kragtens die feit dat die één Christus vir Hom één kerk versamel het (Ef. 4:4-6). Jesus Christus as die één Middelaar tussen God en die mense is die een=heid van die kerk (1 Tim. 2:5).

Die kerk is heilig na oorsprong en bestemming. Die kerk is heilig in en deur Jesus Christus, die kerk se Hoof en Heer; heilig is die kerk as

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



afgesonder tot diens van God; in Christus deur die geloof geregverdig en geheilig; deur die verkiesing en roeping van die kerk se Hoof en Heer. Alleen God beskik oor die heiligheid van die kerk omdat Hy Chris=tus aan die kerk geskenk het as Hoof en Heer.
(Vgl. Ef.5:26-7).

Die algemeenheid van die kerk word bely omdat Jesus Christus die één Middelaar is tussen God en mens (1 Tim. 2:5) en dus die ganse wêreld en die hele mensdom op Hom aangewese is as Saligmaker en Redder en omdat God wil hê dat alle mense gered word ... (1 Tim. 2:4); dáárom is die kerk katoliek, dit wil sê, algemeen. Die kerk verkondig die Evangelie aan "Jode en nie-Jode" (Ef. 2:18) ja, "van elke nasie, stam, volk en taal" sal "voor die troon en voor die Lam" staan (Openb. 7:9). Met reg kan gesê word: Waar Christus is daar is die katolieke of algemene kerk. Ondanks hierdie algemeenheid word die kerk ten alle tye spesifiek geroep om sendingkerk te wees (Matt.28:19).

As vierde eienskap word dan genoem die Christelikheid (of apostolisiteit) van die kerk. Die kerk is nie slegs Christelik omdat Christus die stig=ter van die kerk is nie. Die kerk is Christelik/apostolies omdat die apostels ons onderrig in wat die ware verhouding van Christus en die kerk is. Die kerk is nie Christelik in afgeleide sin nie maar in werklike sin krag=tens die innige lewensband aan Christus. Die kerk kom voort uit Hom, word deur Hom besiel en regeer, word al verder deur Hom in stand gehou en bewaar. "Allereerst is zij uit Hem ontstaan en dankt haar aanzijn aan Hem alleen ...." (Knap 1915:105; H Bavinck 1931:511).

Onder die kenmerke van die kerk word gewoonlik 'n drieërlei indeling ge=handhaaf: die suiwere prediking van die Woord; die suiwere bediening van die sakramente; en die uitoefening van tug.

Rakende die regering van die kerk, is hoër op gelet hoe uniek die kerk is en nie gelykgeskakel kan word aan ander organisasies nie. Die kerk is egter ook 'n vergadering van gelowiges wat hulle roeping op aarde uit=lewe. Daarom het die kerk leiding, bestuur en regering nodig. Die stelling word altyd daardeur gekwalifiseer dat hierdie regering afgeleide bestuur is. Jesus Christus bly Hoof en Koning van Sy kerk (Ef. 1:20-23). Hy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

regeer ook deur die diens van mense;dan word gewoonlik van ampsdraers gepraat. Waar die kerk in die praktyk 'n verskeidenheid gestaltes aan= geneem het, vind ons verskillende stelsels van kerkregering. Dit is gebruiklik om 'n vyftal uit te wys: die Roomse/Episkopale, die Lutherse, die Independentistiese, die Kollegialistiese en die Presbiteriale (Ge= reformeerde). In die kerk het 'n drietal ampte beslag gekry: herders of leraars, ouderlinge en diakens.

Uiteraard is in die regering van die kerk 'n belangrike aspek die ver= gaderinge van ampsdraers en die gesag wat toegeken word.

Met betrekking tot die mag van die kerk, is daar verskil in vergelyking met wêreldlike mag. Dit is hier nie die plek om daaroor uit te wei nie. K Dijk noem vyf aspekte: verskil in oorsprong, uitgangspunt, omvang en sfeer, mag en magsmiddele, en taak (Boeketreeks s.j. no 76-77;266-77). Keet skrywe: "Die verklaring daarvan is dat alle ander mag afkomstig is van die algemene genade van God soos dit in die skepping tot verwesen= liking kom, terwyl die kerklike mag sy oorsprong het in die saligmakende genade van God in Christus Jesus. Daarom word dit alleen op geestelike wyse toegepas as diens en nie as heerskappy nie, en maak dit gebruik van geestelike middels en geen dwang nie .... Ons verdeel hierdie mag in drieërlei, die lerende mag, die regerende mag en die diens van barmhartig= heid" (1945:195).

Waar ons begin het deur te stel dat die separatisme enersyds omskrywe kan word vanuit die verhouding kerk en sekte, het ons tot dusver die kerklike aspek betrag - sy wese, eienskappe, kenmerke, regering en mag. Vervolgens word die sekte aan die orde gestel.

Die woord sekte word in verband gebring met die Latynse secta, wat sommige van sequor (ek volg) en ander van seco (ek sny) aflei. Ook die begrippe hairesis (Eng. heresy) en skisma kom in aanmerking. Hairesis het vroeër 'n milder konnotasie as kettery moes gehad het. Dit het begrippe soos leer in die sin van besondere skool en afgrensing ten opsigte van 'n ander gees= tesrigting omvat. So kry ons die voorkeur aan 'n leermeester en sy ver= tolking van 'n leerstellige posisie of onderwerping aan sy selfgekose gesag. Die privaatkarakter of eiesoortigheid van dergelike groepvorming kry

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sterker klem. In 1 Kor. 11:18 e.v. word skismata en hairesis langs mekaar gebruik. Skisma is dan meer 'n persoonlik gemotiveerde stryd wat skeuring in die gemeente veroorsaak en hairesis 'n sterker term wat die fondament, die leer van die kerk, ondermyn (2 Pet. 2:1) en wel so dat 'n nuwe gemeenskapvorming naas die ekklesia ontstaan en wat die kerk nie kan gedoog nie.

Die grondbetekenis van skisma is spleet of skeur, egter soos by die kameelpoot nog met 'n verbinding of web tussenin. So word dan in oordrag=telike sin verwys na spanningsverhoudinge tussen broederskappe (Schlier in Kittel 1:180; Maurer in Kittel 7:963 e.v.). Volgens Schmidt is die moontlikheid sterk dat die Here Jesus die Aramese woord in Matt. 16:8 gebruik, die woord k'nuštā. Dit sou dui op die afsonderlike groepvorming rondom Christus. H Bavinck voer aan dat die woord "gemeente" vir die eerste keer deur die Christene self gebruik is om op "de schare zijner belijders" te slaan in Matt. 16:18 en 18:17. Weliswaar kom hierdie woord telkens voor in die Ou Testament en is algemeen bekend. "Het nieuwe ligt alleen daarin, dat Christus dit woord op den kring van zijne disci=pelen toepast en daarmede reeds te kennen geeft, dat zijne gemeente die van het volk Israel vervangen zal"(1913:201). Om tot Schmidt terug te keer, hy betoog dat die Aramese woord sowel vir die Christelike ekklesia as vir die Joodse sinagoge gebruik is. Die aanvanklike groepering rondom Christus en die eerste Christengemeente(s) is as sekte deur die Jodedom beskou en so behandel. Maar hierdie Christengemeentes in hulle saam=horigheid is van gevoele dat juis hulle alleen aanspraak het om dié Jodendom, die ware Israel, daar te stel (in Kittel 3:529).

Hutten verkies om as uitgangspunt te neem geloof en sekte. Oor sektes meer bepaald uit die Protestantse geledere, wil hy die sektes liefs van binne-uit begryp. Soos 'n granaatbom ontplof dog die skerwe teruggevoer kan word tot dieselfde "explosiehaard" het die Protestantse sektes een en dieselfde "explosiecentrum". Teologies gesproke, moet gevra word wat die hart en kern van die reformatoriese boodskap is. Volgens hom is dit die gemeenskaplike antwoord op die vraag na die heil, te wete die sola gratia-begrip (deur genade alleen). Hierdie eis dat die heil as genade=geskenk deur die mens aanvaar moet word, sonder enige menslike teenpres=tasie of koöperasie/sinergisme, wek weerstand. Eerder as om uit te gaan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

van die verhouding kerk en sekte, moet ons uitgaan van die verhouding geloof en sekte. En waar die sola gratia in geloof sentraal staan, is die kernvraag: "Waarin bestaat de sektarische antithetiek tegenover deze boodschap?" (1957:26-30). M R van den Berg beklemtoon die sinkre= tisme in hierdie verband (1966:15).

Ons bemerk reeds dat omlyning van die begrip sekte ingewikkeld is. En vandaar dat Müller na volgehoue studie die sektewese tipeer en uitwei oor definisie-tekortkominge. Hy wys daarop dat deur die eeue heen - ook in die tyd van die Kerkhervorming en oorvloediglik in ons dag - die verskynsel waargeneem word " ... van afgeskeie geloofsgroepe wat hul van gevestigde kerke of ouer geloofsgemeenskappe afskei om in felle kri= tiek en antitese teen die oue waaruit hulle gestam het, 'n nuwe gemeenskap te stig, waarin vir hulle die "ware" en "suiwere" kerk beliggaam word ...."

"Tog is dit nie so heel eenvoudig om die begrip 'sekte' te omskrywe en aan te dui presies waarin die wesensonderskeid tussen 'kerk' en 'sekte' geleë is nie." Müller ontsenu dan definisies wat gewoonlik aangebied word omdat die kriteria, waarvolgens die sekte beoordeel word, onvol= doende is. Daar is definisies wat die historiese, numeriese, staats= regtelike of juristiese, dogmatiese en psigologiese oorbeklemtoon. Hy betoog verder dat hierdie gesigspunte nog nie die sosiologiese wesens= drang en struktuur van die sekte onder die soeklig bring nie (NGTT 1964: 159-61).

Waar hierbo gestel is dat separatisme enersyds omskrywe kan word vanuit die verhouding kerk en sekte, is dit duidelik dat die essensie van die sektariese 'n afskeiding uit die kerk is. Die breuk word sigbaar waar wegbeweeg word uit 'n bepaalde denominasie om 'n nuwe gemeenskap te stig en waarin die betrokkenes hulle meer tuis voel.

Separatisme kan egter nie slegs vanuit die verhouding kerk en sekte omlyn word nie. Dit kan ook 'n verbintenis met iets anders vertoon. En waarom dit so is, word 'n brandpunt in ons probleemstelling. Tentatief kan genoem word dat die separatisme in die breë neig tot 'n soort simbiose/sinkretisme waarin gepoog word om insonderheid Christelike Geloof en 'n tradisionele religie in verbintenis uit te lewe. In elk geval het ons te make met

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

kerstening en sy akkulturatiewe kettingreaksie. Selfs die eensame baanbrekersendeling tree toe met 'n eiesoortige kultuurbelading. En daarvan word die primigene gemeenskap terdeë bewus. Nou tref dit so dat dit in hoë mate die Westerse kultuur was wat sendelinge aangekleef het. Aan die ontvangende, reagerende kant was daar die andersoortige gebonde kulture waar ook die enkeling veelal vanuit sy etnos en etniese religie die omvattende sendingaanslag tegemoetgaan.

Alhoewel in hierdie ondersoek die klem meer volkekundig van aard is, kan in ons benadering die teologie nie links gelaat word nie. Daarom verwys ons hier na die sendingwetenskap wat teen 1928 momentum verkry. Eintlik is daar sprake van 'n wending. Karl Barth kom in verset teen 'n natuurlike "aanknopingspunt" tussen die Christelike Geloof en etniese of ander wêreldreligieë soos Boeddhisme. J H Bavinck verduidelik Barth se siening. "Er is in de mens geen enkel 'aanknopingspunt', waaraan God in zijn openbaring zou kunnen vastknopen. Er is geen religieuze sfeer, die voorbereidend gewerkt heeft, geen religieus gevoel, dat als een waardevol goed kan worden ingelijfd in het geloof ...." (1949:156-7). Bavinck self, kom tot die slotsom: " ... 'God heeft zich niet onbetuigd gegelaten'. Dat is de grote, het enige aanknopingspunt, waarover de Kerk in haar arbeid voor het evangelie beschikt .... En het is het, in de ontvouwing van het evangelie, telkens nieuw openbaren aan het verblinde mensehart van de onpeilbare liefde Gods, die in het kruis van Jesus Christus in zichtbare gestalte voor ons staat" (1949:191). Dit is veral Kraemer wat die unieke karakter van Christelike Geloof beklemtoon. Hy skryf sy eerste omvattende werk reeds in 1938: The Christian Message in a Non-Christian World. Die standaardwerk van J H Bavinck kom hier ter sprake vanweë die elenktiese benadering daarin. Sy Inleiding in de Zendingswetenschap verskyn in 1954. Daarin deel hy die vak soos volg in: "Zendingstheorie, Elenctiek, Zendingsgeschiedenis" (a.w. 1954:17). Hy karakteriseer die wese van die elenktiek as die wetenskap wat oortuig van sonde en in spesiale sin "de wetenschap die het heidendom, die alle valse religie als zonde tegen God ontmaskert en oproept tot de kennis van de ware God" (a.w. 1954:223).

Basiese gegewens oor spesifieke, etniese religieë word gewoonlik in die loop van volkekundige navorsing ingesamel. En dis juis dergelike stof

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat die elenktiek benodig om die verskillende gestaltes daar te stel ten einde hulle te analiseer in die lig van die Christelike Godsdiens. Verder is dit veral die sendingwetenskap wat aan die kerk leiding gee ten opsigte van sy kersteningswerk en kerkopbou. Dit is ook hierdie teologiese dissipline wat vra of die kerk in hierdie opsig nie ook foute kon begaan het nie. Relevant is dan waar Boerwinkel in sy Kerk en Secte bv. bevind dat in verskillende menging die twee volgende ele= mente vrywel in alle sektes voorhande is: Sekte as werk van die vlees en sekte as korreksie op 'n tekort in die kerk (1953:19) - "vlees" dui hier op die swakke en sondige mens of die sondige lewensrigting van die mens. Afgestem op sektegees trek Boerwinkel dit saam in die een hoof= sonde naamlik hoogmoed. Die mens wil hom op een of ander wyse laat geld en nie as skepsel onder God onvoorwaardelik soos die tollenaar skuldig staan nie. Nie saam met die tollenaar en ook nie met die kerk in die algemeen wil hy "solidair" in die skuld staan nie (a.w. 1953:26). Weliswaar voer die skrywer aan, word die sekte nie uitsluitend uit hoog= moed gebore nie en is die sekte die "onbetaalde rekeninge" van die kerk. Gevolglik wei hy uit oor wat op dié rekening staan en hoe die kerk kan begin om die skuld af te betaal (a.w. 1953:27).

Uiteraard - soos reeds verduidelik - val die hoofklem van ons ondersoek meer op die volkekundige. Dit is by uitstek die volkekunde wat akkul= turasie bestudeer en gevolglik is ons in die onderhawige studie voornemens om na te speur of die separatisme in sy oorsake en vergestalting in hoë mate vanuit 'n akkulturasiebestel verklaar kan word. Te meer omdat Boer= winkel se "twee elemente" in dergelike perspektief gevind word. Die eerste (werk van die vlees) as 'n simbiose/sinkretisme wat na die tradi= sionele religie terugvoer en die ander (korreksie op 'n tekort in die kerk) wat elemente van gesonde verinheemsing mag bevat.

Nou tref dit dat Ensiklopedie van die Wêreld in hierdie verband onomwonde verklaar: "Die ontstaansoorsake en voortgesette groei van dié Kerke (Separatistiese/Onafhanklike Swart Kerke - JHvW) moet gesoek word in die proses van akkulturasie of kultuuraanraking tussen die Westers georiën= teerde Christelike godsdiens en die inheemse godsdiens van Afrika. Dié proses het die selfbewussynontw. by die Bantoe gestimuleer en die strewe in party gevalle na 'n eiesoortige belewenis en vertolking van die Evan= gelie vlgs. hul eie kultuuragtergrond laat ontstaan" (Vol. 9:20).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Hierdie resente bydrae (1977) is ook van belang omdat daarin drie fases in die Suider-Afrikaanse separatisme onderskei word te wete die Ethiopiese soort, die Sabbataries-Baptiste-groep en die Sioniste. Hierdie fases is opeenvolgend; lui drie geledinge in wat 'n drietal gestaltes vertoon. Die gestaltes word gekenskets. Ten slotte word gestel: "Kenmerkend vir feitlik al die onafh. kerke is dat hulle van Prot. kerke afgesplits het. Dié onafh. kerke moet nie verwar word met kerke wat uit die sendinggenootskappe e.a. ortodokse kerke deur 'n ge= leidelike groeiproses tot stand gekom het nie (Vol. 9:20). Besondere aanbeveling van die Ensiklopedie is egter dat dit akkulturatiewe ver= oorsaking beklemtoon.

Pauw (1975:25-34) handhaaf hierdie driedeling in die breë in sy toe= spitsing op die Xhosa. Die vraag is of daar nie eerder van 'n hele spektrum skakeringe sprake is nie.

Dit is veral W J Knoob se bydrae: "Ethnologische Aspekten der religiösen Bewegungen in südlichen Afrika" in Mühlmann (1961a) wat ons op hierdie spoor gebring Het. Hy is op datum met Sundkler. Hy meen dat Sundkler se Driedeling - "Ethiopian", "Zionist", "Messianic" - (2nd. ed. 1961:2) nie deurgevoer sou kon word nie. Hulle is " ... vielzeitiger ..., und es fehlen noch eine Reihe Feldarbeiten in den Sekten und Gemeinden Selbst" (a.w. 91).

Knoob gee aan die politiese veroorsaking van bewegings 'n besondere konnotasie. In die breë ken hy nie soveel gewig toe aan die koppeling van die separatisme en apartheid as Sundkler nie. Aanvanklik was daar volgens Knoob afsplitsing van die Europees-beheerde kerke maar vandag is daar min pan-"Afrikanisten" onder hulle - wel etniese groepe en partye. Binne die etniese verband speel politiek 'n rol want daar staan hoofman en profeet dikwels teenoor mekaar. In die splintergroepe kry 'n "nasio= nale" religie gestalte en wel as "Assimilation des christlichen Glaubens und die europäisch-amerikanischen Kultur mit afrikanischen Glauben und afrikanischer Kultur" (a.w. 98).

Twee ander aspekte uit Knoob se bydrae is ook relevant. Die voorouer= aanbidding is vir die Swartes 'n utilitaristiese en nie net 'n geloofsaak

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

nie. Dit is veral 'n rasionele, grypbare, goeie en wyse gebruik. Dit word omgebuig na die Heilige Gees of 'n Engel. Die neiging is dat werkinge soos tradisioneel toegeskrywe aan voorouergeeste nou gesien word as Heilige Gees-georiënteer.

Tweedens, meen Knoob dat 'n wesenlike element van die bewegings is, dat hulle hul as "wirtschafliches Unternehmen" aandien. Hy noem as voor= beeld die Church of Christ (a.w. 101). Hierdie beweging het onder leiding van ene Limba veral in die omgewing van Port Elizabeth bekend= heid verwerf vanweë sy handels- en sosiale vormgewing.

Hoe relevant Knoob ook is, hoofklem vir ons val op Mühlmann se probleem= stelling (en metodologiese benadering) soos vervat in Chiliasmus und Nativismus. Ons bemerk dat belangrike gesigspunte in hierdie boeke oor= eenstem met sy werk soos gepubliseer in 1964 naamlik Rassen, Ethnien, Kulturen. Die moderne nativistiese bewegings is van belang - so betoog hy in sy voorwoord - daar hulle tendense saamhang met selfstandigheids- en onafhanklikheidswording. "Wir müssen wissen, was sich in diesen Menschen regt, was sie glauben und fühlen, um zu wissen, wie sie wahr= scheinlich morgen denken und argumentieren werden." Baie "Ethnographen" is deesdae op allerlei gerig behalwe op die "aktuell gelebte Wirklichkeit" van volke en kulture wat "definitiongemäsz die Gegenstände ihrer Forschung sind oder sein sollten. Die heutigen religiös-sozialen oder -politischen Bewegungen dieser Völker sind aber die wichtigsten Manifestationen dieser gelebten Wirklichkeit (a.w. 8). Hierdie nativistiese bewegings is nie bloot kuriositeite nie. Dis min dat elementêre bewegings in statu nascendi en in sy Abläufen betrag kan word. Tewens, daar is tans nog min bruikbare bydraes in hierdie opsig gelewer. Hy pleit vir 'n beperkte tyds= verbonde beskrywing sowel as 'n dinamiese, d.i. historiese. Vandaar dat hy in sy tweede boek hierbo, 'n besondere uitbouing gee van "Verlaufskurven" (1964:336-8); net soos hy dit hier reeds uitgespel het (a.w. 11).

Ander hoofpunte, wat Mühlmann in 'n beskrywing van dergelike bewegings onderstreep is: Persoonlikheid en milieu; eskatologiese tematiek; mitiese strukture; die dialektiek van verwagting en handeling; die ireniese illusie - waar die beweging kan oorslaan na terreur; en historiese oorsake vir die ontstaan van chiliastiese bewegings.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Waar Knoob se bydrae oor skakering ons direk raak en Sundkler betrek, sal ons nagaan watter siening met ons bevindinge sou strook. Verdere aksente, wat ons na aanleiding van Knoob se standpunt uitgelig het, is indeling van bewegings, politieke veroorsaking al dan nie, voorouergeloof en die Heilige Gees en die handelsinslag.

Wat Mühlmann betref, is dit veral sy klem op dergelike bewegings as manifestasies van die "gelebten Wirklichkeit" wat ons interesseer. Daarom het ons verskillende bewegings, soos in hoofstuk 3 verantwoord, vry omvattend bestudeer. In Verslag 1973: 704-24 kry ons byvoorbeeld 'n beweginkie wat "in statu nascendi" en oor 'n tydperk van sestien jaar betrag is. Onder omstandighede is "Verlaufskurven" daargestel. Van sy ideale spektrum vir die beskrywing van bewegings is kennis geneem. Sy skema was in die onderhawige ondersoek nie as lees geskik nie. Daar is egter aspekte wat vir ons van besondere waarde was. So word genoem: sy aandrang op die bestudering van persoonlikheid en milieu en historiese oorsake. Ons verwys ook na afdeling 4 in hierdie hoofstuk wat insonderheid handel oor die metodologiese aanpak.

Alvorens verder omlyn word, word "religieuse bewegings" in die formulering van ons studie-onderwerp verduidelik. Daar is binne ons belangstellingsveld bewegings wat beweer dat hul nie afskeidings is van die bestaande kerkverbande nie. Hulle het spontaan begin en gegroei. Ander stel dit dat hulle verhouding tot bepaalde kerke so efemeries van aard was dat dit buite rekening gelaat kan word. Dit is om dergelike gevalle te betrek - al sou latere ondersoek verdoeseling blootlê - dat naas "separatisme" ook van "religieuse bewegings" sprake is. Die terme separatisme of beweging word egter kortweg gebruik om sowel "separatisme" as "religieuse bewegings" in te sluit. Die begrip religieuse bewegings bied egter meer speling waar ons dink aan 'n "spektrum skakeringe".

Aandag word gewy bv. aan die teologiese posisies wat behoudend of ortodoks is, (d.i. regs) ten aansien van die kerkverband waaruit geskeur is. Dan kry ons ook bewegings aan die ander kant van die spektrum (links) wat sterk ooreenkoms vertoon met die tradisionele religie. Linkse verbande is dan eerder tradisioneel-religieuse groeperinge en ten aansien van die Christelike geloof sterk afwykend al sou hulle ook hul aandien as kerk.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Hulle is "links" en selfs "ver-links" in vergelyking met die ortodokse "regses".

Vir die onderhawige studie is dit van belang dat sowel die Kulturele Volkekunde as die Sendingwetenskap feitlik gelyktydig besondere momentum verkry. Ons verwys slegs na "A Memorandum for the Study of Acculturation" in die American Anthropologist, opgestel deur Redfield, Linton en Herskovits in 1935 (Vol. 38:149-52) wat as riglyn dien. Hierdie memorandum neem Herskovits as bylaag op in sy werk Acculturation (1st ed. 1938, reprint 1958). Daarin onder resultate van akkulturasie word genoem dat die proses in drieërlei bane kan vloei: "acceptance, "adapta= tion" en "reaction". Eersgenoemde, "acceptance", kom neer op assimilasie "not only of the behavior patterns but to the inner values of the cultures with which they have come into contact" (1958:135). Onder "adaptation" word verstaan dat inheemse en vreemde kultuurelemente verenig om 'n "functional whole" te vorm; "with either a reworking of the patterns of the two cultures into a harmonious meaningful whole to the individuals concerned, or the retention of a series of more or less conflicting attitudes and points of view which are reconciled in everyday life as specific occasions arise." Wat "reaction" betref, is die konnotasie dat kontra-akkulturatiewe bewegings ontstaan; "these maintaining their psychological force a) as compensations for an imposed or assumed in= feriority, or b) through the prestige which a return to older pre- acculturative conditions may bring to those participating in such a movement" (a.w. 136).

Die opstellers van die memorandum - en by name Herskovits volgens hier= die bepaalde werk - sien nie in dat hulle "reaction" nie 'n wettige af= handeling van die proses van akkulturasie is nie maar deel van die ver= loop tot die ander twee bereik is.

Dit is veral die bydrae van P.J. Coertze, "Akkulturasie" (in Cronjé - red., 1968:1-34) en sy boek, Filosofiese en metodologiese grondslae van die Volkekunde (1980) wat ons hier perspektief gee. In laasgenoemde op p104-7 gaan dit onder andere oor onsigbare kultuurgoedere en hul oorname, soos van 'n nuwe religie. Hy betoog onder meer: "Wanneer dit die oorname van die dieper inhoude van enige kultuur geld, soos waarde-inhoude en die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ooreenstemmende norme, kan dit, waar dit plaasvind, groot omwenteling veroorsaak. Norme oor wat goed, nuttig, waar en mooi is, kan in twee verskillende kulture radikaal verskillend en selfs botsend wees. "Die oorname van 'n nuwe religie vereis tegelykertyd die oorname van 'n hele reeks en daarmee samehangende kultuurfigure wat dwarsdeur die kultuur= netwerk vertak." Die skrywer wys daarop dat hoe omvangryker die oorname, hoe omvangryker die uitwerking. Grootskaalse oorname van vreemde kul= tuurgoedere "kan 'n oornemende etnos tydelik in 'n staat van onewewig= tigheid en sosiale anomie" dompel; 'n toestand wat oor honderde jare kan strek. "Dit bring verdeling en verwarring; dit veroorsaak skeuring en verbreek die noodsaaklike kohesie." Die mense binne daardie etnos reageer nie eners nie, word verskillend gekultiveer. "... Alles werk gebrokenheid in die hand en daar ontstaan 'n inkongruensie (ongelykvormig= heid) in die doen en late van mense binne dieselfde etnos." So 'n toe= stand lei maklik tot twis en tweedrag .... "Hierdie onderlinge ver= skeurdheid sal voortduur totdat daar weer 'n kongruensie in die doen en late van die betrokke mense bewerkstellig is en hulle weer gelukkig en spontaan kan kommunikeer. "Die toestand van sosiale wanbalans en ver= skeurdheid (anomie) kan selfs lei tot 'n proses van dekulturasie of kulturele verval, gedeeltelik of in die geheel. Dit gebeur wanneer die diepere kultuurwaardes en -norme in die lewe van die mense van die oor= nemende etnos hulle rigtende en dissiplinerende krag verloor het, terwyl die diepere kultuurinhoude van die nuwe kultuur nog nie deur almal ver= innerlik en verwesenlik is nie. Onder sulke omstandighede tree daar menslike maling en verval in omdat die mense wat betrokke is nie doel= treffend gekultiveer kan word nie."

P.J. Coertze wys ten slotte in hierdie afdeling daarop dat die oorname van 'n vreemde kultuur, tensy 'n gelukkige sintese of 'n ander uitkoms bewerkstellig word, lei tot die ondergang van die etnos wat gekonfron= teer word. Die sosiale wanbalans en verskeurdheid (anomie) moet metter= tyd plek maak vir 'n eunomiese orde (toestand van normgetroue ordelikheid). Die aard en die duur van die anomiese toestand word veral deur vier fak= tore beïnvloed: (i) verskil in kultuur; (ii) die grootte van die etnos; (iii) vermoë tot oorname en (iv) bepaalde psigiese faktore. Hierdie faktore beredeneer hy in breër verband.

Tans word algemeen aanvaar dat akkulturatiewe impak soos die oorname van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Westerse kultuur deur 'n nog veelal primigene of gebonde etnos 'n komplekse steurbestel veroorsaak. Die verwarring hou in: besondere gistingspotensiaal en groot botsingsmoontlikhede. In hulle grype om ewewig te herwin en omdat persoonlikhede en groepe nie eners gekondi= sioneer is nie, geskied die uitoefening van keuse-vryheid in baie gevalle sonder die nodige konformiteit binne eie gesins- en groeps= verband. Die botsing duur lank sodat wisselende wyses van kontak aan die orde is.

Gevolglik is die oogmerk van die studie dat aandag gegee sal word aan verskynsels soos die bonte variasie wat uit die kontak tussen die Christelike Godsdiens en die tradisionele kultuur voortspruit. Dat daar allerlei kultuurgestaltes onder akkulturatiewe druk mag voorkom, daarvoor het ons veral aanvoeling gekry deur bestudering van Ralph Linton (ed.), Acculturation in Seven American Indian Tribes - 1940). Ons bemerk dat hierdie sewe stamme almal Rooihuide is. In ons studie ondersoek ons of gestaltegewing binne die separatisme ook variasie mag vertoon.

Sou sektarisme as wêreldverskynsel met sy kenmerkende neiging tot aparte groepvorming en akkulturasie wat ook tendense vertoon dat groepe die geborgenheid van hulle tradisionele kultuur mis en hulself groepeer, in die RSA in besondere wisselwerking staan? Lei dit tot eskalering in getalle, aantal bewegings en tipes?

Soos Hutten wil uitgaan van 'n ontploffingsentrum, so lyk dit of ons in ons poging tot begripomlyning en ontleding liefs die problematiek moet saamtrek op 'n soort hipotese as brandpunt en dit later ontsenu of bevestig. Hierdie hipotese kan soos volg geformuleer word: Die separa= tisme is 'n komplekse verskynsel. Sy kompleksiteit bemoeilik definiëring. Enersyds vertoon die separatisme ooreenkoms met sektarisme in sy sinergis= ties-skismatiese groepvorming van godsdienstig-sosiale aard. Andersyds - alhoewel nie streng te onderskei nie - is dit 'n skakeringryke poging tot harmonie in akkulturatiewe bestel tussen die tradisionele kultuur (in= sonderheid die tradisionele religie) en Christelike geloof.

### 1.1.2 Die Sotho van die RSA

Die studie oor die separatisme word beperk tot die Sothovolke van die RSA.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Omdat tydens die aktiewe veldwerkfase nog min oor die Sotho gedoen was, is op hierdie geledinge besluit. 'n Bykomende oorweging was soos volg: Toe die studie van stapel gestuur is, het die NRSN (RGN) daarop gewys dat werk reeds onder die Nguni gedoen is, soos onder andere deur Sundkler meer bepaald met 'n Zoeloe-inslag. Verkieslik moes ons op 'n ander etniese groep(e) konsentreer.

Die Sotho word weliswaar in die breë teenoor die Nguni gestel maar nòg Nguni nòg Sotho is etnies homogeen. In sy omvattende voorlopige oorsig van die swart stamme van Suid-Afrika beskrywe Van Warmelo die Sotho vanuit 'n sewevoudige indeling (1935:96-116). Hy toon oortuigend aan dat onder die Sotho-oorkoepeling daar allerlei diverse gestalteskakeringe voorhande is. Met dien verstande dan dat daar allerlei vervlegting is, is die Taalkaart van Suid-Afrika vereenvoudig sodat slegs globaalweg die gebiede omlyn is waar die taalgroepe Suid-Sotho, Tswana en Noord-Sotho oorwegend is. Hierdie taalkriterium is aanvaar as kriterium vir etniese verband (vgl. Van Warmelo 1952).

Binne hierdie globale omskrywinge op die Taalkaart val die komplekse PWV-konstellasie wat sowel plattelandse as stedelike gebiede insluit. In sulke plattelandse areas is lokaliteite waar een of ander van die drie onderhawige etniese groepe vry afsonderlik woon. Sommige kon so besoek word. Oor die algemeen egter is die swart bevolking in die stedelike gebiede etnies hoogs heterogeen. In dergelike omgewings kon die separatisme nie meer bepaald met toespitsing op die Sotho bestudeer word nie.

Dit sal egter blyk dat waar ons in stedelike gebiede soos Lady Selborne en Ga-Rankuwa (Pretoria), Soweto (Johannesburg), Thabong (Welkom, OVS) en Bloemfontein steekproewe gedoen het, klemplasing tog op die Sotho geval het. Nabetragting dui daarop dat ons voorneme om 'n aantal bewegings vir uitvoeriger beskrywing uit te kies - bewegings wat uiteraard Sotho-georiënteerd moes wees - die Sotho-toespitsing versterk het. Ons het prys daarop gestel om die onderhawige bewegings in die verskillende ste= delike sentra op te spoor. So is die swaartepunt vry indirek in etnies heterogene bestel na die Sotho verplaas.

Steekproewe is so beplan dat 'n redelike snit of monsteropname vir die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Sotho van die RSA verkry is. Weliswaar bevind van die Sotho hulle ook buite die drie globale omgrensinge soos op die Taalkaart aangebring. Ons meen egter dat ons steekproewe omvattend genoeg was om ons bevindinge te laat klop oor die RSA-gebied. Met 'n redelike snit word verder bedoel: dat binne die geografiese omlysting die separatiste-sterkteverhouding 'n patroon vorm van hoër en laer digtheid asook etlike konsentrasiepunte. Om 'n verklaring hiervoor te kry, was dit gerade om steekproewe so te be= plan dat veral in veldwerk gelykberegtiging aan skraler en vrugbaarder teelaarde sowel as aan konsentrasies geskied. Naas ondersoek na omvang/ digtheid moes ook ondersoek ingestel word na die wese van die separatisme. Om dit te doen was dit nodig om afsonderlike bewegings te bestudeer en ook hier teen eensydigheid te waak. Hoë prys is gestel op feitelike ge= gewens deur persoonlik navorsing ter plaatse te doen en 'n span veldwerkers daarin te betrek. Meer duidelikheid word verkry waar die metodologiese aspek in afdeling 4 uiteengesit word.

## 1.2 KENSKETSING VAN DIE TRADISIONELE RELIGIE

### 1.2.1 Christelike religie en die tradisionele religieë

Voorop wil ons stel dat ons die Christelike Openbaring as dié geopen= baarde waarheid bely. En vanuit hierdie standpunt is die Christelike Religie uniek; kragtens die Besondere Openbaring is daar 'n Eieaard. Weliswaar word die Christelike Religie en die tradisionele religieë be= ly en beleef in die wêreld. Gevolglik kry 'n mens enkele ooreenkomste. Tradisionele religieë is egter skering en inslag van etniese kulture en andersom.

Waar ons studie handel oor die Sothovolke van die RSA kan die begrippe Tradisionele religie en Etniese religie sinoniem gebruik word.

### 1.2.2 Etniese Religie

#### 1.2.2.1 Inleiding

Die mens bly 'n eenheidswese alhoewel vir analise ons sy veelsydigheid kan betrag vanuit 'n vyfdeling: hy is biologiese, intellektuele, geestes-,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sosiale en emosionele wese. Hy lewe tydruimtelik in hierdie wêreld, is veral aardsgebonde vanweë sy biologiese wesenseienskap, maar is uniek daarin dat hy na die Beeld van God geskape is. Met verwysing na ons stellingname in 1.2.1, is dit nou duideliker dat alle etniese religieë soos bely en beleef hulle onderskeie kultuurpatrone sal vertoon. In hoë mate geld dit ook oorwegend-gekerstende etnieë dog met dié verskil dat ook die Evangelie met sy omvattende aanspraak op hart en lewe beslag lê. Immers, die mens staan in belangrike opsigte nie in dieselfde wis=selwerking tot die omgewing as plant en dier nie. Feit is dat die "wêreld" van die mens ook ander dimensies het soos die Onsienlike - wat veel ryker is as simboolvorming, want simboolprojeksie dek nie in eie reg religie nie (vgl P.J.Coertze 1980:122-5).

Vir ons doel kan die volgende definisie van etniese religie aanvaar word: Religie "staan in verband met die bonatuurlike en is die uitvloeisel van die mens se strewende verlange om in die regte en harmonieuse verhouding te wees teenoor die bonatuurlike krag of kragte wat binne en buite die heelal gemanifesteer is en waarvan die mens die bestaan aanvoel" (P.J. Coertze 1973:242).

Globaal gesien, kry 'n mens in die etniese religieë twee hoofkategorieë volgens opvatting en praktyk gebaseer op hulle voorstelling van die bo=natuurlike: "(1) persoonlike krag of kragte wat as sodanig persoonlike wesens met 'n eie selfstandige wil en handelsbvoegdheid en as (2) 'n on=persoonlike krag wat op sigself willoos is, maar deur enige persoon of wese wat die kennis en die vaardigheid daartoe besit vir sy eie en vir ander se doeleindes ingespan of aangewend kan word .... Hierdie twee voorstellingswyses met die samehangende gelowe en wyses van handeling staan bekend as <u>Persoonlike</u> en <u>Onpersoonlike Supernaturalisme</u> .... Dit sal die veiligste wees om die twee voorstellingswyses van die bonatuur=like eerder as twee pole van dieselfde verskynsel dan as twee radikaal verskillende soorte bonatuurlike te sien" (a.w. 1973:243).

Dit is moeilik om die tradisionele religie van die Sothogroepe vir af=sonderlike beskrywing uit te lig. Normaalweg sou 'n mens op die RSA-toneel met sy besondere sametreffing van etnieë ontlening verwag. Daar is

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



egter besondere faktore wat prikkelend ingewerk het. Ons noem slegs die Difaqane-bestel, die ontdekking van diamante en van goud.

Waar ons dan daartoe oorgaan om meer bepaald die etniese religie onder die Sothogroepe te probeer kenskets, plaas ons slegs die opperwesebegrip in breër omlysting.

1.2.2.2 Persoonlike Supernaturalisme

(a) Die geloof in 'n opperwese en nie-menslike geeste

Venda

By die Venda staan die opperwese bekend as Raluvhimba. Wessmann skrywe: "They speak of the creator of the world who was a good god and they call him Kusane. But after creating the world and all that is therein, he retired to lazy rest, and allowed everything in the world to go on as it pleased." Later het 'n ander god sy plek ingeneem. "His name is Ralo=vhimba, and he is the god of Mashonaland, where he lives in a cavern" (1908:80). Uitdie Domba-lied verneem ons volgens Van Warmelo: "The creator of the mountains (i.e. Raluvhimba) cannot create here such beau=tiful mountains as he created in VhuKalanga" (1932:65). Bruwer brei uit op die Raluvhimba-begrip. Die woord het ook die betekenis van vaders=arend of edelarend wat die hemelruim as sy woning het. Die woord hou moontlik ook verband met reën want die Venda verbind Raluvhimba met Mwari. die opperwese van die Shona van Suid-Rhodesië (Zimbabwe), 'n opperwese wat by uitstek reëngod is en met 'n priesterstelsel aan hom verbonde. "Ralu=vhimba is die skepper en 'n verskietende ster is Raluvhimba wat deur die hemelruim trek. Hy openbaar hom soms in 'n vlam vuur aan die opperhoof en spreek hom aan met die stem van donderweer. Die opperhoof is sy klein=kind - muduhulu - en hy is vir die opperhoof 'n grootvader - makhulu. Die naam Khuswane kom ook onder die Venda voor en so ook Mudimo, wat in nou verband toon met Mudzimu - 'n voorouergees. Die naam Raluvhimba staan dan ook in direkte verband met die begrip van die reënverskaffer" (1957:123). In 'n voorwoord tot Stayt wys Hoernlé daarop dat die Venda in sekere sin 'n "Fremdkörper" is onder die swart volke van Suider-Afrika. In die algemeen skakel hulle nader aan by die stamme van suidelike Zimbabwe (1931; 2nd imp. 1968:viii). Sowel Stayt as Wessmann toon dan ook aan dat geloof in die opperwese by die Venda en dienshandelinge t.o.v. hom grootliks verskil

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



waar ons hulle met die ander etnieë vergelyk.

Zoeloe

Die benaming onder die Zoeloe vir die opperwese is Unkulunkulu. Hy is die skepper dog het die aarde verlaat. In feite word hy slegs deur die voorvaders bereik. Asmus maak baie van 'n "Kollektiv". Hy verduidelik ekuqaleni unkulunkulu wadabuka ohlangeni soos volg: Unkulunkulu sweef nie oor die Zoeloes as 'n wese wat behoort tot 'n ander, onsigbare wêreld nie. Hy word deur die skeppingsmite midde "ins erste Zulu-Kollektiv als dessen dynamischen Zentrum hinein gesetzt, von dem alles Leben, des Kol= lektivs ausgeht und beherrscht wird." Unkulunkulu het slegs onmiddellike betekenis solank sy eienaam bekend was aan hulle wat aan hom verbonde en van hom afhanklik gevoel het in die besondere "kollektiewe" binding. Namate die binding swakker geword het, is "middelaars" ingeskakel. 'n Verbygaan van dergelikes sou 'n belediging wees omdat hulle "faktisch alle UnkuluNkulus sind" (Asmus 1939:19-22).

Berglund verkies om die benaming iNkosi yaphezulu, wat hy vertaal met "Lord-of-the-Sky", te besig. Hemel en aarde is 'n soort twee-eenheid. Die opperwese staan ook bekend as uMvelingqangi; vela - om voort te spruit, te verskyn, in sig te kom - en nqangi - die eerste een van twee wat 'n twee= ling is. Aan uMvelingqangi word as manlik gedink teenoor die aarde as vroulik. Die opperwese is nie 'n voorouergees nie.

Afsonderlike karaktertrekke van die opperwese word deur 'n aantal prysname weergegee. So dui uMdali en uMenzi op oorsprong en skepping. Daar is ook name soos uMpande (wortel), uNsondo (ewigheid). Die mees algemene prysname is egter uSomandla en uMninimandla. Albei dui op almagtigheid, besittende alle mag. Berglund beklemtoon dat in Zoeloe-denke amandla verwant is aan wysheid en kennis. Dit is in besondere sin gawes van die opperwese.

Berglund meen dat die opperwese nie heeltemal uit die bewussyn van die tradisionele Zoeloe verplaas is nie. Ten tye van groot droogte word uit= eindelik tot hom hulle toevlug geneem. Ook begelei Berglund op 'n keer 'n vrou na 'n spesifieke knielplek (isiguqu) waar sy die opperwese persoonlik aanroep. Aanbidding is egter nie tot dergelike plekke beperk nie, omdat die hemelheer alomteenwoordig is (1976:32-46).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Zoeloe aanbid ook nog Nomkhubulwana, ook genoem iNkosazana yeZulu, die hemelprinses. Sy is 'n maagd en haar verbintenisse is veral met hubare dogters, vrugbaarheid t.o.v. die mens, die dier en die oes. 'n Spesifieke dienshandeling, die Nomdede-viering deur dogters is by die aanvang van die lente ter ere van haar uitgevoer. Sy skakel nie met die vorouergeeste nie (Asmus a.w. 64-70).

Swazi

Die Swazi glo 'n Umkhulumnqande. Soos by die Zoeloe, het hy ook die aarde verlaat. Hy kan deur die voorvaderlyn genader word. Sy bood=skapper is Mlentemunye. Soos sy naam aandui, het hy net een been. Daar=benewens glo hulle ook in 'n Nomkhubulwane, 'n vroulike godheid wat te make het met die landbou (sorghum-oes insonderheid).

Sotho

Onder die Sotho vind ons dat hulle in Modimo glo. Dis die naam van die opperwese wat oor die algemeen voorkom.

Noord-Sotho

Op voetspoor van Mönnig se monografie oor die Pedi sou ons vir ons doel kon veralgemeen. Modimo is nie 'n persoonsnaam nie. "It is a noun like man, horse, describing a particular form of entity, except that Modimo does not describe a species, but a single, unique entity .... Modimo has a personal name, Kgobe .... Modimo, or Kgobe, created the world and all animal and plant life upon it." Kgobeane, sy seun, sou later die mens geskape het. Deesdae word die skepping gewoonlik as een proses gesien en word Modimo ook genoem Mmopabatho, die skepper van die mens. Modimo staan in noue verbintenis tot natuurelemente soos wind, reën, hael en weerlig. In hoë mate word hierdie elemente gesien as tekens van, of as gestuur deur Modimo.

Skerp omlyning van die Modimo-begrip vind 'n mens egter nie. "Pedi notions of God are extremely vague .... No service is rendered to Modimo, and there are no rituals connected with him. There are no shrines or any material worship directly related to him .... The Pedi do not pray to Modimo .... Modimo seems to have little or no bearing on the daily life of the Pedi .... Although he is the giver of life and death, he is not seen as the cause of individual deaths ...."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Mönnig vat saam: "To the Pedi, Modimo belongs to a hazy supra-natural sphere. I do not want to suggest that he is not essential to Pedi reli= gion. He is the Creator, the beginning of all and therefore the Supreme Being; a sort of figurehead topping the list in the structure of the supernatural world, but of very little importance to man in his daily relations to this world" (1967:45-8).

Tswana

Literatuur rakende die opperwesebegrip onder die Tswana vorm 'n spektrum van standpunte. So reageer Reyneke in sy MA-verhandeling (1945) op Moffat (1842) en Molema (1920). Met verwysing na Moffat sê hy dat baie navorsers, toe hulle nie 'n godsbegrip vind soos die Westerse nie, beweer het dat die Kwena geen God het nie. Ook verskil hy van Molema, 'n Tswana, wat Modimo beskou het as 'n wese wie se bestaan uiters vaag omlyn is weens sy onaktiwiteit. Reyneke stel dit: "Van God, soos die Christen Hom ken, het die Kwena seker slegs 'the faintest and haziest idea' gehad, maar dat hy selfs daar onaktief was, is nie die geval nie, daar hy wel oor dood en lewe, welvaart en teenspoed, oor droogte en reën beskik het (1945:39). Eiselen en Schapera wys op 'n belangrike rede vir gebrek aan konsensus. "The Tswana and Southern Sotho speak of Modimo, but their conceptions of this being have been so affected by missionary teaching that it is now almost impossible to obtain any clear idea of his traditional attributes" (Schapera ed. 1962:264).

Daar is vry algemeen bevind dat die Hurutshe na afkoms die mees senior Tswana= stam is. Schüler beaam dit (1967:18). Breutz skryf: "Up to the be= ginning of the last century their pre-eminence was acknowledged by their right to perform the first-fruits ceremony (go loma thôtsê, or go loma nwaga) before the other Tswana tribes" (Breutz 1953:16). 'n Mens kan aan= neem dat onder hulle die opperwesebegrip in die breë beter ontwar sou kon word. In ons veldwerk te Motswedi is Thobega genoem asook Thobega wa Mmampa-Moshidi (Verslag 1973:427). Van wesenlike belang vir hulle geloof was Thobega blykbaar slegs baie indirek as geleef is volgens die wil van die badimo. Breutz toon aan hoedat daar verskillende weergawes is van 'n skepperfiguur. Een is dat "Lowe was a god, and that Matsieng, his servant, who was ordered to open the hole and make the first creatures. Later Lowe

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

imprisoned Matsieng in the hole and became the first Tswana chief. The other version is that Matsieng was the god at the place Lowe and Thobêga, was the servant, and the one-legged Creator. Thobêga or Thobêga-wa-phatswa later became an important god of the Hurutshe. They prayed to him for help in their need. Thobêga married a Hurutshe woman, Mampa at Tshwenyane, ... Mampa also was Thobêga's messenger. He is said to have left the Hurutshe c. 1815." Breutz haal ook aan uit Campbell (1822) wat meedeel dat Lowe die plek sou wees waaruit die eerste drie mense, ('n suster en twee broers) sou gekom het. Die suster, het opdrag gehad ten opsigte van die beeste. Een van die broers laat die beeste wederregtelik te ver wei. Volgens Campbell dan 'which so enraged his sister, who possessed medicine for the preservation of life, and health, that she returned to the hole, carrying with her the precious medicine; in conse=quence of which diseases and death came into the world, and prevail to this day' (a.w. 68).

'n Mens kom tot die gevolgtrekking dat onder die Hurutshe, wat religieus-hiërargies 'n ereplek onder die Tswana beklee, die opperwesebegrip ver=dring en verplaas is. Daar is 'n vaagheid en verwarring. Lowe is bv. skepper en plek. Naas Lowe word Matsieng en Thobêga ook oppergode. Die skeidslyn tussen godegestalte en mens is ook onduidelik. - Mampa sou in 'n gesig aan 'n kaptein meedeel dat "Thobêga was killed by a buffalo before he became a god" (68).

Vir sover ons kennis strek, het Erasmus (1970), tot op datum die deeglikste werk gelewer oor die Tswana se beskouing rakende Modimo. In 1969 gryp Coetzee - onder wie Erasmus sou promoveer - vooruit en stel dit dat tot dusver weinig navorsers aandag gegee het aan die vraag of die opperwese intensioneel 'n persoon of 'n krag is. Erasmus sou egter 'n verandering in=lui. Coetzee voer dan aan: "Wat Modimo betref, open Erasmus nuwe perspek=tiewe met sy bevindinge. 'Die optrede van Modimo en van lefatshe (die aarde) is heel dikwels identies.' Hy bring hiermee 'n baie belangrike aspek na vore wat tot dusver nog nie sterk bewustelik in die studie van die religieë van RSA Swartes nagevors is nie en kom tot die aanvaarbare konklusie dat die gedagte van die Tswana (en wat dit betref in die gedagte van alle Swartes in Suider-Afrika) wesens en voorwerpe in die kosmos nie so sterk gedifferensieerd is nie. Hulle godsdiens word uitgelewe en nie uit=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gedink nie" (1969:19).

Erasmus bevind dat daar 'n deurslaggewende Leitmotiv in die Tswana se lewens - en wêreldbeskouing, sy tradisionele religie, sy doen en late is. Dit is naamlik 'n omvattende, 'n totale hiërargiese geskakeldheid.

Vir hom is die "kernbegrip in die Tswana se godsdiens" vervat in die stamwoord -dimo. Met inagneming ook van ander gesigspunte, bevind hy: "Hoewel daar geen definitiewe lyn tussen gode, geeste, dinge, voorwerpe ens., in verband met aanbidding getrek kan word nie, word die stamwoord -dimo gebruik om goddelikheid of goddelike eienskappe van iets of iemand aan te dui. Iemand wat 'n senior oor ander is, 'n modimo, wat gesag voer oor sy gebied is iemand wat hoër is as die waaroor hy funksioneer. Die begrip dui dus ook gesag, senioriteit en heerskappy aan .... Wanneer 'n modimo nie meer 'n statusposisie binne die hiërargie beklee nie is hy nie meer 'n modimo nie - dit geld mense, dood of lewend, sowel as gode" (Erasmus 1970:75) ...."Modimo is ook die diepste sin van die heelal, die totaliteit .... Die personifiëring van hierdie totaliteit is Modimo ...." (a.w. 80). Oor die outoriteit en attribute van Modimo bring Erasmus die volgende na vore: Hy stel nie belang in families nie en sy outoriteit vir elke stam strek nie verder as die bepaalde stamgrense nie. Slegs in gevalle van groot natuurrampe, pes en epidemies is daar 'n vae besef dat dit die werk van Modimo mag wees, "en dan nog is dikwels tot een van die demigode genader met offers en gebede - met die vae besef dat daar ook 'n Modimo is wat die grootste is van die demigode, een wat deur die demigode gemanifesteer word" (a.w. 86). Modimo is skepper in die sin dat hy orde in die heelal skep en hierdie orde en samestelling bewaar. Die Tswana stel dit nie sonder meer dat Modimo die gewer van reën is nie. Erasmus haal Willoughby aan wat meedeel hoedat die stam as hoogste beroep by die grot van Thobega offer en smeekgebede uitspreek. "In so 'n geval is dit dus nie Modimo wat die gewer van die reën is nie maar wel Thobega as manifestasie van Modimo wat beheer oor natuurmagte uitoefen" (a.w. 90). Met betrekking tot lewe en dood, sou die Tswana nie aan Modimo dink as die een wat direk heers nie. Geboorte en dood word ook gesien as deel van die totaliteit en die samehang daarvan. Siekte is vermindering van krag. 'n Moloi of selfs een van die badimo kon verantwoordelik wees. As die weerlig iemand doodslaan, sê die Tswana dikwels: o bolailwe ke

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Modimo (Modimo het hom gedood); nogtans is daar 'n oorsaak voor en word die ngaka ingeroep.

Op die vraag of Modimo 'n persoon of 'n krag is, kom Erasmus tot die ge= volgtrekking dat in die gemoed van die Tswana hy of 'n persoon of 'n krag kan wees. Dit kan ook afwisselend wees. "Modimo is die verpersoonliking van die totaliteit en as sodanig kan aan hom gedink word as 'n persoon, terwyl dit soms net so moontlik is dat hy as 'n krag beskou kan word" (a.w. 93).

Die skrywer kom tot die slotsom dat Modimo vir die Tswana 'n veraf wese is, 'n veraf hoogste krag, die een wat optree tydens natuurrampe. Modimo word in die demigode gemanifesteer. Thobega is bv. die donderwolk - waarskynlik veral onder die Rolong so bekend - want uit hom kom wolke, reën, maar ook hael en weerlig. "In hom is die kragte wat skynbaar teen mekaar verenig is" (t.a.p.).

Insake die verblyfplek van Modimo put Erasmus eerstens uit Schapera (1951) wat aantoon hoedat aan Moffat teenstrydige antwoorde gegee is: hy sou in die hemel woon; sommige weet nie eers van sy bestaan nie; ander beweer hy woon in die aarde; in die noorde. Erasmus meen hy is nie uit 'n ander sfeer nie. "As gesê word hy woon "daar in die hemel" dan slaan dit eerder op 'n boonste status; Thobega is ook Modimo, al kom hy uit 'n grot op as sy verblyfplek" (1970:94). Ons let egter daarop dat Reyneke by geleentheid verwys na Modimo se verblyfplek in die rigting van die sonsondergang m.b.t. die Kwena (1971 vol1:101).

Wat diens en verering t.o.v. Modimo betref, is Erasmus se bevinding dat dit basies óm skakeling in die hiërargiese bestel gaan. Hy verwys ook na Schapera (1953) wat beweer dat die afhanklikheid teenoor die opperwese soms gevoel word, maar aangesien hy te ver en vaag is, word die versoek en skakeling tot die demigod of die voorouer gerig (a.w. 95). Dit geld in die breë ook verering en aanbidding, alhoewel Erasmus 'n direkte gebed aanteken uit Smith (1950), wat onder die Rolong gedurende 1843 verkry is (a.w. 96).

Hoër op het dit telkens opgeval dat strakke skeidslyne tussen 'n enige,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

persoonlike opperwesebegrip, ander godefigure wat dalk histories verbintenis met bepaalde stamme gehad het of personifiëring van natuurverskynsels, genivelleer raak. Ter illustrasie neem ons Tintibane en Kganyapa. Eiselen/Schapera rangskik Tintibane onder "lesser deities" en sê dat hy en 'n paar ander "appear to be deified Chiefs of peoples occupying the country long before its present in= habitants arrived there. Offerings are occasionally made to them ...." (Schapera 1962:269). 'n Kundige respondent, direkte afstammeling van die eerste bekeerlinge van Gonin te Welgevallen naby Saulspoort, ge= tuig soos volg: As jong kinders het hulle 'n bewering bevestig en gesê " ... ka Tintibane." Dit was dus 'n ligte soort eedswering waar Tintibane as getuie ingeroep word. Hy veronderstel dat in die outyd dit 'n naam was wat ook vir Modimo gebesig kon gewees het.

Wat Kganyapa betref, is die konsensus meer eenduidig dat die tornado= slang binne 'n storm is en in opdrag van die opperwese straf uitoefen waar die mens teen tradisionele verordeninge oortree het. Verder is Kganyapa 'n soort nie-menslike gees wat die tradisionele kultuurbestel bewaak. In dié sin kan hy beskou word as deur die opperwese gemagtig om selfs katastrofaal in te gryp deur bv. 'n natuurramp. So 'n gees is eintlik dinamies doenig ín en óm daardie verskynsel. Die geloof in Kganyapa kom wydverspreid onder die RSA-etnieë voor. Ten spyte van variasies, is daar 'n grondpatroon. In Lesotho is Fito die tornadoslang en Khanyapa bewaak die poort tot badimo-grotte of -stede. Nkanyambe is onder sekere Nguni 'n reuse, bonatuurlike rivierslang. By die Tswana is dit Gogelo, wat 'n mens onweerstaanbaar in die water trek. Mamogašwa is onder die Noord-Sotho soos Fito by die Suid-Sotho ook tornadoslang.

## Suid-Sotho

Die opperwesebegrip onder die Suid-Sotho stem so ooreen met die begrip onder die Noord-Sotho en Tswana dat ons hier kan inkort. Hy is ook onder hulle bekend as Modimo.

Casalis skryf in 1861 soos volg: "These tribes had entirely lost the idea of a Creator .... By a strange, but very significative exception, death is the only one of the great phenomena relative to humanity which

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

the legends of these people attribute to the intervention of the Supreme Being corresponding to the God of revelation .... It is indeed to the names of their ancestors that these people address their prayers" (Facs. Struik 1965:238-243). Odendaal se verwysingsraamwerk sluit dergelike bronne in as hy oorsigtelik skrywe: "Van die Bantoestamme in Suid-Afrika is die Basotho een van dié wat die vaagste Godsbegrip gehad het. Van die Franse sendelinge en ander het selfs beweer dat hulle geen godsbegrip besit nie. Daar was geen kultus of beelde of tempels of iets dergeliks wat getoon het dat hulle in die bestaan van 'n god geglo het nie. Selfs by diegene wat wel beweer het dat daar 'n opperwese is, is geen duidelik-omlynde godsbegrip aangetref nie. 'n God mag daar wel bestaan maar dan is hy so onwerklik dat sy bestaan al dan nie geen verskil aan die daag=likse lewe en gedraginge gemaak het nie .... Die eintlike beskikkers oor die lotgevalle van die mens is die voorvadergeeste wat baie nader en werklik en ook uiters aktief is .... Waar daar nog gedink word aan die opperwese, word selde aan hom as persoon gedink. Molimo, die naam vir god, word ook nie onder die persoons- of mensklas van die selfstan=dige naamwoord ingedeel nie .... Hy besit wel lewe, maar 'n boom besit ook lewe. God is 'n gees en niks meer nie, of miskien net 'n mag heeltemal onpersoonlik. 'n Intieme persoonlike verhouding met hom soos daar tussen mens en mens bestaan, is gevolglik onmoontlik" (1959:50-4).

Samevattend oor die opperwese en nie-menslike geeste, met besondere verwysing na die Sotho van die RSA, geraak ons tot die volgende: Daar is 'n geloof onder die Noord-Sotho, Tswana en Suid-Sotho in 'n opperwese in die breë bekend as Modimo, 'n skeppergod. Hy is vaag en ver en word dikwels gesien in verbintenis met natuurverskynsels soos droogte en or=kane. Miskien daarom dat daar nie juis onderskei word tussen hom as persoon of mag nie. Modimo het hom egter om een of ander rede onttrek en waar hy hom tans bevind is onseker; die hemelruim is die waarskyn=likste woning. Die neiging is om Modimo te sien as 'n opperwese vir 'n bepaalde etnos of stam, maar nie direk gemoeid met die onderhouding van sy besondere skepping in detail nie soos onder meer met onderskeie families of individue. Omdat Modimo ver en vaag is, word hy nie direk genader nie. Daar word van middelaars gebruik gemaak en hierdie midde=laars is in feite die badimo.

Omdat Modimo byna deïsties bejeën word en indirek benader word, kom die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

badimo in die brandpunt te staan sodat daar weinig sprake kan wees van gereelde dienshandeling aan die opperwese. Onder die Sotho, bv. met sy lewenskragtige reënrites in tye van nypende droogte is dit nie altyd duidelik of in laaste instansie Modimo aangeroep word nie. In derge= like bestel kan akkoord gegaan word met Coetzee: "Die opperwese is te ver en te vaag. Hy is in tyd en ruimte teruggedring en die afstand tussen volkslid en opperwese word gevul eerder as oorbrug deur demigode en die voorouers" (1969:24).

Teenoor die geloof in Modimo en dienshandelinge aan hom, staan die Christelike geloof in God die Vader, wat Sy skepping daagliks onderhou en van Wie die inisiatief uitgaan, in sterk kontras.

(b) Die geloof in en diens aan voorouergeeste

Die Manisme of die geloof in die beïnvloeding deur asook die diens aan voorouergeeste vorm 'n sentrale deel van die religie van die Suidoos-Bantoe (Coertze red. 1973:244) waaronder die Sotho ook ressorteer. Manisme is gebaseer op die geloof dat die gestorwenes en die lewendes mekaar wedersyds beïnvloed. Onder die Sotho staan die voorouergeeste bekend as badimo. Taalkundig val dié selfstandige naamwoord in die persoonlike of mensklas. Sy enkelvoud word selde gehoor. Wat Mönnig by die Noord-Sotho (meer bepaald die Pedi) bevind, dat die badimo wye magte oor die lewens van hulle afstammelinge uitoefen (1967:54) geld ook vir die Tswana en Suid-Sotho. Sou die badimo beledig of verwaar= loos word, sou hulle die voorspoed van hulle aardse nakomelinge kon terugtrek en onheil oor hulle bring. Vandaar bepaalde dienshandelinge ten einde die badimo se goeie wil te verseker.

Die badimo behou hulle karaktertrekke, behoeftes, gewaarwordinge soos hulle dit op aarde besit het (Erasmus 1970:125). Hulle beklee ook die= selfde senioriteitsrangorde of posisie in die hiërargie as wat die geval op aarde was. So kry 'n mens familiegeeste. Hulle is geeste van elke afstammingslyn. In onderskeiding van hulle kry ons stamgeeste. Hulle het magsbevoegdheid oor die stam as geheel. Daarnaas vind ons 'n derde kategorie die vreemde geeste. In buitegewone gevalle mag hulle invloed uitoefen maar pas nie presies in, in die bepaalde rangorde nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Met betrekking tot die geloof in die badimo onder die drie betrokke etnieë is daar in hoë mate ooreenstemming. Om hierdie rede omlyn ons nie afsonderlik nie vir Noord-Sotho, Tswana en Suid-Sotho.

Woonplek van die badimo

Onder die Noord-Sotho en die Tswana lyk die sterkste konsensus te wees dat die badimo-ryk in westelike rigting is. Mönnig beweer dat die Pedi uitgesproke is oor die voortgesette bestaan van die mens na die dood. 'n Lyk word in die kudupana-posisie begrawe - die manier van slaap soos 'n kind in die baarmoeder. Dis 'n mindere lewe. Oor die plek is hulle nie duidelik nie. "Some say it is underground, others say that it is in the skies above, others again that it lies where the sun sets, in the west. The latter seems to be the largest consensus of opinion. It is a shadow-world, they say. There where the shadows are longest. In this world, the people do not live a full life, they merely vegetate (1967:53-4). Daar is egter ook 'n weerspreking want die woonoord word ook voorgestel as "the land of plenty, where the grass is always green, the cattle plentiful and fat, and where everybody is happy" (a.w. 55). Reyneke lokaliseer ook in die rigting van sonsondergang (1971:101) waar die ster Kgogamasigo verskyn; dit slaan op die Tswana. P. Ellenberger verklaar in 'n onderhoud dat hy, wat die Suid-Sotho betref, etlike grotte sou kon opnoem wat as "dodestede" bejeën word in Lesotho. Daar sou ge= luide gehoor word van die badimo en hul beeste .... Schüler spits hom toe op die Rolong (Tswana) en voer aan hoedat voorwerpe soos "eetge= reedskap en wapens, graan en saad van verskillende landbouprodukte" in die graf van 'n man gesit is "terwyl in die graf van 'n vrou van haar huishoudelike artikels geplaas is" (1967:265).

Miskien is dit beste om van die woonplekke te praat as geskoei op die lees van swart stamme. Verder dat daar verspreide verbindingskanale is waar met die badimo in aanraking gekom kan word. Reyneke illustreer uit die gesigshoek van die Tswana en sonder 'n grot naby Thabazimbi uit. Dit korreleer met die opvatting dat die badimo onder die grond woon (1971:102).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Wilsopenbaring van die badimo

Alvorens ons oorgaan tot gebruiklike wyses waarop die badimo hulle onderhandelinge aanknoop, wys ons hier op die tendens dat voorouer=geeste onder die Sotho nooit in die vorm van 'n slang sou verskyn nie. Erasmus weerspreek dit en beroep hom blykbaar veral op Willoughby (1928) en skrywe: "Die slang is veral die dier waarin die voorouer homself sigbaar maak .... Die Tswana het ook legendes in verband met beroemde voorouers wat in die vorm van slange hulle verskyning gemaak het" (1970: 136). Ons huldig die standpunt dat slang-manifestasie eerder 'n kenmerk is van groepe onder die Ngunivolke. Vilakazi wys op hierdie verskynsel by die Zoeloe (1962:89). Hierop dui die volgende aanhaling ook: "Among the Nguni an ancestor spirit reveals himself in the form of a snake or other small animal ... near the grave or revisiting his old haunts" (Schapera ed. 1962:252). Hanekom het bevind dat by die Mamabolo (binne ons Noord-Sotho-omlyning) die openbaring van badimo in die vorm van geesdiere soos die mamba juis een van die vernaamste is. Dit sou in teenstelling wees tot die tendens onder die Sotho. Hy verklaar dit soos volg: "Hierdie verskynsel moet sekerlik aan die Ngunibeïnvloeding toe=geskrywe word aangesien die Mamabolo vir 'n tyd lank saam met die Ndebele=stam van Thema gewoon het" (Eloff/Coertze red. 1972:106).

Drome

Daar is sterk konsensus onder skrywers dat drome die mees algemene weg is waarlangs boodskappe vanaf die badimo verkry word. Mönnig het die Pedi (Noord-Sotho) in die visier en bring 'n besondere gesigspunt na vore. Hy beweer dat drome of ditoro gesien van die kant van die badimo die belangrikste kommunikasiemiddel is omdat hulle nie direk met die lewendes kan praat nie. Hy vervolg dan: "This they do through the characteristics of their attributes of moya and seriti. It has been shown that the moya and seriti can be heard and seen respectively. Separated from the body through death, the moya can speak, while the seriti forms the visual image of the deceased, but only in the dreams of the living" (1967:57).

Nie alle drome word aan die badimo toegeskryf nie. Sou 'n bepaalde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

voorouer egter knaend in drome optree en bv. sy kleinseun versoek om in sy voetspore te volg en ngaka te word, sou dit kon dui op meer as 'n gewone droom. Sekere nagmerriedrome is ook uitsonderlik. Hanekom omskrywe die begrip segateletsi. Iemand mag in sy slaap voel dat hy vasgepen word. Hierdie benoudheid is bekend as segateletsi en word toegeskryf aan badimo-ingryping (Eloff/Coertze 1972:105). Erasmus maak ook 'n onderskeid. Hy stel dit: "Die Tswana het wel 'n woord vir droom (go lora), maar wanneer hulle gedroom het i.v.m. die voorouers word nooit gesê dat hulle gedroom het nie, maar wel dat so en so (die naam van die betrokke voorouers) aan hulle verskyn het, of dat so en so hulle nie laat rus nie (1970:133). Mönnig bring 'n mens op die spoor waarom drome en gesigte gewoonlik nie juis onderskei word nie. In die meeste gevalle is daar onsekerheid oor wie die droom geïnspireer het en wat presies die dromer te doen staan. Vir droomduiding word die ngaka dan ingeroep. Hy gooi dan die ditaola (dolosse).

Rampe en teenspoed

Tweede in rangorde van belangrikheid rakende die wilsopenbaring van badimo kan stellig rampe en teenspoed aangemerk word. Hieronder neem siekte 'n belangrike plek in.

Reyneke voer aan dat "sowel Modimo asook die badimo hul misnoeë met die mense op aarde (toon) deur hulle met rampe te tref. As daar teenspoed met die oes op die landerye kom of met die veeteelt, of ook siekte dan word dit dikwels geïnterpreteer as die badimo wat ontevrede is en wat weer versoen moet word, o.a. deur 'n offerande. Modimo spreek deur rampe wat die hele stam tref, soos bv. 'n groot droogte. Dan word hy aangeroep en as Modimo wil, sal dit reën. Ek het my vaders aangetref dat hulle Modimo so aanbid'(Reyneke 1945: tekste par.257). "Die lewe van die mens moet derhalwe so ingerig wees dat hy sowel Modimo asook die badimo behaag want sodra die staminstellinge wat die vaders aan hulle oorgelewer het nie nagekom word nie, dan stuur hulle en Modimo die rampe" (1971:103). Ons herinner daaraan dat Reyneke afgestem is op die Tswana. Erasmus beroep hom op Willoughby in hierdie verband en stel dit dat indien nie gewyt aan towery, dan is dit bewys "dat een of ander van die voorouers sy aardgenote uittart om homself onder hulle aandag te bring

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vanweë een of ander grief wat hy het" (1970:134). Erasmus handel ook oor die Tswana. Onder die Pedi noem Mönnig 'n haelstorm as "a bad omen from the ancestors and when it occurs all work will stop for the rest of the day, which will be taken up with sacrifice to and worship of the ancestor spirits" (1967:58).

Siekte word selde aan natuurlike oorsake toegeskryf. Indien onnatuur=like veroorsaking vermoed word, word dit teruggevoer na òf _boloi_ (kwaad=willige towery) òf die _badimo_. Waar iemand siek is - veral as genesing nie spoedig na "gewone" behandeling intree nie - word die _ngaka_ ingeroep om 'n diagnose te maak en voor te skrywe hoe die siekte bekamp moet word. Pauw wat onder die Tswana veldwerk gedoen het, stem hiermee saam as hy definieer: "_Ngaka_, a native doctor, using herbal and other medicines; usually he is also a diviner" (1960:13). Ashton wil by die Suid-Sotho onderskei tussen _ngaka_ en _selaoli_, _senohe_ en _mokoma_. Hy wys egter ook daarop alhoewel "doctoring, divining and _bokoma_ are separate activities, they are not necessarily practised by different people. Some specialize in one and some in another, but many practise all three" (1952:282-6). Dit is duidelik dat ons by die drie aanverwante Sothogroepe naas oor=eenstemming ook verskille sal kry. So beweer Reyneke dat die _senohe_ nie by die Tswana aangetref word nie (1971:118). - Sonder om verder uit te wei, bemerk ons reeds dat die _ngaka_ 'n vervlegte rol in die ge=meenskap speel.

Siektes soos vallende siekte en geestesongesteldhede word meermale as ingrypinge van die _badimo_ bejeën. Dergelike krankhede of sensitiwiteit daarvoor skakeer in by die volgende openbaringsvorm en word aldaar beskryf.

Besetting deur _badimo_

Eiselen en Schapera dui op hierdie tendens en beweer: " ... the spirits sometimes appear to certain selected persons. Persons of an histerical disposition, e.g., may have visions or fall into trances during which they experience hallucinations, taken as revelations from the spirit-world. Or, particularly among the Nguni and Shangana-Tonga, the ancestor spirits may actually enter into or "possess" women, and far less frequently

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



men, and use them as mediums" (Schapera ed. 1962:253).

Ons stem saam dat die Sotho hier ontleen het en sou bewyse uit veld=werk kon aanvoer. Dit is egter nie hier die plek nie. Wat egter besondere vermelding verdien, is dat iemand se liggaams- en psigiese of emosionele gesteldheid veelal gesien is as 'n aanloop tot geroepen=heid as ngaka. Om dit te illustreer is Ashton ons bron. In Lesotho staan 'n bepaalde siektesindroom bekend as motheketheke. "This is an un=accountable sickness, which often continues for months; it is accom=panied by fits, fainting, loss of memory, shooting pains in the head, and may finally cause the patient to wander about the country as if in a trance or dream (phaphatheha). The patient may also have repeated dreams of deceased friends and relatives and is said to be visited by a spirit or to be 'spiritually upset'. This illness can only be cured through special ritual treatment .... Besides being cured through this protracted treatment, the patient acquires powers of divination, and is placed en rapport with the badimo who reveal medicines to him and teach him now to doctor, and especially how to cure others suffering from motheketheke. Only a few take advantage of this to become pro=fessional doctors, but to those who do or who are already practising as ordinary doctors, it gives excellent publicity, especially if their séance performances were impressive." Dit is veral vroue wat aan mo=theketheke ly; en dit blyk ook volgens die Sotho 'aansteeklik' te wees. 'n Leqekha/lethuela/mokoma is by uitstek die soort ngaka of persoon wat die ritueel en behandeling deurloop het soos vereis ter genesing van mo=theketheke (1952:283-5). Reÿneke bevind dat die mokôme soos deur Breutz by die Noord-Sotho beskrywe nie onder die Tswana voorkom nie en dat hierdie soort ngaka deur Mönnig onder die Pedi 'n lepale genoem word (1971:117). Vgl. Odendaal (1959:22-5) en Kohler (1941). In laasge=noemde word die Izangoma Diviners aan die orde gestel. Die neiging dat die Suid-Sotho in die Vrystaat gewoonlik van hierdie konstellasie "waarsêers" as sankoma praat, wys op Nguniverbintenisse. Die Sotho=groepe glo dat as 'n persoon deur badimo beset word hy as hulle mondstuk optree.

## Profetisme

Onder die wilsopenbaring moet ook "profete" en hul openbaringe aan die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

orde gestel word. In Sothogeledere word beweer dat die konnotasie waarin ons ngaka gebruik nie sonder meer "profeet" dek nie. Met be= trekking tot die Tswana wil Erasmus ook onderskei (1970:135). Erasmus se omlyning onder die hofie "profete" met verwysing na Willoughby verskil nie wesenlik van wat ons in die dampkring van motheketheke geplaas het nie.

Mönnig verwys na die mapale of malopo "the prophets who divine through direct spiritual contact with the ancestor spirits" (1967:87). Verder beweer hy: "The Pedi ngaka is, with the exception of the prophets, invariably a male person " (a.w. 95).

Dit lyk of heldersiendheid 'n besondere kenmerk van dergelike profete is. Ashton se omskrywing van die senohe is hier ter sake: "Then there is the seer (senohe). He is a person who 'tells things that are not known, that are hidden: he diagnoses illnesses affecting people and he foretells things that are going to happen.' This power of second sight may be improved and perfected through practice, but it is not a skill which can be acquired. It is a gift of God or the ancestors and is exercised 'through the mind.' A special type of seer is one who can see in deep water: he is mainly of value in locating people who have been drowned or seized by the water serpent (Khanyapa)" (1952:283).

Wilsopenbaring van die badimo en die rol van die ngaka

Later word die rol van die ngaka uitvoeriger aan die orde gestel.

Die wilsopenbaringe van die badimo is gewoonlik vir die betrokkenes op aarde onduidelik. Hulle moet op hulle beurt die inisiatief neem om die boodskap uitgespel te kry. Die beproefde weg waardeur dit gedoen word is deur waarsegging. En hy wat hierin spesialiseer is die ngaka. Dit is hy wat ingeroep word om die boodskap op te helder. Dit gaan gewoon= lik gepaard met die gebruik van instrumente soos ditaolo (dolosse).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Verering van en diens aan die badimo

(i) Tradisioneel-voorgeskrewe lewenstyl

Waar ononderbroke voorspoed in hoë mate afhanklik is van die badimo en afskeping van badimo kan lei tot teenspoed, is die tradisioneel-voorge= skrewe lewenstyl belangriker as daaglikse gebed en offerdiens deur die lewendes. In hierdie verband beweer Eiselen/Schapera: "It is more essential to retain their favour than to propitiate them occasionally; and so a well-defined conduct towards them is traditionally prescribed" (1962:254). Hanekom onderstreep hierdie tendens in 'n besondere studie= veld: "Die Mamabolo se afhanklikheid van en respek teenoor hulle voor= gangers, die badimo, word duidelik weerspieël in die volgende uitdrukking: 'Mo go gatilego hlako ya tsôgo, le ya koto e tla gata' (Waar die voorpoot getrap het, sal die agterste poot moet trap)" (Eloff/Coertze red. 1972:108).

(ii) Rituele reinheid

Hierdie voorgeskrewe lewenstyl word onderskraag deurdat rituele reinheid in verering en dienshandeling verseker moet word. Mönnig sê dat met betrekking tot die Noord-Sotho (Pedi) geld in die breë vir ons ander etnieë ook. Hy skrywe oor tersaaklike begrippe soos ditšhila. Letterlik beteken dit vullis. Die toestand van ditšhila staan in nou verband tot "the critical changes of life, particularly with its beginning and its end .... The condition of ditšhila is dangerous, not only to those who are impure, but also to those with whom they come into contact." Di= tšhila staan ook in verband met "hitte" (go fiša) en "koel-wees" (go tonya). "The supernatural concepts of heat and coolness are probably derived from the contrast between rain and drought (as the Kriges correctly concluded among the Lobedu). To the Pedi, rain is the source of their livelihood. It is the essence of their well-being, the symbol of all goodness. Conversely, drought epitomizes all hardship, suffering and evil. It is the greatest communal disaster and threat to existence .... These same qualities are present in all conditions of good and bad or pure and evil .... All conditions of impurity, ditšhila, are con= taminated with heat, and the ritual cleansing consists largely of apply= ing measures of coolness" (Mönnig 1967:66-7). Baie toestande, so beweer

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Mönnig, al sou die badimo nie direk daarvoor verantwoordelik wees nie, hou "koel-wees" en "hitte" in. Vandaar dat dienshandeling aan badimo ook aangevul word deur magiese helingshandeling. Bier bv. is "koel" so ook die half-verteerde groen maaginhoud van die offerdier wat op die graf geplaas word (a.w. 68). Ons sal later ook bemerk dat die letsholo by die Tswana ook rituele reinheid aansny.

Dergelike opvattinge bring mee dat onthoudinge of taboes in berekening kom. Die Pediwerkwoord go ila beteken om te vermy. Vandaar dan ook dikidišwa as " ... supernatural interdictions concerning the avoidance of certain actions, a breach which may immediately invoke sanctions. These sanctions may be either magical, brought about by the ancestor spirits, legal, or a combination of these" (Mönnig 1967:68).

(iii) Gebede

Die gebede is eerder gesprekmatig as deemoedig-aanbiddend en smekend. Hulle is saaklik, naïef, soms dramaties en selfs bestraffend. Om te bid en om te offer word gewoonlik gekombineer: vandaar dat go phasa badimo (Tswana: phaša) insluitend gebruik word. Hierdie twee elemente vorm die basis vir sowel stam- as familierites.

(iv) Offerandes en verstrengeling

Dit sal algaande duideliker word hoedat allerlei elemente in die dienshandelinge verstrengel is. Waar skrywers soos Eiselen/Schapera en Mönnig voorbeelde gee, illustreer ons uit Mönnig waar hy 'n relaas gee van 'n familierite: In die geval van 'n koorspasiënt het sy oorlede ouma hom in sy drome lastig geval. 'n Ngaka word ingeroep. Hy bevestig dat die ouma afgeskeep is en skryf voor d.m.v. dolosse dat 'n bok geslag word. Die vader roep die familie by die beeskraal saam. Die bok word geslag en die ingwande op die graf geplaas. Die vader oorhandig twee kalbasse vol bier aan die seun. Hy drink 'n bietjie uit elkeen en giet die res uit oor die graf. Hy begin dan go botša (om te vertel). Dit is die eintlike gebed. Dit bestaan eerstens uit die opsê van die pryslied (sereto) van die besondere voorouer gevolg deur 'n relaas aan die voorouer oor die moeilikhede en omstandighede. Daarna het die vader ook

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

bier oor die graf gegiet onderwyl hy die voorouer loof. Almal ver=laat die beeskraal en vier fees deur die res van die bok te eet en bier te drink onderwyl daar gesing en gedans word soos tydens gewone feesviering. Nadat die fees oor was, het die vader en die seun die bene van die bok bymekaar gemaak en op die graf gesit. Die gaste het toe vertrek. Die betrokke ngaka het toe die inhoud van die bok se maag versamel en dit aan die seun se liggaam gesmeer. Die seun moes vir 'n paar dae nie sy hande was nie totdat die ngaka hom kom phorola. Dit wil sê hy word met medisyne ingevryf of medisyne word aangebring. Dit sou dan die finale reinigingshandeling uitmaak wat sowel die seremonie as die genesing sou afrond (a.w. 58-9).

(v) Verering en diens in familieverband

Daar sou stellig variasies aangeteken kon word onder die verskillende Sotho-etnieë en hulle segmente. So beskrywe Hanekom dat onder die Mamabolo die titikwane-plant 'n offerplek is. En waar hulle deur die Venda beïnvloed is, speel die thokgola-bees nog by sekere families 'n rol; dit is die bees van die badimo. Oor sy rug word bier gegooi as offergawe aan die badimo. Waar die bees nie meer voorkom nie, het hulle "altare" naby die lapa, wat ook thokgola genoem word. Daar word 'n klip half onder die grond begrawe en die titikwane geplant. Dit is hierdie titikwane wat kontak met die badimo moontlik maak en gevolglik belang=rik as offerplek is (Eloff/Coertze red. 1972:109-10). Dit is duidelik dat dergelike sieninge nie deurgaans eie is aan die Sothogroepe nie.

Belangrike knooppunte van verering en diens in familieverband is oorgang=stadia ("rites of passage/transition"), soos geboorte, huwelik en dood.

Rakende die wesensaard van offerandes word sonde nie oorgeplaas op die offerande nie. Die klem val op herstel van gemoedelike kommunikasie tussen die lewendes en hulle badimo. Dit gaan om rituele of seremoniële reinheid en nie om geestelike reinheid nie. Vandaar dat vrouens - nadat hulle die menopouse bereik het - meer op die voorgrond tree in rites (Erasmus 1970:145). Vandaar ook die hoë prys wat gestel word op die deelname aan dieselfde maaltyd wanneer bv. die offerdier deur badimo sowel as die lewendes op aarde saam geëet word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die soort offergoed en die offerplek verskil na gelang van die geleentheid. Tydens kleiner geleenthede kry 'n mens offerande in die vorm van bier. Skape blyk minder gewild te wees as bokke onder die Tswana. Vir sulke belangrike lewensoorgange soos dood en begrafnis word 'n bees by voorkeur uitgesonder. By die Suid-Sotho is die bees in die rugstring gesteek en by die Tswana in die hart. By laasgenoemde kom die mogoga-bees ter sprake. Dit is gebruiklik om die nat vel om die lyk/kis te drapeer. Hierdie bees is 'n belangrike bewys dat die oorledene met eer begrawe is en kondig ook in die badimo-ryk aan dat 'n gesiene persoon tot hulle geledere toetree. Die offerplek - soos beweer - verskil ook na gelang van die geleentheid. Die graf bly die belangrikste. Daarna word onder andere in Suid-Sotho verwys as mosima o sa tlaleng (die gat/graf wat nie vol is/word nie). Mans is in die beeskraal begrawe en vroue in die lapa (of erf). Erasmus praat ook van die tuiste van die familie waaronder verstaan word die kgotla of die beeskraal waar die mans vergader (1970:142). Soms beweer hy, word ook gebruik gemaak van die vuurmaakplek, die sebešo. By die Suid-Sotho is daar bewys dat hulle soms van die gal van die offerdier agter in die hut as offer aan die geeste gebring het; of ook op 'n klip wat van die graf gebring is as die graf nie naby geleë is nie.

Met verwysing na die illustrasie uit Mönnig onder (iv) hoër op, is dit duidelik dat 'n geykte prosedure gevolg word.

Priesterskap

By familierites kan ons nie van 'n georganiseerde priesterskap praat nie. Die mees senior, manlike persoon tree by elke offerande op. Hy skakel met die betrokke badimo (Mönnig 1967:61; Erasmus 1970:144). In hierdie verband kan ons die bekende gebedsformule aanvoer uit Casalis: "New gods, entreat the ancient gods for us." (Aangehaal in Erasmus 1970: 125). Hierdie senior persoon op aarde skakel in die eerste instansie met die mees onlangs afgestorwene of jongste van die familie-badimo.

Uiteraard sal patriliniêre en matriliniêre ordening na gelang van hulle belewing in die verskillende etnieë in dergelike priesterskap weerspieël word. By die Sotho het die badimo aan vaders- en moederskant

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

byna gelyke waarde. By die Noord-Sotho en Tswana is veral die geeste van die rakgadi (vader se suster) en malome (moeder se broer) van be= sondere belang. Die malome tree in wanneer die moedergeeste betrokke sou wees. Wat egter nie uit die oog verloor moet word nie is dat die ngaka omtrent by elke offerande optree. (Laer af word verder na die rol van die ngaka verwys).

(vi) Verering en diens in stamverband

Waar die Sotho 'n hiërargiese ordening in sy gesin, familiegroep en stamlewe handhaaf, slaan dit nie slegs op die sosiaal-politieke organi= sasie nie maar ook op die religieuse. Ons het bemerk watter voorrang die senior familiehoof in die aanroeping van die badimo geniet. Dit geld ook die kaptein in sy bevoegdheid binne stamverband. Dit is 'n erflike status. Reyneke verwys na die tradisionele tendens onder die Sotho as hy ten opsigte van die Tswana skrywe: "Die lede van die stam is besonder daarop gesteld dat die oudste seun van die hoofvrou hul kaptein moet wees, veral omdat hy dien as skakel tussen die stam en die afgestorwe kapteins, wat gereken word as die voorvaders van die stam" (1971:87). Hy is bestem om as bemiddelaar op te tree in krisisse van groter omvang soos droogtes. Tewens, die opvolgingspatroon het ook 'n religieuse grondslag. Die stamhoof is die lewende verteenwoordiger van die eintlike herders van die stam, naamlik die voorouers. Wanneer hy sterf, word die stamhoof ook opgeneem in die geledere van die voor= ouers" (Erasmus 1970:52). Die stamhoof is in feite hoof-priester en tree as sodanig op die voorgrond in rites wat die stam as geheel betrek.

Ons kan hierdie stellingname motiveer deur die normale, jaarlikse reën= rites en die buitegewone reënrites vir geval nypende droogtes bykomende handelinge noodsaak. In die onderhawige rites bemerk ons dat die kaptein bygestaan mag word deur 'n ngaka en dat dergelike rites ook besondere verbintenisse met die onpersoonlike supernaturalisme of die magiese daarstel. Voorts let ons daarop dat die reënrites tradisioneel van die lewenskragtigste en mees verspreide rites was sodat ons op grondpatrone binne ons Sothoveld ook variasies moet verwag.

(a) Mönnig beskrywe vir ons 'n normale reënrite soos aangetref onder

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

die Pedi (binne ons Noord-Sothogebied). Ons stip aan: Agter die hut van die kaptein se hoofvrou, is die kleipot met reënmedisyne. Na ruggespraak nader 'n senior raadsman die kaptein om langs die tradisionele weg reën vir die komende pikseisoen te verseker. Die kaptein praat met sy hoofvrou en daar word op 'n reënmaakdag besluit. Jong dogters, vóór hulle die inisiasie deurloop, word aangesê om ge=reed te wees. Die kaptein bestel al die dingaka om hulle dolosstelle te kom raadpleeg ten einde te bepaal of bykomende bestanddele vir die reënmedisyne benodig word. Indien wel, word dit bygevoeg. Die dogters, tradisioneel gekleed, word uitgestuur met kleipotjies na waterbronne in die stamgebied. Hulle skep, keer terug en voeg dit by vermelde voorraad. Nou skep die dogters van die aangevulde reënmedisyne en besprinkel (go foka) daarmee die lande. Hulle keer singend terug. Dit is die reënlied wat hulle sing. In hulle geval vra hulle via sy vrou vir Kgobeane reën. Van Kgobeane - volgens Mönnig - is die Pedi baie vaag bewus. Dit is dus nie 'n duidelike bede om reën tot God nie. So word dit by uitstek 'n ma=giese handeling. Mönnig voeg by dat die bestanddele van die reënmedi=syne sterk herinner aan "sacrificial offerings which seems to indicate that the ritual is connected both with the Supreme Being and with the ancestral spirits" (1967:157). - Erasmus haal in hierdie verband vir Willoughby aan soos volg: 'Bakwena experts assured me that none but the Supreme Spirit can send rain: but that their prayers for rain are addressed to spirits of the ruling dynasty, who intercede for them at the court of One too great to be approached by mortals, and that the smoke from the rainpots is incense which gives efficacy to their prayers' (1970:153). Erasmus se bevinding kom egter ooreen met dié van Mönnig waar hy formuleer: "Die reënritus kan nie van magiese praktyke geskei word nie. Ook is dit nie altyd duidelik van wie die reën verwag word nie, of dit naamlik van Thobega of van Modimo is nie, en of dit wel in die Tswanagemoed 'n uitgemaakte saak is, is ook onseker. Die verwagting is egter dat die voorouers in hierdie geval as tussengangers moet optree en 'n hoër beroep doen namens hulle aardse verwante" (a.w. 153).

(b) Waar die reën nog uitbly nadat 'n normale reënrite uitgevoer is, kry ons onder die Sothogroepe 'n mate van variasie waar buitegewone rites genoodsaak is. By baie van hulle speel 'n swart bul of os 'n rol.

Onder die Bahurutshe boo Manyane waar 'n wykshoofman gewoonlik die kaptein

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

nader om nypende droogte in stambestel te bekamp, moet die hoofman die swart os verskaf. Die rite vind plaas onder 'n bepaalde boom. Daarna moet deelnemers hulle voete was in die medisyne wat ook op die kruispaaie gesprinkel word. Sou die reën nog uitbly, raadpleeg die reën-ngaka (morôka) sy dolosse "and he might ask for a small antelope, called mokahawane, the hair of which he would use to make rain medicine" (Breutz 1953:67). Onder die Barolong boo Rapulana kry ons besondere uitbouinge van die reënkultus. Bodibe (Polfontein) het dan ook bekend= heid onder alle Tswanastamme geniet. Vóór 1872 het 'n deel van die stam in Thaba Nchu gewoon. Ons beskrywe eers die rite soos aldaar uitgevoer.

In Thaba Nchu was die heilige plek waar die ou kapteins gebid het Montshopa en die naam van die grot waarin die reënseremonie plaasgevind het heet Ganonglatau. By 'n volksvergadering is die dag waarop die seremonie plaasvind, bepaal. Die swart os moes deur 'n vrou wat reën kan maak (morôka) op 'n sekere berg gelei word. Die kaptein en die volk gaan saam op die berg maar mag nie praat nie. Terwyl hulle stap, dans die vrou voor die os op 'n manier asof sy 'n baba sus. Sy verdwyn dan in die grot om gepaard met allerlei geraas reën te maak. Die os word in die grot gelei, waar hy verdwyn, maar word nie geslag of geëet nie. As die reënmaker haar seremonies beëindig het, rapporteer sy dit aan die kap= tein en sê vir almal dat hulle na die dorp mag teruggaan maar nie mag praat nie. In 'n potjie kook sy dan 'n reënmedisyne wat rook maak. 'n Ander reënmedisyne word op die lande versprei.

'n Ander komponent in tye van nypende droogte, is die letsholo - wat ons hier aan die orde stel. In hierdie konnotasie is dit 'n soort jagtog of opruimingsveldtog om allerlei voorwerpe wat die aarde verontreinig en weerstand teen die val van reën mede-veroorsaak, te versamel en sere= monieel te verbrand (Erasmus 1970:153).

Blykbaar is die lesokwane-reënrite meer bekend onder die Suid-Sotho as onder die Noord-Sotho en Tswana. Breutz teken dit tog op onder die Bafokeng ba Motlala in die distrik Ventersdorp. In 'n sekere volksfees sou 'n reënembleem (lesôkwane), wat van hout gemaak is en soos 'n stok lyk, nog 'n rol speel (1954:24). Sekese plaas hierdie rite binne breër verband en betrek ook kinderloosheid (1908 RSA 1962:28-31; vgl. ook

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Verslag 1973:562-3).

(c) Variasie onderling

Die volgende onderstreep hoedat allerlei variasie duideliker word:

Lokaliteite of toneel van rites verskil. Sekere "heilige plekke" geniet voorrang vir sodanige rite. Naas die wat reeds genoem is, kan genoem word: Wolhuterskop (Tlhôgôkgolo), waar daar 'n rots is met 'n gat waarin water normaalweg opgaar. Tydens langdurige droogte mag dit opdroog en moet dan ritueel met water gevul word (Breutz 1953: 191). Naby die hospitaal te Saulspoort is 'n koppie, Makakwe, met 'n fontein. Volgens Breutz is die rites, wat daar uitgevoer word, in geheimsinnigheid gehul (1953:275). Sekere bome, soos die blinkblaar wag-'n-bietjie (mokgalo), mag slegs onder sekere omstandighede afgekap word. Nou tref dit dat die rite dikwels by voorbaat onder besondere bome uitgevoer word. Verskil in rolverdeling t.o.v. kaptein en ngaka: Normaalweg skyn dit of die kaptein vir die stam intree. Daar is egter ook die gedagte dat van gespesialiseerde kennis gebruik gemaak kan word. So 'n geval is te Motswedi verantwoord. Lank gelede sou die kaptein iemand gestuur het na 'n ander stam(me) om ingewy te word in die geheime=nisse van reënmaak. By sy terugkoms het hy as reën-ngaka in diens van die kaptein en sy stam gestaan. Hier kry ons 'n faset wat minder alge=meen bekend is en wat óm 'n skaap draai. Nadat die reënmedisyne in die hut aangemaak is, word 'n skaap geneem en van die medisyne oor hom ge=gooi. Daarna word die skaap op die dak getel. Hy skud homself sodat druppels soos reën sprinkel .... (Verslag 1973:429-30).

Dit is uit die voorgaande uiteensetting van die geloof in en diens aan die voorouergeeste duidelik dat die kernelement in die tradisionele godsdiensbeoefening van die Sotho om die verering van voorouergeeste draai. 'n Mens moet dus verwag dat wanneer die essensie van die separa=tiste bewegings aangedui word sommige van die kenmerke van hierdie ver=eringshandelinge daarin aangetref sou word. Die volgende kenmerke sou in die verband in gedagte gehou moet word

(1) Daar bestaan 'n algemene konsensus dat die mens na sy dood as

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

volwassene in 'n geesteswêreld sy lewe voortsit. Daar is slegs een geesteswêreld waarheen almal gaan ongeag die verdienste van hulle optrede op aarde.

(2) Dit is binne die vermoë van hierdie geeste om die lewensge=steldheid van hulle nasate op aarde te beïnvloed.

(3) Die berig dat die geeste van voorsate 'n boodskap wil oordra word deur drome, teenspoed en selfs besetting tot die kennis van die nasate gebring.

(4) Hierna moet die nasate met die hulp van 'n ngaka as waarsegger die inhoud van die boodskap opgeklaar kry. Dit word daarom nood=saaklik om die ngaka se uitspraak oor alle siektetoestande te verkry.

(5) Die lewendes moet deur daaglikse betoning van 'n goeie gesind=heid teenoor die geeste en die handhawing van die voorgeskrewe vermydingsreëls die goeie gesindheid van die geeste behou.

(6) Wanneer dienshandelinge plaasvind, word dit gekenmerk deur self=sugtige gebedshandelinge en offerandes wat in familieverband of stam=verband uitgevoer word. Teenoor familiegeeste is die senior manlike verwant die priester terwyl die stamhoof teenoor die stamgeeste voor=gaan. Albei word bygestaan deur 'n ngaka wat nie net rituele ekspert is nie maar soms as siener en waarsêer eintlik die funksie van 'n profeet verkry.

(7) Daar is dus in die optrede van die ngaka en in die eerbiediging van rituele vermydingsreëls 'n onteenseglike verband met die geloof in magie of die werking van onpersoonlike supernaturalisme.

1.2.2.3 Onpersoonlike Supernaturalisme

Onder 1.2.2.1 het ons reeds aangedui dat die persoonlike en onper=soonlike naturalisme as twee "pole" van dieselfde verskynsel beskou moet word eerder as twee radikaal verskillende soorte bonatuurlike kragte. Algaande het ons in ons beskrywing tot dusver bemerk dat 'n poging tot geskeie ordening telkens op vervlegtheid stuit. Omdat die onpersoonlike supernaturalisme of geloof in towerkrag (die magiese) 'n oorheersende rol in die religieuse lewe van die Sotho - soos ook onder die Suidoos-Bantoe in die algemeen - speel, verdien dit besondere behandeling.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Die kragbegrip

Op sigself is hierdie krag willoos en onpersoonlik van aard. Enige persoon of wese wat die nodige kennis en vaardigheid daartoe besit, kan hierdie krag vir bepaalde doeleindes aanwend (Coertze 1973:250). Sommige persone besit hierdie krag en vaardigheid onbewustelik terwyl daar spesialiste is wat hulle na lang opleiding uitsluitlik hierop toelê.

Goed- en kwaadwillige aanwending van hierdie krag

Aangesien hierdie willose onpersoonlike krag enersyds tot voordeel en andersyds tot nadeel aangewend kan word, word daar tussen die goed- en kwaadwillige aanwending onderskei. Herskovits beweer egter: "Nonliterate peoples are more realistic than we. They recognize neither black nor white, but a series of greys of varying shades" (1949:370).

Onder goedwillige towerkuns word daar tussen die aanwending van tower=krag vir waarsêdoeleindes aan die een kant en vir ander goedwillige doeleindes aan die ander kant onderskei. Die waarsêer kan met behulp van waarseggingsapparaat onder andere toornaars (<u>baloi</u>) uitwys, siekte diagnoseer en die toekoms voorspel. Die aanwending van towerkrag vir goeie doeleindes geskied deur <u>dingaka</u> wat hulle krag hoofsaaklik vir die genesing van siektes, beskerming van gevare en versekering van voorspoed aanwend. In albei gevalle bekom hulle hierdie vermoë deur middel van oorerwing en onderrig. Goedwillige towerkuns word gewoon=lik onder die Sotho <u>bongaka</u> genoem.

Onder kwaadwillige towerkuns wend die kundige, gewoonlik as toornaar bestempel, sy vermoë aan om mense siek of dood te maak, misoeste te veroorsaak, en ander ongeluk op versoek te laat plaasvind. Onder die Sotho word die toornaar <u>moloi</u> genoem en kwaadwillige towerkuns <u>boloi</u>.

Bonatuurlike straf

Hierbenewens glo die Sotho (soos die Suidoos-Bantoe in die algemeen)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aan 'n bonatuurlike straf wat volg op die oortreding van bepaalde verbodsbepalinge of 'n taboe. Dis 'n onpersoonlike bonatuurlike krag wat outomaties losgelaat word ten nadele van 'n persoon of die ge=meenskap. Hierdie aspek is hoër op aangesny waar die Pediwerkwoord go ila genoem en die begrip dikidišwa behandel is (Mönnig 1967:68). 'n Kundige informant maak die stelling: "In die beoefening van die Sotho se geloof, word hulle gelei deur go ilela (te verbied) en nie deur "liefde" nie; soos in die Christelikheid nie." Hy voer dan ter stawing diila aan soos: "Ke moila om groen matgras uit die rivier te gaan sny in die somermaande. As iemand dit doen, waai 'n kwaai storm ...." (Verslag 1973:413). By dergelike oortreding moet die ngaka die probleem bepaal en die handeling voorskryf ten einde harmonie in die werking van die bonatuurlike krag te herstel.

Die omvattende en integrale rol van die ngaka

Tot so 'n twee dekades gelede was gegewens oor geloof in towery by die Sotho nog skraal en onvolledig. Dit is veral Mönnig (1967) wat in sy monografie oor die Pedi ook uitwei oor die magiese en nog meer bepaald Reyneke wat in sy proefskrif: Towery by die Tswana met besondere verwysing na die Kgatla-Bagakgafela (1971) 'n positiewe bydrae gelewer het. Uiteraard gaan ons hieronder 'n swaar gewig aan Reyneke toeken in ons verdere beskrywing. Dit is dan ook hy wat die omvattende in=tegrale rol van die ngaka in die Tswanasamelewing omskrywe. Hy ver=duidelik hoedat die ngaka die adviseur bly "wat nie alleen raad moes gee in tye van nood nie, maar wat die beskikbare middele oordeelkundig moes aanwend om teenspoed af te weer en vir siekte 'n gunstige wending te bewerkstellig ... dat towery (bongaka) by die Tswana deur die eeue heen so "ontwikkel tot 'n hoogs gespesialiseerde beroep .... Vir die Motswana is boloi (toordery) 'n werklikheid en die optrede van die ngaka is vir hom 'n positiewe bekamping van die negatiewe magte wat sy voortbestaan bedreig" (1971:116). Wat Reyneke hier aansny, geld ook vir ons Noord-Sotho en Suid-Sotho.

Soorte dingaka, hulle opleiding en roeping

Ons bereik nie veel deur die soorte dingaka in fyn besonderhede te probeer onderskei nie, omdat die vergelyking in ons studiegebied nie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

deurgetrek kan word nie. Oor die Suid-Sotho het ons behalwe Ashton (1952) weinig literatuur. Tewens, Ashton het reeds aandag geniet waar besetting deur badimo behandel is. Ons volstaan met Reyneke (1971:131-32): Die reën-ngaka (morôkapula), wat deur die stamhoof aangesê word om reën te "berei", het ons reeds elders aan die orde gestel. Die mees algemene is die gewone ngaka wat siektes diagnoseer, teenspoed voorkom deur beskermmiddele te berei, voorsorg tref teen toordery en wat die algemene welvaart moet verseker; insluitende vee en landerye. Die Tswana-ngaka diagnoseer gewoonlik met ditaola/bola (dolosse). Hy word genoem ngaka e e dinaka. In teenstelling tot hom staan die ngaka e tshopya ('poenskop'-ngaka). Laasgenoemde is meer die kruiedokter, wat hom nie in die stryd teen baloi wil begewe nie maar sy kennis van kruie of plante wil gebruik hoofsaaklik om te genees. Vir Reyneke word 'n gespesialiseerde vorm van bongaka deur die sedupe beoefen. Met sy suighoring (motlhogo) suig hy vreemde voorwerpe uit die pasiënt.

Die opleiding van dingaka geskied op selektiewe basis. Daar is sprake van innerlike en uiterlike roeping. Dikwels kom erflike opvolging, gerugsteun deur 'n "opdrag" van een van die familie-badimo, ter sprake. In alle gevalle is daar ook die onontbeerlike opleiding. Hy deurloop 'n leerjongeskap onder 'n praktiserende ngaka. Na gelang van omstandig= hede maak hy sy apparaat en kruie bymekaar en leer deur praktiese ondervinding. By die Tswana bv. kan bongaka nie bloot aangeleer word nie, dit moet ook "ingegee word om te drink" (go nosiwa bongaka). Spesifieke bestanddele in hierdie kragmiddel versterk die geheue, ver= ban vrees en stel die ngaka in durende verbintenis met sy badimo ens. (Reyneke 1971:150). Die roeping mag gepaard gaan met siektegestaltes wat op die oog af ooreenkoms vertoon met "geestesongesteldhede" maar wat 'n voorspel is tot die geroepenheid tot ngaka-skap. Ons let egter daarop dat die aspirant mokoma - wat motheketheke opdoen (Ashton 1952: 283-5) - uitheems is aan die Tswana (Reyneke 1971:117) en selfs by die Suid-Sotho en Pedi nie algemeen voorkom nie.

Dit is te begrype dat waar die ngaka-beroep so gesog is, daar hoë prys op spesialisasie gestel word. Vandaar dat talle van hulle bykomende kursusse by beroemdes deurloop of in eie reg hulle "singuliere gawes" uitlewe.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Diagnosering veral van siekte en teenspoed

Aangesien siekte en teenspoed dikwels nie aan natuurlike oorsake toegeskryf word nie maar aan boloi, is dit wenslik om 'n ngaka in te roep. Die Sotho glo egter dat by uitstek ditaola (dolosse) ter diagnosering tot hulle beskikking gestel is. Hy wat spesialiseer in dolosgooiery is die ngaka; hy kan die diepere duiding ontsyfer al is die dolosgooiery op die keper beskou die spreke van die badimo.

Die maak, krag gee en 'opwek' van ditaola maak 'n besondere deel van die ngaka se opleiding en professie uit. Die wyse van waarsegging deur hierdie tegniek asook die voorkoms van die vier hoofdolosse toon groot ooreenkoms onder die Sotho. Onder die Tswana is die vier as Moremogolo, Jaro, Kgadi en Kgatšane (Reyneke 1971:219; Mönnig 1967:81) bekend.

Die dolosse word 'gewas' sodat hulle in aanraking met die badimo kan kom en hulle mondstuk word. Hulle word 'wakkergemaak' en so gehou sodat hulle te alle tye die badimo se boodskappe kan oordra aan die ngaka. Die valwyses van die dolosse gaan gepaard met argaïese pryseliedere (Reyneke 1971:220).

Mönnig bring 'n belangrike gesigspunt na vore waar hy skrywe: "It is obvious from the manner in which this method of divination is conducted that, although the set forces the discussion into certain channels, the total divination rests largely on the basis of question and answer and on the psychological insight of the diviner" (1967:84).

Die afwering en behandeling van siekte en teenspoed

Dit vorm 'n belangrike komponent in die ngaka se beroep en die lewe en denke van die Sotho in die algemeen. Te meer daar die bonatuurlike vrese vir 'n bepaalde soort kragvermindering die Sotho kondisioneer. 'n Werk wat ons laat erns maak met hierdie Leitmotiv is dié van Tempels: Bantu Philosophie (1956). In die spektrum wat Reyneke daarstel, bemerk ons hoedat, naas bloot organiese kwale, daar ook uitsuiging van sejeso ("vreter") en vernietiging van hierdie bonatuurlik veroorsaakte sejeso

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is asook die behandeling van 'n getoorde kranke en leswalo of voor=spoed. Dit is dus duidelik dat die ngaka oor meer dan lekekennis van kwale en die tradisionele medikasie daarvoor beskik. Daarby - en dit is ruim so belangrik in dergelike bestel - is kennis van buitegewone behandeling en preparate ook belangrik.

Kragmiddele en hulle bestanddele

Dit is logies dat buitegewone aanvegtinge van liggaam en gees buitegewone kragmiddele (dipheko) vereis. Reyneke som onder meer oor hierdie aspek op: "In die Tswana bongaka (towerpraktyk) is die moitsenape of ngaka as kenner van geheimenisse, daarvan bewus dat hy nie suksesvol sal wees in sy behandeling van negatiewe magte, indien hy nie ook beskik oor die 'kragtigste' middele vir die bekamping van toordery nie, asook vir die tref van die nodige voorsorgmaatreëls daarteen. Hy moet die groot verskeidenheid van beskikbare middele oordeelkundig aanwend na gelang van die besondere omstandighede en op so 'n wyse dat hy vir elke spesifieke geval die regte pheko (krag=middel) afsonderlik en in kombinasie sal kan gebruik. Plante ... is hier van groot belang, maar insekte, reptiele, voëls en ander diere is nog kragtiger dipheko, en die mens is die sterkste van almal" (1971:343). In al sy verantwoorde voorbeelde vind die navorser dat die mense - in hierdie geval die Tswana - uitgaan van die oortuiging dat 'n onderskeie, kenmerkende "eienskap" oorgedra kan word, mits 'n mens weet hoe. Weliswaar is daar natuurlik-aanklewende eienskappe by honderde inheemse plante wat die ngaka proefondervindelik uitgetoets het en voorskryf met goeie gevolg. Sy "wetenskap" en "praktyk" sluit bv. ook in: "Die krokodil is 'n koel dier omdat hy altyd in die koel waterkuile 'n heerlike bestaan voer. Daardie gesogte "koelheid" wil die ngaka self hê as goeie 'geneesheer' met 'koel hande' en hy wil ook bv. 'n pasiënt met hoë koors, of 'n vrou wat in kraam is, afkoel. Hier=voor gebruik hy die krokodil se pensvel, of ook dié van 'n waterlikke=waan of paling" (a.w. 345).

Soort toornaars (baloi) en gedienstiges

Die aanwending van boloi ten kwade kan deur enige ngaka gedoen word

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



deur medisyne vir 'n kwade doel te verskaf. So iemand is 'n moloi. Hy/sy wend boloi bewustelik aan om kwaad te berokken. Tradisioneel is so iemand deur 'n godsoordeel uitgewys bv. deur die arm in kook=water te steek, of met die gifbeker uitgeken (Mönnig 1967:94). Dan is daar ook diegene wat boloi beoefen deur 'n aangebore vermoë. Blyk=baar is die posisie soos Mönnig dit onder die Pedi omlyn nie verteen=woordigend by die Sotho nie. Die tersaaklike gegewens betrek dag -boloi en nag -boloi. Alhoewel daar nie duidelik onderskei kan word nie, is diegene soos hierbo wat boloi willens en wetens aanwend dag -baloi. Die kensketsing van nag -baloi is nie so eenlynig nie. "Witches of the night are generally held to have an inherited ability to evil without the use of spells or application of medicines .... Night-witches are born with an inherent quality of heat. They have a compulsion to do evil which need not actively be activated by jealousy or hatred .... Most night-witches are women, and witchcraft seems to be usually transmitted unilineally from mother to daughter ...." (a.w. 72).

Mönnig wei uit hoe dergelike nag-baloi van gedienstiges gebruik maak. Dit wil lyk of daar twee soorte gedienstiges is: dithuri en dithongwa. "One may conclude that dithuri are familiars made from dead things, while living things are trained as dithongwa." Een van die dithuri staan bekend as Tholwane. Hy is bekom deur "grafskending" (a.w. 72-3). Dithongwa is verskillende soorte diere wat deur baloi makgemaak is en geleer is om hulle aanwysings uit te voer. "They are particularly the baboon, skunk, wild cat, dog, snake, owl and bat .... or they can change live people into such animals." Nag-baloi kan ook verander in een van hulle gedienstiges en kan bv. vlieg en jou ontvoer .... (a.w. 74-5). Die mees bekende gedienstige is blykbaar Tikoloshe. Dit kan ons ook aflei uit Reyneke (1971:270-72). Oor sy voorkoms soos die van 'n klein, harige mannetjie/bobbejaan, sy seksuele perversie en bemoeisug, bestaan daar ooreenstemmende gelowe; getuie hiervan is Ashton (Suid-Sotho) en Reyneke, wat naas Tswana ook uit Zoeloe getuienis aanvoer.

Dit is duidelik dat die geloof in en aanwending van onpersoonlike bonatuurlike krag 'n tweede oorheersende kenmerk van die tradisionele godsdienspatroon verteenwoordig. Dit kan dus verwag word dat die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kenmerke daarvan in die handelinge by separatistegroepe teruggevind mag word. Die tipiese uitingsvorm van hierdie geloof in en aanwending van towery by die Sotho sluit die volgende sake in:

(1) Die geloof in die bestaan van 'n onpersoonlike bonatuurlike krag wat deur die kundige vir 'n goeie of vir 'n slegte doel aangewend sou kon word. Onder aanwending ten goede geld waarseggingsprosedures maar veral die genesing van siektes en beskermingsrites teen die bo=natuurlike gevare wat 'n mens en sy woning bedreig.

(2) Diegene wat towerkrag manipuleer word gewoonlik tot die beroep deur besondere droomervaringe of opdragte van hulle badimo geroep. Hierna moet die geroepe ngaka 'n langdurige opleidingsperiode by 'n praktiserende kundige ondergaan.

(3) Die medisyne wat gebruik word, word gelaai met die kragkwaliteite van plante en diere (volgens hulle aard) en werk in elke geval primêr langs bonatuurlike weg.

(4) Diegene wat towerkrag ten kwade aanwend, gebruik naas soortgelyke kragmedisyne ook gedienstiges wat hulle kwade opset aan slagoffers kan voltrek. So 'n persoon was vroeër slegs met die dood of verbanning strafbaar.

## 1.3 RELEVANTE LITERATUUR

By die beoordeling van die verskynsel van separatisme onder die Sotho binne die teoretiese verband van die proses van akkulturasie, is dit te begrype dat daar aan veral drie terreine in die gangbare vakliteratuur aandag gegee sal moet word.

Ten eerste is daar die aanduiding van die draagwydte en die gevarieerd=heid van die begrip akkulturasie uit die algemene volkekundige werke.

Ten tweede moet aandag gegee word aan die variasie in die beeld van separatisme met besondere verwysing na Afrika.

Ten derde is daar 'n wye reeks publikasies wat aan die separatisme onder die Swartes in die RSA sowel op die platteland as in die stad

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aandag gee.

Die belangrikste werke wat vormgewend op die studie ingewerk het, kom hierna, vergesél van kritiek, aan die orde.

1.3.1 Algemeen

1.3.1.1 Volkekundige werke - wat veral die gang van akkulturasie verduidelik.

1.3.1.1.1 Man and his Works (3rd Printing, 1949b) - M.J. Herskovits

Hy bou sy boek óm "the concept of culture because .... I believe it is the concept which gives the discipline as a whole its orientation" p.x). Sy boek beweeg van die wese van kultuur tot 'n betragting van die prosesse wat kulturele verandering beheer. Hy bepleit dit dat daar in die Volkekunde 'n eenheidsbenadering nagestrewe word.

Ons herinner daaraan dat Herskovits saam gewerk het met Redfield en Linton aan die Memorandum, soos gepubliseer in 1935, vir die studie van akkulturasie. In Man and his Works, hfst. 31 verwys hy pertinent daarna (p.523). Dit gaan in hierdie hoofstuk meer bepaald oor akkul= turasie en hy dui aan hoedat wysiging op die oorspronklike definisie aan die hand gedoen is. Herskovits se saamgetrokke definisie van akkulturasie as cultural transmission in process (p.525) is van waarde. In hierdie hoofstuk toon Herskovits dat hy hom besig gehou het, prakties sowel as teoreties, met akkulturatiewe problematiek. Hy kritiseer Malinowski onder andere oor sy "essentially anti-historical point of view of the functionalist theory, derived as it was from field-work in a single, small relatively static South Seas culture" (p.528). Tereg meen hy dat Malinowski nie gewig toeken aan wedersydse beïn= vloeding waar dit gaan oor die sterk aanslag van die Westerse kultuur op die kulture van Afrika nie. In sy oorreaksie op Mühlmann se een boek in 1938 en wel in sy hoofwerk (1949b) vertoon Herskovits minder stewig. Op grond van Mühlmann se "Ungleichheit an Zivilisatorischer Fülle" sou primigene etnieë onder druk van die Westerse beskawing insinking op kulturele gebied kon vertoon. Hierdie strekking "would

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



seem to be a kind of translation, in the sphere of culture, of the Nazi doctrine of racial superiority" (p.528).

Vir ons doel gaan dit egter nie oor 'n waardebepaling van Herskovits in die algemeen nie. Dit is veral hfst. 37 wat vir ons 'n aanvoeling gegee het vir kultuurgestaltes en wat gebeur wanneer akkulturatiewe situasies onstaan.

In hfst. 37 word "the concepts of the nature, forms and functioning of culture", soos in vorige hoofstukke voorgedra, saamgevat en wel "to present a theory of culture that has formed the basis of our dis=cussions." In agt stellings wil hy kernagtig formuleer wat hy daarna onderskeidelik belig en weeg: "1. Culture is learned; 2. Culture derives from the biological, environmental, psychological, and his=torical components of human existence; 3. Culture is structured; 4. Culture is divided into aspects; 5. Culture is dinamic; 6. Culture is variable; 7. Culture exhibits regularities that permit its analysis by the methods of science; 8. Culture is the instrument whereby the individual adjusts to his total setting, and gains the means for creative expression" (p.625). - Ons het hierin 'n soort verwysingsraamwerk op 'n vroeë stadium gevind wat bevrugtend ingewerk het op ons metodologiese benadering in die sin dat die separa=tisme 'n veelheid komponente in sy samestelling mag inhou en uit ver=skillende gesigshoeke bestudeer behoort te word.

1.3.1.1.2 <u>An Introduction to Anthropology</u> (3rd ed. 1965) - Beals & Hoijer

Dié handboek het twee dominante temas, t.w., die mens as biologiese organisme en kultuur in sy diversiteit (p.v.). Die werk is vanuit 'n bepaalde funksionele standpunt geskrywe. Daar word betoog dat alhoewel hulle minder klem op die kulturele geskiedenis laat val, 'n aanvoeling vir die historiese diepte van kultuur nie links gelaat kan word nie (p.vi.). In hfst. 9 omlyn hulle die begrip kultuur voorlopig ten einde die verskynsel in besonderhede te betrag. Daarin word o.a. genoem: "Separate cultures represent special instances of accumulated and learned ways of behaving" (p.287). In tyd en ruimte is kultuur as

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sambreelbegrip dus slegs in sovele gestaltes waarneembaar.

Een van die aspekte wat die skrywers dan afsonderlik gaan behandel is religie (hfst. 18). Hulle definieer: "Religion: the patterns of behaving relative to man's relation to unknown forces and the resultant systems of belief and ritual in respect to such forces" (p.288). Hulle huldig die standpunt dat namate die mens wetenskap=lik en tegnologies vorder, religie al meer en meer verplaas sal word (vgl. p.587). Hiermee kan ons nie akkoord gaan nie. Wat egter veral waarde het, is die opsomming van religie op p.600-2 waaruit ons 'n paar trekke aandui: (i) Die mana-begrip - "the belief in impersonal supernatural power." (ii) "Personalized supernaturals" waar die een die ander nie onderling uitsluit nie. (iii) Towertegnieke sowel in formele religieuse aktiwiteite as buite dergelike handelinge. (iv) Wêreldwyd word geglo dat sekere individue meer effektief as ander is "in establishing contact with supernatural powers." (v) Religieuse geleenthede "are also social functions, which help to develop social cohesion and group solidarity. The individual participant in such occasions experience a variety of emotional satisfactions not the least of which is in his more complete identi=fication with the group and the consequent enhancement of his own security." (p.602).

Wat hfst. 23 betref, was dit insonderheid afdeling 1, "The problem of Acculturation", wat vir ons die gang van akkulturasie help belig het. In akkulturatiewe sametreffing is daar veranderlikes ("variables"), soos verskil tussen die betrokke kulture en intensiteit van kontak. Dit werk deels in op die prosesse wat mag ontstaan. Hierdie prosesse kan ook gelyktydig verloop. Hulle noem 'n sestal: "Substitutive , Additive , Syncretic , Deculturative , Originative" en "Rejective". Dergelike prosesse - so voer hulle aan - "Occur also in response to inventions, changes, and innovations occurring internally as well as those result=ing from contact with another culture. They are markedly operative in Western industrial and urbanizing societies." In samehang met "variables" en die betrokke prosesse, is daar verskillende soorte eindresultate. 'n Viertal word genoem: "Merger or assimilation , Incorporation , Extinction", en "Adaptation" (p.737).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Beals en Hoijer beklemtoon ook dat akkulturasie verandering in persoonlikheid en rolverdeling kan bewerkstellig. Westerse medi= syne kan daartoe lei dat die rol van die ngaka in die etnos verander. Ten opsigte van persoonlikheid vra hulle: wat word bedoel deur meer of minder geakkultureerde persone?

Die oorsig van die skrywers, word afgesluit met 'n belangrike ge= volgtrekking: " ... As acculturation studies progress, they reveal with increasing clarity the extreme complexity of cultural change. Even relatively small modifications, particularly when introduced under pressure, may have far-reaching effects on a society and its culture and may often give rise to profound psychological conflicts or enforce major reorientations of ideas and values. Not infrequently, acculturative processes result in considerable social disturbances and individual psychological maladjustments, which may be reflected in large-scale messianic religious movements, increases in antisocial behavior, and in much individual neurotic behavior. In extreme cases, whole societies may withdraw entirely, rejecting all innovations as necessarily evil" (p.741).

1.3.1.1.3 Acculturation in seven American Indian Tribes, 1940 - R. Linton (ed.)

In hierdie werk toon die rigtinggewende skematiek 'n sterk etnografiese basis. Dit hou weliswaar verband met die Memorandum waaraan Linton meegewerk het. Dit is egter afgestem op 'n bepaalde studieprojek en geen oordruk nie. Die onderskeie, kundige navorsers, wat onafhanklik gewerk het, skilder 'n sewetal kultuurgestaltes in akkulturatiewe be= stel met sinvolle onderskeidinge ten opsigte van stadia in verandering as gevolg van druk of weerstand daarteen. Hulle daarstelling dui daar= op dat akkulturasie nie juis in 'n keurslyf gedwing kan word nie. Elke geval hou iets uniek in.

Hier is sovele skakeringe eerder as strenge groepering aan die orde; 'n spektrum eerder as streng afbakening.

Die studie toon dat die verskynsel onder andere veranker is in bodem=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

gesteldheid, ekologie, maar veral in eiendomlike kultuurgestaltes met sy sterk geestelike inslag.

Die boek is toepaslik in ons opset omdat die sewe monsteropnames binne die kader van verwante etniese groepe, vir sover hulle Rooihuide (Indiane) is, gemaak is. Verder is die werk betroubaar omdat Linton wil waak teen gevolgtrekkinge wat op gebrekkige oorsig berus weens onvoldoende veldwerk

1.3.1.1.4 P.J. Coertze se werke word onder hierdie algemene rubriek insonderheid vermeld. Sowel vir oorhoofse benadering as vir akkul= turasie met toespitsing op toestande in die RSA, het hy bydraes van hoë gehalte gelewer. Die volgende het vir ons bepaalde relevansie:

(i) Inleiding tot die Algemene Volkekunde - P.J. Coertze (red.) Ons het reeds in afdeling 1.1.2 op hierdie boek teruggegryp ter alge= mene kensketsing van die Tradisionele Religie.

(ii) Sy bydrae "Ras en Kultuur" in Hertzog-Annale, jg. 7, no.11, 1958. Van Coertze se drie slotbevindinge haal ons die tweede aan en die derde gedeeltelik: "(2) Aangesien kultuur 'n filter vorm in die proses van aanpassing aan die omgewing en daarnaas tegelykertyd 'n omgewingsfaktor is wat selektiewe uitwerkinge het, moet dit 'n be= langrike rol gespeel het in rassevorming, veral onder primitiewe omstandighede waar die nodige voorwaardes vir so 'n proses voorhande was. (3) ...Laat ons volstaan met die finale gevolgtrekking dat kultuur eerder ras bepaal as wat rasse-eienskappe kultuur bepaal, en verder dat sekere rasse-eienskappe kultuurgebonde is en dat snelle kultuurveranderinge tot op sekere hoogte spanninge veroorsaak wat ook 'n erfbiologiese grondslag kan hê" (p.56).

(iii) P.J. Coertze se bydrae "Akkulturasie" in Kultuurbeïnvloeding tussen Blankes en Bantoes 1968 - G. Cronjé (red.). Hierdie daar= stelling het ons gewaarsku dat aan die wortel van die separatisme 'n verstrengelde veroorsaking mag blootgelê word. Coertze beweer immers onder andere in hierdie verband: "dat kultuuroordrag en oorname nie 'n eenvoudige proses is nie, maar 'n intens komplekse saak, wat onder

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

bepaalde omstandighede die diepste dieptes van die menslike persoon=likheid kan aantas en sowel hom as die gemeenskap waaraan hy behoort, in 'n staat van onewewigtigheid en ongeluk kan dompel" (1968:33).

(iv) Filosofiese en metodologiese grondslae van die Volkekunde 1980
Waar dit Coertze beskore was om vir meer as 'n halfeeu die Volkekunde as vakrigting met onderskeiding te beoefen, daar lewer hy hier fyn en bondig een van die suiwerste geheelsieninge van die dissipline Volke=kunde. Dit is vir ons nie moontlik om te spesifiseer waar hierdie werk presies in die korpus van ons geskrif stimulerend ingewerk het nie. - Ons het reeds in afdeling 1 van hierdie hoofstuk na hierdie boek verwys en sal telkens dit in berekening moet bring. Dit is slegs nodig om te verwys na 'n paar hoofstukopskrifte om die ver=band met ons problematiek te illustreer: mens en omgewing; menslike aanpassing; etnieë, en etnogenese (waar akkulturasie en die oorname van 'n nuwe religie onder meer op p.102-5 ter sprake kom).

1.3.1.1.5 Opmerking

Dit word duidelik dat uit literatuur - waarvan 'n paar voorbeelde hierbo voorgehou is - 'n verwysingsraamwerk vir 'n volkekundige studie soos die onderhawige in breë trekke voorhande is. Vir ons doel meer bepaald die akkulturasieverskynsel en die verloop daarvan.

1.3.2 Oor separatisme

1.3.2.1 Algemeen - werke waarin die verskynsel separatisme veral buite die RSA behandel word.

1.3.2.1.1 Chiliasmus und Nativismus.1961a - W E Mühlmann

Na hierdie volkekundige van wêreldformaat is reeds in afdeling 1 van die hoofstuk verwys. Sy metodologiese aanpak het ons beïndruk in die sin dat 'n mens in bepaalde gebiede etnografiese navorsing moet doen en op hierdie ingewonne gegewens as basis algemene bevindinge moet beredeneer en formuleer. Sy boek val dan ook uiteen in 'n "Regionaler Teil" en 'n "Vergleichener Teil". In die eerste deel neem hy ook 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bydrae op van Knoob wat etnologiese aspekte van religieuse bewegings in Suidelike Afrika belig en kon put uit sendingervaring in Transvaal.

Belangrike gesigspunte in hierdie boek stem ooreen met 'n meer resente werk van Mühlmann, getitel Rassen, Ethnien, Kulturen. In die twee boeke lê hy klem daarop dat 'n beskrywing van afsonderlike bewegings altyd sowel staties as dinamies moet geskied. Daar is behoefte aan beskrywings waarin "Verlaufskurven" uitgebeeld word. Hierdie be= wegings is nie kuriositeite nie. Ons moet weet wat in mense binne dergelike groepvorming aangaan, wat hulle glo en voel en hoe hulle waarskynlik môre gaan reageer. Die moderne nativistiese bewegings is van belang omdat tendense daarin blootgelê word wat saamhang met selfstandigheids verkryging.

Prikkelend vir ons studie is ook waar Mühlmann uit 'n wye verwysings= veld aantoon dat bewegings irenies mag begin dog nie noodwendig enduit vreedsaam bly nie. 'n Ewewigtiger siening op akkulturatiewe samestuwing sal ons waaksaam maak teen oorvereenvoudiging van voorspellinge. Waar ons dan in 'n bepaalde bestel 'n aantal bewegings meer bepaald beskrywe, sal ons onder meer moet antwoord of hulle meer rewolusionêr geword het. - Mühlmann gooi 'n ware klip in die bos waar hy beweer: "Wir haben geglaubt, Kultur und Christentum zu vermitteln; in Wirklichkeit haben wir die Revolution exportiert ...." (1964:367).

1.3.2.1.2 Messianic Popular Movements in the Lower Congo, 1958 - E. Andersson

Hierdie werk is toepaslik ten opsigte van ons onderwerp en wel om die volgende oorweginge:

(i) Perspektief. Alhoewel Andersson se toespitsing op die Laer-Kongo is, toon hy ook aan dat messiaanse bewegings 'n wêreldverskyn= sel is.
(ii) Andersson - Sundkler - Martin. 'n Dosent, Lagercrantz, en prof. Bengt Sundkler - albei destyds verbonde aan die Universiteit van Uppsala - inspireer vir Andersson om hierdie werk te volvoer. 'n Mens vind dan ook dat hierdie werk verwantskap vertoon aan Sundkler se boek:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bantu Prophets in South Africa. - Verder was M.L. Martin in haar teologies-georiënteerde proefskrif oor messiaanse bewegings met besondere verwysing na Suidelike Afrika sterk aangewese op sowel Andersson as Sundkler.

(iii) Andersson se etnologies-sosiologiese benadering. Hierdie opset kom duidelik na vore in hfst. 11, 12 en 13. Tewens, waar hfst. 11 die brandpunt van sy werk is, dra dit die opskrif: "The Messianic Move= ment as an ethnological sociological problem". 'n Mens sou 'n sterk saak kon uitmaak dat hy in sy tipering nie reg laat geskied nie aan 'n sterk Sendingwetenskaplike benadering wat sy boek mede kenskets.

(iv) Van besondere relevansie vir ons studie, is die volgende:

(a) Omlyning van die begrippe profeet, priester en messias. Daar sou verskil bestaan tussen private en profetiese inspirasie. Private inspirasie is meer verligting van die subjek se eie bewussyn; profetiese inspirasie word deurgaans aangevul deur 'n roepingsopenbaring. Die profeet is 'n geestelike leier wat 'n bepaalde taak trag te vervul. Hy is baanbreker wat sy geslag uit sy apatie ontruk. Sou ons profete indeel in shamane en etiese profete, is die Swart ("African") profeet eerder shamaan. Soos die profeet is die priester ook 'n "lewegewer", maar hy is primêr 'n administrateur wat die institusionêre lewe van sy kerk organiseer deur middel van tradisie en ritueel. Wat die begrip messias betref, is 'n dergelike leier iemand wat in 'n sin uitstyg bó die gewone vlak van profeet of priester. In etlike kultuurgebiede promoveer hulle daartoe deurdat hulle in 'n mitiese sfeer as 'n "culture hero" opgevang word om wonderbaarlik te verskyn en hulle volgelinge te lei tot 'n aardse paradys. Die drie onderhawige begrippe kan in die praktyk nie streng onderskeidend op leiers toegepas word nie. Vandaar dat profete gewoonlik slaan op al drie begrippe in verbandhoudende literatuur.

(b) Andersson se analise van die verskynsel se oorsake-kompleks. Andersson betoog op grond van sy veldwerk en studie dat messianisme na sy veroorsaking nie oorvereenvoudig moet word nie. Hy gaan akkoord met skrywers soos Bastide en Leonard dat die soort verskynsel te make het met twee botsende kulture en wel veral waar die betrokke kulture

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



op verskillende vlakke verkeer. Hierdie sametreffing kry 'n mens waar die Westerse kultuur en 'n primigene kultuur ontmoet. Andersson verskil egter van hulle as hy aandui dat hierdie messianisme/profetisme nie deurgaans drie elemente benodig nie, nl. die "filosofie van 'n paria - etnos/groep" (p.258); die heurt - 'n Franse woord vir botsing/vuis=slag/skok - van die beskawing; en die kultuurheld-("culture hero") verwagting. Hy betoog dat die verskynsel ook aangetref word waar die kultuurheld-kompleks nie inheems aan die etniese kultuur is nie. Dit kom spontaan tot uiting kragtens gisting in eie geledere. (Waar Anders=son egter in hierdie verband beweer dat die profetes Mantshupa - welbekend onder die Suid-Sotho van die RSA - deurgaans geen verbintenis met die Christelike sending gehad het nie, is dit onjuis. (Vgl. Tylden 1950:46).

Andersson kan ook nie skrywers gelyk gee wat beweer dat, naas bogenoemde drie elemente, ook 'n vierde moet bykom naamlik 'n kersteningsbestel waar=in die Protestantisme botoon voer nie. Hulle drywe die Protestantse Kerk- en Individualistiese Saligheidsbegrip op die spits. Aan die ander kant betoog hy dat daar wel, meer bepaald uit sendingkundige be=nadering, leemtes voorkom. Hier ontleen hy veral uit Westman. Hy haal aan: "Preaching and teaching must have the same central Christian trend. Or negatively expressed: one must avoid the perils of syncretism and secularism" (p.267). Die innerlike eenheid met die lewe van die volk is nie bewerkstellig nie en so is sinkretisme nie vermy nie. Volgens Andersson "it is precisely syncretism that flourishes in the pan-African sects, the prophet movement and the messianic movements" (p.267). Skrywer beweer dat selfs by bekeerlinge tot die Christendom die voor=ouergeloof nie vernietig is nie maar gedegradeer is en afsink in die onderbewuste. "There it still preserves a strong tendency to actualize itself again to the waking consciousness. Especially in states of frailty in the new religious life do the old religious elements tend to come to the fore. This procedure is probably facilitated during the collective excitement that is often manifested in these religious mass movements, and not least in the ecstatic states" (p.267). Tewens, normaalweg speel 'n emosiebelaaide opset 'n wesenlike rol in dergelike bewegings, en hiervoor is daar gewoonlik nie volgens hulle aanvoeling genoeg speelruimte in die meeste denominasies soos geskoei op Westerse

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



patroon nie. Daarby kom dat ekstatiese toestande deur hulle in noue verband met werkinge van die Heilige Gees gebring word.

1.3.2.1.3 <u>African Independent Church Movements</u>, 1963 - V.E.W. Hayward (ed.)

Hierdie navorsingsbrosjure (No. 11 van die Wêreldraad van Kerke se "Commission on World Mission and Evangelism") was van waarde meer bepaald omdat dit 'n byderwetse tipering wou bied van die verskynsel "in all parts of sub-Saharan Africa" op streekbasis (p.70). Die volgende was vir ons doel van belang:

(a) In sy inleiding verwys Hayward na H.W. Turner se sketsmatige voorstelling (vgl. p.59): 'n Konsepskematiek wat eintlik op die Mindolokonferensie in 1962 as 'n tentatiewe klassifikasie en nomenklatuur van hedendaagse "African religious groups" bejeën is. Hierdie voorstel=ling dui daarop dat op 'n sekere vlak Kerke 'n tweedeling uitmaak: "Independent African Churches" en "Older African Churches". Uit laas=genoemde mag "Secessions and Prophet Movements" eersgenoemde kategorie versterk. Met verloop van tyd kan die "Independent African Churches"op hul beurt weer 'n tweedeling openbaar. Hulle word onderskei as "Zionist or Aladura Churches (Emphasis on the Holy Spirit)" en "Ethiopian Churches (Emphasis on Independence)". Albei kategorieë vertoon weer op hulle beurt verskillende beklemtoninge: Die "Zionist" /"Aladura": "Messianic Groups"; "Revelation Emphasis"; en "Healing Emphasis". Die "Ethiopian Churches" sou dan in eie geleding uiteenval in "Left Wing" en "Right Wing". En hierdie "Zionist" met sy beklem=toninge mag neig tot teruggryping na "Traditionalist" en "Syncretist" – in feite 'n tweedeling uit "Neo-Pagan" wat op Vlak I voorkom as 'n alge=mene kategorie van religieuse aard naas "Islamic", "Hebraist" en "Christian".

Hierdie sketsmatige voorstelling hou dus meer in as 'n blote genealo=giese beskrywing.


(b) In die slotafdeling kry ons 'n konsensus wat uiteraard oor die skets uitwei. Aksente in hulle stellingname wat ons aandag verdien, is soos volg: i Die feit dat bewegings opgebou word óm 'n beson=dere persoon en uitloop op 'n krisis "on the death of their leader" (p.73);

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Classification and Nomenclature of Modern African Religious Groups
(Prepared by H.W. Turner)




ii Voorouerkultusse; iii Genesing in die bewegings lê klem op "the reality of the spiritual world, the basic unity of man, and the pro= found inter-relationship of religion and healing, in a way which has met the previously unsatisfied needs of many African Christians" (p.75).

(c) Die bibliografie soos hoofsaaklik saamgestel deur H.W. Turner ag ons van besondere waarde vir iemand wat die separatisme bestudeer, te meer, daar in 'n nota verder verwys word na werke waar meer besonderhede oor "local biographies" voorhande is. Ook word verwys na navorsing wat op dreef is.

1.3.2.2 Oor die separatisme in die RSA
- werke wat meer bepaald die verskynsel op grond van RSA -toestande aansny (die konnotasie RSA sluit vir hierdie doel Lesotho, Transkei en Bophuthatswana in).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

1.3.2.2.1 South African Native Affairs Commission 1903-5 - bekend as die Lagden -verslag

Die verslag is ter sake omdat in Vol. 1 par.319-21 "The Church Separatist Movement" aan die orde gestel word. Dit is destyds ook genoem die "Ethiopian Movement". Die kommissie formuleer 'n vyfledige besluit. Die vierde is in 'n sin opsommend: "That, reviewing these resolutions, the Commission would not advise any measure of legislative repression, unless unforeseen developments render it necessary, considering that effort should rather be directed towards securing efficient constitu= tional control and organisation in order that the influence at work may be wisely directed, and any individual cases in which pastors abuse the trust reposed in them, may be amenable to authoritative discipline. To this end the Commission would deprecate the recognition of detached secessionary fragments acknowledging no efficient central authority."

Vanselfsprekend het hierdie advies in daardie bestel gelei tot beleids= bepaling. In die lig van die eskalasie in aanhoriges en afsonderlike bewegings en die feit dat die beleid teen 1963 tot 'n "Meriete"-beleid verander is, was daardie beheer nie juis geslaagd nie (vgl. vir verdere besonderhede hfst.2). In ons studie beredeneer ons nie die verhouding Staat tot Kerk nie. Tentatief wys ons egter daarop dat hierdie bewegings hulle juis daarop beroep dat hulle kérke is; en gevolglik in die RSA op godsdiensvryheid aanspraak maak.

Die Lagden-verslag bly egter 'n kernbron vir ons doel. Die kommissie het onbevange, deeglike werk gedoen. Waar separatisme aan die begin van die eeu 'n sekere politieke klem vertoon, sal ons moet oordeel of dit ook in ons studiebestel hierdie komponent in sinvolle verhouding in sy korpus bly inbou.

1.3.2.2.2 Die Separatistiese kerklike Beweging onder die Bantu van Suid-Afrika, 1938 - C.M. van Antwerp

Dit is die eerste proefskrif oor ons onderwerp in RSA -verband. Van Antwerp was slegs 'n paar jaar sendeling op Tweeling in die Vrystaat. Hy lê hom veral toe op Sielkunde. Sy proefskrif word sterk beïnvloed

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



deur onderhoudvoering met kundiges soos G.B.A. Gerdener en J.C. du Plessis. Van Antwerp bou nie sy proefskrif uit op selfstandige veld=werk nie. Hy lê hom toe op literatuurstudie. Alhoewel hy nie vanuit die Departement Sielkunde aan die Universiteit van Kaapstad promoveer nie, is sy voorliefde vir hierdie vak dominant in sy benadering en bevindinge. Naas 'n historiese relaas, was dit by uitstek sy klem op die persoonlikheidsaspek, die ontketening van individualisme in die Suid-Afrikaanse kerstenings-en selfstandigheidstrewe, wat ons studie op een of ander wyse bevrug het.

1.3.2.2.3 Recent developments in dhe South African Mission Field, 1959 - G.B.A. Gerdener

Alhoewel hierdie werk nie die separatisme as hoofonderwerp het nie, is dit wenslik om dit hier te betrek. Gerdener is versoek om J. du Plessis sy standaardwerk The history of Christian Missions in South Africa tot op datum te bring. In hierdie boek maak hy 'n belangrike stelling waar hy beweer dat in die verloop "Mission to Church" daar op die Suid-Afrikaanse veld drie neigings skyn te wees, te wete: "The Churches that step out into autonomy"; ... "Those that wander off into independence and isolation"; ... "Those that splinter off into separation" (p.147). Aan laasgenoemde wy Gerdener 'n aparte hoofstuk (p.188-206). Kerkgeskiedkundige soos hy by uitstek was, vind ons hier 'n voëlvlug-kyk wat meer inhou as 'n blote ordening van feite. Dit klem te meer omdat hy kon teruggryp op sy eie proefskrif oor: Die Ursachen der Sektiererei im Reformationszeitalter. Aan Gerdener is ons veel verskuldig. Hy het inspireer ten opsigte van die metodologie, die inhoudelike en die interpretasie.

1.3.2.2.4 Bantu Prophets in South Africa, 1961 - B.G.M. Sundkler (2nd ed.)

Tot dusver is Sundkler se werk nie slegs die bekendste in die RSA nie maar strek sy invloed ver oor hierdie grense. Sy navorsing doen hy veral onder die Zoeloesprekendes in Natal. In sy voorwoord tot die tweede uitgawe (1961) dui hy aan hoedat sy navorsing nou ook Swaziland insluit. Sundkler werk nie die 1961-uitgawe om nie maar voeg aan die einde "Developments 1945-60" by.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit is duidelik dat Sundkler nie 'n blote verlengstuk bied nie. Dit blyk reeds uit 'n lesing in 1958 gelewer op die jaarvergadering van die Institute for Social Research, Universiteit van Natal, oor "The Concept of Christianity in the African Independent Churches". Tot sy tweedeling soos gehandhaaf in 1948, naamlik "Ethiopian" en "Zionist" voeg hy 'n derde by: "Messianic". Die verskil tussen "Zionist" en "Messianic" hang saam met 'n antwoord op die vraag: "Who stands at the Gate? (esangweni). Is it Jesus Christ of the Scriptures, or is it the Bantu Messiah in the person of ...." (Instituut se Seminar Programme 1958, p.2 - geroneo).

Sundkler verwys in sy werk na twee temas wat onderling verband het, nl. "Apartheid" en die "Natives Land Act of 1913". Hy wil nie dat sy konnotasie van "Apartheid" oorvereenvoudig word nie. 'n Mens moet hom nie blindstaar op die groot verandering op politieke terrein in Suid-Afrika sedert 1948 nie. Vanuit die standpunt "of the particular religious groups analysed in this study" is die ver=andering nie so "sudden or as drastic as it does appear from the account of other observers" nie. Die "Separate Churches" kon die nuwe bestel benader "from the standpoint of apartheid already arrived at rather than apartheid enforced. In order to understand the post-1948 development in the great number of Separatist Churches this fact must be borne in mind" (p.4).

Met betrekking tot die verhouding tussen separatisme en grondbesit soos geraak deur die 1913-Wet, stel Sundkler: "In the years follow=ing up the Act the fabric of the history of Native Policy was woven into the apocalyptic pattenrs of Zionist or Bantu Messianic Myths." As pertinente illustrasie neem hy P.L. le Roux se versplinteringe. Le Roux vestig hom met volgelinge op Groenvlei in die distrik Utrecht. Toe hy hom in 1915 voltyds aan die Blankes wy, moes sy swart evangeliste sien en kom klaar " ... walking through the desert like the Children of Israel, and leaving behind the Sacred Umzinyati River, the Jordan in which they all had been baptized." Die invloedrykste van hulle, Daniel Nkonyane, koop van 'n Indiër grond op Charlestown. Dis strategies geleë "as it commanded the avenues to Zululand, Swaziland and the Rand" (1958:5-6).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die hoofstukke waarin veldwerk die beskrywing ten grondslag dien, is van hoë gehalte: Hfst. 5: "Leader and Followers"; hfst. 6: "Worship and Healing"; en hfst. 7: "New Wine in Old Wineskins." Tradisionele leierskap herleef in die separatisme. In die "Ethiopian" is dit die tradisionele koningsrol en in die "Zionist" die "profeet" (kragdokter). In die "Zionist" speel vroue 'n belangrike rol. Dit korreleer positief met die izangoma (vrouewaarsêers) onder die Zoeloe.

Ook in die kultus word die tweedeling in 1948 deurgetrek. Sundkler geraak tot 'n basiese gevolgtrekking: "The syncretistic sect becomes the bridge over which the Africans are brought back to heathenism" (p.297).

Dat hierdie gevolgtrekking egter nie 'n ander algemene aanname van Sundkler wesenlik beïnvloed nie - ook nie in 1961 nie - is ons insiens duidelik. Ons dui op p.32 waar Sundkler skrywe: "If it is a fact - and I believe that it is - that nowhere else has the Separatist church movement grown to such dimensions as in the Union of South Africa, this must mean that there is in South African society some particular root cause not found elsewhere, at least to the same extent, which leads to this result. This root cause is the colour line between White and Black." Sundkler se koppeling met apartheid word deur baie onder 'n vraagteken geplaas. In hierdie hoofstuk van ons studie, afdeling 1, het ons reeds aangedui dat sy driedeling aandag sal geniet. Hierbo spel hy ook grondbesit en sinkretisme uit. Die vraag is of Sundkler se eie veldwerkgegewens hierdie bevindinge onderskraag. Bevestig ander navorsers oor derge=like problematiek sy bewering? Is dit nie dalk tipies van akkultu=rasie dat ons sodanige kontra kry nie? Kan ons aan die één ver=oorsakingskompleks so 'n sware gewig toeken? Hieroor het ons spesiaal in ons navorsing navraag gedoen en die antwoord of ons saamstem of nie sal mettertyd gegee word.

Oor Sundkler se gevolgtrekking dat die sinkretistiese sekte die brug is waaroor die Swartes teruggevoer word na die heidendom, staan ons ietwat verleë. Ons bedoel sy bevinding slaan ook op 'n besondere teologiese aanname rakende die Volharding van die Heiliges

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



al dan nie. Dit val buite ons bestek om onder meer die Gerefor= meerde standpunt te stel teenoor die Lutherse.

1.3.2.2.5 Profetisme in Suid-Afrika in akkulturasie-perspektief,1964 - A.G. Kellermann

Waar Sundkler hom in sy veldwerk meer op die Zoeloe in Natal en die Swazi in Swaziland toegespits het - albei etnieë behorende tot die Nguni - daar is Kellermann se proefskrif meer afgestem op die Xhosa, alhoewel hy hom nie tot hierdie Nguni beperk nie.

Kellermann het ons beïndruk vanweë sy literatuurstudie. Daardeur geraak hy tot bevindinge wat van perspektief getuig. Hy het bv. selfs kennis geneem van F. Kamma se werk oor die messiaanse Koréribewegings in die Biaks-Nomfoerse kultuurgebied.

Kellerman promoveer weliswaar in die Sosiale Wetenskappe aan die Universiteit van Utrecht, maar ons het insonderheid hoë agting vir sy standpunt dat profetisme by uitstek in akkulturasiebestel ge= sien moet word. Sy reaksie op Sundkler sal in ons eindbevindinge weerklank vind.

Kellermann is bewus daarvan dat sy werk deur 'n hele aantal drukfoute en bladsye wat verkeerd genommer is, ontsier word. Waar hy aan ons 'n eksemplaar stuur waarby ook 'n elftal Stellinge ingesluit is, bied hy in 'n persoonlike nota verskoning aan. Nietemin het ons hier met 'n proefskrif te make wat volkekundig ook stewig vertoon.

Die vierde stelling lui: "... Sundkler se hipotese dat die verskyn= sels van protestantse denominasionalisme en apartheid in Suid-Afrika die primêre oorsake van profetiese bewegings en gepaardgaande separa= tistiese kerke is, is 'n onbewese stelling. (Cf. Bantu Prophets in South Africa, 1961, pp.16 et seq.)". Kellermann gee op pp.103-110 aandag hieraan. In 'n voetnoot op p.105 stel hy dit: "In Sundkler se ondersoek word in die algemeen op voortreflike wyse 'n massa van relevante materiaal aangebied. Die verwerking en interpretasie daar= van blyk egter as wetenskaplike studie nie vanuit een of ander

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dissipline (hetsy die Teologie of Kulturele Antropologie of Sociologie), verantwoord te wees nie."

Aan die end van sy proefskrif gee Kellermann 'n opsomming in Engels. Onder meer bevind hy - en dit is vir ons ondersoek besonder be= vrugtend -: "2. The prophetic movements under discussion are first and foremost acculturation phenomena and must necessarily be seen in this perspective. Only when the vast and varied impact of Christianity and Western Culture is considered, together with all its practical implications, is it possible to arrive at a certain degree of scientific conclusions and generalizations per= taining to the Bantu prophetic movements."
"3. The primarily adoptive-nativistic content of the movements are indicative of the important degree in which the Bantu prophetism endeavours integrative adaptation, by means of selection, re-interpre= tation and hence modification of traditional, as well as Western religious and other culture components ...." (p.271).

1.3.2.2.6 Opmerking

Ons bemerk reeds dat Sundkler en Kellermann se navorsing Nguni- georiënteerd is; onderskeidelik Zoeloe en Swazi aan die een kant en Xhosa aan die ander kant. Tewens, hulle veldwerk betrek in= sonderheid plattelandse toestande.

1.3.2.3 Separatisme in die RSA - Stad

1.3.2.3.1 Bishops and Prophets in a Black City, 1975 - Martin West

Die werk is 'n proefskrif wat onder leiding van prof. Monica Wilson (gebore Hunter - oorlede Okt. 1982) uitgevoer en later gepubliseer is.

Die boek word op besondere wyse deur prof Monica Wilson in 'n voorwoord voorgedra. Daarin skryf sy onder meer: West het reeds ondervinding opgedoen deurdat hy tevore ondersoek ingestel het "in the Divided Community of Port Nolloth", en dan voeg sy by: "To that should be added the 'shadow' (isithunzi) of Dr Beyers Naudé whose spiritual

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

power subdues even his opponents in South Africa." Tot sover meer bepaald Monica Wilson se eie woorde. Dit blyk ook dat West vir ses maande in die Christelike Instituut gewerk het as 'adviseur' van die AICA (African Independent Churches Association) en daarna veld=werk gedurende 1969-71 onder toesig van Monica Wilson gedoen het. Hy verkies om 'n sistematiese ondersoek in te stel binne 'n "de=marcated area, rather than to pursue colourful groups picked at random" volgens sy promotor. Dit was egter Sundkler wat reeds in die eerste uitgawe van Bantu Prophets in South Africa in bedenking gegee het dat verstedeliking op die kerklike lewe van Swartes in SA in die algemeen, en op Onafhanklike Kerke in die besonder, sterk in=werk. In 'n mate wil West hierdie leemte aanvul. Afgesien van wat hierbo ons belangstelling wek, is die volgende in West se werk vir ons van besondere belang om die volgende redes:

(a) omdat ons vóór hom ook al in Soweto - sy "Black City" - gewerk het en ons daarstellings in sekere opsigte vergelyk kan word. (Ons behandel Soweto veral in hfst.2);
(b) omdat hy besonder gewig toeken aan 'n liggaam soos die AICA wat spanning tussen "Fission and fusion" sou vertoon;
(c) omdat ook hý bewegings uitgesonder het vir uitvoeriger be=studering. In sy geval drie. (Vgl. ons hfst. 3);
(d) omdat hy sterk aksent op genesing (healing) laat val en 'n afsonderlike hoofstuk, hfst. 6, daaraan wy;
(e) omdat hy as gevolg ook van milde geldelike hulp 'n netjies-versorgde boek met puik weergawes van sy eie puik fotografiese opnames die wêreld kon instuur;
(f) en omdat ons - of ons uiteindelik gaan saamstem of nie - Bishops and Prophets in a Black City as een van die eerste groot werke oor ons studie in 'n etnies heterogene stedelike gebied binne ons omskrewe veld begroet.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1.3.2.4 Separatisme in die RSA - Platteland

1.3.2.4.1 Eingeborenenkirchen in Süd- und Südwest Afrika, 1958 - Katesa Schlosser

Die volgende oorwegings laat ons hierdie werk vermeld:

(a) Katesa Schlosser is maar alte bewus daarvan dat haar Volkekun=dige studiereis slegs agt maande geduur het. Tog lewer sy 'n om=vattende werk. Dit is deur G.B.A. Gerdener aan ons ge=skenk met die aanbeveling dat kennis geneem word van die "Kontinen=tale metodologie" soos daarin beoefen.

(b) Sy wys daarop dat dergelike bewegings 'n soort nuwe stambinding tussen lede onderling in die hand werk.

(c) Sy vestig die aandag daarop dat Mqotsi en Mkele uitbeeld hoedat 'n beweging soos dié van Limba, met sy religieuse, 'n sterk "wirtschaft=lichen Unternehmergeist" verbind.

(d) Omdat die leierspersoonlikheid so 'n oorwegende rol speel binne sy invloedsfeer, het Schlosser in haar ondersoeke van hierdie toon=aangewende persoonlikhede uitgegaan.

(e) Ons hoofbelangstelling in Schlosser se tersaaklike werk is egter haar weergawe van Edward Lekganyane se persoonlikheid. Daarop meen ons dat 'n korreksie aangebring moet word. Ons doen dit in hfst. 3 waar die Zion Christian Church as een van die bewegings afsonderlik behandel word.

(f) Ons let verder daarop dat Schlosser as een van haar aksente op die platteland veldwerk gedoen het in ons Noord-Sothogebied waar die Zion Christian Church sy hoofkwartier het.

1.3.2.4.2 Krisis en Kultus, 1975 - Christof Hanekom

Soos in die geval van Schlosser, word die Zion Christian Church in hierdie werk uitgelig vir besondere behandeling; nog meer só as by Schlosser want hierdie beweging vorm die naaf van sy boek.

Wat vir ons van besondere belang is, is die volgende:

(a) Hy dien die boek aan as 'n poging deur 'n volkekundige om die geestelike en ideologiese infrastruktuur van die Zion Christian Church

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

te analiseer.

(b) Die separatistiese of inheemse kerke in Afrika sien hy as "sowel 'n bewustelike as onbewustelike reaksie teen die geestelik-kulturele verowering deur sendingkerke waaraan die Swartman onder= worpe was. Maar terselfdertyd dui dit op pogings om die Christelike boodskap binne 'n inheemse idioom te verwerk ten einde aanpassing by die veranderde lewenspatroon moontlik te maak. Dit hou verder ver= band met 'n gevoel van ontevredenheid met 'n bestaande polities-maatskaplike bestel." (Voorwoord).

(c) Waar Hanekom betekenisomlyning gee van begrippe soos akkulturasie, sinkretisme, krisis-kultusse en 'n hoofstuk wy aan sakrale bewegings, het dit prikkelend op ons studie ingewerk.

(d) Oor sy slotbeskouing ten opsigte van die Zion Christian Church sal ons meer bepaald in ons beredenering en finale bevindinge moet terugkom. Insonderheid noem ons: "Geen enkele of partikuliere verduideliking - polities, militêr, ekonomies, messiaans of antro= pologies - volledig lig werp op die aard van krisis-kultusse nie" (p.114). "Akkulturasie is nie die oorsaak van 'n krisis-kultus nie, maar slegs die kulturele situasie .... Die ZCC kan ook nie kategories tipeer word as 'n beweging met ekonomiese motiewe nie ...." (p.114).

(e) Die leier word "'n 'verlosser' wat uit die tradisionele wêreld na vore tree."

"Dit blyk dat, die tradisionele geloofsopvattinge van die Bantoe op 'n eskatologie berus wat gebaseer is op die welvaart en 'redding' van die mens alreeds in die profane werklikheid en dat chiliastiese ver= wagtinge potensieel onmiddellik gerealiseer kan word" (p.115).

(f) Die besondere Leitmotiv waarmee Hanekom begin en eindig, naamlik Mbiti se uitspraak oor "onafhanklike Swart kerke in Afrika", wat onder meer lui: " ... they are in their own ways, attempts by African peoples to 'indigenize' Christianity and to interpret and apply it in ways that, perhaps spontaneously render Christianity both practical and meaningful to them." - Dit onderstreep Hanekom, is inderdaad wat binne die ZCC gebeur (p116).

Die werk Krisis en Kultus is vir ons 'n kernboek nie slegs omdat dit die Zion Christian Church - sterk veranker in ons Noord-Sothogebied — behandel nie maar ook omdat hy dergelike bewegings in breër verbande

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

wil betrag.

1.3.2.4.3 Religion in a Tswana Chiefdom,1960 - B.A. Pauw

Met Pauw betree ons die Tswanagebied binne ons studie-omgrensing. Wat ons bydrae uit hierdie werk bevrug het, kan soos volg gestel word:

(a) Pauw behandel die separatisme in samehang met die religieuse lewe onder die Tswana-Tlhaping in Taung. Dit is soos Gerdener dit in 'n voorwoord tipeer inderdaad 'n 'study in depth'. Op daardie tydstip was dergelike werke veelal Ngunigeoriënteer en bevorder dit kruisverwysing.

(b) Die skrywer se hoofmotief, waar hy die separatisme aansny, is nie om Sundkler te weerlê nie. Vanuit sy plaaslike ondersoek in eerste instansie, toon hy egter aan dat Sundkler in etlike belang= rike stellingnames nie bewyssteun uit Taung sou kry nie. Waar Pauw in hoofstuk 7 dan opsommend skrywe oor "Trends and Interconnexions", wy hy 'n afdeling aan sekere aspekte van "Bantu Separatism". En nou tref dit so dat hy aldaar beredeneer hoedat sy bevindinge anders neig of aksentverskille vertoon. Ons stip die volgende aan: In vergelyking met Sundkler se bevindinge oor die separatisme verskil die bewegings in Taung in twee belangrike opsigte. "The first is that those in Taung are less consciously concerned with the inter-racial situation than the Zulu churches, and secondly the Pentecostal Separatists of Taung are not as directly nativistic as the Zulu Zionists" (p.231).

i Wat die "inter-racial situation" betref, betoog Pauw onder meer: daar is nie eers "particular enthusiasm for a broad Bantu nationalism" nie; die kontras is nie slegs tussen "Zulu Separatism and Thlaping Separatism but between Zulu society and Thlaping society" (p.232); miskien is dit gedeeltelik as gevolg van "a general dis= interestedness resulting from the breakdown of tribal life." Vir hom is die separatisme se hoofdryfveer om selfstandig te handel, "free from the control of Europeans and free from the embarrasing comparison with the technically more efficient European leaders." Dit is veral by die "Pentecostal Separatists" dat ons 'n tweeslagtig=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



heid opmerk in hulle houding rakende die rituele. Dit is hulle wat insonderheid magiese waarde aan hulle kerklike rites heg en bepaald daarin beïnvloed is deur tradisionele patrone. Maar die= selfde kerke "tend to denounce traditional pagan ritual as performed by native doctors even more emphatically than other churches ...." Dit is nie maklik om met die tradisie te breek nie en "it still asserts itself." Waar hulle op die rituele buitegewoon borduur en daaraan magiese waarde heg "they are to some extent brought in line with familiar patterns" (p.234).

ii Wat die tweede verskil betref, die nativistiese, stel Pauw dit dat hy daarmee bedoel "the incorporation of traditional pagan <u>forms</u> into church organization, belief and ritual." Daar is duidelike morfologiese ooreenkoms met wat by die "Pentecostal Separatists" onder die Tswana voorhande is, maar geensins so uitgesproke as by die Zulu Sioniste nie. Pauw vra ook of daar nie miskien ontlening was vanuit "Pentecostalism among the Europeans" nie. Pauw ken meer gewig daaraan toe dat die kerstening vanuit die Weste vir die Swartes "vreemd" ('alien') aandoen. Min aandag is gegee aan die ontwikkeling van "indigenous liturgical and other forms." Hierdie soeke na 'n meer inheemse vorm van die Christendom is nie beperk tot die separatisme nie maar word ook gevind by kerke verbonde aan Blankes (p.236).

(c) Pauw vermeld dat een van die interessantste bewegings wat hy in Taung raakgeloop het, die <u>St. Paul Apostolic Faith Morning Star</u> is. Hy het ook korrespondensie gevoer met amptenare hoër op in hulle hiërargie dog op 'n "questionnaire" het hy slegs gehoor dat dit aandag geniet. En dit ten spyte van herhaalde navrae. Op ons beurt het ons ook aandag aan hierdie beweging gegee. In hfst. 3 volg 'n uitvoerige be= skrywing. Ook ons het tydens ons veldwerk bevind dat geen besondere eie= soortige terminologie gebesig is nie (vgl. Pauw 1960:244-5).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 1.4 DIE METODOLOGIESE ASPEK

1.4.1 Die onderhawige studie hou verband met ons verslag: Die Separatisme en Inheemse kerklike Bewegings onder die Bantoe van die Sothogroep. Die verslag bevat navorsing soos uitgevoer met die ondersteuning van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing (tans die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, die RGN) en is gedurende 1973 ingelewer. Dit is beskikbaar by alle Universiteits=biblioteke in die RSA. Reg is verkry om vir die doel van 'n proef=skrif gegewens daaruit te verwerk.

Die onderwerp bly aktueel. Die aantal bewegings is bv. in 1960 op 2 000 gestel en in 1982 op oor die 4 000. Sy aktualiteit is egter nie geleë in sy vermenigvuldiging as sodanig nie maar in sy wese en veroorsaking. Weliswaar is dit nie 'n verskynsel wat tot die RSA beperk is nie; die RSA bied egter 'n vry unieke studieveld.

1.4.2 Geografiese Omlyning. Vir globale omlyning is die Taalkaart van Suid-Afrika (Van Warmelo 1952) ter hand geneem. Vir ons doel kon die taalkriterium waarvolgens die 1946-bevolking en in hierdie geval die Swartes betrek is, ook slaan op die etnies-geografiese verspreiding. Die taalkaart is vereenvoudig en aangepas sodat net die globale omgrensing van die Sotho aangebring is. Die driedeling van Van Warmelo is gehandhaaf, t.w. die subgroepe: Noord-Sotho, Tswana en Suid-Sotho. En waar kleiner groepe soos die Ndebele hulle binne daardie omlyning bevind, is hulle buite rekening gelaat. Op die PWV-kompleks binne hierdie kader is reeds in 2 hierbo gelet.

1.4.3 Ondervragingskedules. In die lig van die groot oppervlakte waar die Sotho 'n getalsoorwig sou hê en ander oorwegings, is aan die begin van die ondersoek ondervragingskedules opgestel. 'n Proef=lopie is uitgevoer met een wat gemik was op feitelike gegewens oor afsonderlike bewegings in 'n verskeidenheid omgewings. Enkele is terugbesorg maar dit was duidelik dat hierdie metode nie sou werk nie. 'n Hoofrede was gebrek aan kennis van bewegings in detail en soos hulle in 'n gegewe bestel optree. Hierdie bevinding het mede daartoe bygedra dat hulpveldwerkers en hulle plasing oorweeg is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1.4.4 Veldwerkbeplanning. Op die grondplan soos in 1.3.2 beskrywe, is 'n proefkaart getrek waar die separatiste as persentasie op die bevolking per landdrosdistrik in 'n digtheidpatroon veraanskoulik is. Die arsering het sinvoller beplanning van veldwerk aangehelp. Dit het opgeval hoedat daar gebiede van hoër en ander met laer separatiste= frekwensie is asook sekere fokuspunte. Daaruit het geblyk dat die statistiese benadering verder gevoer kon word.

In Verslag 1973:46-578 word verantwoord hoedat in ses gebiedsteek= proewe met klem op statistiese verhoudinge, en in dertien met klem op afsonderlike bewegings ter plaatse monsteropnames gemaak is. (Vgl. hfst. II en III). In hfst. 2 van die proefskrif word sekere gegewens hieruit ingebou asook uit Verslag 1973,hfst. I, wat handel oor die omvang. Verder is die 1980-sensus (Steekproeftabelle) bygewerk. Wat stedelike gebied betref, is steekproewe uitgevoer en weergegee rakende Ga-Rankuwa, Soweto, Bloemfontein en Thabong. Met verwysing na die dertien gebiedsteekproewe hoër op, was hulle hoofsaaklik plattelands. In hierdie verband is toegespits op gebiede soos Wintersveld (noord-oos van Pretoria) en Sekhukhuneland. Laasgenoemde is by uitstek 'n Noord-Sotho-omgewing. Steekproewe in Bloemhof en Motswedi (op die Transvaalse wesgrens anderkant Zeerust) was gemik op monsters uit die Tswana-omgewing. Fouriesburg (binne ons Suid-Sothokader) en Lesotho is verken. Weliswaar is Lesotho nie in die RSA nie, dog vir perspek= tief op die separatisme onder die Sotho in ons studiebestel uiteraard belangrik. (Meer oor hoe en wat versamel is, sal na vore kom in 1.3.5-3.7).

1.4.5 Verkenning van die wese. 'n Statistiese benadering en sy veraanskouliking kan egter nie die wese van die separatisme kenskets nie. Om hiertoe te geraak is studie ter plaatse en van afsonderlike bewegings gewens. Die volgende benaderingswyses is beproef:

1.4.5.1 Bestudering van relevante lyste en korrespondensie soos voor= hande aan hoofkantoor van die Departement Samewerking en Ontwikkeling. Van Staatsweë is die separatisme veelal gesien as maatskaplike ver= skynsel. Daarby word bedink dat die beleid van "Staatserkenning" eers in die vroeë sestigerjare vervang is deur 'n stelsel van erkenning

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



op "Meriete". Gevolglik is daar baie gegewens aan hoofkantoor wat meehelp om 'n seleksie te maak van bewegings vir meer besondere aandag.

1.4.5.2 Veldwerk deur swart helpers. In hoë mate is gebruik gemaak van studente uit die Stofberg-Teologiese Skole en wel dié wat binne die Sotho-afbakening val, t.w., te Turfloop en Witsieshoek. Nadat in beginsel verlof van die rektore verkry is, is in oorleg met die betrokke dosente van die studente gekeur. Onder die gekeurdes was etlikes onderwysers voordat hulle vir verdere opleiding gegaan het. Hulle het gedurende die lang vakansies veldwerk gedoen.

Opdragte is skriftelik aan die skole deurgestuur. Hierdie opdragte is deur die rektor/dosent aan die voornemende veldwerkers verduidelik. In die opdragte is uitvoerig leiding gegee. Die aard en omvang was in hooftrekke soos volg: (a) 'n Oorsigtelike opmeting van die separa= tisme in die aangewese gebiede. (b) Bestudering van 'n aantal be= wegings in detail, met toespitsing op aspekte soos: (i) die ontstaan; (ii) die leier; (iii) samestelling en organisasie; (iv) die rol van die vrou; (v) die leerstellige; (vi) die tug; (vii) 'n kensket= sing op grond van die verkreë gegewens. (c) Die tradisionele religie in die betrokke omgewing ineengestrengel in die separatisme of onver= bonde, parate kennis daarvan en sy belewenis. (d) Voorskrifte t.o.v. die aanteken van getuienis, in besondere gevalle verbatim. Die veld= werker moes 'n soort "dagboek" hou. (e) Na afloop van die veldtermyn moes hy 'n verslag inlewer saam met die "dagboek". Hierbenewens moes hy 'n aparte stuk opstel waarin daar aan hom meer speling gegee word vir 'n eie verwerking van bevindinge. (f) Deur korrespondensie is in voeling gebly met die helpers onderwyl hulle opdragte uitgevoer het. Ook is hoë prys daarop gestel om die veldwerkers te velde op te soek, te inspireer en na gelang van omstandighede saam te beweeg.

1.4.5.3 Veldwerk self uitgevoer. Veldnavorsing het hoë voorrang geniet. Die ondersoeker het die nodige verlof ontvang om vir twee termyne hom voltyds aan die ondersoek te wy kragtens ondersteuning van die NRSN. Die termyne was: 1 Junie 1960-31 Desember 1960 en 1 April 1963-31 Maart 1966 . Gedurende hierdie tydperk is die eint= like veldwerk gedoen. Die ondersoeker het spoedig bevind dat hy liefs

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



alleen moes beweeg. Een rede was dat, waar onderhoude met leiers van separatiste bewegings beoog is, konvensionele metodes soos formele bestellings maak oor die algemeen nie die gewenste resul= taat gelewer het nie. Ook die swart veldwerkers het dikwels moes kla dat allerlei ontwykingstaktiek aan die orde van die dag was. Verder, met 'n paar loflike uitsonderings, was daar van skriftelike antwoorde met gespesifiseerde data geen sprake nie.

Uit die aard van die saak, waar so 'n ekstensiewe gebied gedek moes word, moes eenmalige geleenthede uitgebuit word. Daartoe kon kamera en bandmasjien besondere bydraes lewer. En meermale kon so 'n onaan= gekondigde opwagting lei tot opvolging van ondervraging en omvattende waarneming van georganiseerde optrede soos feeste en eredienste. Die ondersoeker meen tog dat hy onder omstandighede gelykberegtiging laat geskied het aan al drie Sothogroepe: Noord-Sotho, Tswana en Suid-Sotho en aan die heterogene stedelike gebiede binne die globale geografiese omlyning. Naas oorsigtelike verkenning en sy gevolglike meer gekoör= dineerde steekproefbesetting is daar verder diepte verkry deur toe= spitsing op vyftien afsonderlike bewegings waarvan ses in die proef= skrif verskyn en wel in verwerkte vorm. Hulle is as 't ware van binne-uit bestudeer om sowel uiterlike gestalte as wese te onderken. Hierdie sestal vertoon 'n reeks in posisie van meer ortodoks t.o.v. 'n Kerk waaruit weggebreek is tot 'n soort efemeriese verhouding tot 'n Christelike geloofsgroep. Hierdie spektrum sou met meer voorbeelde van afsonderlike bewegings onder die Sotho nie wesenlik afwyk nie.

1.4.6 Die wêreld van die separatisme

Hoe dit ook sy, die omvang van onderhoudvoering en die waarneming van bewegings in aksie was in die studiebestel vry omvattend. Die navorser en sy veldwerkerskorps het hierdie voorsprong gehad dat hulle die veld nie as volslae oningeligtes betree het nie. En tog moet die onder= soeker erken dat 'n nuwe wêreld, die wêreld van die separatis onder die Sotho, vir hom begin oopgaan het eers toe hy hom moes oefen om met appèl op verantwoording doen, te <u>sien</u>, te <u>hoor</u> en aan te <u>voel</u>.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1.4.6.1 Impak om dit te bewerkstellig was insonderheid gerig op:

1.4.6.1.1 Onderhoudvoering met leiers van onderskeie bewegings. In die meeste gevalle kon die ondersoeker deur persoonlike onder= houde die leier/leidster rustig ondervra, lewensverloop probeer na= gaan en lewe en strewe, soos dit die betrokke beweging beïnvloed, begroot. Hierdie onderhoude was gewoonlik deurslaggewend vir die verdere bestudering van die onderhawige bewegings. En dan kon 'n mens ook nagaan wat die volgelinge van hulle leier dink, om later weer meer objektief te analiseer.

1.4.6.1.2 Waarneming van bewegings in aksie. Saamtrekke (feeste) is veral knooppunte van gestruktureerde optrede dog waarin ook groepoptrede soms speling van spontane aard vertoon. Die onder= soeker kon met 'n omvattende metodologiese benadering dergelike feeste belewe. As voorbeelde geld die feeste van onderskeidelik die ZCC (te Zion City Moria - naby Pietersburg); St. Peter Morning Star Church (te Wintersveld - noordwes van Pretoria); St. John's Apostolic Faith Mission of South Africa (te Evaton naby Vereeniging) en St. Paul's Morning Star (te Tweespruit in die OVS).

1.4.6.1.3 Steekproewe op streekbasis. Hierdie steekproewe is hoof= saaklik uitgevoer soos in 3.4 en 3.5 uiteengesit. In die proses het die ondersoeker die globale veld planmatig per motor verken. In Verslag 1973 is verkenningswerk in sulke streke of gebiede verant= woord. Van hulle sal as illustrasies in hfst. 2 van hierdie werk opgeneem word.

1.4.6.1.4 Marathon-belewing. Soms het 'n mens gedurende opwagtinge by bewegings in aksie toevallig op rites afgekom soos waar Lekganyane by die "heilige boom" te Zion City Moria allerlei houers en gebruiks= artikels "seën". Maar dit was eintlik wanneer 'n mens nag- sowel as dagverrigtinge met volgehoue konsentrasie waarneem dat 'n mens begin deurdring tot die wese van gekompliseerde Doop- en Nagmaal- en ander verrigtinge met hulle vervlegte en ingewikkelde aard.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1.4.7 Onderhoude met deskundiges. Die ondersoeker was bevoorreg kragtens sy lewensroeping en morele ondersteuning van etlike in=stansies om met 'n groot aantal deskundiges, Swart sowel as Blank, onderhoud te voer. Om maar enkele name te noem: G.B.A. Gerdener, C.M. van Antwerp, H. du Plessis, M-L. Martin, P. Ellenberger, H. Dehnke, E. Mahabane en S.S. Tema.

1.4.8 Die totale metode het dus ingesluit:

(a) Deurskouing van literatuur.
(b) Afbakening van studiegebied vanuit die taalkaart en statistiese gegewens oor insidensie.
(c) Onderhoudvoering per gestruktureerde vraelys deur veldwerkers.
(d) Onderhoudvoering deur die navorser self.
(e) Waarneming en belewing van 'n wye reeks rituele handelinge en godsdiensoefeninge.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 2A

## DIE OMVANG VAN DIE SEPARATISME

### 2.1 Inleiding

Die separatisme is gekompliseerd en statistiese opnames staan in die teken van benadering. Waar die hoof doelstelling die opspoor van tendense is, sou ook die opnames deur veldwerk verkry naas die amptelike statistiek binne betroubaarheidsgrense wees.

2.1.1 Dinamiek. Die separatisme in die RSA het sy eie besondere dinamiek. Die volgende saamgestelde tabel met sy voetnote bied 'n aanduiding van die dinamiese groei in hierdie bewegings:

TABEL 1 Swartes - Separatiste groeitendens vir die tydperk 1884-1980

| Jaartal | Getal separatiste= bewegings | Getal volgelinge | Persentasie van totale swart bevolking |
|---|---|---|---|
| 1884 | 1 | ? | ? |
| 1904 | 3 | 25 000 | ? |
| 1910 | 72 (?) | ? | ? |
| 1913 | 30 | ? | ? |
| 1918 | 76 (108?) | ? | ? |
| 1925 | 130 | ? | ? |
| 1926 | 137 | ? | ? |
| 1932 | 320 | ? | ? |
| 1936 | | | 16,5 |
| 1939 | 600 | ? | |
| 1946 | 1 300 (800?) | 1 089 479 | 9,6 |
| 1951 | 2 000 | 1 593 939 | 18,6 |
| 1952 | 1 333 | | |
| 1960 | 2 223 | 2 313 365 | 21,2 |
| 1970 | 3 000 | 2 716 019 | 17,8 |
| *1980 | 4 400 (plus) | 4 954 000 | 29,3 |

*Tabel 1 is saamgestel uit die volgende bronne:
(a) Staatspublikasies: Bevolkingsensus 1951 - UG 38/1959 - vol 7 - Huwelikstaat, Godsdiens en Geboorteplekke; 1960 - vol 3 (Versprei= ding: Lys D 1 D 10) - Kerkverband; 1970 - No 02-05-03 - Kerkverband.

(b) Ongepubliseerde: Departementele lêer NA 74/214, Deel 1; Toespraak van S.Ed. die Minister van Naturellesake (H.F. Verwoerd), Florida,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hemelvaartdag, 1952; Die getal Bewegings vir 1980 is telefonies (Uys - Van Wyk) op 1982-02-10 van die Departement Samewerking en Ontwikkeling verkry.
Proefskrifte: Martin, M-L. The biblical concept of Messianism and Messianism in Southern Africa - D.D., Unisa, s.j.; Van Antwerp, C.M. Die Separatistiese kerklike Beweging onder die Bantoe van SA. - D. Phil., Univ. van Kaapstad, 1938

(c) Ander geraadpleegde bronne: J.J. Kritzinger, So lyk SA kerke se lidmaattalle in Die Kerkbode, 17 Maart 1982; Gerdener (1958-194-5); Sundkler (1961:76); West (1975:2); en W. Wickert (red.) - (1949:147).

---

G.B.A. Gerdener wys op die sterk vermeerdering tussen 1946 en 1951 maar voeg by: "though especially figures must not be used with any measure of confidence" (1958:194).

2.1.2 Staatsbeleid. Dit is nie ons doel om uitvoerig in te gaan op Staatsbeleid rakende die separatisme nie. Ons lig slegs 'n paar punte uit.

By die bestudering van relevante lêers het die oog op 'n interessante kantopmerking geval. John X. Merriman skrywe met betrekking tot 'n konsepbeleid van staatserkenning: "To the magistrates - all religions were equally useful" (NA 74/214 - latere verwysingsno. 120/2/1). Gerdener (1958:194-6) stel die beleid tot op die datum van sy boek (1958) ewewigtig voor. So dui hy op "tolerance rather than repression" ten opsigte van die Kaapprovinsie en Transvaal in die eerste dekade van hierdie eeu. "But the Orange River Colony and Natal favoured the opposite view" (1958:195).

Dit is duidelik dat waar die aantal separatistiese bewegings buiten=gewoon eskaleer, daar insonderheid by die toekenning van kerkpersele in stedelike gebiede perke sou wees. Almal kan nie voor die voet daarop aanspraak maak nie. In hierdie verband verwys ons na Verslag 1973:38-9; Tabel 4. Die persentasie separatiste-aanhoriges van die totale swart bevolking in die munisipale woonbuurte van die Witwaters=rand-Vereeniging-VanderBijlparkgebied word op 38,4% gestel. Baie min kerkpersele is aan hierdie groepe toegeken. Hierdie praktiese aspek was stellig mede-oorsaak waarom die Staat in die vyftigerjare opnuut aandag wy aan sy beleid ten opsigte van die toekenning van persele aan kerke. Op 14 Februarie 1959 word deur die Departement van Bantoe-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



administrasie en -ontwikkeling 'n omsendbrief uitgestuur aan amptenare: Algemene Omsendbrief no 4 van 1959 (Lêer no 4540/313(1) rakende "Toekenning van persele in stedelike lokasies aan Kerkgenootskappe wat nie Staatserkenning geniet nie en Lys van Erkende Kerke wat Staatserkenning geniet."

Sundkler kry hierdie omsendbrief in die visier waar hy skrywe: "In February 1959 ... Government clamped down upon the Separatists; instructions were issued to the effect that by December 31 1960, church sites occupied by unrecognized Churches in urban locations had to be vacated. The reaction was one of consternation and dismay" (1961:306). Hy vervolg hoe die separatiste twee verskillende oplos= sings probeer het. "Some of the Churches associated themselves with already recognized Mission Churches or Ethiopian groups.... Recognized Ethiopian groups became another centre of gravitation in this crisis .... Others again advocated strong federations of as many as possible of the Bantu Churches, sometimes with the hope of forming one big united African Church - an ideal which for political reasons had been recommended in 1949 by Dr. J.S. Moroka. A number of attempts at such federations, of Ethiopian and Zionist types, were made in the 1950's. The Bantu Church union movement became a matter of particular urgency after February 1959 .... The result of these individual and concerted efforts was meagre. While in 1948 the number of recognized Bantu Churches was 8, out of 800, the ratio in 1960 was 10 out of 2 030[1]" (1961:306-7). - Die voetnota verander sy bevinding nie wesenlik nie.

Weliswaar het ons self bevind dat die omsendbrief momentum gegee het aan groter groepvorming of amalgamasie/affiliasie ten einde erkenning te erlang. Ons kon ook vasstel dat die Interdenominational African Ministers' Federation by die Departement vir die betrokke separatiste ingetree het en gevra het dat die keerdatum, 31 Desember 1960, verander word. Dit was egter nie 'n geval van "clamped down upon the Separatists" nie. Paragraaf 1 van die brief vra aandag vir Algemene Omsendbrief No. 38 van 3 September 1954 en No. 20 van 29 Mei 1957 en die aanhang= sels daarvan. Dit is duidelik dat die perkdatum van 31 Desember 1960 die eindpunt is van 'n uitfasering wat reeds vanaf 1954 aan die orde was. Om selfs op die stadium nog aan deernisgevalle aandag te kan gee,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



meld die omsendbrief uitdruklik in paragraaf (g): "Alhoewel bo= staande die breë beleid is, word besef dat die uitvoering daarvan in sommige uitsonderlike gevalle ontbering kan meebring en daar sal dus oorweeg moet word of, in gevalle van nie erkende kerke wat al= reeds met ministeriële goedkeuring vir baie jare in 'n bepaalde ste= delike lokasie gevestig is en daar 'n redelike groot lidmaatskap verkry het, daar nie met die verskuiwing van die lokasie 'n perseel aan so 'n kerk toegeken moet word nie ... ".
Die hele aangeleentheid van staatserkenning van separatiste kerke word egter in 1963 verander.

<u>Die Transvaler</u> van 15 November 1963 berig oor 'n verklaring van die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling die vorige dag "dat na deeglike ondersoek en oorweging van die bestaande stelsel van kerk-erkenning en ook na raadpleging met 'n verteenwoordigende aantal kerke en kerklike verenigings, is besluit om af te sien van die stelsel waarvolgens sy departement kwalifiserende kerkgenoot= skappe vir sekere oogmerke erkenning gee ".

Met verwysing na die ou stelsel wat spruit uit aanbevelings van die Naturellekerke Kommissie van 1925 word aangevoer: "Behalwe praktiese probleme wat met die toepassing van die stelsel ondervind is, is ook nie daarin geslaag om die stigting van kerkgenootskappe te beperk nie ... dit word gevoel dat dit nie op die weg van die departement lê om aan 'n liggaam die erkenning te verleen dat dit 'n kerk is nie. In die toekoms sal kerklike genootskappe aansoek om kerkpersele in Bantoewoongebiede kan doen wat saam met ander aansoeke op verdienste oorweeg kan word .... Die reëling geld vir blanke sowel as Bantoegebiede ... Van plaaslike owerhede word ver= wag om behulpsaam te wees met die beskikbaarstelling van meer geriewe in Bantoewoongebiede, hetsy op oop terreine of in kerksale. Huweliks= bevestigers sal nog kragtens wet aangestel word ... ".

Die Zion Christian Church is die laaste separatistebeweging wat staatserkenning erlang het, voordat die beleid - soos hierbo verduidelik - toegepas is.
Die finale beeld ten opsigte van die dinamiek tot dusver is dus een

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van aanmerklike toename van sowel die aantal bewegings as die persentasie van separatiste-aanhoriges bereken op die totale swart bevolking. Dit skyn of die separatiste 'n komplekse verskyn= sel is waar pogings tot vereniging wel voorkom maar skeuring op skeuring domineer. Waar Gerdener met voorbehou 'n sterk vermeer= dering tussen die jare 1946 en 1951 uitwys, gryp ons vooruit en bereken vir 1980 'n persentasie aanhorigheid - weliswaar ook met voorbehoud - van ongeveer 29-30%.

## 2.2 Groter perspektief

Voordat ons ons meer bepaal tot die Sotho van die RSA, word eers in Tabel 2 wyer perspektief gegee. Die persentasies in die tabel slaan op die separatiste in verhouding tot die bevolking. Die afkortings S en NS dui op Stedelik en Nie-Stedelik . Ons het die gegewens van die 1970-sensus weggelaat om redes wat later verduidelik word. Vir die Kaapprovinsie is daar nie in 1951 onderskei tussen platte= lands - die huidige Nie-Stedelik - en Stedelik nie. Die 1951- en 1960-gegewens is strenger vergelykbaar op provinsiale grondslag as wat die geval is wanneer ons 1951, 1960 en 1980 saam vergelyk. Die rede is dat vir die 1980-sensus die statistiese distrik- en streekindeling 'n globale tweedeling daarop nagehou word, te wete Blanke Gebiede en Nasionale State . Gevolglik word die konnotasie van die vier Provinsies verander deur bv. afsonderlike versyfering vir KwaZulu en Lebowa.

Wat die gegewens (1980) vir die Onafhanklike Swart State - Transkei en Bophuthatswana - betref, is nog op 'n late stadium vir ons ont= leding verbandhoudende statistiek oor Bophuthatswana tot ons be= skikking gestel. Ons het daarmee volstaan, te meer daar die Transkei as oorwegend Ngunigebied eintlik buite ons omskrewe Sothostudieveld val.

## 2.3 Geloof - Getals- en Persentasieverspreiding - 1980 - Gespesifiseerde Steekproef

Tabel 3. In hierdie Tabel gee ons die volle spektrum van kerkverband soos deur die betrokke Sentrale Statistiek Departement (SSD) versyfer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 2 SWARTES - ONAFHANKLIKE KERKE 1980, 1960 en 1951

| Streke | Totaal | 1980 Manlik S I | 1980 Manlik NS II | 1980 Vroulik S III | 1980 Vroulik NS IV | PERSENTASIE I=X/Y | PERSENTASIE II=X/Y | PERSENTASIE III=X/Y | PERSENTASIE IV=XY |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kaapprovinsie | Sep = X | 141 440 | 63 980 | 139 180 | 54 360 | 27,6 | 19,9 | 29,7 | 20,5 |
| | Bevolk = Y | 513 240 | 321 760 | 469 060 | 264 980 | | | | |
| Natal | Sep = X | 38 580 | 155 740 | 35 360 | 162 300 | 22,2 | 29,0 | 24,3 | 32,3 |
| | Bevolk = Y | 173 620 | 536 780 | 145 420 | 502 300 | | | | |
| Transvaal | Sep = X | 588 440 | 381 260 | 527 980 | 343 320 | 29,7 | 31,1 | 34,7 | 37,5 |
| | Bevolk = Y | 1 981 660 | 1 226 040 | 1 520 200 | 916 760 | | | | |
| OVS | Sep = X | 51 380 | 122 160 | 51 900 | 100 220 | 19,5 | 21,1 | 20,2 | 22,4 |
| | Bevolk = Y | 263 500 | 580 400 | 257 600 | 448 100 | | | | |
| Ciskei | Sep = X | 29 200 | 41 920 | 34 780 | 51 660 | 25,2 | 21,2 | 28,1 | 22,3 |
| | Bevolk = Y | 116 100 | 198 160 | 123 700 | 231 380 | | | | |
| Kwazulu | Sep = X | 125 440 | 363 560 | 128 020 | 473 460 | 32,1 | 30,8 | 35,2 | 32,1 |
| | Bevolk = Y | 390 300 | 1 181 660 | 362 500 | 1 473 740 | | | | |
| Gazankulu | Sep = X | 2 700 | 40 420 | 2 640 | 58 320 | 35,5 | 19,1 | 38,0 | 20,4 |
| | Bevolk = Y | 7 600 | 211 140 | 6 940 | 286 320 | | | | |
| Lebowa | Sep = X | 12 780 | 174 960 | 12 640 | 231 040 | 21,8 | 24,2 | 24,5 | 25,5 |
| | Bevolk = Y | 58 720 | 724 240 | 51 520 | 904 980 | | | | |
| Qwaqwa | Sep = X | 300 | 17 660 | 720 | 22 680 | 4,8 | 28,1 | 9,0 | 28,6 |
| | Bevolk = Y | 6 260 | 62 780 | 8 000 | 79 440 | | | | |
| Kangwane | Sep = X | 1 900 | 37 580 | 2 620 | 46 900 | 45,7 | 55,8 | 59,0 | 55,4 |
| | Bevolk = Y | 4 160 | 67 340 | 4 440 | 84 660 | | | | |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

## 1980

| Streke | Totaal | Manlik S I | Manlik NS II | Vroulik S III | Vroulik NS IV | PERSENTASIE I=X/Y | II=X/Y | III=X/Y | IV/XY |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| KwaNdebele | Sep = X | 1 900 | 35 780 | 2 300 | 42 520 | 28,4 | 56,0 | 27,3 | 55,1 |
| | Bevolk = Y | 6 700 | 63 920 | 8 420 | 77 220 | | | | |
| Blanke gebiede | Sep = X | 819 840 | 723 140 | 754 420 | 660 200 | 28,0 | 27,1 | 31,5 | 30,9 |
| | Bevolk = Y | 2 932 020 | 2 664 980 | 2 392 280 | 2 134 140 | | | | |
| Nasionale State | Sept = X | 174 220 | 711 880 | 183 720 | 926 580 | 29,5 | 28,4 | 32,5 | 25,4 |
| | Bevolk = Y | 589 840 | 2 509 240 | 565 520 | 3 646 980 | | | | |
| Onafhanklike Swart Staat Bophuthatswana | | Manlik S en NS | | Vroulik S en NS | | | | | |
| | Sep = X | 232 001 | | 296 451 | | 34,7 | | 35,6 | |
| | Bevolk = Y | 668 002 | | 833 656 | | | | | |

## 1960

| Streke | Totaal | Manlik S I | Manlik NS II | Vroulik S III | Vroulik NS IV | I=X/Y | II=X/Y | III=X/Y | IV/XY |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kaapprovinsie | Sep = X | 69 240 | 143 867 | 76 503 | 180 458 | 21,8 | 13,5 | 25,0 | 13,7 |
| | Bevolk = Y | 317 352 | 1 069 653 | 305 951 | 1 315 559 | | | | |
| Natal | Sep = X | 50 255 | 170 404 | 46 319 | 299 431 | 20,6 | 21,0 | 26,5 | 23,5 |
| | Bevolk = Y | 244 252 | 811 728 | 174 865 | 967 658 | | | | |
| Transvaal | Sep = X | 281 387 | 269 452 | 297 101 | 292 819 | 23,0 | 21,4 | 36,8 | 21,9 |
| | Bevolk = Y | 1 225 920 | 1 261 485 | 807 151 | 1 336 219 | | | | |
| OVS | Sep = X | 46 239 | 60 665 | 37 464 | 61 705 | 18,7 | 18,3 | 22,9 | 18,1 |
| | Bevolk = Y | 247 339 | 331 462 | 163 675 | 340 631 | | | | |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

<u>1951</u>

| Streke | Totaal | Manlik<br>S<br>I | <br>NS<br>II | Vroulik<br>S<br>III | <br>NS<br>IV | Persentasie<br>I=X/Y | <br>II=X/Y | <br>III=X/Y | <br>IV=X/Y |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kaapprovinsie | Sep = X<br>Bevolk = Y | 137 247<br>1 146 404 | | 163 762<br>1 345 617 | | 12,0 | | 12,2 | |
| Natal | Sep = X<br>Bevolk = Y | 37 795<br>185 411 | 140 530<br>692 668 | 27 742<br>103 189 | 185 619<br>828 834 | 20,4 | 20,3 | 26,9 | 22,4 |
| Transvaal | Sep = X<br>Bevolk = Y | 175 877<br>908 624 | 209 485<br>1 040 155 | 156 437<br>409 604 | 199 977<br>1 044 387 | 19,4 | 20,1 | 31,9 | 19,2 |
| OVS | Sep = X<br>Bevolk = Y | 21 457<br>104 853 | 55 900<br>291 042 | 23 214<br>105 044 | 55 253<br>273 251 | 20,5 | 19,2 | 22,1 | 20,2 |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 3 SWARTES - RSA (SUID-AFRIKA) - STEEKPROEF 1980

| Kode | Geloof | Totaal | Manlik | Vroulik | % |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Nederduitse Geref. Kerk | 1 103 600 | 556 800 | 546 800 | 6,52 |
| 2 | Gereformeerde Kerk | 65 340 | 32 640 | 32 700 | ,39 |
| 3 | Ned. Hervormde Kerk | 25 920 | 13 300 | 12 620 | ,15 |
| 4 | Church of the Province | 161 840 | 77 680 | 84 160 | ,96 |
| 5 | Church of England (SA) | 50 760 | 27 560 | 23 200 | ,30 |
| 6 | Ch. of England | 132 520 | 69 800 | 62 720 | ,78 |
| 7 | Anglican | 451 900 | 243 340 | 208 560 | 2,67 |
| 8 | Methodist Church | 1 554 320 | 818 780 | 735 540 | 9,18 |
| 9 | Presbyterian Church | 360 800 | 181 020 | 179 780 | 2,13 |
| 10 | United Congr. Church | 208 440 | 105 160 | 103 280 | 1,23 |
| 11 | Lutherse Kerk | 698 940 | 349 760 | 349 180 | 4,13 |
| 12 | Rooms Katoliek | 1 677 000 | 867 220 | 809 780 | 9,90 |
| 13 | Apostoliese Geloofsend. | 125 700 | 63 260 | 62 440 | ,74 |
| 14 | Ander Apostoliese Kerke | 280 200 | 139 020 | 141 180 | 1,66 |
| 15 | Baptiste | 161 240 | 78 540 | 82 700 | ,95 |
| 16 | Pinkster Protestante | 14 180 | 6 940 | 7 240 | ,08 |
| 17 | Geloofsgenesing | 6 780 | 3 480 | 3 300 | ,04 |
| 18 | Volle Evangeliese Kerk | 61 380 | 29 820 | 31 560 | ,36 |
| 19 | Griekse Kerk | 2 340 | 1 420 | 920 | ,01 |
| 20 | Mormone (Latter Day...) | 3 940 | 2 060 | 1 880 | ,02 |
| 21 | Pinkster Kerk | 24 480 | 11 960 | 12 520 | ,15 |
| 22 | Heilsleër | 43 520 | 21 460 | 22 060 | ,28 |
| 23 | Sewende Dag Adventiste | 49 860 | 24 400 | 25 460 | ,30 |
| 24 | SA Algemene Sending | 4 160 | 2 060 | 2 100 | ,03 |
| 25 | Switserse Kerk | 82 820 | 41 640 | 41 180 | ,50 |
| 26 | Assemblies of God | 100 280 | 48 860 | 51 420 | ,59 |
| 27 | Zion Christian Church | 764 280 | 379 300 | 384 980 | 4,52) |
| 28 | Ander Swart Onafh. | 4 189 660 | 2 049 700 | 2 139 960 | 24,75) |
| 29 | Ander Christen Kerke | 139 260 | 66 820 | 72 440 | ,82 |
| 30 | Joods/Hebreeus | 5 160 | 2 880 | 2 280 | ,03 |
| 31 | Boeddhiste | 8 820 | 4 740 | 4 080 | ,05 |
| 32 | Confuciane | 14 860 | 7 980 | 6 880 | ,09 |
| 33 | Hindoe | 3 300 | 1 600 | 1 700 | ,02 |
| 34 | Islam | 8 300 | 4 940 | 3 360 | ,05 |
| 35 | Ander Gelowe | 61 440 | 33 620 | 27 820 | ,36 |
| 36 | Maak beswaar | 592 140 | 302 680 | 289 460 | 3,50 |
| 37 | Geen Godsdiens, geen K | 531 820 | 323 600 | 208 220 | 3,14 |
| 38 | ? | 3 152 360 | 1 699 260 | 1 453 100 | 18,62 |
| | TOTAAL | 16 923 660 | 8 695 100 | 8 228 560 | 100.00 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

TABEL 3(a) SWARTES - BOPHUTHATSWANA 1980

| Kode | Geloof | Totaal | Manlik | Vroulik | % |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Nederduitse Geref. Kerk | 137 317 | 60 145 | 77 172 | 9,14 |
| 2 | Gereformeerde Kerk | 7 788 | 3 465 | 4 323 | ,52 |
| 3 | Ned Hervormde Kerk | 1 056 | 503 | 553 | ,07 |
| 4 | Church of the Province | 17 601 | 7 337 | 10 264 | 1,17 |
| 5 | Church of England (SA) | 678 | 470 | 208 | ,05 |
| 6 | Ch. of England | 10 657 | 4 782 | 5 875 | ,71 |
| 7 | Anglican | 73 203 | 32 586 | 40 617 | 4,87 |
| 8 | Methodist Church | 186 461 | 82 359 | 104 102 | 12,42 |
| 9 | Presbyterian Church | 11 888 | 5 280 | 6 608 | ,79 |
| 10 | United Congr. Church | 58 459 | 24 707 | 33 752 | 3,89 |
| 11 | Lutherse Kerk | 186 410 | 81 746 | 104 664 | 12,41 |
| 12 | Rooms Katoliek | 134 161 | 60 006 | 74 155 | 8,93 |
| 13 | Apostoliese Geloofsend. | 3 963 | 1 717 | 2 246 | ,26 |
| 14 | Ander Apostoliese Kerke | 2 646 | 1 424 | 1 222 | ,18 |
| 15 | Baptiste | 14 672 | 6 535 | 8 137 | ,98 |
| 16 | Pinkster Protestante | 2 473 | 1 052 | 1 421 | ,17 |
| 17 | Geloofsgenesing | 181 | 70 | 111 | ,01 |
| 18 | Volle Evangeliese Kerk | 8 528 | 3 548 | 4 980 | ,57 |
| 19 | Griekse Kerk | 182 | 73 | 109 | ,01 |
| 20 | Mormone (Latter Day ..) | 446 | 221 | 225 | ,03 |
| 21 | Pinkster Kerk | 8 350 | 3 518 | 4 832 | ,56 |
| 22 | Heilsleër | 1 195 | 536 | 659 | ,08 |
| 23 | Sewende Dag Adventiste | 4 285 | 1 808 | 2 477 | ,29 |
| 24 | SA Algemene Sending | 128 | 59 | 69 | ,01 |
| 25 | Switserse Kerk | 9 524 | 4 357 | 5 167 | ,63 |
| 26 | Assemblies of God | 3 805 | 1 753 | 2 052 | ,25 |
| 27 | Zion Christian Church | 98 013 | 43 059 | 54 954 | 6,53) |
| 28 | Ander Swart Onafh. | 430 439 | 188 942 | 241 497 | 28,66) |
| 29 | Ander Christen Kerke | 9 530 | 4 184 | 5 346 | ,63 |
| 30 | Joods/Hebreeus | 247 | 101 | 146 | ,02 |
| 31 | Boeddhiste | 23 | 23 | 0 | - |
| 32 | Confuciane | 24 | 13 | 11 | - |
| 33 | Hindoe | 6 | 2 | 4 | - |
| 34 | Islam | 506 | 325 | 181 | ,03 |
| 35 | Ander Gelowe | 738 | 496 | 242 | ,05 |
| 36 | Maak beswaar | 25 028 | 13 435 | 11 593 | 1,67 |
| 37 | Geen Godsdiens, geen K | 2 796 | 2 003 | 793 | ,19 |
| 38 | ? | 48 251 | 25 362 | 22 889 | 3,21 |
| | TOTAAL | 1 501 658 | 668 002 | 833 656 | 99,99 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Die persentasieverspreiding per kerkverband word op die totaal van 16 923 760 bereken. Daar word in besonder verwys na die Zion Christian Church (no. 27). Met 764 280 aanhangers is die ZCC-groep stellig die grootste van die Swart Onafhanklike Kerke en maak 4,52% van die totaal uit. Slegs die Rooms-Katolieke Kerk, die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Metodiste Kerk versyfer 'n hoër persentasie - afgesien van die getalryke aanhangers van die tradisionele religie wat onder Kodeno. 38 versyfer is en waartoe vir die meer globale on= derskeidinge Nos. 36 en 37 saamgetel kan word. Kodenos. 27 en 28 saam gee ons 29,27% - wat dan ook in die volgende Tabelle (4 en verder) so aangebied word. Die byvoeging van Bophuthatswana - Tabel 3(a) - stoot hierdie persentasie op tot 29,7% aangesien Bophuthatswana (1980) 'n persentasie van 35,2% daarstel.

2.4 Tabel 4 groepeer die gegewens van Tabel 3 onder twaalf onder= skeidinge. Die laaste (saamgestelde) groep is in hoë mate aanhangers van die tradisionele religie. Hierdie persentasie van 25,27% is die tweede grootste. Dit is slegs 4% laer as die separatiste of soos dit tans genoem word Swart Onafhanklike Kerke. Hieruit is dit duide= lik dat die separatiste bewegings met 29,27% die grootste enkele geloofsgroepering onder die Swartes is.

2.5 Kerkverband - Getals- en Persentasieverspreiding RSA (Suid-Afrika)

Tabel 5 orden die gegewens vir die sensusjare 1951, 1960, 1970 en 1980 oorsigtelik. Die aanbring van die onderskeie persentasies naas die totale vergemaklik interpretasie.

2.5.1 Met die uitsondering van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, en die Rooms-Katolieke toon die ander gevestigde Kerke 'n afname vir die sensusjare waar 'n vergelyking getref word tussen 1980 en 1970. So verminder die persentasies vir die Anglikaanse van 6,4% tot 4,7%, vir die Metodiste van 11,9% tot 9,2%, vir die Presbiteriaanse van 2,9% tot 2,1% en vir die Lutherse van 5,3% tot 4,1%.

2.5.2 Die daling in 2.5.1 genoem, kan nie gewyt word aan 'n milder toesegging aan "Ander Christenkerke" nie. Ook daar is 'n daling van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 4 SWARTES - RSA (TWAALFDELING/KATEGORIEË) STEEKPROEF 1980

| KERKVERBAND | Totaal | Manlik | Vroulik | % |
|---|---|---|---|---|
| Nederduitse Gereformeerde | 1 103 560 | 557 000 | 546 560 | 6,52 |
| Anglikaanse | 797 040 | 418 620 | 378 420 | 4,71 |
| Metodiste | 1 554 280 | 818 920 | 735 360 | 9,18 |
| Presbiteriaanse | 360 620 | 181 140 | 179 480 | 2,13 |
| Congregational | 208 380 | 105 080 | 103 300 | 1,23 |
| Lutherse | 698 400 | 349 640 | 348 760 | 4,13 |
| Rooms-Katolieke | 1 676 680 | 867 080 | 809 600 | 9,91 |
| Apostoliese Geloofsending | 125 680 | 63 380 | 62 300 | 0,74 |
| Swart Onafhanklike Kerke | 4 954 000 | 2 429 080 | 2 524 920 | 29,27 |
| Ander Christenkerke | 1 066 180 | 524 780 | 541 400 | 6,31 |
| Ander Nie-Christenkerke | 101 700 | 55 560 | 46 140 | 0,60 |
| Maak beswaar / ? / Geen Kerkverband | 4 277 240 | 2 325 800 | 1 951 440 | 25,27 |
| TOTAAL | 16 923 760 | 8 696 080 | 8 227 680 | 100,00 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022



TABEL 5 SWARTES - RSA - 1980 1970 1960 1951

| Kerkverband | Totaal 1980 | Totaal 1970 | Totaal 1960 | Totaal 1951 | Persentasie 1980 | Persentasie 1970 | Persentasie 1960 | Persentasie 1951 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| T o t a a l | 16 923 760 | 15 339 975 | 10 921 631 | 8 560 083 | | | | |
| Nederduitse Gereformeerde | 1 103 560 | 909 861 | 524 706 | 297 382 | 6,5 | 5,9 | 4,8 | 3,5 |
| Gereformeerde | | 39 347 | 18 112 | 8 019 | | 0,3 | 0,2 | 0,1 |
| Nederduits Hervormde | | 30 141 | 21 565 | 20 889 | | 0,2 | 0,2 | 0,2 |
| Anglikaanse | 797 040 | 982 093 | 752 095 | 579 647 | 4,7 | 6,4 | 6,9 | 6,8 |
| Metodiste | 1 554 280 | 1 825 862 | 1 320 566 | 1 041 656 | 9,2 | 11,9 | 12,1 | 12,2 |
| Presbiteriaanse | 360 620 | 451 186 | 203 929 | 172 415 | 2,1 | 2,9 | 1,9 | 2,0 |
| Congregational | 208 380 | 216 627 | 136 330 | 121 053 | 1,2 | 1,4 | 1,2 | 1,4 |
| Lutherse | 698 400 | 811 669 | 542 668 | 415 548 | 4,1 | 5,3 | 5,0 | 4,8 |
| Rooms-Katolieke | 1 678 680 | 1 375 455 | 755 073 | 462 130 | 9,9 | 9,0 | 6,9 | 5,4 |
| Apostoliese Geloofsending | 125 680 | 125 181 | 119 960 | 149 789 | 0,7 | 0,8 | 1,1 | 1,7 |
| Baptiste | | | 103 700 | 76 780 | | | 0,9 | 0,9 |
| Sewende Dag-Adventiste | | | 22 604 | 28 900 | | | 0,2 | 0,3 |
| Swart Onafhanklike Kerke | 4 954 000 | 2 716 019 | 2 313 365 | 1 593 939 | 29,3 | 17,7 | 21,2 | 18,6 |
| Ander Christenkerke | 1 066 180 | 1 494 096 | 585 386 | 110 763 | 6,3 | 9,7 | 5,2 | 1,3 |
| Ander Nie-Christenkerke | 101 700 | 72 641 | | | 0,6 | 0,5 | | |
| Ander en Ongespesifiseer (Maak beswaar - ? - Geen Kerkverband) | 4 227 240 | 4 289 797 | 3 501 572 | 3 481 173 | 25,3 | 28,0 | 32,0 | 40,6 |
| | | | | | 99,9 | 100,0 | 99,8 | 99,8 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



9,7% tot 6,3%. Op navraag het ons 'n bevredigende antwoord gekry. Die Departement van Statistiek (SSD) wat nou onder die Departement van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning ressorteer, het besondere moeite gedoen om in samewerking met die ander betrokke Departemente amptelike lêers en name rakende "Swart Onafhanklike Kerke" te be= studeer. Daarna is die verkreë kennis aangewend om 'n uitvoerige lys as handleiding vir versyferaars op te stel. Gevolglik is sekere Kerke, wat blykbaar vir die sensus-1970 foutiewelik as bv. Metodiste of Anglikaans versyfer is, tans noukeuriger ingedeel. Ons is daar= van oortuig dat ons in hoë mate peil kan trek op die huidige ver= syferingsresultaat.

2.5.3 Die verduideliking in 2.5.2 veroorloof 'n mens - al is die gegewens vir 1970 ook aangebring - om die momente 1951, 1960 en 1980 vir vergelyking en bevinding voorrang te gee.

Vir die jare 1980, 1960 en 1951 was die globle separatistepersentasie onderskeidelik: 29,3%, 21,2% en 18,6% terwyl die globale tradisioneel-religieuse persentasie 25,9%, 32,0% en 40,7% was. Tussen 1960 en 1980 het die separatiste dus toegeneem van 21,2% van die totale swart bevolking tot 29,3%. Dit is 'n 7,9% vermeerdering teenoor 'n vermeer= dering van 2,6% vir 1951 en 1960. Met verwysing na paragraaf 2.1.1 was daar dus 'n betekenisvolle vermeerdering van die separatiste tussen die sensusmomente 1946 en 1951 van 9% en 'n tweede oplewing tussen 1960 en 1980 van 7,9%. (Bophuthatswana (1980) is hier buite rekening ge= laat).

2.5.4 In teenstelling tot die toename by die separatiste, het die ooreenstemmende persentasies vir Nie-Christene of aanhangers van die tradisionele religie binne die totale swart bevolking soos volg gedaal: 40,7%, 32,0% en 25,9% vir die sensusmomente 1951, 1960 en 1980.

2.6 Globale Driedeling - Christene, Separatiste en Nie-Christene

Tabel 6. 'n Globale driedeling geskoei op Tabel 5 lewer die volgende getals- en persentasieverspreiding. Die eerste van die drie groeperinge,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

TABEL 6 SWARTES - RSA - INGEDEEL VOLGENS CHRISTENE, SEPARATISTE EN NIE-CHRISTENE (AANHANGERS VAN DIE TRADISIONELE RELIGIE) 1980 1970 1960 1951

| | Totaal 1980 | Totaal 1970 | Totaal 1960 | Totaal 1951 | % 1980 | % 1970 | % 1960 | % 1951 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Totaal = (a) + | 16 923 760 | 15 339 975 | 10 921 631 | 8 560 083 | | | | |
| Christene = (b) | 7 590 820 | 8 261 518 | 5 106 694 | 3 484 971 | 44,8 | 53,9 | 46,8 | 40,7 |
| Separatiste = (c) | 4 954 000 | 2 716 019 | 2 313 365 | 1 593 939 | 29,3 | 17,7 | 21,2 | 18,6 |
| Nie-Christene = (d) | 4 378 940 | 4 362 438 | 3 501 572 | 3 481 173 | 25,9 | 28,4 | 32,0 | 40,7 |

\+ (b)= Nederduitse Gereformeerde tot en met Sewende Dag-Adventiste plus Ander Christenkerke
(c)= Swart Onafhanklike Kerke
(d)= Ander Nie-Christenkerke plus Ander en Ongespesifiseer (Maak beswaar - ? - en Geen Kerkverband)
(a)= Totaal swart bevolking

\+ + Die vergelykbare verwerking vir Bophuthatswana gebaseer op die finale sensussyfers 1980 is soos volg: (a) 1 501 658; (b) 895 587 of 59,6%; (c) 528 452 of 35,2% en 76 075 of 5,2%.

die Christene , is 'n bykomende element ten einde oorsigtelike verge=lyking te bevorder. Hierdie samevatting toon op sy beurt dat die groei/afname van die meer gevestigde Kerkgenootskappe soos volg is: vir die jare 1951, 1960 en 1980 as persentasie van die betrokke totaal-bevolking was dit 40,7%, 46,8% en 44,8%. Die stygende lyn van separa=tistebewegings van 1951 tot 1980 dit is vanaf 18,6% tot 29,3% en die afname in die persentasie Nie-Christene van 40,7% tot 25,9% word in die totale herhaal.

Uit ervaring wat met Verslag 1973 opgedoen is, moet ons waarsku dat dit gevaarlik is om uit hierdie statistiese opsomming die ooglopende gevolgtrekking te maak dat die aanhang van die gevestigde Christelike kerke sedert 1951 baie stadig gegroei het en dat dit veral die separa=tistebewegings is wat meerdere aanhangers uit diegene wat Nie-Christene is, getrek het. Die moontlikheid dat 'n groot deel van die wins van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



separatistebewegings wel uit die Christene afkomstig is en dat ge=vestigde kerke hierdie verlies deur verdere kerstening gebalanseer het, moet deeglik ondersoek word. Ons kon hierdie aspek nie verder ontleed nie.

## 2.7 Die Sotho van die RSA

2.7.1 Waar die ondersoek gaan oor Separatisme by die Sotho van die RSA is bevind dat goedskiks met die Taalkaart van Suid-Afrika (Van Warmelo 1952) as basis gewerk kan word. Die kaart in hierdie publi=kasie baken in globale vorm die gebiede af waar een of ander van die taalgroepe oorwegend is. Hierdie taalkriterium kan aangewend word, om ook die etniese indeling aan te dui. 'n Verdere aanbeveling is dat Van Warmelo as Staatsetnoloog die statistiek van die 1946-sensus ver=werk het en op sy beurt 'n kaart gebruik waarop die destydse landdros=distrike aangegee is. En waar ons meen dat vir fyner statistiese verwerking en aanskoulike voorstelling die 1951-sensus die beste tot op die vooraand van die 1980-sensus is, is die veranderinge wat binne die algemene raamwerk aangebring moes word, minimaal. Oor die alge=meen en vir praktiese doeleindes, kan volstaan word met die begrensing van die Sothogroepe soos in die Taalkaart vervat. Die posisie word vereenvoudig deur 'n driedeling daarop na te hou, te wete, Suid-Sotho, Tswana en Noord-Sotho. Binne hierdie gebiede en hulle onderlinge oorvleueling word minderheidsgroepe soos die Ndebele uitgeskakel.

2.7.2 Met verwysing na die sterkteverhouding van die onderskeie groepe, het Van Warmelo korreksies op die 1946-sensus vir sy skatting aangebring. Ons aanvaar dit. Van Warmelo gee uit 'n totaal van 7 400 000 Swartes die Suid-Sotho as 748 000 of 10,1% aan; die Tswana as 596 000 of 8,0% en die Noord-Sotho as 772 000 of 10,4%. Tabel 7 toon verder aan dat die sterkteverhouding van die Sothogroepe gesament=lik oor die jare 1951-1980 ten opsigte van die globale swart bevolking feitlik konstant gebly het.

2.7.3 Vir die Noord-Sotho, Tswana en Suid-Sotho gesamentlik is Van Warmelo se skatting 28,5% van die totale swart bevolking in 1946. Die ooreenstemmende persentasies vir die jare 1951, 1960, 1970 en 1980

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 7 SWARTES - BEVOLKING VOLGENS VOLKSEENHEID

| Volkseenheid | 1951 | 1960 | 1970 | 1980 | Persentasie | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Totaal | 8 560 | 10 922 | 15 918 | 20 220 | | | | |
| Xhosa | 2 486 | 3 062 | 4 150 | 5 229 | 29,1 | 28,0 | 26,1 | 25,9 |
| Zulu | 2 206 | 2 862 | 4 262 | 5 495 | 25,8 | 26,2 | 26,8 | 27,2 |
| Swazi | 293 | 338 | 500 | 737 | 3,4 | 3,1 | 3,1 | 3,6 |
| Ndebele | 212 | 291 | 425,3 | 679 | 2,5 | 2,7 | 2,7 | 3,4 |
| Noord-Sotho | 941 | 957 | 1 703 | 2 350 | 11,0 | 8,8 | 10,7 | 11,6 |
| Tswana | 703 | 1 149 | 1 782 | 2 083 | 8,2 | 10,5 | 11,2 | 10,3 |
| Suid-Sotho | 917 | 1 291 | 1 439 | 1 938 | 10,7 | 11,8 | 9,0 | 9,6 |
| Shangaan/Tsonga | 406 | 506 | 690 | 985 | 4,7 | 4,6 | 4,3 | 4,9 |
| Venda | 146 | 242 | 381 | 522 | 1,7 | 2,2 | 2,4 | 2,5 |
| Ander | | | 95,7 | | | | 0,6 | |
| en | 250 | 224 | | 202 | 2,9 | 2,1 | | 1,0 |
| Vreemde Swartes | | | 490 | | | | 3,1 | |
| | | | | | 100,0 | 100,0 | 100,0 | 100,0 |

Vir die sensusjare 1970 en 1980 is die Buro vir Ekonomiese Navorsing: Samewerking en Ontwikkeling (BENSO) se uitgawe Statistiese Oorsig van Swart Ontwikkeling 1980, gebruik - Tabelle 9 en 8.

BENSO verduidelik in voetnota 1 by Tabel 8 soos volg: Eerste voor=lopige resultate van die bevolkingsensus 6 Mei 1980, behalwe t.o.v. Transkei waarvoor ramings gemaak is.

is soos volg: 29,9%, 30,1%, 30,9% en 31,5%. In die breë kan die Sotho=bevolkings op 31% van die RSA-totaal met bytelling van Transkei, Bo=phuthatswana en Venda - gesamentlik 20 220 000 - gestel word vir 1980. In 'n ronde syfer kom die totaal vir die Sothogroepe te staan op 6 268 000.

2.8 Ordening en korrelering van gegewens insake godsdiensverband

2.8.1 Daar is reeds betoog waarom voorrang aan die 1951- en 1980-sensus=bestelle gegee word. Waar daar egter buitegewone klem gelê word op die 1951-gegewens in 'n reeks tabelle en hulle aanskoulike aanbieding in die vorm van digtheidskaarte, is 'n verdere verduideliking nodig. Vir die 1951-sensus is die tersaaklike driedeling soos volg bereken: "Christene" - 'n totaal verkry deur die gegewens onder Kodenos. 00 - 34 en 36 saam te tel; "Separatiste" - gegewens onder Kodeno. 35 - sonder meer oor=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gedra; - en "Nie-Christene" - gegewens onder Kodenos. 37 tot met 54 plus XX saam te tel. (Vgl. Byl A p101). Die drie geloofsgroepe is naas die totale swart bevolking per landdrosdistrik getabelleer. Daarna is elke groep as persentasie van die totale swart bevolking bereken. Ook is 'n vierde persentasie uitgewerk, waarmee Separatiste as persentasie van swart Christene vir die betrokke landdrosdistrik bereken is. Landdrosdistrikte wat hier ter sprake is, val binne die globale omgrensinge van die Suid-Sotho, Tswana en Noord-Sotho op die aangepaste Taalkaart (vgl. 2.7.1). In hierdie omraming val ook die etnies-heterogene stedelike kompleks wat be=sondere aandag verg, naamlik die óm Pretoria, die Witwatersrand en Vereeniging-VanderBijlpark.

Rakende die 1951-sensus, die tabelle en hulle aanskoulike voorstelling is Tabelle 8, 9, 10 en 11 en Figure I, II, III en IV voorhande.

2.8.2 Dit was nie moontlik om die 1980-gegewens ewe uitvoerig te verwerk nie. Daar word dus met die oog op vergelyking naas wat in 2.8.1 aangevoer is, volstaan met 'n verwerking op Ekonomiese Streek - basis vir 1960 (Tabel 12 en Figuur V) en met Statistiese Streke as grondslag vir 1980 (Tabel 13 en Figuur VI).

## 2.9 Hooftrekke rakende omvang en digtheidsfrekwensie

### 2.9.1 Vergelyking met voorbehoud en behoefte aan perspektief

Daar kan op sterkte van Tabelle 8 tot en met 13 en hulle projeksies op die Taalkaart, veral vergelykend gekyk word na Figure II, V en VI. Die figure toon onderskeidelik die separatistefrekwensie aan vir die sensusmomente 1951, 1960 en 1980. Die vergelyking is met 'n besondere voorbehoud geldig. Die voorbehoud is dat Fig. II die 1951-gegewens op landdrosdistrikbasis arseer, terwyl Fig V die 1960-gegewens per Ekonomiese Streke arseer en Fig. VI die gegewens per Statistiese Streke arseer. Fig. II en Fig. V is strenger direk vergelykbaar. Die betrokke distrikte het van 1951 tot 1961 nie noemenswaardig ver=ander nie. Die Ekonomiese Streke van 1960 is veelal groter omlys=tinge. Dit is egter opsigtelik dat sekere dightheidsfrekwensies en

Vervolg p.102

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 8 SWARTES - INGEDEEL VOLGENS CHRISTENE, SEPARATISTE EN NIE-CHRISTENE
PLATTELANDSE NOORD-SOTHOGEBIED[1] 1951

| KODENO.[7] | LANDDROSDISTRIK | a[2] BEVOLKING | b[3] CHRISTENE | c[4] SEPARATISTE | d[5] NIE-CHRISTENE | PERSENTASIES[6] b/a | c/a | d/a | c/b |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Belfast | 22 745 | 8 172 | 6 185 | 8 388 | 35,93 | 27,19 | 36,88 | 75,68 |
| 2 | Bronkhorstspruit | 58 819 | 24 577 | 14 909 | 19 333 | 41,78 | 25,35 | 32,87 | 60,66 |
| 3 | Groblersdal | 75 368 | 9 756 | 5 008 | 60 604 | 12,95 | 6,64 | 80,41 | 51,33 |
| 4 | Letaba | 126 698 | 12 452 | 3 425 | 110 821 | 9,82 | 2,70 | 87,48 | 27,51 |
| 5 | Lydenburg | 102 320 | 21 590 | 5 029 | 75 701 | 21,09 | 4,91 | 74,00 | 23,34 |
| 6 | Middelburg | 58 345 | 18 640 | 10 010 | 29 695 | 31,95 | 17,16 | 50,89 | 53,71 |
| 7 | Nelspruit | 61 693 | 7 750 | 11 605 | 42 338 | 12,56 | 18,81 | 68,63 | 149,74 |
| 8 | Pelgrimsrust | 87 495 | 13 283 | 14 880 | 59 332 | 15,18 | 17,00 | 67,82 | 112,02 |
| 9 | Pietersburg | 195 780 | 43 645 | 22 871 | 129 264 | 22,29 | 11,68 | 66,03 | 52,40 |
| 10 | Potgietersrust | 119 899 | 18 574 | 7 226 | 94 099 | 15,49 | 6,03 | 78,48 | 38,90 |
| 11 | Pretoria* | 211 730 | 114 680 | 55 809 | 41 241 | 54,16 | 26,36 | 19,48 | 48,66 |
| 12 | Soutpansberg | 218 875 | 18 047 | 6 131 | 194 697 | 8,25 | 2,80 | 88,95 | 33,97 |
| 13 | Waterberg | 41 042 | 16 520 | 11 862 | 12 660 | 40,25 | 28,90 | 30,85 | 71,80 |
| 14 | Witbank | 59 822 | 25 905 | 14 914 | 19 003 | 43,30 | 24,93 | 31,77 | 57,58 |
| *Pretoria (Metropolitaans) | | 122 407 | 67 144 | 29 835 | 25 428 | 54,86 | 24,37 | 20,77 | 44,43 |

[1] Die Noord-Sothogebied hou verband met die TAALKAART VAN SUID-AFRIKA deur N.J. Van Warmelo, Staatsetnoloog, Etnologiese Reeks Nr. 27, Pretoria, 1952.

[2] Die Bevolking, afgekort as a, is die Bantoebevolking, 1951.

[3] Christene, afgekort as b, is die totaal verkry deur die gegewens onder Kodenrs. 00-34 en 36 saam te tel. (Vgl. Bylaag A p101 vir kodenommers in die geval).

[4] Separatiste, afgekort as c, is die gegewens onder Kodenr. 35.

[5] Nie-Christene, afgekort as d, is die totaal verkry deur die gegewens onder Kodenrs. 37-54 en XX saam te tel.

[6] Persentasies word verkry deur bv. in die geval van Lydenburg die Separatiste as persentasie van die bevolking te bereken: c X 100 ÷ a = 5 029 X 100 ÷ 102 320 = 4,91%.

[7] Kodenommers is aan distrikte en stede toegeken, bv. Nr. 3 = Groblersdal, met die oog op aanskoulike aanbieding: Fig. II. Vgl. die heel linkerkantse kolom van hierdie en die hieropvolgende tabelle.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 9 SWARTES - INGEDEEL VOLGENS CHRISTENE, SEPARATISTE EN NIE-CHRISTENE
PLATTELAND, WES-SOTHOGEBIED[1] 1951

| KODENR | LANDDROSDISTRIK | BEVOLKING a | CHRISTENE b | SEPARATISTE c | NIE-X.E d | PERSENTASIE b/a | c/a | d/a | c/b |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Barkly-Wes | 15 008 | 11 155 | 3 231 | 622 | 74,33 | 21,53 | 4,14 | 28,96 |
| 2 | Bloemhof | 6 676 | 2 904 | 3 581 | 191 | 43,50 | 53,64 | 2,86 | 123,31 |
| 3 | Brits | 35 072 | 23 321 | 8 080 | 3 671 | 66,49 | 23,04 | 10,47 | 34,65 |
| 4 | Christiana | 6 827 | 4 189 | 2 452 | 186 | 61,36 | 35,92 | 2,72 | 58,53 |
| 5 | Delareyville | 20 379 | 12 706 | 7 315 | 358 | 62,35 | 35,90 | 1,75 | 57,57 |
| 6 | Hay | 5 873 | 4 829 | 627 | 417 | 82,22 | 10,68 | 7,10 | 12,98 |
| 7 | Herbert | 9 334 | 7 249 | 1 714 | 371 | 77,66 | 18,36 | 3,98 | 23,64 |
| 8 | Klerksdorp | 74 917 | 29 084 | 10 666 | 8 167 | 38,82 | 14,24 | 10,90 | 36,34 |
| 9 | Krugersdorp | 52 909 | 25 867 | 9 403 | 17 639 | 48,89 | 17,77 | 33,34 | 36,35 |
| 10 | Kimerley* | 36 270 | 27 840 | 5 538 | 2 892 | 76,76 | 15,27 | 7,97 | 19,89 |
| 11 | Kuruman | 22 079 | 16 100 | 1 233 | 4 726 | 72,92 | 5,58 | 21,40 | 7,67 |
| 12 | Lichtenburg | 51 519 | 34 083 | 15 272 | 2 164 | 66,16 | 29,64 | 4,20 | 44,81 |
| 13 | Mafeking | 43 667 | 28 969 | 9 204 | 5 494 | 66,34 | 21,08 | 12,58 | 31,77 |
| 14 | Marico | 42 626 | 21 136 | 10 543 | 10 947 | 49,59 | 24,73 | 25,68 | 49,88 |
| 15 | Postmasburg | 17 941 | 13 050 | 1 384 | 3 507 | 72,74 | 7,71 | 19,55 | 10,61 |
| 16 | Potchefstroom | 55 059 | 32 916 | 13 012 | 9 131 | 59,78 | 23,63 | 16,59 | 39,53 |
| 17 | Randfontein | 52 593 | 22 960 | 9 742 | 19 891 | 43,68 | 18,54 | 37,82 | 42,43 |
| 18 | Roodepoort | 58 719 | 24 726 | 6 987 | 27 006 | 42,11 | 11,89 | 46,00 | 28,28 |
| 19 | Rustenburg | 115 827 | 74 410 | 28 326 | 13 091 | 64,24 | 24,46 | 11,30 | 38,07 |
| 20 | Schweizer-Reneke | 18 124 | 9 527 | 8 348 | 249 | 52,57 | 46,06 | 1,37 | 87,62 |
| 21 | Taung | 30 072 | 19 340 | 7 395 | 3 337 | 64,31 | 24,59 | 11,10 | 38,24 |
| 22 | Ventersdorp | 27 320 | 20 020 | 6 829 | 471 | 73,28 | 25,00 | 1,72 | 34,11 |
| 23 | Vryburg | 46 591 | 25 288 | 8 088 | 13 215 | 54,28 | 17,36 | 28,36 | 31,98 |
| 24 | Warmbad | 45 043 | 26 329 | 13 068 | 5 646 | 58,45 | 29,01 | 12,54 | 49,63 |
| 25 | Warrenton | 13 758 | 9 511 | 3 305 | 942 | 69,13 | 24,02 | 6,85 | 34,75 |
| 26 | Wolmaransstad | 23 174 | 15 973 | 6 635 | 556 | 68,93 | 28,63 | 2,44 | 41,54 |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| * Kimberley (Metropolitaans) | 26 704 | 20 547 | 4 436 | 1 721 | 76,94 | 16,61 | 6,45 | 21,59 |

1 Die gebied as Wes-Sotho omskrywe, hou verband met die TAALKAART van Van Warmelo.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 10 SWARTES - INGEDEEL VOLGENS CHRISTENE, SEPARATISTE EN NIE-CHRISTENE - PLATTELAND SUID-SOTHOGEBIED[1] 1951

| Kodeno. | Landdrosdistrik | a Bevolking | b Christene | c Separatiste | d Nie-X.E. | b/a | c/a Persentasie | d/a | c/b |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Aliwal-Noord | 12 316 | 7 191 | 2 036 | 3 089 | 58,39 | 16,53 | 25,08 | 28,31 |
| 2 | Bethlehem | 39 209 | 15 717 | 4 717 | 18 775 | 40,09 | 12,03 | 47,88 | 30,01 |
| 3 | Bethule | 6 001 | 4 420 | 408 | 1 173 | 73,65 | 6,80 | 19,55 | 9,23 |
| 4 | Bloemfontein | 73 378 | 55 158 | 14 023 | 4 197 | 75,16 | 19,12 | 5,72 | 25,42 |
| 5 | Boshoff | 17 199 | 12 279 | 4 130 | 770 | 71,31 | 24,01 | 4,68 | 33,63 |
| 6 | Bothaville | 17 310 | 11 480 | 4 737 | 1 093 | 66,32 | 27,37 | 6,31 | 41,26 |
| 7 | Brandfort | 14 699 | 11 219 | 2 034 | 1 446 | 76,32 | 13,84 | 9,84 | 18,13 |
| 8 | Bultfontein | 9 378 | 6 340 | 2 347 | 691 | 67,60 | 25,03 | 7,37 | 37,02 |
| 9 | Clocolan | 13 744 | 8 809 | 1 160 | 3 775 | 64,09 | 8,44 | 27,47 | 13,17 |
| 10 | Dewetsdorp | 8 526 | 6 519 | 1 358 | 649 | 76,46 | 15,93 | 7,61 | 20,83 |
| 11 | Edenburg | 4 473 | 3 399 | 767 | 307 | 75,98 | 17,15 | 6,87 | 22,57 |
| 12 | Fauresmith | 14 737 | 12 281 | 679 | 1 777 | 83,33 | 4,61 | 12,06 | 5,53 |
| 13 | Ficksburg | 16 939 | 10 442 | 1 023 | 5 474 | 61,64 | 6,04 | 32,32 | 9,80 |
| 14 | Fouriesburg | 11 814 | 2 101 | 1 862 | 7 851 | 17,78 | 15,76 | 66,46 | 88,62 |
| 15 | Frankfort | 23 376 | 7 477 | 11 900 | 3 999 | 31,99 | 50,90 | 17,11 | 159,15 |
| 16 | Harrismith | 52 916 | 22 646 | 18 213 | 12 057 | 42,80 | 34,42 | 22,78 | 80,42 |
| 17 | Heidelberg | 40 900 | 24 580 | 13 253 | 3 067 | 60,10 | 32,40 | 7,50 | 53,92 |
| 18 | Heilbron | 33 503 | 20 388 | 5 733 | 7 382 | 60,85 | 17,11 | 22,04 | 28,12 |
| 19 | Hoopstad | 17 663 | 11 533 | 3 974 | 2 156 | 65,29 | 22,50 | 12,21 | 34,46 |
| 20 | Jacobsdal | 3 912 | 3 527 | 251 | 134 | 90,16 | 6,42 | 3,42 | 7,12 |
| 21 | Koppies | 12 239 | 7 159 | 2 749 | 2 331 | 58,49 | 22,46 | 19,05 | 38,40 |
| 22 | Kroonstad | 41 571 | 28 067 | 8 850 | 4 654 | 67,52 | 21,29 | 11,19 | 31,53 |
| 23 | Ladybrand | 17 997 | 15 633 | 1 084 | 1 280 | 86,87 | 6,02 | 7,11 | 6,93 |
| 24 | Lady Grey | 4 084 | 1 369 | 437 | 2 278 | 33,52 | 10,70 | 55,78 | 31,92 |
| 25 | Lindley | 22 227 | 8 860 | 3 660 | 9 707 | 39,86 | 16,47 | 43,67 | 41,31 |
| 26 | Marquard | 13 033 | 7 665 | 626 | 4 742 | 58,82 | 4,80 | 36,38 | 8,17 |
| 27 | Matatiele | 65 322 | 50 775 | 2 850 | 11 697 | 77,73 | 4,36 | 17,91 | 5,61 |
| 28 | Odendaalsrust | 41 539 | 23 629 | 7 584 | 10 326 | 56,88 | 18,26 | 24,86 | 32,10 |
| 29 | Parys | 11 679 | 6 307 | 4 088 | 1 284 | 54,01 | 35,00 | 10,99 | 64,82 |
| 30 | Philippolis | 4 082 | 2 801 | 439 | 842 | 68,62 | 10,75 | 20,63 | 15,67 |
| 31 | Potchefstroom | 55 059 | 32 916 | 13 012 | 9 131 | 59,78 | 23,65 | 16,57 | 39,54 |
| 32 | Reddersburg | 3 579 | 2 940 | 282 | 357 | 82,15 | 7,88 | 9,97 | 9,59 |
| 33 | Reitz | 21 413 | 4 832 | 7 205 | 9 376 | 22,57 | 33,65 | 43,78 | 149,11 |
| 34 | Rouxville | 7 474 | 5 569 | 212 | 1 693 | 74,51 | 2,84 | 22,65 | 3,81 |
| 35 | Senekal | 28 948 | 13 459 | 3 994 | 11 495 | 46,49 | 13,80 | 39,71 | 29,68 |
| 36 | Smithfield | 5 312 | 3 959 | 372 | 981 | 74,53 | 7,00 | 18,47 | 9,40 |
| 37 | Standerton | 46 597 | 19 052 | 23 882 | 3 663 | 40,89 | 51,25 | 7,86 | 125,35 |
| 38 | Thaba 'Nchu | 30 644 | 25 827 | 3 455 | 1 362 | 84,29 | 11,27 | 4,44 | 13,38 |
| 39 | Trompsburg | 3 643 | 3 092 | 277 | 274 | 84,88 | 7,60 | 7,52 | 8,96 |
| 40 | Ventersburg | 25 092 | 14 177 | 4 378 | 6 537 | 56,50 | 17,45 | 26,05 | 30,89 |
| 41 | Vereeniging | 107 594 | 62 334 | 32 417 | 12 843 | 57,93 | 30,13 | 11,94 | 52,01 |
| 42 | Viljoenskroon | 17 407 | 9 969 | 6 474 | 964 | 57,27 | 37,19 | 5,54 | 64,94 |
| 43 | Vrede | 29 137 | 13 507 | 9 199 | 6 431 | 46,36 | 31,57 | 22,07 | 68,11 |
| 44 | Vredefort | 8 493 | 4 774 | 3 390 | 329 | 56,23 | 39,90 | 3,87 | 71,01 |
| 45 | Wepener | 7 530 | 5 730 | 1 204 | 596 | 76,10 | 15,99 | 7,91 | 21,01 |
| 46 | Winburg | 33 044 | 21 775 | 6 127 | 5 142 | 65,59 | 18,54 | 15,56 | 28,14 |
| 47 | Zastron | 9 330 | 5 714 | 799 | 2 817 | 61,20 | 8,55 | 30,19 | 13,98 |

[1] Die gebied as Suid-Sotho omskrywe hou verband met die TAALKAART van Van Warmelo.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 11 SWARTES - INGEDEEL VOLGENS CHRISTENE, SEPARATISTE EN NIE-CHRISTENE - DORP- EN STADSGEBIEDE BINNE DIE GLOBALE SOTHOGEBIED - 1951

| Kodenr | Stadsgebied | a<br>Bevolking | b<br>Christene | c<br>Separatiste | d<br>Nie-X.E | Persentasie<br>b/a | c/a | d/a | c/b |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Bethlehem | 11 098 | 7 089 | 2 444 | 1 565 | 63,88 | 22,02 | 14,10 | 34,48 |
| 2 | Bloemfontein | 56 574 | 41 896 | 12 023 | 2 655 | 74,06 | 21,25 | 4,69 | 28,70 |
| 3 | Boksburg | 36 931 | 16 198 | 8 655 | 12 078 | 43,86 | 23,44 | 32,70 | 53,43 |
| 4 | Brakpan | 54 939 | 18 927 | 10 086 | 25 926 | 34,45 | 18,36 | 47,19 | 53,28 |
| 5 | Germiston | 92 224 | 39 226 | 24 448 | 28 550 | 42,53 | 26,51 | 30,96 | 62,33 |
| 6 | Johannesburg | 465 266 | 247 164 | 117 941 | 100 161 | 53,12 | 25,35 | 21,53 | 47,72 |
| 7 | Kimberley | 26 704 | 20 547 | 4 436 | 1 721 | 76,94 | 16,61 | 6,45 | 21,59 |
| 8 | Klerksdorp | 13 730 | 8 595 | 4 331 | 804 | 62,60 | 31,54 | 5,86 | 50,39 |
| 9 | Kroonstad | 15 806 | 11 447 | 3 075 | 1 284 | 72,42 | 19,45 | 8,13 | 26,82 |
| 10 | Krugersdorp | 46 404 | 18 909 | 5 609 | 21 888 | 40,75 | 12,09 | 47,16 | 29,66 |
| 11 | Nigel | 24 144 | 9 351 | 5 878 | 8 915 | 38,73 | 24,35 | 36,92 | 62,85 |
| 12 | Pietersburg | 11 766 | 6 072 | 1 393 | 4 301 | 51,61 | 11,84 | 36,55 | 22,94 |
| 13 | Potchefstroom | 13 415 | 10 396 | 2 415 | 614 | 77,42 | 18,00 | 4,58 | 23,25 |
| 14 | Pretoria | 122 407 | 67 324 | 29 835 | 25 248 | 55,00 | 24,37 | 20,63 | 44,32 |
| 15 | Randfontein | 21 209 | 10 165 | 4 795 | 6 249 | 47,93 | 22,61 | 29,46 | 47,17 |
| 16 | Roodep.-Maraisb. | 46 462 | 18 427 | 4 918 | 23 117 | 39,66 | 10,58 | 49,76 | 26,69 |
| 17 | Springs | 85 849 | 30 130 | 14 049 | 41 670 | 35,10 | 16,36 | 48,54 | 46,62 |
| 18 | Ventersd.-West. A | 15 002 | 5 324 | 2 089 | 7 589 | 35,49 | 13,92 | 50,59 | 39,24 |
| 19 | Vereenig.-VdBp. | 58 997 | 35 964 | 14 190 | 8 843 | 60,96 | 24,05 | 14,99 | 39,46 |
| 20 | Witbank | 10 504 | 4 977 | 4 542 | 985 | 47,38 | 43,24 | 9,38 | 91,26 |
| 21 | Witwatersrand* | 955 579 | 446 429 | 216 544 | 292 606 | 46,72 | 22,66 | 30,62 | 48,50 |
| 22 | *Wwr.-Vrng.-VdBp. | | | | | | | | |
| | (a) Mun. lokasies | 385 969 | 212 865 | 148 273 | 24 831 | 55,15 | 38,42 | 6,43 | 69,65 |
| | (b) Mynkampong | 274 143 | 67 616 | 16 299 | 190 168 | 24,69 | 5,95 | 69,36 | 24,08 |
| | (c) Mun. en myn= kampongs | 51 900 | 21 345 | 6 631 | 23 924 | 41,13 | 12,78 | 46,09 | 31,07 |
| | (d) Res. gebied | 327 294 | 194 125 | 69 690 | 63 479 | 59,31 | 21,29 | 19,40 | 35,90 |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





FIG 1
CHRISTENE ONDER DIE SOTHOGROEPE - 1951



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






FIG 2
SEPARITISME
ONDER DIE
ŚOTHOGROEPE - 1951



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

# FIG 3
# NIE - CHRISTENE ONDER DIE SOTHOGROEPE - 1951






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





FIG 4
SEPARITISTE AS PERSENTASIE VAN CHRISTENE ONDER DIE SOTHOGROEPE - 1951



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 12 SWARTES - per EKONOMIESE STREEK - 1960

| Kodeno. | Ekonomiese Streke[1] | a<br>Bevolking | b<br>Christene | c<br>Separatiste | d<br>Nie-X.E | Persentasie<br>b/a | <br>c/a | <br>d/a |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 11 | Albert | 112 152 | 73 603 | 24 223 | 14 336 | 65,63 | 21,59 | 12,78 |
| 12 | Beaufort-Wes | 9 281 | 4 716 | 3 732 | 833 | 50,81 | 40,21 | 8,98 |
| 13 | Britstown | 11 289 | 6 330 | 4 243 | 716 | 56,07 | 37,59 | 6,34 |
| 15 | Hay | 10 424 | 7 561 | 1 908 | 955 | 72,53 | 18,30 | 9,17 |
| 16 | Gordonia | 195 151 | 130 372 | 37 342 | 27 437 | 66,81 | 19,13 | 14,06 |
| 17 | Barkly-Wes | 142 199 | 102 040 | 35 025 | 5 134 | 71,76 | 24,63 | 3,61 |
| 19 | Adelaide | 487 750 | 198 186 | 71 838 | 217 726 | 40,63 | 14,72 | 44,65 |
| 21 | Bizana | 539 774 | 354 633 | 60 281 | 124 860 | 65,70 | 11,17 | 23,13 |
| 36 | Bergville | 337 108 | 130 537 | 61 109 | 145 462 | 38,74 | 18,12 | 43,14 |
| 37 | Babanango | 288 077 | 112 081 | 103 649 | 72 347 | 38,91 | 35,98 | 25,11 |
| 40 | Johannesburg | 645 268 | 352 506 | 187 810 | 104 952 | 54,64 | 29,10 | 16,26 |
| 41 | Benoni | 431 011 | 208 561 | 122 800 | 99 650 | 48,38 | 28,50 | 23,12 |
| 42 | Krugersdorp | 242 262 | 122 052 | 36 675 | 83 535 | 50,37 | 15,14 | 34,48 |
| 43 | Pretoria | 299 037 | 165 797 | 91 765 | 41 475 | 55,44 | 30,68 | 13,88 |
| 44 | VanderBijlpark | 145 915 | 89 891 | 43 658 | 12 366 | 61,61 | 29,91 | 8,48 |
| 45 | Bloemhof | 368 884 | 231 805 | 90 158 | 46 921 | 62,84 | 24,44 | 12,72 |
| 46 | Brits | 277 685 | 174 579 | 55 983 | 47 123 | 62,87 | 20,16 | 16,97 |
| 47 | Pietersburg | 835 456 | 208 933 | 82 866 | 543 657 | 25,02 | 9,92 | 65,06 |
| 48 | Bronkhorstspruit | 321 571 | 119 934 | 51 959 | 149 678 | 37,29 | 16,16 | 46,55 |
| 49 | Bethal | 245 431 | 134 551 | 79 899 | 30 981 | 54,82 | 32,56 | 12,62 |
| 50 | Amersfoort | 248 097 | 94 783 | 101 060 | 52 254 | 38,20 | 40,74 | 21,06 |
| 51 | Barberton | 572 761 | 110 873 | 86 220 | 375 668 | 19,38 | 15,05 | 65,57 |
| 60 | Bethulie | 37 719 | 32 182 | 3 667 | 1 870 | 85,32 | 9,72 | 4,96 |
| 61 | Boshoff | 44 057 | 36 464 | 5 978 | 1 615 | 82,76 | 13,57 | 3,67 |
| 62 | Bloemfontein | 243 895 | 201 202 | 34 450 | 8 243 | 82,54 | 14,12 | 3,38 |
| 63 | Odendaalsrus | 137 554 | 74 257 | 14 040 | 49 257 | 53,98 | 10,21 | 35,81 |
| 64 | Bothaville | 351 139 | 236 731 | 78 355 | 36 053 | 67,42 | 22,31 | 10,27 |
| 65 | Sasolburg | 28 472 | 18 416 | 3 776 | 6 280 | 64,68 | 13,27 | 22,05 |
| 66 | Bethlehem | 150 953 | 87 977 | 35 771 | 27 205 | 58,28 | 23,70 | 18,02 |
| 67 | Clocolan | 90 097 | 67 437 | 7 072 | 15 588 | 74,85 | 7,85 | 17,31 |


[1]Waar meer as een landdrosdistrik onder 'n ekonomiese streek ingedeel is, daar is die eerste naam in alfabetiese volgorde vermeld. Sien asb. die Bevolkingsensus 1960, Steekproeftabellasie, No. 6 - Godsdiens. Onder "Christene" is ingedeel: Afrikaanse Kerke, Anglikaanse Kerke, Presbiteriaanse, Congregational, Metodiste, Lutherse, Rooms-Katolieke, Apostoliese en Ander Christelike; onder "Separatiste": Bantoe Kerke; terwyl Ander en ongespesifiseer onder "Nie-Christene" ingedeel is.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 13 SWARTES - INGEDEEL VOLGENS CHRISTENE, SEPARATISTE EN NIE-CHRISTENE PER STATISTIESE STREKE - 1980

| | a<br>Bevolking | b<br>Christene | c<br>Onafhanklike<br>Swart Kerke | d<br>Nie-Christene<br>Geen, esm. | Persentasieverhouding<br>b/a | <br>c/a | <br>d/a |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 01 | 183 360 | 109 780 | 32 860 | 40 720 | 59,87 | 17,92 | 22,21 |
| 14 | 365 780 | 196 660 | 141 920 | 27 200 | 53,76 | 38,80 | 7,44 |
| 17 | 5 380 | 3 700 | 1 160 | 520 | 68,77 | 21,56 | 9,67 |
| 20 | 31 340 | 15 320 | 14 160 | 1 860 | 48,88 | 45,18 | 5,94 |
| 22 | 72 040 | 53 700 | 16 080 | 2 260 | 74,54 | 22,32 | 3,14 |
| 23 | 11 440 | 7 720 | 2 620 | 1 100 | 67,48 | 22,90 | 9,61 |
| 24 | 49 340 | 31 500 | 10 400 | 7 440 | 63,84 | 21,08 | 15,08 |
| 25 | 83 420 | 47 000 | 18 420 | 18 000 | 56,34 | 22,08 | 21,58 |
| 26 | 56 900 | 36 520 | 14 780 | 5 600 | 64,18 | 25,98 | 9,84 |
| 27 | 51 500 | 35 460 | 14 800 | 1 240 | 68,85 | 28,74 | 2,41 |
| 30 | 170 440 | 31 500 | 47 120 | 91 820 | 18,48 | 27,65 | 53,87 |
| 31 | 71 820 | 39 520 | 9 440 | 22 860 | 55,03 | 13,14 | 31,83 |
| 32 | 52 240 | 36 260 | 10 740 | 5 240 | 69,41 | 20,56 | 10,03 |
| 33 | 40 660 | 36 600 | 2 500 | 1 560 | 90,01 | 6,15 | 3,84 |
| 35 | 143 940 | 77 600 | 31 840 | 34 500 | 53,91 | 22,12 | 23,97 |
| 38 | 67 120 | 42 480 | 15 520 | 9 120 | 63,29 | 23,12 | 13,59 |
| 43 | 342 260 | 150 360 | 111 840 | 80 060 | 43,93 | 32,68 | 23,39 |
| 44 | 156 160 | 45 700 | 54 800 | 55 660 | 29,27 | 35,09 | 35,64 |
| 46 | 391 820 | 204 820 | 124 960 | 62 040 | 52,27 | 31,90 | 15,83 |
| 47 | 1 031 700 | 530 340 | 298 300 | 203 060 | 51,41 | 28,91 | 19,68 |
| 48 | 663 180 | 271 940 | 232 660 | 158 580 | 41,01 | 35,08 | 23,91 |
| 49 | 422 320 | 171 600 | 190 920 | 59 800 | 40,63 | 45,21 | 14,20 |
| 50 | 423 220 | 223 100 | 94 000 | 106 120 | 52,72 | 22,21 | 25,07 |
| 51 | 101 860 | 33 080 | 44 620 | 24 160 | 32,48 | 43,80 | 23,72 |
| 52 | 368 000 | 178 380 | 118 060 | 71 560 | 48,47 | 32,08 | 19,45 |
| 53 | 47 700 | 27 940 | 6 980 | 12 780 | 58,58 | 14,63 | 26,79 |
| 55 | 198 440 | 107 460 | 46 340 | 44 640 | 54,15 | 23,35 | 22,50 |
| 56 | 398 280 | 108 980 | 94 340 | 194 960 | 27,36 | 23,69 | 48,95 |
| 57 | 349 260 | 126 480 | 112 060 | 110 720 | 36,21 | 32,09 | 31,70 |
| 58 | 297 740 | 98 420 | 108 940 | 90 380 | 33,05 | 36,60 | 30,35 |
| 59 | 456 400 | 121 440 | 266 660 | 68 300 | 26,61 | 58,43 | 14,96 |
| 60 | 173 160 | 111 140 | 28 040 | 33 980 | 64,18 | 16,19 | 19,62 |
| 61 | 369 280 | 251 250 | 81 100 | 36 660 | 68,11 | 21,96 | 9,93 |
| 62 | 408 140 | 272 880 | 111 820 | 23 440 | 66,86 | 27,40 | 5,74 |
| 63 | 373 740 | 242 060 | 87 180 | 44 500 | 64,77 | 23,23 | 11,90 |
| 64 | 251 740 | 166 760 | 46 920 | 38 060 | 66,24 | 18,64 | 15,12 |
| 65 | 145 080 | 99 620 | 31 900 | 13 560 | 68,66 | 21,99 | 9,35 |
| 66 | 231 040 | 199 240 | 23 560 | 8 240 | 86,24 | 10,20 | 3,56 |
| 72 | 1 452 780 | 607 860 | 471 300 | 373 620 | 41,84 | 32,44 | 25,72 |
| 74 | 512 000 | 101 700 | 104 080 | 306 220 | 19,86 | 20,33 | 59,81 |
| 78 | 1 739 460 | 476 620 | 431 420 | 831 420 | 27,40 | 24,80 | 47,80 |
| 80 | 156 480 | 99 240 | 41 360 | 15 880 | 63,42 | 26,43 | 10,15 |
| 82 | 160 600 | 33 100 | 89 000 | 38 500 | 20,61 | 55,42 | 23,97 |
| 85 | 156 260 | 49 420 | 82 500 | 24 340 | 31,63 | 52,80 | 15,57 |

Nota. a = die totale bevolking van die betrokke Streek, bv. Kodenr. 59 'Amersfoort wat die volgende behels: die distrikte Amersfoort, Bethal, Carolina, Ermelo, Piet Retief, Standerton, Volksrust en Wakkerstroom.

b = die totaal as die volgende saamgetel word: Ned. Geref. Kerk, Angli=kaanse, Metodiste, Congregational, Lutherse, Rooms-Katolieke, Apostoliese Geloofsending en Ander Christen Kerke.

c = Swart Onafhanklike Kerke.


d = die totale bevolking waarvan b en c afgetrek is. Dit is die samel=groep versyfer as "Maak beswaar", "?" en "Geen Kerkverband".

+Vir Bophuthatswana (sensusjaar 1980) was die relevante gegewens nie volgens Statistiese Streke/-distrikte ingedeel nie - ons Tabel 6(a) - en kon slegs die globale gemiddeld van die separatiste as 35,19% van die totale swart bevolking bereken word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






Figuur 6
SEPARATISME AS PERSENTASIE VAN TOTALE SWART BEVOLKING
Sotho-gebied, 1980

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



BYLAAG A

RELIGION (ITEM M - 2 FIGURE CODE) - 1951
CHRISTIAN RELIGIONS

CODE NO.

00 Volkskerk (Nuwe Protestantse Kerk)
01 Nederduitse Gereformeerde Kerk (Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk, Verenigde Kerk)
02 Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika (Enkel Gereformeerde Kerk)
03 Nederduits Hervormde Kerk (Hervormde Kerk)
04 Anglican Communion (including Church of England, Church of the Province of South Africa, Church of Ireland, Episcopal Church of Scotland Episcopalian)
05 Church of England in South Africa
06 Presbyterian
07 Congregationalist (including London Missionary Society)
08 Methodist, including Primitive Methodist, Wesleyan, United Methodist Church, Bible Christian, Methodist New Connection, United Methodist Free Church, other Methodist, Methodist (so returned)
09 Lutheran (including Moravians or United Brethern, Berlin Mission, Rhenish Mission, German Evangelical, etc.)
10 Roman Catholic (including Greek Catholic)
11 Greek Church (including Greek Orthodox and Russian Orthodox)
12 Baptist
13 Christian Brethern
14 Christian Scientist
15 French Protestant
16 Mormon (Latter Day Saints)
17 Plymouth Brethern
18 Salvation Army
19 Seventh Day Adventist
20 Society of Friends (Quakers)
21 Unitarian
22 Apostolic Faith Mission (Apostolic Faith, Apostolic Church, Apostolic)
23 Christadelphian
24 Church of Christ
25 Faith Mission (Healers)
26 Full Gospel Church, Gospel Mission
27 International Bible Students
28 Pentecostal
29 Sabbatarians
30 South African General Mission
31 Swiss Church, Mission or Reformed
32 Testimony of Jesus
33 Universalist
34 Various Christian Sects (not elsewhere defined)
35 Native Separatist Churches (see special list)
36 Apostolic sects (various)
37 No Church or None (so returned)

OTHERS

40 Jew
41 Buddhist
42 Confucian
43 Hindu
44 Islam (Mohammedan, Muslim)
45 Parsi or Parsee
46 Deist
47 Free Thinker
48 Spritualist
49 Theist
50 Theophist
51 No Religion (So returned)
52 Object to state
53 Other Beliefs
54 Heathen (so returned)
XX Unknown or Unspecified

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

fokuspunte deur hierdie streekindeling genivelleer word. (Aksente of konsentrasies wat sinvol is vir die ondersoek en bespreking word hier=deur minder sigbaar).

Vir die 1980-sensus het die Departement verder die grondkaart aan=merklik verander. Dis genoodsaak deur die totstandkoming van die On=afhanklike Swart State (Transkei en Bophuthatswana) maar ook deur die ander Swart State wat afsonderlike versyfering vir hulle wenslik gemaak het. Daarbenewens is vir Bophuthatswana die gegewens oor Geloof nie op 'n Distrik/Streek -basis voorhande nie. Ons vestig ook die aandag daarop dat in Fig. V ons veel wyer arseer as die grense van ons Noord-Sotho, Tswana en Suid-Sotho-omlystinge. Met verwysing na Tabel 12 was dit veral Amersfoort (Kodeno. 50) met sy separatistepersentasie van 40,74% wat dui op wisselwerking oor die grense van ons drie globale Sotho-omskrywinge heen. Dit is ook duidelik dat die separatisme onder die Sotho nie in isolasie betrag kan word nie. Komplementêre ondersoeke wat ander taalgroepe ook betrek, sal bepaald groter verbande, waarin hoë konsentrasies of lae digtheid in die getal separatiste voorkom, daar=stel. Ook mag fokuspunte op die platteland en in die stad vir ander Taalgroepe ander konstellasies of verbintenisse aandui. So 'n geheel=beeld was nie in hierdie studie moontlik nie.

Oor ons hele omskrewe veld is die separatisme egter baie duidelik 'n faktor waarmee rekening gehou moet word. Ons persentasies vir die separatiste bereken op die RSA totaal swart bevolking is vir die jare 1951, 1960 en 1980 onderskeidelik 18,6%, 21,2% en 29,3% (Tabel 5). Die 29% vir 1980 sluit die Transkei en Bophuthatswana uit. Bophutha=tswana versyfer vir 1980 'n persentasie van 35,2%.

### 2.9.2 Hoë en lae separatistefrekwensie

Daar is by wyse van steekproef besondere aandag gewy aan sowel hoë as lae frekwensie. In die proefskrif slaan ons illustrasies meer op hoë frekwensie. Verslag 1973, egter, handel uitvoeriger oor lae sowel as hoë digtheid. 'n Goeie voorbeeld is Lesotho. Op Fig. II arseer Lesotho tussen 0% en 10%. Die resultate van die steekproef en tersaaklike in=terpretasie is nie in die onderhawige studie voorhande nie. Op grond

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

van daardie steekproef is swaargewig vir lae frekwensie in hoofsaak toegeken aan 'n vroeë en deurgevoerde sendingaksie deur twee denomi= nasies te wete die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap (1933) en die Rooms-Katolieke (1862) - (a.w. 1973:574-8, 998).

2.9.3 Etniese sametreffing en hoë frekwensie

In 2.9.1 is verwys na die omgewing van Amersfoort . Uit die gesigs= hoek van etniese heterogeniteit bekyk, word in Verslag 1973:26 na aanleiding van die 1946-sensus die landdrosdistrikte Standerton, Frankfort en Reitz betrag. As ons volstaan met taal/etniese ver= spreiding bó 2%, dan word bereken:

| | Standerton | Frankfort | Reitz |
|---|---|---|---|
| Xhosa | 3,5% | 8,5% | 2,1% |
| Zoeloe | 49,2% | 36,8% | 37,2% |
| Swazi | 17,6% | - | - |
| Ndebele | 2,3% | - | - |
| Suid-Sotho | 14,9% | 54,7% | 60,7% |
| Noord-Sotho | 6,4% | - | - |
| Alle Ander RSA-tale | 3,9% | - | - |

Vervolgens illustreer ons deur op basis van die 1960-sensus Ekonomiese Streek no. 50 (Amersfoort) op Tabel 12 uit te sonder. Die separatiste persentasie was soos reeds aangedui 40,74% (Tabel 12). Vir 'n verkla= ring van die besonder hoë persentasie, skyn ons veral aangewese te wees op die onderlinge etniese verhoudinge binne die twee Ngunisubgroepe, die Swazi en die Zoeloe. Daarbenewens speel die Ndebele en Noord-Sotho 'n rol en selfs Suid-Sotho is verteenwoordig. Die etniese sametreffing in die landdrosdistrik Belfast - binne Streek no. 50 - is veral inge= wikkeld met Swazi en Ndebele omtrent ewe sterk (26% en 25% onderskeide= lik) gevolg deur Noord-Sotho (17%), Zoeloe (12%) en Suid-Sotho (5%).... Daar skyn dus 'n optimumkonstellasie vir die separatisme in daardie Streek te wees. Hierdie toedrag van sake skyn in teenstelling allermins aanwesig te wees by Ekonomiese Streek no. 60 (Bethulie) of by no. 47 (Pietersburg) en no. 67 (Clocolan); waar in elk geval 'n meer homogene bevolkingsamestelling aan die orde is (Verslag 1973:16).

(No.47 (Tabel 13) word drasties verander vir die 1980-sensus. Indien

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

ons egter die digtheid volgens landdrosdistrikte kon bepaal, sou ons stellig 'n hoë frekwensie separatisme oos van die dorp Pietersburg en in die noorde van no. 78, wat Thabamoopo insluit, kon arseer. Aldaar is die hoofkwartier van die Zion Christian Church (ZCC). Hierdie lewenskragtige beweging word in die onderhawige studie afsonderlik beskrywe. By voorbaat moet hier verduidelik word dat etniese ver= gestalting half-pragmaties teengewerk word. Na die dood van Egenase Lekganyane ontstaan 'n magstryd tussen sy seuns Edward en Joseph om die leierskap binne die ZCC. Joseph word meer plaaslik gerugsteun deur 'n vry homogeen-etniese groep. Edward, daarenteen, monster sy aanhang meer uit gebiede soos Johannesburg, waar sy aanhang etnies meer heterogeen is alhoewel met 'n sterk Noord-Sotho inslag. Edward kry die oorhand. Sy ZCC-seksie gaan van krag tot krag en brei sy op= vanggebied uit oor die RSA en wyer. In die proses was dit nodig om lede vanuit 'n hele spektrum etnieë te akkommodeer).

Die vrugbaarste teelaarde vir separatisme skyn volgens Fig. II, V en VI hoofsaaklik saam te val met gebiede waar etnies-vreemdes die glo= baal omskrewe Sothogebiede binnedring of waar algemene oorvleueling van etniese verband voorkom soos in die Witwatersrandgebied. Fig. VI vertoon byvoorbeeld swaar arsering in die volgende omgewings: De Aar 45,18%). Wes van die dorp Standerton loop 'n band reg noord. Streke no. 49 (Balfour, Nigel, Heidelberg) en no. 51 (Bronkhorstspruit en Cullinan) tot suid van Mdutjane (Streek no. 85) in KwaNdebele. Streek no. 49 sluit ook Delmas, Springs en Brakpan in as deel van die Wit= watersrandkompleks en is as sodanig in die 1980-sensus versyfer. Waar Streek no. 59 (Bethal, Ermelo, Piet Retief, Wakkerstroom, Amersfoort, Volksrust, Standerton) met sy 58,43% op 'n proefkaart in sy geheel gearseer is vir meer perspektief, vind 'n mens dat hoë persentasies separatisme vanaf hierdie streek patroonmatig aansluit by die Wit= watersrand en omgewing. Alhier is die swart bevolking so heterogeen dat dit haas 'n onbegonne taak is om die Sotho apart te bestudeer. Aan die ander kant speel hierdie stadskompleks geen ondergeskikte rol ook onder die Sothogroepe nie. Nie net neem die Rand 'n strategiese posisie met betrekking tot die RSA as geheel in nie, maar dit kan op die kaarte gesien word hoedat die Rand tussen Suid- en Noord-Sotho inwig en dat die noordoostelike Tswanagrenslyn deur die stadskompleks sny.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vergelyk ons nou die vergrote projeksies van die Witwatersrand op Fig. II en Fig. VI, is die afbakening nie presies eners nie. Die neiging is egter dat die skakerings van oos na wes ligter word op Fig. VI. Op Fig. II is die eintlike Johannesburg 'n uitsondering. In Tabel 11,(Kodeno. 22),skyn dit of dit munisipale en mynkampongs is wat sterk meespreek om die separatistepersentasie tot so 'n lae vlak neer te dwing. Die munisipale en mynkampongs,(Kodeno. 22(c)) toon 'n persentasie van 12,78%. Maar dis by uitstek die mynkampongs (no.22(b)) met 'n persentasie van 5,95% wat die oog vang. Die "Christene" is dan ook die laagste persentasie in die vyf-en-twintig gespesifiseerde afdelings op Tabel 11. Daarenteen is die "Nie-Christene" die hoogste, naamlik 69,36%. Ons kan aanneem dat 'n konsentrasie mynkampongs in Johannesburg geleë is en 'n sterk impak het op ons arsering van 1%-10%. Na Soweto word hieronder in 2.9.4.5 verwys.

Naas kleiner fokuspunte is dit duidelik dat die fokuspunt vir separa= tisme onder die Sotho vanaf 1951 tot 1980 die Transvaalse Hoëveld vanaf Volksrust tot by die Witwatersrand gebly het.

### 2.9.4 Steekproewe in Stedelike gebiede

#### 2.9.4.1 Inleiding

Metodologies gesien, het die voorneme om die 1951-sensus in digtheids= kaarte uit te beeld vroeg in die verloop van die studie ontstaan. 'n Eerste proeflopie het aangedui dat hierdie metode die beplanning van veldwerk bespoedig en bevrug het.

So is konsentrasiegebiede onder andere volgens die kaarte (Fig. I-IV) deur plaaslike steekproewe opgevolg. In hierdie steekproewe was een van die benaderingswyses selfstandige of eie statistiese opnames. So is ook meer lig gewerp op die verskeidenheid separatistegroepe wat in die betrokke gebiede aangedui kon word en hulle relatiewe sterkte. Uiteraard kon nie deurgaans ewe veel klem op statistiese verhoudinge tydens veldwerk geplaas word nie. Vandaar dat Verslag 1973, hfst. 2, 'n sestal met sterk statistiese aanslag behandel. Om die bevindinge wat daar bereik is, te illustreer, word vier hier aangebied. Die twee

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat weggelaat is, is Heilbron en Khutsong. Khutsong is 'n swart woonbuurt digby Carletonville-Oberholzer wat tussen Randfontein en Potchefstroom geleë is. Die sterk wisselwerking tussen die Dowie-Le Rouxsplitsings wat opvallend is ten ooste van die PWV-gebied en Ekonomiese Streek no. 50 (Amersfoort) het nie veel dryf=krag in Khutsong openbaar nie; veral nie die meer esoteriese Sionisme nie. Wat Heilbron betref, word van die belangrikste bevindinge elders ingewerk, vernaamlik in hierdie hoofstuk - in 2B. Weliswaar val die klem swaar op die stedelike gebiede maar in die tweede helfte van die hoofstuk word die balans redelik herstel deur steekproewe in meer plattelandse gebiede aan die orde te stel.

Die vier illustrasies wat 'n beeld van die separatisme in die be=trokke stedelike gebiede daarstel, is soos volg: Ga-Rankuwa, geleë binne 'n lewensvatbare grensnywerheidsgebied noord van Pretoria; Soweto, die suidwestelike swart dorpkompleks suid van Johannesburg - een van die grootste skemas van daardie aard in die wêreld; Bloemfon=tein slaan op swart dorpe aldaar; en Thabong, 'n swart dorp op die Vrystaatse Goudvelde. Die hoofdoelstelling is om vas te stel of daar betekenisvolle onderlinge verskil in sterkteverhoudinge is tussen kerke en separatistiese bewegings en of daar op elke punt aan sekere soorte bewegings voorkeur gegee word. Ten opsigte van hierdie vier=tal steekproewe is 'n sewevoudige groepering van Gesindtes en separa=tistiese bewegings soos volg gemaak: Nederduitse Gereformeerde Kerk, Presbiteriane, Anglikane, Metodiste, Lutherane, Rooms-Katolieke, en Separatiste. By hierdie sewevoudige indeling kom nog 'n Geen -groep by. Hierdie Geen -groep verg verduideliking. Met verwysing na Tabel 5 is dit duidelik dat die laaste groepering in 'n baie hoë mate uit aanhangers van die Tradisionele Religie bestaan. 'n Ontleding van die 1970-sensus vir die RSA wat tot op datum van ontleding die jongste finale syfers behels, kom op die volgende neer: "Maak beswaar" - 19 475 of 0,13%; "Geen Kerkverband" - 3 945 977 of 25,72%; en "Andere en ongespesifiseer" - 324 345 of 2,11%. Volgens hierdie redenasie kan die Swartes buite Kerk-, Separatiste- en Tradisioneel-Religieus=verband op 2,24% gestel word; en tel ons daarby die groepering Nie-Christenkerke van 72 641 of 0,47% dan beloop dit nog geen 3% nie. Vergelyk ons nou die selfstandige opnames vir die vier voorbeelde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hierbo, is die verskil dat die Geen almal insluit wat buite Kerk- en die separatismeverband staan; dit wil sê, waar die Tabelle in kolomvoorstelling omgewerk is. (Hierdie tabelle word elkeen aange= bring by die beskrywing van die vier steekproewe gevolg deur die betrokke kolomfiguur; onderskeidelik vir Ga-Rankuwa, Soweto, Bloem= fontein en Thabong).

Die onderskeie Geen -groeperinge toon verskil in sterkteverhouding of persentasieverspreiding. Dit skyn 'n tweërlei tendens na vore te bring; enersyds dat aanhorigheid aan 'n Kerk of 'n separatistebeweging 'n prestigesimbool geword het en dergelike verbandloosheid verdoesel en andersyds dat sekularisasie tog al merkbaar word. Met sekularisa= sie bedoel ons in die onderhawige konteks dat respondente al so kerk= los geraak het dat hulle hul nie meer skaam om as buitekerklikes bekend te staan nie of selfs weier om aanhorigheid aan die tradisio= nele religie te betuig. Die tweërlei tendens blyk byvoorbeeld duidelik wanneer die beeld van Bloemfontein en Soweto naas mekaar gestel word.

Alhoewel die ondersoeker al meer bewus geraak het van skakeringe binne die separatisme eerder as strenge afbakening, is 'n onderverdeling van die samelgroep aangedurf en by elkeen van die vier voorbeelde deurge= voer. Die gewaagde subgroeperinge is vierledig en kan ongeveer soos volg gekenskets word:

Separatiste (S) sluit in die separatiste uit die meer gevestigde kerke. Voorbeelde is die Bantu Reformed Church, Bantu Methodist Church en die Lutheran Bapedi Church. In leer en liturgie onder andere be= tuig hulle min of geen afwyking van die oorspronklike moederkerk toe te laat nie. Hulle is primêre splitsinge. Ons sou hulle nog verder kon omskrywe: hulle is met verwysing na hulle onderskeie moederkerke meer behoudend of stem ooreen met die moederkerk.

Ethiopies (E); Hulle staan sterker antiteties ten opsigte van die gevestigde kerke. Ons kan aanneem dat hulle meer eksperimenteer met liturgie en selfs ook die leerstellige; dat hulle meer eklekties te werk gaan. Meer prys word in etlike bewegings op etniese eiesoortig= heid binne die swart geledinge gestel. Voorbeelde sou wees die United

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

National Church en die Ethiopian Church en sy verdere splitsings=bestel.

Apostolies (A), vorm 'n derde onderverdeling. In hierdie geval is nie juis sprake van 'n moederkerk nie. In die VSA is die Apostoliese gesindtes menigvuldig. Dit is veral uit die VSA dat 'n hele aantal verteenwoordigers hulle op die Blankes in die RSA toegespits het. Van huis uit is die Apostoliese geloofsposisie gevarieerd. Blanke aan=horiges het op hulle beurt deur sendingwerk hierdie gestaltes onder die Swartes ingedra. Die afsplitsingshaard (Hutten 1957:28) - en wat Hutten op die brandpunt "deur genade alleen" saamtrek - is in wese 'n wegbreek uit 'n meer Apostoliesbehoudende posisie na posisies wat nog meer speling gee aan singuliere gawes en die uitlewing daarvan soos onder andere deur spesifieke helingspraktyke en die rituele gebruik van geseënde water.

Sionisties (Z), is die laaste van die vierdeling. Die groep word beskou as teologies nog minder behoudend as die Apostoliese . Hulle lyf die tradisionele religie meer blatant in die korpus van die be=wegings in. Waar 'n mens by die Apostoliese nog van 'n duale ver=bintenis probeer praat, is by die Sionistieses 'n verstrengeling van tradisionele religie met die Christelike geloof; self 'n oorwoekering van die Christelike.

Hierdie vierdeling word voortaan by elk van die steekproewe wat deeglik verduidelik word, gehandhaaf.

2.9.4.2 Ga-Rankuwa

Gedurende 1962 word intrek geneem in die eerste huise. Die ondersoeker voer 'n eerste onderhoud met die destydse superintendent op 2 Mei 1963 en reëlings word getref dat sy swart hulp hom toespits op veldwerk met klem op statistiek rakende die religieuse aanhorigheid. Die bevolking is op daardie tydstip geskat op 5 000. 'n Noukeuriger skatting in Julie 1964 word aan die ondersoeker as 10 400 verstrek. Die selfstandige steekproef verantwoord oor die 8 600. Onder "Onbekend en ongespesifi=seerd" is slegs 751 versyfer. Dit slaan meesal op huise waar niemand tuis was of waar die ondervraagde nie 'n aanduiding van enige religieuse

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aanhorigheid kon gee nie.

In die vroeë ontwikkelingsbestel van Ga-Rankuwa is 'n hoë persentasie van die inwoners van Lady Selborne daar hervestig. Hierdie herkoms oefen gevolglik invloed uit op die religieuse verhoudinge. Lady Selborne was as 'n swart eiendomsdorp 'n besondere teelaarde vir die separatisme. (Vgl. African Church in hfst. 3; een van die eerste bewegings in die RSA wat aldaar 'n ankerpunt verkry het). Die toe=stroming van Swartes uit alle windstreke eskaleer in die bestel wat deur Wêreldoorlog II ingelui word en Lady Selborne suid van die Magaliesberg ten noordweste van die middestad van Pretoria en skaars 10 km daarvandaan, word des te sterker 'n konsentrasiepunt. Omstreeks 1930 is die bevolking op ongeveer 3 300 gestel. Teen die begin van die veertigerjare is die skatting 18 000. Die sensus vir 1946 stel die totale bevolking op 28 253. Met die opruiming van plakkersdorpe en die meer globale beplanning van swart behuising stroom 'n groot persentasie van diegene wat elders gewoon het en nie vir behuising in plekke soos Mamelodi, Atteridgeville en Saulsville kwalifiseer nie na Lady Selborne. Die skatting van die bevolkingsyfer vir 1961 is 80 000; dit wil sê op die vooraand van die proklamering van Lady Selborne tot blanke gebied. Van toe af dateer die afname sodat ons einde 1963 'n bevolking van ongeveer 60 000 aantref. Gedurende 1962-63 is die per=sentasie wat na Ga-Rankuwa verhuis op 75% gestel. (Telefoniese gesprek Superintendent Lady Selborne - Van Wyk, 15/3/66 vir inligting 1961-1963). Ons kan aanneem dat die feit dat Swartes eiendomsreg oor grond kon kry en hulle dus na Ga-Rankuwa binne 'n nasionale staat moes skuif om die=selfde voordeel te bekom, 'n sterk oorweging was waarom so 'n hoë per=sentasie uit Lady Selborne na Ga-Rankuwa getrek het.

Verslag 1973:52-7 plaas Ga-Rankuwa in perspektief binne Pretoria en omgewing. So bemerk ons dat volgens die amptelike sensus vir Pretoria en Omstedelike Gebied in 1946 die separatiste 17,14% van die swart bevolking uitmaak. Die persentasie skuif later op (Verslag 1973:56).

Op Tabel 12,(kodeno. 43), bemerk ons dat vir die Streek Pretoria, die persentasie op 30,68% bereken is (gebaseer op Bevolkingsensus, 1960 - steekproeftabellasie no. 6 - Godsdiens - Buro vir Statistiek). Die eie onafhanklike opname van Ga-Rankuwa in 1964 bereken 'n buitegewoon hoë

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


persentasie naamlik 48,85% (Tabel 14). Vir hierdie eskalering van die separatiste is die herkoms van die mense uit Lady Selborne hoof= saaklik verantwoordelik omdat 'n betekenisvolle hervestiging uit daardie eiesoortige swart woonplek die bestel in Ga-Rankuwa deurslag= gewend beïnvloed.

Die besonderhede van die eie opname kom op p111 voor (Tabel 14 - Ga-Rankuwa).

Wanneer Tabel 14 rakende geloof in Ga-Rankuwa (1964) ontleed word, blyk die volgende:

Die separatiste in die tabel onder B en die kerke onder A, staan in die sterkteverhouding 4 241 of 53,90% tot 3 626 of 46,09%. In die drie ander voorbeelde is die separatiste nie so oorheersend nie. Die separatiste sien as samelgroep in sy onderverdeling soos volg daar uit: Separatiste (S): 1 192 of 13,73%; Ethiopies (E): 810 of 9,3%; Apostolies (A): 1 442 of 16,61%; Sionisties (Z): 797 of 9,18%. Die meeste van die= gene in die kategorie "Onbekend en ongespesifiseerd" (F), was uit huise waar niemand tuis was nie, waar die ondervraagde nie 'n aanduiding kon gee van enige kerklike of separatistiese aanhorigheid en/of op Tsamahantshi.

Die sektor wat as Tsamahantshi bekend gestaan het, het oorwegend Shangaansprekendes gehuisves. Daar was die tradisionele relatief tot Ga-Rankuwa in die algemeen, ten opsigte van sterkteverhouding, hoër. Indien ons die aanhoriges van die tradisionele religie onder F op 5% van die totaal van 450 skat dan bly daar slegs 301 of 3,5% oor van wie geen gegewens gekry kon word nie. Vir die kolomaanbieding kan C,D, E en F egter saamgegroepeer word: 8 14 of 9,38%. Hierdie persentasie skyn aan te dui dat die bevolking van Ga-Rankuwa 'n hoë prys stel op kerk- of separatisteverband want 90,62% van die bevolking het aan 'n aanduibare geloofsverband behoort. Of die invloed van die tradisionele religie in Ga-Rankuwa teen 1964 in werklikheid so gering was, kom hier= onder ter sprake.

Ga-Rankuwa was nie in 'n niemandsland gebou nie maar op 'n terrein wat ryk is aan etnies-historiese gebeure. Simbool hiervan is die Lehotlo= koppie ten ooste van Ga-Rankuwa. Van die bewoners in daardie omgewing

Vervolg p.115
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


TABEL 14 SWARTES - GA-RANKUWA - 1964
BANTOE-KERKGENOOTSKAPPE GA-RANKUWA (1964)

| Genootskap of gesindte | Volgelinge | | Persentasie | |
|---|---|---|---|---|
| A | | | | |
| Nederduitse Gereformeerde Kerk | 438 | | 5,05 | |
| Gereformeerde Kerk | 20 | | 0,23 | |
| Hervormde Kerk | 42 | | 0,48 | |
| Anglikaans Gesindtes (insluitende die Church of England) | 613 | | 7,06 | |
| Metodiste | 378 | | 4,35 | |
| Presbiteriaanse Gesindtes (insluitende die Bantu Presb., Swiss Mission en Tsonga-Presbyterian) | 687 | | 7,91 | |
| Lutherane (insluitende die Hermanns=burgse en Swedish) | 576 | | 6,64 | |
| Rooms-Katolieke | 548 | | 6,31 | |
| Baptiste | 44 | | 0,51 | |
| Heilsleër | 14 | | 0,16 | |
| Sabbatariërs | 24 | | 0,28 | |
| Apostoliese Geloofsending | 104 | | 1,20 | |
| Pinkstergesindtes | 90 | | 1,04 | |
| Verskillende Christelike Sektes (nev) | 48 | | 0,55 | |
| TOTAAL | | 3 626 | | 41,77 |
| B SEPARATISTE | | | | |
| I Presbiteriaans | 220 | | 2,53 | |
| II Anglikaans | 228 | | 2,63 | |
| III Metodisties | 295 | | 3,40 | |
| IV Lutheraans | 449 | | 5, 17 | |
| TOTAAL | | 1 192 | | 13,73 |
| V Ethiopies | 810 | | 9,33 | |
| VI Apostolies (insluitende Baptiste en Pinkstergesindtes) | 1 442 | | 16,61 | |
| VII Sionisties | 797 | | 9,18 | |
| TOTAAL | | 3 049 | | 35,12 |
| C | | | | |
| Islam | | 8 | | 0,09 |
| D | | | | |
| Weier om te verklaar | | 4 | | 0,05 |
| E | | | | |
| Geen kerklike verband | | 51 | | 0,59 |
| F | | | | |
| Onbekend en ongespesifiseerd | | 751 | | 8,65 |
| GROOTTOTAAL | | 8 681 | | 100 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Die aanhangers van die kerklike groepe onder die Ethiopiese Apostoliese en Sioniste rubrieke kan soos volg verder aangedui word:

ETHIOPIES

| | | | |
|---|---|---|---|
| African Basuto Church | 7 | | |
| African Basutoland Church | 2 | | |
| African Amandebele Catholic | 17 | | |
| African Venda Church | 19 | | |
| Bantu Bavenda Church | 9 | | |
| Bavenda Church | 8 | | |
| National Bavenda Church | 5 | | |
| African National Church | 11 | | |
| National | 13 | | |
| United Church | 14 | | |
| United National Church | 12 | | |
| United Bapedi | 3 | | |
| African United | 8 | | |
| Ethiopian Holy Church in Nyasaland | 10 | 138 | |
| Ethiopian Church | 143 | | |
| Ethiopian Catholic Church | 42 | | |
| African Ethiopian Church | 39 | | |
| Ethiopian Church in Zion | 8 | | |
| Ethiopian Holy Christian Church in Gaza | 8 | | |
| African Gaza Church | 91 | | |
| Gaza Church | 4 | | |
| African Orthodox Church | 4 | | |
| African Judaen Mission | 7 | | |
| African Seventh Church of God Laodicean Mission | 29 | | |
| Alikoli Church New Jerusalem of Africa | 14 | | |
| Efese Church | 32 | | |
| Efese Apostolic | 8 | | |
| East Hethlon | 52 | | |
| Bantu Christian Church | 7 | | |
| Jesus Church | 8 | | |
| Church of Christ | 32 | | |
| Christian Church | 35 | | |
| Bantu Evangelical Church | 6 | | |
| Ethiopian Church and New Mission | 8 | | |
| Bantu Free Church | 8 | | |
| Ibandla Church of Sixabayi | 7 | | |
| Native Independent Church | 11 | 603 | |
| Jehovah's Witnesses (?) | 60 | | |
| Voice Of Prophecy | 9 | | |
| | | 69 | |
| | | | 810 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


APOSTOLIES

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| (a) | Church of the Nazarene | 23 | | |
| | St. John's Apost. Faith Mission | 91 | | |
| | St. Paul's Apost. Faith Mission | 49 | | |
| | St. Peter's Apost. Faith Mission | 8 | | |
| | St. Paul Melchezedec Venus Apost. Church of Africa | 5 | | |
| | Bantu Faith Mission | 21 | | |
| | United Apostolic Faith Church | 7 | | |
| | Assemblies of God (plus 10 Dorothea) | 83 | | |
| | Apostolic Faith Assembly Church | 10 | | |
| | Church of Christ's Assemblies | 31 | | |
| | Gemeentes van Christus | 7 | | |
| | Apostolic New Brethern | 8 | | |
| | Apostolic and Christian Brothers of SA | 2 | | |
| | Brethern in Christ | 10 | | |
| | | | 355 | |
| (b) | Apostolic (plus 3 Dorothea) | 405 | | |
| | Christians Catholic Apostolic | 10 | | |
| | Apostolic Church | 143 | | |
| | Apostolic Catholic | 14 | | |
| | Christian Apostolic Church | 25 | | |
| | General Apostolic Church | 7 | | |
| | Apostolic Bantu Church | 10 | | |
| | Bantu Apostolic Mission | 6 | | |
| | Bethlehem Apostolic | 4 | | |
| | Christian Native Apostolic | 7 | | |
| | New Apostolic | 6 | | |
| | Twelve (Twaalf) Apostles | 149 | | |
| | Sunlight Apostolic Church in SA | 8 | | |
| | | | 794 | |
| (c) | Gospel Church | 3 | | |
| | Full Gospel | 10 | | |
| | Holy Gospel | 8 | | |
| | Holy Gospel Church | 45 | | |
| | African Gospel | 22 | | |
| | Bantu Full Gospel | 7 | | |
| | | | 95 | |
| (d) | African Baptist | 6 | | |
| | African Baptist Church | 7 | | |
| | Bantu Baptist Church | 122 | | |
| | African East Baptist | 6 | | |
| | Central Baptist Church | 5 | | |
| | United Baptist | 10 | | |
| | Independent Baptist | 7 | | |
| | Baptist National Church | 29 | | |
| | Zion Baptist Church | 6 | | |
| | | | 198 | |
| | | | | 1 442 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Sionisties

| | |
|---|---|
| First Apostolic Church in Zion | 13 |
| Apostolic Church in Zion | 5 |
| Holy Apostolic Church in Zion | 5 |
| Holy Apostolic Church | 5 |
| Christian Holy His Son of God in Zion | 11 |
| Zion Holiness Church of Christ | 4 |
| | |
| Zion Apostolic Church | 11 |
| Zion Apostolic Church in Swaziland | 5 |
| African Zion Church | 21 |
| African Catholic Church in Zion | 2 |
| Zion Christian Church | 556 |
| | |
| African Jerusalem in Zion | 4 |
| Apostolic Jerusalem Church | 16 |
| New Jerusalem Apostolic Church | 13 |
| New Jerusalem Church in Zion | 8 |
| New Jerusalem Church in Sabbath | 9 |
| Zion Jerusalem Apostolic Church | 15 |
| Christian Jerusalem Church in Zion | 13 |
| General Jerusalem in Zion | 5 |
| Zion Jerusalem of God Apostolic | 10 |
| Apostolic Thessalonian Church in Zion | 7 |
| Jehova in Zion | 6 |
| | |
| First Church of God | 5 |
| Church of God | 14 |
| New Christian Zion Church of God | 17 |
| African Seventh Church of God | 7 |
| City of God | 10 |
| | 797 |


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



FIGUUR VII

GA-RANKUWA




* S = SEPARTISTE UIT GEVESTIGDE
KERKE
E = ETHIOPIES
A = APOSTOLIES
Z = SIONISTIES

SKAAL: 4 mm = 1%

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

het nog direkte genealogiese verband met die Kgatla ba Mmakau, 'n Tswanastam wat vroeër aan die voet van die koppie gewoon het, gehad; kulturele verbintenisse was nog lewend in die gedagte=wêreld van die informante aldaar. In Verslag 1973:80-3 word stawende getuienis aangevoer. 'n Vrou, lidmaat van 'n gevestigde kerk, glo vas dat een van die voorouergeeste (badimo) op Lehotlo aan haar dogter verskyn het en dat hierdie ingryping direk vir haar dood verantwoordelik was. Tot Lehotlo ook bekend as Thaba ya Badimo wend Christene en ander hulle tydens knellende droogte met offers aan die badimo as middelaars.

'n Tweede illustrasie is van 'n begrafnis (Verslag 1973:78-9). 'n Oorlamse oud-evangelis dien vir oor die dertig jaar in 'n gevestigde kerk. Later sluit hy by die separatiste aan; in dié geval die Bantu Reformed Church. Op datum van sy dood was hy ongeveer ses-en-negentig jaar oud. "Skielik, voordat die kis in die graf toegegooi moes word, het die oudste seun, self 'n evangelis van by die vyftig, 'n nat beesvel te voorskyn gebring en oor die kis gedrapeer."

Die navorser het geleentheid gehad om die seun uit te vra. Hy het beweer dat daar niks van die tradisionele religie in gelees moet word nie. In opdrag kontroleer die swart hulp ook die geval. Nou beweer die seun hy het die vel op die kis gebêre as 'n kombers vir sy vader. Die doel is om die oukêrel tevrede te stel sodat hy in vrede slaap .... In die gesprek het hy melding gemaak van die feit dat "ons Bantoes (Swartes) ongelukkig is omdat ons ons gewoontes laat staan." Hy wei uit deur die welbekende Reënrit, waarin 'n "pikswart os" 'n rol speel, te beskrywe. Hy sluit af deur te sê dat as dit die badimo behaag, sal dit onmiddellik reën as hulle terug huis toe gaan.

Ons swart hulp kom tot die gevolgtrekking dat kerkmense nog tradisionele offerandes bring. Ook het dit uit die onderhoud geblyk - so beweer hy verder dat die evangelis die mening huldig dat allerlei teëspoed die Swartes oorval vanweë hulle versaking van die tradisionele en dat slegs die genade van God hulle van nog erger onheil vrywaar.

Die steekproewe in stedelike gebiede het ook met die doel om die wese

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die separatisme te verken, 'n aantal bewegings in besonder onder=soek. So is in Ga-Rankuwa 'n vyftal uitgekies. (Verslag 1973:61-72). Aangesien in hfst. 4 van ons studie hierdie afsonderlike beskrywings as boustowwe vir 'n meer tematiese benadering gewig dra, word hier nie verdere gegewens gegee nie. Ons stip egter die volgende aan:
Uit die vyftal word op sy beurt drie uitgesonder naamlik Ibandla lama-Efese, The United Apostolic Faith Church en The Bundle Apostolic Church.

Ibandla lama-Efese

Hierdie beweging poog naarstiglik om verband te lê tussen hierdie be=sondere "Kerk" en die "Eerste Kerk van God in Asië. Die stigter met sy etniese herkoms, synde uit die "Rhodesian Russion (? - JHvW) Clan", sy huwelik met iemand uit die Ndebele, sy kerstening, sy skeurredes - dit alles word in die lig gesien van bonatuurlike leiding, want ons lees: "Rev Jacob Jingwane Israel ... decided to sever his connection from the said church ... and found what is known as the 'ibandla Lama Efese' known as the First Church of God in Asia end now through the divine guidance of the Almighty in operation in the Transvaal." Hierdie be=weging wat ons onder Ethiopies gegroepeer het, verskil in menig opsig van die volgende beweging wat hieronder genoem word.

The United Apostolic Faith Church

Hierdie beweging gee 'n blik op die verlange en behoefte van baie groepe om een of ander affiliasie met geesverwante gesindtes onder die Blankes daarop na te hou. In hierdie geval deel hulle in voorregte soos formele, teologiese opleiding en sou hulle 'n meer verenigde front kan vertoon waar na buite opgetree word.

The Bundle Apostolic Church

Teenoor die meer geregimenteerde Apostoliese beweging hierbo vind ons in dié beweging dat hulle teruggryp oor die "Pentacostals" heen na 'n direkter voortsetting van die Kerk van Christus na aanleiding van Joh. 17:22 (uit die Hoëpriesterlike Gebed).

Hulle steur hulle nie juis aan norme nie. Die leier is sonder oplei=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

ding, die liturgie, die leerstellinge en die tug is op losse skroewe - die Pneumatologie hel gevaarlik na die magiese oor. Alhoewel die helingsaspek nie sterk uitgebou is nie, word die "Heilige Gees" 'n krag "wat hulle gebruik vir genesing van hulle pasiënte deur handoplegging." Die plaaslike leraar beroem hom daarop dat hy die "Heilige Gees" so beheer dat dit hom nie "streng vang nie; maar dit is nie alle mense wat sulke gawes het nie."

Die drie bewegings vertoon onderling sodanige verskil dat die separa= tisme in Ga-Rankuwa 'n gevarieerde verskynsel blyk te wees. Die op= vallendste kenmerk van die separatisme in Ga-Rankuwa in ons veldwerk= bestel in 1964 was dat dit gesamentlik in getalsterkte so oorheersend was. Die kolomfiguur wat oor die 80% van die destydse bevolking se religieuse geledinge uitbeeld, veraanskoulik hierdie bevinding.

Die veldverkenning in Ga-Rankuwa het op 'n buitegewoon komplekse same= treffing gedui. So weerspieël die statistiese beeld opvallend in Fig. VII 'n hele stuk kersteningsgeskiedenis in Pretoria en omgewing. Feitlik elke gevestigde kerk het ywerig kersteningswerk gedoen. Met uitsondering van die Metodiste lê die getalsterkte van die ander kerke merkwaardig na aan mekaar.

Wanneer die naamlys van Ethiopiese Apostoliese en Sionistiese bewegings in Ga-Rankuwa nader ontleed word, is dit duidelik dat ons met klein splintergroepies te doen het. Die Ethiopiese groepe tel 39 met 'n totale ledetal van 810. Dit is 'n gemiddelde ledetal van 20 per groep terwyl die Ethiopian Church met 'n aanhang van 143 of 17,7% die grootste groe= pering is.

Die Apostoliese verband met 42 geledinge en 1 442 aanhoriges (gemiddeld 34 per groep) vorm die grootste verband.

Die Sioniste met 27 groepe en 797 aanhangers is egter die interessantste want as die Zion Christian Church met sy 556 volgelinge hier weggesny word, het die ander 26 groepe slegs 'n gemiddelde aanhang van 9,3. Die beeld van versplintering kom hier sterk na vore.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

In Verslag 1973:56 word beredeneer dat die ersteningsaksie van die bekendste kerke tussen 1946-1960 in Pretoria en omgewing persentasie=gewys konstant bly maar dat die separatisme besondere groei vertoon. Die neiging skyn te wees dat aanhoriges van die tradisionele religie eerder 'n geestelike tuiste in die separatistiese bewegings as in die gevestigde kerke gevind het.

2.9.4.3 Bloemfontein - Die swart dorpe in Bloemfontein is die tweede van ons vier illustrasies. Op die Taalkaart kan gesien word hoedat Bloemfontein geleë is in 'n soort Tswanaskiereiland wat deurskiet in die globaalomskrewe Suid-Sothokader tot by Thaba'Nchu. Hiervoor is daar tot op groot hoogte 'n historiese verklaring. Ongeveer 12 000 Ro-long (Tswanasprekend) verhuis in 1833 van Platberg naby die huidige Warrenton na Thaba 'Nchu en met hulle saam twee Metodiste sendelinge, Archbell en Edwards. (Vgl. Du Plessis 1911:180 asook Molema - Chief Moroka s.j.:34-41). Hierdie vestiging met sy ersteningsinslag in 'n vroeë bestel moes uiteraard etniese sterkteverhouding en georganiseerde sendingarbeid in Bloemfontein beïnvloed het.

Verder weet ons dat ds (later dr) Andrew Murray so vroeg soos 1849 sendingwerk in Bloemfontein aanvoor. Ons lees: " ... In de meest verachterden stelde hij evenveel belang als in de meest ontwikkelden ... en stelden pogingen in 't werk, die niet vruchteloos bleven, om zelfs de verlaagde Hottentotten en Boesmannen te bereiken" (Du Plessis 1920:100). In 'n brief aan sy suster, Maria, 25.6.1849, skryf hy van die "Kafferfonteinlieden" wat hy in kerkverband probeer bring.

'n Onafhanklike opname onder die Swartes ten einde Geloof (Kerkverband) vas te stel, is ook hier in 1964 geloods. (Vir bystand rakende formele aspekte van die steekproef vgl Verslag 1973:229). Die ondersoeker het die basiese gegewens hergroepeer met die oog op vergelyking. (Tab 15 p119).

Die 1980-sensus (Statistiese Streek no. 65) word op sy beurt in per=sentasie omgewerk met die oog op meer byderwetse vergelyking; met voor=behoud dat 1980 slaan op die Statistiese Streek Bloemfontein en die selfstandige steekproef op 'n sestal swart dorpe: (a) Phahameng; (b) Vukazenzele; (c) Weikamp; (d) Bochabelo; (e) Kafferfontein en (f) Batho. (Tab 15(a) p119).


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



FIGUUR VIII

BLOEMFONTEIN




*S = SEPARATISTE UIT GEVESTIGDE KERKE
E = ETHIOPIES
A = APOSTOLIES
Z = SIONISTIES

SKAAL: 4 mm = 1%

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 15 SWARTES - STEDELIK BLOEMFONTEIN - 1964

| Geloof | Volgelinge in verskillende swart dorpe a | b | c | d | e | f | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Nederduitse Geref. | 78 | 34 | 53 | 43 | 12 | 20 | 240 | 11,15 |
| Gereformeerd | 11 | - | - | - | - | - | 11 | 0,51 |
| Ned. Hervormd | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Anglikaans | 45 | 64 | 37 | 75 | 48 | 100 | 369 | 17,19 |
| Presbiteriaans | - | 49 | 7 | 11 | - | 2 | 69 | 3,15 |
| Kongregasionaliste | 5 | 37 | - | 1 | 10 | - | 53 | 2,46 |
| Metodiste | 140 | 65 | 112 | 106 | 88 | 95 | 606 | 28,15 |
| Lutherse | 17 | - | 1 | 12 | 5 | 3 | 38 | 1,76 |
| Rooms-Katolieke | 61 | 25 | 32 | 22 | 8 | 25 | 173 | 8,03 |
| Baptiste | - | 6 | - | - | - | - | 6 | 0,28 |
| Heilsleër | - | - | - | - | - | 7 | 7 | 0,33 |
| Sabbatariërs | - | - | 5 | - | - | - | 5 | 0,23 |
| Volle Evangelie | - | - | 21 | 5 | - | - | 26 | 1,21 |
| Verskillende Chr. Sektes en Separatiste | 102 | 155 | 116 | 63 | 63 | 51 | 550 | 25,55 |
| | 459 | 445 | 374 | 338 | 234 | 303 | 2 153 | 100,00 |

TABEL 15(a) SWARTES - BLOEMFONTEIN (1964) EN BLOEMFONTEIN (STATISTIESE STREEK) - 1980

| | 1964 % | 1980 % | |
|---|---|---|---|
| Nederduitse Geref. | 11,15 | 17,76 | |
| Gereformeerd | 0,51 | | |
| Ned. Hervormd | - | | |
| Anglikaans | 17,19 | 7,87 | |
| Presbiteriaans | 3,15 | 2,56 | |
| Kongregasionaliste | 2,46 | 0,17 | |
| Metodiste | 28,15 | 22,55 | |
| Lutherse | 1,76 | 2,50 | |
| Rooms-Katolieke | 8,03 | 8,97 | |
| Baptiste | 0,28 | 0,80 | (AGS) |
| Heilsleër | 0,33 | | |
| Sabbatariërs | 0,23 | | |
| Volle Evangelie | 1,21 | | |
| Verskillende Chr. en | | 5,49 | |
| Separatiste | 25,55 | 21,99 | |
| Ander Nie-Christelike | | 0,12 | |
| Maak beswaar ) Onseker ) Geen Kerkverband) | - - | 9,22 | |
| | 100,00 | 100,00 | |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Uit hierdie statistiese benadering met klem op die onafhanklike 1964-steekproef, kan die volgende gestel word:

In Bloemfontein beklee die Metodiste volgens getalsverhoudinge 'n sterk eerste posisie (28,15%).

Met betrekking tot die historiese, gevestigde kerke aan die een kant en die separatiste as samelgroepe aan die ander kant, skyn Bloemfontein 'n swak teelaarde vir die separatisme te bied; ongeveer 78 : 22% want "Verskillende Christelike Kerke" is vir 1964 ingereken.

Die hoë persentasie behorende aan die groter gevestigde kerke en die ontvanklikheid vir die Evangelie in die algemeen hang bepaald saam met 'n hele konstellasie faktore. Onder andere:

Die Difaqane of bestel waarin die Tsjaka-oorloë met sy kettingreaksie van ontvolking, verslaendheid - en sy naweë in die algemeen die botoon voer (1822-1831). In die ontvolkte gebiede trek die Blankes ná 1834 in en baie van die Swartes skaar hulle vrywillig onder die Blankes vir eie veiligheid en word so diensbodes en woon mettertyd as plakkers verspreid op die boereplase. Gevolglik mis hulle baie van die wat bv. 'n Mosotho in Lesotho of 'n Zoeloe in Zoeloeland kultuurgebonde hou. In hierdie sterk Westersgelade akkulturasieveld word Bloemfontein 'n soort katalisator. Die Difaqane is uiteraard ook vir Bloemfontein relevant. Teenoor die hoë persentasie in gevestigde kerke staan 'n baie lae persen= tasie behorende aan diegene buite kerkverband.

In vergelyking met die meeste ander stede in die Sothogebiede is Bloem= fontein meer etnies homogeen. In 1946 - dit is die sensusgegewens wat in Verslag 1973:186 gegroepeer en in persentasies omgewerk is - was die Tswana 42% van die totale swart bevolking in Bloemfontein en voorstede; die Suid-Sotho tweede sterkste met 35%; die Nguni derde met 14% en "Ander Nie-Unie- en Unietale en Ongespesifiseerd" 9%. Onder die Nguni was die Xhosa 11%, die Zoeloe, Swazi en Ndebele 3%. Die Landdrosdistrik persentasies vir die 1970-sensus is in rangorde soos volg: Suid-Sotho 41%; Tswana: 34%; Xhosa 19% en "Ander Nie-Unie - Ongespesifiseerd": 2%. In die breë maak slegs twee Sothotale diep in die 70% van die taalspek=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

trum uit. Dit weerspieël 'n hoë mate van homogeniteit volgens etniese indeling. (Vir 1970 - Persverklaring, 8 Feb. 1971,p.27) Bloemfontein het meer geleidelik en gebalanseerd gegroei as die meeste ander stede in ons studieveld. Gevolglik kon die kersteningsaksie beter tred hou en 'n vroeë voorsprong benut.

Die 1960-sensus (Geografiese Indeling, vol. 1 - R.P. no.62/1963 - p.61) bied vir die Metropolitaanse Gebied Bloemfontein gegewens oor ras en geslag oor die jare 1921, 1936, 1951 en 1960. Daar meen ons getuienis te vind vir die geleidelike en ewewigtige groei. Ons gee hieronder die bevolkingsyfer vir 1951 en 1960 weer ten opsigte van Blankes en Swartes:

TABEL 15(b) BLANKES EN SWARTES IN BLOEMFONTEIN (METROPOLITAANS) 1960 en 1951

| | Blankes | | Swartes | |
|---|---|---|---|---|
| | 1960 | 1951 | 1960 | 1951 |
| Totaal | 63 046 | 49 074 | 75 944 | 56 574 |
| Manlik | 31 140 | 24 233 | 37 113 | 27 610 |
| Vroulik | 31 806 | 24 841 | 38 831 | 28 964 |

Wanneer 'n mens die separatistesamelgroep in die Bloemfonteinopname 1964 in besonderhede ontleed, word die volgende sterkteverhoudinge verkry; eerstens as persentasies binne die separatisme onderling en tweedens as persentasies binne die steekproef as geheel:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Separatisties | (S) | : | 54% | -- | 14% |
| Ethiopies | (E) | : | 18% | -- | 5% |
| Apostolies | (A) | : | 19% | -- | 5% |
| Sionisties | (Z) | : | 9% | -- | 2% |

Onder S is tuisgebring: African Church, African Methodist Episcopal, Bantu Methodist, Bantu Reformed en Presbyterian Church of Africa.
Onder E is georden: African Lutheran, Bantu Independent, Ethiopian, New Church, United Church en Bechuana Methodist Church.
Onder A is tuisgebring: African Gospel, Apostolic F.M., Assemblies of God, Holy Church of Christ, St. John's A.F., St. Paul's A.F. M.S., Pentecostal en Twelve Apostles.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Onder Z is georden: Apostolic Catholic Zion, Apostolic Zion, Gospel Bethsaida, New Bantu Apostolic in Zion en United Zion. Ons bemerk dat in Bloemfontein die A- en Z-groepe 7% van die hele opname uitmaak teenoor die 19% van die S- en E-groepe. In vergelyking met die ander drie stedelike voorbeelde is die separatiste geheelbeeld in Bloemfontein nie so versplinterd nie.

Naas ons statistiese benadering, kon in redelike detail verkenning na die wese van 'n betekenisvolle aantal bewegings deurgevoer word. Waar=devolle gegewens oor die sestal wat in Hoofstuk 3 beskrywe word, is aldaar ingewin. Sover doenlik is daardie inligting nie hier ingebou nie. Ter kensketsing van die S-groep in Bloemfontein word gelet op skeuringe uit die Gereformeerde (Presbiteriaanse) en Metodiste Geloofs=posisie. Die voorbeeld uit eersgenoemde is die Presbyterian Church of Africa. Die PCA is die welbekende P J Mzimba-skeuring (1898) uit die United Free Church of Scotland. In die navorsingsbestel staan die PCA in Bloemfontein relatief sterk en hou verband met die destydse leier ter plaatse, Eleasar Mopeli.

Mopeli se relaas van die ontstaansgeskiedenis - soos vertaal uit keurige Suid-Sotho - lui soos volg: "Presbyterian Church of Africa is in 1898 gestig deur leraar Phambani Mzimba te Alice. Die rede waarom hy dit gestig het, was toe hy na die jubileum in Skotland gegaan het en daar baie geld gekollekteer het om in Suid-Afrika so 'n kerk te bou soos wat hy in Skotland gesien het. Dit het egter gebeur dat die plan wat hy in gedagte gehad het nie die wat oor hom gestel was, kon bevredig nie en hulle het dit verwerp. Die geld wat hy gekollekteer het, is aan die mense teruggegee en dit was inderdaad vir hom 'n steek. Dit is toe dat hy afgeskei het van die Free Church of Scotland en hierdie kerk naamlik die African Presbyterian gestig het, die een wat vandag vooruitgaan en reeds vér gestrek het tot in Nyasaland waar dit vandag aangetref word" (vgl <u>Verslag 1973</u>:199-20; vir kontrole, bv. Sundkler 1961:42-3).

Hoe 'n mens ook mag verskil oor aksente wat Mopeli op die vroeë geskiede=nis plaas, oor 'n spesifieke onderlinge skeuring is sy eerstehandse weergawe van belang. Dit het betrekking op E Marumo: Die informant voer aan dat die PCA in die Oranje-Vrystaat nog meer opgang sou gemaak

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het en vervolg: "Maar ons het ook teenslae ondervind. Een van hierdie Kerk se leiers met die naam Marumo, het buitengewone gawes gehad. Ek weet van 'n paar vroue wat nie kinders gehad het nie, maar wat wel kinders gekry het nadat hy vir hulle gebid het. Maar hierdie man het later net aan hierdie gawe waarde geheg en nie meer die Kerk se werk gedoen nie. Toe hy hieroor genader word, het hy geskeur en die Presbyterian Bafolisi Church gestig en 'n groot meer=derheid het hom gevolg. Maar ons is vandag nog baie sterk, en word nog sterk. Ons maak nie gebruik van buitegewone gawes nie hoewel ons glo dat as daar so 'n mens is, hy toegelaat sal word."

Eleazar Mopeli is eie familie van kaptein Paulus Mopeli, broer van Moshoeshoe I. Paulus Mopeli kom in oorleg met die Vrystaatse Regering met sy stam in 1868 na Witsieshoek (Ross 1930:13-4). Eleazar Mopeli arbei as evangelis van die NG Sendingkerk in Witsieshoek maar is ook een van die wykshoofde. Gedurende die bediening van C H Badenhorst kom hy met die versoek dat predikantstatus aan hom toegeken word. Badenhorst verduidelik hoedat hy vir verdere studie na die Stofberg=gedenkskool sou moes gaan. Hiervoor is hy nie te vinde nie. Badenhorst vermoed dat die hiërargiese ordening in die tradisionele regeringstelsel in die geval Mopeli ook 'n rol gespeel het. As wykshoof en familie van Paulus Mopeli en Moshoeshoe I het Eleazar waarskynlik gevoel dat hy nie op gelyke voet met die ander evangeliste in Witsieshoek gestel behoort te word nie. In elk geval, Mopeli verbreek sy bande met die Sendingkerk, word toegang verleen tot 'n ander teologiese inrigting vir een jaar waar=na hy beroepbaar was as predikant in die PCA (telefonies: Badenhorst-Van Wyk, 9 Des. 1982).

Vanuit Bloemfontein gesien, is die kerkregering veelal Presbiteriaal. Ons verneem egter dat Mopeli superintendent in die Vrystaat is. Verder is die samestelling van die lidmate nie streng op etniese grond=slag nie. Sundkler onderskryf dat Mzimba se skeuring oorspronklik Fingo was en hy die Xhosa nie meegevoer het nie. Ook is die PCA volgens Mopeli nie 'n politieke pressiegroep nie, maar "mense wat graag hulle kerk inheems wil maak." Hy omskrywe: "As 'n Indiër in Frankryk gaan studeer - na voltooiing van sy studie - moet hy terugkeer na Indië om die mense van sy land te leer wat hy geleer het, maar op hulle eie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

manier, sodat dit vir hulle 'n eie ding kan wees." Uiteraard is daar wisselwerking tussen Witsieshoek en Bloemfontein (vgl Lantern 1955, vol 4, no 3:263). En nou is Mopeli 'n sterk skakel. Daarom is die Suid-Sothogroep goed verteenwoordig in die PCA. Later sal ons sien dat Xhosa ook in die erediens gebruik word. Verandering het dus wat Bloemfontein betref, ingetree (vgl Sundkler 1961:43). Mopeli behou binding tussen ongeveer 1 000 lidmate plaaslik.

Rakende die Leerstellinge getuig Mopeli dat die PCA vroeër met Adam's College in Natal geskakel het maar nou met Lovedale skakel. Hulle is Gereformeerd. Hy gedoog geen afwyking nie en lees by voorkeur Afri= kaansgeskrewe werke oor Dogmatiek.

Wat liturgie in die PCA betref, is daar 'n verskuiwing van die NG li= turgiese orde na 'n soort Metodistiese. (Ons veldwerker beskrywe 'n Nagmaalsdiens - Verslag 1973:209). En hier sien ons hoedat die Xhosa= groep ook in aanmerking geneem word. Die Tien Gebooie word so gelees dat na elke gebod die gemeente in Xhosa sing: "Mag U ons genade gee."

Die tweede voorbeeld ter kensketsing van die S-groep soos hierbo belowe, het betrekking op afsplinteringe uit die Metodiste Kerk. Oor die Meto= diste Kerk en separasie uit daardie denominasie, skrywe Sundkler dat die sendingarbeid sodanige omvang aanneem en verspreid is oor soveel stamme dat dit nie moontlik is om daaraan reg te laat geskied in sy werk nie en dat hy hom tot Tile se afskeiding en die Bantu Methodist Church beperk (1961:46-7). Ook ons is beïndruk deur die omvang in die loop van ons ondersoek en kon nie reg laat geskied aan afsplinteringe uit die Metodiste Kerk nie. Bloemfontein skyn egter die aangewese steek= proef te wees waar sekere bykomende gegewens van elders ook verantwoord kan word.

Tabel 15 en Fig. VIII toon hoe sterk die Metodiste se kersteningskompo= nent is. Ewe duidelik kom die separasieneiging nie na vore nie. Uit 'n verdere ontleding van ons eie opname (1964) blyk egter teenoor die 28,15% van die denominasie in Kerkverband dat die separatiste uit Meto= distegeledere 3,25% is (Verslag 1973:192).

Op 9 Julie 1964 voer ons veldassistent 'n onderhoud met 'n leier van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bantu Methodist wat teen ongeveer 1937 geskeur het uit die Methodist Church in Johannesburg en op datum van ondersoek 'n leier is in Bloem=fontein. Maar volgens 'n ander informant is die volle naam van hierdie beweging die Bantu Methodist Church for the Bantu.

Die respondent van 9/7/64, ene N., vertel soos volg: "Hulle rede was net dat hulle 'n Bantoe Metodiste Kerk wou stig .... Die stigter was Rev. Hlongwane, wat 'n Xhosasprekende was. Hy het toe die leier van hierdie kerk geword, maar omdat hy 'n Xhosa was, het die Bachuana, wat in hierdie kerk was, gevoel dat hulle nie bereid is om deur 'n Xhosa gelei te word nie. Hulle stig toe hulle 'Bantu Methodist'. Hierdie twee bewegings is nou nog met een naam verbind maar hulle staan apart van mekaar; die een het geen verbinding met die ander nie. Maar daar is wel nog Bachuana en Basotho in albei, wat nie sterk oor hulle Nasio=nalisme voel nie."

Inligting wat uit die Wintersveld noordwes van Pretoria kom, maar wat slaan op vroeë skeurings elders behels die volgende: Ontevredenheid ontstaan toe die kerklike bydrae van 20c na 25c verhoog word. Hulle stig daarom in 1933 hulle eie kerk, die Bantu Methodist Church of South Africa. Hulle word ook die Donkiekerk genoem. Ons haal verder aan: "Dit was destyds die rede wat God gebruik het om ons daar uit te kry want ons betaal nou 30c per kwartaal bydrae, maar daar is geen klagte nie."

"Rev. M.T. Ramushu was destyds in Albertstraat, Johannesburg, onder die Metodiste Kerk werksaam. In dieselfde jaar word hy ontevrede oor die behandeling. Hy word verplaas na Klersdorp. Toe hy die Maandag moes vertrek, sterf sy vrou die vorige Vrydag. Maar die blanke Predi=kant wat die verplasing gereël het, gee hom net kans om sy vrou te begrawe op Sondag, en Maandag moes hy vertrek. Hy word baie ontevrede oor die onsimpatieke optrede. Hy kom op Klerksdorp in aanraking met die leiers van die geskeurde groep. Dié vra hom om oor te kom na hulle en hy bedank uit die Metodiste Kerk en word die eerste leraar van die 'Bantu Methodist Church' wat destyds op Sophiatown gevestig was waar hulle 'n erf gehad het. Al die ontevredenes kom toe saam in 'n vergadering om 'n Superintendent te kies. Rev. Ramushu word gekies. Rev. Hlongwane,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat vroeër nie 'n leraar van die gemeente was nie, maar net 'n hulp= leraar, meen toe hy was die eerste leraar van hierdie beweging en moes gekies gewees het en hy skeur weer af en stig sy eie 'Bantu Methodist Church'." (HKM -vgl hierna Wintersveld, Bylaag 1, no. 27).

Volgens Sundkler (1961:168) was Hlongwane van Zoeloe-afkoms. Hy weer= spreek egter nie in beginsel ons Bloemfonteinse informant N. insake etniesgelade skeuring nie. Wat die Wintersveldse relaas betref, bring hy 'n korreksie aan op die relaas wat dieper sny. Hy betoog: "Generally speaking, we find that leaders who after the break prove to be exception= ally successful, have prepared with more care than others for leaving the parent Church. Of great interest from this point of view is the crisis that preceded the formation of the Bantu Methodist Church in 1932-33, ... R., one of the leading African Methodist ministers on the Rand, had for a long time been working behind the scenes for the formation of an independent Church." Hy wei uit oor hoedat R. na die sin van sommige te lank op hom laat wag het; H. gekies word ... "H. ... led the masses until, more than half a year later, R. gave a hint that he was available. He was then, in October 1933, elected President. H., however, refused to surrender the reins of power, and the outcome of this long drawnout crisis ... was the formation of two competing Churches ..." (1961:172-3).

In Bloemfonteinkonteks binne ons E-indeling val die Bechuana Methodist Church. Een van die oorsake wat tot hierdie skeuring aanleiding gegee het, is ook van etniese aard. In 'n formele skrywe lees ons: "That the Sexosa language is the only language used in the A.M.E. Church, in Church and schools." Prys word egter nog gestel op die historiese kerkverband en die biskoplike seënwense: "In honour to Rev. Solomon Molotsi's rightly parting with the A.M.E. Church the Biship sent to him a Blue Book, at the same time congratulating him for the right in the establish-ing of the Bechuana Methodist Church."

Dit blyk later dat die beweging omstreeks 1910 gestig is. Sedertdien was daar onderlinge twis. Teen 1923 vind ons vier seksies in 'n stryd gewikkel. En dis nou vetes binne 'n meer etnies-homogene Tswana bestel. In wese word dit 'n magstryd om leierskap. Eers in 1927 slaag M.M. daar= in om die strydende groepe te verenig. In sy strewe word hy bevoordeel

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



daar hy "Chief" A.K.M. van die Rolongstam, woonagtig te Kunana, tot die beweging oorhaal. Hy word teen 1939 saakgelastigde van die be= weging. Ons mag stellig aflei dat die tradisionele (stam-) hiërargie ook hier 'n rol gespeel het (Lêer 120/4/20 - 35/213).

Die onderhawige korrespondensie deur M. toon sterk kontra-akkulturatiewe trekke. Hy verwyt die Blankes dat hulle die idillies-patriagale bestaan van die "Bechuana Barolong" versteur het en selfs medeverantwoordelik is vir die haat tussen die Moroka- en Thipinarepartye wat ten tye van sy skrywe in 1931 nog sou smeul.

Die posisie wat M. inneem kontrasteer fel teen die houding wat ander leiers as mondstukke van die "Ethiopiese" bewegings teen 1964 verwoord. By die ander word selfstandigheid of parallelle ontwikkeling wel beklem= toon maar sonder dat 'n mens die gevoel kry van 'n sterk kompleks. By M. is daar 'n aggressiwiteit - 'n sterk kompleks met sy ingewikkelde verplasings- en verdringingsverweer.

Wat Sundkler as "Zionist" sou kenskets, vertoon in Bloemfontein 'n hele spektrum. Daar is bewegings wat meer behoudend is ten opsigte van we= sensooreenkoms met hulle "moederkerke" uit die Apostoliese geloofsposisie. Plaas ons dergelike bewegings meer na "regs" op die spektrum, dan is die minder behoudende bewegings meer na "links". As uiters "links" sou ons dan bewegings bestempel wat diep in die tradisionele religie van die Swartes inskakeer.

As voorbeeld van 'n regse beweging is daar die Bantu Evangelical. Hierdie beweging met Amerika as agtergrond was teen 1964 nog besig om beslag in Bloemfontein te kry en staan in die teken van die (kerklike) Ekumene. Jaarliks word 'n gemeentevergadering gehou waar "deacons" en "elders" gekies word uit nominasies deur die Church Board. Daar is Streekrade wat die besluite van die jaarvergadering implementeer. Die voorsitter is net vir die duur van die vergadering terwyl die ampsdraers vir drie jaar verkies word. Predikante deurloop 'n driejarige telogiese kursus waarna 'n proeftydperk volg. Leerstellig wil hulle behoudend Protestants wees dog met 'n Apostoliese uitbouing. Verder stel hulle hul op die geloofstandpunt van "the personal, premillenial return of our

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Lord Jesus Christ and that this blessed hope has a vital bearing on the personal life and service of the believer." Hulle handhaaf die Doop deur onderdompeling en herdoop indien iemand deur besprinkeling gedoop was. Oor die rol van die vrou word slegs vermeld dat die kerk=raad "deaconesses" aanstel.

'n Voorbeeld van 'n uiters linkse beweging is die Apostolic Catholic Zion Church. (Vir vollediger weergawe vgl Verslag 1973:227-8). Die ACZC sou geen skeurbeweging wees nie. Hulle sou deur die 'Gees' gelei wees om die ACZC te stig. Hulle deel die Kerke in in twee groepe: Geestelike en Wettiese. Die Apostoliese kerke, veral húlle die ACZC, is Geestelik. Die Wettiese kerke is die Wêreldse. Hulle stel dit selfs sterker by geleentheid en "hou vol dat hulle die Ware Kerk van Christus is en dat al die ander Kerke verdoem is." B is die leier en sy moeder is die profetes en hoof van die ACZC. B is ongetroud. Getroude persone mag nie preek nie want hulle is onrein. Aan hierdie vrou - so getuig sy self - is die krag van 'n man gegee om die ACZC te lei.

Wat die leerstellinge betref, het ons reeds genoem dat die ACZC deur die 'Gees' gestig is. Hulle is 'n 'heilige gemeenskap' wat op die Doop van Johannes die Doper as fondament staan en ook op die woord van Christus aan Nikodemus, Joh. 3. Alle mense wat nie onderdompel is nie, is onrein. Alles word moontlik met en deur onderdompeling; dan ontvang hulle die Heilige Gees soos Christus. Daarom is die ACZC "geheel-en-al 'teen die opleiding van kerklike leiers en sê dat hulle deur die 'Gees' gelei word." Hulle het direkte kontak met God; sien God of Christus; het engele wat vir hulle boodskappe bring - sien in gesigte hemelse wesens. (Ons veldwerker voeg by: "Maar hulle leer privaat deur die 'Stem van Profesie-Bybelskool', waarvan hy (die leier, B) 'n wapen en sertifikaat het."). Ons moet aanneem dat die oormatige versiering van die gebou, deur, gordyne, vloer met kruise ook bonatuurlike ingewing is - ook hulle kleed "is die ene toue en kruise".

Hulle drink nie, rook nie, eet nie vleis nie, gebruik geen medisyne nie - net water vir alle siektes - gooi nie dolosse nie, toor nie. Maar hulle glo wel aan die voorouergeeste. Om dit te bewys haal ons die veldwerker weer aan: "So byvoorbeeld vertel sy (die hoof en profetes)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


my dat ek siek is as gevolg van die 'Gees' wat in my is, maar nie in werking kom nie omdat ek onrein is. Eerstens, omdat ek nie 'n lid van hulle kerk is nie en nie onderdompel is nie. Tweedens, omdat ek nie iets geslag het na my vader se dood nie - dit na hy (die seun, B) my oor my vader uitgevra het. Nou moet ek innerlik rein gemaak word deur te vermeer en innerlik gewas word deur maagspoeling met water. Ek moet eers die tradisionele Bantoegewoontes nakom sodat die voorvaders my kan seën; dan moet ek by hulle aansluit."

Met verwysing na ons onafhanklike statistiese opname ressorteer die ACZC onder die Z-groepering wat maar 2% van die steekproef uitmaak; en 9% van die separatiste gesmentlik.

Die verkenning van Bloemfontein dui op 'n vormgewing van die separatisme wat relatief tot ons ander stedelike voorbeelde minder kompleks sal blyk te wees. Gestel ons sou voorlopig Sundkler se drie groepe as kriterium gebruik, dan is daar weinig sprake van die "Messianic" en is die "Ethio=pian" wat getalsterkte sowel as invloed betref dominant ten opsigte van die "Zionist".

Die Bloemfonteinsteekproef dui verder baie duidelik op die baie belang=rike voorkoms van leierstwis as oorsaak van skeuring en die wye spektrum wat onder die begrip Sionisties ingepas moet word.

In die Bloemfonteinfiguur (Fig VIII) bemerk ons dat binne die Separatiste=kolom die S, E, A en Z 'n opvallende sterkteverhouding in dalende orde ver=toon. Die S-bewegings is besonder sterk in Bloemfontein. Dit is hulle wat noue wesensooreenkoms met die "moederkerke" vertoon, insonderheid wat die leerstellige en die liturgie betref. Hierdie sterk posisie dank hulle veral aan skeurbewegings soos die Presbyterian Church of Africa, destyds onder leiding van E Mopeli; die Bantu Methodist wat in hierdie hoofstuk behandel is (maar wat saamgelees moet word met die African Church, hfst. 3 en die Bantu Reformed Church in Verslag 1973: 650-700).

Teenoor die sterk posisie van die S-groep is die sterkteverhouding van die Z-groep besonder laag. Weliswaar is daar 'n geskakeerdheid binne

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


die A- en Z-groepe wat nadere onderskeiding bemoeilik. Ons kensket= sing van die ACZC, wat onder Z ingedeel is, dui egter daarop dat ons hier te make het met bewegings wat die tradisonele religie vrylik ak= kommodeer. Vir dergelike "linkse" groepe was Bloemfontein in ons veld= werkbestel nog 'n swak teelaarde.

In die breë kan 'n vergelyking tussen die Ethiopiese (S en E) aan die een kant en die Sionistiese (A en Z) aan die ander kant ten opsigte van Bloemfontein deurgetrek word.

Die Ethiopiese en by name die African Church en die African Presbyterian wil Kerke in eie reg wees. Hulle het 'n houvas op die vroeë ontstaans= geskiedenisse al sou hulle ook ietwat rasionaliseer om skeuringe te vergoeilik. Hulle vertoon nie in die ondersoekbestel 'n gedrae antitese ten opsigte van die kerk van hulle herkoms of ander gevestigde kerke nie. "Politieke" skeuroorsake - insluitende botsing met 'n blanke sende= ling - word nie meer op die spits gedryf nie. Stameiendomlikheid het tot groepvorming gelei, soos vanuit Bloemfontein verken in die Bantu Methodist Church, Bechuanaland Methodist Church en die African Episcopal Church. En hierdie posisie is verder gekompliseer deurdat daar ver= delinge gekom het op grond van drie taalgroepe wat in Bloemfontein sterk verteenwoordig is te wete die Tswana, Suid-Sotho en Xhosa. Maar waar die merendeel Ethiopiese bewegings in Bloemfontein relatief getalsterk en etnies heterogeen is, word etniese eie aard nie deur leierinformante in die samestelling van aanhoriges beklemtoon nie. Die splitsingshaard het geword onderlinge stryd tussen swart leiers in dieselfde beweging nadat daar van die blanke leiding weggebreek is. Hierdie dominante skeurveroorsaking kon nie ewe goed by die Sionistiese as by die Ethiopiese nagespeur word nie.

In die Ethiopiese word nog prys gestel op adellike afkoms. Die gewone leiereienskappe kom na vore gerusteun deur geletterdheid en teologiese opleiding. Die leier word meer as biskop gesien. Die biskop van die African Church was eers 'n onderwyser. Die leier van die Bantu Presby= terian Church was 'n oud-evangelis wat 'n aanvullende teologiese kursus deurloop het. Daarenteen is die Sionistiese leiers meesal nie kragtens geleerdheid dog kragtens 'n besondere charismatiese rolbeladenheid op

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die voorpunt. Deels as gevolg daarvan is daar in Bloemfontein ook vroue met "profetiese" gawes wat biskop (mookamedi) word soos in die Apostolic Catholic Zion Church. Hierdie neiging tot hiërargie or= dening korreleer positief waar die kerkregering in albei groeperinge 'n voorliefde vir die Episkopaalse vertoon al sou dit Konstitusioneel of mondeling werspreek word.

Wat die liturgie betref, vind 'n mens in die Ethiopiese bewegings dat hulle strenger hou by die voorskrif van die onderskeie moederkerke waaruit geskeur is. En tog is daar uitsonderinge. In die Ethiopian Church of South Africa kry ons 'n oorgangsposisie tussen Ethiopies en Apostolies-Sionisties (A-Z). Die leier en ook liturg op die dag van optekening het beweer dat die liturgie oorspronklik sowel Metodisties as Anglikaans was. Die veldwerker beskrywe uitvoerig en bevind dat in die eerste deel van die liturgiese verloop die Anglikaanse domineer. Ná die kollekte kry die diens "somaar 'n ander kleur" en is daar klaar= blyklik 'n aanpassing na die Metodistiese. "Almal bring die kollekte self na die tafel - daar word gesing, die tafel word geslaan. Die mense beweeg al swaaiende. Byvoorbeeld, as iemand R1,00 het, kan hy selfs vir ander mense daarvan gee. Dan gaan hulle self met hom saam kollekte stort. Die geld word in sentstukke gebring. Dan word dit met 'n ritme op die tafel geslaan (gedeponeer). Nadat almal gekom het, mans eenkant, vroue ook eenkant, word gesê hoeveel geld elke groep ge= bring het. Dan kom hulle weer. So gaan dit tot hulle nie meer geld het nie. Hierdie manier van kollekteer neem selfs tot dertig minute in beslag."

By die Sionistiese groeperinge word die liturgie geskoei op die lees van die Apostoliese Moederkerke maar ons kry ook sterk afwykings. Meer kenmerkend is die plek wat ingeruim is vir gebed deur die hele gemeente (waar almal gelyk elkeen sy eie woorde bid) en vir genesings= rites in gewone eredienste. As voorbeeld van 'n sterk afwyking word verwys na die Presbyterian Apostolic New Jerusalem Church met 'n trom as musiekinstrument asook 'n geykte ritmiese liggaamsbeweging. Die diens begin om 20h30 op Saterdag en duur tot 05h00 op Sondag.

Ten opsigte van die leerstellige: Met betrekking tot die leerstellige

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vertoon die betrokke Ethiopiese bewegings in die breë dat hulle nie om teologiese redes weggebreek het nie. Daar is egter die tendens dat die bewegings met 'n mindere teologiese opleiding of selfs geen teologiese opleiding genoeë neem en dat binding aan 'n leierspersoon deurslag gee. Afbuiginge van die teologiese posisie van die oorspronklike kerk is dan eerder te wyte aan onkunde en ander oorsake as aan heresie. Uit Bloemfontein word hierdie tendens geïllustreer in die Ethiopian Church of South Africa. Aan ons veldwerker word 'n geskrif geleen, waaruit hy uitvoerig aanhaal. (Citashe C.N.N. The brief Outline of the Story of the Ethiopian Church of SA, 1953). Dit blyk dat omtrent net soveel ge= skrywe word oor die afkoms, persoon en rol van Mokone, die stigter, as oor hulle teologiese posisie. So lees 'n mens onder meer: "Rev. Moses Makena Mokone sun (son) of Mampuru, sun of Mohlokodeshe sun of Mokone was born in the district of Pretoria at a place named Bokgaga, during the year 1857, June." .... Ietwat opvallend word Art 21 in die lig van Mokone se beweging: "It is (not uitgelaat) necessary that rites and ceremonies be in all places alike or utterly similar for at all times they have been diverse and may be changed according to the diversi= ties of country, times and men's manners so that nothing be ordained against God's word." - Dit is tog al 'n vroeë poging tot selfstandige teologisering in Ethiopian Churchverband.

'n Karakterisering van die leerstellige binne die Apostoliese en Sionis= tiese (A en Z) bewegings in Bloemfontein vertoon 'n hele spektrum. Oor die algemeen is daar 'n verskil tussen die Protestantse posisie van ge= vestigde Kerke en die meeste van hierdie Zionists volgens die termino= logie van Sundkler. En tog wil 'n beweging soos die Bantu Evangelical Church of SA behoudend Protestants wees met 'n uitbouing na die Aposto= liese posisie soos ons dit byvoorbeeld ken in die veelal gestruktureerde Apostoliese Geloofsending (AGS) onder Blankes in die RSA.

Die merendeel, egter, vertoon 'n sterker antitese of aggressie ten opsigte van Kerke en hul geloofsposisie. Teologiese opleiding geniet nie voor= rang nie. Leier en Leer korreleer sterk op mekaar. Die leerstellige word ondergeskik gestel aan "singuliere gawes" of "charismata". Daar is feitlik geen beweging wat nie beweer dat hulle die gawe van genesing besit Nie. Soos die veldwerker dit stel: "Hulle grootste evangelie is

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

die liggaamlike genesing. Dit word ook die grootste werwingsmiddel." Waar hierin so gespesialiseer word, gebeur dit ook dat 'n afname in prestige ten opsigte van helingsgawes tot die ondergang van so 'n be= weging lei. Voorbeeld hiervan is Rev. M. wat wonderwerke in Bloem= fontein sou gedoen het en ook mense sou genees het. "Maar later kon hy dit nie meer regkry nie. So het sy beweging ook net daar doodgeloop omdat sy kenmerke gesondmaking was." Profesieë het dan ook insonder= heid betrekking op die diagnoseer van kwale en hulle veroorsaking. In die Apostolic Catholic Zion Church - reeds as voorbeeld van 'n uiters "linkse" beweging genoem - skyn dit of hierdie gawes afhanklik gemaak word van tradisioneel-religieuse voorskrifte.

Dit is veral 'n oorspanning van die Pneumatologie of "Gees" wat ter sprake kom. Spontane Gees - of Moya-vervulling en -beoefening staan so sen= traal dat in etlike bewegings teologiese opleiding as swakheid bejeën word, in die sin dat veragtering in Gees en charismatiese kragver= toon die leier laat gryp na 'n kunsmatige bolwerk. Hierdie Moya-gerigt= heid lei in die meer esoteriese linkse groepe na openbaringe en prak= tyke wat inskakeer in die tradisionele religie soos hierbo ten opsigte van die ACZC aangedui is. Voorouergeeste (badimo) en hulle misnoeë word dikwels gediagnoseer as grondoorsaak vir siekte. Toordery word in be= rekening gebring.

Alhoewel die linkse bewegings onder die Sioniste (Z) statisties swak vertoon, is daar tekens wat heenwys na "kerkleiers" wat eerder dingaka is en kerke wat eerder magiese helingsinstitute is; en hierdie onder= stroming is sterker as wat ons statistiese berekening ons laat vermoed het.

2.9.4.4 Thabong ons derde voorbeeld van separatisme in 'n stedelike ge= bied, is 'n swart woonbuurt digby Welkom en staan in die teken van die bedrywighede op die Vrystaatse Goudvelde. Alhoewel uit die aard van die saak die bevolking sedert 1949 buitegewoon gegroei het, is die beplanning= instansie nie oorval nie. Fasiliteite het tred gehou. Teen Desember 1964 staan die totale bevolking op oor die 25 000. Die gemeenskap word deur die Munisipaliteit volgens behuisingstipe in drie groepe ingedeel; destyds soos volg:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1 Gesinsbehuising

(a) Huiseienaars:

| | | | |
|---|---|---|---|
| i | Manlik | : | 2 954 |
| ii | Vroulik | : | 2 955 |

(b) Afhanklikes van huiseienaars; huiseienaars se kinders:

| | | | |
|---|---|---|---|
| i | Manlik | : | 4 399 |
| ii | Vroulik | : | 4 746 |

2 (a) Loseerders:

| | | | |
|---|---|---|---|
| i | Manlik | : | 1 690 |
| ii | Vroulik | : | 2 073 |

(b) Afhanklikes van loseerders; loseerders se kinders'

| | | | |
|---|---|---|---|
| i | Manlik | : | 801 |
| ii | Vroulik | : | 941 |

3 Hostelbewoners:

(Gemiddeld vir Desember 1964) 4 700

25 259

In persentasie omgereken gee dit: Gesinsbehuising: 59%; Loseerders: 22% en Hostelbewoners: 19%.

Die swart bevolking is uit 'n wye sfeer betrek en was gevolglik etnies heterogeen. Tydens die ondersoek was besonderhede oor etniese same=stelling nie voorhande nie. Daar is egter in 1960 ten behoewe van behuising 'n steekproef gemaak. Die etniese aanhorigheid van huishoofde is in berekening gebring. Die resultaat was soos volg:

| Etniese verwantskap | Unie | Buite-Unie |
|---|---|---|
| Xhosa | 374 | 3 |
| Zoeloe | 120 | 4 |
| Swazi | 12 | 5 |
| Ndebele | 40 | 5 |
| Suid-Sotho | 1 587 | 454 |
| Noord-Sotho | 41 | 1 |
| Tswana | 204 | 4 |
| Tsonga | 37 | 9 |
| Venda | 10 | 2 |
| Nyasa | 1 | 0 |
| | 2 426 | 487 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Toe was daar dus 19% Nguni en 79% Sotho. Onder die Nguni domineer die Xhosa en onder die Sotho die Suid-Sotho by verre. Opvallend is dat 22% van die Suid-Sotho van buite die RSA kom. Die herkoms is stellig op hoë uitsondering ná uit Lesotho. Die kerklike persentasie = verhouding hou hiermee verband. Ter stawing volg hieronder gegewens oor geloofsgeledinge wat berus op die selfstandige opname uit veldwerk 1964/65 - Tabel 16. Die Figuur IX slaan op ons eie opname.

Vir meer perspektief op Thabong word sekere sterkteverhoudinge uit die 1980-sensus vir die relevante Streek no. 64 (Odendaalsrus, Virginia en Welkom) en Streek no. 65 (Bloemfontein) bereken:

| | Ned. Geref. | Metodiste | % | Rooms-Katolieke | Separa=tiste |
|---|---|---|---|---|---|
| Streek no. 64 | 12,5 | 19,9 | | 17,0 | 18,6 |
| Streek no. 65 | 17,8 | 22,6 | | 9,0 | 22,0 |

Ons veldwerker het bevind dat die meeste leiers van separatistebewegings nie betroubare statistiese inligting kon verskaf nie. Wat die self=standige opname betref, kon die steekproef nie die hostels dek nie. Uit die beskikbare gegewens kan egter afgelei word dat die drie sterkste kerke, die Metodiste, Rooms-Katolieke en die NG Sendingkerk (Ned. Geref. Kerk in Afrika) die groei van die separatisme in Thabong gestrem het. Die Metodiste handhaaf sy sterk posisie. In Thabong val hulle aanhang onder diegene "on trial" op. Waar sy kinders 2 616 en sy lidmate 2 604 is, is sy "on trial"-aanhoriges so hoog soos 2 174. Die ooreen=stemmende syfers vir die Rooms-Katolieke is 750, 2 500 en 150. Die klein kindertal in vergelyking met die groot ledetal het stellig sy verklaring daarin dat 'n hoë persentasie lidmate trekarbeiders uit gebiede buite die RSA soos Lesotho is. Die Ned. Geref. Kerk in Afrika is die mees ewewig=tige van die drie kerke in sy samestelling naamlik met 2 500 lidmate, 2 900 kinders en 123 katkisante.

Met verwysing na Tabel 16 en Figuur IX is die volgende sterkteverhouding opvallend. Die gesindtes onder A tot L (die Christelike kerke) maak

Vervolg p.138

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 16 SWARTES - THABONG - 1964

| | Genootskap | | Volgelinge | Persentasie |
|---|---|---|---|---|
| A | PRESBITERIAANSE GESINDTES | | | |
| | (a) Die Drie Afrikaanse Kerke | | | |
| | i NG Kerk in Afrika | 1 235 | | |
| | ii Hervormde Kerk | 5 | | |
| | iii Gereformeerde Kerk | 128 | 1 368 | 16,87 |
| | (b) "Presbyterians" | | | |
| | i Presbyterian Church | 65 | | |
| | ii Swiss Mission | 4 | 69 | 0,85 |
| B | KONGREGASIONALISTE (United Church) | | 283 | 3,49 |
| C | ANGLIKAANSE GESINDTES | | 838 | 10,34 |
| D | METODISTE | | 1 372 | 23,08 |
| E | LUTHERANE | | 34 | 0,67 |
| F | ROOMS-KATOLIEKE | | 1 169 | 14,41 |
| G | BAPTISTE | | 12 | 0,15 |
| H | HEILSLEËR | | - | - |
| I | SABBATARIËRS | | 11 | 0,14 |
| J | APOSTOLIESE GELOOFSENDING | | 30 | 0,37 |
| K | VOLLE EVANGELIE | | 17 | 0,21 |
| L | JEHOVA-GETUIES | | 33 | 0,41 |
| | | | 5 756 | 70,99 |
| M | BANTOE-SEPARATISTIESE GESINDTES | | | |
| | I Presbiteriaans | | | |
| | (a) Bantu Reformed | 30 | | |
| | (b) African Presbyterian | 242 | | |
| | (c) Afr. Presb. Bafodisi | 27 | 299 | 3,69 |
| S | II Anglikaans : African Church | | 21 | 0,26 |
| | III Kongregasionalisties | | | |
| | (a) African Congregational | 66 | | |
| | (b) Independent Congregational | 15 | 81 | 1,00 |
| | IV Metodisties | | | |
| | (a) Afr.Methodist Episc. | 266 | | |
| | (b) Bantu Methodist | 38 | 304 | 3,75 |
| E | V Ethiopies | | | |
| | (a) Ethiopian Church of SA | 179 | | |
| | (b) African National Church | 107 | | |
| | (c) New Mission Church | 18 | 304 | 3,75 |
| | | | 1 009 | |
| A | VI Apostolies | | 923 | 11,37 |
| Z | VII Sionisties | | 364 | 4,49 |
| | | | | 28,31 |
| N | WEIER OM TE VERKLAAR | | 20 | 0,24 |
| O | GEEN (SO OPGEGEE) | | 38 | 0.46 |
| | GROOTTOTAAL | | 8 110 | 100,00% |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hieronder volg nadere besonderhede oor die samestelling van die getalle wat in die voorgaande tabel onder M VI en M VII aangestip is.

M VI: APOSTOLIES

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Apostolies (ongespesifiseerd - "Apostola") | 35 |
| 2 | Assemblies of God Church of Christ | 129 |
| 3 | Free Baptist Church | 50 |
| 4 | The Bagalatia Apostolic Church Son of God of SA | 37 |
| 5 | Bantu Church of Christ (Limba) | 163 |
| 6 | The Bethal Assemblies of Christ Church | 6 |
| 7 | Apostles Brethern Church of SA | 39 |
| 8 | The Apostles and Brethern Church of SA | 2 |
| 9 | Apostolic Brethern Church of God in SA | 14 |
| 10 | The Catholic Apostles Christian Brethern Church of SA | 15 |
| 11 | Medium Catholic Apostolic Church | 53 |
| 12 | The Apostolic Church of Christ | 18 |
| 13 | The Apostolic Christ Church of God | 22 |
| 14 | Bantu Evangelic Church | 10 |
| 15 | Apostolic Faith Assembly of SA | 20 |
| 16 | Apostolic Faith Church | 12 |
| 17 | General Apostolic Church | 4 |
| 18 | St. John's Apostolic Faith Mission | 56 |
| 19 | Khopotso Apostolic Faith Mission | 49 |
| 20 | Mahon Mission | 18 |
| 21 | St. Paul Apostolic Faith Morning Star Church of SA | 3 |
| 22 | Pentecostal Church | 75 |
| 23 | The Holy Pentecostal Church of SA | 22 |
| 24 | Presbyterian Apostolic Church of SA | 33 |
| 25 | Christian New Salem Church | 7 |
| 26 | Sixhabayi[2] | 20 |
| 27 | Remnant Church of Christ | 11 |
| | TOTAAL | 923 |

M VII SIONISTIES


| | | |
|---|---|---|
| 1 | The New African Christian Apostolic Church in Zion | 11 |
| 2 | Bantu Baptist Church in Zion | 35 |
| 3 | The Bantu Christian Apostolic Church of God in Zion of SA | 11 |
| 4 | Apostles Brethern Church in Zion | 2 |
| 5 | The Holy Apostolic Christ Church in Zion | 21 |
| 6 | The Holy Catholic Apostolic Church in Zion | 21 |
| 7 | The Christian Catholic Apostolic Church in Zion | 12 |
| 8 | The Catholic Christian Apostolic Church of Zion in SA | 13 |
| 9 | The Christian Catholic Apostolic Church in Zion of God | 2 |
| 10 | The Christian Apostolic Church in Zion of SA | 64 |
| 11 | The Christian Apostolic Heaven Church in Zion | 13 |
| 12 | Apostolic Church Jerusalem in Zion | 20 |
| 13 | Catholic Jerusalem Church in Zion | 14 |
| 14 | New Jerusalem Apostolic Zion Church | 11 |
| 15 | Zion Apostolic Jerusalem Church of God in SA | 12 |
| 16 | The First Kappadocian Jerusalem Church in Zion | 3 |
| 17 | New Nazareth Church of Apostles in Zion | 23 |
| 18 | Philippians Apostolic Zion Church | 2 |
| 19 | The Presbyterian Christian Apostolic Church of Christ in Zion | 15 |
| 20 | Apostolic Trinity Church of Zion | 11 |
| 21 | Zion Christian Church | 24 |
| 22 | The Christian Apostolic Zulu Church in Zion | 24 |
| | TOTAAL | 364 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



FIGUUR IX THABONG




*S = SEPARATISTE
E = ETHIOPIES
A = APOSTOLIES
Z = SIONISTIES

SKAAL: 4 mm = 1%

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



70,99% van die 8 110 versyferde gevalle uit. Wanneer onder die totale aantal separatiste groepe (28,31% van die totaal) na die S + E-groepe (dit wil sê Separatiste in hoë mate uit blanke moederkerke) gekyk word, is dit opvallend dat hulle 1 009 of 43,95% van die volgelinge beheer. Die Apostoliese verband met 923 het 'n sterkte van 40,2%. Die 364 Sioniste met 15,85% soos bereken, verteenwoordig die swakste groep. Die gemiddelde volgelinge per groep onder die Apostoliese is 34,2 en by die Sioniste slegs 16,6. Die lae volgelingetal en die groot aantal separatistegroepe dui op die nou reeds bekende beeld van omvangryke versplintering.

Uiteraard het Thabong, wat in die teken van die goudmynwese staan, Swartes getrek uit 'n hinterland waar hulle reeds aan separatistiese bewegings behoort het Maar het daar ook bewegings in Thabong self ont= staan en gegroei? Ten einde lig hierop te werp, is ander benaderings= wyses aangedurf. Op 'n kaart in Verslag 1973 (ná p.234) is hoofkwartiere van separatistiese bewegings soos in Thabong verteenwoordig, aangebring. Dit toon dat Thabong nie in isolasie bestudeer kan word nie. Beheer word uitgeoefen vanuit sentra soos Pietersburg, Wakkerstroom, Port Elizabeth, Kimberley, Bloemfontein, Kroonstad. Opvallend is die kon= sentrasies hoofkwartiere in die omgewing van Evaton, Johannesburg, Pretoria en Thabong.

Thabong word so 'n opvangspunt vir sowel die meer historiese en gesofis= tikeerde Separatistebewegings soos die Presbyterian Church of Africa (Mzimba) en Ethiopiansplintergroepe (Mokone) as vir 'n beweging soos die Apostolic Christ Church of God met hoofkwartier Thabong en wat as "Apos= tolies" inskakeer by die tradisionele religie.

'n Betragting van verdere fasette dra by tot die karakterisering van die wese van die separatisme in Thabong. 'n Groot aantal leiers weet weinig of niks van die ontstaansgeskiedenis van bewegings wat hulle in Thabong verteenwoordig nie. Ons kom tot die gevolgtrekking dat etlike plaaslike leiers deur hoofleiers aanvaar is sonder dat hulle saam met die groep die geskiedenis deurleef het. Van die minderheid wat op hoogte is - en dit geld veral bewegings soos die Presbyterian Church of Africa - lê die skeurproblematiek van die oorspronklike stigter en die occasio vér in die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

verlede en speel geen rol in die huidige verloop van sake nie. Wat wel met betrekking tot hierdie beweging in Thabong van belang is, is dat die eintlike Provinsiale hoof in Bloemfontein gesetel is, naamlik E.M., en dat daar in 1964/65 tweespalt in Thabong voorkom. Daar is slegs twee ouderlinge wat leiding neem, dog die een hang "Rev." M. en die ander "Rev." Mek. (albei van Kroonstad) aan. Hierdie soort sekondêre splitsingsmeganisme is vry algemeen in die verloop van sake in die sepa= ratistiese bewegings.

Geen skeuring, maar selfstandige ontwikkeling word deur sommiges beweer. Die Apostolic Jerusalem Church in Zion is 'n voorbeeld. Die stigter P. was nie uit enige Christelike kerk afkomstig nie. "Hy het van die begin af hierdie kerk gestig."

Skeuring as gevolg van 'n leier wat hom sou misgaan het: In 1957 skeur B.M. omdat M. twee vroue sou geneem het, vertoë is tot hom gerig, maar hy wou na bewering nie gehoor gee nie. Daarom het B.M. geskeur en die CCBC gestig. So is daar gevalle van leiers wat tug ontduik het en leier van 'n opponerende beweging word. Wanadministrasie van geld in die Old Holy Apostolic Church in Zion (OHACZ) word as redes aangevoer waarom biskop D., wat destyds hulpbiskop in die OHACZ was te Kliprivier (Natal?) wegbreek om sy eie beweging, die New Nazareth Apostolic Church in Zion (NNACZ) op 28 Augustus 1957 te stig. Op datum van ondersoek is Evaton sy hoofkwartier. Die plaaslike leier is H.T. Die beweging is ingedeel onder "Z" in Tabel 16 (no. 17).

Waar sommige poliginie uit die bewegings wil weer, vind ons by die African National Church 'n teenoorgestelde neiging wat hergroepering in die hand werk. Hulle het dit teen kerke en ander gesindtes dat daar nie genoeg speling gelaat word vir elemente wat hulle uit die tra= disionele kultuur in ere herstel wil sien. Dit geld hoofsaaklik "Dowry" (lobolo/bohadi) en "Circumcision" (soos in tradisionele stamskole) en met fundering in die Skrif. Hulle skeur onder meer uit die Presbyterian Church of Southern Africa omdat in daardie gesindte nie hiervoor speling gelaat is nie.

Leierskap vanuit Thabong gesien, word moeilik onder een grootste gemene

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



deler gebring. Die sogenaamde Ethiopiese tipe leier van meer his= tories gevestigde bewegings organiseer veral uit Pretoria en Johan= nesburg. Dog die sogenaamde Sionistiese tipe - veral hulle met wye opvanggebied - organiseer sowel uit hoofkwartiere in stedelike sentra as op die platteland. Die St. John's Apostolic Faith Mission met hoofkwartier Evaton en die Zion Christian Church met hoofkwartier naby Boyne oos van Pietersburg, is voorbeelde. Die plaaslike leiers, as luitenante van dergelike biskoppe , neem genoeë met hul onderge= skikte rol. Aan die ander kant is verbindingslinies tussen hoofleier en plaaslike leier so lank dat laasgenoemde veelal aan homself oorge= laat is. Oor die algemeen is die leiers doodgewone en goedige persone wat as dagloners hul kerklike bedrywighede deeltyds beoefen. Ons veld= werker was beïndruk deur die nederigheid, vriendelikheid en natuurlike welsprekendheid van die meeste van hierdie leiers. Die meeste het nie juis skoolonderrig ontvang nie. Hulle slaag in die algemeen daarin om hul groepie volgelinge te inspireer.

Leierskap word egter nie bloot langs demokratiese weg verwerf nie. Erflike opvolging, hiërargie en singuliere gawes speel 'n rol. Laas= genoemde dra 'n besondere belading, wat in alle waarskynlikheid verband hou met die tradisionele kultuur, in besonder die tradisionele religie. Dit beteken nie dat die leier van 'n beweging altyd by uitstek hierdie gawes moet besit en beoefen nie. Maar hy moet binne sy beweging dergelike begenadigdes kan inspan. Die gawes soos van waarsêery met betrekking tot siekteveroorsaking en gawes van genesing speel 'n be= langrike rol in die beweging. Dié soort spesialiste is dan "profete" in die leier se beweging.

Die rol van vroue is buitegewoon belangrik as ons die gewone stand van sake in Kerke daarmee vergelyk. Daar is onteenseglik bewyse van= uit Ihabong dat die vrou aldaar in die separatisme daarin geslaag het om selfs regeermag te verower. In een geval waar die leier oorlede is, tree sy weduwee op as plaasvervanger totdat 'n geskikte opvolger gekies word. In die Apostolic Christian Zion Church of South Africa het die vrou van die leier "alle mag by haar. Sy is die profetes en doen al die werk; selfs wanneer die man nie tuis is nie."

Die vraag waarom hierdie tendens so opvallend is, vind 'n gedeeltelike

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



antwoord in die reedsgenoemde profete wat in die meeste bewegings vroulik is. Die vrou van die biskop van die Apostles Brethern Church of South Africa is ook 'n groot profetes in die groep. Hierdie soge=naamede profetiese gawes, beïnvloed die groeikurwe in menige beweging. So beweer die vrou van R. dat hulle nie mense van ander kerke afrokkel nie. Nadat genesing ingetree het, kan dergelike persone vrywillig be=sluit om hul by daardie beweging te skaar. Hierdie vrou van die "pre=diker en gesondmaker" doen die grootste gedeelte van die werk self aangesien haar man in die dorp werk. "Ons werk net soos die mathuela (kragdokters). Ons is mense van die gees. Sommige Apostoliese kerke sê die voorvadergeeste is demone, maar ons glo aan hulle." Sy wei uit oor die geesteskrankheid bekend as mafunfunyane en skryf dit toe aan vuil bloed wat 'n drukking op die harsings veroorsaak. Dit is een oor=saak, die ander is toordery. Sy spesialiseer blykbaar egter in 'n ander rigting: "Daar is in Thabong alleen vyftien vroue wat nie kinders kon kry nie, maar wat hier na ons toe gekom het en hulle is nou gehelp. Die vyftiende een is nog hier. (Ons veldwerker is aan haar voorgestel). As ons 'n vrou gehelp het wat nie kinders kon kry nie en sy word bevrug, dan moet sy die dag van geboorte by ons kom inbly tot tien dae na die geboorte, waar ons die kind water gee. Dan kan sy gaan - en ek gaan bly by haar aan huis. (Sy tree self op as vroedvrou). Maar ons laat die mense nie betaal nie."

Hierdie vrou is egter nie die groot lig in die beweging nie. Die vrou van biskop M.H.S., wat in Natal woon, is die eintlike profetes. Sy doen wonders. Waar sy 'n diens hou, wys sy "hekse en toornaars" uit. "Sy gaan so te werk dat hulle selfs doodgaan daar in die diens; daar=om besoek sy gewoonlik nie sommer al die plekke nie. Sy is eintlik die een wat groot gawes van die gees het."

Ons veldwerker bevind dat in Thabong dingaka (tradisionele kragdokters) en izangoma (tradisionele waarsêers) sowel by die bevolking in die algemeen as by die separatiste aanhang vind. Oor die ngaka beweer hy dat die raad van die ngaka nog dikwels ingeroep word - veral by siektes wat buitegewoon is - soos byvoorbeeld mense wat van hulle verstand af geraak het of wanneer 'n familie nie kinders kry nie, gaan die mense altyd na so 'n ngaka om uit te vind watter bose dinge oor hulle gekom het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit is nie net oor siekte nie maar ook oor werk. Thabong se mense wil nie graag hieroor praat nie. "Wat ek hier skrywe is wat ek in my ondervinding daar geleer het."

Izangoma is 'n term wat veral op waarsegsters met Nguni-inslag en veral Zoeloe-georiënteerde persone dui. Thabong lewer bewys dat die emansi= pasie die vrou in geen geringe mate via tradisionele waarsegging bereik nie. So ewe het ons gesien hoe vaag die grenslyne is tussen "profetesse" binne separatistekader en mathuela - wat ons insiens in hierdie konteks sinoniem aan izangoma is.

Dit is dan ook veelseggend dat ons veldwerker op 18 Januarie 1965 'n onderhoud kon gevoer het met 'n isangoma, 'n Zoeloevrou wat in Thabong praktiseer. Sy het onder andere meegedeel: "Ons sangoma's het 'n groot kontak met die badimo. Dat ek 'n sangoma is, daarvan is die badimo oor= saak. Dit is mense wat lankal gesterf het, wat nie meer lewe nie. Maar hierdie mense lewe, hulle het 'n groot invloed op ons lewe. Hulle kan jou na enige iets stuur, en as ek dit nie doen nie, kan hulle my siek maak .... Daar is baie sangoma's wat deur hierdie badimo na die waters gestuur word om die intlwathe te gaan haal. (Dit is 'n monster soos die luislang in die berge van Natal - maar hy is baie groter en bly in die water) .... Wanneer die slang by die huis van 'n sangoma gebring is, word dit doodgemaak. Dan word daar alles uitgesny wat nodig is. Maar die sangoma gaan vir 'n tydjie siek word ... tydelik blind word en sy hele vel sal afgaan net soos 'n slang s'n. Daarna is hy 'n volle sangoma. So is daar noue kontak tussen die badimo en die bonatuurlike geeste."

'n Opmerking wat die veldwerker in die breë maak, hou verband ook met hierdie aspek van waarsegging-genesing . Hy sê dat baie van hierdie separatistebewegings is nie soseer 'n "goeie geestelike moeder nie maar 'n hospitaal." Een of ander siekte dwing sekeres om aldaar genesing te gaan soek en aangesien toelatingsvereistes so maklik is, sluit hulle dikwels by dergelike kerke aan. So brand hulle as't ware brûe na die ware Kerk af, want daar is halfslagtigheid. Hy skrywe: "Die feit dat hierdie mense sangoma's is en half-Christen, maak dat hulle nooit met ander kerke sal saamwerk nie."

Dit is dus duidelik dat die genesingshandelinge van die dingaka en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



izangoma in die oë van die segsmanne verskuif het na die voorgangers van separatistegroepe. Dit is veral die Sionistegroepe wat hier ter sprake is.

Hoe gekompliseerd die posisie kan raak, word aan die hand van 'n rite in die Presbyterian Christian Apostolic Church of Christ in Zion belig. Nadat almal hulle skoene uitgetrek het en kerkdrag aangetrek het, begin die diens met 'n gesang begelei deur twee tromme. Nou volg kort bely= denisse of vertellings van wat hulle geestelik gepla het. Daarna 'n gesang en gebed deur almal gelyk, afgesluit deur die Onse Vader. Ver= volgens sang, Skriflesing, sang en 'n kort preek deur die verantwoordelike persoon. Daarna volg die Rite óm Moeder en Baba. Dit sou volgens Levitikus 12:1-8 wees. "Nadat Rev. K. (die plaaslike leier) ook 'n paar woorde gesê het, is die geleentheid aan die vroue gegee om aan te gaan met die reinigingseremonie. Die babatjie en moeder is ingebring. Die moeder se kerkdrag word met water en as besprinkel en sy word ook met water en as besprinkel. Daarna word sy weer beklee met haar kerkdrag. Dieselfe word met die kind gedoen. Die leraar seën albei, moeder en kind. Matthéüs 2:11 word gelees; dit het te doen met die geskenke wat vir die Kind Jesus gebring is. Dan word die kind aan die vroue gegee wat na buite met hom gaan (in dié geval was dit 'n seuntjie). Daar word 'n groot plegtigheid buite in die straat uitgevoer. Daar word gesing en gedans met die kind, wat op allerhande maniere rondgeswaai word. Later word die kind op die grond gesit sodat almal hom kan sien. Die mense word weer in die kerk ingelei en die diens afgesluit. Nou word daar 'n groot feesete gehou en geskenke word aan die kind gegee."

Met betrekking tot die liturgie in die Ethiopiese tipe beweging (vgl Sundkler) is dit die neiging om strenger te hou by die liturgiese orde van die onderskeie "moederkerke" waarvan geskeur is.

Die Sioniste (vgl Sundkler) is geneig om meer eklekties te werk te gaan ten opsigte van "moederkerke" en hulle liturgie. In breë trekke is by hierdie groepe in Thabong bevind:

dat gesamentlike, gelyktydige gebed, waar elkeen sy eie woorde bid, by die merendeel die geykte vorm is;

dat sang met handgeklap en ander ritmiese liggaamsbewegings sterk

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



op die voorgrond tree;

dat die prediking meermale deur meer as een in dieselfde diens verrig word en deur getuienisse aangevul word;

dat helingsrites meesal deel van die liturgiese handelinge vorm; dat die drink van geseënde water op rituele wyse gebruiklik is in die helingsrites;

dat by sommige 'n gemoedelike koinonia waargeneem word - soos die groetery, wat ons in een geval teengekom het.

Die bogenoemde watersindroom word by Apostoliese groepe genoem as be= langrike skeurrede uit die AGS- moederkerk omdat die AGS nie daarvoor toestemming wou gee nie. Dit slaan op bewegings soos St. John's Aposto= lic Faith Mission en St. Paul Apostolic Faith Morning Star Church of SA wat albei in Thabong arbei. Hierdie water het nie bloot liturgiese dimensies nie, maar speel 'n besliste rol by rituele reiniging en be= vorder genesing van kwale.

Meer bepaald oor die leerstellige in die Thabongse verkenningsveld, is die afwyking van die moederkerke minder by die Ethiopiese as by die Sionistiese. Waar ons vry arbitrêr die Ethiopiese verder indeel in S en E is die separatiste meer teologies konform met die moederkerke . Die African Presbyterian Bafodisi egter wyk al ver af - hulle bynaam is nie verniet "Satantrappers" nie! Deur hulle "dans"-rite "trap" hulle die Satan,

Met verwysing na die Sioniste (A en Z) is die neiging tot minder kon= formiteit met die geloofsposisie van die moederkerke in 'n hele spek= trum wat skakeringe vertoon van matig ortodoks ten opsigte van die moederkerk tot diep in die tradisionele religie; al sou hulle eerder 'n duale as 'n simbiotiese uitlewing van Christelike Geloof en tradisionele religie daarop wil nahou.

Onder die Sioniste - meer so by Z as by A in hulle ryk skakeringe - is die leerstellige ontploffingsentra - met verwysing na K. Hutten in ons hfst. 1.1.1 - die knooppunte waar die weë wegvurk in die area van die Christologie en Pneumatologie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit kom vry algemeen voor dat die badimo, dit wil sê die voorouer=geeste, meer in die brandpunt van middelaarskap staan as Christus Jesus. Wat die Pneumatologie/Leer rakende die Heilige Gees betref, word die leiding van die Derde Persoon in die Goddelike Drie-eenheid vervang deur die begrip Moya. 'n Mens kry die indruk dat dit 'n krag of 'n invloed is wat inspireer tot drome, openbarige, diagnose van bo=natuurlike siekteveroorsaking en genesingsvoorskrifte. Hierdie Moya-duiding is egter nie beperk tot siekte nie alhoewel dit 'n sterk aksent in die separatisme dra, maar sluit in: teenspoed, voorspoed, vrugbaar=heid en so meer. Moya werk veral deur charismatiese persone. Hierdie persone word profete genoem. Hulle vertoon sterk ooreenkoms met die ngaka en izangoma; die kragdokters en waarsêers van die tradisionele religie. Klem val dan eerder op Moya-inspirasie as op teologiese op=leiding.

Dit is veral hierdie profete wat water seën - water wat ritueel in die liturgiese gang gedurende byeenkomste gedrink word. Hierdie "ge=seënde water" verkry helende en ander eienskappe. In feite is die magiese dampkring reeds binnegegaan.

Wanneer die opset in Thabong in die geheel beskou word, is daar weer aanduiding van die versplintering in klein volgelinggroepies onder veral die Apostoliese en Sionistiese groepe asook die neiging tot leierstwis as oorsaak vir skeuring. Addisionele momente wat hier sterk na vore gekom het, is die leiersfigure se algemene onkunde oor die herkoms en skeuringsgeskiedenis van die beweging waarin hulle staan. Onder die Sionistegroep was die besondere rol van vroue, die benutting van ge=nesingsrites waarby water 'n besondere rol speel en die profetefiguur wat handel volgens 'n besondere geesinspirasie (insegging deur die Moya) tipiese kenmerke.

2.9.4.5 Soweto - ons vierde illustrasie van stedelike gebiede - staan in die teken van die ontginning van goud en die industriewese aan die Witwatersrand. Soweto het 'n fenomenale groei in die laaste drie dekades belewe en het nou wêreldwyd in die kalklig gekom vanweë sy aard as swart stad en omvattende ontwikkeling. "Soweto" is 'n afkorting vir Southwestern Townships.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Uiteraard is daar dan ook baie navorsing oor Soweto gedoen. So is die verslag (in ses dele) deur H.J. Möller oor die Stedelike Bantoe en die Kerk veral toegespits op Soweto (Deel 1:iv). 'n Belangrike aspek van Soweto is sy heterogene, etniese samestelling. Möller stel dit dat aan die Rand die etnies heterogene patrone verskil van ander stedelike sentra in Suid-Afrika. Hier domineer een etniese groep nie die ander nie. 'n Gelykmakende proses is wel in die stadslewe duide=lik aan die gang dog - en ons haal aan: "Dit beteken egter nie dat daar gepraat kan word van 'n homogene kultuur nie. Etniese verband bly steeds 'n faktor waarmee rekening gehou moet word" (1972:39-43).

Op datum van skrywe is die jongste relevante gegewens ter beskikking in 'n 5%-steekproeftabellasie van die 1980-sensus (02-80-01).

Waar die groot totaal op 827 520 gestel is, is die etniese aanhorigheid volgens huistaal soos volg (die persentasies word selfstandig bereken):

TABEL 17(a) SOWETO - ETNIESE AANHORIGHEID - 1980

| | | |
|---|---|---|
| Xhosa | 79 860 | 9,65% |
| Zulu | 255 540 | 30,88% |
| Swazi | 54 900 | 6,63% |
| Suid-Ndebele | 6 280 | 0,76% |
| Noord-Ndebele | 6 880 | 0,83% |
| Noord-Sotho | 73 140 | 8,84% |
| Suid-Sotho | 118 500 | 14,32% |
| Tswana | 145 140 | 17,54% |
| Shangaan | 52 100 | 6,30% |
| Venda | 31 200 | 3,77% |
| Ander | 3 980 | 0,48% |
| | 827 520 | 100,00% |

Die groei van Soweto het in horte en stote plaasgevind. 'n Mens kan aanneem dat die uitbouing van die ouer swart woonbuurtes soos Orlando en selfs Orlando-Wes van die huidige Sowetokompleks meer in direkte verhouding tot die groei van die blanke bevolking van Johannesburg en sy voorstede vóór 1947 was. In Oktober 1947 was die ondersoeker egter ooggetuie van die omvang wat wederregtelike plakkery aangeneem het en die haglike toestande in Masakeng - so genoem omdat die meeste pondokke van sak was. Hervestiging volgens owerheidsbeleid veral tussen die jare

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


1955 tot 1964 het 'n groot ontploffing in getalle veroorsaak. Die bevolking van Soweto het daarna bly eskaleer. In die jaar 1964 word die inwoners op 482 651 bereken (Verslag 1973:181) teenoor die 827 520 in die voormelde 1980-steekproef. Die bevolking het dus van 1964 tot 1980 verdubbel.

Op 'n kaart wat ons in 1964 kon raadpleeg, kon ons sien hoedat daar globaalgenome 'n etniese indeling beoog is. In die praktyk egter - so bevind ons veldwerkers - is die indeling nie streng deurgevoer nie. Blykbaar het die hele ontstaansgeskiedenis van Johannesburg en die feit dat ná 1947 die omvang en momentum sake verder gekompliseer het, hier=toe bygedra. Ons kom later terug op insigte wat proefondervindelik op=gedoen is en veral deur genoemde veldwerkers (drie van hulle) na vore gebring is. Formele redes, soos die omvang van Soweto, Soweto binne die globale ondersoek en oorlegpleging met 'n navorser wat destyds uit Amerika aldaar in die veld was, het daartoe bygedra dat steekproewe wat uitgevoer is nie ten volle verteenwoordigend van die hele Soweto is nie. Steekproewe en by name selfstandige statistiese steekproewe is meer bepaald in Orlando-Wes en Mofolo gedoen - hierdie gebiede saam word voortaan Soweto 2 genoem terwyl steekproewe in Emdeni, Naledi, Zola en Tladi bekend sal staan as Soweto 1 - die jonger dele. Ver=volgens bied ons eerstens die statistiese opname in Soweto 2, Tabel 17(b) en die kolomfiguur gebaseer op daardie gegewens, Figuur X, en tweedens die opname in Soweto 1, Tabel 18, met sy ooreenstemmende kolomfiguur, Figuur XI.

Vanuit ons onafhanklike statistiese opname word bevind: Die 8 296 gevalle wat getabelleer is, sterk die vermoede dat 'n omvattende opname verskille aan die lig sal bring, nie net wat sterkteverhoudinge tussen historiese geledinge soos Presibteriane en Rooms-Katolieke betref nie, maar ook verskille binne die separatistesamelgroep.

Alhoewel die kolomfigure net die ses meer gevestigde denominasies aandui, soos byvoorbeeld in Figuur X (bereken op Tabel 17(b) - A-F) is dit darem waar dat G-K ook hierby hoort. Word die totaal van die sendende kerke hier bymekaar getel is die persentuele sterkte in Soweto 2 61,7% en in Soweto 1 54,5% (Fig. XI plus Tabel 18 F-J). Die Separatistekolom is in

Vervolg p.154

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 17(b) SWARTES - SOWETO 2 (ORLANDO-WES EN MOFOLO) - 1964

| | Genootskap | | Volgelinge | Persentasie |
|---|---|---|---|---|
| A | Presbiteriaanse Gesindtes | | | |
| | NG Kerk in Afrika (Bantoe) | | 324 | 5,02 |
| | Presbyterian Church | 44 | | |
| | Bantu Presb. Church of SA | 13 | | |
| | Bantu Presb. Church | 65 | | |
| | Paris Evangelical | 27 | | |
| | Paris Evangelical Mission | 34 | | |
| | Swiss Mission | 102 | | |
| | Tsonga Presb. Church | 10 | | |
| | | | 295 | 4,42 |
| B | Anglikaanse Gesindtes | | | |
| | Anglican | 412 | | |
| | Church of the Province | 317 | | |
| | Church of England | 297 | | |
| | The Order of Ethiopia | 15 | | |
| | | | 1 041 | 16,14 |
| C | Kongregasionalistiese Gesindtes | | | |
| | London Missionary Society | 36 | | |
| | American Board | 25 | 61 | 0,95 |
| D | Metodiste | | 832 | 12,90 |
| E | Lutheraanse Gesindtes | | | |
| | Berlin Lutheran | 174 | | |
| | Lutheran Episcopal Church | 9 | | |
| | Hanoverian Free Lutheran Church | 17 | | |
| | Scandanavian Church | 8 | | |
| | Swedish Lutheran Church | 13 | | |
| | Hermannsburg | 169 | | |
| | | | 390 | 6,06 |
| F | Rooms-Katolieke | | 783 | 12,11 |
| G | Baptiste | | 16 | 0,25 |
| H | Heilsleër | | 8 | 0,12 |
| I | Sabbatariërs | | 80 | 1,24 |
| J | Apostoliese Geloofsending | | 49 | 0,76 |
| K | Verskillende Christelike Sektes (nev) | | 108 | 1,69 |
| | | | 3 987 | 61,66 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(vervolg)

| Genootskap | Volgelinge | | Persentasie |
|---|---|---|---|
| S Verskillende Christelike Sektes of Separatistiese Groepe | | | |
| I Presbiteriaans | | | |
| Bantu Reformed | 10 | | |
| African Presbyterian | 44 | | |
| Presbyterian Church of South Africa | 18 | | |
| Independent Presbyterian Church | 8 | | |
| Presbyterian Bafodisi Church | 10 | | |
| | | 90 | 1,50 |
| II Anglikaans | | | |
| African Church of South Africa | 10 | | |
| African Catholic Church | 4 | | |
| United African Catholic Church | 6 | | |
| Independent Catholic Church | 11 | | |
| Bantu Christian Catholic Church of SA | 4 | | |
| | | 35 | 0,54 |
| III Kongregasionalisties | | | |
| St. Paul Zulu Congregational Church | 2 | | |
| Zulu Congregational Church | 13 | | |
| African Mission Home Church | 7 | | |
| African Zulu Church | 17 | | |
| African Free Congregational | 7 | | |
| African Congregational Church | 19 | | |
| African Congregational Methodist Church | 4 | | |
| Native Faith Congregational Church | 16 | | |
| | | 120 | 2,00 |
| IV Metodisties | | | |
| African Methodist Episcopal Church | 303 | | |
| Bantu Methodist Church | 276 | | |
| Independent Bantu Meth. | 8 | | |
| | | 587 | 9,00 |
| V Lutheraans | | | |
| Lutheran Bapedi Church | 15 | | |
| Bapedi Lutheran Church | 31 | | |
| Zulu Lutheran Church | 5 | | |
| E | | 51 | 0,79 |
| VI Ethiopies | | 883 | 13,83 |
| Bethel Church of South Africa | 7 | | |
| Christian Brethern | 6 | | |
| Ethiopian Church | 63 | | |
| Bantu Ethiopian Church | 7 | | |
| African United Ethiopian Church | 5 | | |
| African Gaza Church | 18 | | |
| National Church of South Africa | 15 | | |
| Luz Episcopal Church | 8 | | |
| New Church | 4 | | |
| SD Swaziland Church[1] | 7 | | |
| Zulu Christian Church | 26 | | |
| | | 166 | 2,57 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(vervolg)

A VII Apostolies

| | | | |
|---|---|---|---|
| First Apostolic Church | 8 | | |
| The First Apostolic Church of St. Peter | 11 | | |
| Old Twelve Apostolic Church of SA | 6 | | |
| Old Twelve Apostolic Church | 103 | | |
| Twelve Apostle Church | 16 | | |
| St. ? Apostolic Church | 13 | | |
| St. John's Apost. Church | 63 | | |
| St. John's Mission Church of South Africa | 17 | | |
| St John's Apostolic Church in Zion | 4 | | |
| Presbyterian Apostolic Church in Zion | 6 | | |
| St. Paul Apostolic Church | 8 | | |
| Apostolic Koesberg Church | 14 | | |
| Congregational Apostolic Faith Mission in Zion | 4 | | |
| Embiso ya Baapostolic Church | 7 | | |
| Bethel Healing Apostolic Church | 12 | | |
| Bethsaida Healing Faith Mission | 14 | | |
| Bantu Baptist | 8 | | |
| Bantu Baptist Church | 16 | | |
| Bantu Baptist Association | 12 | | |
| Mahon Mission | 39 | | |
| Mahon Baptist Mission | 14 | | |
| Pentecostal Holiness Church | 3 | | |
| Pentecostal Bafodisi Church of South Africa | 7 | | |
| Assemblies of God | 14 | | |
| Assemblies of Christ | 12 | | |
| | | 431 | 6,68 |

Z VIII Sionisties

| | |
|---|---|
| African Christian Jerusalem Apostolic Church Apostolic Church | 8 |
| Apostolic Church in Zion of SA | 26 |
| Apostolic Church of Christ in Zion | 16 |
| Apostolic Jerusalem Church of Zion in SA | 5 |
| Ama-Morioa Church | 7 |
| Christian Church in Zion of SA | 5 |
| Christian Apostolic Church in Zion | 48 |
| Christian Apostolic Church in Zion of SA | 60 |
| Christian Apostolic Faith Assemblies in Zion | 8 |
| Christian Apostolic Holy Spirit Church in Zion | 17 |
| The Christian Apostolic Church Exodus Zion of SA | 26 |
| The Christian New Salem Church in Zion | 5 |
| Church of God and Saints of Christ in Zion | 28 |
| Ethiopian Apostolic Church in Zion | 18 |
| Ethiopian Catholic Christian Church in Zion of SA | 8 |
| Ethiopian Church in Zion | 7 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(vervolg)


| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Ethiopian Church of Christ by Religion | 1 | | | | |
| Holy Catholic Apostolic Church in Zion | 5 | | | | |
| Holy Christian Apostolic Church in Zion | 15 | | | | |
| Holy Banner of Ethiopian Church Apostolic in Zion | 13 | | | | |
| Holy Catholic Church in Zion | 11 | | | | |
| Invent (Infant?) National Apostolic Church in Zion of SA | 21 | | | | |
| Jerusalem Catholic Christian Apostolic Church in Zion | 10 | | | | |
| Catholic Evangelistic Kingdom of God Apostolic Church in Zion | 11 | | | | |
| First Jerusalem Church in Zion | 8 | | | | |
| First Jerusalem Church of Christ in Zion | 8 | | | | |
| Cappadocian Church in Zion of Jerusalem | 7 | | | | |
| Messenger Trinity whole Apostolic Church in Zion of SA | 6 | | | | |
| National Christian Church in Zion | 9 | | | | |
| New Apostolic Church in Zion | 8 | | | | |
| New Holy Spirit Church in Zion | 15 | | | | |
| New Bantu Apostolic Church in Zion | 5 | | | | |
| New Church of Christ | 8 | | | | |
| Regular Church of Christ | 9 | | | | |
| Salem Church in Zion | 4 | | | | |
| Zion Christian Catholic Church | 8 | | | | |
| Zion African Acts Church | 8 | | | | |
| Zion Christian Church | 110 | | | | |
| Zion Catholic Church | 16 | | | | |
| Zion Apostolic Church | 79 | | | | |
| Zion Free Apostolic Church | 5 | | | | |
| Zion Congregational Church | 12 | | | | |
| Zion National Apostolic Church | 12 | | | | |
| Zion Swaziland Apostolic Church | 12 | | | | |
| Zion Kanana Church | 5 | | | | |
| Zion Messenger Apostolic Church | 4 | | | | |
| | | 719 | | 11,14 | |
| | | | 2 199 | | 34,22 |
| M Weier om te verklaar (insluitende Onbekend en ongespesifiseerd) | | | 8 | 0,12 | |
| N Geen | | | 258 | 4,00 | |
| | | | | | 4,12 |
| | | | 6 452 | | 100% |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



FIGUUR X SOWETO 2




*S = SEPARATISTE UIT GEVESTIGDE KERKE
E = ETHIOPIES
A = APOSTOLIES
Z = SIONISTIES

SKAAL: 4 mm = 1%

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 18 SWARTES - SOWETO 1 (EMDENI, NALEDI, ZOLA EN TLADI) - 1964

| | Totaal | | | Persentasie | |
|---|---|---|---|---|---|
| A PRESBITERIAANSE GESINDTES | | | | | |
| (a) Die Drie Afrikaanse Kerke | | | | | |
| i NG Kerk | 89 | | | | |
| ii Hervormde Kerk | 8 | | | | |
| iii Geref. Kerk | 10 | 107 | | 5,79 | |
| (b) Presbyterians | | | | | |
| i Presbyterians | 101 | | | | |
| ii Bantu Presbyterians | 31 | | | | |
| iii Kereke ya Lesotho | 2 | 134 | | 7,26 | |
| B ANGLIKAANSE GESINDTES | | | | | |
| (a) Anglicans | 71 | | | | |
| (b) London Missionary Society | 48 | 119 | | 6,44 | |
| C METODISTE | | 245 | | 13,27 | |
| D LUTHERANE | | 165 | | 8,97 | |
| E ROOMS-KATOLIEKE | | 89 | | 4,81 | |
| F BAPTISTE | | 52 | | 2,87 | |
| G HEILSLEËR | | 21 | | 1,14 | |
| H SABBATARIËRS | | 4 | | 0,22 | |
| I APOSTOLIESE GELOOFSENDING | | 12 | | 0,65 | |
| J VERSKILLENDE CHISTELIKE SEKTES (NEV) | | | | | |
| Watch Tower | | 56 | | 3,03 | |
| | | | 1 004 | | 54,45 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

(vervolg)

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| S | | "BANTOE-SEPARATISTIESGESINDES" | | | | | |
| | I | Presbiteriaans | | | | | |
| | | Bantu Reformed Church | | 61 | 3,31 | | |
| | II | Anglikaans | | 10 | | | |
| | | African Church | | | 0,51 | | |
| | III | Metodisties | | | | | |
| | | African Methodist Episcopal Church | 36 | | | | |
| | | Bantu Methodist | 7 | 43 | 2,34 | | |
| | IV | Lutheraans | | 5 | 0,27 | | |
| E | V | Ethiopies | | | | | |
| | | Ethiopian National Church | 8 | | | | |
| | | Ethiopian | 18 | | | | |
| | | Church of Christ | 6 | | | | |
| | | Ethiopian Presbyterian | 4 | | | | |
| | | Macamel (Evaton) | 5 | | | | |
| | | | | 41 | 2,23 | | |
| A | VI | Apostolies (insluitende Baptiste) | | | | | |
| | | Beware of Jesus | 13 | | | | |
| | | Church of the Nazarene | 11 | | | | |
| | | St. John's Apostolic Faith Mission | 69 | | | | |
| | | Assemblies of God (insluitende New Assemblies, "Back to God" en "Back to Jesus") | 46 | | | | |
| | | Apostolic Christian Church | 6 | | | | |
| | | African Apostolic | 3 | | | | |
| | | Twelve Apostles | 52 | | | | |
| | | Messenger | 22 | | | | |
| | | Full Gospel | 26 | | | | |
| | | Baptist Christian | 4 | | | | |
| | | | | 252 | 13,68 | | |
| Z | VII | Sionisties | | | | | |
| | | Lamp (Lamb?) of God | 9 | | | | |
| | | Zion | 47 | | | | |
| | | Holy Zion | 16 | | | | |
| | | Holy Christian Church | 7 | | | | |
| | | Zion Episcopal Church | 4 | | | | |
| | | Zion Apostolic | 11 | | | | |
| | | Zion Christian Church | 103 | | | | |
| | | Church of God | 3 | | | | |
| | | Zion of SA | 4 | | | | |
| | | New Jerusalem | 17 | | | | |
| | | Christ in Zion | 6 | | | | |
| | | Nazareth | 7 | | | | |
| | | Jerusalem | 19 | | | | |
| | | | | 253 | 13,68 | | |
| | | | | 665 | | | |
| L | | ISLAM | | | - | | |
| M | | ONBEKEND, ONGESPESIFISEERD, WEIER | | 175 | 9,53 | | |
| | | | | | | 840 | 45,55 |


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



FIGUUR XI

SOWETO 1




*S = SEPARATISTE UIT GEVESTIGDE KERKE
E = ETHIOPIES
A = APOSTOLIES
Z = SIONISTIES

SKAAL: 4 mm = 1%

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

albei gevalle besonder hoog. Dit toon 34% vir Soweto 2 en 36% vir Soweto 1.

Met betrekking tot die onderverdeling van die separatistekolom in "S", "E", "A" en "Z", het die sogenaamde Ethiopiese (S en E) tweemaal so sterk in Soweto 2 as in Soweto 1 vertoon. Soweto 2 is die ouer deel.

Die A en Z is ewe sterk in Soweto 1. Saam maak hulle oor die 27% van die totaal vir Soweto 1 uit terwyl S en E nog geen 9% versyfer nie. Volgens ons vierdeling is Soweto 2 vir S die vrugbaarste bestel; A gedy beter in Soweto 1 as in Soweto 2; en Z beter in Soweto 1 as in Soweto 2. E speel in albei gebiede 'n ondergeskikte rol. Wat opval, is dat Z die minste fluktueer in sterkteverhouding binne die betrokke separatistekolomme. Z handhaaf 'n persentasie op relatief hoë vlak. In Soweto 2, waar S die sterkste is, is Z verreweg die tweede. In Soweto 1, egter is Z tweemaal so sterk soos S.

As ons onthou dat S teologies onder andere meer "regs" of behoudend getipeer is en Z daarenteen meer "links" na die onortodokse posisie "moederkerklik"-gesproke en selfs inskakeer in die tradisionele religie, dan is Soweto vrugbare opvanggebied en teelaarde ook vir die soort separatisme wat sterk dubbeldorigheid wil huisves, naamlik die Christe= like Geloof én tradisionele religie in een korpus.

Wanneer die relatiewe getalsterkte beoordeel word, is die klein getal volgelinge van elke plaaslike geloofsgroep die opvallende. Indien 'n mens in die Soweto 2-opname onder die S-groep die African Methodist Episcopal en die Bantu Methodist Church (579 in Tabel 17(b)) wegsny, wissel die gemiddelde grootte van die volgelinggroepe van 13,2 (S-groep) na 15,1 (E-groep) na 15,6 (Z-groep) en 17,2 by die A-groep. In die Soweto 1-opname is die gemiddelde volgelingetal slegs effens hoër.

Die eintlike wese van die separatisme in Soweto word egter eers ver= staanbaar as 'n mens afsonderlike bewegings bestudeer. In <u>Verslag 1973</u>: 140-80 word 'n sestal afsonderlik beskrywe soos hulle te velde bestudeer is. Vanuit hierdie beskrywinge kan die beeld van die separatisme in Soweto belig word deur te verwys na die besondere posisie van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



leiersfiguur, die kerkregeringsvorm, die rol van die vrou asook besondere leerstellige en liturgiese kenmerke.

Die Church of the Nazarene het sy oorsprong in Noord-Amerika. Uit ons Sowetogegewens het ons nie bewyse dat die beweging onder Swartes in die RSA uit een of ander "moederkerk" weggebreek het nie. Gerdener beskrywe hoe die sendingaksie van die Church of the Nazarene teen 1917 binne die grense van die Unie van Suid-Afrika 'n aanvang neem (1957:110). Volgens die plaaslike leier, A.M., in Moroka was die eerste leraar aan die Rand ene Khoza, afkomstig uit Mosambiek; hy spits hom egter meer op die myne toe. Die eerste leraar in die swart dorpe van Johannesburg was Mazibela wat gedurende 1950 'n begin vanuit White City maak.

Ten opsigte van die Nazareth Bible Sabbath Mission kan ons uit veldwerk nie geskiedkundige bewyse aanvoer dat die beweging afgesplinter het uit die Sewende Dag Adventiste nie. Ooreenkoms is wel waargeneem. Ons kry in die geval egter te doen met 'n leierspersoon wat sy nering en by im= plikasie die verloop van sake in sy Stigting terugvoer tot hulp van die badimo en by name van sy oorlede moeder. "Van die dag af dat hy 'n kop= pie of haar graf gaan sit het, voel hy gelukkig en kry hy werk." Hy is dus self stigter.

Die plaaslike leier van die Church of God and Saints of Christ is nie vertroud met die agtergrond van die beweging nie. Die beweging in in 1949 gestig deur ene Khambule. Weer eens dus 'n groep volgelinge van 'n bepaalde leierspersoon.

Wat die Galasiërs betref, weet ons slegs dat die leier oorspronklik uit die omgewing van Saulspoort is en aan die Ned. Gereformeerde Sendingkerk behoort het. Om een of ander rede gaan hy oor na die Metodiste. Hy ly aan 'n borskwaal, vind geen baat by blanke of swart dokters nie en wend hom uiteindelik tot een of ander Apostoliese Ge= sindte. Aldaar sou hy dan 'n sekere mate van verligting kry. Die ge= dagte skemer deur dat hy by hulle aansluit. Later sou hy op skrif= tuurlike grond oortuig raak dat ook by hulle nie sy ware geestelike tuiste is nie en stig hy sy eie beweging, die "Galasiërs"; "hy en sy baie slim vrou, wat ook geleerd is." Die leier is hier nie net stigter

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie maar ook die toepasser van besondere genesingspraktyke.

Dieselfde wispelturigheid val op by die leier van die New United Apostolic Church in Zion of South Africa. Volgens die leier was hy eers evangeliedienaar (wat nie noodwendig in hierdie geval 'n geordende beteken nie) in die Lutherse Kerk. Hy vind fout met hulle verkeerde doop, en sluit aan by die "Five Mission", dit wil sê, Apostoliese Geloofsending. Hier vertel hy is hy uitgejaag deur die blanke leraar toe hy op 'n dag besig was om "vyf horinkies uit die vloer te grou, wat gebruik was om die Kerk te vang (sterk te maak)." Hy sluit toe aan by een van die Jerusalembewegings. Hier sou die leraar veelwywery gepleeg het en as gevolg daarvan verlaat hy die gesindte "omdat hy nie deur varke gelei wil word nie." So kom hy in die African United Federation Church in Sophiatown tereg. Hy beroem hom op sy singuliere gawes en spesialiseer eintlik in die beswering van goëlery. Maar ook in laasgenoemde beweging word dit vir hom te nou. Die ander leiers sou hom dan begin haat het en uiteindelik sou hy as "slams" bestempel word. Hy gaan oor tot die stigting van sy eie beweging in 1949. Sedertdien kon hy skynbaar vryer speling gee aan sy "singuliere gawes" van okkulte of van onpersoonlik supernatura=listiese aard. Sy prestige wat hy in en buite Soweto opbou, dank hy eerder hieraan as aan Teologiese fundering en uitbouing van 'n Kerk.

Plaaslike veldwerk lewer weinig oor die herkoms van die Jerusalem Catholic Christian Apostolic Church in Zion op. Volgens die leier in Naledi, is die hoofkwartier in KwaThema, Springs, alwaar die Presi=dent, J.L., woonagtig is. Die JCCACZ ter plaatse het geen kerkgebou nie. Elke aand is daar 'n biduur aan die huis van die leier en "mense kom om die wonderlike Woord van God te kom hoor." Ook verklaar hier=die leier, B.M., dat "die Kerk uitbrei soos 'n hen wat rondloop en orals eiers lê." En waar hy elders beweer dat hy evangelisasiewerk op voltydse basis doen, beteken dit blykbaar dat biduurgangers serti=fikate kry wat hulle uitstal. B.M. se leierspersoonlikheid en die soort "eiers" val blykbaar in die smaak van daardie embriobeweging. Uit wat ons verneem moes B.M. geruime tyd deur een of meer Apostoliese Gesindtes beïnvloed gewees het. Hierdie Gesindtes moes op daardie tydstip stellig nie veel erg aan formele teologiese opleiding gehad

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

het nie, maar moes oorvloedig geleentheid aan leke gegee het om met die Bybel in die hand te getuig. Met 'n goeie geheue bedeeld, memoriseer B.M. in daardie bestel baie Bybeltekste en doen prak=tiese ervaring op. Maar - so moet ons rekonstrueer - dit word vir hom te nou, want hy leef nie net uit hierdie Apostoliese Christe=likheid nie, maar is ook gewortel in of hou verbintenisse daarop na met die tradisionele religie. Wat die omstandigheidsoorsake was, weet ons nie, maar spanning laai in hom op. Ons kry 'n droomgebeure en dan volg sy roeping. Een van sy badimo kom tot hom en spreek hom aan in die woorde: "Lo man, Abraham! Rise up and lead all the rest!." Die betrokke Apostoliese Gesindtes kon egter nie toelaat dat die badimo kerklike opdragte gee nie en B.M. skeur. Hy kom toe blykbaar in aan=raking met meer eksotiese sektarisme. Sy stellingname dat die onge=lowiges soos 'n dier sterwe en niks meer van hulle gehoor word nie, vertoon treffende ooreenkoms met die van die Jehova Getuies (Müller 1957:29). Maar wat dan van die badimo? - Sy oplossing is dat in die ou bedeling, die tradisioneel-religieuse van die Swartes, hulle verhouding tot God (Modimo) goed was. "Dit was die tyd van vrede, toe alles nog stil was. Hulle sterf nie soos die dier nie, maar kan uit die graf vlieg - soos Christus - en in hulle geval kan hulle in ver=binding kom met die lewendes." Tewens uit daardie bestel toe daar 'n inniger verhouding tussen God en die badimo was en die badimo gedeel het in die hoër wetenskap, flits die erfenis nog deur tot sekere be=genadiges soos dingaka en izangoma. En by implikasie is B.M. nou in die gelukkige posisie dat hy sowel in die ou geestelike erfenis deel as in die Christelike; te meer daar hy op bonatuurlike wyse deur een van sy badimo opdrag ontvang het om die rol van 'n Abraham te speel.

Wat ook al die agtergrond en die verloop van die aanvanklike skeurkrisis in elke geval was, is dit duidelik dat dit ten nouste met die persoon=likheidskwaliteite van die leiersfiguur gekoppel kan word. Wanneer hy sy leiersfunksie in eie reg begin beoefen, vind hy in die meeste gevalle ondersteuning vir sy eie standpuntstelling vanuit 'n christelike sowel as tradisioneel-religieuse agtergrond.

Kerkregering

Hierdie toespitsing op die leier bring mee dat die kerkregeringsvorm

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



na die Episkopaalse beweeg. Die leier is meer as primus inter pares in die bestudeerde bewegings. In groter perspektief as die bewegings wat ons tans onder die loep neem, bevind 'n swart moderator uit een van die gevestigde kerke in Soweto met jare ondervinding in die PWV-gebied dat die regeringstelsel van die meeste separatistiese bewegings as die tradisionele kapteinstelsel beskrywe kan word.

Rol van die vrou

Dit is egter nie slegs die man wat in berekening kom insake leierskap nie. 'n Mens kan met vrymoedigheid sê dat die vrou in tradisionele bestel en wel in landelike gebiede ondergeskik was aan die man. In stedelike gebiede kom daar stuwinge wat die vrou geëmansipeer het. Maar om tot die rol van die vrou in die georganiseerde religieuse be=lewing in 'n plek soos Soweto te kom, dink ons eerstens aan die rol van vroue-aksie in die Gebedsbonde van die meeste kerke en bewegings (vgl. Brandel-Syrier, 1962). Sy word soms leier in eie reg. Die Galasiërbeweging is hier 'n goeie voorbeeld. Daar is die vrou van die leier medestigter en dra in alle waarskynlikheid die broek. Daar is gewoonlik 'n parallelisme in die organisasie wat duidelike uitbouing onder die separatiste vertoon. Die vrou van die leier koördineer die vroue-aksies in die beweging. In ons statistiese opname vang 'n be=weging soos die St. John's Apostolic Faith Mission, die oog. Die eintlike leier is Christina Nku. (In 'n aparte opstel - Verslag 1973: 824-49 - word oor hierdie beweging uitvoerig gehandel). Weliswaar het sy om diplomatiese redes mans voorgestoot as "biskoppe" maar in feite was sy organisatories en geestelik die opperleier.

Die leiersrol van die vrou word aansienlik onderskraag deurdat genesing en werwing op mekaar aangewese is en die vrou haar as "profeet" en klinieksuster onontbeerlik maak.

Leerstellige

Wat die leerstellige betref, was dit duidelik dat die klem eerder op die leier en sy "charismata" val as op 'n bepaalde dogmatiese stelling=name. By die Sioniste veral, kom die badimo en die magiese op die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


voorgrond. Met so 'n toedrag van sake kom die Middelaarsposisie en Versoening in Jesus Christus in gedrang. Dit is veral in die leer=stellige rakende die Heilige Gees dat daar besondere afwyking is van die Prostestantse siening. Die Heilige Gees word eerder 'n "krag" as 'n Persoon. Dit is hoofsaaklik die "profeet/profetes" wat siekte en by name die diepere veroorsaking moet aandui as "siener" en behandel op veelal tradisioneel-rituele wyse onder Kerklike uiterlik,

Liturgie

Wat die liturgie betref, is die neiging tot 'n losse vorm in die ere=diens. Sang met handegeklap op ritmiese wyse oorheers. Naas die preek van die leier of liturg is daar geleentheid vir getuienisse en reaksie uit die gehoor. Die wyse van bid waar almal gelyktydig hul eie woorde hardop bid, kom vry algemeen in die liturgiese verloop voor. Die Seënbede vertoon eie innovasies. So vind ons by die Nazareth Bible Sabbath Mission dat die liturg hard uitroep: "Mo-h-a-u!" (wat in hierdie verband "genade" beteken) en dit duur ongeveer vyf minute. Daar is normaalweg ook nie 'n vaste duur van die diens nie. Die duur van die diens is oor die algemeen langer as in die meer gevestigde kerke. Dit hang saam met impromptu getuienisse en met die feit dat die erediens normaalweg uitmond in 'n helingsrite.

Ten opsigte van die wese van die separatisme in Soweto het ons dan 'n kensketsing gegee met 'n paar afsonderlike bewegings soos ter plaatse bestudeer, in die visier.

Daar moet ten slotte ook verwys word na die verband tussen die geloof in towerkrag en religie in Soweto. Möller bevind onder meer oor die magiese dat hy nie gronde gevind het "om te beweer dat geloof in die voorouers vinniger as die geloof in towery in die sekularisasieprosesse van die stad afgetakel word nie ... dat daar onwillekeurig die vraag ontstaan of daar nie 'n integrale verband tussen die twee is nie.

"By die tradisionele praktisyn sowel as by die meeste Sionisteprofete ... het dit trouens geblyk dat die geloof in die voorouergeeste baie aktief saamwerk met die geloof aan die magiese praktyke. Dit is vir

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


die Bantoedokter ondenkbaar dat hy kan praktiseer sonder 'n goeie skakeling met sy voorouergeeste" (Deel 3,1973:107).

Ons veldwerkers, veral een, het klem gelê op die heterogene etniese samestelling van die mense van Soweto. Die groot getalle mense wat uit verskillende windstreke kom, het beteken dat hulle gekom het as mense met verskillende tale en uit verskillende stamme met 'n ver= skeidenheid gewoontes. Verskil in ontwikkelingspeil was daar en is daar nog in Soweto. Omdat hierdie mense vir mekaar in hoofsaak vreemde= linge bly, word individualistiese selfhandhawing op die spits gedryf. Gepaard daarmee gaan 'n materialisme en hedonisme. Daar bestaan ook 'n gevoel van onveiligheid. Mense begroet mekaar nie op straat nie omdat die enkeling nie weet of hy dalk beroof of beseer mag word nie. Op een of ander wyse benadeel al hierdie dinge die kerklike lewe in die alge= meen. Van die kerk word verwag om eerder welsyns- of nutsmaatskappy te wees. 'n Ander van ons veldwerkers bevind juis dat etlike van die separatistegroepe wat hy bestudeer het aan hierdie eise voldoen. Daar is byvoorbeeld 'n besondere toespitsing op onderlinge hulpverlening soos dit gestalte aanneem in hulp tydens begrafnisse. Verder skyn vereensaming en spanninge mee te bring dat in Soweto in krisisse soos siekte en geestelike nood toevlug tot 'n <u>ngaka</u> of separatisteleier ge= neem word. Hierdie voorkeur korreleer positief met 'n bevinding dat daar nog baie Swartes in Soweto is wat skrikkerig teenoor 'n blanke mediese dokter voel en ook meen dat daar siektes en besoekinge is met veroorsaking wat slegs deur die ngaka gediagnoseer en genees of besweer kan word. 'n Mens moet dus met Möller saamstem dat die geloof in en aanwending van towerkrag algemeen voorkom.

2.9.4.6 Slotopmerkinge rakende die vier illustrasies van stedelike gebiede te wete Ga-Rankuwa, Bloemfontein, Thabong en Soweto kan soos volg gemaak word:

1 Op grond van ons selfstandige, statistiese opnames in 1964 dui sterktepersentasies op sinvolle verskil. (Sien Tabel 18(a) op p161).

2 Waar die sterkteverhoudinge deur kolomfigure voorgestel is, word die onderlinge sterkteverhoudinge tussen die meer gevestigde Kerke

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 18(a) SAAMGETROKKE STERKTE-% IN 4 STEDELIKE GEBIEDE - 1964

| | Ga-Rankuwa | Bloemfontein | Thabong | Soweto |
|---|---|---|---|---|
| Gevestigde Kerke | 46 | 78 | 71 | 64 |
| Separatistesamelgroep | 54 | 22 | 29 | 36 |
| | 100 | 100 | 100 | 100 |
| Separatistesamelgroep onderling | | | | |
| "S" | 28 | 54 | 31 | 35 |
| "E" | 19 | 18 | 13 | 7 |
| "A" | 34 | 19 | 40 | 24 |
| "Z" | 19 | 9 | 16 | 34 |
| | 100 | 100 | 100 | 100 |

onderskei. Daarnaas sien ons die separatistesamelgroep ter vergelyking. Wat dadelik aandag trek is dat Ga-Rankuwa en Bloemfontein in byna elke opsig verskil behalwe dat die onderlinge sterkteverhouding binne die separatiste ten opsigte van die "E"-groep ongeveer gelyk is. Bloemfon=tein verskaf 'n beeld van geringer separatisme terwyl Ga-Rankuwa 'n fokus=punt van separatisme is.

3 Naas die statistiese benadering was toespitsing op die verskillende sentra uit verskillende gesigshoeke en veral deur veldwerk nodig om historiese en ander verklarings te probeer vind vir die vier konfigura=sies. So kan 'n gestalte soos dié van Bloemfontein nie verstaan word sonder die impak van die Tswanaverhuising in 1833 vanaf Platberg na Thaba 'Nchu en die vroeë kersteningskomponent nie. Dit het onder meer ten gevolg gehad dat die sendingaksie van gevestigde/historiese Kerke 'n voorsprong kon benut ten aansien van die separatiste. Op sy beurt het dit die "Ethiopian Movement" se kerklike separasie 'n voorsprong oor die meer esoteriese "Zionist"-bewegings gegee omdat ons aldaar aangetoon het hoedat uit Metodiste, Presbiteriaanse en Anglikaanse (Church of England) geledinge geskeur is. Aan die ander kant toon Ga-Rankuwa dat die gevestigde Kerke vanuit Pretoria nie hulle histo=riese voorsprong kon behou nie en dat naas die S -groepering dit veral die A -groepering is wat opgang gemaak het. Hiervoor is in=sonderheid die opgang van die Apostoliese ná die Anglo-Boere-oorlog en die kettíngreaksie ná die uittrede van Le Roux verantwoordelik (vgl. later).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

4 Alhoewel skeuringe op grond van etniese eiesoortigheid/naywer in ons vier voorbeelde nie 'n dominerende veroorsakingskompleks uitmaak nie, is dit veral in Bloemfontein onderken. In Bloemfontein monster Tswana- en Suid-Sothosprekendes verreweg die sterkste aanhorigheid; sowat 80% van die swart bevolking. Die derde in rangorde van sterkte is die Xhosa dog hulle kom slegs op ongeveer 15% te staan. Ons het aangevoer dat die Bechuana Methodist Church uit die AME Church skeur en dat een van die hoof oorsake van die etnies-heterogene aard was omdat in Tswanageledere gevoel is dat die Xhosa-oriëntering te sterk is. Dog selfs uit Soweto waar die etniese samestelling uiters kompleks is, is daar 'n aanvoeling by ons veldwerkers dat waar groot getalle uit verskillende windstreke taal- en kultuurverskille intrek geneem het, dit kerklike koördinasie bemoeilik.

5 Leerstellige besware kristalliseer nie as sodanig juis duidelik uit nie. Daar is egter een geval wat vermelding verdien en waarvan die reperkussies wyer strek. Binne die Presbyterian Church of Africa word spanninge opgebou omdat Marumo te veel gewig wil toeken aan sy charis=mata - veral van genesing. Hy skeur en so ontstaan naas die PCA die Presbyterian <u>Bafolisi</u> Church (van <u>ho</u> <u>fola</u> - om gesond te word).

6 Die "Geen"-groep soos veraanskoulik in die kolomfigure vir Soweto 2 en Soweto 1 laat vrae ontstaan. Die Soweto 1-opname toon 'n baie hoë telling (9,5%) in die "Geen"-groep. Met verwysing na amptelike ver=syfering in Staatssensusse soos vervat in Tabelle 3, 3(a) en 5, kom ons "Geen"-groep ooreen met Kodenos. 35-38 in Tabelle 3 en 3(a) of met die laaste rubriek in Tabel 5. Dit verteenwoordig "Ander Gelowe", "Maak beswaar", "Geen Godsdiens, geen kerk" en "?". Met betrekking tot die Sensusopname is dit net ten opsigte van godsdiens/geloofsver=band dat iemand mag weier om pertinent te antwoord. 'n Mens kan dus aflei dat op hierdie punt en in feite binne Kodenos. 35-38 die meeste onsekerheid tuisgebring word. (Hoe verklaar 'n mens selfs die verskil tussen Tabel 3 en 3(a)? Die riglyne vir Sensusopname 1980 was tog sowel vir Bophuthatswana as vir die RSA dieselfde; ons bevind egter dat Kodeno. 38 (die "?"-gevalle) vir die RSA op 18,62% en vir Bophutha=tswana op 3,21% te staan kom.) Wat die RSA betref, skyn dit of No. 38 in hoë mate saamgestel is uit aanhoriges aan die tradisionele religie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Uit ervaring weet ons dat godsdiensverband al 'n prestigesimbool ge= word het by Swartes wat in gebiede woon waar kerke en separatistiese bewegings 'n sterk impak het. Die neiging word dan om voor te gee dat iemand aan een of ander kerk/beweging behoort al sou dit nie so wees nie. Aan die ander kant is daar ook 'n tendens dat sekularisa= sie nadelig kan inwerk op kerstening en kerkplanting. C.W.H. Boshoff het die stadsatmosfeer soos dié wat Soweto omgewe in gedagte as hy beweer: " ... Derdens is daar die wat die prooi geword het van seku= larisme. Hulle het geen erg aan die Kerk nie en vir die sekte lag hulle. God het uit hulle wêreld verdwyn" (1968:320). Die verskil wat Boshoff maak tussen die begrippe sekularisasie en sekularisme doen nie afbreuk aan ons beredenering in die onderhawige verband nie. Hoe dit ook al sy, ons het nie verder op hierdie hoë 9,5% ingegaan nie. 'n Aspek wat byvoorbeeld verder ondersoek kon word, is of in hierdie jonger deel van Soweto anders as in Orlando die kerke minder tred ge= hou het met die ontwikkeling.

7 Die aanwesigheid van die tradisionele religie - al sou dit ook nie altyd bewustelik bely word nie - kom as 'n sterk veroorsakingskompleks na vore. Dit dra 'n swaar gewig veral ten opsigte van die badimo, open= baringe, 'n hele genesingskompleks en die magiese. Die vrou kon langs hierdie weg dikwels tot leierskap of 'n senior posisie in die hiërargie opklim. Ons het aangestip hoedat "profetesse" en "profete" ooreenkoms vertoon met izangoma en dingaka soos aangetref in Thabong en Soweto. Die beweging, die Galasiërs, in Soweto staan in die dampkring van die magiese en sy diagnose (goëlery). Siekte - en by name ongesteldhede wat op supernaturele veroorsaking sou dui - sou deur sekere persone met singuliere gawes geheel kon word. Dergelike helingsbevoegdheid word 'n sterk werwingsmiddel. So ontstaan klinieke, waar die vrou uiter= aard bevoeg is om verplegingsdiens te verrig. Onderskeidinge vervaag waar inspraak deur buitegewone, bonatuurlike ingryping soos in drome en gesigte, opdragte van badimo of werkinge van die Heilige Gees in bereke= ning gebring word.

Dit skyn of veral - maar nie uitslutend nie - 'n soort dubbeldorigheid deur die meerderheid separatistiese bewegings van die "A"- en "Z"-tipe vertoon word in die sin van 'n sinkretisme van religieuse aard waar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


sowel 'n Christelike as 'n tradisioneel-religieuse gestalte in dieselfde beweging gedoog wil word.

8 Dit is nou reeds baie duidelik dat sommige van die essensiële ken= merke van die separatisme verband het met die volgende

(a) Die besondere rol wat 'n charismatiese leiersfiguur speel in die veroorsaking van skeuring. Hierdeur word leierstwis eerder as leerstellige en liturgiese verskille die oorheersende kenmerk van die separatisme.

(b) Hieruit volg dit byna logies dat die normale vorm van kerkregering na die episkopale patroon sal neig. Die navorsing in elk geval van die fokuspunte toon dit duidelik. Dit kom egter in besonder na vore in Bloemfontein en Soweto.

(c) Die opvallende rol wat vroue in die bewegings speel, kom weer eens in elkeen van die gebiede na vore.

(d) Oor alles staan die feit van die fyn versplintering in klein, byna magtelose en invloedlose groepies volgelinge en die byna afwesigheid van die funksionerende oorhoofse verband per beweging. Dit is asof elke leier met sy groepie volgelinge in isolasie en byna volslae outonomie optree.

Die regverdigheid van hierdie kenmerke as algemeen geldend vir die separatisme as beweging moet later volledig beredeneer word (vgl. Hoofstuk 4).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

# HOOFSTUK 2B

# PLATTELANDSE KONSENTRASIE- EN ORGANISASIESENTRUMS

## 2.10 Inleiding

Vanuit die digtheidskaarte kan besondere plattelandse areas of be= sondere distrikte aangedui word waarin daar 'n hoë insidensie van separatisme voorgekom het. Sulke gebiede is aan verdere ondersoek onderwerp. Vyf van hierdie areas word hierna meer breedvoerig be= handel, naamlik Bloemhof, Frankfort, Wallmannsthal, Wintersveld en Evaton. Sommige van die ondersoeke was meer vrugbaar as ander. In elk= een kon egter 'n besondere reeks veroorsakende faktore aangedui word wat die groeibodem vir verskerpte separatisme gevorm het.

### 2.10.1 Bloemhof

Die digtheidskaart, Figuur II, toon dat slegs die landdrosdistrikte Standerton en Bloemhof 'n separatiste-aanhang so hoog soos 51% het. Die etniese samestelling was in 1946 soos volg: Tswana: 53%; Ander= taliges: (Zoeloe, Venda, Shangaan, Tsonga ensovoorts): 28%; Suid-Sotho: 8%; Xhosa: 5%; Noord-Sotho: 5% en die res 'n niksbeduidende persentasie.

Met die ontdekking van diamante in daardie omgewing, het allerlei slag Blankes en Nie-Blankes uit die vier windstreke toegestoom. In daardie delwersbestel was gestruktureerde geestelike bearbeiding moeilik. Waar gevestigde kerke nie by magte was of nie altyd oog gehad het vir die geestelike nood nie, was die Apostoliese gesindtes op daardie kritieke tyd baie bedrywig. Hulle het tevore reeds aanklank gekry by verarmde Blankes en was dit juis 'n hoë persentasie van hulle wat na die delwerye gegaan het. Daar op die kleims het werkgewer en werknemer skouer aan skouer geswoeg en gedagtes gewissel. Ons weet ook dat die Apostoliese bewegings op 'n vroeë stadium hulle leerstellinge onder die Swartes inge= dra het. Op die delwerye was daar lewendige wisselwerking of 'n bevorder= like gistingsproses vir die separatisme.

In die Bloemhofse distrik word in die algemeen veel van trek- of seisoen=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


arbeiders gebruik gemaak. Van hulle kom baie uit Taung. Ook hulle dra ŉ verskeidenheid geloofsoortuiginge oor en word op hulle beurt beïnvloed Ons verwys in Hoofstuk 3 na die St. Paul's Apostolic Morning Star Church wat uit Evaton en Taung werk (vgl ook Pauw 1960:244). Dit is ŉ skeur= beweging uit die Apostoliese Geloofsending.

Bloemhof as een van die oudste werkplekke vir trekwerkers en sy inter= etniese kontak op ŉ omskrewe kragveld, dui op vrugbare teelaarde vir die separatisme in ons Wes-Sotho-omskrywing.

2.10.2 Frankfort

2.10.2.1 Statisties

In die Suid-Sothogebied vang Frankfort die oog. Volgens ons statistiese ordening van die 1951-sensus bereik die separatistepersentasie 50,9 teenoor die 32,0 Christene en 17,1 Nie-Christene . Figuur V plaas die hoë arsering in samehang met Ekonomiese Streek no. 50 (Amersfoort) - wat die distrikte Amersfoort, Belfast, Carolina, Ermelo, Piet Retief, Volksrust en Wakkerstroom, insluit. Figuur VI dui daarop dat die Streek= indeling van 1980 ŉ band hoë arsering noord van Frankfort daarstel tot anderkant Mdutjana (no. 85): die eintlike KwaNdebele. Op voetspoor van ons 1951-verwerking is die separatistepersentasie vir Mdutjana 52,80, die Christene 31,63 en die Nie-Christene 15,57. Dit wil dus voorkom of die separatisme onder die Ndebele gedy. Op Figuur VI bemerk ons dat soos Mdutjana die aangrensende distrik Standerton ook ŉ separatiste brandpunt arseer. Die berekening is gegrond op die 1980-gegewens vir Statistiese Streek 59 waaronder Standerton val en in werklikheid so hoog soos 58,43% verteenwoordig. Hierdeur word in hoë mate herbevestig dat Frankfort en Standerton binne ŉ besondere Separatiste-Konfigurasie val soos ook aangedui is in Verslag 1973:42-3 - Figuur XI.

2.10.2.2 Die aardrykskundige agtergrond

Die geografie van Frankfort bring mee dat aldaar by uitstek in die distrik met beeste en skape geboer word. Daarby word mielies en koring verbou. Dit lei daartoe dat die swart bevolking as plakkers op die platteland in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


diens van blanke plaasboere is. Dit is veral die swart manlike be= volking wat betrokke is. Selde word alle arbeidskragte durend benut. Die gevolg is dat 'n persentasie geleentheid kry om veral in die groot stedelike kompleks vir 'n langer of korter tyd te gaan werk. Dikwels gebeur dit dat hulle dan hulle arbeidsverhouding met die boer verbreek maar nog verbintenisse met familie en vriende bly behou. Verder spreek dit vanself dat spitstye in die landbou afwissel met betreklike slap tye. Dit bied speling vir die uitlewe van die religieuse op meer ge= organiseerde wyse. Ons het in die loop van ons veldwerk te Evaton byvoorbeeld 'n groot saamtrek van die St. John's Apostolic Faith Mission of SA (Mmanku) in Augustus bygewoon waarop Frankfort goed verteenwoor= dig was.

Deur Frankfort stroom die Wilgerivier, in Suid-Sotho bekend as die Namahadi (vleis in oorvloed): dit is dan ook die Sothonaam vir die dorp. Dergelike groot riviere, met sy stromende water, is by uitstek geskik vir die onderdompelingsdoop.

In die Frankfortse distrik is Ntswanatsatsi (Tafelkop) geleë, 'n plek wat hieronder omskrywe word.

2.10.2.3 Die volkekundige agtergrond

In die tradisionele kultuur van die Sotho neem Ntswanatsatsi 'n besondere plek in. Onderandere het ons van P Ellenberger verneem dat die oor= sprong van die Sothovolk in Lesotho teruggevoer word na Ntswanatsatsi digby Hermitage . Hermitage was eertyds 'n baie groot plaas van die miljoenêr Fitzpatrick naby Verkykerskop (Memel-Warden). Ntswanatsatsi is ongeveer tagtig kilometer van die huidige Hermitage . Van ons in= formante op Frankfort weet te getuig dat die Kwena beweer dat hulle oorsprong teruglei tot 'n sekere fontein binne 'n kraal daar by Ntswanatsatsi.

'n Ander plek in die omgewing van die spoorweghalte, Marsala, was weer die hoofstat waar die Tlokwa onder hulle kaptein Mosala gewoon het.

Daar kan aangeneem word dat dergelike etnies-historiese oorde 'n mate

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

van konserwatisme in die hand werk wat by kerstening weerstande op=roep en 'n soort sinkretisme bevorder.

In Verslag 1973:500-2 bereken ons die sterkteverhouding van die Frank=fortbevolking op grond van die 1946-sensus soos volg: Suid-Sotho: 54,68%; Tswana: 0,10%; Zoeloe: 36,75%; Xhosa: 8,47%. Een van ons infor=mante stel die posisie in 1960-1964 volgens eie waarneming: Nguni: 10% Xhosa en 35% Zoeloe; Sotho: 1% Tswana en 64% Suid-Sotho. Van die Suid-Sotho is volgens hom 40% Tlokwa.

Ross (1930:17-8) skrywe hoe daar omstreeks 1928 spanning van etniese aard in Witsieshoek was wat ook sy sendingwerk bemoeilik het. Daar was nie 'n goeie verstandhouding tussen die Sotho (Paulus Mopeli se gedinge) en die Tlokwa (Koos Mota se gedinge) nie. Hy illustreer: "Die stam van Mota moes altyd apart bearbei word. Ek kan byvoorbeeld nie 'n kate=geet onder sy volk laat werk nie, wat tot die stam van Mopeli behoort het, dan was daar altyd moeilikheid."

Al sou ons aanneem dat die antitese nie meer so skerp is nie, handhaaf ons informante oor die algemeen die standpunt dat die aanwesigheid van verskillende etnieë (of segmente) in Frankfort bydra tot die vermenig=vuldiging van separatiste groepvorming. Een van hulle bevestig hierdie toedrag van sake: "As gevolg van die koms van baie mense met hulle verskillende gewoontes is dit myns insiens waarskynlik dat miskien baie skeuringe plaasvind, soos dit dikwels die geval is wanneer mense van uiteenlopende tradisies ondertrou.

"En waar hierdie kerke gebou is op die tradisies van mense, volg mens die kerk met tradisies wat ooreenstem met die waarvan 'n mens hou."

2.10.2.4 Die kerklike agtergrond

Waar die Swartes van Frankfort so direk betrokke is by die Blankes se ekonomie en veral as plakkers op plase vir die uitlewe van hulle reli=gieuse vormgewing die boer se reëlings in ag geneem moet word, wy ons eers aandag aan die godsdienstige lewe van die Blankes. J.J. Oberholster skrywe: "In die tagtigerjare sou die NG Kerk ook vir die eerste keer

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


met 'n sterk afwykende godsdiensgroep, naamlik die Wederdopers, in die gemeentes Frankfort en Vrede te doen kry" (1963:92).

Frankfort was ook een van die plekke alwaar een van die Gereformeerde Kerke onder die Kruis afgestig het. So vroeg soos 1892 ontstaan spanning tussen 'n oud-kerkraadslid C M de Beer en die Kerkraad.

Die Anglo-Boereoorlog sou egter ook 'n bydrae lewer. Na die oorlog maak ene R J van Rensburg sekere aantygings. Een was "dat de uitgeblevene burgers de bewegende oorzaak zijn van de dood der vrouwen in de kampen." Later het hy die stelling teruggetrek maar beweer dat die Regering daarvan die skuld was. Die Kerkraad het ook 'n "aantal lidmate gesensureer omdat hulle wapens teen die Boere opgeneem het." Die verhouding is nog meer vertroebel deur die "handsuppers" aan die een kant en die burgers wat tot die einde geveg het aan die ander kant. Op 13 Februarie 1910 word 'n brief aan die Kerkraad geskrywe waarin agt-en-twintig lidmate bedank. Die bedanking word sonder meer aanvaar. In die brief word allerlei teologiese besware teen die Ned. Geref. Kerk ingebring en selfs 2 Kor. 6:14-18 as grond aangevoer waarom hulle hul afskei. Op 23/2/1911 kom hulle op die plaas Weltevreden byeen om 'n selfstandige gemeente te stig. C.M. de Beer was voorsitter en doen 'n verklaring.

J A S Oberholster - aan wie se werk ons die besonderhede oor die Kruisgemeentes ontleen - skets die verdere verloop: "Frankfort was die laaste van die afskeidings van die Kruisgemeentes, wat oor 'n tydperk van ongeveer veertien jaar (1897-1911) gestrek het " (1956:258).

Teen 1913 het Frankfort reeds besluit om met die Gereformeerde Kerk te verenig en in 1914 neem die Geref. Kerk die Kruisgemeentes op. In die jaar 1933 het 'n groepie uit die geledere van die Kruisgemeente te Frankfort vir die tweede maal dié keer, uit die Geref. Kerk, afgeskei (Oberholster 1956:258 e.v.).

Tydens 1965 vind 'n mens dat die Ned. Geref. Kerk die sterkste onder die Blankes is. Die Gereformeerde Kerk het jare reeds 'n predikant te Frankfort, wat tans ook nie meer Heilbron onder sy sorg het nie. En alhoewel diegene wat in 1933 uit die nuutverkreë geestelike

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tuiste uitgegaan het, 'n minderheidsgroep is, is sommige van hulle ryk en het groot plase in die distrik.

Vaste georganiseerde sendingwerk is nie deur die Gereformeerde Kerk en ook nie deur die afsplitsing van 1933 gedoen nie. Ook die Hervormde Kerk hou nie tot op datum 'n aparte sending daarop na nie.

Verder moet nog genoem word dat spanninge veroorsaak is deur die Scheepersgesindes in daardie omgewing. By hulle het gebedsgenesing 'n besondere rol gespeel. En blykbaar het hulle indirek die separatisme onder die Swartes bevorder daar hulle aan die swart splinterbewegings met hul uitgesproke helingsdoelstellings voorkeur gegee het.

Benewens die bogenoemde toestande is daar nog die Apostoliese Gesindtes. Daar is reeds genoem dat die Wederdopers in die tagtigerjare van die vorige eeu aanklank in Frankort gevind het. Kort na die Anglo-Boere-oorlog verbreek eerw P L le Roux, wat destyds sendeling van Wakkerstroom was maar wie se werk uitgekring het tot Standerton, Bethal, Ermelo, Piet Retief, Amersfoort en Volksrust, sy bande met die Ned. Geref. Kerk van= weë Dowie-isme . Dit was geen subiete besluit nie. A Dreyer skrywe: "In den oorlog had Eerw. le Roux kans om zijn dweperijen voort te zetten en na den oorlog ging omtrent de helfte der gemeente met hem ... over tot de secte van Dowie" (1912:87). Le Roux se opvolger in Wakkerstroom verwys reeds in daardie vroeë bestel naas Dowie-isme en "Ethiopie-isme" na "Apostolische geloofzending" (a.w. 1912:87). Dit is vry bekend dat Le Roux oorgaan na die AGS en sterk leiding neem ter koördinering van hul sendingwerk totdat hy hom teen 1915 daaraan onttrek om hom toe te spits op die onderhawige blanke aanhoriges.

Onderwyl hy op die Swartes konsentreer, besoek hy dan ook Frankfort en bevorder die AGS. In die Frankfortse bestel moes hy inslag gevind het. Ons veldwerker aldaar skrywe in 1963: "Daar is oor die twintig vertak= kings wat beweer dat hulle oorsprong is van die Apostolic Faith Mission." H. - wat voorheen sendeling te Frankfort was - stel dit: "Onder die Blankes te Frankfort bestaan 'n legio sektes. Elkeen het sy aanhangers onder die Bantoe.

"Die erkende Kerke het deur die jare heen te Frankfort staties gebly en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


nie 'n aanslag op die sektes en heidendom geloods nie .... Feitlik al die erkende kerke het te Frankfort een of meer skeurings beleef waaruit nuwe sektes ontstaan het of ander gevoed is. Dieselfde geld ook die sektes inherent - wat tot meer sektes gelei het." Daarby kom nog dat gedurende die Tweede Wêreldoorlog die plaaslike sendeling vertrek het ten einde as veldprediker te arbei en dergelike wisseling in daardie ontwrigte tye dikwels deur die separatistiese bewegings uitgebuit is.

Ten opsigte van die kerklike lewe onder die Blankes, moet dus gekonsta= teer word dat steurbestelle onderling tot spanninge gelei het wat die deurvoering van 'n sterk kersteningsaksie gestrem het. Ons het weliswaar die posisie onder die Blankes onder die loep geneem. 'n Kundige informant wys daarop dat meer gestruktureerde kerstening en kerkopbou ook nie na wense deur Metodiste, Presibteriane, Anglikane en ander in die omgewing van Frankfort deurgevoer kon word nie.

Anders gesteld is dit met betrekking tot die Apostoliese gesindtes. Nie net is daar aanduiding dat hulle hul geloofstandpunt bepleit het nie, maar dat versplintering,nadat Le Roux hom aan die Swartes onttrek het, in Frankfort 'n hele kettingreaksie by name binne die geledinge van die swart aanhoriges van die AGS se sendingaksie aan die gang gesit het. Vervolgens betrag ons die separatisme meer vanuit die gesigshoek van die Swartes.

'n Skeuring wat wyd en diep geloop het, was die van die kategeet Abraham Poho met standplaas Heilbron. Van hierdie gebeure beweer 'n sekere in= formant dat dit "die fondamente van die Ned. Geref. Kerk geskud het." In <u>Verslag 1973</u>:293-301 word hierdie aangeleentheid in wyer perspektief beskrywe en analiseer. Kortliks kom dit daarop neer dat Poho onder buitengewone omstandighede gedurende die Anglo-Boere-oorlog georden is, dog dat die eerste Sinode na die Oorlog hierdie ordening nie bekragtig het nie. Poho bevind hom toe in die posisie dat waar hy die sakramente bedien het, hy dit nou nie meer kan doen nie. Hy breek weg en konsoli= deer waar moontlik. Aangesien hy 'n bekende figuur in die Sendingkerk was, het dit 'n beroering onder die Swartes tot in Witsieshoek gebring. Destyds het die aangrensende Frankfort veel direkter verband met die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


sendingaksie te Heilbron gehad as nou. Alhoewel Poho naderhand as leraar vanuit Heilbron in die Presbyterian Church of South African diens gedoen het en sy separatistiese stroming daarin uitgemond het, was die onrus wat gesaai is, bevorderlik vir die separatisme oor die algemeen in Frankfort en omgewing. Vergelyk ons egter Figuur II se separatistedigtheid vir die distrikte Frankfort en Heilbron bevind ons dat die verskil opvallend is. Een van die hoof redes is dat Heilbron so= wel wat die NG-kerk en die NG-Sendingkerk betref 'n sterker verenigde front vertoon. Was dit nie daarvoor nie sou die Pohoskeuring, die oorlogsontwrigting en ander naweë op sendinggebied die separatisme in Heilbron weliger laat gedy het.

Uit die aantal kerke en separatistiese bewegings wat in Frankfort se swart woonbuurt standplase het of sonder standplase in 1963 verteen= woordig is, kry ons 'n venster op die menigvuldigheid. Tien denomina= sies wat volgens die Sensusindeling van 1951 onder nos. 00-34 en 36 as meer gevestigdes sou val, het standplase. Van die separatiste het agt standplase, t.w., African Methodist Episcopal Church, Apostolic Brethern Church; Bantu Methodist Church; Christian Catholic Church in Zion; Ethiopian Church of SA; Ethiopian Church of Basutoland; Presbyterian Bafolisi Church; Presbyterian Church of SA (African). Die volgende separatiste is sonder standplase: Apostolic Full Gospel; Apostolic Mission (Ba-Apostola); Apostle Eleven; Apostle Twelve (Motseke); Apostle Twelve (Nteke); Bantu Baprofeta Church; Bantu Troni Church, Ba= ena Brethern Church; Calvary Church of Christ (The only Church of Christ); Church of New Jerusalem; Mahon Mission; St. John's Apostolic Faith Mission; St. Luke Apostolic Church; St. Paul Apostolic Church No. 1; St Paul Apos= tolic Church No. 2; St. Paul Apostolic Church;
St. Philip Apostolic Church; The Saviour Church of Christ; United Aposto= lic Church.

Dit is wenslik om oor 'n paar van hierdie bewegings besonderhede te verstrek:

Eerstens oor die African Presbyterian Bafolisi Church. Marumo (die stig= ter) was evangelis in Ned. Geref.-verband met standplaas Harrismith. Kort na die Anglo-Boere-oorlog begin hy bekendheid verwerf as geloofsge= neser. Ja, hy sou selfs uit die dood opgewek het. By geleentheid was

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

hy siek en het sy dogter aangedui dat sy siekte magies veroorsaak is. Ons het reeds genoem dat hierdie beweging in die volksmond as die "Satantrappers" bekend staan. Ook is genoem dat die Mzimbabeweging (vgl Bloemfontein: 2.9.4.3) vir hom te leerstellig ortodoks was. Waar daar in die geval van Poho versagtende omstandighede was omdat sy or= dening teruggetrek is, daar het Marumo as evangelis weggebreek en kan versagtende omstandighede nie juis aangevoer word nie.

Tydens veldopname was daar tweespalt in die African Presbyterian Bafolisi Church. Die een aanspraakmaker op moderatorskap is M. van Harrismith en die ander M. van Reitz. Ons kon onderhoude met albei ter plaatse voer. Destyds was daar tussen die opponerende partye ook 'n hofsaak hangende. Dit is duidelik dat hulle prys stel op hulle genesingspretensie. Van= daar die insluiting van Bafodisi -(genesers) in die naam. In feite word die gawe van genesing oorgedra van Marumo-hulle, die stigters. Van tyd tot tyd word bidders gekeur en word met 'n besondere kleur kleed beklee. "Deur met die Kleed geklee te wees, het jy ook die krag, jy is bevoegd om vir mense te bid dat hulle gesond word, sonder medisyne, sonder sethoto, in die Naam van Modimo alleen." Oor die "singuliere gawes" van Marumo verklaar die segsman: "Sy gawes was om siekes te genees deur handoplegging. Hy plaas hulle in die middel van die huis, geklee met die klere, die bidders van verskillende soorte. Hy maak 'n sirkeltjie en ineens toe die lied gesing is, daal die gees neer. Hulle klap hulle hande, hierdie mense, hulle dans al om hierdie persoon. Een sal hom die hande oplê dat hy gesond word. Nou is daar gegee. Hulle wat oplê, het hy gegee terwyl hy hulle die hande oplê en hulle seën, gee hy hulle die gawe van die gees van voorbidding" (M. op Reits 1964 - opvallend is die ooreenstemming met die tradisionele genesingsrites soos aldaar meegedeel - vgl. Reitz in Verslag 1973:545-6).

Ten minste vier invloedryke separatisteleiers met hoofkwartiere in Evaton hou 'n drukke wisselwerking met Frankfort daarop na, t.w. Christina Nku (Mmanku) van die St. John's Apostolic Faith Mission; John Moloi van die St. Paul Apostolic Faith Mission (No. 1); Nhlapho, die teenvoeter van Moloi (wie se beweging as St. Paul ... No. 2 aangegee word); en Elias Ramoipone van die St. Paul's Morning Star Church.

Moloi se vader is te Ntswanatsatsi gebore. Ramoipone is in die distrik

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

gebore. Christina Nku is op die plaas Pandam, naby die ou Stofberg=gedenkskool gebore, en haar seun - die "biskop" in ons veldwerkbestel - het in die Frankfortse distrik opgegroei. Nhlapho en Moloi se twee=spalt het die verdere neiging dat die meer Ngunigeoriënteerdes uit Frankfort Nhlapho aanhang en so 'n soort etniese uitkristallisering bewerkstellig.

Meer as een van ons informante lê klem op onderlinge onenigheid en die stryd om voorrang onder leiers as oorsaak vir die vermenigvuldiging van separatistiese bewegings in Frankfort.

Onkunde onder leiers van etlike bewegings oor wie nou hulle eintlike hoof is of waar hy woon, het volgens ons veldwerker die ondersoek ge=strem. Twee hoogstaande informante het daarop gewys dat Frankfort in vergelyking met Heilbron 'n agterstand het op die gebied van plaasskole.

2.10.2.5 Optimum teelaarde

In die breë bevind ons dat Frankfort 'n soort optimum bestel bied vir separatiste groepvorming in bonte verskeidenheid. Verklaring hiervoor skyn geleë te wees in 'n komplekse sametreffing. Ons het aardrykskundige komponente aangetoon met klem op bees- en skaapboerdery en die verbou=ing van mielies en koring waarby die Swartes betrokke is. In die ar=beidsritme is daar rusperiodes en ander faktore wat die Swartes geleent=heid gee om saamtrekke van religieuse aard by te woon en wisselwerking met separatistiese ankerpunte soos Evaton te handhaaf. Etnies-historiese lokaliteite binne die distrik - soos Ntswanatsatsi - werk in alle waar=skynlikheid religieuse konserwatisme in die hand en in dié geval die tradisionele religie van besondere etnieë.

Wat die Blankes van Frankfort betref het 'n komplekse steurbestel oor die jare beginnende met die toetrede van die Wederdopers in die tagtiger=jare van die vorige eeu en skeuringe óm die Anglo-Boere-oorlog in Gerefor=meerde gledinge onder andere, 'n gebroke front op kerklike gebied geskep. Onder omstandighede kon gestruktureerde kerstening en kerkopbou deur die meer gevestide Ned. Geref. Kerk nie tred hou nie.

Met betrekking tot die Swartes van Frankfort is die Nguni (Zoeloe en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Xhosa) en Suid-Sotho in sterkteve ıouding ongeveer 35 : 55. Ten minste een pertinente skeuring - ınne die StPaul's het 'n sterk et= niese aksent.

Die gistingsbestel óm die Anglo-B ɜre-oorlog het in daardie omgewing besondere momentum aan separatist ȷroepvorming gegee. Die oorlogs= ontwrigting val - wat Frankfort b :ref - saam met drie skeurkomplekse wat gelyktydig omvattend beïnvloe . Ons verwys na die aanslae van Le Roux, Poho en Marumo. Die menigv dige separatistiese beweginge soos blatant verteenwoordig in die swa : woonbuurt toon by analise dat 'n dominante splintertendens deur Le Roux aan die gang gesit is. Na sy onttrekking aan die Swartes is di opvallend hoe versplintering binne die betrokke Apostoliese geleding aan die orde is.

Frankfort versterk ons in ons aan ɔeling/hipotese dat hierdie omgewing deel vorm van 'n separatistiese kon tellasie/konfigurasie met hoë digt= heid. Eers as ons die 1980-sensu wyer sou arseer om byvoorbeeld die Suid-Ndebele, Swazi en Zoeloe med te bereken sou ons 'n duideliker beeld kry van wat ons in Figuur X (<u>Verslag 1973</u>:41-3) kragtens Sensusmomente 1951 en 1960 aangedien het.

2.10.3 Wallmannsthal (Vgl ook E laag p183)

Hierdie gebied is ongeveer dertig kilometer noordoos van Pretoria geleë. Uit die gesigshoek van die kerste ing van Swartes was die aanvanklike bevolkingsgroei óm 'n Berlyns-Luth ·se sendingaksie. Ons veldwerker het bejaarde informante aangetref wat /erwys na so vroeg soos 1886 toe van Wallmannsthal gepraat is as: " ılle land/gebied en van julle nageslag; land van ontferming/genade." Tra ;portaktes voer hierdie bestel terug tot 1872. Gedeelte 1 van Klipran (no. 1549) en Gedeelte 2 (no. 1870) is destyds deur die Regering toegest ın aan A Merensky as saakgelastigde van die Berliner Missionsgesellschaft In 1916 word twee gedeeltes gekonsoli= deer en in die genootskap se naam /erkry (3485/1916). Op 10 Julie 1934 onderteken die verteenwoordigers ı Berlyn 'n dokument wat aan eerw. C A G Hoffmann, P A Schwellnus en W K L ɹe as hulle gesamentlike Agente vir die Transvaalgebied volmag gee om nam ıs die genootskap op te tree. Volgens 'n aantekening op 'n fotostaat ontvan die toepaslike Departement in die Unie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

die dokument op 14 Augustus 1934. Dit het die gevolg dat Wallmanns=thal (278 JR - ongeveer 1984 morg) in 1936 as landbouhoewes verklaar word. Daartoe het die drie, hoër-op genoem, die bevoegdheid gehad.

Hoe omvattend die druk op die Berlynse Sending in Suid-Afrika was, kom 'n mens te wete waar Gerdener aanvoer: "This Society seems to have been the hardest hit of the German societies by the World Wars" (1958:81). Hy haal in die verband P G Pakendorf aan. Laasgenoemde toon aan hoedat hulle van hul 'home base' nie slegs finansieel afgesny is nie maar ook swaar aan geordende mannekrag ingeboet het. Ook was hulle probleme nie beperk tot die eintlike oorlogsbestel nie. Daar was byvoorbeeld ook inflasie en depressie (a.w. 1958:81-2). Teen hierdie agtergrond word dit duidelik waarom die aankope in die opgesnyde Wallmannsthal eskaleer. Wallmannsthal kon as sendingreservaat aan Swartes verkoop word en word 'n opvanggebied vir baie vreemdes.

Hierdie tendens word versterk deurdat die Pretoriase Stadsraad sedert 1945 strenger toestromingsbeheer uitoefen. Buite die periferie van hulle jurisdiksie - en dit raak ook Wallmansthal - kry 'n mens opdamming en nog meer abnormale inwoning.

Dit is hoofsaaklik kopers uit die omgewings van Pretoria en die Wit=watersrand wat landbouhoewes/persele bekom. Alhoewel daar aanvanklik eerder 'n Genootskaplike as etniese keuring was, was die opvanggebied van die Berlynse Sending hoofsaaklik Noord-Sotho. Teen 1939 - die aanvang van Wêreldoorlog II - kry verandering ten opsigte van die ou Berlynse Sendingbestel te Wallmannsthal nuwe momentum.

Die nuwe intrekkers kom uit gebiede wat uiteraard etnies buitegewoon heterogeen is. Van kerklike keuring kon daar geen sprake wees nie. Daarby is die merendeel beïnvloed in stadsomgewings, soos hierbo aange=dui. In dergelike omgewings word stam-en familiebindinge verswak asook kerklike aanhorigheid wanneer die kerk nie tred kan hou met sy roeping in dergelike snelontwikkelende areas nie. (Die begrip sekularisasie word veelal gebruik vir dié soort verwêreldliking - vgl. Soweto, waar na die werk van Boshoff (1968:320) verwys word). So het ons dan ook Wallmannsthal leer ken tussen 1944-1956 nog vóór die veldwerkbestel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bylaag (p183) (Wallmannsthal) gee besonderhede van geloofsaanhorigheid volgens ons opname van 1964. Dit dui op 'n groot spektrum Kerke en Separatistiese bewegings. Volgens ons gegewens was die Berlynse Sen= ding (tans Evangelies-Lutherse Kerk) nog die sterkste gesindte ter plaatse; daarnaas die meer gevestide Genootskappe in sinvolle sterkte= verhouding: Kerke van Gereformeerde oortuiging, Metodiste, Baptiste en Anglikane. Waar ons 'n totaal van oor die 3 400 gevalle versyfer het, maak hierdie groep oor die 2 400 uit; in feite 71% van die totaal. Van hierdie 71% maak die Lutherse 48% uit en die ander saam 22%. Wat die separatistiese bewegings betref, dui die totaal op oor die 1 000 of 29,12%. Van laasgenoemde persentasie maak die A -groep 18,31% uit en die Z - groep 8,19%. Van die elf onder Z waarvan syfers voorhande is, is die gemiddelde volgelingetal 25,6. Die A -groep is in die separatistiese geledere ook wat gemiddelde aanhang per beweging betref, die sterkste. Van die nege wat syfers verstrek het, is die gemiddelde 70 volgelinge.

Van die separatistiese bewegings wat in Wallmannsthal sterk verteenwoor= dig word soos die Zion Christian Church (met die Josephaanhangers teenoor die Edwardaanhangers in die meerderheid) kon in die ondersoekbestel geen opgawe verkry word nie. Hierdie persentasie van 29% is egter hoog in die lig van die historiese agtergrond en die Lutherse voorsprong. Dit reg= verdig 'n besondere studie van Wallmannsthal as plattelandse konsentrasie van die separatisme.

'n Paar aspekte van die separatisme in hierdie gebied word vervolgens uitgelig:

2.10.3.1 'n Konsentrasie van tegnies-ongewenstes soos buitelandse Swartes

Teen 1945 is die noordelike buitestedelike omgewing van Pretoria 'n be= sondere knypgang vir buitelandse Swartes. Ons kon insonderheid kennis neem van Nyanja- en Karangasprekendes wat ter plaatse nie maklik inge= skakel kon word by hulle oorspronklike kerkverband nie. Daar was veral die probleem van taalkommunikasie. Waar aparte bearbeiding nie georgani= seer kon word nie, was daar 'n neiging om afsonderlik te groepeer en selfs separatistiese beweginkies daarop na te hou. Omstreeks 1945 betree die Pretoriase Stadsraad 'n nuwe bedeling ten opsigte van sy administrasie van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Swartes. Onder andere kon toestromingsbeheer strenger toegepas word. Dit raak by uitstek die buitelandse Swartes. Van hierdie geledere versypel toe in die omstedelike gebied alwaar reeds 'n opdamming was. Etlikes raak los van hulle tuislande en doen in die loop van jare so=danige taalvaardigheid op dat hulle makliker met die RSA-Swartes kan verkeer. Diegene wat 'n redelike kersteningsagtergrond van huis uit het, vind by geleentheid aansluiting by plaaslike, separatistiese gemeentes. Ons veldwerker tref 'n hele paar Swartes aan van buite die RSA wat daarin geslaag het om leiers van separatistiese bewegings te word en as sodanig en met opgawe van foutiewe persoonlike besonderhede soms permanente ver=blyf erlang.

As voorbeeld van hierdie tipe separatistebeweging, noem ons die New Foundation Apostolic Church in Wallmannsthal. Die stigter het uit die destydse Rhodesië gekom en lewenstog gevind deur as biskop van sy "kerk" by die Blankes in Pretoria om bydraes te bedel. Die beweging se beson=dere en tiperende handelinge het die doop deur onderdompeling ingesluit asook die gebruik van "geseënde" water met die oog op genesing. Daar was ook 'n besondere skakeling met die tradisionele religie aanwesig daar ondersteuners aangemoedig is om tot die <u>badimo</u> te bid en van die dienste van <u>dingaka</u> gebruik te maak.

2.10.3.2 'n Sterk verteenwoordiging van die Le Rouxkompleks

Onder Frankfort het ons oor die Le Rouxkompleks uitgewei. Wallmannsthal lewer 'n aantal bewegings op wat op een of ander wyse terugvoer na hierdie lewenskragtige kompleks. Om maar net twee voorbeelde te noem: die St. John's Apostolic Faith Mission met hoofkwartier op Evaton en wat plaaslik onder biskop D Ratefane staan (vgl <u>Verslag 1973</u>:824-49) en die Zion Christian Church (vgl hfst. 3). Vanuit Wallmannsthal het skerp kant=beligting op die skeuringstendense binne hierdie Apostoliese groot-familie geval.

Ons veldhulp voer getuienis aan dat die bestudeerde bewegings neig om eerder in die teken van winsbejag te staan as dat hulle Kerk is. Die Galalea Apostolic Church in Zion is 'n voorbeeld ter stawing. Hierdie beweging was een van die weinige wat daar 'n eie kerkgebou gehad het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die rede vir die bou daarvan sou onder meer ingesluit het dat die Regering (Mmušo) beswaar sou gemaak het teen die hou van dienste in woonhuise. Die bou van die kerk het egter allerlei reperkussies binne die beweging gehad. Van die lidmate is geldelike bydraes daarvoor ge=vra. Die gebou is egter op die perseel van die betrokke leier. Die diens duur sowat vyf ure. Mense word dus baie moeg. Dit noop die meeste kerkgangers om na die diens iets te gaan eet of drink by die kafee langsaan. En hierdie kafee behoort aan die biskop. Verder is die vrou blykbaar die spil waarom hierdie handelsonderneming draai .... Donderdae - die gewone dag waarop die gebedsbondvroue vergader - doen sy voorbidding vir die mense en dit bied ook geleentheid om 'n groter afset te skep .... 'n Jaarlikse bydrae van ongeveer R1.25; 10c kwartaal=geld en 20c vir die leier word geïn. Vir al hierdie gelde word geen kwitansie uitgereik nie. Daar is geen boekhouding nie .... Naas die kafee is daar ook 'n winkel. Gereelde konferensies (meletelo) word gehou .... Die biskop se vrou is die een wat op daardie dag moet bedien, sodat al die mense wat haar wil sien of groet, binne moet gaan en so iets koop.

2.10.3.3 Die rol van die vrou

Opvallend is die buitegewoon belangrike rol wat die vrou in die bewegings speel. 'n Intelligente vroulike informant met intieme kennis van die om=gewing gee haar siening hieroor. Sy kom tot die slotsom dat die vrou in die separatistiese groeperinge - veral waar die meeste nie bo die gemiddeld is nie - haar in dergelike bestel volllediger uitlewe. Die vrou van die leier is ipso facto ook leier onder die vroue. Range is aan die orde van die dag en die hiërargie word waargeneem in die onderskeidende kleredrag. Verder is daar allerlei onderlinge hulpverenigings waar hulle die inisiatief kan neem. Voorts is daar speling vir die beoefening van "profetiese gawes", en so meer.

2.10.3.4 Op die gebied van die liturgie is daar opsigtelik afwyking van die gebruiklike in gevestigde Kerke

'n Verteenwoordiger van een van die Zion Christian Church voer die verskil in liturgie soos volg deur: "Ons liturgie is nie soos julle kerk s'n nie .... Ons kerk, sê ek, is 'n kerk van die Heilige Gees. Dis hy wat ons

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

kragtig bystaan." In die onderhawige geval speel die Bybel en die prediking te Wallmannsthal 'n ondergeskikte rol. Toegegee dat ons hier met 'n uiterste voorbeeld te make het, is dit tot 'n mindere of meerdere mate waar dat hulle hul in die liturgie groot vryheid ver=oorloof om innovasies in te voer. Belangrikste is seker die helings=rite, wat nie bloot aanhangsel is nie, maar deel van die liturgie en die wese van die beweging vorm. By die Galalea Apostolic Church in Zion kon so 'n rite of sepetlele waargeneem word. In hierdie geval word in 'n sirkel teen 'n hoë spoed óm die siekes beweeg, terwyl ander hulle die hande oplê en vir hulle voorbidding doen. Normaalweg mond die meeste (ere)dienste uit in die seremoniële drink van "gebeds"- of "geseënde" water.

In Verslag 1973:345-47 word op grond van die plaaslike veldwerk bevind dat daar verskille tussen beweging en beweging is ten opsigte van die graad van religieuse sinkretisme/dualisme. Dit werk in op die liturgie en ander aspekte. So maak die New Foundation Apostolic Church geen geheim daarvan dat badimo (voorouergeeste) wel aanbid word nie. Daarby foka (besprinkel, berook) hulle 'n ding "wanneer ons vrees dat so 'n ding vir ons of vir enigeen ... 'n ongeluk kan bring." In dergelike ge=valle word 'n ngaka ingeroep aangesien gewone dokters nie bevoegd is om hulp te verleen nie.

2.10.3.5 Dit is duidelik dat die tradisionele religie lewenskragtig deurwerk in die meeste separatistiese bewegings. Waar ons hoër-op gewag maak van sinkretisme/dualisme is die gedagte dat die Christelike Geloof en die tradisionele religie in sommige gevalle bewustelik of onbewustelik versoen word of anders parallel binne separatistekonteks bely en beleef word. Volgens ondervraging te Wallmannsthal is dit op die gebied van siekte en beveiliging in die algemeen, waar die kerste=ningsaksie met die taaiste weerstande slaags raak. Tewens, uit betrou=bare bron - en ons dink hier veral aan 'n segsman wat 'n baie verantwoorde=like amp in die Evangelies-Lutherse Kerk (Berlynse) beklee het - is hier=die sinkretisme/dualisme nie beperk tot die separatistiese bewegings nie. Menige lidmaat van gevestigde Kerke sou die ngaka of isangoma inroep, byvoorbeeld vir die afweer van gevare by geboorte, huwelik of begrafnis - ter verhoging van arbeidsmoreel, voorkoming van buite-egtelike geboorte

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

en dergelike node. Hy wei uit oor huigelary wat aan die orde van die dag is. Onder die dekmantel van 'n geselligheid ter viering van die doop word die ngaka se rol om die kind te "versterk" gekamoefleer. So 'n geheime versterking word aangebring deur "gelukskruie" (dihlare tša "lucky") voordat seuns die huis verlaat om te gaan werk. Meisies, weer, word behandel met die oog op huweliksvoorspoed. Dog dis nie ál nie! Die ngaka mag hulle selfs vooruit behandel sodat in geval van buite-egtelike gemeenskap, daar magies verhoed word dat swangerskap intree.

Meer veralgemenend tref dit dat, sowel by diegene wat nog in die klimaat van die tradisionele, as by hulle wat formeel tot sogenaamde Christelike, separatistiese bewegings of selfs tot gevestigde Kerke behoort, begrafnis=aangeleenthede die lewenskragtigheid van vooroueraanbidding openbaar. By sulke geleenthede speel diere-offers en by name die bees 'n sentrale rol. Dit is duidelik volgens die Wallmannsthalse gegewens dat die be=grafniskompleks diep veranker is. Iemand illustreer soos volg (en hy lewer getuienis vanuit die Noord-Sotho): "Die vel waarin hulle hom toe=vou het twee groot werke: i Ons weet almal dat vroeër, voor die Blankes hierheen gekom het, was die klere wat ons vandag dra, nog nie hier nie. En soos ons weet, kan ons nie 'n persoon begrawe sonder dat hy geklee is nie, daarom neem ons die karosse (velkomberse) waaronder hy geslaap het en begrawe hom daarmee. Ook om hom te toon dat ons hom getroos het (met hom versoen is) gee ons aan hom 'n nuwe kombers (kleding=stuk), sodat hy ook in staat sal wees om in te gaan daar waar hy heen=gaan en herken sal word as komende van mense. In die ou dae toe die mans gaan veg het, het hulle hul deur 'n skildvel beskerm. Hierdie skild=vel was hulle groot beskerming. Die Sotho sê: ''n soldaat loop nie naak nie'. ii Verder ook: die bees, bok of skaap wat doodgemaak is, het hulle nie toegelaat dat hy heeltemal dood is nie; want hulle geloof was dat hierdie bees as hy by die grafte kom, sal hy die 'trompet' wees wat sal skreeu: 'Ontvang julle kind, hier is hy'; aangesien ons ook weet en glo dat dit 'n persoon nie pas om homself tuis te maak of sy eie wel=komsroep aan te hef nie. Om hierdie rede is die ander groot werk van die bees dié van tuismaak en verwelkoming."

Die diepere funksie van hierdie tradisioneel-religieuse "karmenaadjie"

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

- so verduidelik ons segsman - wat ook in Pedi 'n "troospresent" genoem word, is versoening. Dit wil sê, met hierdie vleis, versoen ons onsself met die oorledene wat ons nie weer sien nie. Wanneer hierdie "troos= present" doodgemaak word, deel die familie van die oorledene die voor= ouergeeste mee en sê: "Ontvang die swart kalf dat ons kan eet." Met ander woorde - so verduidelik hy verder - "hierdie mense probeer vrede maak tussen die twee (groepe) mense, naamlik die gestorwene en die voor= ouergeeste .... Hierdie vrede word goed sigbaar in hierdie wêreld waarin ons in onderlinge twis en kwaadsprekery lewe ...."

2.10.4 Wintersveld

Wintersveld - ons vierde voorbeeld in hierdie afdeling - is 'n gebied sowat vyf-en-veertig tot sewentig kilometer noordwes van Pretoria. Oorspronklik was dit byna ongerepte bosveld. 'n Sindikaat koop daardie ge= bied op en onderverdeel dit in landbouhoewes van vyf morg elk; later word aangrensende grond aangekoop en in tienmorgeenhede opgesny. In die dekade 1940-1950 vind verkope druk plaas. Swartes, hoofsaaklik dié uit stedelike gebiede, is die kopers. Persoonlik kon ons die bestel gedurende 1944-56 van naderby leer ken. Dit wil sê, voordat die veldwerk met die oog op die separatisme uitgevoer is. Fenomenale besetting en ontwikkeling het toe al beslag begin kry en vind nog plaas in 'n uitgestrekte gebied waarvan Wintersveld vandag 'n klein onderdeel is.

Anders as in Wallmannsthal het die gevestigde kerke in Wintersveld 'n agterstand gehad. Die sindikaat was in die eerste plek geïnteresseerd in die verkoop van sy opgemete hoewes/persele. Aan 'n gevestigde kerk met aanhoriges reeds ter plaatse en wat 'n kerkperseel wou bekom, is min of meer soos volg geantwoord: "Ons stel nie belang in die kerklike lewe van die Winterveldse gebied nie. As ons al die persele van die hand gesit het, kan die eienaars self besluit oor hulle kerke al dan nie." Hierdie dilemma, waarin gevestigde kerke hulle bevind het, het ten ge= volg gehad dat hulle by grasie van indiwiduele eienaars hulle werksaam= hede moes begin en vir 'n beslaggewende dekade teen 1940-1950 en nog langer moes voortsit. Dit was eers teen 1962 dat die NG Sendingkerk aldaar 'n gemeente kon stig.

Plaaslike separatisteleiers wat grondeienaars was, was in 'n gunstige posisie om 'n huisgemeente op eie werf te begin en uit te bou. Hulle kon

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



GELOOF - SWARTES - EIE OPNAME - 1964

| | GENOOTSKAPPE | VOLGELINGE | | | PERSENTASIE |
|---|---|---|---|---|---|
| (i) | Gereformeerdes: NG Kerk in Afrika, Geref. - sending en Presbiteriane | 426 | | | |
| (ii) | Anglikane | 79 | | | |
| (iii) | Metodiste | 139 | | | |
| (iv) | Lutherane | 1 663 | | | |
| (v) | Baptiste | 118 | | | |
| (vi) | Sabbatariërs | 14 | | 2 439 | 70,88% |
| | **SEPARATISTIESE BEWEGINGS** | | | | |
| S | Bantu Methodist Church ("Donkey") | | | | |
| | Native Congregational Church | 25 | 25 | | |
| E | African Orthodox Church | 31 | | | |
| | Ephesian Church | 9 | | | |
| | Ethiopian Catholic Church in Zion | 35 | 65 | | |
| A | Bethlehem Apostolic Christian Church | | | | |
| | Apostolic Faith Association in Zion | 70 | | | |
| | Full Witness Christian Apostolic Church in Zion | 89 | | | |
| | Holy Christian Apostolic Church in Zion | 125 | | | |
| | Holy Spirit Apostolic | 27 | | | |
| | Independent Apostolic Church | 29 | | | |
| | United Apostolic | 11 | | | |
| | Zion City Apostolic | 103 | | | |
| | St. John's Apostolic Faith Mission | 111 | | | |
| | St. Peter's Church | 65 | 630 | | |
| Z | African Evangelist United Church Assem= blies of Christ | 3 | | | |
| | Emmanuel Church of God | 31 | | | |
| | Emmanuel Church in Zion | 14 | | | |
| | Evangelist Church of God | 20 | | | |
| | Evangelist Zion Apostolic Church | 7 | | | |
| | Galilea Apostolic Church in Zion | 61 | | | |
| | Nazareth Full Witness | | | | |
| | New Foundation Apostolic Church | 19 | | | |
| | Jerusalem Apostolic Church | 44 | | | |
| | New Jerusalem Apostolic Church | 56 | | | |
| | New Jerusalem Apostolic Baptist/ Bantu (?) Church | 22 | | | |
| | Apostolic Jerusalem Church in Zion | 5 | | | |
| | Zion Apostolic Church of God in SA | | | | |
| | Zion Christian Church (Joseph) | | | | |
| | Zion Christian Church (Edward) | | 282 | | |
| | | | | 1 002 | 29,12% |
| | | | | 3 441 | 100,00% |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



op eie hoewe vryer uiting gee aan leiersinisiatief, òf onderhorig aan hoofkwartiere soos Evaton, Alexandra en elders òf self 'n be= weging van stapel stuur. Hierbenewens is gevalle opgespoor waar evangeliste of leraars, vir wie dit te nou geword het in sekere kerk= verbande, skeur en vanuit Wintersveld organiseer (vgl Verslag 1973:365).

Waar Wallmannsthal 'n kleiner omskrewe soort dorp is, daar is Wintersveld 'n vry uitgebreide hoewekompleks. Die "landbouhoewes" bied as sodanige nie juis geleentheid vir selfversorging nie. Ons bevind ook nie dat dit die primêre doelstelling by die aankoop was nie. Die eienaar en ander ekonomiesbedrywiges wat op een of ander wyse met hom in verband staan, verkoop hulle arbeidskragte binne die groot stedelike kompleks en bly in 'n hegter of sporadiese kommunikasie met Wintersveld. Diegene wat meesal pal daar woon, is die vrou en afhanklikes soos 'n oupa en ouma, voorskoolse en skoolgaande kinders. Grootouers staan dikwels die vrou by of neem 'n leeue-aandeel in die toesig oor kinders en kleinkinders.

Ons veldhulp vermeld dat die kerk of separatistiese beweging in daardie gebied dikwels oorwegend uit die vroulike geslag bestaan en noem gevalle waar stryd tussen vroue tot skeuring gelei het. Sy bevinding moet so verstaan word dat die vrou in die algemeen in swart kerke en bewegings ten opsigte van getalle-oorwig en meelewing domineer, maar dat hy dit by uitstek in Wintersveld waarneem. Vergelykenderwys is manslidmate minder by die organisatoriese betrokke en is daar meer speling vir vroue om onderling in 'n magstryd te geraak en selfs die separatisme daar te bevorder. Waar hy onder andere die St Peter's Morning Star Church in gedagte het met 'n vrou, Lydia Tšukulu, aan die hoof, daar het hy 'n sterk saak. Weliswaar skeur sy van die St Paul's Apostolic Faith Morning Star Church onder biskop Ramoipone en met hoofkwartier op Evaton, dog sonder haar eie landbouhoewe in Wintersveld, wat sy aankoop, sou sy selde of ooit haar beweging so kon uitgebou het (vgl Verslag 1973:806:23).

2.10.4.1 Die menigvuldigheid van separatistiese bewegings

In Bylaag (Wintersveld) (p190) word soveel as 59 afsonderlike bewegings gedurende 1963/64 in die Wintersveld aangeteken. In Verslag 1973:400-1) is die Pentecostal Baptist uitgelaat en twee bewegings is gedupliseer

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


naamlik die St. John's Apostolic Faith Mission of SA en die Zion Christian Church (op datum van ondersoek onder Edward Lekganyane). Hulle word onderskeidelik beheer uit Evaton en uit Boyne, Pietersburg. Elke beweging het twee takke in die Wintersveld. Ons het nie rede om aan te neem dat die betrokke takleiers van dieselfde beweging op plaaslike vlak nie wil saamwerk nie. Oor die tweespalt in die Zion Church word uitvoerig gehandel in hoofstuk 3. Hierdie tweespalt het sy reperkussies in Wintersveld, vandaar dat no. 51 en no. 52 wel onder dieselfde naam bekend staan maar nie onder dieselfde beheer staan nie.

Invloedryke leiers van separatistiese bewegings slaag daarin om verbindingslinies oop te hou met aanhoriges wat hulle in Wintersveld vestig. 'n Sterker tendens skyn egter te wees dat leiers spook om 'n eie gemeentetjie op die been te bring. Daarom dat die 59 afsonderlike bewegings vir Wintersveld 'n baie hoë frekwensie is en maak dat hierdie gebied een van die vrugbaarste teelaardes vir die separatisme is en was.

2.10.4.2 Voorbeelde van skeuring uit denominasies van gevestigde aard

'n Ontleding bring aan die lig dat voorbeelde byna uit elke kerklike gesindte van gevestigde aard voorhande is: Uit die Ned. Geref. Sendingkerk kom die Bantu Reformed Church (no 3); uit die Church of England (in die geval indirek), kom die African Province Church (no 5); uit die Methodist Church kom die Bantu Methodist Church of "Donkey" (no.2) en uit die Lutherse (en wel die Berlynse Sendinggenootskap) kom die Lutheran Bapedi Church (no 4).

Voorts verdien separatistiese bewegings, wat in die verlede verbintenisse met die komplekse Dowie-Le Roux as Apostoliese grootfamilie gehad het, vermelding: die Christian Catholic Apostolic Holy Spirit Church in Zion (no 20) en met hoofkwartier in ons studiebestel op Charlestown, Natal; die Zion Christian Church en die St. John's Apostolic Faith Mission Church is hoër op reeds genoem; die St. Paul Apostolic Faith Mission (no 35) met hoofkwartier Evaton (Moloi); die St. Paul Apostolic Faith Morning Star Church (no 37); en die St. Peter Morning Star Church, 'n skeurbeweging uit no 37 waarna in 2.10.4 reeds verwys is. (Vgl Bylaag (p190)).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

2.10.4.3 Teologiese/dogmatiese veroorsaking

Teologiese oorsake vir skeuring in die ware sin van die woord speel bykans geen rol in die Wintersveldse separatisme nie. In twee gevalle is 'n soort Unitarisme onderken. Die Pentecostal Baptist Church of South Africa se segsman verklaar: "Die Naam Jesus word gebruik vir al drie die Name. Daar is geen onderskeid tussen God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees nie. Een Naam kan vir die ander gebruik word. Skepping, verlossing, vertroosting en leiding word nie onderskei nie."

By die Swedenborgiaanse Lord's New Church verwag ons natuurlik iets dergeliks. In Verslag 1973:385-94 word hierdie beweging uitvoerig behandel. Die plaaslike leier verklaar: "Die doop geskied in die Naam van 'Onse Here Jesus Christus'. Water word in daardie Naam eenmaal op die voorhoof gesprinkel." Waar ons onder Wintersveld gegewens oor die Lord's New Church uit verskillende oorde binne ons ondersoekveld saam=trek, teken ons die volgende hier aan: Leerstellig vertoon die beweging nie 'n hegte eenheid nie. Opvallend is egter die neiging na die Unitariese en die ope Kánon. Dit is duidelik dat Swedenborg se geskrifte die ge=loofsposisie mede-bepaal.

Ons sou kon praat van 'n meer behoudende en 'n minder behoudende stand=punt. Uit Zeerust en Ga-Rankuwa verneem ons van spanninge tussen die Brandergroep en diegene wat Swedenborg se leerstellinge meer onvoor=waardelik aanhang. 'n Informant soos dié uit Zeerust moet ernstig geneem word. Hy beweer dat die inkorporasie of amalgamasie tot mislukking ge=doem skyn te wees. Rede hiervoor is dat diegene, wat oorspronklik aan die Ethiopiese geledinge behoort het, ál meer begin voel dat daar te veel gemaak word van Swedenborg en sy openbaringe ten koste van die Bybelinhoud. Tewens, ons veldwerk digby Maseru in Lesotho, het drie preekstoele in dieselfde kerkgeboutjie opgelewer. Dit is ook bevind dat die prediker eers uit die Bybel lees en sy preek Skrifgebonde wil lewer; daarna gaan hy na die tweede preekstoel met Swedenborg se geskrifte as grondslag en derdens na 'n preekstoel sonder òf Swedenborg òf Bybel en is vry om eie versinsels ten beste te gee. Wat ook die amptelike stand=punt mag wees, in die praktyk staan die boek van Swedenborg sentraal in Wintersveld.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2.10.4.4 Psigologiese oorsake

Oorsake wat meer psigologies van aard is, word deur informante by die verklaring van skeurings genoem. Oordrewe individualisme dra 'n sterk aksent. Hiervoor is 'n hele konstellasie verantwoordelik. Komponente wat genoem word, is onder meer: 'n etnies-heterogene besetting vanweë die aankoop van 'n groot aantal hoewes deur individue vanuit die PWV-gebied. Die swart bevolkingsamestelling het die vorming van sentrale beheer deur die stigting van 'n swart owerheid in die wiele gery. Vanweë die aanvanklike agterstand van gevestigde Kerke is in die woorde van ons veldassistent "die spitwerk nie diep genoeg gedoen nie" en die ar=beiders "is min of glad nie daar nie." Waar hulle nie kerke gevind het nie het "die ding met bidure begin. Dit groei tot 'n kerk op 'Bantoege=woonte-fondamente'. Toe die Kerk (uiteindelik) kom, was die man bederf deur eie leier te wees vir 'n lang tyd. Hy het kollektes en ander bydraes vir sy eie doel bymekaar gemaak. Hy het op sy eie manier gelei ...." Dissipline word ondermyn. So word aangevoer dat diegene wat self leier wil wees en van mag hou, nie onder 'n ander wil staan en betig wil wees nie. 'n Voorbeeld word genoem van 'n eie stigting:

Iemand was 'n onderleier. Hy wou toe in Wintersveld leier wees. Dog aangesien hy met twee vroue saamleef - die Gesindte gedoog dit nie - wou die hoofleier hom nie bevorder nie. Toe stig hy sy eie beweging in Wintersveld en gee ander redes vir die eintlike skeuring (<u>Verslag 1973</u>:396).

2.10.4.5 Tradisioneel-religieuse oorsake

Die studie van die afsonderlike bewegings bewys dat die tradisionele kultuur, insonderheid die tradisionele religie 'n stramien vorm waarop geborduur word (<u>Verslag 1973</u>:375-77; 806-9; 811-23). Die <u>badimo</u> speel oor die algemeen 'n sterk rol. Op die ingesamelde gegewens af, kom ons veldwerker tot die gevolgtrekking dat die meeste bewegings van die "voor=ouertipe" is: "Offers word geoffer aan die voorouers; 'n bees of 'n skaap of 'n bok, word geslag vir die doel. 'n Mens word genooi om saam te kom geniet van die kos - (vleis) en vernaamlik bier." Om die ware karakter van die offer te verdoesel, word gesê dat "die offerande in die Ou Testa=ment gevind word." Hy voer verder aan: "Een bekende man, wat ook baie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

belangrik in daardie deel is, het gesê 'dat hy nooit die God van Abraham, Isak en Jakob sal aanroep nie, maar sy eie voorvaders. Abra= ham en andere is voorvaders van die Jode en kan nie vir my pleit nie.' Dieselfde standpunt is by 'n ander beweging ook aangeteken. So sê die leier: 'Voorvaders van ander mense kan my nie red of dien nie. Voor= vaders van ander kan my nie geluk bring nie, behalwe my eie voorvaders' (Verslag 1973:370). Volgens die veldwerker is die hele gedagtegang van sy informant dat hulle, die lewendes, "gaan deur hulle voorvaders na God." Etlike leiers slaag daarin om allerlei te koördineer soos om tegelyk "kerkleier", "bergskoolleier" en ngaka te wees.

In die Pentecostal Baptist Church of South Africa is dit veral die onpersoonlike supernaturalisme of magiese komponent van die tradisionele religie wat opval. In verband met sterfgevalle is daar 'n wag- of waak= diens. Na die begrafnis, was die mense in water wat geseën is en waarin as gegooi is (Verslag 1973:370).

Daar is reeds verwys na die beweging van Lydia Tšukulu. Haar uitbouing van die liturgie is een van die mees komplekse wat ons in die ondersoek raakgeloop het. Ons raak bewus van ontlening aan kerke op eklektiese wyse; en alhoewel beweer word dat hulle hul nie vereenselwig met die tradisionele religie nie, kry ons tog 'n ware knooppunt in hul Nagmaal. Ons stip aan uit Verslag 1973:815-19: In die kerkgebou was daar op die tafel wyn en brood in die vorm van ouels en twee borde met binnevet en niertjies. Ook was daar 'n bakkie halfvol water en binne-in 'n koppie halfvol bloed. Die Skriflesing was 1 Kor. 11:23-29. 'n Groepie van so= wat ses persone kniel en die liturg gee elkeen sy ouel onderwyl hy die instellingswoorde herhaal. 'n Verdere Skrifgedeelte voer na beligting wat "gewerk" word. 'n Sewetal kerse het reeds gebrand maar nou word vier reusekerse opgesteek. Daarop volg 'n seremoniële opsteek van gewone kerse. Lydia Tšukulu steek elke kers op en oorhandig dit aan haar volwasse volge= linge.

Toe almal bedien is, is opdrag gegee dat die gemeente op gebruiklike wyse die kerkgebou moes uitgaan op weg na die altaar (a.w. 1973:812). Dit geskied in 'n soort prosessie. Die altaar is buite die kerkgebou.

By die altaar het Metthews Tšukulu - vader van Lydia en ook haar "hoof-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



liturg" - leiding geneem. Die altaarvuur is aangesteek. Die borde, met binnevet en niertjies wat op die tafel gestaan het, kom te voor= skyn en die inhoud word plegtig in die vuur gedoen. Onderwyl spreek Tšukulu met verwysing na die gelese Skrifgedeeltes en ander bewysplase waar die Ou Testamentiese offerstelsel ter sprake kom. Verder is ge= skilde aartappels, droërige pap en selfgebakte (vet)koekies ook ver= brand. Telkens beklemtoon die liturg die feit dat dankoffers gebring moet word. Die seremonie het gepaard gegaan met sang en teen die einde was dit van hoër gehalte en meer gewyd. Onderwyl die offervuur die gawes verteer, het die leraarsvroue, dog meer in besonder Lydia Tšukulu en 'n erebesoeker uit Botswana, die "profetes" Anna Tau, deur die skare be= weeg en stawwe seënend opgelê. Ook is die hande opgelê en is seënbedes geuit. Dit het ons voorgekom asof diegene, wat neergesyg het of ge= luide gemaak het, besondere aandag ontvang. Teen die einde is die bekende toewydingslied uit Lifela tsa Sione, lied 374, gesing (My gees, my siel, my liggaam ....) en wel op die gangbare wysie en sonder trom= begeleiding.

Daarna het Tšukulu beveel dat almal na die ooste moes draai sodat die seën "gevat" kon word. Hy het weer 'n uitgebreide formule gebesig.
- Dit was 'n ideale Bosveldnag en met die maan byna vol.

Vervolgens is die mense terug na die kerk .... Met die mense al in die gebou, wou ons net by een van die deure ingaan toe Metthews Tšukulu met 'n bakkie bloedwater uitkom. Dit was die bakkie met water, waarin die halfkoppie bloed gestaan het, en waarin hy die bloed uitgegooi het. Op 'n vraag wat hy voornemens was om te doen, was sy antwoord dat hy die bloed óm die kerkgebou sprinkel.

2.10.5 Evaton (Vgl ook Bylaes p214 e.v.)

Evaton is die vyfde en laaste voorbeeld van gebiede waar komplekse verhoudinge ten opsigte van die separatisme uitgelig word. In teenstelling met die ander vier is Evaton stedelik en by uitstek or= ganisasiesentrum maar met besondere skakeling met die platteland.

Dit is reeds opmerklik dat in die voorafgaande Evaton telkens opgeduik het,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



WINTERSVELD: LYS VAN SEPARATISTIESE BEWEGINGS - 1964/65

S
1 Bakgatla Church
2 Bantu Methodist Church ("Donkey")
3 Bantu Reformed Church
4 Lutheran Bapedi Church

E
5 African Province Church
6 African Catholic Church of SA
7 Bethlehem Central African Church
8 Ethiopian Catholic Church in Zion
9 Ethiopian Church
10 New Church Mission
11 Transvaal Lutheran Church
12 Zulu Lutheran Church

A
13 Apostolic Faith Mission Church of SA
14 Apostolic Church in Zion of SA
15 Christian National Apostolic Church of SA
16 Apostolic Faith Assembly of SA
17 Reformer of Apostolic and Prophetic Church in Zion of SA
18 Apostolic Church in Zion
19 Zion Apostolic Church of SA
20 Christian Catholic Apostolic Holy Spirit Church in Zion of SA
21 Bantu Christian Catholic Apostolic Church in Zion
22 Bantu Baptist Church
23 Bethel Church
24 Christian Apostolic Church in Zion of SA
25 Evangelical United Church
26 Full Gospel
27 General Faith Assembly
28 General United Apostles Church of Christ in SA (Mohlala)
29 General United Apostles Church of Christ in South Africa (Tshwene)
30 St. John's Apostolic Faith Mission of SA
31 Catholic Amandebele Church
32 Mahana (Mahon) Church
33 National Baptist Church
34 National Baptist in Zion of SA
35 St. Paul Apostolic Faith Mission of SA
36 St. Paul Apostolic Faith Church
37 St. Paul Apostolic Faith Morning Star Church
38 Pentecostal Baptist
39 St Peter Apostolic Church in Zion

Z
40 African Church of Christ
41 African Eastern Baptist Church
42 Apostolic Mission Zion Church
43 Apostolic Holy Church in Zion
44 New Twelve Apostolic Christian Church
45 New Apostolic Church of Christ
46 Sabbath Apostolic Zion Church
47 Antioch Apostolic Church in Zion of South Africa
48 Holy Catholic Apostolic Church in Zion
49 Bantu Apostolic Faith Mission
50 Bantu Zion Christian Church
51 Zion Christian Church (Joseph)
52 Zion Christian Church (Edward)
53 New Jerusalem Church
54 New Jerusalem Church of God in Sabbath (Mpanda)
55 New Jerusalem Church of God in Sabbath (Mangwedi)
56 Mabhoko Jerusalem Christ Church in Zion of SA
57 Zion Apostolic New Jerusalem Church of SA
58 Jerusalem Apostolic Church in Zion
59 St. Peter Morning Star (Lydia Tšukulu)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


wanneer die separatisme op verskillende plekke ondersoek is. Nie net is aldaar 'n besondere separatistevesting nie dog is daar wisselwerking vanaf Evaton tot selfs na gebiede buite die RSA, soos Botswana en Swazi= land. Evaton is tussen Johannesburg en VanderBijlpark geleë. Dis een van die oudste swart woonbuurtes in die Witwatersrand-Vereeniging-VanderBijlparkkompleks (Möller 1972:24). Dit is 'n swart dorp wat vóór 1906 ontstaan het.

2.10.5.1 'n Vrugbare teelaarde vir die Separatisme

Ons sal moet bevind dat Evaton 'n soort optimum teelaarde bied vir hierdie verskynsel. Vanwaar hierdie sametreffing, was die vraag wat sentraal gestaan het in ons veldwerk ter plaatse.

2.10.5.2 Die vestigingsbestel

Ons het al na die ligging van Evaton verwys. Dit is die enigste (of een van die weinige) swart dorpe in sy soort suid van die Witwatersrand en die naaste aan die Witwatersrand. Die eerste instromingsmoment is kort na die Anglo-Boere-oorlog en gedurende sy naweë. Dit val saam met ander tersaaklike gebeure. Ons noem twee. Eerstens die Lagdenverslag wat ook aandag skenk aan die "Ethiopian Movement" (die besluite verskyn in Vol 1:64-5). Tweedens die uitspraak in die hofgeding: Tsewu v. Registrar of Deeds (Transvaal Law Reports Supreme Court 1905:130-38). Tsewu wen die saak wat as 'n toetssaak beskou kan word gedurende daardie tydsgewrig. Dit hou in: "An aboriginal native of South Africa is en= titled to claim transfer in the Deeds Office of any land of which he is the owner; and the Registrar of Deeds is not justified in refusing to pass transfer of such land to him." Die "Native Land Act of 1913" het hierdie reg om grond te koop in die Transvaal en Natal weggeneem. Evans wei uit oor hierdie verbintenis (1934:22-9). Ons kan volstaan met die afleiding dat tussen die jare 1905 en 1913 Evaton sy beslag gekry het. Dit klop met wat ons aan die Akteskantoor ter insae gehad het. Die plaas Wildebeestfontein behoort oorspronklik aan twee blanke broers. Onder datum 1905 kry ons egter onder meer 'n "General Plan of Freehold Township Evaton Small Farms - 430 Morgen 584 sq roods 75 lots -(53G:IQ").

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Die netto gevolg was, soos ook elders, dat mense met 'n verskeidenheid etniese verbande na hierdie gwaarborgde swart woonterrein gestroom het.

2.10.5.3 Die menigvuldigheid

Daar is met 'n dertiental kerke geskakel ten einde meer beligting op die separatisme te werp. Dit laat ons met 'n 95 verskillende separatis= tiese bewegings wat daar deur ons veldassistent opgespoor is (vgl Bylaag 3 p227). Ten spyte van baie moeite, wat hy hom getroos het, is daar nog ander van wie hy geen inligting kon bekom nie. Redes is onder meer dat baie leiers in sekulêre werk op ver plekke was sodat hulle nie gereeld huis toe kom nie of dat plaaslike volgelinge nie juis oor die kennis beskik het of bang was om in eie reg inligting te verskaf veral waar die "biskop" en sy hoofkwartier elders is.

Op datum van die ondersoek was die amptelike statistiek van die be= volking van Evaton nie voorhande nie. Daar is ook nie beoog om 'n ewe= kansige steekproef rakende die geloofsaanhorigheid deur te voer nie. Van 5 uit die 13 gevestigde kerke is hulle eie statistiek gekry. Van 44 uit die 96 separatistebewegings is wel gegewens bekom. Ons veldhulp koester oor etlike gevalle bedenkinge op grond van sy algemene indruk ter plaatse. Ons onvolledige - en daarom ook aanvegbare - inligting, gee 'n globale tweedeling van gevestigde kerke teenoor die separatisme van 6 000 teenoor 8 000 aanhangers. Op sy minste dui dit daarop dat die separatiste, wat getalle betref, in Evaton veel sterker is as hul RSA-persentasie in die algemeen. Meer as 40% van die bewegings het egter 'n aantal aanhoriges van onder 100. Dit dui onder meer daarop dat 'n sinvolle persentasie plaaslik georiënteerd en selfs huis- of per= seelgebonde is.

2.10.5.4 Die Apostoliese eensydige verswaring

'n Frekwensiekurwe van separasie gegrond op jaartalle dui op 'n hoogste frekwensie in die laat dertigerjare. Weliswaar is daar 'n afplatting tot met ons navorsingsbestel, dog die frekwensie bly nog hoog. Een van die belangrikste redes hiervoor is dat Evaton nie slegs 'n vrugbare teel= aarde of ankerpunt vir die separatisme in die breë is nie, maar dat daar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



so 'n sterk komponent van die Apostoliese , en by name uit die sending=aksie van die Apostliese Geloofsending (AGS) is. Ons herinner daaraan dat ons veral onder die steekproef in die omgewing van Frankfort (2.10.2) hierdie versplintering aangesny het.

Met verwysing na Bylaag 3 (p227) kan dit gesien word dat ons 48 be=wegings onder A ingedeel het. Van hulle neem Nos 51,52,53 en 54 binne Evaton 'n sterk posisie in. No 51, die St. John's Apostolic Faith Mission of SA, word in Verslag 1973:824-49 beskrywe. Christina Nku, in feite die stigterspersoonlikheid, se relaas oor die breuk met die AGS kom daarop neer: dat sy hartseer was om uit die "Faith Mission" te gaan om=dat sy nie daarvan hou om haar kerkverband te "change" nie; dat op 'n vroeë stadium aan haar deur Moya ( Gees ) geopenbaar is dat deur haar bemiddeling die doop en die nagmaal bedien sou word; en dat die finale breuk in 1939 gekom het. Die "hemel" het haar gespesifiseerde opdragte gegee met betrekking tot 'n groot tempel, wat twaalf deure moes hê en trappe (wat lei tot gallerye .... (a.w. 1973:820).

Oor no 54, die St. Paul's Apostolic Faith Morning Star Church, handel ons afsonderlik in hfst. 3.4 Argumentshalwe noem ons net dat die stigter, Elias Ramoipone, ook bonatuurlike openbaringe sou gehad het en ten opsigte van die AGS verklaar: "Ek het van die Faith Mission af gebreek. Dit was nie oor iets sleg nie. Dit was oor water wat ek graag wou gebruik. Hulle het my nie toegelaat om water te gebruik nie. Dit is waar ek sterk is. Ek maak mense gesond met water as God dit toelaat".

Met betrekking tot nos 52 en 53, is die stigter van die St. Paul Aposto=lic Faith Mission reeds oorlede. Hy was Lesoje Petrose Moloi, wat net soos in die geval van Christina Nku en Elias Ramoipone, uit die AGS se sendingaksie wegbreek. Na die dood van L P Moloi raak sy seun John en 'n ander aanspraakmaker om die hoofleierskap in 'n magstryd gewikkel. So sterk was die aanspraak van sy teenstander, Nhlapho, dat daar teen 1964 nog die twee opponerende bewegings met dieselfde naam langs mekaar ge=huisves is. Ons inligting dui daarop dat die twee partye hulle na die betrokke owerheid gewend het om uitsluitsel. 'n Kompromie is getref. Die kerkperseel is in twee verdeel. Populêrweg staan J Moloi se beweging bekend as St. Paul no 1 en Nhlapho s'n as St. Paul no 2.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Uit ons ingewonne stof vind ons nie dat een van die redes vir die tweespalt van teologiese aard is nie. Ons volstaan dus hier met 'n standpuntstelling van die seun van die stigter, John Moloi. Volgens hom het sy vader "as profeet water geseën deur gebed". John Moloi beroem hom as 't ware daarop dat dit sy posisie teenoor Nhlapho en afvalliges in die algemeen versterk. Na die dood van sy vader was daar nog van die "geseënde water" oor. Die "water" bly hy ten voordele van die St. Paul no 1 aanwend. Hy sorg dat die water nie opraak nie. Van tyd tot tyd voeg hy ander water by sonder gevaar te loop dat die "seën" geleidelik verflou. Naas die argument dat hy die regmatige erf=genaam is van die St. Paul staan ook die besit en uitdelingsbevoegdheid van die kragwater.

Dit tref ook so dat ons veldwerker op 19 Julie 1964 'n erediens in hier=die beweging te Evaton bywoon en beskrywe. Een van sy hoofbevindinge is dat die oorlede stigter, L P Moloi, in daardie dampkring as 'n Messias bejeën word. Onder meer is gehoor: "Hoe sal ons hom vergeet, ons vader Moloi, wat vir ons sulke groot dinge gedoen het? Hy wat baie geeste gesond gemaak het. As ons nie in die waarheid wandel nie sal hy vir ons kwaad word. Hy sal ons vat en in die hel gooi." "... God (Modimo) van ons badimo." ... "sekeres van julle, wat vader Moloi liefhet; julle wat glo in vader Moloi." Gedurende die erediens is daar ook "geseënde water" gedrink en alhoewel die hoof/biskop nie teenwoordig was nie, sou ons kon aflei dat dit van die water is wat verband hou met die stigter.

2.10.5.5 Die skeuroorsake soos opgeteken

Hierbo het ons reed 'n aanvoeling gekry rakende die aard van die separa=tistiese bewegings in Evaton. Hulle is by uitstek groepvorming onder 'n besondere leier. Dít op sy beurt bring mee dat die skeuringe veral in die teken staan van 'n magstryd om opperleiding. Hieraan verwant is stryd om voorrang op die veelal hiërargiese leer wat die organisatoriese opset normaalweg kenmerk. En omdat die vrou in feite soms hoofleier is en vroue in die algemeen ook in 'n parallelle rangorde binne die beweging gerangskik word, is hierdie magstryd aktueel. Hierdie magstryd word ook aangewakker deur hoogmoed of aspirasie tot 'n "kapteinsrol" wat oor=eenkoms vertoon met die tradisionele kultuur.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Hierdie magstryd om leierskap word enersyds geïnspireer deur normale of ondermaanse reaksies en andersyds gedring deur besondere bonatuur=like openbaringe. In spesifieke drome kan badimo verskyn en wense oor=dra. In die meeste gevalle wil dit lyk of "die hemel gesê/beveel" het. In Byl.1(p214) - P Makurube en sy beweging die St. Paul Apostolic ... kom dié trek voor. Dit is gewoonlik 'n opdrag om 'n "roeping" te gehoorsaam. Die bevel kan insluit: gebedsgenesing , gespesialiseerde gebruik van water , die stigting van 'n bepaalde kerk met voorskrifte rakende die doop. In Evaton was dit op weinige uitsondering ná, opdragte met be=trekking tot die doop as volwassene, deur onderdompeling. Groot klem val egter op hoeveel keer die onderdompeling moet geskied. 'n Skeuring kan ontstaan omdat die "geroepene" in teenstelling met die gebruik in sy destydse beweging, nou anders "beveel" is. Ons kry dus al 'n soort teologiese differensiasie maar nie juis verbete antiteties nie. (Waar die teologiese aspek aan die orde gestel word, word verder uitgewei). 'n "Biskop" in die sterk beweging van Mmanku het aangevoer dat hierdie "openbaringe" die vernaamste enkele skeuroorsaak is in die "Apostoliese" dampkring.

Erfregtelike opvolging as rede vir skeuring word in die Evatonse bestel versterk. Ons veldhulp skrywe: "Die leier is gewoonlik die eienaar van die perseel, waarop die kerk gebou is .... Die gemeente kollekteer gelde vir die bou van die huis van God maar dit staan nie op die grond van die kerk nie. Dit gee aanleiding tot hierdie stelsel van seun wat pa moet opvolg. Dit moet gebeur want die kerk is mos sy pa se eiendom. Hulle wat nie saamvoel nie, kan maar gaan, terwyl die vriende saam agter=bly .... Die meeste van hulle het kafees en winkels .... Die leier, omdat alles syne is, bly lewenslank in die werk van die kerk. Hulle verhouding tot hul leraars is die van kaptein en raadsmanne. Die leraars bly nog daar solank hulle die grootman liefhet. As hulle begin voel dat hy hulle uitbuit, dan skeur hulle af om self hulle eie (beweging) te gaan stig." Af en toe kry ons informante wat standpunt inneem teen erfregte=like opvolgings.

In 2.10.5.4 is na die beweging van Elias Ramoipone verwys. Een van die skeurbewegings uit sy St. Paul Apostolic Faith Morning Star Church is dié van Lydia Tšukulu waarna onder Wintersveld verwys is en apart beskrywe

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is in Verslag 1973:806-23. Die stellingname dat "die kerk 'n erfenis" is, kom in hierdie verband in ietwat gewysigde vorm na vore. Toe Ramoipone en Lydia Tšukulu se weë skei, sê hy aan haar: "Dit help nie, my kind, jy is te kwaai. Jy moet maar jou eie Kerk begin." Die skeiding het glo nie hoogspanning ingehou nie en om dit te staaf word aangevoer dat Ramoipone 'n hupstootjie aan die beweging wat staan gestig te word, gegee het. Ramoipone sou vir haar 'n gemeentetjie "gemerk" het (ho tshwaela - soos 'n vader byvoorbeeld 'n lammetjie vir sy kind sou merk). Die gemeentetjie sou in Bloemfontein bestaan het. Ramoipone rig daarby die versoek dat sy nie onder die naam St. Paul sou werk nie maar onder die naam St. Peter; wat sy dan ook gedoen het (a.w. 1973:806).

Binne die St. John's Apostolic Faith Mission was daar destyds skeurbe= dreiging in Botswana onder aanvoering van 'n vrou. Uit ons gegewens blyk dat sy as wyks-"ouderling" aldaar optree en mans aangestel het om haar by te staan. Die werk het verbasend gegroei. Die vrou het ook tekenregte ten opsigte van die beweging se bankaangeleenthede. Die mense is ryk, gee selfs beeste en daar is baie dankgeld vir genesing. Die beeste teel ook aan. Nou sien die vrou kans om uit die kerk te skeur en die bates vas te lê. Dis wenslik om die informant meer op die voet te volg waar ons assistent byna 'n diktaat afneem: 'Jy sien die moeilikheid is dit dat mense die kerk al beskou as 'n erfenis. Om hierdie rede ver= meerder die kerke/bewegings want die kerk het verander in 'n sakeonderneming. Nou veroorsaak die gebeure beroering in die kerk. Daar is diegene wat saam met die leidster wil wegbreek. Iemand het selfs 'n man in die kerk met 'n byl gekap. Die saak is na die hoofkaptein verwys. Dis hy wat laat weet het .... Vader R. ('n biskop van St. John's) is deur die polisie so= heen geneem. Ek vermoed hy sal tronkstraf kry. Hy het geruime tyd daar gearbei en sy naam is genoem in verband met medebetrokkenheid. Die waar= heid is dat die kudde baie groot geword het.

'Nou is die probleem dat die vrou nie in alles haar sin kry nie, want die manne, wat verkies is om haar te help in die werk weier met betrekking tot hierdie sake. Hulle sê sy tree eiewillig op. Sy moet haar bepaal tot die (eintlike) kerklike sake. Die kapteins gee hulle hierin gelyk.'

Alhoewel hy tot hierdie gesindte behoort, voel hy tog dat dit raadsaam is

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

om by 'n gevestigde kerk aan te sluit waar daar omvattende beheer en agting vir die kerk is. Want wat sê 'n mens eintlik van "kerke" as dergelike dinge dan binne "kerk"-verband plaasvind?

Die latere en veel ingrypender skeuring het 'n aanloop wat nie uniek in die bewegings is nie.

Ons het reeds genoem dat daar met betrekking tot die St. John's van Christina Nku 'n aparte beskrywing in Verslag 1973 opgeneem is. Daarin is betoog dat Christina Nku in ons ondersoekbestel nog steeds die bewegende krag agter die St. John's was. Ons het dit egter vreemd gevind dat sy een van haar seuns, wat weliswaar leierseienskappe besit het, dog bykans ongeletterd was, op die voorgrond gestoot het as hoof - in feite aarts=biskop waar sy as vrou om diplomatiese redes verkies het om nie in die openbaar op te tree nie. Ons het 'n senior uit die binnekring van St. John's om 'n verklaring gevra. Sy antwoord was dat daar sterker en geleerder aan=spraakmakers op "biskopskap" in die beweging was as hy. Hy word egter gedoog omdat hy die seun van die leidster is (a.w. 1973:837).

Tydens ons veldwerk was daar benewens die betrokke seun twee ander bis=koppe te wete D Ratefane en P J Masangu. Hulle het onderskeidelik vanuit Wallmannsthal en Katlehong ('n swart woonbuurt naby Germiston) gewerk. P J Masangu het later - dit val buite ons veldwerkbestel - geskeur en 'n groot gevolg met hom saamgevoer. In die loop van ons ondersoek het ons bevind dat Masangu in 'n moderne pastorie gehuisves was langsaan die moderne kerkgebou. Die tydskrif Bantu (Maart 1965) plaas 'n foto van die kerkgebou en berig onder andere dat die boukoste deur die gemeente self voorsien is; dat drome, siekte en stemme 'n besondere rol in Masangu se lewe gespeel het; dat hy van Christina Nku hoor en besluit om hom voortaan voltyds aan gees=telike arbeid te wy. Ons haal aan: "Terwyl hy nog 'n veewagter in die Wakkerstroomse distrik was, het sy drome hom beveel om goed te kyk na die kudde, wat ook so vinnig vermeerder het dat sy bure jaloers geword het .... Eendag egter begin hy toe te droom - en soms het hy selfs nagmerries gehad - oor siek en arm mense. Mnr Masangu het siek geword en is deur stemme beveel om sy werk te verlaat .... Nadat hy van 'n sekere moeder Nku gehoor het ... het mnr Masangu besluit om raad te gaan vra. Te Evaton, so blyk dit, het moeder Nku vir mnr Masangu gebid en hom genees van sy siekte deur

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hom die hande op te lê. Sy het sy drome vertolk deur daarop te wys dat hy moes ophou om hande-arbeid te verrig en sy lewe moes wy aan gebede en die genesing van siekes."

Die plaaslike leraar, 'n seun van Masangu en met wie ons 'n onderhoud gevoer het, was destyds een van die eerste vier in die St. John's-verband wat 'n BTh-graad behaal het (Verslag 1973:842). Uit ander in= gewonne gegewens soos hul opvanggebied wat uitkring tot in Swaziland en statistiek, kon ons verder aflei dat Masangu se invloed sterk toe= neem. Ons het onsself afgevra hoe lank sou P J Masangu - veral waar sy seun in noue verbintenis met hom arbei - tevrede wees met 'n mindere status onder Christina Nku en haar betrokke seun.

Al was dit dan ook ná ons navorsingsbestel, het ons kennis geneem van die Masanguskeuring. Dit was 'n groot skeuring binne die St. John's as geheel gesien.

Ons veldwerker in Evaton bevind dat op soek na gesondheid, sowel liggaam= like as geestesgesondheid, pasiënte in klinieke te lande kom wat die onderskeie bewegings op hulle persele daarop nahou. Alhoewel daar nie 'n voorgeskrewe en verpligte betaling is nie, word "uit dankbaarheid" iets aangebied. Dit word ook skeurrede want die vraag ontstaan: As hý dit kan doen en dis so betalend, waarom sal ek dit nie ook doen nie?

So baie draai óm geld. Ons veldhulp meen dat dit in Evaton een van die belangrikste skeurredes is. Die bewegings in Evaton laat hom dink aan besigheidsentrums. Mense skeur omdat dit betaal om leier van 'n kerk te wees; veral as 'n mens die stigter daarvan is.

2.10.5.6 Die rol van die vrou

Vormgewing in Evaton aan separatistiese bewegings hou 'n soort koördinasie in. Dit is moeilik om komponente uit te lig vir afsonderlike beskrywing. Ons moes byvoorbeeld reeds baie meedeel oor samestelling en organisasie onder skeuroorsake. Daarin is ook na die posisie van die vrou verwys. Vandaar dat ons hier slegs een en ander na vore bring.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Kliniekbehandeling neem dikwels 'n institusionêre gestalte aan. In die McCamelbeweging (Bylaag 2) is dit baie ver gevoer. Uiteraard is dit by uitstek behandeling waarby die vrou 'n voorrang geniet(vgl p219 e.v).

Die meeste aanhoriges in die verskillende bewegings is vroulik. Op saamtrekke - soos ons een in 'n Augustusmaand waargeneem het - was dit opsigtelik daar die meeste van hulle in onderskeidende kleredrag deel=neem. Dit hang saam met die vrouegebedsbonde wat so lewenskragtig, georganiseerd en statusverlenend funksioneer. Die parallelle hiërargie word in die kleredrag beklemtoon deur bykomende onderskeidinge/borduur=werk op die basiese kleedpatroon wat beweging van beweging onderskei.

In Verslag 1973:824-49, word verduidelik hoe Christina Nku in feite die bewegende krag was in haar groepvorming en een van die grootste in sy soort. In sekere opsigte soos die oprigting van gebouekomplekse en skole dié grootste in ons studiebestel. Met die oog op staatserkenning word in Junie 1960, onder meer, genoem hoedat hulle lidmaattal van 600 in 1942 tot 8 003 gegroei het. Waar hulle met betrekking tot 1960 spesi=fiseer, is dit 'n verrassing om te sien hoe ver die vrou binne hierdie separatistiese bewegings op die weg van emansipasie gevorder het. In totaal is hulle aanhoriges 21 603. Dit sluit in: "Leraars" naamlik - manlik en vroulik: 113; "Evangeliste": 179; en "Predikers": 893. Christina Nku se aanhangers word uit 'n wye opvanggebied getrek. Daar was reeds volgelinge in al vier Provinsies van die RSA asook in Suidwes-Afrika, Botswana, Swaziland en Lesotho.

2.10.5.7 Die leerstellige aspek

Die leerstellige kan bepaald nie onder een noemer geplaas word nie. Daar is 'n spektrum. So is die Bantu Reformed Church nog op teologiese gebied behoudend Gereformeerd. Aan die ander uiterste is bewegings wat so awe=regs is dat daar van kérk-wees weinig sprake is.

Die Drie-eenheidsbegrip

Die Transvaal Conference Church skeur in 1958 uit die Old Holy Apostolic Church in Zion. Die biskop en stigter is ons informant. Hy verduidelik

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

hoe hy geskors is. Hy het volgehou dat die drie Name, Vader, Seun en Heilige Gees eintlik een bedoel naamlik Jesus. Daarom is kerke soos die NG Kerk en die Church of the Province verkeerd deur die Doop te bedien 'deur 'n mens driemaal met water te besprinkel op die voorkop. Die Sioniste is ook verkeerd deur die mens driemaal in die water te onderdompel ....' Ons het dus met 'n soort Unitariese dogma te doen.

Die huidige biskop van die Zion Apostle Church in Galilee vertel dat weggebreek is uit die Faith Mission (AGS). Die stigter was Petrus Ramalisa en die beweging was toe bekend as die Bavenda Apostle Church. Die stigter het die Faith Mission verlaat omdat daar onenigheid daar ontstaan het. Ramalisa is in 1928 oorlede en ons segsman het hom opge= volg. Die naam is verander omdat dit nie pas nie aangesien 'daardie een nasie in die naam gespesifiseer was.' Hy vertel dat hy 'al baie van die godsdienste probeer het' soos dié van die Jode en Mohammed. Jesus sou 'n mens wees ''n gewone mens in wie Christus op die dag van die doop afgekom en kom woon het ... Judas is gekruisig. Christus het verander en gelyk soos Judas ... Jesus en Mohammed is sinonieme. Die Bybel wat ons het is nie die ware bybel nie .... Daar is 'n bybel vir elke land .... In die bybel staan daar dat Jesus gesê het dat Hy nie gekom het om vrede te maak nie, maar om skeiding te maak tussen pa en ma, ouer en kind. Dit wys dat Jesus nie 'n goeie man was nie. Dit is deur Hom dat daar onenigheid in die wêreld is.' Hy wys ook aan ons veldassistent 'n woordeboek wat hy bestudeer. Die assistent vermoed dat dit een van die boeke is wat hom mislei het en vind dit snaaks dat "hierdie man tog sê dat hy in Christus glo". - Hier het ons dus op sy minste met 'n sinkretisme te doen wat nie uit ongeletterdheid ontstaan nie.

Rakende buitegewone openbaringe, kry ons telkemale die formulering naam= lik "die hemel het gesê". Dit skyn te dui op 'n wegbeweeg van die Bybelse Drie-eenheidsbegrip en word later weer aan die orde gestel onder die tra= disioneel-religieuse aspek.

Messianisme in bepaalde konteks is meermale opgevang. Ons het dit in blatante vorm in die McCamelbeweging aangetref. Volgens Bylaag 2 (p219) dra McCamel 'n lewensgrootte kruis. 'n Informant aan wie se getuienis besondere gewig toegeken moet word, hoor hom woorde sê wat daarop neer=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kom dat hy die Derde Persoon in die Drie-eenheid is. (Vgl p219 e.v.).

In die St. John's van Mmanku word aan die leidende persoonlikheid supernaturele gawes toegeskryf. Op die kanselkleed in die kerkgebou met twaalf deure is die embleem van 'n "lam". Is dit bloot toeval dat in Sotho nku skaap beteken?

Ons veldwerker woon 'n erediens by in die St Paul Apostolic Faith Mission. In die loop van die diens word van die oorlede stigter, L P Moloi, gepraat "as iemand wat nog 'n volle krag op hulle het". Vroeër het ons aangevoer dat daar erfregtelik 'n "water-suksessie" in hierdie beweging gehandhaaf word. Sy seun, John Moloi, die huidige biskop, bewaar water wat sy vader as profeet geseën het en dat as hy dan die water wil vermeerder hy dit bloot by daardie water byvoeg.

Die Bybel

Oor die algemeen vind ons veral by die bewegings wat ná aan die Apostoliese Grootfamilie of Le Roux-geledinge gestaan het, dat die Bybel gelees en in die kerk gebruik word. Van die ou garde het die meeste 'n leeskennis en het hulle "mense van één Boek" geword. Eklektiese uitleg/Skrifverklaring was nie juis gedrae of doelbewuste wanvertolking nie. (In die volgende afdeling oor die tradisionele religie, kom ons terug op Bybelgebruik as waarseggingsinstrument).

Die Sakramente

In die breë is die neiging dat die sakramente van Doop en Nagmaal 'n soort onpersoonlik-supernaturele inhou. Groepe in die sfeer van die Apostoliese het "geseënde water" 'n omvattende betekenis gegee en in die praktyk mond eredienste uit in 'n gestruktureerde gebruik van hierdie water. Dit word verhef tot 'n derde "sakrament". Nie slegs word dit veelvuldiger bedien en gebruik as die Doop en Nagmaal nie, maar is daar 'n noue verbintenis tussen charismatiese leier/profeet en hierdie water. Dit speel ook 'n rol in ampshiërargie en die organisasie in die algemeen. Op die keper beskou, is dit die hoofleier wat 'n wyksleier toelaat om water amptelik te bedien. Dit is 'n onontbeerlike

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sport op die hiërargiese leer. Wie hierdie voorreg wederregtelik beoefen, is tugwaardig. Dit word ook 'n skeuroorsaak omdat iemand mag voel dat hy al sy leerjongeskap voltooi het, gevolglik die reg om water te bedien het en nou hokgeslaan word. Met verwysing na die waterkompleks as belangrike skeuroorsaak uit AGS-verband in afdeling 10.5.4, kan 'n mens verwag dat skeuringe op grond van "water" nou tussen Swartes onderling eskaleer.

Die meeste separatistegroepe in Evaton "seën" kinders en laat die doop saamval met inlywing in groepverband. Die doop geskied deur onderdompeling. Verkieslik sou nog in rivierwater gedoop word, maar onder omstandighede is 'n sterk beweging soos die St. John's al in staat om sy eie doopvont in die vorm van 'n groot opgaartenk vol te pomp. Hierdie beweging voorsien ook die St. Paul van J Moloi met water. Hulle het 'n tweeling-doopvont; een vir manlikes en een vir vroulikes. (Dit mag wees dat die landelike agtergrond van die stigter - hy is op Ntswanatsatsi (Tafelkop) in die omgewing van Frankfort gebore - tot die besondere vormgewing bygedra het. Dit herinner aan 'n ronde skaapdip.

2.10.5.8 Die tradisioneel-religieuse aspek

Openbaringe

Leierspersone sou bedeel wees met buitegewone charismata . Hiervan word hulle gewoonlik bewus deur besondere openbaring. In hfst. 3 lê Ramoipone hoof van die St. Paul's Apostolic Faith Morning Star Church, self klem daarop. Ons het in die leerstellige reeds die beroep op "die hemel het gesê/beveel" aangesny (vgl Bylaag 1 p214). Ons volstaan met twee gevalle naas dié van Ramoipone.

Eerstens die geval Christina Nku van die St. John's Apostolic Faith Mission. Tot ongeveer haar dertigste jaar was sy sieklik. Mense begin haar selfs die Malle noem (" ... batho ba mo reile lebitso la Lehlanya). Twee keer sou sy 'n soort skyndood ervaar. As jong dogter hoor sy 'n stem duidelik sê: "Rapela! Kresi, rapela!" (Bid! Chrissie, bid!). Dokters en dingaka kon haar nie genees nie. Voordat sy nog aan trou gedink het, ontvang sy 'n openbaring dat sy haar seun, Johannes, moes noem. Van huis

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



uit in die Ned.Geref.Sendingkerk, trou sy met 'n Presbiteriaan en sluit soos gebruiklik by hierdie gesindte aan. Op soek na gesond=heid kom sy in aanraking met Sioniste - in feite bogenoemde Ramoi=pone wat volgens haar toe nog aan die AGS behoort het. Hy behandel haar. Die woorde wat sy gebruik, dui blykbaar op reiniging of uitbanning (Ke ne ke hlaphollwe ke ntate R.). Daar is vir haar gebid en ook is sy met as behandel. Ramoipone sê ook aan haar dat sy met die doop van Jesus en Johannes gedoop moet word. Voordat sy egter daartoe beweeg kon word, word sy gesond. Sy beleef nog aanveg=ting en bied ook nog weerstand teen die onderdompelingsdoop want sy was as kind reeds gedoop. Sy word egter ook op sonderlinge wyse be=moedig. Onderwyl sy by die grafte bid, ontvang sy 'n goudgeel staf; dog dit was reeds die tweede nadat sy op 28-jarige leeftyd ene met 'n kruis ontvang het. Ook is sy by die grafte gesê dat sy binne agt dae by die Faith Mission sou aansluit onder ene N. wat gedurende haar siekte vir haar voorbidding gedoen het. Sy begin met mening te arbei en genees 'n baie groot aantal mense onderwyl sy nog vir die doop voor=berei word. Dit is ook in hierdie tydperk dat aan haar 'n kenmerkende kleredrag geopenbaar word, te wete, blou, wit en ligroos. Jaloesie speel weliswaar ook 'n rol waarom sy 'n eie beweging stig. Daar sou egter nog openbaringe kom soos dat sy die besondere "tempel"/kerk met twaalf deure moes bou. Tewens, op 'n vroeë stadium is reeds aan haar deur Moya ( Gees ) geopenbaar dat "ek sal doop en nagmaal bedien. Die saak het my verbaas (want) hoe sal ek die nagmaal kan bedien terwyl daar tog nog leraars is."

Tweedens: Vergelyk Bylaag 1 p214 waar die leier, Makurube, by herhaling sy doen en late fundeer in openbaringe. Aan hom "is gegee om vir vier bottels water te bid en slegs eenmaal per jaar op 26 September." Die hemel het hom aanvanklik beveel om vir water te bid maar nie betaling te vra nie. Later, in die tweede jaar, praat die hemel met hom en sê: 'ek sal jou geld gee om kos en klere te dek.' Toe begin mense, wat hy behandel, hom te dank met 10/-. Toe word die lewe vir hom 'n bietjie beter. Tans is die lidmaattal 500 en diegene wat slegs kom om genees te word ongeveer 250. Daarna het die hemel hom weer beveel om die dankoffers na 15/- op te stoot en om vir konsultasie (ho laola) 20 sent te vra.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Alhoewel Makurube van die St. Paul Apostolic Faith Healing Mission hom ook sien as "His Grace the President, Rev P Makurube" word hy in die dampkring van separatistiese bewegings - en dikwels wyer - as 'n groot profeet beskou net soos Christina Nku. Hierdie "profetiese gawes" is sterk afgestem op genesing dog geensins daartoe beperk nie. Makurube voorspel dat die beweging waaruit hy geskeur het in die toe=koms swaar sal lewe, terwyl syne sal floreer. Op hierdie tydstip 'wil die hemel my inlig sodat wanneer hulle swaarkry ék hulle sal deurtrek.' So word aan hom persoonlik ook nommers gegee rakende weddenskappe soos byvoorbeeld die July-wedren. (Bylaag 1 p214).

Badimo

Opsigtelik of minder opsigtelik speel die voorouergeeste 'n rol in ge=loof en uitlewing. Uitgesproke is 'n biskop van die Brethern Mission Church. (Daar is ook 'n aparte beskrywing in Verslag 1973:741-71). Hulle sou van die Ethiopian Church in Lesotho weggebreek het oor tra=disionele gewoontes (meetlo ya Basotho). Hulle wou dit deurgaans hand=haaf. Toe ons veldassistent die dag 'n onderhoud met hom voer, was hy juis besig om met 'n man te onderhandel oor 'n bees wat hy wou koop 'om vir die voorvadergeeste te offer.' Ons assistent gee sy juiste woorde so getrou moontlik weer: "Toe ek hier vir die eerste paar jaar gebly het, het ek baie lank in my binneste my bekommer oor die oorledenes. Een dag, toe ek so sit buite die huis, het 'n onbekende persoon na my toe gekom, reguit. Toe hy by my aangekom het, het hy gesê: 'Ek kom van die dooies af. Ek is 'n Changaan.' - maar hy het Suid-Sotho gepraat - en gesê dat daar waar hulle is, daar is niks wat hulle ontbreek nie. Ek het toe my vrou geroep ... en gesê: Kom hoor julle!; hier is die boodskap. Die man het dit vir hulle ook gesê. Voordat ons tot ver=haal kon kom, was hy weg. Dit het vir my laat dink dat daardie man nie van die wêreld van die lewendes gekom het nie. Van daardie dag af was ek genees van my kommer oor die oorledenes."

Op Julie 1964 word in die gebede binne die bestel van 'n erediens van St. John (Moloibeweging) die woorde gehoor: Modimo wa badimo ba rona (God van ons voorouergeeste).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Die Genesingskompleks

Hoër op is reeds gewag gemaak dat op soek na gesondheid, sowel liggaamlike as geestesgesondheid, baie te lande kom in klinieke wat die onderskeie bewegings op hulle persele daarop nahou. Die hoofleier van 'n beweging is gewoonlik iemand wat siekte kan "profeteer". Alhoewel baie nie radikaal teen gewone, opgeleide dokters en hospitale is nie, is dit nie toereikend nie. Dít immers skyn die konsensus te wees as ons die volgende aanvoer.

Genesings-charismata

Dit is nie deur opleiding in die mediese wetenskap dat 'n mens dokter word nie, dis 'n supernatureel-verordende gawe waarvan die betrokkene op sonderlinge wyse bewus raak en geroepe is om te beoefen.

Die tendens is sterk dat op die keper beskou die konnotasies "bishop", "profeet" en <u>ngaka</u> in eenheidsverbintenis funksioneer. Ons ervaar hierdie tendens - om slegs drie leierspersoonlikhede te noem - by Christina Nku, Makurube en McCamel. Enersyds wil Christina Nku 'n kerklike biskop wees wat teologies die Ned. Geref. en AGS posisie wil versoen. Maar sy is ook heldersiende (<u>Verslag 1973</u>:827) en profeet soos die separatistiese bewegings in Evaton hulle "profete" bejeën. Sy diagnoseer by geleentheid ook <u>badimo</u>-veroorsaking. Daarby word 'n plaat bottels en houers met "heilige" water by haar hoofkwartier aangetref. Dit het sy met gebed gewy en vind hulle weg tot die uiterste grense van haar invloedsfeer (a.w. 1973:845). Makurube wil ook in die teken van die kerk as leier optree met klem op genesing. Hy profeteer ook by geleentheid dat vir die <u>badimo</u> geslag word. Op sy geïllustreerde "Almanac" staan hy met sy staf en is daar ook houers vir water wat geseën word (Byl.1 p214). McCamel is in feite ook biskop wat opgang maak as boetprediker, wat in die swart pers as 'n "famous African Prophet" beskrywe word, wat ook as <u>ngaka</u> bestempel word en wie se "water"-verkope so eskaleer dat dit 'n groot bedryf word (Bylaag 2 p219).

Grensvervloeiing of neweskikking neem 'n eienaardige gestalte aan. Ons veldwerker deel mee: 'n Sekere "profeet" Z M gee op 10 Julie 1964 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

lang relaas. Hy skeur nie uit 'n kerkverband nie. Hy bly Metodis. Hy word siek aan 'n siekte wat dokters nie kan genees nie. Af en toe gaan hy na die Sioniste wat bevind dat hy eintlik vir mense voorbidding behoort te doen. Hy begin toe in sy drome te sien dat hy geroep is om mense te genees. Hy stel dit sterker: "In my drome het God met my gespreek: 'Ek wil 'n profeet hê in al die kerke, maar mense wat ek hierdie gawe gee, breek uit hulle kerke af. In elke kerk moet daar leraars, evangeliste en profete wees.' Hierdie woorde was vir my altyd 'n vingerwysing dat ek in hierdie kerk moet bly. Later het van die Sionisteprofete vir my reggemaak vir my werk. Ek het toe begin werk. Dit het van die begin af baie swaar geword. Ek het begin gedurende 1936. My moeilikheid was altyd die kerk. Van die begin af het die kerk - soos dit sy reg is - vir my geroep om te verneem wat ek nou besig is om aan te vang. Ek het toe verduidelik wat my roeping is. Dit het so gebeur dat elke keer as ons 'n nuwe leraar kry, dan moet ek net weet dat ek weer voor die raad sal kom. Elke keer moes ek verduidelik hoe ek deur die 'hemel': vertel was dat hierdie werk my roeping is. Elke keer moes ek verduidelik dat as 'n lid van die kerk en by uitnemendheid van die '<u>mokgatlo wa madodana</u>' (mansvereniging), dit my werk is om vir mense voorbidding te doen. Soos 'n mens kon verwag, was die moeilikheid meesal veroorsaak deur die vyandiggesinde lede in die kerk, veral ou=derlinge.

"Na 'n tyd het ek begin dink hoe ek hierdie moeilikheid kan oorkom. Ek het hard gebid om van die 'hemel' af te vra wat om te doen. Ek het die antwoord gekry. Ek is vertel dat ek elke keer, as daar 'n nuwe leraar kom, vir een kwartaal moes wag totdat daardie leraar vir my die nagmaal bedien. Daarna moes ek self gaan om vir hom alles te verduidelik. Ek het so gemaak en na 'n lang tyd van eindelose stryd, het die leraar vir my die evangelissertifikaat gegee, sodat ek nie molesteer mag word as ek in my werk by ander plekke kom.

"Ek het toe so gewerk tot nou toe. In my drome was dit aan my verduide=lik hoe ek behoort te werk. Ek gebruik die Bybel. As ek op enige plek oopmaak en lees dan openbaar die 'hemel' vir my wat die siekte van 'n mens is, en wat dit veroorsaak. Ek was gewys hoe om verskillende siektes te behandel. As dit gebeur dat iemand opdaag wie se siekte ek

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

nie van die begin af geleer was, dan gaan ek op my knieë en vra of die 'hemel' vir my dit nie duidelik sal maak nie. Ek was gewys hoe om water te gebruik - soms olie - soms gebruik ek ook as. Daar is niks wat ek gebruik wat nie ook in die Bybel gebruik was nie."

Ons assistent vra hom toe of die dinge wat hy gebruik, soos die water ensovoorts van belang is. Hy antwoord: "Ek kan nie sê die water is nie belangrik nie. ... Maar ek weet dat sonder gebed kan niks help nie."

Daarop word gevra of dit vir hom ook moontlik is om uit te vind of siekte deur bose geeste of ook deur badimo veroorsaak word. Hy ant= woord: "Ja, as die siekte veroorsaak word deur geeste, word dit ook aan my verduidelik. Byvoorbeeld, as die gewoonte van die stam gewees het dat hulle jaarliks offers vir hulle afgestorwenes bring, dan wanneer die nakomelinge dit nie meer wil doen nie, moet hulle op 'n behoorlike manier dit laat vaar. Soos deur 'n bees te slag en al die bloedverwante bymekaar te maak en openlik te sê dat hulle nou wil afsien van hierdie gewoonte. Nou ja, as hierdie soort ding nie gedoen is nie, dan kan die Christen, wat nie meer offer, gepla word deur die badimo. Hierdie dinge kan ek alles sien."

Op 'n vraag of hy ook aan mense voorskryf om te gaan offer, was sy reaksie: "Nee, in die openbaring het die 'hemel' vir my vertel dat ek nie moet werk volgens die offerandes aangesien Christus daardie metode nie ge= volg het nie. Ek is heeltemal nie op daardie spoor nie."

Hierdie kerkgebonde "profeetskap" van hom beklemtoon hy by herhaling. So vertel hy aan ons assistent van iemand wat na hom toe gekom het en siek was. Volgens hom was hierdie man ook een van die mense wat ge= roep is om as profeet op te tree. Die man het aan die Ned. Geref. Sendingkerk behoort. Hy het toe aan hom verduidelik dat hy nie sy kerk moet verlaat nie, maar as lid daarvan moet optree en wel as profeet. Hierdie man het toe later van sekere Sioniste verneem dat hy die Ned. Geref. kerk moet verlaat en in hulle kerk moet kom biskop word. Hulle bevraagteken sy advies en sê hy is jaloers. As daardie man tot sy kerk sou toetree, sou hy (die siekte) 'n hoër posisie kon beklee as hy (Z M).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die sieke laat hom verlei, sluit by die Sioniste aan vir 'n kort tydjie. Later word hy ernstig siek en baie arm. Hy neem toe weer sy toevlug tot Z M. Hy vertel hom dat hy 'n fout begaan het deur die Ned. Geref. kerk te verlaat. Z M gee hom die raad om terug te gaan na sy Kerk, dan eers sal hy vir hom alles regmaak om as profeet in die Ned. Geref. kerk op te tree. Z M is baie beslis: "As hy nie terug gaan na sy kerk nie, kan ek hom nie bewerk soos dit moet wees nie. Ek werk met mense wat in die kerk is. Ook die mense wat siek is, wat na my toe kom, moet hulle eers by een of ander kerk aansluit indien hulle buite die kerk is, voordat ek hulle kan behandel."

Vroeër in sy relaas, verduidelik hy dat hy die Bybel op sonderlinge wyse in sy diagnose gebruik. Ons veldwerker het telkens bevind dat die Bybel as waarseggingsinstrument gebruik word.

By die Brethern Mission Church in Evaton, wat in hulle vroegste ge= skiedenis verband het met die Morawiërs (Verslag 1973:741), word ver= klaar dat hulle speling toelaat aan bothuela, d.w.s., waarsegging soos beoefen deur die tradisionele Nguniwaarsêers (izangoma).

Die profete beroem hulle dikwels daarop dat hulle openbaringe hulle mag voer tot spesialisasie. Die veldwerker berig dat Ramoipone uit= geroep is om 'n besetene te behandel; ho kgalemela bohlanya (lett. om kranksinnigheid te vermaan/bestraf). Dit sê ons assistent was vir hom interessant omdat dit wys hoe seker hy is van sy "waters". Ramoipone het ook melding gemaak dat hy daardie man in "die bad water gaan laat bad." Verder het "waters" 'n besondere konnotasie omdat Ramoipone 'n apteek daarop nahou met verskillende bottels "water" wat genommer is. Daar was ook bottels met voorwerpe wat hy uit pasiënte se liggame sou gehaal het. Hy noem hulle "slange". Die veldwerker sê dis eerder 'n soort lintwurm. Een van die nommers was spesifiek vir swaar geboorte= gewing. Die water wat gebruik word sou gewone water wees wat nie met iets gemeng is nie. Die verskil sou net aangebring word nadat hierdie water geseën is, dan kry dit geestelike krag. Ramoipone is weliswaar een van die mees vermaarde biskop/profete maar onteenseglik een van vele in Evaton. Byna deurgaans word hierdie waterkompleks/-sindroom in die Evatonse separatisme as skering en inslag van sy wese aangetref.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


'n Mens mag bykomende elemente kry soos kerse by McCamel of as, maar water is dié element wat na bewering totale geborgenheid kan verseker.

In feite is ons met die waterkompleks in die sfeer van die onpersoon=like supernaturalisme of magiese. Die leidende figure in die verskil=lende bewegings is in hoë mate al gesekulariseerde Swartes maar sonder "water" lewe hulle kerk as organisme nie en word die kerk as instituut nie opgebou nie. Ons het reeds genoem hoe die "water"-eis skeuring veroorsaak tussen die AGS en van die lewenkragtigste groepe in Evaton (2.10.5.4). Dit word onderling 'n faktor in die magstyd oor wie mag en wie mag nie water bedien nie. By die Moloibewegings is daar "water-suksessie". McCamel is enersyds histories en formeel verbonde aan die AME en ons sou verwag dat dié "Ethiopian" wars sou staan insake hierdie waterkompleks en tog bou McCamel dit uit tot 'n groot bedryf (Bylaag 2). Hierdie water is lewe en krag. (Vgl p219).

Hierdie water sou vir 'n hele spektrum ongesteldhede genesing bied. Dit sou 'n besondere geborgenheid verseker aangesien die pasiënt glo dat die water bekragtig is deur 'n charismatiese leier/profeet. So word die water 'n "sakramentele element" met <u>ex opere operato</u>-werking. In terme van die tradisionele religie sou 'n mens kon vra of ons hier te make het met 'n <u>ngaka</u> in 'n besondere ordebestel.

<u>Taboes</u> in een of ander vorm is in ons Evatonse steekproef by etlike van die bewegings opgeteken. As voorbeeld noem ons dat die "hemel" aan die bewegende krag in die St. John's Apostolic Faith Mission, Christina Nku, sou voorgeskryf het om die volgende voorskrifte na te kom: "jy mag nie vleis van iets wat doodgegaan het eet nie of haas-, das- en varkvleis nie. Jy mag nie rook, drink, (ritueel) inkerf, (magies) besweer; naai en stryk op Sondae nie" (<u>Verslag 1973</u>:841-2). Hierdie soort ver=bodsbepalinge is nie beperk tot Apostoliese splintergeledinge nie. Ter stawing geld dat in die Faith Healing Mission (McCamel), wat ver=bintenisse met die African Methodist Episcopal Church daarop nahou, ook taboe-agtige rigorisme voorhande is. Dit skyn dus of ons hier ont=lening aan die tradisionele religie mag vermoed kragtens ons tipering van laasgenoemde in 1.2.2.3.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2.10.5.9 Slotopmerkinge

Ons kan nou meer oorsigtelik betrag hoe Evaton ontwikkel het tot 'n soort optimum teelaarde vir die separatisme in ons omskrewe studie=veld. Teen 1964 was die sterkteverhouding van die separatiste-aan=horigheid teenoor die meer gevestigde Kerke ruweg sowat 4:3. Daar is in veldwerk 96 aparte bewegings onderken en ons weet dat daar nog is waaroor geen inligting bekom kon word nie. Ook het dit opgeval dat binne beperkte radius daar soveel hoofkwartiere van aparte bewegings opgebou is. Evaton is 'n separatistefokuspunt binne Streek 52 waar die 1980 RSA-sensus die separatiste op 32,08% van die swart bevolking stel (vgl ons Tabel 13 asook RSA-sensus no 02-80.02, p219).

Van die belangrikste bydraende faktore tot die eskalasie van die separatisme is die volgende:

1 Die vestigingsbestel

Evaton is strategies geleë. Dit is die enigste (of een van die weinige) swart dorpe in sy soort suid van die Witwatersrand en die naaste aan die Witwatersrand. Evaton ontstaan vóór 1906, wat dit een van die oud=ste swart woonbuurtes in die hele Witwatersrandkompleks maak. Dit wil sê kort na die Anglo-Boere-oorlog en sy ontwrigting. Dit val ook saam met 'n tydperk waarin die "Ethiopian Movement" so aktueel is, dat dit die Lagdenverslag (1905) medeveroorsaak.

Dit is uit die feite duidelik dat die moontlikheid om permanent in Evaton te kan woon en grond te besit, Swartes van 'n verskeidenheid etniese verbande na hierdie woonpunt gelok het. Binne hierdie area kan enigeen wat sy volgelinge daartoe kan beweeg 'n permanente fokuspunt vir sy eie separatiste groep koop en bou.

2 (a) Magstryd om leierskap

Een van die sterkste skeuroorsake was 'n magstryd om leierskap in 'n be=paalde beweging. En omdat die bewegings by uitstek groepvorming om en onder 'n besondere leier is, lei persoonlike magsvetes tussen aanspraak=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

makers tot onderlinge splitsing waar 'n leier en sy party wegbreek om 'n eie organisasie daarop na te hou.

(b) Charismata

Die meeste van die leiers beroep hulle op buitegewone drome of open= baringe. "Die hemel" het beveel of "'n stem" het gesê. So 'n geroepene was gewoonlik lydende aan 'n ongesteldheid wat nie deur mediese praktisyns genees kon word nie. Daar was na bewering supernaturele veroorsaking. Deur sonderlinge tussenkoms of inspraak word hulle beveel om met 'n be= sondere doop gedoop te word, kry hulle singuliere gawes soos helder= siendheid, van genesing en selfs magsbevoegdheid tot 'n eie stigting, 'n aparte kerkvorming. By genesing is water in die meerderheid ge= valle ter sprake. Die genesingsaspek loop uit op vry gestruktureerde "kliniek"-behandeling. Alles staan egter in die teken van geloofs- of gebedsgenesing .

Dit moet vir ons duidelik wees dat die betrokke magstryd en 'n beroep op charismatiese geroepenheid in eie reg albei tot aparte groep= vorming neig. Ons het dan ook van 'n biskop uit een van die Apostoliese bewegings verneem dat skeuringe binne hulle geledinge hoofsaaklik tot "openbaringe" teruggevoer kan word.

(c) "Eiendomsreg" - erflike opvolging - geld

Ons het bevind dat die separatisteleier te Evaton gewoonlik die eienaar is van die perseel waarop die tersaaklike aktiwiteite plaasvind. Naas groeperinkies wat in huise geakkommodeer kan word, is daar vir so 'n beperkte geografiese omlyning as Evaton 'n hoë frekwensie ankerpunte of hoofkwartiere van lewenskragtige bewegings met 'n wye opvanggebied. Ook het ons aangevoer hoe ons groepvorming óm 'n besondere leier aantref. Daarby neig die bewegings daartoe om 'n uitgesproke sake-onderneming te ontwikkel in die sin van dankoffers vir diagnose deur "profetering", "kliniek"-dienste en ander. Hierdie ineenstrengeling lei onder meer tot onderlinge spanning en separasie. Uit Evaton is sterk bewyslas dat van die leiers of leiersfamilies die "kerk as erfenis" bejeën. Aan die ander kant ontwikkel daar binne die bewegings weerstand hierteen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Die weerstand is op sy beurt eerder pragmaties as teologies. Dit gaan in beginsel nie oor Christus as die "eienaar van die Kerk" nie maar soos ons veldwerker dit saamvat: "Mense skeur omdat dit betaal om leier van 'n "kerk" te wees; veral as 'n mens die stigter daarvan is."

(d) Leerstellig

Skeuring as gevolg van suiwer teologiese redes kom nie oorwegend na vore te Evaton nie. Die aspek kan egter nie heeltemal buite rekening gelaat word nie. In die Transvaal Conference Church word 'n unitariese Godsbegrip dogmaties verdedig. Die Zion Apostle Church in Galilee be= toog dat Jesus 'n gewone mens sou wees in wie Christus op die dag van die doop afgekom het en kom woon het ... en dat Judas gekruisig is aan= gesien Christus verander het en gelyk het soos Judas. Hier is dus sprake van 'n soort Ariaans-Dosetiese afwyking.

In 'n paar gevalle is 'n tipe messianisme opgemerk. Gedurende 'n erediens in die St. Paul Apostolic Faith Mission word van die oorlede stigter gepraat "as iemand wat nog 'n volle krag op hulle het." Messianisme in blatante vorm word in die McCamelbeweging gedemonstreer waar die leier homself as "geskruisigde" aanbied, maar by geleentheid ook woorde besig wat daarop neerkom dat hy die "Heilige Gees" sou wees. Ons moet egter byvoeg dat hierdie radikale pretensie weerstande opwek en soos 'n in= formant dit gestel het "die hart van ons Christene seermaak."

3 Tradisioneel-religieuse skakeling

Ons het reeds aangemerk dat 'n magstryd en charismata in die separatiste= bestel 'n sterk skeuringspotensiaal inhou. In 'n sekere sin, meer onbe= wustelik, skyn dit of die tradisioneel-religieuse soos in ons hfst. 1, afdeling 1.2 omskrywe, 'n dwingende invloed op skeuringe en nuwe groeperinge uitoefen. Ter verduideliking dien die volgende:

(a) Die "waterkompleks"

Kragtens ons steekproef is die separatiste-skeurgeledinge uit die AGS nadat Le Roux hom teen 1915 onttrek het, wat getalsverhouding en invloed

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


betref, toonaangewend te Evaton. Waarom weggebreek is, word nie as verset teen oorheersing van Blankes aangeteken nie, maar omdat daar nie genoeg speling aan die gebruik van water toegestaan is nie, dit wil sê, 'n gestruktueerde, rituele gebruik van "geseënde of gebedswater" In feite word hierdie waterkultus só omvattend dat dit tot 'n derde sakrament , naas die Nagmaal en die Doop (van volwassenes) verhef word. Dit is veral in hierdie waterkompleks dat die ex opere operatogeloof in sig kom. Baie komponente van die tradisionele religie word in hier=die kompleks teruggevind. Dit is die charismatiese profeet wat "ge-roep" is en gewoonlik spesialiseer in "water"-toediening.

(b) In etlike bewegings is bevind dat die badimo 'n rol speel.

(c) Taboes kom voor.

(d) By diagnose word die Bybel dikwels op so 'n wyse gebruik dat daar ooreenkoms is met die funksie van die dolostegniek van die ngaka.

(e) Op soek na gesondheid, sowel liggaamlike as geestesgesondheid kom die vrou - wat boonop 'n getalle-oorwig het - te lande in klinieke wat die onderskeie bewegings daarop nahou. Uiteraard is die vrou by uitstek geskik vir dergelike verpleging. Des te meer as die vrou dan die hoof-"profetes" is.

Dit skyn of hierdie besonderhede dui op 'n positiewe korrelasie tussen die separatistebewegings en die tradisionele religie.

Vervolg p.230

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Bylaag 1 (Evaton)

ST PAUL APOSTOLIC FAITH HEALING MISSION OF SOUTH AFRICA - van "His Grace the President, Rev P Makurube"

Bostaande is neergeskrywe vanaf hulle "Almanac" vir die jaar 1964. Benewens die normale besonderhede op so 'n almanak is daar besonderhede oor hulle kerkjaar. Dit word later aan die orde gestel. Wat egter opval is dat dit 'n geïllustreerde almanak is waarop die leier met sy staf staan, voor hom is allerlei houers soos 'n roomkan, 'n petrolkan en bottels. Op die agtergrond is belangstellendes.

Miskien is dit die beste om die weergawe van die veldwerker op die voet te volg (21 Julie 1964).

Hy begin deur te sê dat hy een van die groot profete in Evaton ontmoet het. Hy was gelukkig omdat daar nie baie mense op die profeet gewag het nie en hy 'n bietjie vry met hom kon praat. By sy aankoms word hy verwys na die "kantoor". Dis 'n plek waar 'n stoel en 'n tafel met Bybel gereed geplaas is vir die werk. Daar is ook 'n bank vir die siekes. Daar is 'n soort muurtjie (lapa-muurtjie?) omtrent 15 cm hoog rondom die kantoor met drie ingange. Omdat hy nie op die bank wou gaan sit nie, loop hy die een ingang verby en gaan staan buite langs 'n ander. Hy word teruggeroep deur "een van die groot manne wat baasskap speel." Die profeet kom ook langs 'n bepaalde weg in. Dit deel die veldassistent omslagtig mee omdat hy oor die algemeen bevind dat geestelike leiers in dergelike bewegings as groot manne poseer en buitegewone eerbied=betoning van volgelinge geniet. Die profeet neem op die stoel plaas. (Dit blyk dat 'n staf ook op die tafel met Bybel lê).

Die veldwerker stel sy saak. "Sonder om baie tyd te mors of om te aar=sel, gaan hy voort om vir my die geskiedenis te vertel." Hierdie relaas skryf ons veldwerker so gou moontlik neer in Suid-Sotho. Hy bly so na aan die taalgebruik van die informant dat hy allerlei leenwoorde weer=gee. (Ons vertaal direk terwyl ons hier en daar die gedagtegang verkort.)

'Ek het uitgegaan uit die kerk van St Paul van vader Moloi. Daar was nie juis stryd nie. Dit was op bevel van bo of van die hemel (ka taelo

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ya lehodimo). Ek het uitgegaan met vrede.

Voorheen was ek by Junaetete (United). Die rede vir die wrywing was dat hulle aan my voorgeskryf het: as ek vir mense voorbidding doen, moet ek dit slegs met handoplegging doen; ek moes nie water aan hulle gee nie. Volgens hulle is dit dingaka wat so handel; wat siekes medi=syne (meriana) met bottels gee. Hoe nou gemaak? Hoe nou gemaak? - die opdrag is dan deur die hemel gegee dat ek so moes handel. Toe is ek na vader Moloi.

By St Paul (te wete die St Paul Apostolic Faith Mission met hoofkwar=tier ook op Evaton) is ek beveel om eers vyf jaar met hulle te werk voordat ek 'n kerk kon stig.

Dit was in 1953 dat die werk van die Gees (Moya) in my lewe begin werk het en ek begin voorbidding doen het. Dit was in 1956 toe ek by vader Moloi begin het. Destyds was ek sonder leraar(-status). Met hulle het ek slegs twee jaar gewerk. In die derde jaar is ek deur Moya-inspirasie gedring. Ek kon nie die "vyfjaar" handhaaf nie. Ek moes 'n kerk begin in 1959.

'n Ander probleempie was in teenstelling tot gebruike by Moloi dat ek opdrag gekry het. Aan my is gegee om vir vier bottels water te bid en slegs eenmaal per jaar op 26 September. Die gebed verskil van bottel tot bottel. Ek spesifiseer op swartborde wat onderskeidelik gebid is vir die bottels soos daaronder gerangskik. Elkeen wat sy water daar plaas, kan dus te wete kom waarvoor die water bedoel is.

Toe my werk of roeping begin het om vir water te bid, het die hemel my beveel om nie betaling te vra nie. Dit was in 1953. Ek was toe reeds 'n theilara (tailor) vir tien jaar. Ek het gebrek begin ly. Dit het drie jaar geduur en mense het gespot en gesê: julle sal sien hy sal sy betalende snyersambag hervat. My vrou het destyds kombuiswerk gedoen (ya sebetsang dikitjhining). Van tyd tot tyd het sy 'n potonyana (pondjie) afgeknyp .... Die eienaar wat persele verhuur, het ons besittings opge=eis aangesien ons in gebreke gebly het om huur te betaal .... Ons het later gesit slegs met die klere aan ons bas.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

In die tweede jaar, die derde maand, praat die hemel met my en sê: ek sal jou geld gee om kos en klere te dek. Toe begin mense, wat ek behandel, my met 10/- dank. Toe word die lewe 'n bietjie beter (betere=nyane). Tans is die lidmaattal 500 en diegene wat slegs kom om genees te word ongeveer 250.

Daarna het die hemel my beveel om die dankoffers na 15/- op te stoot; en vir konsultasie alhier teen 20 sent; (laola kan ook beteken om deur middel van dolosse waar te sê. Ons veldwerker meen dat die Bybel hier as "dolos" gebruik word).

Tans het Modimo my 'n perseel (setentshe-stand) gegee waarvoor ek R600 betaal het. Ook drie motors. Hy is voornemens om 'n kerkgebou op te rig. Hy het £300 van die kant van die aanhoriges verwag. Na verdere oorweging het hy besluit om uit sy eie sak £150 by te dra. Ek kom tot die gevolgtrekking dat ek in alles floreer.

Op 'n vraag oor offerandes, verduidelik hy: In teenstelling tot sekere kerke is aan my nie juis gawes in hierdie opsig toebedeel nie. Aan my is eerder gegee om mense tot die bring van geldelike dankoffers te in=spireer. Dit is verbasend in hoe 'n goeie gees offers gegee word. Niemand word toegelaat om 'n offer te bring indien hy in 'n twisverhouding met iemand lewe nie. Hy moet wag totdat versoening bewerkstellig is. Daar word nie geslag sonder meer voordat herstel ingetree het nie.

Daarna is oor voorvadergeeste uitgevra. Hy verduidelik omslagtig hoedat iemand miskien 'n vader begrawe het en hom afskeep. Nou word jy en jou huis deur allerlei onverklaarbare teenspoed oorval. Dit gee aanleiding daartoe dat hulle hul na hom wend om die oorsaak vas te stel. Dit ver=baas hom hoe mense wat agtelosig was inwillig om voorskrifte uit te voer en te ervaar dat jou sake weer normaal verloop. 'Ekself is verlede jaar beveel om 'n blouskimmel bees te slag. Ek kon so 'n bees nie raakloop nie. Ten einde raad het ek maar 'n witte geslag. Ek het bevind dat sake goed verloop en dat daar vrede is. Maar vanjaar is ek weer beveel om 'n blou=skimmel te slag. Daar is gesê dat ek hom moet soek totdat ek hom kry. Ek sal hom moet soek totdat ek hom kry.'

Ons segsman sny 'n ander saak aan. Sekeremense gis of is bekommerd en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

verdink my van die aanwending van medisyne (meriana) omdat met die aanvang my kerk so klein was en ek nou so 'n sterk aanhang het. - 'Met betrekking tot weddenskappe (tse betjhwang - Eng. betting) neem ons nie deel aan die fahfee-spel nie vanweë die stigma daaraan verbonde. Maar ten opsigte van die perde (July-wedren en dergelike) word aan my persoon=lik nommers gegee om aan sekere persone te verstrek. Die probleem is dat sommige aan wie die nommers oorgedra word, nie geld het om mee te wed nie. 'n Ander moeilikheid is dat iemand aan wie 'n nommer deur die hemel gegee is met die veronderstelling dat hy sal dankie-sê as hy gelukkig was, mense geneig is om in gebreke te bly.

'Insonderheid is aan my die werk of roeping toevertrou om vir kranksin=niges te bid. Baie mense kom as kranksinniges hier in en is gesond as hulle vertrek. 'n Kranksinnige word driemaal in 'n bad gesit en gaan daarna na die rivier. Daar by die rivier gaan hy sewemaal in. Ek laat hulle nie betaal vir die rivierbehandeling nie. Die hemel het daartoe nie toestemming aan my verleen nie. Ek neem hulle met die vragmotor. Dis op my onkoste. Heen en terug kos dit my 12/-.'

Die profeet Makurube wei ten slotte uit oor sy verhouding tot St Paul wat in die onderhawige bestel onder leiding van J Moloi staan:

Hy help nog steeds die weduwee van wyle Moloi. As hulle groot feeste het, sluit hy sy kerkdeur en woon hulle feeste by. Hulle kom egter nooit na hom toe nie. Hy doen dit omdat die hemel dit beveel. Hy sal aanhou om dit te doen omdat dit die Here behaag. Hy sluit af met 'n voorspelling: 'Aan my is geopenbaar wat sal gebeur met die kerk van vader Moloi. Al is dit dat ek dit nie nou wil doen nie. Die rede is dat hulle my erg sal benadeel. Aan my is geopenbaar dat hulle in die nabye toekoms swaar sal lewe terwyl ek sal floreer of vermeerder. Op hierdie tydstip wil die hemel my inlig sodat wanneer hulle swaarkry ék hulle daaruit trek.'

Insake die almanak - waarna verwys is - gee die volgende besonderhede 'n verdere insae: i Naas die leier wat as een van die "groot profete" in Evaton bekend staan en die president in die organisasie is, is daar 'n vise-president, distrik "overseer" en distriksekretaris. ii Op Goeie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Vrydag word Nagmaal gevier. iii Vir sekere byeenkomste word klere met spesifieke kleure voorgeskryf. So is daar 'n saamkoms in Julie te Vaaldam en is die kleur ligroos terwyl in September die Eerstelinge Fees van die Huis van Israel gehou word en die klere van die vroue wit is. iv Daardie aand nadat hulle van die water kom is dit Join. v Gedurende November is 'n dag afgesonder vir die gee van Tiendes. vi In die loop van Desember is daar verskillende geleenthede, onder andere "Die Groot Gebed van die Engele van die Grotes of Ouderlinge van die Volk .... " Blykbaar vier hulle elke jaar op Oujaarsdag Nagmaal en is dit ook die Fees van Voetwassing. In die meeste gevalle word hierdie geleenthede gekoppel aan Skrifbewysplase wat as fundering sou geld.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Bylaag 2 (Evaton)

# FAITH HEALING MISSION (McCAMEL)

## 1 Weerstand teen ondersoek

Die ondersoek is in die wiele gery deurdat sowel die veldwerker as ons persoonlik toestemming geweier is om die beweging aan hulle hoofkwar= tier in Evaton direk te verken. Formeel was McCamel lidmaat van die African Methodist Episcopal Church. Die veldwerker nader die betrokke leraar om 'n aanbevelingsbrief. Hy dui aan dat hy nie jurisdiksie in daardie verband oor die Faith Healing Mission het nie dog skrywe 'n heel diplomatiese brief. 'n Ampsdraer, 'n "preacher" en familie van die McCamelgesin, ignoreer die brief. Die ondersoeker ontmoet 'n paar vroue in "maroon" uniform by die McCamelhelingsinstituut. Die eggenote van wyle McCamel sou nie tuis wees nie en hulle is maar "kinders" en kan nie toegang verleen nie. Toe ons vra of daar nie iemand in bevel is wat die kerkgebou kon wys nie, het die woordvoerder ons betig deur te sê: "It's not a church, it's a temple" (20/8/1963). Met die tweede probeer= slag ontmoet ons die General Secretary (J R) op die terrein. Hy behoort ook aan die AMEC. Hy sal ons versoek voorlê aan die Executive Council wat ongeveer 10 Oktober 1963 vergader en my skriftelik antwoord. Ons moet egter goed begryp, dis geen kerk - dis interdenonominational - dis 'n temple. Ons vra waarom die huiwering om 'n wetenskaplike ondersoek toe te laat; geloofsgenesing is tog nie geheim nie. Hy antwoord met 'n soort "almiskie"! Om een of ander rede hoor ons niks verder nie.

## 2 Ontstaansgeskiedenis

In 'n baie hoë mate wentel die ontstaan, verloop en aard van die Faith Healing Mission óm die stigter en leier totmet sy dood op 5 Junie 1963. Van 'n skeuring uit een of ander kerkverband verneem ons nie. McCamel handhaaf sy lidmaatskap van die African Methodist Episcopal Church end= uit. Dit doen vreemd aan omdat in die verdere beskrywing na vore kom hoe hy in menige opsig radikaal van die formele leerstellinge van hier= die gesindte afwyk. 'n Informant gee as rede aan: "Hy word geduld omdat die AME sy magsposisie vrees" (Vraelys A/1960).

Teen 1949 word McCamel al as 'n groot "profeet" onder 'n betekenisvolle

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

persentasie Swartes bejeën en sou hy skares trek na die AME-kerk in Orlando-Oos. Zonk skrywe in Julie 1963 onder opskrif: "Death of famous African Prophet" 'n geïllustreerde artikel waarin sy opgang aan=gedui word. 'n Stem sou in 'n droom deur McCamel gehoor word en openbaar dat hy bonatuurlike kragte sou besit. Die stem beveel hom "to go to the late Rev J J Morailane of the AME Church, Orlando, who was to pray for him. This prayer was to release the powers in McCamel so that he could straightaway start his work of healing. The Rev Morailane could not comply because such rituals were not practised in the AME Church.

"On approaching the Rev Morailane for the third time, McCamel was frantic and in tears. The Minister succumbed and said a simple prayer. McCamel was then a preacher in the church. His new mission of healing the sick and troubled, did not altogether sever his links with the AME Church. He gave money freely for church work and assisted the Ministry of the AME Church with much needed funds.

"In the early fifties McCamel moved to Evaton where he had spacious accommodation for his work ....

"It is in this temple which is not quite complete, that he lay in state before his burial on June 9."

3 Die leier

Volgens 'n "eksklusiewe" foto in Zonk wat uit die jaar 1949 dateer toe McCamel ongeveer 43 jaar oud was, was hy uiterlik 'n mooi persoon.

Ons verneem dat hy leerling was aan Orlando Hoërskool maar dat hy geen teologiese opleiding gehad het nie. Modisane skrywe egter in Drum van Februarie 1956: "Prophet McCamel (Evaton) and Rev Nicholas Bhengu (Orlando) are the two evangelists who claim to have studied their art in America. They are saviours of sinners, redeemers of drunkards and smokers - and the Prophet McCamel throws in a little faith-healing on the side."

Nederig was McCamel nie. Hy dra 'n rooi toga, ry 'n blink motor en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beskou homself as baie belangrik (Vraelys A/1960).

Aan die ander kant vertoon hy 'n soort rigorisme. In sy prediking en genesing moes hy groot klem op 'n soort wettiese onthouding gelê het. Hy was volgens een uit die binnekring (J N) op Evaton die hoogste in die Tempeliere-organisasie (IOTT). Ons segsman is ook lid van die AME. Aan ons veldassistent verduidelik hy wat die IOTT is. Dit is 'n samekoms van mense wat nie drink, rook ensovoorts. Dit is mense wat hulle onttrek aan die wêreld en van al die wêreldlike genieting. Vir McCamel het hy slegs verering. Hy vertel dat baie mense van daardie man sleg praat maar as al die mense net soos hy kon wees dan sou die hele wêreld Christelik wees. In die begrafnisbestel van McCamel het hy die rol van 'n leraar gespeel, omdat hulle nie daarvan hou dat iemand wat 'n sondaar is - wat rook ensovoorts hulle moet aanraak nie. Met ander woorde - so voeg ons veldwerker by - tree hulle op by begrafnisse van hulle mense. Ook vertel hierdie lid dat hy nie "baie omgee vir 'n leraar nie omdat hy 'n IOTT is. (By die leerstellige aspek kom ons terug op hierdie "Tempeliere"-élite). Volgens 'n kundige informant was McCamel 'n veelwywer (Vraelys A/1960). Zonk noem slegs dat met sy dood hy 'n vrou en twee kinders agterlaat. Een seun moes hulle toe reeds ontval het want vroeër kry ons die besonderhede: Thelma as oudste, wat met geen "powers" hoegenaamd bedeel is nie; die oudste seun en sy broer. Hulle twee dra besondere name. Een word genoem Righteousness of Jesus, wat ander kinders die bynaam "Lord" gegee het. Die jonger broer heet Branch of Righteousness. Oor "Lord" hoor ons in die volgende paragraaf meer.

McCamel het leierskapaanleg gehad. Hy het eerder "koninklik" as "pries=terlik" opgetree. Hy het 'n soort bedryf uitgebou óm sy grootse "tempel"- en "genesings"-kompleks.

## 4 Samestelling en organisasie

McCamel se beweging kring wyer uit as Evaton. Vroue is in die meerder=heid. Dit mag saamhang met die klem op genesing en waar vroulikes eerder as manlikes by die besondere helingsinstituut betrokke is.

Die organisasie is 'n soort hiërargie. McCamel is egter die groot profeet

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sonder gelyke.

Daar kan betoog word dat die leierskap oorerflike klem vertoon en selfs dat daar sprake mag wees van oorerflike "charismatiese" eienskappe. Zonk plaas in sy uitgawe van Julie 1963 na aanleiding van die dood van McCamel, 'n foto van "Lord" onder die opskrif: "Will He Be The New Prophet?". Die foto is in 1949 geneem toe hy vier jaar oud was. Hy is besig om houers vol water te seën. Die onderskrif lui onder meer: "He is said to possess the same healing powers as his late father and will possibly become the youngest prophet in the country after taking over from his father." In 1963 was hy leerling aan die Wilberforce Institute en in Vorm III. Hy was toe negentien. Zonk wei uit: "Like his father the little boy claimed powers of endowing water with the strength of healing. Teachers, beggars, nurses, church-elders, tsotsies, fashionably dressed sophisticates and the sick fetched the water that was blessed by the small boy. Young Lord ... is looked upon as the successor of his father. When the story of his father's death was written, Lord had not gone to school since his father died and had not been seen outside the family home." In ons veldwerkbestel is geen verdere besonderhede oor Lord verkry nie. Ons weet dus nie of iemand as waarnemende hoof ageer en of Lord met onder=skraging deur die voormelde Executive Council optree nie. Hoe dit ook al sy, ons onderken tog 'n neiging tot erfregtelike opvolging gerugsteun deur voorgegewe en selfs besondere charismatiese leierseienskappe.

5 Rol van die vrou

Die vrou van die leier beklee 'n sterk posisie in die genesingsopset waar dit gestruktureerd in die "helingsinstituut" op Evaton beoefen word. Die personeel dra karmosynrooi uniforms waarvan die kleur blykbaar klop met die kleur van McCamel se toga.

6 Die leerstellige aspek

Soos reeds aangevoer, bly McCamel lid van die AME.

Van die kant van die swart pers - ten minste soos weerspieël deur Zonk en Drum - word McCamel se beweging as een van die lewenskragtigste on=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



afhanklike swart kerke gesien met klem op genesing.

Zonk lê klem op McCamel se aangryping van die verbeelding in Orlando en hoedat hy sy opgang in Evaton konsolideer. In die artikel word drie komponente uitgesonder: bekering, vuur-en-waterrites en geseënde water in die algemeen. Die eerste is hier aan die orde: "Pilferers, cut=throats and the worst criminals went to confess their evil deeds to him. They brought with them dangerous weapons used for their murderous acti=vities. Dagga, cigarettes, liquor and herbs used for bewitching, were also handed over to McCamel."

Drum in sy Februarie-uitgawe 1956 se artikel "No Room for half-a-million Christians!" reageer op wat die Anglikaanse Biskop van Pretoria sou gesê het en hulle haal aan: ' ... the separatist churches revive heathen customs ... they mix religion and nationalism ... they are a threat to Christianity.' Hierdie uitspraak - so begin Drum se reaksie - " ... shocked the half-million members of the non-white church movement. Was he right, the Bishop? And if he was, weren't the white 'apartheid' churches to blame in the first place for squeezing out their black 'brothers in Christ'?

"The big black break from the white churches, known as the Ethiopian Movement, started in 1884 when frustrated African missionaries revolted against the interference of white missionaries ...."

Dit gaan in die onderhawige bylaag oor die McCamelbeweging, nie oor 'n evaluering van Drum se hele uitgangspunt nie, maar oor die plek wat aan McCamel toegeken word. Daar word aangevoer: "Seven names stand out in the drama of the African Independent church." Onder hulle word McCamel ingesluit. Hy word op twee illustrasies in aksie getoon. Eerstens, met onderskrif: "Showy, fiery African sects, led by bishops like Prophet McCamel (at his shrine above) grew up to cater for Africans who left the white Church." Hier dra hy 'n lewensgrootte kruis en is daar naas die "heiligdom" - klipstapeling - ook 'n tafel en 'n (was?)kom. Op die tweede is 'n kruis, 'n vrou, kerse. McCamel staan met 'n kers in sy linker=hand terwyl die regterhand in 'n seëngebaar uitgestrek is. Die onderskrif lui: "Prophet McCamel healing by prayer."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



McCamel dien hom in woord en daad aan as 'n "swart messias". 'n In= formant aan wie se getuienis besondere gewig toegeken moet word, deel die volgende mee: Nog voordat McCamel groot opgang begin maak het, het hy hom in Johannesburg woorde hoor sê wat daarop dui dat hy die Derde Persoon in die Drie-eenheid is. Van ander mense het ons segsman verneem wat op Evaton gebeur het. McCamel het 'n kruis gemaak. Hy het toe die kruis geneem en ook 'n lam gedra. Soos Christus het hy onder die kruis gestruikel en geval. Dit het baie mense hartseer laat voel. McCamel was eintlik 'n <u>ngaka</u>. (Hierop kom ons later terug). Uit 'n ander bron verneem ons dat ten opsigte van die kerkjaar die aksent op Paasfees val. Dit is in dergelike bestel dat die "messiaanse pretensie" na vore tree: "Met Paasfees kruip hy in 'n graf - Verpersoonliking met Christus?!" (Vraelys A/1960). Van sy volgelinge skryf aan hom messiaanse trekke toe. So is beweer onder andere, hoe kon hy anders geweet het wanneer hy sou sterwe; hoe kon hy so 'n "tempel" gebou het en die geld daarvoor laat instroom het; waarom het dit gebeur dat mense wat hom beskinder en verag, sterwe? Sommige het geglo dat hy na sewe dae weer sou opstaan. - Op 28 September 1963, omstreeks 18h00 was ons op die terrein by die helingsinstituut. 'n Soort biduurtjie met sang was aan die orde. Die naam McCamel is gedurende die sang onderken.

Die McCamelbeweging wou 'n besondere, uitgelese groepering daarstel. 'n Ampsdraer verduidelik aan ons veldwerker waarom toegang tot die "tempel" voorwaardelik is. Hy gebruik 'n beeld. Jy weet self dat iemand wat nie die besnydenisrite meegemaak het nie tog nie toegelaat word tot daardie besondere groepsverband nie. En dan suggereer hy dat McCamel boonop nog kieskeurig was oor siekes en hul siekte in daardie "tempel".

5 Die tradisioneel-religieuse aspek

Met verwysing na wat hoër op oor <u>Zonk</u> in vooruitsig gestel is, is die tweede komponent, die vuur- en waterrites soos volg beskrywe: "One of the fascinating ceremonies, was the ceremony of fire. In order to be cleansed, one had to undergo the ceremony. The pilgrim brought from forty to a hundred candles. These were lighted and set around a bath to form a flaming cross.

"The penitent pilgrim then stood partially dressed in the bath, during

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

a lengthy ceremony after which the whole body is bathed. This bath water had the same effect as the water blessed in the pilgrim's receptacles."

As derde komponent in die Zonk-artikel is water in die algemeen genoem; "geseënde" water in verbintenis met McCamel.

Hy sou in Johannesburg soveel water gebruik het dat die munisipaliteit bekommerd begin raak het. Sy "water"-geloofwaardigheid en "water"-verkope eskaleer verder toe hy vanuit Evaton optree. Iemand herlei die ontstaan soos volg terug: "Prophet Makemel het met sy sg. watergenesing begin en mettertyd 'n klomp volgelinge versamel." Ook die verbreiding en gebouekompleks hou daarmee verband. Die beweging is nie beperk tot Evaton nie, beweer dieselfde informant. "Daar gaan gereeld lorrievragte 'geseënde' water uit na alle lokasies op die Rand om daar ten duurste verkoop te word. Tans is 'n tempel van minstens £30 000 in Evaton in aanbou" (Vraelys A/ 1960). Hierdie water word deur ander informante ook gesien as 'n sterk komponent in 'n soort totalitêre impak. McCamel het 'n meerderheidsaandeel - vanuit Evaton gesien - in hierdie "water"-bedryf. Die veldwerker voer 'n onderhoud met 'n predikant van die AME met die oog op McCamel. Hy praat in een asem van die impak op tsotsi's en die "water"-bestel. Ons haal aan uit die weergawe: "By die begin van die werk van hom het hy gemaak dat baie tsotsi's hulle messe na hom toe bring, en geheime te laat sê. Daar is mense hier in Evaton wat hulleself "bana ba metsi" noem. Dit is nou mense wat alles opsy gebêre het en lewe soos ware Christene. Daar is baie sulke mense. Hulle gebruik net water waarvoor gebid is. Hulle kook daar=mee, drink dit en gebruik dit in hulle huise, behalwe net vir wasdoel=eindes; daarvoor gebruik hulle gewone water. Hierdie water word met die vragmotor afgelewer. Dit is die Vader McCamel s'n. Ek vra of hulle daarvoor betaal. Hy sê dat hulle seker iets moet betaal daarvoor al is hy nie seker nie. Hy voel net dat daar tog vir sulke moeite betaal moet word."

Ons kom nou terug op die informant wat oor McCamel se "messias"-pretensie gepraat het en hom ook as ngaka (lett. kragdokter) sien. Ook hier haal ons ons veldassistent se weergawe aan: "Hy getuig dat daardie man groot en wonderlike dinge gedoen het maar hy noem hom 'n toordokter. Hy vertel

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


dat hy mense met die mes gesny het soos toordokters maak met pasiënte. Hy sê: '<u>Bibele ya makatsa hobane e bolela hantle hore batho ba tla etsa mehlolo ka lebitso la Modimo, empa e le hore Modimo ha o yo ho bona</u>.' Dit wys dat daar 'n groot twyfel is in sy hart oor McCamel. Hy vertel dat McCamel die werk van kragdokters gemaak het want hy het ook die huise bewerk (<u>thakgisa</u>) as mense dit gevra het. Dit het £7 gekos. Hy het dit waarskynlik met water gemaak. Hy sê dat hy al gesien het daar in Johan= nesburg waar McCamel gewerk het: silwergeld was baddens-vol; <u>notes</u> lemoensakke-vol. Dit maak dat hy nie wonder as McCamel 'n wonderlike tempel gebou het." 'n Tersaaklike vraag by aanskoue van die tempel sou ook kon wees: waarom juis die reuse dolk- (of assegaai-)simbool as spits op die toring? Ons meen dit vertoon sterk ooreenkoms met die ver= skynsel dat sekere kragdokters in die tradisionele religie ook teenspoed soos haelstorms en weerlig bestry. Berglund byvoorbeeld verwys na der= gelike kragdokters as "heaven-herds" en noem dat 'n spies of assegaai deel van hulle apparaat is (1976:48).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bylaag 3 (Evaton)

KERKE EN SEPARATISTIESE BEWEGINGS TE EVATON - 1964

A KERKE

1 Nederduitse Gereformeerde Sending - Ned Geref Kerk in Afrika
2 Presbyterian Church of South Africa
3 Church of the Province
4 Methodist Church
5 Hermannsburg Lutheran Church
6 Evangelical Lutheran Church - Lutheran Berlin Mission Church
7 Roman Catholic Church
8 Congregational Church (Witwatersrand - American Board and London Missionary Society)
9 Coptic Orthodox Church
10 Apostolic Faith Church
11 Apostolic Faith Mission of SA
12 Seventh Day Adventists
13 Jehova Witnesses

B SEPARATISTIESE BEWEGINGS

S -groepering

1 African Methodist Episcopal Church
2 African Catholic Church
3 Bantu Methodist Church
4 Catholic Church of God
5 Bantu Reformed Church
6 Independent Presbyterian Church
7 Zulu Congregational Church
8 African Church of South Africa
9 Presbyterian Church of Africa

E -groepering

1 A 1 Ethiopian Church of SA
2 African Bantu Church
3 African Catholic Church
4 African Cathedral Episcopal Church
5 African Free Catholic Church
6 African Free New Church of SA
7 Bantu National Ethiopian Church of SA
8 Emmanuel Ethiopian Church of South Africa
9 Ethiopian Church of SA
10 Ethiopian Catholic Church of SA
11 Ethiopian Catholic Church in Zion
12 Independent Methodist Church of SA
13 National Church of Africa

A -groepering

14 Acts of the Apostles Church in SA
15 African Church of Witness in Zionist
16 African Gospel Church
17 Apostolic Brethern Church of SA
18 Apostolic Faith Association in Zion

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


19 Apostolic Faith Mission Church of Africa
20 Apostolic Faith Nazareth of SA
21 Apostolic Full Gospel Mission Church in South Africa
22 Assembly of Jesus Christ
23 Bantu Holiness Church of Christ
24 Baptist Missionary Society (Mahon Mission Branch)
25 Bethesda Assemblies
26 Bethsaida Canada (Canaan?) Church of Zion in SA
27 Bundle Church of Christian Apostolic in Zion
28 Christian Catholic Apostolic Holy Spirit Church in Zion
29 Christian Catholic National Church in Zion
30 Congregation Apostolic New Jerusalem Church of SA
31 Christian Zion Aspostolic Church
32 Emmanuel Church of God
33 Ethiopian Catholic Church in Zion
34 First Apostolic Church of St John's
35 First Apostolic Church of St Peter's of SA
36 Full Gospel Church of SA
37 Full Mission Ethiopian Church of SA
38 General Faith Assembly Zion Church
39 General Faith Assembly in Zion Church
40 Holy Apostolic Church in Christ
41 Ikaheng Baapostola ba Morena
42 Latter Rain Assemblies
43 Medium Faith Apostolic Church in Zion
44 National Baptist Church
45 Native Christian Baptist Church
46 New Apostolic Church in Zion
47 New Apostolic Church of Christ in Zion
48 New Apostolic Full Gospel Church of SA
49 Savior's Church
50 St Ephesian Apostolic Church
51 St John's Apostolic Faith Mission of South Africa
52 St Paul's Apostolic Faith Mission (Moloi)
53 St Paul's Apostolic Faith Mission (Nhlapho)
54 St Paul's Apostolic Faith Morning Star Church
55 St Philip's Latter Day Rain Church of SA
56 St Priest Apostolic Faith Mission
57 Transvaal Conference Church of SA
58 Twelve Apostle
59 United Native Baptist Church
60 Zion Apostolic Church of SA
61 Zion Baptist Mission Church

Z -groepering

62 Apostolic Christian African Church in Zion
63 Apostolic Church Holy Spirit in Zion of SA
64 Apostolic Faith Nazareth Church of SA
65 Apostolic Jerusalem Church in Zion
66 Apostolic Miracle Church of SA
67 Apostolic Tzaneen Church in Zion
68 Apostolic Zulu Church
69 Bantu Baprofeta Church
70 Bhekaphi
71 Brethern Missionary Church (Seth.)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



72 Chief Cornerstone Church in Zion
73 Christian Apostolic Church in Zion City
74 Christian Catholic Apostolic African Church in Zion of SA
75 Christian Catholic Apostolic Ethiopian Church in Zion of SA
76 Church of Christ in Zion
77 Faith Healing Mission (McCamel)
78 General Faith Assembly Zion Church
79 Holy Apostolic Church in Christ
80 Holy Apostolic Church in Zion
81 National Prayer Hand Healing Mission Church
82 New Apostolic Bantu Church in Zion
83 New Christian Salem Church in Zion
84 St Paul Apostolic Faith Healing Mission of SA
85 Zion Christian Church (Edward Lekganyane)
86 Zion Christian Church (Joseph Lekganyane)
87 Zion Apostolic Church of Jerusalem

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 2.11 Samevatting

1 Die separatisme is skeurbewegings wat wyd verspreid is en met die jare toeneem.

(a) Die Staatsbeleid, wat tot 1963 in feite ingehou het erkenning van dergelike bewegings as Kerke, is sedertdien verander na toekennings op meriete vir tersaaklike fasiliteite van geval tot geval sonder dat in beginsel uitspraak gegee is oor Kerkwees al dan nie. Dit is 'n ge= sonder beleid in 'n land wat godsdiensvryheid handhaaf. Dit bied egter nog 'n basis vir telling en kennisname waar die separatisme in die RSA tot dusver 'n komponent daarstel wat kragtens sy wye verspreiding, per= sentasiesterkte en lewensvatbaarheid in die staashuishouding sowel as in die religieuse geledinge aandag verdien.

(i) Ons bevinding dat die separatisme in die RSA deur die jare vry bestendig toegeneem het sowel in omvang as in sy vermenig= vuldiging van aparte groepering word globaal in hoofstuk 2A (Tabel 1) gesien.

(ii) Die Sothobevolking kom teen 1980 op sowat 31% van die swart bevolking van die RSA te staan. Op sy beurt is die gemiddelde separatistepersentasie in die omgewing van 30%. Die separatisme is dus uit 'n bloot statistiese hoek betrag 'n aktuele fenomeen in ons omskrewe studieveld.

(iii) Die RSA-persentasieverspreiding vir die jare 1951, 1960, 1970 en 1980 van die separatiste as persentasie van die Swartes volgens kerkverband word onderskeidelik soos volg bereken: 18,6%; 21,2%; 17,7% en 29,3%. Ons het betoog waarom die sensusmomente 1951, 1960 en 1980 vir vergelyking voorkeur behoort te kry. Vir 1980 is die Transkei nie ingesluit nie en kon Bophuthatswana nie mede-bereken word nie. Die ge= gewens vir Transkei was nog nie voorhande nie en Bophuthatswana is op 'n baie later datum bekom. Hoedat Transkei die RSA-gemiddeld sou be= invloed is nie klinkklaar nie. Wat Bophuthatswana betref, toon Tabel 3 (a) aan dat vir 1980 sy separatismepersentasie so hoog soos 35,2% is. (Dit stoot ons gemiddelde persentasie op na 29,7% en sterk ons as ons sou beraam dat die Transkei nie die toename of stygende tendens van die separatisme tussen 1951-1980 noemenswaardig sou afdwing nie).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(b) Die verspreiding toon 'n neiging tot patroonmatigheid asook besondere fokuspunte op die platteland en in die stad. Dit word duideliker waar tabelle in digtheidskaarte omgewerk is.

Alhoewel die patroon kompleks is, is daar as 't ware 'n agtergrond waar dieselfde digtheidsinsidensie 'n aantal Distrikte/Streke saamgroepeer.

So vind ons 'n band van lae digtheid in Figure II, V en VI wat 'n groot deel van die suidelike Vrystaat aan Lesotho skakel. In sterk kontras hierteen is dit veral Fig VI wat nou (in 1980) die aandag vestig op 'n gebied waar vanaf Frankfort 'n band van tweede hoogste digtheid volgens ons intervalle noordwaarts tot by Mdutjana (KwaNdebele) strek.

Fokuspunte word ook opsigtelik. In Fig II val Bloemhof, Frankfort en Standerton op. In Fig V is dit Ekonomiese Streek no 50, waarby Stander= ton ingesluit is, wat die hoogste digtheid aanteken. Binne ons globale omskrywing van die Noord-Sotho was die sterkste fokuspunt vir die separa= tisme in die sensusjaar 1980 soos gearseer in Fig VI Statistiese Streek no 85, te wete Mdutjana. In dieselfde figuur word Streek no. 82 (Eerste= hoek) - wat uit drie geografies aparte dele bestaan elke keer met 'n c-simbool aangedui - en saam vorm hulle die Nasionale Staat Kangwane. Net soos Mdutjane dra Eerstehoek die swaarste arsering. Afgesien van hierdie twee is dit net Streek no. 59, waarbinne Standerton val, wat hierdie hoë frekwensie separatiste versyfer naamlik tussen 51-61%. In die lig hiervan en met betrekking tot Verslag 1973:28-9, wil dit voorkom of ons die separatistedriehoek soos in daardie verbandhoudende Fig XI gekonstrueer, ietwat moet wysig.

As ons Evaton byhaal dan kan ons die Eerstehoek (Streek no 82) en wel die "c" verste noord, as beginpunt neem. Vandaar trek ons 'n lyn in westelike rigting na Mdutjana (no 85). Van Mdutjana na Evaton. Van Evaton na Standerton as deel van Streek no 59. Die vierde lyn wat Standerton en die beginpunt sou verbind, trek ons nie. Op sterkte van ons wyer beligting in Fig V en ons 1980-steekproeftabellasie (Streek 59) kan aanvaar word dat komplementêre ondersoeke soortgelyke separatiste= eskalasie ten ooste van hierdie streek sal arseer.

(c) Enkele ontstaansoorsake, kenmerke en so meer van die separatisme

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

hou met die geografiese verspreidingspatroon verband.

(i) Daar is hoë konsentrasies aanwesig in die aanrakingsgebiede tussen Sotho en Nguni op platteland en stad. Dit, onder meer, noodsaak gebiedsteekproewe.

Afgesien van wat hierbo in 1(b) aangevoer is, toon Fig XI (Verslag 1973) buite die driehoek, konsentrasies op die grens ten suidweste van die Witwatersrand tussen Transvaal en die Vrystaat. Dit is daar waar ons globale omlyninge van Suid-Sotho en Tswana oorvleuel. 'n Steekproef in die distrik Bloemhof het nie juis wrywing tussen verskillende etnieë as oorsaak onderstreep nie. Gewig moet eerder toegeken word aan Bloemhof as een van die oudste werkplekke vir trekwerkers, die delwersbestel en gistingsproses vir die separatisme. Gestruktureerde geestelike bearbei=ding was moeilik en word verder gekompliseer deurdat die Apostoliese gesindtes juis in daardie bloeityd van diamantgrawery ingang by sowel Swartes as Blankes gekry het. Te Frankfort is spanning tussen etnieë 'n sterker mede-veroorsakingsfaktor dog is die bestel uiters gekompliseerd; hier tussen Nguni (Zoeloe) en Suid-Sotho.

2 Stedelike gebiedsteekproewe met 'n veelsydige aanpak, het Ga-Rankuwa, Bloemfontein, Thabong en Soweto ingesluit.

(a) Op grond van selfstandige, statistiese opnames in 1964 is die volgelingskap van die verskillende geloofsgroepe in tabelle as kolom-figure aanskoulik voorgestel. 'n Saamgestelde bevinding van hoofstuk 2A, afdeling 2.9.4.6 stel naas die onderlinge sterkteverhoudinge tussen die meer gevestigde Kerke ook die onderlinge sterkteverhoudinge van die separatistesamelgroep daar. So kan dadelik afgelei word dat Ga-Rankuwa en Bloemfontein in elke opsig verskil behalwe dat die onderlinge sterkte=verhoudinge binne die separatiste ten opsigte van die E -groep byna gelyk is.

(b) Bloemfontein is die enigste voorbeeld waar gevestigde Kerke die separatiste tot 'n redelike lae peil afgedwing het. Oor die algemeen het die Kerk dus 'n onvermoë getoon om vinnig genoeg ksteningswerk en die opbou van selfstandige Kerke onder die Swartes te doen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

(c) Die gestalte wat religieuse geledinge in die verskillende illustrasies aanneem, kan nie sonder 'n geskiedkundige benadering verklaar word nie. So kan Bloemfontein nie verstaan word sonder verwysing na die impak van die Platberg-ThabaNchu verhuising in 1833 nie.

(d) Alhoewel skeuringe op grond van etniese eiesoortigheid of naywer wat na etnisiteit teruggevoer kan word, nie in die stedelike gebiede op die voorgrond tree nie, is in Bloemfontein egter 'n voorbeeld van Tswana versus Xhosa onderken. In Soweto weer, bring die uiters heterogeen-etniese samestelling mee dat koördinasie op kerklike gebied bemoeilik word.

(e) Leerstellige besware kristalliseer nie as sodanig juis duidelik uit nie. Binne die Presbyterian Church of Africa bou spanning egter op omdat Marumo te veel maak van sy charismata - veral van genesing .

(f) Die lewenskragtigheid van die tradisionele religie - al sou dit ook nie altyd bely word nie - werk sterk deur in die separatisme. Slegs in Bloemfontein blyk uit ons opname dat die vroeë en volgehoue kerste=ningsaksie van gevestigde kerke die separatistepersentasie tot 'n lae vlak gedwing het. Twee van die sterker leiers van die S -groepering aldaar het beweer dat die tradisionele religie 'n faktor bly dog slegs in die baie, maar wat hulle onderskeie aanhang betref, klein groepies onbeskaamd na vore kom.

(g) Die tradisionele religie in die separatisme dra 'n swaar gewig ten opsigte van die <u>badimo</u>, openbaringe, 'n hele genesingskompleks en die magiese.

Dit skyn of veral - maar nie uitsluitend nie - 'n soort dubbeldorigheid deur die meerderheid separatistiese bewegings van die A -en Z -tipes vertoon word in die sin van 'n sinkretisme van religieuse aard waar sowel 'n Christelike as 'n tradisioneel-religieuse gestalte in dieselfde beweging gedoog word.

(h) Dit is by name uit Soweto dat ons veldwerkers die tendens onderken

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

dat die separatisme neig tot groepvorming vir onderlinge hulpver= lening. Hierdie tendens word duidelik waargeneem óm begrafnisse.

(i) Op grond van die statistiekbeeld wat gegee is, is die besondere kenmerk van die separatisme sy versplintering wat bly eskaleer. In hoë mate is dit baie groepe met elk slegs 'n beperkte plaaslike volgelingge= tal. Ter stawing kan die steekproef in Thabong (Tabel 16) genoem word. In dié geval het ons bereken dat die gemiddelde volgelinge per groep onder die Apostoliese 34,2% en by die Sioniste slegs 16,6% is.

3 Konsentrasie- en Organisasiesentrums

In vervlegting tot die vorige bevindinge, is daar komplekse verhoudinge wat op die digtheidskaarte soos Figure II, V en VI gearseer kon word. Hierdie komplekse verhoudinge kan beter verduidelik word deur die ver= skynsel van die separatisme in die volgende gebiede veral op die platte= land van nader te betrag, te wete in Bloemhof, Frankfort, Wallmannsthal, Wintersveld en Evaton. (Bloemhof het ons reeds in 'n ander verband aan die orde gestel en Frankfort meer uit die gesigshoek van die besondere sametreffing in die omgewing van Standerton genoem).

(a) Naas die eiesoortigheid van Frankfort, Wallmannsthal en Evaton moet ook die wesensooreenkoms met ons stedelike illustrasies beklemtoon word.

(i) Frankfort is meer bepaald plattelands, 'n distrik waar mielies en koring verbou word, en ook met skape en beeste geboer word; 'n blanke gebied waar Swartes as plaasarbeiders betrokke is. Daar is die gewone dorp en swart woonbuurt. Frankfort is egter wat die separa= tisme betref, in lewendige wisselwerking met Evaton en Standerton. Frank= fort, alhoewel etnies meer homogeen as die ander het tog sowat 55% Suid-Sotho, 37% Zoeloe en 9% Xhosa (1946-sensus). Op hulle beurt is die Suid-Sotho onderling tweesoortig met 40% - volgens 'n plaaslike informant - Tlokwa. Daarbenewens is daar plaaslik etnies-historiese oorde wat kon= serwatisme in die hand werk.

Wat die Blankes van Frankfort betref het ons kerklik 'n komplekse steur=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

bestel beginnende met die toetrede van die Wederdopers in die tagtiger=jare van die vorige eeu en skeuringe óm die Anglo-Boere-oorlog in Gereformeerde gedinge. Onder die omstandighede kon kerstening en kerkopbou onder die Swartes deur die meer gevestigde NG Kerk nie met die behoefte tred hou nie.

Die Oorlogsontwrigting val boonop - wat Frankfort betref - saam met die Le Roux, Poho en Marumo afsplintering. Dit gee momentum aan die separa=tistiese versplintering.

So val daar meer lig op Frankfort as een van die omgewings waar 'n opti=mum teelaarde vir die separatisme voorhande is.

Die eskalering van die separatiste-aanhang hou direk verband met die ersteningswerk deur Apostoliesgesindtes onder Swartes. Bestaande en nuwe geloofsverdeling onder Blankes word meer op Swartes oorgedra. Hier=naas kom die besondere effek van leierstwis as oorsaak van verdere skeuring duidelik na vore.

(ii) Wat Wallmannsthal, Wintersveld en Evaton betref, is daar vandag in hoë mate besetting deur etnies-heterogene Swartes uit die PWV-gebied wat landbouhoewes of persele aangekoop het. Wallmannsthal het aanvanklik óm 'n Berlyns-Lutherse sendingstasie gegroei. Ons het aangetoon hoedat die Berliner Missionsgesellschaft teen 1936 Wallmanns=thal in landbouhoewes of persele kon laat opmeet en aan Swartes verkoop het.

Alhoewel die Berlyners (Evangelies-Lutherse Kerk) teen 1964 nog die sterkste Gesindte aldaar was, toon ons eie opname dat die separatiste al sowat 27% van die inwonertal uitmaak.

Wintersveld, wat oorspronklik byna ongerepte bosveld was, word deur 'n sindikaat gekoop, in landbouhoewes van vyfmorg- en tienmorg-eenhede opgesny en aan Swartes verkoop. Eers teen 1962 kon een van die geves=tigde Kerke in eie reg daar 'n gemeente met sy kerk en evangelis uitbou. Ons veldwerker het daar 59 verskillende separatistiese bewegings opge=spoor. Die landbouhoewes bied as sodanig nie juis ekonomiese self=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

versorging nie. Ons bevind ook nie dat dit die primêre doelstelling was by die aankoop nie.

Verdere algemene kenmerke van die separatisme wat in hierdie gebiede na vore tree is die volgende:

(a) Die behoud van belangrike komponente van die voorouerdiens en die beveiligingshandelinge deur die kragdokter as erkende dele van die geloofsisteem.

(b) Die besondere leiersrol wat deur vroue gespeel word.

(c) Die besondere wyse waarop die liturgiese orde uitgebou en aan= gevul word sonder dat daar noodwendig 'n nuwe geykte patroon tot stand kom.

4. Skeuroorsake

4.1 Die politieke gesindheid as skeuringsoorsaak in die sin van 'n uitgesproke antitese ten opsigte van die Blankes, was nie opvallend nie.

4.2 Die magstryd om leierskap is een van die sterkste skeuroorsake. En omdat die bewegings by uitstek groepvorming om en onder 'n besondere leier is, lei persoonlike magsvetes tussen aanspraakmakers tot onder= linge splitsing en herverdeling waar 'n leier en sy party wegbreek om 'n eie organisasie te stig.

4.3 Charismata

Die meeste leiers beroep hulle op buitegewone drome en of openbaringe. "Die hemel" het beveel of "'n stem het gesê". So 'n geroepene was ge= woonlik lydende aan 'n ongesteldheid wat supernatureel veroorsaak sou wees. Deur sonderlinge tussenkoms of inspraak word hulle beveel om met 'n be= sondere doop gedoop te word, kry hulle singuliere gawes soos helder= siendheid, van genesing en selfs magsbevoegdheid tot 'n eie stigting, 'n aparte kerkvorming. By genesing is water in die meerderheid gevalle ter sprake. Die genesingsaspek loop uit op vry gestruktureerde kliniek - behandeling. Alles staan egter in die teken van gebeds- of geloofsgenesing .

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Dit moet vir ons duidelik word dat die betrokke magstryd en beroep op charismatiese bedeeldheid in eie reg, albei neig tot aparte groep=vorming.

4.4 "Eiendomsreg" - erflike opvolging - geld

Ons het bevind dat die separatistiese leier in Evaton gewoonlik die eienaar van die perseel, waarop die tersaaklike aktiwiteite plaasvind, is. Naas groeperinkies wat in huise geakkommodeer kan word, is daar vir so 'n beperkte geografiese omlyning as Evaton 'n hoë frekwensie anker=punte of hoofkwartiere van lewenskragtige bewegings met wye opvanggebiede.

Daarby neig die bewegings daartoe om in sakeondernemings te ontwikkel; in die sin van dankoffers vir diagnose deur profetering , kliniek -dienste en ander. Hierdie ineenstrengeling lei onder meer tot onder=linge spanning en separasie. Leiers en leiersfamilies bejeën die "kerk as erfenis". Aan die ander kant ontwikkel daar binne die beweging weerstand hierteen. Die weerstand is op sy beurt meer pragmaties as teologies. Dit gaan in beginsel nie om Christus as die Eienaar van die Kerk nie, maar soos ons veldwerker dit sou saamvat: "Mense skeur omdat dit betaal om leier van 'n 'kerk' te wees; veral as 'n mens die stigter daarvan is."

4.5 Leerstellig

Skeuring as gevolg van suiwer teologiese redes kom nie oorwegend na vore nie. Melding moet egter gemaak word dat messiaanse pretensie in blatante vorm in die McCamelbeweging gedemonstreer is waar die leier homself as "gekruisigde" aanbied.

4.6 Tradisioneel-religieuse skakeling

Die tradisionele religie soos in 1.2 omskrywe, oefen 'n dwingende invloed uit op skeuringe en nuwe groeperinge. Ter verduideliking dien die volgende.

(a) Die "waterkompleks"

Die separatistiese skeurgeledinge uit die AGS nadat Le Roux teen 1915

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

hom onttrek het, is wat getalsverhouding en invloed betref, toonaan=gewend te Evaton gewees. Waarom weggebreek is, word nie in die eerste plek as verset teen oorheersing van Blankes aangeteken nie, maar omdat daar nie genoeg speling aan die gebruik van water toegestaan is nie; dit wil sê, 'n gestruktureerde, rituele gebruik van "geseënde of gebeds=water". In feite word hierdie waterkultus só omvattend dat dit tot 'n derde sakrament , naas die Nagmaal en die Doop (van volwassenes) verhef word. Dit is veral in hierdie waterkompleks waar die ex opere operato-geloof in sig kom.

Baie komponente van die tradisionele religie word in hierdie kompleks teruggevind. Dit is die charismatiese profeet wat geroep is en gewoonlik spesialiseer in "water"-toediening.

(b) In etlike bewegings is bevind dat die badimo 'n rol speel.

(c) Taboes kom voor.

(d) By diagnose word die Bybel dikwels op so 'n wyse gebruik dat daar ooreenkoms is met die funksie van die waarseggingstegniek van die ngaka.

(e) Op soek na gesondheid, sowel liggaamlike as geestesgesondheid, kom die vrou - wat boonop 'n getalle-oorwig het - te lande in klinieke wat die onderskeie bewegings daarop nahou. Uiteraard is die vrou by uitstek geskik vir dergelike verpleging. Des te meer as die vrou aan die hoof ook die profetes is.

Dit skyn of hierdie besonderhede dui op 'n positiewe korrelasie tussen die separatistebewegings en die tradisionele religie.

Dit word nodig om hierdie voorlopige bevindinge oor kenmerke en skeuroorsake van die separatisme verder te toets. Dit word gedoen aan die hand van voor=beelde van versplintering wat die volle spektrum van links na regs dek. Wat ons deur links en regs bedoel, het ons in hoofstuk 1 omskrywe. Dit kom neer op die volgende: Indien die teologiese posisie van die be=weging behoudend of ortodoks is ten aansien van die kerkverband waaruit geskeur is, word dit as regs getipeer. Links daarenteen is bewegings wat sterk ooreenkoms vertoon met die tradisionele religie en dus afwyk van die Christelike geloof al sou hulle hul as kerk aandien. Hierna kan die werklike bevinding beredeneer word. Eersgenoemde volg in hoofstuk 3 en laasgenoemde in hoofstuk 4.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 3

## BESONDERE KERKE EN BEWEGINGS

### ALGEMENE INLEIDING

In die metodologiese aspek (1.4.5) het ons aangevoer dat om die wese van die separatisme te kenskets dit belangrik is om 'n aantal bewegings in detail te bestudeer. In Verslag 1973:579-965 is 'n veertiental be= skrywe. In die onderhawige studie is op sy beurt vyf uitgesoek en ver= werk. Daarby kom 'n sesde, die St Paul's Apostolic Faith Morning Star Church of SA. Die sestal bewegings is in hoë mate verteenwoordigend van die verskillende soorte bewegings wat in die gebied aangetref word.

In hierdie beskrywinge is daar besondere aandag gegee aan die volgende aspekte: die ontstaan, leierskap, samestelling van aanhoriges, organi= sasie, rol van die vrou, die leerstellige, liturgie, tug, genesing en die aanwesigheid van die tradisionele religie indien wel. Die stof wat ten opsigte van elke beweging aangebied word, is nie ewe omvangryk nie omdat die omstandighede vir die inwinning van besonderhede nie oral ewe gunstig was nie en in baie gevalle was besonderhede nie voorhande nie.

Met verwysing na 1.3.2.2.4 wil Sundkler (1961) 'n driedeling handhaaf. Hy wil globaalweg die separatistebewegings indeel in "Ethiopian", "Zionist" en "Messianic". Ons het dan ook die ses bewegings probeer rangskik in 'n tipe spektrum van 1-6. Ons kriterium was in 'n sin 'n teo= logiese. Ter verduideliking herhaal ons wat in 1.1.1 geformuleer is: "Aandag word gewy byvoorbeeld aan die teologiese posisies wat behoudend of ortodoks is, (d.i. regs) ten aansien van die kerkverband waaruit geskeur is. Dan kry ons ook bewegings aan die ander kant van die spek= trum (links) wat sterk ooreenkoms vertoon met die tradisionele religie. Linkse verbande is dan eerder tradisioneel-religieuse groeperinge en ten aansien van die Christelike geloof sterk afwykend al sou hulle hul ook aandien as kerk. Hulle is links of selfs ver-links in verlyking met die ortodokse regses .

By nadere betragting van die ses voorbeelde gaan ons waarskynlik bevind dat opvallende verskille na vore tree tussen byvoorbeeld die Afrikaansche Kerk (ons no 1) en die Zion Christian Church (ons no 6). By die St Paul's

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Apostolic Faith Morning Star Church of SA (no 4), die Church of Christ's Assemblies (no 5) en by no 6 kry ons egter 'n "eensydige verswaring" of oorhelling na 'n tipe Apostolies-Sionistiese gestalte. Ons het dit deurgaans ondervind dat ons met ons steekproewe gewoonlik beweeg in 'n Apostolies-Sionistiese dampkring. Ons het die indruk gekry dat daar ook 'n patroonmatigheid is ten opsigte van die soort bewegings waaraan in ons studieveld voorkeur gegee word. Ons herinner daaraan dat 'n be= weging soos die Church of Christ's Assemblies in sy ontstaansgeskiedenis 'n Presbiteriaanse komponent het. Ook het ons beskrywe dat daar in die Moshoeshoe Berean Bible Readers' Church (ons no 3) 'n messiaanse kom= ponent is. Die ander beweging waarin messianisme onderskep word is in die Zion Christian Church. Hierdie twee bewegings se moederkerke is in feite ook verskillend.

Gevolglik word in bedenking gegee dat daar by die verskynsel Separatisme eerder van skakeringe as van strenge afbakening sprake kan wees.

Hoofstuk 3 word nie afgesluit met 'n samevatting nie aangesien in hoof= stuk 4 die aspekte soos in die afsonderlike beskrywing aan die orde gestel, tematies geïnterpreteer word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 3.1 AFRIKAANSCHE KERK (AFRICAN CHURCH)

### 3.1.1 Inleiding

Die Afrikaansche Kerk - dit was oorspronklik die naam - later bekend as African Church (eie afkorting AC) is een van die oudste separatistiese bewegings onder die Swartes. Nie slegs het die AC 'n interessante amp= telike lêer vir "Staatserkenning" en aanverwante doelstellings opgebou nie, maar in die loop van die ondersoek het informante uit die binne= kring met oorgawe saamgewerk. Die AC was een van die uitsonderings waar die algemene sekretaris baie volledig en op skrif inligting oor aspekte soos lidmatetal en hulle verspreiding in detail verstrek het.

Verder is voldonge of dreigende skeuring in die teenwoordigheid van die navorser aan Hoofkantoor van die destydse Departement van Bantoe-admini= strasie en -ontwikkeling beklink of afgewend in 1960; ons is bevrees dat op grond van latere inligting, eersgenoemde die geval is. Hiermee word nie bedoel dat die Departement ingegryp het nie, maar dat die teer= ling onderling gewerp is. Onwillekeurig moes mens dink aan gebeurte= nisse in die vroeë kerkgeskiedenis, soos vervat onder meer in S L Green= slade se boek Schism in the Early Church. Hy onderskei 'n vyftal oorsake-komplekse vir skisma waarvan twee naamlik die persoonlike en die naywer met betrekking tot bisdomme in die AC-bestel sterk op die voorgrond tree. Wat die "persoonlike" betref, begin Greenslade deur te verwys na Chrusostomos wat aangevoer het dat magsug die sterkste oorsaak van ver= deeldheid in die Kerk is. Verder sou Chrusostomos verduidelik het dat kettery daarenteen berus op ware meningsverskil. Greenslade reageer egter hierop en skrywe: "In reality it is not easy to assess the per= sonal element among the causes of schism. Without the leadership of some strong personality, it is scarcely likely that any group will have the force or courage to divide the Church, and few men, especially power= ful men, are free from some taint of ambition or pride, jealousy or pique .... But conviction is sometimes rationalisation, or genuine belief and a factious spirit may co-exist; and what judgement we can pass will depend in part upon the nature of the evidence which has sur= vived"(1953:37). Wat naywer in bisdomverband betref, betoog Greenslade dat so vroeg soos die Sinode van Konstantinopel (381) daar al besluite

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

geneem is om wanpraktyk te besweer. Van Besluit 2 sê Greenslade: " ... canon (2) marks their resentment of Alexandrian interference, though in a generalised form. The civil diocese is recognised as a normal unit in ecclesiastical administration and the bishops of one such diocese are forbidden to intervene in the affairs of another" (1953:77-8).

3.1.2 Die Ontstaansgeskiedenis

AC is 'n skeurbeweging uit die Church of England in Pretoria en wat tot 21 Mei 1886 teruggevoer kan word; alhoewel die stigtingsdatum eintlik 6 September 1888 is.

Tydens veldwerk het die enigste oorlewende seun van die stigter - hy was toe een-en-tagtig - waardevolle informasie verskaf. Hy was vir meer as veertig jaar sekretaris van die AC. Dit is dan ook hy, Asaph Leslie Kanyane Napo, wat as woordvoerder opgetree het toe die Kerke voor die Tomlinsonkommissie getuienis gelewer het. Op daardie betrokke dag het hy pront Afrikaans gepraat soos 'n oorlamse. Sy korrespondensie as "General Secretary for African Church" is egter in Engels en daarby betreklik goeie Engels. Hiervoor is daar 'n besondere rede. Op jeug= dige ouderom is hy oorsee om matriek af te lê en hom as "barrister" of "lawyer" te bekwaam. Dog voordat hy sy matriek kon slaag aan die African Training College te Colwyn Bay in Wallis, is hy teruggeroep om sy vader te help. Sy vader sou glo beskuldig gewees het dat hy Sekhukhune teen die Boere opgesteek het. In 'n bandopname vermeld hy slegs dat sy vader sy hulp nodig gehad het.

Die stigter van die AC, Joseph Mothunye Kanyane Napo, is volgens 'n oorkonde in die betrokke Lêer van hoë afkoms en in sy kinderdae be= sonder bevoorreg. Thulare, vroeëre hoofkaptein van die Pedi, was sy oupa. As hy nie 'n besondere roeping tot Evangeliediens ontvang het nie, sou hy kaptein geword het. Alhoewel die oorkonde deur A L K Napo ge= skryf is, doen hy dit as algemene sekretaris van die AC. Ons haal volledig aan omdat hier allerlei kantbeligting voorhande is: "Bishop J M Kanyane Napo was born of Royal parents in the Royal Kraal of Matlala Thaba in Sekukuesland, and grew up in the Lekgotla in the lap of the

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



great and powerful Native Chief Sekwati of the Bapedi Tribe, during his childhood days. He was a shepherd boy, a heathen, who could not read nor write, and knew nothing of the Bible, and he had never seen a book in his life, through this conception from a Super-natural source induced the late Bishop J M Kanyane Napo to reject his Chieftainship and left his home, and everything that was dear to him to be the Moses to bring his people out of the bondage of darkness and ignorance into the marvellous light of God and His goodness."

"The Rev. J.M.K.Napo was the spokesman of all the Native Chiefs through= out the Transvaal in any matters affected them with the Government, a great orator and the greatest preacher of his time. The Government always seeked this old man's advice in any clashes with the natives that affected the white man, and whenever the Government sent for this old man, his word was always a soothing syrup to them, and they always heeded the old man's advice. Whenever a big personality arrive over sea, Kanyane was the first man they wish to see in order to get his advice. Rev. J.M. Kanyane Napo was the greatest expert of his time in all native laws in the Transvaal and could speak many languages."

(Ons vestig die aandag op die naam Napo. In 'n gesprek met P Ellenberger in Lesotho, gaan dit oor Ntswanatsatsi. Hy voer toe aan: "Napo was the first to come to Ntswanatsatsi ± 1550 - grandson of Kwena; Ntswanatsatsi - famous birthplace of Bakwena clans." D F Ellenberger in sy Histori ea Basotho, vol 1: brei uit op die tersaaklike gegewens (1943:3 asook p49).

Joseph Napo het glo vroeg getoon dat hy nie gedweë in die tradisionele weg sou opgroei nie. Hy het gesmag na kennis en ervaring buite die beperkinge van Pediland. Hy het dan ook op eie houtjie na die Ooste= like Provinsie gegaan en kom in die omgewing van Port Elizabeth onder kerklike invloed. As ons weer van hom hoor is hy op Modderpoort of ThabaNchu alwaar hy as kategeet vir die Church of England opgelei word. Die Biskop van Bloemfontein (of van Grahamstad - Tomlinsonverslag hfst. 5:20 en sy Record of Evidence vol. 72:6655-58 slaan op die AC) stuur hom om baanbrekerswerk vir die "Church of England" onder die Nie-Blankes in Pretoria te gaan verrig. Hy bereik sy bestemming op 7 Maart

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1883 en vind dat daar tot op daardie tydstip nog geen georganiseerde "native Missions of the Church of England in the Province" was nie. Die "Dean of Pretoria" het hom toe al die plekke getoon waar ander Genootskappe nog nie juis gearbei het nie. Daar rus blykbaar seën op sy arbeid want binne 'n maand het hy vyftien bekeerlinge en teen die einde van die jaar was daar vyftig op sy register. Nadat hy drie jaar onder die Biskop van Pretoria gewerk het, word Deacon Back van Christiana gestuur "to come and help me." Die destydse biskop was volgens Asaph ene Bussfield en in oorlegpleging sou hy gesê het: "Pa kan try om swart gemeente te stig en toe stig hulle St. Cuthbert's vir alle swart geslagte. Maar Pa sal nou hand nodig hê van wit pries= ter om te help met wit mense se kant .... Toe begin Pa met tweede kerk te Makau."

Op hierdie tydstip word Deacon Back dan deur die biskop van Boemfontein gestuur. Die eintlike skeurinsident en snel-opmekaarvolgende gebeure word soos volg beskrywe: "The Rev gentleman arrived in Pretoria at 9 a.m. Saturday morning, 21st May 1886. My readers must understand that I should have been ordained by the Bishop of Pretoria according to a promise of the Bishop of Bloemfontein O.F.S. who sent me to Transvaal. On his arrival at St. Cuthbert's Mission Deacon Back said: 'Well Kanyane the Bishop has sent me to you to show me my room and the church.' I showed him his room and the church and mine as well, at the same time he said to me that the people coming to the church must not go in by the front door. I said to him Rev. Back you better say this yourself to the Congregation .... In reply after the service the congregation told the Deacon that you are the minister to the white people if you were our minister you should not say those words. So the Deacon went to the Canon and told him that the Congregation disobeyed him, the Canon called me and said are you telling the Congregation not to obey Rev Back's order, I replied no that is not so. He told me then to occupy my sleep= ing quarter in the horses stable and work in the garden to make a living, as the Congregation no longer belong to you Kanyane but to deacon Back. After a few days time one of my school boys namely Petros Mogase came to me and said he was sent by the Congregation. I took him to the Canon who was with the Deacon and told them what the man had come for, in reply to the man, the Canon told him that the Congregation was no more under

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Kanyane but under Deacon Back. This man told the Canon. We are sixty followers of Kanyane, and we are quite prepared to support our father Kanyane and he pointed out to them, saying you have now driven away the whole Congregation of St. Cuthbert Mission; on the following Sunday there was not a single attendance in Church."

Volgens dieselfde bron sou sekere Blankes, vermoedelik lidmate van die Church of England , van die onaangenaamheid verneem het en Kanyane ingeroep het vir ondervraging. Kanyane is in die gelyk ge= stel. Dan vervolg die opsteller: " ... after conclusion of this investigation, the Bishop finding that these three gentlemen were so wise to see that justice should be done, he got annoyed and ordered me to leave the English Church which I did at the Bishop's request." Lees ons nou die Tomlinsonverslag (Record of Evidence, Vol no 72 pp6645-58), tref dit dat Kanyane homself nie weerspreek nie; inteen= deel, besonderhede laat ons die verloop van sake beter volg. So sou die biskop se vrou vir Kanyane gesê het: "Ou Kanyane, jy sal sien wat sal gebeur. As die boom wat jy geplant het vrugte dra, sal hulle vir jou wegja." Voor die Kommissie getuig Asaph dat die biskop van Bloem= fontein 'n brief aan Kanyane geskryf het waarin hy sê: "Ek sal 'n wet= geleerde stuur om vir jou te help." Dit is nou Deacon Back. Die insident laat die biskop se vrou se voorspelling in hom weerklink en hy reageer: "Dít sal die dag wees dat ek sommer so weggeja word; ek het alles reggemaak vir jou; hier was geen gemeente nie ... ek het die boom geplant en gespit in die grond; die boom het gegroei en hy dra nou vrugte en ek het nie nou die reg om die vrugte te eet van die boom wat ek geplant het nie."

Volgens die Verslag was daar 'n hofsaak tussen Kanyane en die Church of England wat Kanyane gewen het. Die Kerk appelleer en verloor. Die advokaat vir Kanyane was Burgers. Op een of ander wyse kom President Kruger te hore van die geding en die posisie waarin Kanyane verkeer. Nadat hy in teenwoordigheid van ander soos Generaal Joubert en dr Leyds vir Kanyane ondervra het, sou hy besluit het: "As dit so is, sal ek die biskop forseer deur 'n resolusie van die Volksraad om vir jou te salf." Daarop sou Kanyane dan geantwoord het: "Baie dankie, President, maar daardie salf sal nie aangenaam wees nie." Toe sê die ou President:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

"Wel, ou Kanyane, daar is nie net een manier om 'n kat dood te maak nie. Solank as my naam Johannes Paulus Kruger is, sal ek sien dat jy gesalf word as die bruinmense se predikant vir die voordeel van jou eie mense. Ek sien dat jy beter sal kan doen vir jou eie mense as wat 'n witman sal kan doen." (Generaal Joubert was weliswaar op 'n stadium Superintendent van Naturellesake).

Op die punt van Swartbeheer staan AC sterk. Dit sou dan ook 'n begeerte wees wat die stigter teen die einde van sy lewe uitspel dat hierin geen kompromis getref mag word nie.

Deur bemiddeling van die Volksraad is Kanyane op 21 September 1890 ge=orden en bevestig in die Wesleysaal, Vermeulenstraat. President Kruger het vir hierdie "salwing" drie Engelse leraars gevra: twee van die Kongregasionaliste en een van die Presbiteriaanse Kerk (vgl ook vir AC in hierdie verband F S Malan: 1959:12).

Kanyane sou self die naam Afrikaansche Kerk gekies het. En dis die AC se trots dat hulle die eerste dergelike Staatserkenning in die Trans=vaal onder die ou Republiek erlang het.

Die hoeksteen van die eerste kerkgebou is gelê deur die sekretaris van die Departement van Onderwys. Dit was in die ou Marabastad, Pretoria, geleë. Later word die terrein vir 'n rioolskema benodig en 'n kerk is toe in Klipstraat in die destydse Lady Selborne gebou; eers later as gevolg van die beywering van Motle is oorgegaan tot die bou van die St. Peter's in Baronstraat.

### 3.1.3 Onderlinge stryd en skeuring

Van tyd tot tyd was daar onderlinge stryd in die AC. Ons beskrywe 'n paar voorbeelde:

Molefe volg Kanyane uit die Church of England dog skeur op sy beurt in 1904. (F S Malan, 1959:11 stel dit op 1908). Dit lyk of meer as een beweging hom aandien onder die naam wat Molefe vir sy separaat kies naamlik African Catholic Church. Ons herinner daaraan dat Kanyane naas

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

St. Cuthbert 'n tweede "kerk" of buitepos by Makau begin. Dit is digby die huidige Ga-Rankuwa. Uit daardie omgewing verneem ons dat Sesoko een van die leraars van Kanyane was. Hy vra dat Kanyane hom toelaat om sy eie kerk te stig. "Dit is toegelaat en hy het African Catholic Church gestig. 'Catholic', volgens hulle beteken 'katohang' en dit beteken wegskuif; dit was 'n vriendelike afskeiding, wat nie twis was nie. Dit is maar met vrede toegelaat. Die rede dat Kanyane 'n Indian as biskop wou inbring (is genoem). Maar toe Kanyane oud was, ontken hy dit." 'n Hoogbejaarde vrou, met helder verstand en uit die binnekring van die stigtersgeledere van die AC beweer dat dit nie ge= gaan het oor 'n "Koelie" as biskop nie maar wel daaroor dat die leier van die AC as getroude man 'n verhouding met 'n "Koelie"-vrou sou aan= geknoop het.

Motle is reeds in verband met die St Peter's genoem. Vir dekades bly hy 'n gesiene sakeman in Lady Selborne. Hy het veral belang gehad by busse wat Swartes vervoer todat hy uitverkoop aan "Utility Transport Company". Of hy 'n beherende aandeel in die ou "African"-busdiens ge= had het, kon ons nie kontroleer nie. Daar was egter verband tussen hierdie "African" en die "African Church". En Motle was lidmaat van die AC. Dit is volgens A L K Napo op advies van Motle dat die kerkge= bou, pastorie en skool - meer sentraal in Lady Selborne geleë opgerig word. Ten aansien van hierdie kerksentrum, die St Peter's in Baron= straat, neem Motle 'n leidende aandeel; eintlik is hy bou-aannemer. Ons informant en oud-sekretaris van die AC beweer: "Toe dit klaar gaan kom, kom sy skelmgeid. Toe kies hulle my broer en twee leraarts om kaart te gaan haal. Toe hulle by hom huis kom sê Molte: 'Julle moet eers aan my elmboë byt voor ek sal besluit.' Toe loop hy so; toe loop hy so. Wat maak hy? Hy gaan na die building society en leen £1,600 met ons naam. Mense betaal nou nog daaraan." - Uit sy weergawe sou 'n mens kon aflei dat van die lede glo onder leiding van Motle onbesonne 'n doku= ment onderteken het.

Dit was egter nie die einde nie. Motle het invloed oor 'n sekere seksie verkry en 'n beweging van stapel gestuur om die AC met die Church of England te amalgameer. Vir 'n tyd het die AC dan ook op die amptelike lys van "Erkende Kerke" as geamalgameer met genoemde kerk verskyn. Die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onder eker kon nie deurdring tot wat presies óm die stap tot amalg iasie plaasgevind het nie. Wat wel duideliker na vore kom, is da almal nie daarmee genoeë geneem het nie. Nou weet ons dat met k kvereniging kerkeiendom mede in berekening gebring word. Wat die A betref was okkupasiereg ten opsigte van kerkpersele byvoorbeeld en di ligging van geboue nie meer beperk tot een distrik nie. Die twees lt tussen die Motle-inskakelingsbeleid en sy implementering aan d een kant en die AC-geledinge wat hom opponeer aan die ander kant, oop uit op 'n hofsaak. Op 5 September 1947 word uitspraak gegee ten g iste van die AC van Joseph Napo (die destydse biskop). (Saak no. 105/1 16 van die Naturellekommissaris Hof, distrik Pretoria tussen The A rican Church en H M Motle slaan op hierdie aangeleentheid). Uit die b redenering blyk dat daar nie bewys vir Amalgamasie was nie. In feite vas dit nou 'n toetssaak wat implikasies gehad het vir onder meer kerkp rsele, geboue en beskikkingsreg oor eiendomme vir sover die AC regsp rsoonlikheid kon handhaaf en die aanspraak van Motle op grond daarv 1 kon hokslaan.

As vc rbeeld van iemand wat hom op die uitslag van hierdie hofsaak be=roep et, verneem ons dat 'n leraar W Maila van Springs kla dat "hulle" nie c e sleutels van die kerk wil oorhandig nie. Hierdie "hulle" slaan op " ... people of the African corporation under church of England ...." Die D partement waar W Maila sy klag aanhangig maak laat weet: " ... your only remedy is to sue for their delivery."

Op st k van sake het Motle 'n deel van die AC-kudde onder weerstand van die k nt van die destyds gemagtigde leiers terug gelei na die moeder=kerk die Church of England.

W M ochochoko. Byna twee en 'n half jaar nadat bovermelde Saak no. 105/ 46 ten gunste van AC besleg is, doen Mochochoko aansoek om Staa erkenning. Hy is woonagtig in die Vrystaat, dien hom aan as bisk en stel sy saak via 'n prokureursfirma. Die saak wat die firma vir klïënt opbou, kom op die volgende neer: Die African Church is in 1 8 in die Transvaal gestig maar weens twis en tweedrag het die kerk iteengespat. 'n Groot deel van die kerk in Transvaal het oorge=gaan a die Church of England. In 1940 het die Sinode van die Kerk

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

van Oranje Vrystaat en Basoetoland afgeskei en hierdie deel het outo= noom geword en die Transvaalse deel van die kerk het by die Church of England aangesluit terwyl die OVS-deel sy identiteit behou het. W M Mochochoko was georden as Anglikaan. Hy is deur die sinode van hier= die kerk as biskop verkies. Op datum van skrywe (24/4/50) is daar vyf predikante - al vyf deur Mochochoko georden - en sestien evangeliste. Die kerk het veertien takke op plekke (sentra) in die Vrystaat en vier in die Transvaal. Hulle word gespesifiseer. Nie een van die predi= kante - selfs nie die biskop nie - is huweliksbevestigers.

Die betrokke Staatsdepartement - waar om Staatserkenning aansoek gedoen word - doen navraag by die Church of England. Hulle skakel blykbaar 'n verteenwoordiger in Pretoria en hy bevestig nogal wat die prokureurs= firma ten opsigte van die verbintenis tussen die AC en die Church of England meedeel.

Die Departement skakel egter ook met die AC onder J N Kanyane (Napo). Destyds was A L Kanyane (Napo) nog Algemene Sekretaris. Hy reageer: "I emphatically deny that the African Church was ever amalgamated ... must however point out to you, that the African (die woord "Church" uitgelaat) was never amalgamated with any European Church since its inception ... and do not think it necessary to deal any further on the point of amalgamation." Hy volg sy brief op deur persoonlik sy opwag= ting by Hoofkantoor te maak, bevestig wat hy geskrywe het en voer aan dat sy ouer broer, J N Kanyane, die hoof van die AC is. In die betrokke Lêer word ook aangeteken dat hy verklaar het: "Mochochoko is not the bishop but is merely their minister in Bloemfontein. They will deal with his claims to be biship at their Synod to be held in December 1950."

Blykbaar is die stryd op die Sinode in gesonder bane gestuur want Mocho- choko word een van die biskoppe en na sy dood is 'n seun van hom in daar= die posisie verkies en dien tydens ons ondersoek as "General Secretary".

Veel meer ingewikkeld is die stryd waarin Lieta vir Seleka na die kroon steek.

Op 18 April 1952 skrywe B W Lieta uit Pimville 'n skynbaar doodonskuldige

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



briefie en vra aan die Departement of hulle die onderskeid kan aandui tussen "Motle en Kanyane Napo 1888 Church" en versoek ook om 'n nuwe lys van die kerke. Dit is 'n dag nadat J N Kanyane Napo oorlede is en mens vra jouself af of dit moontlik is dat Lieta hiervan geen kennis gedra het nie.

Drie maande later ontvang die Departement 'n brief van A L Kanyane (Napo), nog steeds algemene sekretaris, waarin hy 'n vertaling gee van 'n brief wat die oorlede leier twaalf dae voor sy dood sou geskrywe het. Dit lui, o.a.: "Be it know to you all that the power is vested in me to elect my own successor.

I see my days are speedily coming to a close. I therefore now nominate and appoint the Rgt Rev J L Seleke of Kimberley to be my Successor, until such time when my young son will be efficiently trained to take my place. He has now passed his 3rd JC Examination. Should he fail to carry out my wishes, the Bishop J L Seleke shall remain the permanent senior Bishop of the African Church .... Please notify the Secretary for Native Affairs and the Native Commissioner of my successor."

Teen hierdie tyd is daar tekens dat Asaph Kanyane in onguns geraak het by 'n sekere seksie as gevolg van sy hantering van skoolsake in Lady Selborne. Ook is daar blykbaar 'n groter groep wat nie gediend is met die benoeming van Seleke nie. Teen begin 1955 het hulle Johannes Kekana tot "Arch-Bishop of African Church of the Union of South Africa" verkies. (Die onderlinge stryd is dus nie bloot een tussen Lieta en Seleke nie).

Sowat twee jaar later word in Pimville 'n streeksinode gehou. Die sekretaris van die bisdom dra 'n besluit aan die Departement oor waarin ook 'n versoek vervat is. Hulle het besluit dat Kekana, die biskop van die Pretoriastreek en Lieta, die biskop van die Johannesburg-Rand-streek hulle onderskeidelik streng tot hulle eie bisdomme moet bepaal. Die Departement se hulp word gevra om hierdie reëling aan die betrokke biskoppe tuis te bring. Die Departement skrywe dat hulle nie geneë is om hulle met huishoudelike twiste in te laat nie en waarsku: " ... that should the dispute in your church not be settled without further

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


delay, the Government recognition of the church will have to be reconsidered."

Onderwyl Lieta blykbaar sy posisie konsolideer en sy jurisdiksie oorskry, vergader die algemene Sinode op 12 Julie 1958 en verwittig die Departement dat hulle, verteenwoordigende Transvaal, die Oranje-Vrystaat en Kaapland die volgende ampsdraers gekies het: "Presiding Bishop: Rt Revd J L Seleke, ... Kimberley; and General Secretary: Rt Revd H L Mochochoko ... Odendaalsrust."

Die Departement word ook deur ene Malukazi uit Nyanga, naby Kaapstad, oor die AC genader. Sy beweging is African Church of SA gestig in 1947. Kort daarna volg ander inligting naamlik dat hulle met die African Church geaffilieer het en dat J Malukazi - waarskynlik 'n seun van die vorige - verkies is: "as the head of the Cape Province in the meeting which was held at Meadowlands on the 16th December 1959." Die Departement doen navraag oor Malukazi by J Kekana, wat destyds by die Departement as leier bekend was. Hy deel mee dat hy Malukazi nie ken nie en dat hy ook nie lidmaat van die AC is nie. En nou hoor die Departement ook dat 'n Sinode verteenwoordigend van die drie Provinsies: Transvaal, Kaapland en Oranje-Vrystaat reeds op 23 April 1959 besluit het "that Revd William B Lieta P O Box 2, Pimville is no longer regarded as a Bishop of the African Church since he has refused to attend our Synods, and has also refused to affiliate to it." Daar is indirek bewys dat Lieta en J. Malukazi op 15 Desember saamgewerk het. En so brei Lieta sy invloed=sfeer uit. 'n Maand later handig Lieta 'n affiliasie-akte in tussen African United National Baptist Church en die African Church. Die ooreenkoms is in Desember 1959 aangegaan en op 19 Mei 1960 onderteken. Die leier van eersgenoemde beweging is L T Tshalata van Harding, Natal. Ook Natal word nou opvanggebied. 'n Aansoek om "Vergunning om te Okkupeer", geloods deur Lieta met betrekking tot 'n perseel in Daveyton namens die African Church verhoog die spanning, lei tot prikkelende verweer en voer op na 'n klimaks aan die hoofkantoor van die Departement waar die opponerende partye mekaar ontmoet. Onder verweer vóór die ontmoeting het ons veral Lieta se korrespondensie in gedagte. Hy wil onder andere bekend stel: Dat hy op hoogte van sake met die AC is en een van die eerste Streekbiskoppe, naamlik Middelburg J Mothape (d.w.s., Mothape van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

die bisdom Middelburg ) opgevolg het; dat hy nie meedoen aan onder=linge twis nie, dus nie gevoel het om die Kimberlysinode by te woon nie; probeer het om die beleid van die Staat te wete te kom en uit te voer - soos t.o.v. amalgamasie; en dat Mochochoko en Seleke - so dink hy - Kongresmanne is. (Dit sien bepaald op die African National Congress). Verslag 1973:590-2 bied 'n uitvoerige weergawe.

Die betrokke onderhoud aan die hoofkantoor van die Departement is meer drama as onderhoud. Dit is Lieta en een van sy luitenante teenoor vier biskoppe gerugsteun deur die "Executive" en onderleiers, verder ook 'n jong man wat waarskynlik deur die Kanyane Napo's as erflike opvolger voorberei word. Onder die vier biskop-opponente van Lieta is Seleke die senior.

Die beslissing van die amptenaar wat die leiding geneem het, was dat die Seleke-seksie die wettige verteenwoordigers is. Lieta moes die aftog blaas.

Op ons versoek om van die "vyf" biskoppe 'n foto te neem, het Mochochoko namens die Seleke-seksie gesê dat Lieta geen biskop is nie - wat hulle tewens ook gedurende die onderhoud aangevoer het - en nie gediend is om saam met hom op dieselfde foto te verskyn nie.

Ons indruk was dat alhoewel gekortwiek, Lieta beslis nie die saak ge=wonne sou gee nie. En alhoewel 'n biskop na die Rand verplaas is om Lieta te opponeer, was Lieta toe die navorsing oor die AC afgesluit is, nog doening; en maak hy byvoorbeeld proseliete in die bisdom van Mocho=choko.

Waar die AC hom beroem op die feit dat sedert stigting geen inmenging van die kant van blankbeheerde Kerke of Blankes gedoog is nie, moet be=vind word dat onderlinge skeuring en by name onderlinge magstryd tussen leiers of biskoppe aan die orde van die dag is.

3.1.4 Die organisasie van die AC

Daar is reeds inleidend genoem dat oor hierdie aspek die AC skriftelik

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en andersins gunstig gereageer het.

Die AC is nie bloot 'n beperkte plaaslike beweging nie. Soos reeds vermeld is, was die ontstaansoord Pretoria vanwaar uitgebrei is. Weliswaar is die besonderhede soos weergegee in Verslag 1973:594-6 nie volledig nie vanweë die Lieta-problematiek. Dit is egter die amptelike gegewens gespesifiseer onder: "Adherents, Communicants, Minister, Position, Place"? Daar is ook "Assistant Ministers and Catechists"; almal ingedeel volgens die drie Provinsies: Oranje-Vry=staat, Kaapprovinsie en Transvaal. Opsommend ten opsigte van ver=spreiding en getalle is die posisie soos volg: "Adherents": Oranje-Vrystaat: 785; Transvaal: 993; Kaapprovinsie 1 458. "Communicants": Oranje-Vrystaat: 2 162; Transvaal: 2 184; Kaapprovinsie: 2 809.

Dit is duidelik dat die kerkregering episkopaals is en geskoei is op die lees van hierdie stelsel soos die stigter van die AC dit in die Church of England leer ken het. Onder 3.1.3 is egter aangedui dat die stigter voor sy dood 'n skrywe sou gerig het om erfregtlike opvolging in te burger. In die jongste konstitusie word wal gegooi teen hierdie moontlikheid (Art. XIV): "The Arch-Bishop shall be elected by the College of two-thirds majority of Bishops ...."

"The Arch-Bishop shall only be elected among the present Bishops. No minister under any circumstances shall be elected to the SEE of an arch-bishop. The name of the newly-elected Arch-Bishop shall be sub=mitted by the College of Bishops to the General Synod for confirmation."

Die volgende Artikel maak voorsiening vir 'n "auxiliary bishop" wat die oorbrugging bewerkstellig "whenever the Metropolitan See is vacant." Op een plek in die betrokke lêer kry ons ook die amp van "sides-man". Ons insiens is dit nie 'n amp wat in die episkopaalse stelsel opgeneem is nie dog hou verband met die tradisionele kultuur waar ons 'n seatla of letsogo (hand) kry.

Verder val dit op dat ook die biskop se vrou se posisie verskans word. Art.XVI(b): "The Bishop's wife, by virtue of her husband's position shall be President of the Female section of the African Church." Aan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


vroulikes word kerkregtelik inspraak gegee en is sekere ampte vir hulle beskore: Art. XXII(b), "Females of full age, ontherwise quali=fied, shall have the right to vote in all elections and business meetings of the congregation of which they are members and are eligible to be elected Vestrymen, Wardens of Lay Deputies to the Diocesan Synod."

3.1.5 Die Liturgie van die AC

Die liturgiese bevinding is gebaseer op 'n erediens wat bygewoon is in St Peter's, Baronstraat, Lady Selborne. Daar word verwys na die beskry=wing in Verslag 1973:598-600. Hier word dus net die een en ander aan=gestip. Die diens is gelei deur 'n Tswanasprekende "Canon" Seperepere. Alhoewel in die omgang ná die diens ook ander tale soos Zoeloe gehoor is, veronderstel ons dat almal die voertaal kon verstaan. Seperepere was nie slegs tuis in die liturgiese orde nie maar het ook oor 'n klok=heldere sangstem beskik. Dit is 'n groot bate want ons meen die liturgie in die AC wil die Church of England in hierdie opsig op die voet volg; en dié stel hoë eise. Hulle basis was ook dan: "Merapelo ya Potsheng, Difela tsa Kereke (Setswana), ook genoem die Setswana Common Prayer.

Die teks was Joh.16 vers 16. Die prediker spreek vlot. Sy boodskap is nie ekstaties nie maar tog emosioneel gedrae. In die raamwerk van die uitgebreide liturgie, is die preek 'n kleinerige onderdeel, maar tog nie op die agtergrond gedruk nie. Die prediker het by die Kerkjaar gehou; dit was toe die derde Sondag na Paasfees.

Die slotgebed het daarby aangesluit. Ook het Seperepere natuurlikerwys oorgegaan tot vrye gebed. Hy het onder andere voorbidding gedoen vir biskop Seleke en biskop Guma (twee van AC se biskoppe), die Staats=president en die Matona-melao (Hoofregters).

3.1.6 Die leerstellige aspekte

Dit is veral met biskop H S Mochochoko - seun van Mochochoko in 3.1.3 genoem - en in veldwerkbestel Algemene Sekretaris, met wie onderhoud oor die leerstellige gevoer is.

Hy het getuig dat daar geensins van die moederkerk se posisie afgewyk

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


word nie. In die Konstitusie lui Art. II: "The African Church receives and maintains Faith of our Lord Jesus Christ as taught in the Holy Scripture."

Deurgaans was die AC in beginsel ten gunste van teologiese opleiding. Ons weet reeds dat die stigter 'n elementêre opleiding gehad het. Aan=gesien die AC egter nie slegs uitgebou word deur natuurlike aanwas of enkelinge wat langs die normale weg toetree nie, sou mens fluktuasie kon verwag. So 'n geval het ons waar Mochochoko snr en sy groep wel geesverwante was, Anglican Church - Church of the Province of South Africa. Lieta het egter geen teologiese beswaar om met African United National Baptist Church 'n affiliasie aan te gaan nie. Oor die algemeen, egter, is bevind dat die AC steeds by die voorskrifte van die Church of England gehou het.

3.1.7 Openbare Sedelikhied

Die stigtingsoorsaak staan nie in verband met 'n morele vergryp nie. Uit drie verspreide oorde is getuienis ontvang dat AC-leiers nie altyd in lewenswandel onbesproke was nie. Op 'n onderlinge skeuring is gewys waar die wegskuiwe ook te make gehad het met 'n ongesonde verhouding. Ons volstaan deur te verwys na 'n geval waar 'n streekleier 'n buite-egtelike verbintenis daarop nagehou het van gerugmakende aard, terwyl hy tog sy ampspligte bly verrig het. - Oor die algemeen is daar nie juis rede om aan te neem dat dit in die AC beter of slegter toegaan as by ander dergelike bewegings nie.

3.1.8 AC en Skakeling met die Volksraad

Op hierdie gebied kry mens 'n uitbouing by die AC in sy vroeë ontstaan. Op die dag toe die stigter georden en bevestig is, sou hy onderhoud met die President gehad het oor inspraak deur 'n Skakelliggaam: "Bishop Kanyane Napo requested the President to sanction him to form a congress who would be the mouthpiece to convey the complaints of the native people to the Volks Raat. The President replying said Kanyane before sanctioning this congress how will it function as you have no educated natives of any kind? The old man replied President give me the sanction

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

and I will solve the starting point saying the first native boy that will come from school and have competence will move the wheels of the congress the President then sanctioned the establishment of the said congress. See to day what has happened. The "National Congress" is the greatest mouth piece of all the Natives throughout South Africa ...." (Kleiner taal- en spelfoutjies verbeter).

Indien die AC in sy vroeë geskiedenis ten nouste betrokke wou wees by rasseverhoudinge en die politiek soos dit later gestalte sou aanneem in die African National Congress - vergelyk oor United National Church in Africa in Verslag 1973:633-649 - het hierdie politieke aspirasies in die loop van jare en tot met die afsluiting van die ondersoek verswak (ons baseer natuurlik ons stelling op veldwerk wat uiteraard gedateer is.)

3.1.9 Die wese van die AC

Die beweging wat so pas beskrywe is, Afrikaansche Kerk, vandag algemeen bekend onder die naam African Church, is een van die meer behoudende separatistiese bewegings. Dit word daaraan gesien dat die ontstaansoor= sake en latere onderlinge skeuring nie teologies van aard is nie. Die AC wil steeds die geloofsposisie van die Church of England, waarvan af= geskei is, handhaaf.

Onderlinge versplintering adem meer die gees van "rebelskap" soos uit eie kring verneem. By uitstek word dit naywer en 'n magstryd tussen biskoppe. Waar die stigter erfregtelike opvolging wou invoer, daar is die neiging later konstitusioneel teengewerk alhoewel familieverband nog 'n rol speel. AC het gepoog om ten spyte van onderlinge struweling die verhouding Staat en Kerk gesond uit te lewe. Vandaar dat in die bestel van staatserkenning toevlug tot die Departement om arbitrasie geneem is.

Die AC is in wese Kerk, maar as strydende Kerk is AC in die besonder belas met onderlinge stryd by name tussen biskoppe. En soos reeds aangedui, is hierin merkwaardige ooreenkoms tussen die Kerk in sy vroeë geskiedenis soos beskrywe in Schism in the Early Church, deur Greenslade enersyds en die African Church andersyds.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 3.2 LUTHERAN BAPEDI CHURCH

### 3.2.1 Onstaansgeskiedenis

Die Lutheran Bapedi Church (LBC) is 'n skeurbeweging uit die Berlynse Sendinggenootskap. Anders as in die groot meerderheid bewegings, wat bestudeer is, is die breuk en die verloop van ongeveer 1886 tot 1921 ten nouste verbonde aan die persoon J A Winter ('n Blanke), sy lewens=wandel, talente en strewe. Die aandag word daarop gevestig dat die skeuring vroeg in die georganiseerde kersteningsgeskiedenis onder die Noord-Sotho en by name onder die Pedi sy beslag gekry het. Dit is veral die Berlynse Sending wat hom destyds op die Pedi toegespits het.

Merensky besoek Sekwati in 1860 en kry in beginsel toestemming om sen=dingwerk te doen. Die genootskap laat geen gras onder die voete groei nie. Merensky en Grützner lê reeds op 14 Augustus 1860 die sending=stasie Gerlachshoop aan. Die volgende jaar word 'n tweede stasie deur Merensky en Nachtigal gebou en dit naby Tšate, waar Sekwati destyds woonagtig was. Op 22 September 1861 preek Merensky vir die eerste keer op die nuwe stasie. Dieselfde aand sterf Sekwati. Mönnig voer aan hoe=dat na die dood van Sekwati 'n magstryd oor troonopvolging ontketen word. Alhoewel dit aanvanklik 'n stryd tussen Sekhukhune en Mampuru is, kring dit uit. Sekhukhune - alhoewel nie ten volle nie - kry die oorhand. Eers is hy die sending nog goedgesind. Maar toe een van sy vroue en sy half=broer, Johannes Dikwanyane, onder van die eerste bekeerlinge begin tel, voel hy dat sy absolute magsbevoegdheid bedreig word. Uiteindelik vlug die Christene onder leiding van Merensky en Dikwanyane op 18 November 1864 en koop later 'n plaas naby Middelburg en stig die sendingstasie Botšabelo. Mampuru probeer 'n verdrag met Dikwanyane sluit ter sterking van sy posisie teenoor Sekhukhune. Hy slaag nie. Hiervan kom Sekhukhune te hore. Toe Dikwanyane teen 1873 Botšabelo verlaat om as onafhanklike kaptein hom in die omgewing van Lydenburg te vestig, erken Sekhukhune hom as 'n kaptein binne sy Pediryk. Destyds is die betrokke gebied egter be=skou as behorende aan die Republiek. En toe Dikwanyane op die koop toe sy posisie uitbou deur Christene uit verskillende stamme aldaar te huis=ves en militêre versterking aan te bring, lei dit later tot die soge=naamde eerste Sekhukhune-oorlog in 1876. Uiteindelik vra Sekhukhune dat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Merensky bemiddelend optree. In Februarie 1877 onderteken Sekhukhune 'n verdrag waarin bepaal word dat die Pedi 2 000 beeste aan die Repu= blief betaal en dat die gebied oorkant die Steelpoortrivier vir die Pedi as tuisland ( lokasie ) erken word. Twee maande daarna, in April 1877, annekseer Shepstone die Transvaal in die naam van Brittanje. Hy ag die verdrag geldig te wees. Ter implimentering van die nuwe bestel, neem hy die eerste stappe: hy verwittig Sekhukhune dat die Pedi as Britse onderdane beskou word; dring aan op lewering van die beeste; en benoem 'n Kommissaris vir die Pedi. Sekhukhune bly egter in gebreke, tree treiterend op en so word die toneel vir die sogenaamde tweede Sekhukhune-oorlog ingelui. Op 28 November 1878 slaag die Britse gene= raal, Wolseley, om in 'n veldslag die mag van Sekhukhune te breek. Sy regimente is ondersteun deur 'n 8 000 Swazi krygers en Mampuru; die to= tale mag het ongeveer 12 000 gemonster (Mönnig 1967:25-31).

Na hierdie veldslag en die veranderde bestel wat intree, gaan deure meer oop vir sendingarbeid in Sekhukhuneland. Die historikus, T S van Rooyen, wys egter daarop dat die Pedi vir Merensky ten onregte kwalik geneem het as sou hy hulle verkoop het en hulle so die onderspit gedelf het in die oorlog. Hierdie weerstand het stellig die aanklank van die Evangelie ge= affekteer en vir jare deurgewerk. (Onderhoud - Pretoria, 1960-8-3). J P D Winter, seun van Winter, is dieselfde mening toegedaan. (Onderhoud - Ivydale, Pietersburg, 1960-11-5/6).

In 1879 kon die Berlynse Sendinggenootskap weer heropbouwerk in die om= gewing van Tšate begin. J A Winter is gestuur om hierdie sleutelpos te vul. In dié verband haal ons Mönnig aan: "They sent a zealous young missionary, J A Winter, to this station, from where he exerted consider= able influence on later events. Winter soon became dissatisfied with the attitude of his fellow-missionaries towards the Pedi, wishing to give his converts greater control in the church. He finally adopted the Pedi way of life which forced the mission authorities to expel him. In 1889 he founded the Pedi Lutheran Church, one of the first of the separatist movements in South Africa" (1967:31-2; vgl Sundkler 1961;39). Gerdener gee kantbeligting. Met verwysing na Wangemann se besoek in 1885, as in= spekteur van die Genootskap, het Wangemann die behoefte aan geordende swart pastore beklemtoon en daadwerklik vir Martin Sebushane, 'n onder=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

wyser en evangelis, georden. Na Wangemann se vertrek objekteer die meerderheid blanke sendelinge teen verdere ordening, terwyl Winter die gedagte ondersteun. Dit was die onmiddellike oorsaak van die skeuring (1958:204).

### 3.2.2 J A Winter, sy leiersrol en die wese van die LBC in die Winter-bestel

J A Winter (1847-1921)

Johannes August Winter is op 17 Desember 1847 in Duitsland gebore. Sy teologiese studie deurloop hy aan die inrigting van die Berliner Missions-gesellschaft. Hy is die beste student onder sy groep. Hierdie prestasie bring hom ook onder die persoonlike aandag van Wangemann - hoër op reeds ter sprake - ontmoet Wangemann se dogter, Elizabeth, en raak aan haar verloof nog voordat hy na Suid-Afrika vertrek.

Winter begin sy sendingloopbaan te Botšabelo in 1872 alwaar hy ook as dosent betrokke is by die teologiese opleiding. Soos vermeld, sou hy in 1879, na Sekhukhuneland gestuur word. Intussen trou hy op Middelburg met mej Wangemann. Uit hierdie huwelik sou drie seuns en twee dogters gebore word. Mev Winter was 'n kleinniggie van Bismarck (1815-1898).

Uiteraard sou die gesin in Sekhukhuneland in daardie vroeë jare aan ont=beringe blootgestel wees. Daarby kom egter verswarende omstandighede. Ons meen dat hierdie omstandighede tot twee veroorsakingskomplekse her=lei kon word. Tewens, dit is al aangestip in die ontstaansgeskiedenis van die LBC as Winter se beleid en lewenswandel. Dit is wenslik om uit veldwerk lig op hierdie twee komplekse te werp en daarby 'n sluier te trek oor die aspek van sy lewensverloop wat skadelik ingewerk het.

Wat Winter se beleid betref, kry dit weer aandag waar die wese van die LBC aan die orde gestel word. Hier gaan dit meer oor Winter.

Winter was bepaald nie altyd taktvol nie. Ons het gesien dat Winter en sy Berlyns-Lutherse kollegas verskil het. 'n Mens sou kon aanvoer dat dit gegaan het oor die inwerkingstelling van 'n beleid. Sy kollegas het gevoel dat hy te gou oorslaan tot kerklike selfstandigheid. Hy sou ook

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sy verslae nie altyd deur die regte kanale maar regstreeks aan Hoof=kwartier stuur. Voordat die finale breuk gekom het, sou Winter aan Martin Sebushane en van die evangeliste gesê het: "My people (the German Missionaries) disagree with me because I am teaching you in a way they do not like. There are certain ways, which they as Europeans do not like me to teach you. And on the side of education, I am stronger than they." En dan verduidelik ons informant: "Because of this envy, he told the people, it was why they disagreed with him."

Winter gaan te ver in sy demonstrasie van sy beleid in eie lewenstyl en wou self sy gesin tot uiterstes drywe om daaraan gestalte te gee. Dit bring mee dat nog vóór die finale breuk hy al verwyder raak van kollegas. Ook in die sosiale verkeer met Blankes sou sy lewenstyl weer=stande opwek. Om dit te begryp word 'n paar voorbeelde genoem:

Winter het van die standpunt uitgegaan dat sy kinders Noord-Sotho moes leer en gemeen dat hulle Duits, Afrikaans en Engels in die verloop van tyd sou optel. Dit rym met wat 'n swart informant gesê het: "Winter's children could not express themselves in the German language. They may have understood it, but they could not express themselves. Of the Euro=pean languages they could speak English - if a European came to them they tried to speak it. At leisure they would speak Sesotho amongst themselves and with their mother."

Aan die ondersoeker is vertroulik gedemonstreer hoe Winter na die <u>mošate</u> of kaptein se stat sou gegaan het. In die hand is die ampstaf, <u>lehlôtlô</u>. Oor sy Europese kleredrag is 'n kombers op tipies Pediwyse vasgeknoop. - Die <u>lehlôtlô</u> is tradisioneel 'n bewys dat die gesant 'n gevolmagtigde is.

By Winter was dit nie bloot 'n "oorkleding" nie. Hy wou bekend staan as mede-kaptein. Te Onverwacht, naby Maandagshoek, waar hy geruime tyd ge=woon en gearbei het, wou hy volgens <u>mošate</u>-patroon beplan. Sy vrou en dogters moes kaalvoet loop soos die Pedi; water dra soos hulle; vloere smeer soos hulle. Maar hy wou verder gaan. In beginsel sou hy sy dogters, A M D en E J Winter uithuwelik volgens die tradisionele verbintenis. Te velde verneem ons: "He said he was of royal blood and his daughters could marry their chiefs. These were Elizabeth's children. Though they

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



were given by their father to the chiefs, they remained unmarried. One of the chiefs wanted to marry by bogadi but one of the kgoro-men advised that it would be a great danger to us because we see that the white man is not quite right (insane). When white people hear the Government will come with arms and take this wife with arms .... Even his treating himself Mosotho is not quite right." (Nadere aanduiding van die betrokke kapteins is selfs gegee).

Teenoor die minder taktvolle en selfs aweregse in Winter moet ook met waardering kennisgeneem word van die volgende:

Eerstens, woeker hy met sy talente. Hy bly deurgaans student dog doel= bewus afgestem op sy sendingveld. Daar word vertel dat hy verbasend gou Noord-Sotho aanleer sodat hy dit op die kansel en daaronder gebruik al sou hy dit met 'n aksent praat. (Die Sotho noem hierdie kerktaal goedig Seruti!). Hy verdiep hom in die kultuur. So verneem ons hoedat hy prys daarop stel om hofsake by te woon aangesien hy oortuig geraak het dat 'n mens daar die gouste 'n aanvoeling kry vir die besondere kultuur.

Dit is bekend dat menige Duitse sendeling homeopatie ter hand geneem het. Winter was ook hierin onderleg en beoefen dit in sy sendingbestel. So hoor ons dat hy 'n hoofman te Sefufule behandel. Ook voer hy onderhoude met dingaka en vul so sy kennis aan. Van ene Lefatche - so deel Winter se seun ons mee - het sy vader 'n kankerresep vir 'n koei en 'n kalf gekoop. "The medicine is made out of a creeper growing on rocky mountains and a kind of aloe growing in the bush .... We found it very successful. My father sent the prepared powder to Germany to be analysed. The answer was that it was a new kind of poison not known. They asked my father to send them the untreated creeper for further investigation, but the Boer War broke out and the whole matter dropped."

Tweedens, sonder ons 'n geval uit waar Winter se roepingsbewustheid na vore kom: "When Sekhukhune saw that my father had some deadly poison in some of his medicines, he called my father on one side and said: 'You and I are like two mountains leaning against each other and nothing can shift us. I shall make you rich if you give me some poison to kill the evildoer, because the white government does not allow us to kill them openly.' My father answered and said: 'My mission is to cure and not

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



to murder and if you kill anybody, I shall be the first to report you.'"

Derdens, daartoe genoodsaak toe hy nie meer sy traktement van die Berlynse Sendinggenootskap ontvang nie, moes Winter uit eie bronne leef en die LBC onderskraag. In Verslag 1973:612 word aangevoer hoedat Winter asbes en selfs platina sou ontdek het. Waarskynlik is daar verband tussen die ontdekking van asbes en Winter se aanstelling as "land agent" op plase wat aan die Transvaal Consolidated Land and Exploration Company behoort het. Ook verneem ons: "The TCL gave my father a bonus of a portion of farm 'Onverwagt' which they, later, bought it back for £1 000 after my father died ...." Winter sou reeds te Tšate met boerdery, insluitende besproeiing die pot aan die kook gehou het. Die verhuising van Tšate na Onverwacht is genoodsaak deur 'n langdurige droogte. Te Tšate is uit die Mutsirivier water gelei en toe die rivier opdroog is na Onverwacht vertrek. Toe die terrein van die ou opstal aldaar besoek is, was die woonhuis met klipfondament en rooibaksteen 'n murasie. Daar was ook aanduiding van fondamentlegging bedoel vir 'n kerk. Uit gronddamme sou water na die landerye gelei gewees het. Onder andere is koring verbou.

J A Winter sterf op 7 Maart 1921. Sy graf is op Mecklenburg alwaar hy sy laaste lewensjare deurgebring het en steeds 'n leidende rol in die separatistiese beweging, wat hy begin het, gespeel het.

Winter se leiersrol

Vir meer as dertig jaar neem J A Winter leiding in die LBC. Ons het aangestip hoedat die breuk met die Berlynse Sending vroeg in die georganiseerde kersteningsgeskiedenis onder die Noord-Sotho sy beslag gekry het en dat Winter voorheen 'n sleutelposisie in die Genootskap beman het. Ook is verwys na sy persoonlikheid en lewenswandel. Daar dien vermeld te word dat Winter nie deurgaans wou volhard in sy skeuringsbestel nie. Dr W W M Eiselen het in 1960 aan die ondersoeker meegedeel dat Winter omstreeks 1907-9 sy vader besoek het met die doel om tot die Berlynse Sending terug te keer. Dog die genootskap het klaarblyklik nie aan die versoek kon voldoen nie. Ons ingesamelde stof dui ook daarop dat so 'n herstel onmoontlik was.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Skeuroorsake

Die skeuroorsake is nie teologies van aard nie. Ons kon bevind dat daar 'n vroeë verwydering tussen Winter en sy kollegas intree. Sy implementering van wat hy gesien het as 'n beleid vir onafhanklike, in=heemse Kerkordening was in daardie bestel ontaktvol. Hy het weerstand opgebou omdat hy te gou verandering wou invoer en miskien te ver wou gaan in wat hy as sendingwetenskaplike benadering beskou het en wou vergestalt. Hy is bejeën as die "Van der Kemp van die Noorde". 'n Aspek van sy lewenswandel het sake sodanig bly vertroebel dat dit hel=derheid in die onderskeiding van die komponente in die skeurkompleks demp.

Winter se voorsprong

Volgens getuie was daar tydens die skeurmoment net twee geordende swart leraars in die betrokke Berlynse Sendingveld. Een van hulle, Sebushane, werp sy lot met Winter in. Daarby was Winter in nou voeling gewees met evangeliste en teologiese opleiding in die algemeen kragtens sy verbin=tenis met Botšabelo. Daar is dan ook aangevoer dat uit die evangeliste=korps etlikes hul by Winter geskaar het. Vroeg na die formele breuk orden Winter en Sebushane van hierdie evangeliste. Volgens informante was onder hierdie personeel sterk manne. Drie van hulle is by name ge=noem: Job Pududu, Daniël Malingoane en Hosea Mogobodi. Hulle sou op hulle beurt die merendeel van die evangeliste gerekruteer het. In hulle veld=tog sou hulle dit nie te nou neem nie: "They would run after those excommunicated and ask them to join."

Tot die aanvanklik welslae werk ook nog mee - soos aangevoer - dat Sekhukhune se mag in die oorlog van 1878 gebreek is. As beteuelde moes hy genoeë neem met Winter se plasing as Berlyns-Lutherse sendeling met ankerpunt in die omgewing van Tšate. Winter kon hom met minder weer=stand ingrawe. Hy bou selfs vriendskaplike betrekkinge met Sekhukhune op. Ook het ons verneem dat hy verslae direk na Hoofkwartier deurstuur. In feite tree hy direk in verbinding met Wangemann, sy skoonvader, wat - soos hoër vermeld - in 1885 as inspekteur ook Sekhukhuneland besoek. Hy sou sowat veertien dae by die Wintergesin vertoef. Kort daarna,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



teen ongeveer 1886, kom Winter se lewenswandel sodanig onder verdenking dat 'n klag formeel ondersoek word. Winter word geskors en verbreek sy bande met die Berlynse Sending. Ons het reeds aangeteken dat die stig=tingsjaar van die LBC as 1889 aangegee word. D.w.s. 'n dekade nadat Winter in daardie baanbrekersbestel na Sekhukhuneland gestuur is en ingang gevind het.

Verinheemsing

'n Sentrale vraag is of Winter in sy sendingwetenskaplike benadering 'n Pedi-Lutherse Kerk beoog het of slegs algemene riglyne vir selfstandige kerke onder Swartes wou trek.

Op 'n vroeë tydstip is Winter volgens sy seun diep beïndruk deur wat kaptein Phaswane van Riba gesê het:

"Moruti Tate, Rev J A Winter a na a botša ke kgoši Phaswane wa Riba, a re: 'Lena baruti ba Bašweule tlisa go rena tumelo ye nkego ke peu ya kofi e hlagago e gadikilwe e sa kgonego go mela. Ke belaela ge nkabe le re nea peu ya bodumedi e e kgonago go mela go rena re kgone go ema ka maoto a rena.! "(Transkripsie - 1960-06-06 - Ivydale, Pietersburg).

"My vader, eerw J A Winter, is deur kaptein Phaswane van Riba gesê geword: 'Julle blanke sendelinge julle bring na ons die geloof soos koffiepitte wat klaar gebrand tot ons kom, wat nie in staat is om te groei nie. Ek betwyfel (die wysheid van julle beleid) - julle behoort ons die saad van die godsdiens te gee wat in ons kan groei sodat ons op eie voete kan staan.'"

Aan die een kant lyk dit of Winter die LBC aangedien het as Kereke ya Bopedi in die sin dat dit 'n kerk beoog nie slegs in Pediland nie maar ook afgestem op die kultuur van die Pedi-geledinge. Hierdie standpunt is deur sy seun beredeneer. Aan die ander kant leef en streef die stig=ter van die LBC in 'n beperkte sfeer. Hy spesialiseer onder omstandighede in die kultuur van die Pedi. 'n Ander informant, Beuster, sê slegs dat Winter van die standpunt uitgegaan het dat die sendeling hom moes ver=eenselwig met die kultuur van die objekte van sy sendingarbeid. Wat wel

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


vasstaan is dat Winter byvoorbeeld in 'n wetenskaplike tydskrif aan=voer: "No Exeter Hall theories - highly estimable though they may be - can help us. Facts only, unquestionable facts, discovered by a long, solitary life amongst our natives, can show what these natives are and what they can be." Die sitaat kom uit sy bydrae: "The mental and moral capabilities of the natives, especially of Sekukuniland (Eastern Transvaal) in die SAJS, July 1914. Ongelukkig het 'n brand op Onverwacht kort na die dood van mev Winter sy boekery en ongepubli=seerde manuskripte in 1929 vernietig. Daaronder sou glo stof gewees het wat meer lig kon werp op hoedat hy kerkplanting wou bevorder.

Die wese van die LBC in die Winterbestel

Luthers-Protestants

Soos reeds gesien, was die skeuring nie op grond van teologiese verskil nie. Winter en sy gevolg wou Luthers-Protestants bly soos bely en beleef in die Berlynse Genootskap. Dit geld sowel die organisatoriese opbou as die leerstellige posisie. Gevolglik staan ons verdere uitweiding hier=onder in die teken van sovele illustrasies.

Teologiese opleiding

Winter was bepaald goed onderlegd om teologiese opleiding te gee. Onder omstandighede kon hy nie 'n aparte teologiese skool opbou nie. Daar is egter sprake van 'n soort vakleerlingskap. Van Job Pududu - reeds in 3.2.2 vermeld - word meegedeel dat onder persoonlike leiding van Winter hy ook so goed Duits geleer het dat hy op die kansel met 'n Duitse bybel voor hom direk in Pedi kon vertaal. In tersaaklike verband skyn dit of naas "vakleerlingskap" met die oog op Evangelisstatus daar ook voort=gesette teologiese skoling was op ad hoc-grondslag.

Die organisatoriese aspek

Episkopaals

Die kerkregering is Episkopaals. Winter was die biskop of superinten=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

dent en aanvanklik was Martin Sebushane 'n soort tweede-in-bevel. Volgens Winter se seun was Johannes Malingoane "native superinten= dent under my father" kort voor Winter se dood. Hy moes toe Sebushane opgevolg het wat in 1918 oorlede is. Daar is tekens dat Winter aan 'n vorm van erfregtelike opvolging gedink het.

Samestelling van aanhangers

Uiteraard slaan die opvanggebied veelal met Winter se invloedsfeer ooreen by name onder die Pedi. Proseliete is gemaak insonderheid uit die Berlynse Sending. Ons het ook aangevoer hoedat hy bevoordeel word deur geskiedkundige omstandighede. Hy grawe hom ook in waar die veld op kersteningsgebied nog eintlik braak lê.

Selfonderhoud

Soos te verstane verloor Winter sy traktement uit die Berlynse bron. On= der 3.2.2 word vlugtig verwys na voorsiening in eie en gesinsbehoefte en dat hy die LBC moes onderskraag. Dit is bekend dat finansieel Genootskappe of Sendende Kerke nog lank hulle arbeid onder Swartes sou moes subsidieer. En hierdie ondersteuning van buite ontbeer die LBC. In later jare kon J P D Winter uit vrye wil help. Hy ontwikkel naamlik sterk handelsbelange en koop plase. So koop hy ook die plaas Mecklenburg. In feite bou hy daar 'n kerk ten behoewe van sy vader en sy stigting. Hy vertel hoedat die gemeente die mure help bou het en dat destyds gras vir die dak gebruik is.

Die rol van die vrou

Uit die Winter-bestel kon ons nie juis besonderhede opteken nie. In hierdie stellingname wil 'n mens egter nie vir mev Winter heeltemal verbygaan nie. Ons het deurgaans die afleiding moes maak dat sy nie willens en wetens met haar man se skeurbedryf genoeë geneem het nie. Maar sy het haar veel getroos om haar roeping te versier met 'n onbesproke lewenswandel. Haar sendingroeping spreek uit die volgende: "On one occasion before he broke away some of the other Missionaries came and offered him £200 for their passage back to Germany. They said: 'You are

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

too highly educated to be wasted among natives.' Then he called my mother and asked her whether she would agree to go back to Germany and be saved all the hardships of living in the wilderness. She answered and said: 'Our purpose for coming from Germany to South Africa was to convert the heathen. It would not be right to go back before this pur= pose is achieved.' - And then of course that stopped that." (Ivydale, Pietersburg, 1960-11-06). - Mens sou kon afding aan sekere dele van hierdie weergawe, dog mev Winter se woorde inspireer. Sy oorleef haar man en sterwe in die sendingveld op 23 Julie 1929; die sendingveld waar= voor sy alles veil gehad het.

Liturgie en aanverwante aspekte

Oor die liturgie moet ons uit die ingesamelde stof aflei dat daar geen afwyking van die Berlyns-Lutherse is nie.

Alhoewel nie uniek in Lutherse sendingbestel nie, het die blaasorkes van die LBC-gemeente Mecklenburg bepaald die verbeelding aangegryp. Ene Adolph Jonas "taught the boys and girls to play the brass instruments." Hierdie blaasorkes het ook uitwaarts beweeg en tree onder andere op by die opening van die spoorweg te Burgersfort. - Die ondersoeker meen dat die Zion Christian Church dalk hul orkesgedagte aan die LBC ontleen het.

Die Tug

Winter se seun het beweer dat sy vader 'n ferme standpunt ten opsigte van die monogame huwelik ingeneem het. Ons het onder 3.2.2 gesien hoedat Winter vir Sekhukhune teenstaan in laasgenoemde se oorweging om gif aan te wend ten einde sekere mense uit te knikker. Aan die ander kant, byvoorbeeld by werwing langs die weg van proselitering is die tugpeil verlaag. Hierdie tendens is deur etlike informante na vore gebring.

Vervlegting met die tradisionele religie

Dit skyn tog of Winter nie in prinsiepe 'n sinkretisme tussen Christelike Geloof en Tradisionele Religie wou vergestalt nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Verdeeldheid

In die volgende afdeling kom die aspek van verdeeldheid aan die orde. Hier noem ons slegs dat die dood van Sebushane in 1918 en die dood van Winter in 1921 aan die LBC op 'n kritieke stadium stellig twee van sy sterkste koördinerende leierspersoonlikhede ontneem.

3.2.3 Grepe uit die verloop van sake in die LBC en sy verwante geledinge

Verdeeldheid

Malan skrywe dat ná die dood van Sebushane in 1918 daar 'n geskil in die LBC ontstaan het en die twee groepe uitmekaar gegaan het as die Lutheran Bapedi Church en die Lutheran Bapedi Church of South Africa (1959:51). Gerdener verduidelik die geskil as moeilikhede rakende eiendom en persele (1958:204). Die twee skrywers onderstreep maar net wat ons uit veldwerk en bestudering van korrespondensie in lêers in kantore van die betrokke Departement as 'n verwikkelde verdeeldheidsbestel leer ken het.

Die Transvaal Basuto Church

Hierdie beweging skeur in 1915. Dit is reeds vóór die dood van Sebushane. Die oorspronklike naam was die Bakgatla Church en die stigters Paadi en Sekhati. "The cause is said to have been Tribalism" (Gerdener 1958:204).

Met verwysing na <u>Verslag 1973</u>:485-94 kan samevattend onder meer bevind word: Volgens 'n aansoek om Staatserkenning was daar by die skeiding van die weë geen dogmatiese verskil in gedrang nie en hiermee kan ons genoeë neem. Maar waar die skeurredes as: "The Rev Winter failed con=trary to promises to pay the clergy" en 'n aspek van sy lewenswandel as mede-komponent bygehaal word, grens dit aan rasionalisasie. Swaargewig in die verdere verloop in die TBC moet aan magsvetes om leierskap toege=ken word en moes van die begin af oorwegend meegespeel het. In hierdie magsvetes speel erfregtelike opvolging in kerklike aangeleenthede en spanninge tussen Pedi- en Kgatlastamverwantskap ook hul rol. Gedurende die vyftigerjare is daar hewige beroeringe. Die oue Paadi sterf en daar ontwikkel 'n verbete stryd tussen P, die seun, en N; terwyl ene S ook

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

nog in die vete om leierskap betrokke is. Argumentshalwe, lig ons toe uit bewysvoering van N. Hy beweer dat hý die hoof is en nie P of S nie. Hy lewer bewys dat hy in 1926 georden is in die TBC. In hooftrekke kom sy weergawe van die skeurredes ooreen met wat die ondersoeker persoonlik op Schilpadfontein in 1960 verneem het: "The name of the original Parent Church, was the Bapedi Lutheran Church, the members of which consisted of Bapedi's and Bakgatlas. Dissentation arose between the two sections, and the Bapedi's were in the majority, ordered the Bakgatlas to leave the Church. We Bakgatlas then left and formed our own church - namely: The Transvaal Basuto Church." N is as president verkies te Alexandra in Maart 1953. Teen 1956 het sy totale ledetal op 3 615 gestaan. Tot sover uit die bewysvoering van N . (Op daardie stadium kon P maar 'n ledetal van 621 monster terwyl S beweer het dat sy aanhang 2 780 is maar teen November 1960 was daar nog geen gespesifiseerde gegewens van sy kant aan hoofkantoor van die Departement nie).

Die beroeringe binne die TBC geniet ook openbare belangstelling. THE WORLD skryf byvoorbeeld op 2 Maart 1958 dat die saak na die Appèlhof verwys is.

In April 1960 nader sekere TBC-leraars die Swedish Mission Alliance met die versoek om namens hulle Staatserkenning te probeer verkry. Die Departement antwoord met verwysing na die stryd tussen P en N en eindig soos volg: Until the dispute is settled the office is unable to consider an application for recognition.

Under circumstances the group who has approached you, will be well ad= vised to join your Church as it is evident that recognition cannot be granted in the near future."

In hierdie steurbestel word versoening verder bemoeilik deurdat leiers in hul poging om opponente uit te knikker ook uiteenlopende beleids= rigtings mag verkondig en vreemde bondgenootskappe aanknoop. Waar N beweer dat hy met geen ander gesindte of met Blankes verband het nie, daar skrywe S: "Our Church is connected with the <u>United National Church in Africa</u>." Hierdie beweging het in <u>Verslag 1973</u>:633-49 afsonderlike behandeling geniet. Die UNC, gestig in 1931, was in sy ontstaan ge-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

inspireer deur politieke strominge in 'n tans verbode organisasie. Die UNC sou dan die kerklike openbare arm daarvan wees. - Na ver= loop van dertig en meer jare, lyk dit of die politieke "winde van verandering" nie gunstig was vir die UNC nie.

Die UNC skep die indruk dat hy sy kerkregering asook sy liturgie op Metodiste lees skoei. Hierin verskil die UNC tog grootliks van die Berlyns-Lutherse en van wat in splintergeledinge uit die Lutherse usansie is.

Die Lutheran Bapedi Church en die Lutheran Bapedi Church of South Africa

Oorsigtelik genome is daar dan 'n drieledige verdeeldheid in die oor= spronklike, separatistiese stigting van Winter; te wete, die Transvaal Basutu Church soos in 3.1.1 behandel en die wat reeds in 3.1 vermeld is as die Lutheran Bapedi Church en die Lutheran Bapedi Church of South Africa.

Na die dood van Winter, het W Menzies, Presbiteriaanse predikant op Middelburg (Tvl) later van Premiermyn, Krugersdorp en Springs, moderator geword van die LBC. Hy het hierdie posisie beklee vir 'n tydperk van on= geveer twintig jaar. In 1946 het J Anderson - ook 'n Presbiteriaanse predikant en emeritus sedert 1950 - as moderator vir Menzies opgevolg. Anderson skrywe volgens Gerdener: "Our policy has been union and re= union, but a remnant remained out and caused much litigation" (1958:204).

Om hierdie toedrag van sake te onderstreep, dien die volgende: Teen 1935 is daar 'n skrywe op hoë vlak en val 'n besluit om enigsins orde te skep al is dit dan om 'n tweedeling te aanvaar. Ons haal aan: "Die Naturellesake Kommissie het op sy vergadering van 16 September 1935, 'n deputasie ontvang van die twee disputerende partye in verband met die erkenning wat in Desember 1934 verleen is aan die Lutherse Bapedi Kerk op die versoek van Eerwaarde Mabuse. Albei partye, wat goed verteen= woordig was, was geleentheid gegee om hul sienswyses voor te lig.

Na noukeurige ondersoek het die Kommissie tot die gevolgtrekking gekom dat die gedeelte van die Kerk wat onder leiding van Eerwaarde Menzies staan, erken moet word onder die naam van "Lutherse Bapedi Kerk van Suid-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Afrika" en dat die erkenning, wat op die aansoek van Eerwaarde Mabuse verleen was, moet bly staan.

Laasgenoemde se Kerk sal bekend staan onder die naam "Lutherse Bapedi Kerk" apart van die "Lutherse Bapedi Kerk van Suid-Afrika". Hierdie reëling het die algemene instemming geniet. Dit het geblyk dat die breuk tussen die twee gedeeltes van die oorspronklike Kerk van so 'n ingrypende aard is, dat dit onwenslik sou wees om die twee Kerke te laat deurgaan as een Kerkorganisasie."

Die Minister keur die aanbeveling goed. Aan sekere instansies word ge= skrywe dat die twee partye as afsonderlike entiteite behandel sal word. Ook moes daar gevra gewees het dat hulle hul onthou van proselietemakery en selfs dat 'n mate van gebiedskeiding gehandhaaf word. Vreedsame naas= bestaan bly egter uit. Klagtes bereik selfs nou die Departement. Uit die betrokke korrespondensie blyk dat Sekhukhuneland meer aan die kant van Menzies gestaan het. Dit klop met wat ons ten opsigte van toekenning van kerkpersele op Pietersburg bevind het.

In 1958 wil 'n deputasie na die Departement gaan om ontslae te raak van Anderson as moderator. 'n Klag word aanhangig gemaak en daarop reageer Anderson en voer o.a. aan: hulle wil 'n suiwer stamkerk hê: " ... Threats of violence were made by their supporters who have for years striven in a disorderly way to make our church purely a Tribal Church. We have a policy to welcome all who desire to join us, ...."

Die mondstuk van die ontevredenes lê dit hom ten laste dat hy die African Lutheran Church bevoordeel en dat baie verplasings eintlik op deportasie neerkom ten gunste van hierdie witbroodjie. - Anderson skrywe ook op navraag oor moeilikhede in Springs en sê die vete is al van 1938 aan die gang. Die grondoorsake " ... are really 'tribal' at bottom and personal jealousy for the leadership." 'n Sterk breuk ontstaan en die betrokke seksie teen Anderson maak bekend dat 'n spesiale sinode op 20 Desember 1958 gehou is te Doornkop (naby Middelburg,Transvaal). Hulle dien hul aan as Lutheran Bapedi Church (SA) en sê dat die merendeel leraars en ouderlinge besluit het om die inkorporasie te beëindig of om aan te haal: " ... to dissolve the Union of the two churches and to conduct our affairs

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



separately." In die lig van Malan se navorsing moet bygevoeg word dat drie leraars tydens die sinodesitting met Anderson in die stoel weggebreek het oor "die kwessie van 'n blanke moderator vir die kerk." (1959:52). Kort daarna kom die skeursinode op Doornkop byeen.

### 3.2.4 Slotopmerkinge

#### 3.2.4.1 Verskeurdheid

Waar Winter skeur uit die Berlynse Sendinggenootskap en sy beweging bekend geword het as die LBC, kom daar reeds voor sy dood onderlinge skeuring. Hierdie tendens is weliswaar ook probeer teenwerk deur in= korporasie dog na verloop van sowat sewentig jaar vertoon die Winter= skeurgeledinge hul nog globaal genome in 'n drieledige verdeeldheid, te wete die Transvaal Basuto Church, die Lutheran Bapedi Church en die Lutheran Bapedi Church of South Africa.

#### 3.2.4.2 Die Leerstellige aspek

Skeurveroorsaking hou nie verband met die Luthers-Protestantse posisie soos bely in die Berlynse Sendinggenootskap nie. In beginsel is vas= gehou aan formele teologiese opleiding. In die praktyk tree volgens etlike informante verlaging van die standaard in. In skeurbestel word na verskillende oplossings gegryp. As voorbeelde dien die volgende: Winter is goed onderlegd en lei vir Job Pududu persoonlik op dog dis binne 'n wye spektrum verpligtinge. 'n Evangelis van die Berlynse Sending skeur, word leraar by die LBC en begin onderrig gee in die teologie by Doornkop. In Verslag 1973:629-30 kry ons teenstrydige getuienis. In elk geval was ene ds Tau een van die leraars wat later in sy eie huis as dosent opgetree het. Hy woon toe in Vlakfontein (Mamelodi). Ons inlig= ting en dié van Malan verskil nie juis nie. Malan skrywe: "Die oplei= ding duur vir ses maande tot 'n jaar. Kandidate moet ongeveer Std 6 hê" (1959:51). In die LBCSA was die posisie teen 1959 dat Anderson 'n 2-3 jaarkursus daarop nagehou het. Dit was 'n korrespondensiekursus met lesings deur Anderson met toelatingsvereiste Std 6-7 (Malan 1959:52). Daarbenewens is Evangeliste by Jericho in die omgewing van Brits opgelei. Gerdener bied tersaaklike gegewens wat by implikasie daarop dui dat as

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


gevolg van die toelating van leraars uit ander Protestantse Kerke insluitende Metodiste die Luthers-Berlynse teologie tog nie verskans is nie (1958:205).

3.2.4.3 Die organisatoriese aspek

Ook op hierdie gebied word nie prinsipieel van die kerk waaruit geskeur is, weggebreek nie. 'n Neiging wat wel na vore kom, is dat erfregtelike opvolging opstu. Die Episkopaalse bly behoue maar in die magstryd om opperleierskap byvoorbeeld in die Transvaal Basuto Church is P, 'n seun van een van die stigters van die beweging wat in 1915 uit die LBC skeur. In hierdie geval hoor ons ook dat die magstryd tussen persone gerugsteun word deur etniese verwantskap.

Dit is egter te verstane dat waar die LBC en sy geledinge uitbrei na die etnies-heterogene stede en 'n wyer opvanggebied in die algemeen, het die aanvanklike oorwig van die Pedi-aanhangers verminder.

3.2.4.4 Die liturgiese aspek

Vir sover ons steekproewe uitgevoer het, is daar nie 'n neiging om willens en wetens die liturgie soos gebruiklik in die betrokke moeder=kerk te verander nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


## 3.3 MOSHOESHOE BEREAN BIBLE READERS' CHURCH

### 3.3.1 Inleiding

Die Moshoeshoe Berean Bible Readers' Church (MBBRC) is deur Walter Matita Phakoa in Lesotho gestig. Van die ses bewegings wat beskryf word, word Matita in sekere sin die sterkste in profetiese fokus geplaas; 'n fokus met messiaanse trekke aan die periferie. Dit is veral so omdat sy aanhoriges - en selfs ander - beïndruk is deur sy relaas oor bonatuurlike ervaringe wat hy sou belewe het en waardeur hy voorbestem en toegerus is vir sy besondere kerkplanting. Oor die al=gemeen word Matita se pretensie deur sy geesgenote nie juis in wêreld=wye perspektief bejeën nie, soos wel deur sy seun Malakia by die "praalgraf" van Matita. Tog bly dit sinvol om ook daarvan kennis te neem. Malakia weet aan te voer: " ... hy, die ontslapene, het daar=van gespreek dat die volkere oor die hele wêreld, Swartes en Blankes, van heinde en ver hierheen sal kom ter wille van hom. En verder het hy opdrag gegee dat dit opgeskrywe word sodat niks verlore mag gaan nie. Ongelukkig het ons voorgangers (of leiers) versuim om hieraan te vol=doen." - Later toe die navorser bedank word vir sy besoek, moes hy hoor dat ook hy inbegrepe is in die perspektief en dat nou vir die eerste maal die optekening formeel geskied met bandopnemer!

### 3.3.2 Ontstaansgeskiedenis en verloop van sake tot met die dood van die stigter in 1935

Weens die besondere verbintenis tussen die MBBRC en die stigter, Walter Matita Phakoa - na wie respondente oor die algemeen verwys het as Matita - is dit gerade om sy lewensgang en persoonlikheid te beskrywe. Sy lewensgang val uiteen in twee periodes. Die tydbestelle hou verband met 'n buitegewone krisis wat hy sou belewe het en wat as waterskeiding gesien word. Die krisis sou hom glo tref te Fobanestat teen ongeveer 1906 en sy lewensrigting omvattend verander. Hierdie ommekeer sou dan bewerkstellig dat die man verander en dat hy voortaan sy strewe in die bedding van 'n religieuse beweging lei.

Matita, die man

Uit die staanspoor word Matita in bonatuurlike dimensie geplaas.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Sy oupa/ouma besoek die legendariese waarsegster 'Mantsopa. (vgl o.a. vir 'Mantsopa, Tylden 1950:46). Na afloop van die eintlike onderhoud voorspel 'Mantsopa dat hul jong dogtertjie, toe nog in haar puberteits=jare, sewe kinders sou baar. Die sewende sou 'n profeet wees net soos 'Mantsopa 'n profetes is. Die besondere teken ter bevestiging sou wees dat die babatjie met al sy tande gebore sou word. Die oupa se naam was Makoanyane. In alle waarskynlikheid het ons hier te doen met die beroemde veggeneraal van Moshoeshoe. Hy woon toe in die gebied van Hoofman Majara te Mokhetoaneng. Die moeder sou binne stamverband trou. Volgens Damane (1963:21-2) is hy van Phuthi-afkoms. Soos voorspel, word die baba met tande gebore, dog op die sewende dag verdwyn die tande op geheimsinnige wyse en die moeder verdink 'n jonger vrou van towery. By die kind is daar geen nagevolge nie en hy groei en kry tande soos 'n normale kind

Die naam Matita kom van 'n abnormale persoon uit die stat. Want kyk, ook Matita was nie "'n volle mens" nie omdat hy volgens voorspelling met tande gebore is as waarmerk van sy profetiese roeping. Later sou hy in die "hemel" die naam Walter ontvang. Tydens veldwerk leef die eggenote van Matita nog en woon naby Witsieshoek, bekend as Alice Phakoa.

Volgens die grafskrif en ander geskrewe bronne is Matita in 1885 gebore. Hy sterwe te Sekamane op 9 April 1935. Sy krisiservaring neem blykbaar sy aanloop in 1906 aangesien sy kerklike dienstydperk aangegee word as 1906 tot 1935. Voor eersgenoemde jaar, sê tot op een-en-twintig=jarige leeftyd, wil hy met God en sy gebod niks te doen hê nie. Digby sy tuiste te Thaba Bosiu arbei ds C Motebang reeds sedert 1891. "He was the first Mosuto to become in full a minister of religion" (Ellen=berger 1938:243). So wars was Matita van alle godsdiens dat hy uit sy pad gaan om te ontstig. "Hy het die kerk gehaat. Hy het nooit kerk toe gegaan nie behalwe as dit deur die kaptein gewil is. Hy het dus gegaan om te vermy om 'n bok as boete te betaal. Hy het hom by sulke ge=leenthede met hierdie rooi "Oxide" gesmeer, meer as gewoonlik, sodat hy 'n struikelblok vir almal kon wees."

Matita is op 'n foto wat aan ons getoon is ongeveer in sy veertigerjare. Toe moes hy sowat 85 kg geweeg het en was vol in die gesig. As jongkêrel

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


was hy atleties. So word vertel dat hy mense met sy toertjies ver=baas het. Hy kon hardloop en tweemaal in die lug bollemakiesie slaan voordat hy weer op sy voete grondvat. Daar het iets gehaper aan 'n gesellige fees as hy nie daar was nie. Hy het ook leiding met sang geneem. Meisies was smoorverlief op hom. Hiervan maak hy misbruik.

Matita moes 'n welsprekende en dramatiese redenaar gewees het. Iemand beskrywe dit deur te sê: "E ne e le monna sefahleho sa hae se tsama=eang." (Hy was 'n man wie se gesig beweeg het). Die segsman vul met gebare aan hoe ook die twee ore soos flappe gefladder het. Ons meen dat mens ook algaande bevind hoe intelligent Matita moes gewees het en ook 'n sterk geheue moes gehad het.

Hoër op is verwys na 'n messiaanse duiding in die MBBRC. Die man, Matita, het vore in hierdie rigting getrek. Volgens A M Mofokeng (Matobako), die moderator van een splinterdeel van die MBBRC, het Matita voor sy dood versoek dat sy lyk gebalsem word. So moes hy in 'n soort durende staatsie lê in 'n huis waarheen mense kon gaan om dit te sien. Die balseming het nie geslaag nie. Matita is egter volgens Psalm 113:7 in die ashoop be=grawe. Dit is Matita se ashoop vlakvoor sy huis in Lesotho. Tydens veld=werk was die huis 'n bouval. Op daardie ashoop - so beweer Malakia, seun van Matita, ter plaatse - het die twee sonderlinge hane dikwels baklei en het die swart haan die wit haan uiteindelik doodgemaak. Op die ashoop oor die graf staan 'n geboutjie van sandklip en sink en op die nok twee hane, die een swart en die ander wit. Die haanfigure is blykbaar uit sink=plaat gesny en geverf.

Matita, "sy boodskap in bonatuurlike roepingsbestel"

Geloofwaardigheid al dan nie

Selde of ooit in ons ondersoek het ons so 'n ineenstrengeling van relaas met geskiedkundige fundering en met bonatuurlike veronderstelling aangetref. Dit is verder opvallend dat nie slegs binne die geledere van die MBBRC nie maar ook daarbuite, 'n vry ooreenstemmende verwysingsraamwerk voorhande is ten opsigte van die beweerde bonatuurlike komponente. Op stuk van sake bly dit sinvol dat Matita sy boodskap so oortuigend kon

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


aanbied en dat hy positiewe reaksie uitgelok het, of dit nou na die strengste wetenskaplike kontrole geloofwaardig of ongeloofwaardig bevind mag word, al dan nie.

Die "Fobane"-ingryping

Daar is reeds verwys na die beweerde bonatuurlike ingryping te Fobane=stat. So sou dan die lewe en strewe van Matita 'n ander en edeler koers inslaan. Die gebeure sou dan vir Matita inlei in 'n roepingsbestel met vreemde louteringe of inisiasieskoling ten einde unieke Boodskapper te word. Een van die vele inskripsies op die "praalgraf" lees: "LATE RT. Moderator Walter Matitta M.G. V.D.M." Die afkorting "RT." staan vir "Rt. Rev." of Hoogeerwaarde. Die V.D.M. is duidelik, te wete (be-) dienaar van die goddelike Woord. Die "M.G" - soos verder aan opgehelder word, staan vir "Messenger of God".

Alhoewel die weergawes van respondente variasie toon rakende die Fobane-gebeure is hulle eenstemmig dat die ommekeer hier, nie slegs supernatu=reel 'n aanvang neem nie, maar dat hy, in bonatuurlike bestel, ervaringe sou belewe wat hy uitnemend verwoord het in sy later optrede en dat dit die verbeelding aangegryp het.

Op 'n Saterdag is daar <u>mokete</u> (fees) te Fobanestat. Matita as losbandige staan op die punt om met 'n meisie onsedelik te verkeer. Hy word hierin bonatuurlik gestuit. Hy "sterf" en geraak in 'n skyndood. Die meisie sien slegs die reaksie maar nie die veroorsaking nie. Sy maak alarm. Sommige verdink jong mans van towery uit jaloesie. Kragdokters staan magteloos. Matita word nie begrawe nie omdat "'n teken van lewe in hom bespeur word." Op die derde dag, die Maandag, word hy weer lewendig.

Sy "Hiernamaalse Interim" is 'n ware belewenisdoolhof. Mens sou ook kon dink aan ervaringskomplekse in wisselwerking. Matita deurloop 'n (teo=logiese) kursus volgens eie weergawe; loop gevaar om in die "vuurput" gewerp te word; beland in 'n vreemde hofgeding; word gedoop en ervaar iets van 'n hemelse saligheid in wonings waar Moshoeshoe I hom tans bevind.

Matita word hardhandig opgeraap deur Iets/Iemand asof hy 'n hoender is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Later word dit 'n "lang man" met 'n vaste voorneme om te verdoem. Hy is op pad na die plek "waar almal wat dood is" kom. Daar loop hy tussen twee donker hole; "pikswart, meer as onder in die myn." Sewe manne verskyn. Hulle beveel Matita om te bid. Hy erken dat hy nie kan bid nie. Hulle leer hom bid. Dit blyk later dat hulle hom die Onse Vader leer. Toe hy die gebed ken, sê hulle: "Daar waar jy heen=gaan, gaan jy déúr deur middel van gebed. Sou jy hierdie gebed vergeet, sal jy nie deurkom nie." Die Ding of Man gryp hom weer en gooi hom waar hy 'n smal paadjie sien en voor in die paadjie 'n vuur. Voor hom verskyn 'n versperring in die vorm van 'n groot boek. 'n Stem beveel hom: "Matita, lees wat daar geskrywe is!" Toe sê hy: "Ek kan nie lees nie." Die woord kom weer: "Bid!" Hy het die gebed vergeet, dog probeer die boek uit die pad skop - "empa ya ba nna ya wang ka sa nthao" (maar dit was ék wat agteroor val). Die sewe manne verskyn woedend en leer hom weer eens die gebed. Toe skuif die boek vanself weg en die manne verdwyn. Die man raap hom op en gooi hom aan die kant van die vuur. In die vuur was mense, die ene bene, "al gebrand so dun soos garing." As die vuur opvlam soos golwe in die see, kon mens nie hulle krete hoor nie, maar as dit kalm word dan kon die stemme gehoor word. By die vier hoeke van die gat het vier manne elkeen by een van vier berge varkvet gestaan. Hulle het ook elkeen sy dam water gehad. In hulle hande het hulle groot grawe gehad. Hy het gesien hoe hulle water skep en in die vuur gooi. En as die vuur sak, voeg hulle iets by soos dinamiet. Dan ontplof dit en mense word in die lug opgeskiet om weer terug te val en te brand.

Hy, Matita, hoor egter weer 'n stem wat beveel: "Mo tlohele eo ha se wa hao, mo tlohele!" (Laat staan hom, daardie, hy is nie joune nie, laat staan hom!).

En so gebeur dit dat Matita die foltering van naby aanskou. Die vuur was so warm dat hy brandwonde opdoen. Die man neem hom weer en bring hom by 'n pomp wat heerlike lug uitblaas; dit genees onmiddellik sy brand=wonde.

Dieselfde man neem hom na 'n groot huis waarvan hy die einde nie kon sien nie. Dit is blykbaar 'n grootse gebouekompleks, ook genoem "Wonings". By die deur val sy oog op 'n man met een been, een hand, een oog, een oor

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en een neusgat.

In hierdie wonderhuis sien hy 'n mooi man op 'n mooi stoel sit. Die gesig van hierdie man het geskitter. Hy het gedaantewisseling onder= gaan. Hy het verander in 'n bees, skaap, perd - enige ding. "Toe hy verander in 'n son, was sy lig so skerp dat my oë in my ingekeer het en ek het myself gesien met my geboorte en hoe my moeder amper gesterwe het toe sy aan my geboorte gegee het. Die man het verander in bloed en in 'n reënboog wat tog nog verwantskap aan hom vertoon het. Die reënboog het ore, oë, neus en so meer gehad."

Toe Matita nog so staan, trek regimente 'n kordon om hom. Die manne van die eerste regiment het twee vlerke gehad, die tweede drie en die derde agt. Hulle gesigte was die van aasvoëls, mense, beeste. Later het 'n regiment manne gekom wat ooreenkoms vertoon met die man Walter. Dit blyk dat hierdie regimente aantree met die oog op 'n buitegewone hofgeding.

Toe die regimente opgestel was, verskyn daardie lang man weer, nou in koperklere en is respek aan hom deur die regimente betoon. Hy is aan= klaer en Matita die aangeklaagde. Die man op die mooi stoel is die regter.

Aan die begin van die verhoor het die lang man opgestaan en gesê: "Ek wil weet van wanneer af manne soos hierdie een geskik is om hier ontvang te word. Kyk sy knieë. Hy het nie gebid nie, nie eers eenmaal nie. Hier= die mens het geen reg om hier te wees nie."

Matita verkeer in 'n benarde posisie. Hy sou later vertel: "Ek is toe betrag en byna almal het saamgestem met hierdie man." Daar kom egter 'n onverwagte wending. 'n Ander man staan toe op en sê: "Manne van die Raad van God, julle het al gehoor wat gesê is. Maar ek sê hierdie man het reg om hier te wees." Toe hy so sê, het 'n groen tafel verskyn en op die tafel was daar tande. Hy vervolg: "Hierdie man is gebore met tande. Na sewe dae het God sy engel gestuur om hierdie tande te haal. Dit is hulle hierdie wat julle sien. Om hierdie rede volg die man sy tande." In 'n ander weergawe sou 'n engel beweer het dat die tande Matita se toe= latingsbrief is; "hy is hier bekend".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Die aanklaer speel sy sterkste troefkaart. Hy slaan 'n boek oop of is dit eerder 'n gewetensaanklag? Hoe dit ook al sy, Matita sien sy sondes soos in 'n rolprent voor sy oë afspeel. Daardie man sê toe: "Kyk!" "Toe hy so sê, sien ek waar ons die mielies van 'n sekere weduwee gesteel het toe ons nog seuns was - ek sien ook hoe sy daar huil .... Ek sien hoe ons 'n skaap van 'n witman gevang, doodgemaak en geëet het .... Ek sien die slegte daad wat ek gedoen het om te slaap met meisies volgens die Matebele-manier en die vrug daarvan."

Terug op aarde sou hy in sy boodskap teen sondepleging vermaan en terug=gryp. Iemand sien hom in aksie en getuig: "Hy sê as hy praat van hoe jy in die skande is, as jy jou sonde sien asof jy hulle op daardie tyd=stip doen, jy nie weer so sal wil handel nie. Die hoofsaak is dat die kinders waarvan hy gepraat het nie koppe gehad het nie. Dit is kinders wat in die wêreld nie bekend is nie. Dit is die bloed wat 'n mens weggooi, wat nie in 'n vrou gaan nie."

Na hierdie dramatiese aanklag vervolg die lang man: "Kyk! julle sê hier= die vuile mens het die reg om hier te wees?"

Die tande en hulle konnotasie weeg egter op teen alles wat die aanklaer aanvoer. Die bordjies word verhang. "Toe kom daar eenstemmigheid oor die koms (van Matita). Die woord het dan gekom wat gesê het: 'Gaan weg, jy wat deur my Vader vervloek is ....' Hy (die lang man) het weg=gehardloop tot in die vuurput en van hom is geween gehoor."

Blykbaar vind die doop van Matita na die hofsitting plaas. Die poort=bewaarder, die "Een-oog, Een-been ....", word nou by die naam genoem; hy is Walter. Walter het hom na die rivier, die Jordaan, geneem "ter=wyl ek nog my sonde dra. Ek is daar gedoop. Toe ek daar uitkom, kom ek skoon uit en al die sonde het agtergebly in die water." Hy word ge=doop deur driemalige onderdompeling. Walter vernoem homself. En so is die herkoms van sy twee voorname vasgestel; Walter van hemelse oor=sprong en Matita van 'n abnormale mens uit die stat in Lesotho, "want kyk, ook Matita was nie 'n volle mens' nie."

Tevore het ons reeds verneem van besondere gebedsonderrig en die boek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Nou hoor ons dat hy na sy doop teruggeneem is skool toe, waar hy al die tale van die wêreld geleer is, "dié van die Blankes en van die Swartes." Hierdie skoling word nie beperk tot sy "driedaagse skyndood" nie. Daar is voortsetting en afronding van sy boodskap of roepings=kursus ná sy "opstanding". Malakia, sy seun, vul egter nog aan insake die hemelse ervaring: "Daarna is hy weer geneem nadat hy klaar onder=rig is. Toe is die gees in hom gesit deur die mense van die vlerke. Hulle het saam met hom gestoei/geslaan. (Blykbaar sang met ritmiese klap van hande). Hulle het wonders met of saam met hom verrig, en hulle het hierdie lied gesing: 'Amen', Amen!"

Vir 'n kort wyle was dit Matita beskore om hom te vly in geluksaligheid. So stel 'n informant dit: "Hy het gekom op 'n plek waar aan hom gesê is dat hy nie mag saai of maai nie, maar dat alles volop is. As 'n mens eenmaal hier kos geëet het, dan hoef jy nie meer te eet nie, vir ewig." In daardie sfere ontmoet hy Moshoeshoe I. Sy aandag word gevestig op ie=mand met 'n velkombers en net een oorring. Matita eien hom nie. Toe is aan hom pertinent gesê dat dit Moshoeshoe I is. (Die oorring sou hy mos as jong seun van Mohlomi ontvang het (vgl J P Bruwer in <u>Kinders van die Wêreld</u> 7:185)).

Uit veldwerk was dit nie duidelik wie opdrag gegee het dat Matita na die aarde moes terugkeer as besondere boodskapdraer nie. V Ellenberger skrywe rakende Matita - sy werk het hy in 1932 in Frans voltooi - dat Moshoe=shoe hom sou beveel het: "By mingling the supernatural with the practical, he made out amongst other things, that he had gone through death; that, whilst dead, he had been taken up to Heaven through innumerable worlds; that an angel had then taught him to read and write; and finally he had been allowed to appear before Moshesh, who had expressly charged him to return to earth and to call the Basutos in his name to become converted" (vertaling deur E M Ellenberger 1938:322).

Sy Ondermaanse Afrondingsbestel - soos vroeër in bedenking gegee - staan nie los van die hemelse nie. Daar is wisselwerking. Onderwyl hy nog daar bo is, word hy sy moeder getoon as huilende omdat sy meen dat haar seun getoor is. Ook sien hy dat sy stat vol ongeregtigheid is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

By sy "opstanding" die Maandag, sou dit nie meer die Skyndoodtoe=stand wees nie. Hy lewe en beweeg meer soos 'n normale mens en tog is hy siek . 'n Oom van hom bevind dat hy reageer soos 'n leerjonge wat op die punt staan om kragdokter (isangoma) te word. Sy moeder sê by sy siekbed: "Oa thoasa", in die sin dat 'n inspirasietoestand opge=bou word; hy begin om "wedergebore" te word. Daar is tog verskil. Die dokters staan radeloos. Hy maak gebare met sy hande asof hy iets wil ontvang. Later sou hy vertel dat 'n Bybel uit die hemel aangebied is en dit deur 'n misverstand weer hemel toe is. Uit desperaatheid kry hy twee hane van 'n familielid. Hierdie twee hane, 'n swarte en 'n witte, sou sonderling optree. Ons het hulle reeds in afbeelding op die "praal=graf" gewaar.

Uiteindelik kry Matita ook 'n Bybel van 'n groot hoofman, Leshoboro Majara. Almal was verbaas toe hy dit kon lees.

Uit die getuienis van Matita se weduwee, Alice, het sy "afrondingskursus" tien maande geduur. Hoofman Leshoboro het gedink dat hy gewoonweg siek is en mense geroep om vir hom voorbidding te doen. Maar al die tyd was hy besig om, in gehoorsaamheid aan 'n opdrag "van die hemel", te swyg. Later het hy gepraat en aan die kaptein gesê: "Jy het my gedaan gemaak; dit is gesê dat ek nie moet praat met 'n mens vir tien maande" (Alice en Malakia weerspreek mekaar. Die onderrig in tale plaas Malakia in die hemele vóór die terugkeer en Alice gedurende hierdie tienmaandetermyn).

Vanaf die "praalgraf" is aan die ondersoeker die berg Tseroane uitgewys. Hier sou Matita veertig dae en veertig nagte vertoef het sonder iets om te eet of iets om te drink. Daar by een van die hoogste pieke kon hulle Walter Matita sien, maar selfs die plaaslike wagters kon nie tot daar klim nie. Die vraag is of Matita in lewende lywe daar was. Iemand weet te vertel dat slegs 'n sekere ou man, "wat ook vol was van die Gees van God", hom daar kon sien waar hy gebêre is "by 'n plek waar net die aas=voëls kon kom."

Gedurende die tien maande is Matita eenkeer opgesluit, of het hy hom af=gesonder in die kerkgebou van Tseroane vir dertig dae en dertig nagte - weer sonder kos of water. "Toe hulle oopmaak het hulle gevind dat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hy al maer is (e ne e le masapo - dit was die ene vel en bene) en hulle het toe probeer om hom op 'n stoel te sit en die stoel het ge=breek, en dit het hul 'n paar keer gedoen maar steeds het die stoel gebreek.

Maar nie lank nie het hulle gevind dat Matita 'n groot, sterkgeboude man was, en sy vel het geblink."

Die verbasing oor Matita se leeskennis verg omskrywing. Dit was sowel leesvaardigheid as inhoudsbeheer. Hy is getoets. Van Genesis tot Openbaring het hy die Bybel uit die hoof opgesê. Kontrole is uitge=oefen deur iemand met 'n Bybel voor hom. Die weergawe was na bewering letterlik korrek.

Twee sonderlinge hane

Daar is reeds na die twee hane verwys. Alhoewel hulle aanvanklik as gewone hane geskenk is, toevallig 'n swarte en 'n witte, word hulle in sonderlinge lig gesien. Hulle rol kan nie los gedink word van Matita, die man en sy boodskap nie. Weliswaar verskyn hulle eers op die toneel ná die skyndood en word vóór Matita begrawe, maar 'n mens kan hulle invloed nie tot hierdie aardse tydvak beperk nie.

Skaars het die hoofman die twee hane aan Matita oorhandig, toe begin die sonderlinge gedrag na bewering: "Een haan het op sy kop gespring en gekraai en so ook die ander een." Onderwyl Matita op die berg Tser=oane was, sou die hane ook nie geëet het nie. Toe hy terugkeer sou hulle vir die eerste maal weer saam met hom uit dieselfde bord geëet het. Ook sou hulle in Matita se huis gebly het, maar as die "klok van gebed" lui, dan het hulle uitgekom en biduur toe gegaan. Hulle sou buitegewoon dikwels stelling teenoor mekaar inneem en mekaar aantuur. "Me mekoko ena ea lula joale e ne e mo bolela litaba tseo batho ba bang ba neng ba sitoa ho li utloa." (En hierdie hane in hierdie houding was hom mededelende sake wat ander mense nie by magte was, om te verneem nie).

Die onderlinge verhouding tussen hierdie hane sou na bewering gespanne gewees het. Daar was gedurig bakleiery. Matita wou nooit hê dat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"terwyl hulle veg hul uitmekaar gemaak moet word nie." Malakia, die seun, is 'n ietwat ander siening toegedaan oor die verhouding tussen die twee hane. Hy beweer dat die hane mekaar liefgehad het dog uiteindelik geveg het. Die swart haan se oog is "uitgehaal", maar hy is later eers dood. Op dieselfde dag waarop ons inligting van Malakia bekom, weet respondente in die omgewing van Morija te vertel dat nadat die swart haan weer gesond geword het, 'n finale geveg plaasgevind het. Dié keer het die swart haan die witte op daardie selfde ashoop waarin hulle begrawe is, doodgeskop. Malakia beweer beslis dat die hane die swart bevolking (Basotho) en die wit bevolking (Makhoôa) versinnebeeld.

Matita se "Kerkstigting"

Bekeringsprediking of eie beweging?

Die MBBRC kan nie in sy wese verstaan word sonder verwysing na wat reeds beskryf is nie. Ook die verdere verloop staan in noue verband hiermee waar Matita, "uitsonderlik" toegerus, gestalte in die ondermaanse bestel aan sy boodskap gee. Die sentrale vraag is of hy in sy openbare optrede bekeringsprediking beoog sonder om 'n eie kerkstigting van stapel te stuur.

Die Fobane-gebeure is as in die loop van 1906 aangedui. Dit duur ongeveer 'n jaar voordat hy daadwerklik begin om in die openbaar op te tree. Teen 1920 het hy al die verbeelding in Lesotho aangegryp en strek sy invloed óór daardie begrensing. Meer nog, hy arbei in Kerkverband en wel in dié van die Paris Evangelical Missionary Society (PEMS). Hierdie Sending voorsien hom van getuigskrifte. Ons het van drie afskrifte bekom. Daaruit spreek onder meer dat hy vóór 4 Oktober 1918 reeds lidmaat van die Berea-gemeente is; tevore al bekend is as iemand wat hom wy "to the work of preaching the Gospel to all. His work stands as a testimony that he was sent of God and there are many in Basutoland who were converted through his message"; dat hy 'n wyksgemeente van Berea te Koalabata ywerig opgebou het; daar word pertinent in een van hierdie getuigskrifte genoem: "He has received no special instruction or (? from) ordinary men, but has been instructed from Above in remarkable manner and has received from the Lord knowledge not imparted to all." (Ons

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

meen dat die algemeen-kerklike konnotasie van singuliere gawes hier oorskry word). Dit het vir ons ook duidelik geword dat die MG -graad op die "praalgraf" deels herlei kan word tot hierdie getuigskrifte. G Dieterlen se oorspronklike getuigskrif is in Suid-Sotho. Hy bestempel Matita as een "ea tsamaeang hohle hohle joaleka lengosa la Molimo ho ruta lichaba kaofela tsa South Africa linnete tsa Evangeli ea Jesu Kreste." (wat orals rondgaan soos 'n boodskapper van God om al die volke van Suid-Afrika die waarhede van die Evangelie van Jesus Christus te leer). In 'n vertaalde afskrif word boodskapper reeds Messenger met hoofletter. Dieterlen getuig ook dat Matita op 3 Desember 1920 sy vorige arbeid her=vat naamlik om die Woord van God van plek tot plek te verkondig. Die Kerkraad van Berea magtig hom en wens hom groot blydskap toe "in this service as his gift. And we ask for him peaceful reception from all Evangelical churches of South Africa." Die oudste van die betrokke getuigskrifte, 4 Oktober 1918, is klaarblyklik ook nog nie ingetrek nie. Die getuigskrif is namens die "Synod of the Church of Basutoland and of the Conference of the ministers of the Church of Basutoland." Die PEMS sou egter van standpunt verander. In die Eeufeesuitgawe van hierdie Sending in Lesotho (1833-1933) is V Ellenberger se bevinding dat Matita "pretended to be one of us" (1938:323).

Hierdie werk is vir die onderhawige vraag rakende Matita as boetprediker of separatis, belangrik.

Ellenberger het begrip vir die gevoelige, akkulturatiewe bestel waarin Matita optree. So skryf hy: "At the time when everything spoke of death and when the mind felt powerfully how fragile human life is, Matita, who had been busy for several years already with a campaign of evangelization throughout the land, was able, chiefly through speaking to the populace about the resurrection, to move their hearts and to suscitate numerous conversions, especially in the north of Basutoland and in certain parts of the Orange Free State ... he had then already ... certain views as to the future, which he hid from the credulity of his audience; but later, when he threw off the mask and wanted to establish a sect of which he would be the head, namely the sect of the 'Followers of Moshesh', or another, that of the 'Possessed of the Spirit', recruits for which he reckoned to get among those who had been converted through

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


his appeal, and whose names he had carefully kept, it happened that the great majority of them refused to follow him, and they came to swell the ranks of our churches, 'having given themselves up to God, not to a man'" (1938:322-3).

Azael Buti en die MBBRC

Ellenberger het hierdie Buti in gedagte waar hy verwys na "... an attack perfidiously launched against our work, even as deep as the Native pastoral body ...." (1938:323).

In 1920 word klagtes teen 'n leraar van Popa, Asael Buti, ingedien. Buti reageer nie gunstig nie. Daar word in hoër beroep gegaan maar Buti gee nog nie bes nie, inteendeel.

Hoofbron van die klagtes teen Buti "was the exceedingly great indulgence of the minister towards two of his children whose moral conduct had left much to be desired .... He was the first Mosuto to break away from the Seboka of his own free will." Hy span saam met Matita om 'n sogenaamde teologiese skool naby Berea op te rig. Predikante sou daar opgelei word in belang van hulle beoogde "Possessed of the Spirit"-kerkstigting, ook genoem "Kerk van Moshoeshoe". Hierdie stigting sou dan die "Fora" Kerk (Pro=testantse Kerk deur die PEMS - France - gerugsteun) se plek in Lesotho inneem .... Dog die verloop was volgens Ellenberger dat Buti sy "epheme=ral School" moes sluit, "to retire to his village, and Matita departed to the north of Basutoland, where he still had a few adherents" (1938: 332-3).

Uit veldwerk verneem ons dat Buti en Matita reeds in 1920 mekaar gevind het. Buti sou by Walter Matita aansluit "met die doel om hierdie kerk groot en sterk te maak." Die verbintenis sou egter van korte duur wees. Ons veldhulp deel mee: "Maar nie lank nie, toe het daar onenigheid ontstaan tussen Matita en Buti. Laasgenoemde het hom toe bó Matita ge=stel en verhoog omdat hy ten eerste 'n geordende leraar was, en ook omdat hy geleerd was, terwyl Matita ongeordend was, en ook nie skool bygewoon het nie, hoewel hy kon lees, soos hulle beweer (dit wil sê, ná die trance)."

Azael Buti organiseer toe 'n aparte beweging onder die naam Kereke ea

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Moshoeshoe; hoewel Matita s'n ook onder dieselfe naam bekend is.

Dié Kereke ya Moshoeshoe moet nie verwar word met Kereke ea Moshe ('n jeugorganisasie met geheime driloefeninge, blykbaar met militêre doel=stellings) nie.

Buti se beweging leef nog in 1963. Hierdie stigting erken dat dit weggebreek het van Matita, maar gryp steeds terug op sy wondervaringe. Die beweging is ook bekend onder die naam "Possessed of the Spirit".

Uit ons veldwerk kry ons bepaald bevestiging van wat Ellenberger (1938: 333) aanvoer en daarby 'n verdere verloop van sy eerste onderlinge skeu=ring. Die botsing draai om 'n persoonlike magstryd tussen twee leiers. Uit 'n leerstellige gesigshoek sou eerder van skisma as kettery gepraat kon word. In hoofstuk 1.1 is genoem dat die grondbetekenis van skisma met spleet of skeur te make het, egter soos by die kameelpoot, nog met 'n verbinding of web tussenin. Wat die verhouding tussen die Buti-aan=horiges en die Matita-aanhoriges betref, is daar blykbaar in ons na=vorsingsbestel weinig wisselwerking. Soos reeds vermeld - as ons van 'n web kon praat - sou dit Matita se nalatenskap van wondervaringe wees. Daar word beweer dat "wanneer die graf van Matita besoek word, daar gevra word om by die graf te bid." Dit dui dus op 'n tipe bede=vaart na die "praalgraf" in Lesotho en sou 'n sekere profetisme of messianisme kon onderstreep.

Matita word georden

Ongeordende in die PEMS-verband

Daar is reeds aangetoon hoe Matita by die PEMS en sy kerkopbou in Lesotho ingeskakel was. Ook hoe hy later vrygestel word en van ge=tuigskrifte voorsien word om wyer te gaan arbei as boetprediker of bekeringsprediker. Binne die PEMS-verband tree hy egter op as onge=ordende. Ellenberger omskrywe ook dat Matita met voorbedagte rade beplan het "to establish a sect of which he would be the head" (1938: 323).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Sy ordening deur C J Beetge

In die magstryd tussen Matita en Buti, lê Buti daarop klem dat hy predikant is en Matita nie. Met ander woorde hy, Buti, kan VDM agter sy naam skrywe en Matita nie. Die agterstand moes Matita gehinder het. Hy laat geen gras onder sy voete groei nie en word reeds in die loop van 1921 georden.

R M Mohono skryf op 22 Oktober 1943 uit Germiston, hoewel sy vaste adres Mokunutung, Peka, Lesotho is, en wel ter begeleiding van die konstitusie. "The Rev Walter Matita was miraculously converted, taught and baptized in heaven .... He was ordained with the Rev A H M Masoetsa and the Rev R H Mohono at Bloemfontein by Bro C J Beetge of the Full Gospel Church, in 1921." Dit klop nie presies met die konstitusie nie. Die konstitusie lui op hierdie punt "Baruti ba pele ke ba theileng Kerke; ba hlonolofalitsoe ka peo ea matsoho a boruti ke Bro. C.J. Beetge wa thuto ea 'Full Gospel Church', kerekeng ea 'The Tabernacle", Bloemfontein ka selemo sa 1921.
Ke Rev. Walter Matitta, Moderator le Mothei oa Kereke; Rev. R.M. Mohono, le Rev. A.M. Masoetsa." - Die verskil is dat in die konstitusie voor=rang aan Matita gegee word.

Daar is nie - vir sover ons kon vasstel - bewyse dat Matita ooit, nadat hy "ingeseën is met oplegging van hande deur Broeder C J Beetge", organi=satories in die Volle Evangelie Kerk gearbei het nie.

Matita, Masoetsa en Mohono

Ons gegewens dui daarop dat sowel Mohono as Masoetsa by Matita aangesluit het. Mohono word later weer aan die orde gestel. Wat Masoetsa betref, is die inligting: Masoetsa was in volgorde evangelis, onderwyser en later leraar van die Franse Kerk. Hy kom in botsing met sy Kerk. "Hulle kon nie ooreenkom oor die feit dat Masoetsa gedurig gesigte gesien en aan Dieterlen gesê het, watter boodskap hy van die Here ontvang het om aan die volk te sê nie. Kort hierna het Masoetsa besluit om maar die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Franse Kerk te verlaat aangesien die leraar, naamlik Dieterlen, nie daarin belangstel nie, en die Kerk as sulks daarteen is. - Hy het hom toe by Matita gevoeg en hy het toe onder Matita gestaan."

Die Mafolontiri ( Vrywilligers - van die Engels "volunteers")

Dit is opvallend dat een van ons beste respondente in Witsieshoek, 'n direkte afstammeling van die kern-Christene wat die Protestants-Gereformeerde Kerk daar begin het, byna in diktaatvorm die impak van Matita en sy boodskap, nie slegs in die Hoek nie maar wyer, kon herroep. Maar selfs gedurende ons ondersoek was hy bang vir "reprisals" en het versoek dat hy anoniem bly. Sy stellingname met betrekking tot 'n eie stigting al dan nie, is hier aan die orde.

Volgens hom het Matita aanvanklik persone wat diep deur sy prediking beïndruk is, aangeraai om verband te soek met hul eie onderskeie kerke, aangesien hy nie gestuur is om 'n Kerk te stig nie. Dit het ook gebeur.

Daar is egter 'n vereniging, die Mafolontiri, in MBBRC-verband gestig. Hulle het die gebruik gehad om snags buite in die natuur te vergader. (Uit Witsieshoek word die byeenkomste later as oorsaak aangedui dat jong getroude vroue en jong meisies buite-egtelike kinders in die wêreld gebring het). Sowel die PEMS as die Nederduitse Kerk - laasgenoemde veral in die Hoek - tree nou meer georganiseerd op. So kry ons 'n openliker skeiding van weë. "En so het hulle langs hierdie weg hul van hulle Kerke afgeskei. Sedertdien het hulle kerke gehad. Hulle het in kerke ingegaan en so oral met hulle Kerke geskei. En so het ds Matita sy Kerk gestig in Lesotho wat genoem is: ... En baie mense het na hierdie kerk gevloei en onder hom ingegaan."

Waar een van die inskripsies sinspeel op vervolging van Matita deur die leraars/sendelinge, duik die getal duisend in besondere konnotasie op: Ke ha Baruti ba tla Mo hloea ha Khaola Bakreste ba Sekete Ka baka la Thapelo Sephiring Matt 10:16-20 Esaia 66-17. Ons meen die sinduiding is dat onder vervolgingsbestel Matita daarin slaag om deur middel van die Biduurbyeenkomste een duisend Christene af te skei (en in te lyf by die MBBRC). Een informant beweer dat die 1 000 slegs proseliete uit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Witsieshoek verteenwoordig.

Oor die vraag of Matita suiwer bekeringsprediking beoog het en geen eie stigting nie, kan ons nou antwoord dat hy vroeg, reeds gedurende sy openbare optrede, met voorbedagte rade hom begin beywer het vir 'n afsonderlike religieuse groepering. Hy beoog 'n separatistiese beweging waarvan hy hoof sou wees. Hierdie beweging sou veral bekend staan as die MBBRC.

Van ons informante het beweer dat Matita na die Hoek genooi is deur een van die kapteins wat vir Paulus Mopeli opgevolg het. Een van ons beste respondente voer egter aan dat toe die NG-Kerk meer georganiseerd teen die MBBRC en sy Mafolontiri begin optree, 'n paar sterk manne uit NG-geledere hulle by die MBBRC geskaar het. Hy brei uit: Hulle was Thomas Motikoe, Jakob Motleleng en Petrus Mofutsanyane. Veral Thomas Motikoe - destyds evangelis in die NG-Sendingkerk en 'n vriend van Solomon/Salmone Ntohla was een van die sterk manne in die Kerk en geliefd in die samelewing. Saam met hulle verlaat 'n groot deel van die gemeente die Kerk om na die MBBRC te gaan. By name noem ons informant die gebied Namahali waar die MBBRC in daardie bestel 'n bres geslaan het.

Die besondere Naam

Die uiteindelike naam wat Matita aan sy beweging gee, is nie lukraak gekies nie. Uit wat reeds beskryf is en volgens V Ellenberger (1938: 322-3) se standpunt wat ons aanvaar, moes Matita se separatistiese motief vroeg ná 1907 al heimlik gewoeker het. Ons betrag die naam in sy samestelling:

"Moshoeshoe"

Daar is in 2.3.3 gemeld dat Matita vir Moshoeshoe I in die hemel sou ontmoet het "who had expressly charged him to return to earth and to call the Basutos in his name to become converted". Die hoofman Leshoboro Majara het 'n aandeel in sy herstel na die skyndood . Dit is binne sy jurisdiksie in Lesotho waar Matita begin opgang maak. Afgesien van wat reeds beskryf is, is daar informante wat aanvoer dat Griffith

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Lerotholi- hy regeer as sterk kaptein van 1913 tot 1939 - die MBBRC gewil en in 'n mate gerig het.

"Berea"

In daardie omgewing is Matita gebore en daar sou hy aanvanklik bekend word, kragtens sy beweerde bonatuurlike ervaringe en die beoefening van singuliere gawes. In die Bybel lees ons van Paulus in Berea (Handelinge 17). Ons ingewonne stof dui daarop dat Matita en sy vol= gelinge hulle in 'n vervolgingsbestel gesien het en Berea deels uit sodanige gesigshoek geïnterpreteer het. Berea is nie ver van Thaba Bosiu nie. Dit is hier waar Moshoeshoe hom in 1824 gevestig het en Thaba Bosiu sou dié bastion word vir Moshoeshoe in sy strewe om die Suid-Sotho-etnos uit te bou.

Daar kan dus aanvaar word dat die Moshoeshoe- en Berea-begrip in die naam op die Suid-Sotho sinspeel en dat die MBBRC in eerste instansie 'n geestelike tuiste vir hierdie etniese groep wil wees.

"Bible Readers'"

Oor hierdie komponent in die naam dui ons ingesamelde stof op 'n twee= ledige klemplasing. Eerstens, Matita se beweerde bonatuurlike ervaringe waarin die Bybel en sy beheersing van die Bybelteks wat hy uit die hoof sou weergegee het, 'n swaar gewig dra. Tweedens het een van ons kundigste informante verklaar dat Matita in sy prediking sy betoog kon laat inslaan met sinvolle aanhaling van Bybeltekste. Ons kan aanvaar dat hy op hierdie gebied tog nie willens en wetens radikaal kon wegbreek van die PEMS en die sentrale plek wat Bybelstudie en Woordverkondiging in daardie denominasie inneem nie.

"Church"

Weliswaar het Matita se beweging in eie geledere, populêrweg en selfs in hulle amptelike bronne, met verloop van tyd verskillende name gedra. Ons het reeds verneem van Followers of Moshesh, Possessed of the Spirit, Kerk van Moshoeshoe. Te Witsieshoek word ons insae gegun

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


in korrespondensie rakende 'n aansoek om 'n kerkperseel. Daaruit blyk dat die betrokke beweging ook bekend staan as Moshoeshoe Berean Bible Readers' Association . R Mohono in kerkhoedanigheid opponeer hierdie aansoek. Sy brief dra die stempel: "Moshesh Berean Bible Readers' Church amal. with The Christian Evangelist Mission". Ons veld=werker het hom die moeite getroos om 'n afskrif te maak van die MBBRC se breedopgestelde konstitusie soos hy dit ter plaatse bekom het. In Afdeling VI is daar nog sprake van "Kereke ya Moshoeshoe", maar onder die hoofopskrif "SEHLOHO" (wat hier vertaal kan word as Hoof(saak)/Konsti=tusie) volg "Moshoeshoe Berean Bible Readers' Church 1/1/1922." Dit sou dan die amptelike naam moes wees gevolg deur die stigtingsdatum. Matita dien dus nie sy beweging aan as 'n sendingaksie wat nog afhanklik is van 'n ander moederkerk nie; wil nie as sekte bejeën word nie, maar as Kérk in eie reg.

Matita se besondere opvanggebied

In Verslag 1973:969 vind ons 'n distribusiekaart waarop aangedui is oor watter gebied aanhangers van die Matitabeweging aangetref word. In die Kaapprovinsie is dit net in die omgewing van Kimberley waar die MBBRC verteenwoordig is. In Transvaal kon drie plekke aangemerk word in die omgewing van Heidelberg-Germiston. Die res van die lokaliteite is almal in die Oranje-Vrystaat en Lesotho. Behalwe in Bloemfontein is die res van die aanhang in Noordoos-Vrystaat. In Lesotho is vier groeperinkies op die noordwesgrens gekarteer. Dit is duidelik dat die verspreidings=patroon klop met die historiese verloop soos tot dusver geskets. In hoë mate het Matita se opvanggebied saamgeval met 'n area waar die Suid-Sotho oorwegend woon.

'n Besondere gistingsbestel

Matita se opgang val saam met 'n besondere gistingsbestel. Ellenberger het Wêreldoorlog I en die Griepepidemie (1918) in sy gedagte waar hy gewag maak van Matita se "evangelisasie kampanje" en die aanklank daarvan, insonderheid in die noorde van Lesotho en in dele van die Oranje-Vrystaat. Ellenberger skrywe onder andere: "However modest the role they played during the war may have been, the Basutos nevertheless

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



suffered many deaths, either through illness in Europe or during the voyage (it must not be forgotten that one of the ships on which they were proceeding to Europe was torpedoed on the 21st February 1917, occasioning much loss of life), or after their return, as many of them, after having returned to their homes, succumbed to tuberculosis, the germs of which they had contracted in Europe .... The armistice had not even been proclaimed yet, when a new misfortune befell the whole world and cost the Basutos, among others, thousands of victims: the so-called Spanish flu, brought to South Africa by the ships proceeding from Europe, soon spread throughout the land with terrible virulence ...." (1938:320-1). Ons stem saam met Ellenberger dat hierdie bestel 'n gunstige klimaat geskep het vir die boodskap van Matita waarin die klem geval het op "resurrection" en hy begin het om beïndruktes in die bedding van sy eie stigting te lei.

Witsieshoek

Ons stel Witsieshoek weer aan die orde uit 'n ietwat ander gesigshoek. Teen die tyd dat Matita aanvoorwerk in Witsieshoek begin, was hy al etlike jare meelewende lidmaat en bekend as leke-evangelis binne PEMS-verband. Met sy kwaliteite waaronder 'n besondere waarnemings=vermoë en vlugheid van begrip, kan mens aanvaar dat hy in hoë mate gebaat het by die natuurlike skoling in hierdie lewensvatbare sending in Lesotho. Dit is voor-die-handliggend dat toe hy uitwaarts beweeg oor die grense van Lesotho, Witsieshoek hoë voorrang sou geniet. Hy kon verwag om aanklank te vind. Hy beweeg nog binne etniese verband. Uit die geskiedenis is dit bekend dat gedurende die oorlog tussen Lesotho en die Vrystaat is Moshoeshoe I se magte in die "nou gebring deur die Vrystaters. Paulus Mopeli, wat 'n skrander opperhoof was, het gesien waar dit heen loop. Hy het toe met President Brand onderhandel oor vrede. Vrede is gemaak en hy het 'n bondgenoot van die Vrystaatse Regering geword. Daarna het hy die President om 'n woonplek gevra vir hom en sy stam. Daar Witsieshoek toe ontruim was van sy vorige bewoners was dit die aangewese plek ... Paulus Mopeli met sy stam het toe na Witsieshoek gekom in 1868" (Ross 1930:13-4). Mopeli was 'n broer van Moshoeshoe, en sy onderhoriges oorwegend Suid-Sotho, en dus etnies homo=geen aan Moshoeshoe se onderdane. Alhoewel daar later deur die Regering

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


ook 'n Tlokwastam in die Hoek toegelaat is, is die Suid-Sotho nog verreweg die sterkste.

Volgens Ross het Mopeli toe hy jonk was onder die invloed van die PEMS in Lesotho gekom en is ook gedoop (1930:16-7). Dit sou egter geruime tyd duur voordat hyself formeel by 'n Kerk sou aansluit, en wel by die NG-Sendingkerk. Ons haal aan uit Crafford: "Dit was 'n besondere deur=braak vir die evangelie toe Paulus Mopedi op 9 Augustus 1896 belydenis van geloof afgelê het en tot lidmaat toegelaat is" (1982:132). Die skrywer handel hier oor die geskiedenis van die NG-Sending in Witsieshoek.

Op 'n paar uitsonderinge ná, was die hele stam, wat saam met Mopeli na die Hoek verhuis het, nog ongekersten. En waarskynlik deur hierdie paar Christene aangespoor, het Mopeli besluit om 'n sendeling vir die Hoek te vra. Vir dié doel is hy na Bloemfontein om die President te spreek. "In die onderhoud met die President ... het hy onder andere as volg geantwoord: 'President, u het my 'n mooi en goeie huis gegee om in te woon (Witsieshoek was die huis), maar daar ontbreek 'n belangrike ding aan die huis.' Wat vir 'n ding is dit dan? vra die President. 'Dit is die tsiea, President'. Die tsiea is die middelste paal in so 'n natu=relle hut .... Die sendeling was die tsiea, - hy wou 'n sendeling hê om sy volk te leer en op te voed" (Ross 1930:15,19-20). Die President het die versoek aan die Sinode van die NG-Kerk oorgedra. Die eerste sendeling of <u>tshiya</u> in die beeldspraak van Mopeli was ds G Maeder, 'n kleinseun van 'n Franse Sendeling. Volgens A Dreyer is hy beroep op 15 Desember 1873 (1912:70). Ons merk dus op dat die PEMS en die NG Kerk op 'n vroeë stadium in Witsieshoek 'n raakpunt gehad het. Ons sou egter 'n saak kon uitmaak vir die stellingname dat, net soos Moshoeshoe I eerderom algemeen diplomatiese redes as om kerkstigting die PEMS in Lesotho verwelkom het, sy broer, Paulus Mopeli, dit ook met betrekking tot die NG-Kerk in die Hoek verwelkom het.

Verder kan ons die afleiding maak dat historiese en etniese verbinte=nisse vir Matita 'n pluspunt was toe hy sy inval in die Hoek vanuit Lesotho geloods het. Ook moet ons onthou dat ná die Anglo-Boere-oorlog die NG-Kerk - alhoewel nog die sterkste denominasie wat daar 'n vastrap=plek gekry het - nie meer in dieselfde mate separatistiese bewegings kon

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bekamp nie.

Per geleentheid toe die ondersoeker self veldwerk in die Hoek gedoen het, is hy met 'n sendeling in gesprek. Dit gaan toe oor Matita. Die sen= deling vertel dat hy juis 'n rukkie tevore met 'n ouderling oor Matita gepraat het. Volgens die ouderling was dit geen floute of skyndood wat Matita sou gehad het nie. Matita was werklik dood; en soseer so, dat hy vanuit die hemel teruggekom het om veral in Witsieshoek 'n bood= skap van bekering tot die inwoners te rig (sic).

Ons kan nie vir ons doelstelling uitvoerig probeer ingaan op die vraag waarom Matita so 'n vrugbare teelaarde in die Hoek gehad het nie. Ons gee egter nog die volgende in bedenking: (a) Die Anglo-Boere-oorlog en sy nagevolge het meer ontwrigtend ingewerk op die kersteningsaksie en kerk-opbou binne NG- as binne PEMS-verband. 'n Mens hoef maar net in Ross (1930:53-69) te lees en daarby te vergelyk Ellenberger (1938: 262-29). (b) In 2.10.2.4 onder Frankfort het ons gehandel oor die Poho-skeuring. (c) 'n Ander bydraende faktor is die 'Mantsopa-Moshoeshoe-oorkonde. 'Mantsopa het nie net voorspel dat Matita 'n groot profeet soos sy sou wees nie, maar 'n respondent in die Hoek, 'n agterryer van een van die Boerekrygers in die Anglo-Boere-oorlog, het meegedeel hoe hulle gedurende die oorlog vir 'Mantsopa persoonlik ontmoet het. Ten aanhore van hom voorspel sy dat die Boere die oorlog sou verloor. Die rede, wat sy by hierdie geleentheid aanvoer, is dat daar gevalle was waar die Boere hulle aan wreedhede teenoor sekere Basoeto sou skuldig gemaak het. (d) Ons het reeds verwys na die gistingsbestel van die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) en dat Matita - alhoewel hy nog in 1918 getuigskrifte van die PEMS bekom - sy net weier sprei. Sy boodskap oor die "resurrection", ryklik aangevul uit eie "bonatuurlike" ervaring, slaan in. (e) Des te meer waar die Griepepidemie van 1918 met die Oorlog saamval en die jare onmiddellik daarna volgens ons veldwerk ge= sien moet word as die tydperk waarin hy die meeste proseliete in die Hoek en die Oranje-Vrystaat maak. (f) Alhoewel die Hoek, uit hoofde van die sterk ankerpunt van die NG in daardie gebied, minder oop was vir die Apostoliese Gesindtes soos die Dowie-Le Rouxkompleks, sinkroni= seer die hooggety vir Matita met die oplewing van die Apostoliese. Hierdie sametreffing val des te meer op daar ons reeds gevind het dat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Matita in 1921 in Bloemfontein georden is "by Bro. C.J. Beetge of the Full Gospel Church". Alhoewel Matita hom nou teenoor Azael Buti daarop kon beroem dat hy ook V.D.M. agter sy naam kon skryf, is dit 'n vraag of sy ordening nie slegs pro forma was en dat hy nie juis aangetrokke gevoel het tot die teologiese posisie van die Apostoliese nie. Ons het in elk geval verneem dat hy in die loop van sy "bonatuurlike ervaringe" 'n besondere "Doop" sou ondergaan het en daarna in sy eie MBBRC innovasies ingevoer het wat afwyk van die Calvinisties-Protestantse posisie van die moederkerk waaruit weggebreek is.

Die MBBRC se hooggety

Ons stel die tydperk waarin Matita sy bloeityd belewe het gedurende die jare 1922-1925.

Matita se sterfjaar en graf

Uit ons ingewonne gegewens is dit nie duidelik waar Matita orals gewoon en gewerk het nie. Sy beweerde bonatuurlike ervaring dui selfs daarop dat hy, soos baie jong manne van Lesotho, as trekarbeider ondervinding in die mynbedryf opgedoen het. In elk geval weet ons dat hy aanvanklik sy stigting vanuit die omgewing van Berea geloods het. Hy bevind homself ook in die noorde van Lesotho en bewoon daarna 'n huis net buite Witsieshoek. In elk geval moes hy kort voor sy dood in 1935 in Lesotho vertoef het. Daar vind ons sy "praalgraf". Op gesag van een van die aanspraakmakers op moderatorskap in die MBBRC, word nog in 1963 aangevoer: Matita het gevra dat sy lyk gebalsem moes word. Dit moes in 'n huis staan waar dit deur al die mense wat daarnatoe sou kom gesien kon word. Die balseming van die lyk het nie geslaag nie. Die huis is egter gebou en volgens Psalm 113:7 is Matita in die ashoop begrawe. ("Die geringe help Hy op uit die stof, die arme laat Hy van die ashoop af opstaan.").

Matita se beweerde wonderwerke

"Wondergenesings"

Matita sou vermaard word vir sy beweerde wondergenesings. Hy sou na

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bewering allerhande siektes soos besetenheid en onvrugbaarheid genees het. Oor laasgenoemde vertel 'n bejaarde informant in Witsieshoek, Paulina M. "Sy vertel dat sy vir meer as 20 jaar na haar troue nie kinders kon baar nie. Nadat hulle na die profeet Matita gegaan het, het hy vir haar gehelp en sy het drie kinders gekry. Twee is reeds oorlede. Sy voel tevrede daaroor omdat sy dink dat, aangesien hulle soos Samuel van God af gevra was, kan God so gou as moontlik hulle maar weer kom haal. Dit alles het gekom deur gebed."

Waar towery betrokke is, sou Matita die <u>ngaka</u> oortref. Dit lyk of van die informante sy meerderwaardigheid aan sy klem op gebedsgenesing toegeskryf het.

Godsoordele

Matita sou in sekere kringe geroem en gevrees word vanweë godsoordele. 'n Pastoor sou in koerante teen Matita geskryf het. Matita vra om 'n onderhoud met die pastoor en word daarin gerugsteun deur die kaptein, dog sonder welslae. "Later was Matita kwaad en hy het hom gesê dat hy die loon daarvan sou kry. 'n Paar dae daarna het die kerkgebou van daardie leraar afgebrand. Dit het om middernag gebeur." 'n Ander voorbeeld raak die <u>lebollo</u> (besnydenis). 'n Oom van Matita het geweier toe Matita hom sê om nie te Berea te besny nie. Matita voeg hom toe: "Gaan, laat besny; God sê ek moet jou vertel dat jou woorde vervloek is." Die oom het begin met die rite. Sy kind - wat betrokke was - het dadelik gesterf.

Matita sou sy opvolger op bonatuurlike wyse kies

Ongeveer drie maande voor Matita se dood - so word vertel - vra Matita sy aanhoriges om te help bid sodat hy "die vel kon kry om sy gees daar agter te laat." Hulle het nie juis geweet wat hy bedoel nie.

'n Sekere Aaron Mofokeng sou toe siek geword het. Gedurende sy siekte droom hy dat drie manne na hom kom. Een van hulle herken hy as Matita. Hy hoor hom sê: "Dit is hierdie mens wat ek lankal soek." Een van die ander merk toe op: <u>Kajeno poloko e kene ntlong ya Matobako</u>. (Vandag het redding ingegaan in die huis van Matobako).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



A Mofokeng (wat later sy van na Matobako sou verander) word ernstiger siek en hy of sy ouers laat Matita roep. Toe hy daar kom, vind hy Mofokeng tot die dood toe siek. Matita begin vurig bid. "Vir die eerste maal het A Matobako slap geword soos iemand wat doodgaan. Eintlik het hy doodgegaan, so sê hulle. Toe die mense dit sien, wou hulle begin huil, maar Matita het hulle gesê dat hulle dit nie mag doen nie. Hy (Matita) blaas sy eie asem in hom. Die lewe kom terug in hom. (Op hierdie stadium het hy gevoel soos iemand wat nooit siek was nie. Maar na 'n oomblik keer daardie ou gees weer terug, 'die gees van die dood', so noem hulle dit, dan val hy weer neer soos die eerste maal en sterf). Dieselfde het driemaal gebeur. Op die derde maal, het Matita vir hulle gesê dat dit nie weer sou gebeur nie. Matita is later deur die 'gees' gesê dat dit die man is wat sy werk moet doen. Eintlik het Matita dit gesê aan die twee manne in wit klere wat A Matobako kom haal het, dat hulle vir hom moet spaar omdat hy vir hom nog wou gebruik. Hy het vir hulle gesê dat hý, Matita, moet gaan en nie hierdie man nie. Mense, wat by was, so word gesê, het nie verstaan nie toe Matita met die twee manne gepraat het, omdat hy die taal van die gees gepraat het."

Matita sou egter self verseker dat die kriptiese "vel-konnotasie" ver= klaar word. Aan Mofokeng se vrou word verduidelik "dat Mofokeng nou lewe met sy gees (siel) en vir hom moet opvolg, omdat hy (Matita) nou moet sterwe (hemeltoe gaan) sodat hy die rapport voor God kon lê van wat hy gedoen het. Mofokeng se eie gees (siel) is lankal dood, hy lewe nou deur Matita se gees (siel)."

Van die veldwerker kom kommentaar op hierdie vreemde fundering van die MBBRC. Matobako (alias Mofokeng) beweer beslis dat hy vir Matita in= geroep het, terwyl Matita voorgee dat hy bonatuurlik gestuur is na 'n onbekende persoon. "Die snaakste punt in hierdie geskiedenis is dat Matita se dogter (die ander een is oorlede) getroud is met A Matobako se seun. Dit laat mens dink asof dit iets is wat opsetlik gedoen is, sodat die geheim nie mag uitlek nie."

Die veldwerker merk verder op hoe hierdeur 'n separatistiese tendens akuut word. "Dat hierdie onbekende man gekies moet word as moderator

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



terwyl daar manne was soos R Mohono, het ontevredenheid gebring. Party sê dat hy hom in Lesotho gaan hande-oplê het, ander sê in Bethlehem. Hierdie stap het 'n skeuring in die Kerk aangebring wat tot nou toe heers .... A Mofokeng word tot nou toe 'n mookamedi (moderator) genoem." Die juister vertaling van mookamedi is opsie= ner/biskop. Weliswaar vind ons die term moderator in amptelike ge= skrifte van die MBBRC en hou dit ook verband met Matita se verbinte= nisse met die PEMS en sy Presbiteriale kerkregeringstelsel. In die praktyk was die neiging na 'n meer Episkopale vormgewing. Dit verklaar deels waarom leierstwis ná die dood van Matita verdere verdeeldheid in die hand werk. Die skeuring wat ons veldwerker op die oog het, verwys in die eerste plek na die tweespalt, waar die een deel R Mohono as leier en die ander A Mofokeng (alias Matobako) aanhang. R Mohono is destyds gelyktydig met Matita in Bloemfontein deur Beetge georden.

Matita en messianisme

Ons het voorrang gegee aan die versameling van stofuit gegewens wat respondente te velde, sowel buite as binne die Matitabeweging, ten op= sigte van die stigter aanvoer. Ons maak geensins aanspraak op 'n oor= sigtelike omskrywing of 'n diepteduiding nie. Dit is egter van waarde om reeds hier M-L Martin aan te haal:

"I was travelling from Maseru to Leribe with some students of theology. Near to the main road we passed a strange mausoleum. One of the students reported: 'This is the tomb of Walter Matita, founder of the Kereke ea Moshoeshoe.' I asked for further particulars about the Matita or Moshoeshoe Church. When Matita was born he already had all his teeth. He died, and rose from the dead with the mandate of the Lord to found the Moshoeshoe Church. After his resurrection about 1921, he was sud= denly able to read and write although he had been completely illiterate. Like the large messianic movement of Isaiah Shembe in Zululand, Matita's followers call themselves Nazarites. They refuse to have their hair cut, they drink no alcoholic drinks, and they do not smoke. They observe the Old Testament Nazarite laws (Num.6). They have their church feasts and their church buildings. In the middle of the church there is a large earthern cross on the floor. On this the sick kneel, while the believers

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

sing and speak with tongues. They press the bodies of the sick against the cross, yes, they even beat them whilst at the same time they all pray till the chairman of the meeting says: 'Amen.' The followers of Matita are called bafolisi (healers) by the common people. Matita, who is to-day no longer among the living, is their prophet. As yet, Jesus Christ is still adored as Saviour, but will he not some day disappear and make room for the black prophet Matita who died and rose from the dead, and thus possesses an important characteristic of the black messiah?" (1963:1).

### 3.3.3 Die verskeurdheid in die MBBRC sedert die dood van Matita (1935) tot 1964

Die weduwee van Masoetsa is ontevrede

Oor die wyse waarop Masoetsa wegbreek uit die PEMS, saam met Matita span en saam met Matita georden is, het ons reeds gehandel. So láát soos 1951 word beweer dat hy nog steeds gesigte sien en bonatuurlike bevele ontvang. Een sou lui: "Kajeno ke theotse 'muso oaka oo koano ketlile lopola sechaba sabatho babatšo." (Vandag het ek my koninkryk laat neerdaal waarmee ek die swart volk kom losmaak). Intussen is Matsoetsa oorlede. Sy seun wou nie die plek van sy vader inneem nie. Die weduwee sien onder omstandighede kans om haar man se werk voort te sit. Sy onderhandel met die leiers en is "geheel-en-al ontevrede" met die wyse van aanbidding. Sy voel dat sy geregtig sou wees om die kerk te verlaat omdat "die mense daar nie op hulle knieë val wanneer hulle bid nie." Reeds in Matsoetsa se leeftyd dra sy beweging die naam "Holy Church of Jerusalem." In Lesotho, waar die informasie verskaf is, lyk dit of daar nie meer skakeling is met die MBBRC in die breë nie. Hulle wil egter nog bekend staan as "Matita s'n." Die kanse is goed - soos ons kon aflei - dat die weduwee van Matsoetsa sal skeur, en 'n eie beweginkie stig.

Verskeurdheid in die Raymond Mohonobestel

Ons noem hierdie tydvak die Raymond Mohonobestel omdat mondelinge sowel as skriftelike inligting daarop dui dat hy as moderator of president na die dood van Matita verkies is. Ons het geen rede om vanuit die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gesigshoek van die MBBRC se konstitusie, wat die Presbiteriale kerk=regeringstelsel handhaaf, te aanvaar dat die verkiesing onreëlmatig was nie. Ons bevind ook dat Mohono destyds saam met Matita georden is. Alhoewel hy tot met sy dood as moderator aanbly, is dit duidelik dat hy uit die staanspoor met teenstand te kampe sou hê. Dit sou 'n verskeurdheid ten gevolg hê wat in die Mohonobestel nie besweer is nie. Om hierdie toedrag van sake beter te begryp, word die volgende aangevoer:

Toeëiening van leierskap deur Alice Phakoa

Na die dood van Matita in 1935, eien sy weduwee haar die leierskap in die MBBRC toe. 'n Invloedryke informant uit Witsieshoek beklemtoon dat in die separatistiese bewegings so 'n weduwee na die dood van haar man 'n sterk rol kan speel. Matita - so lui ons inligting - het 'n huis net buite die Hoek bewoon. Dit is blykbaar van daar af dat Alice teen Mohono in verset kom. In teenstelling tot Alice, is Mohono in Lesotho woonagtig. Hy gee by geleentheid sy adres aan as Peka; dus digby die Caledonrivier, wat die wesgrens vorm tussen Lesotho en die Vrystaat. Destyds was dit vir die MBBRC gebruiklik om gedurende Paasfees op 'n plek in Lesotho 'n saamtrek te hou. Ons kan aanvaar dat dit met die goedkeuring van Mohono plaasgevind het. Alice was nie hiermee gediend nie en het gevra waarom hulle uit die omgewing van Witsieshoek nou juis na Lesotho moes gaan.

Matobako en Alice Phakoa in bondgenootskap teen Mohono

Hierdie teenstrategie en sy deurvoering volg nie kronologies op wat so ewe genoem is nie. Ons het tevore verneem hoe Matita vir Matobako op uitsonderlike wyse tot opvolger en moderator sou bestem en bevestig het. Kort na die dood van Matita sluit Matobako en die weduwee, Alice Phakoa, 'n bondgenootskap ten einde beheer oor die MBBRC te verkry. In die proses sou Matobako begin om die weduwee van Matita "op te pas" ('n informant beweer, "hy het haar nie 'publicly' getrou nie"). Alhoewel hulle van die begin 'n drukgroep teen die wettig gekose persone in leidende hoedanig=heid, soos Mohono, organiseer, was Matobako vir etlike jare nog te swak om op formele wyse weg te breek. Om dit te staaf is daar korrespondensie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

voorhande. Matobako skrywe teen 1941 aan die kaptein te Witsieshoek en bestempel homself as moderator. Mohono reageer ook skriftelik. Uit sy skrywe blyk dat Matobako of Mofokeng destyds op Bluegumbush net buite die Hoek woon. Mohono is ontevrede omdat die kaptein in 'n onderhoud, waarin hý, Mohono, en Matobako teenoor mekaar te staan gekom het, toegelaat het dat Matobako wegkom met sy 'pretensie' dat hy moderator sou wees. Mohono het by daardie geleentheid verwys na 'n saak voor die kaptein van die Berea Subdistrik waarin beslis is dat Matobako "should comply with the church's orders; and that he should go back to Lindley, where he was appointed by the Church to perform.

"As he failed doing this my conference, when assembled at Qualabata ... on 23-25/4/43 decided that he be first advised to furnish the modera= tor's office up with the congregational statistic and money statement at once or he will be charged with theft and ill-use of the denomina= tion's name before the court." Matobako swig en vertrek na Lindley om later terug te keer na Bluegumbush (Bluegumbosch is net buite Witsies= hoek). Die rol wat Matobako en Alice bly speel in 'n verdeelde MBBRC, word later behandel.

Die aandeel van die twee Motikoeleiers in die Mohonobestel

Ons het al verneem dat Thomas Motikoe een van die sterk manne was wat uit NG-kerkverband geskeur, en hom by Matita geskaar het. Dit is een van die hoof redes waarom die MBBRC reeds in sy amptelik-aangegewe stigtingsjaar, 1922, van gemeentes in Witsieshoek kon gewag maak. Ons moet dit sien as wyksgroeperinge binne daardie omskrewe gebied. Verder was daar 'n neiging tot dergelike groepvorming veral rondom 'n leidende persoonlikheid. Ons gegewens dui daarop dat Thomas Motikoe tot met sy dood primus inter pares tussen die plaaslike MBBRC-leiers in die hoek moes gewees het en dat hy Mohono onderskraag het. Selfs Matita het nie woonreg binne die Hoek verkry nie; ook nie sy "voorbe= skikte opvolger", Matobako, nie. Daarenteen was Thomas Motikoe woon= agtig in Namahali. Namahali speel as gevolg van 'n sameloop van omstan= dighede 'n strategiese rol. Namahali is die wyk waar die kaptein woon. Dit word ook 'n ankerpunt vir die separatisme.

Alhoewel die hoof kerkgebou van die NG-Sendingkerk nooit gesluit was

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gedurende die Anglo-Boere-oorlog nie, het die oorlog 'n bestel inge= lui wat hierdie denominasie se seggingskap ingeperk het. Ons bevind dat vir baie jare, nie so seer die onoordeelkundige besetting van die Hoek deur gevestigde Kerke nie, maar gapinge waardeur die separatis= tiese bewegings die Hoek binnedring, die religieuse aspek verdeel. Die Hoek kon, wat sy religieuse samestelling betref, gedurende die tydperk van die Anglo-Boere-oorlog en voor die implementering van die "Nasionale State"-beleid - wat Qwaqwa se ontwikkeling omvattend laat es= kaleer het - tot die volgende vereenvoudig word: (a) Gevestigde Kerke: naas die NG-Sendingkerk, wat verreweg die sterkste was, ook die Anglikane en Metodiste. (b) Aanhoriges van die Tradisionele Religie. (c) Ongeveer 'n veertiental verskillende separatistiese bewegings. Wat laasgenoemdes betref, was dit die SA Native Baptist Church wat hoog aan= geskrewe was. Daardie beweging slaag daarin om al in 1909 okkupasie= reg in die Hoek te verkry. Kaptein Charles Mopedi was byvoorbeeld lidmaat van daardie beweging. Tydens 'n onderhoud in 1962 kon een van ons beste respondente nog verklaar dat die Baptiste sterk is, en dat 'n deel van die lidmate familie van die kaptein is en veral by Namahali en Bolata saamgetrek is.

Hy verwys ook na Eleasar Mopeli, wat gedurende die bediening van C H Badenhorst uit die NG-verband skeur, 'n sterk aanhang meevoer uit Namahadi, maar nie uit ander wyke nie, en aansluiting vind by die Mzimba-beweging. (2.9.4.3).

Die MBBRC het ook in Namahali sy sterkste aanhorigheid kon saamtrek. Dit klop met ons aanvoeling dat Thomas Motikoe by uitstek sy invloed daar uitgeoefen het. Ons mag seker ook aflei dat hy Mohono in die Hoek en omgewing teen die aanslae van Matobako bly ondersteun het; alhoewel hy blykbaar nie vir Matita lank oorleef het nie.

Motikoe beheer egter nie die hele Witsieshoek nie. Dit blyk dat Matobako in Maart 1940 verlof kry: "to visit and conduct his church mission in the Reserve for the period of a calendar month from date hereof." Hy het dus 'n aanhang in die Hoek maar is woonagtig buite die Hoek.

Kaptein Mopeli skrywe op 29 Januarie 1941 aan die Assistent-Naturelle=

kommissaris: "No doubt the Asst. Native Commissioner will be sur=prised because only recently I introduced a certain Minister named Thomas Motikoe who also belongs to the same Church and resident at Namahali.

"I don't know what the position of this particular church is, nor do I know which of them is entitled to make use of the said Church's name but I notice that it is divided into two sections one of which is led by Rev. Raymond Mohono who works in conjunction with Rev. Thomas Motikoe.
"Therefore, I merely refer their application to you, Sir, so that you can see what is the right thing you can do for them."

Na aanleiding daarvan is 'n meer formele aansoek om staatserkenning ingedien. Daarin word genoem dat die MBBRC beheer word deur die "Moderator, Rev. R. Mohono", dat die opleiding van leraars geskied te Qualabata Mission geleë te Qualabata, en dat fondse ingesamel word "by collections and church dues - expended on building and furnishing Churches when sites are available by Moderator with approval of the Committee."

Op hierdie stadium en met verwysing na 'n bevestiging deur die Agerende Kommissaris op 18 Mei 1943 dat Matobako van Bluegumbush na Lindley terug is, lei ons af dat sowel Motikoe as Matobako voorgee om voor Mohono as moderator te swig.

Dit blyk egter uit 'n skrywe van Mohono as moderator, gedateer 29 Januarie 1952, dat Thomas Motikoe weer buite sy kerklike bevoegdheid moes gehandel het. Hy skrywe aan die Assistent-Kommissaris: "You are advised that Simeon Moteka, Nehemia Mohasoane en Ben Mahanke, ordained on 1/6/52 at Namahali, by our old Rev. Thos. S. Motikoe, when you were invited for witness are not ordained for the above denomination (MBBRC) in that their ordination is unconstitutional."

Na die dood van Mohono het die gemeente in die Hoek nog tydens Paasfees na Lesotho gegaan. Dit slaan blykbaar meer bepaald op die gebruiklike saamtrek van die Motikoe-Mohonogeledere en die voortsetting daarvan.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Alhoewel Thomas S Motikoe dan by tye gefluktueer het in sy lojaliteit ten opsigte van Mohono en, met ankerpunt Namahali, 'n afsonderlike groe=pering in die Hoek aan die bevorder was, het hy tog uiterlik die ver=bintenis nie verbreek nie.

Uit korrespondensie aan die kantoor van die Kommissaris te Witsieshoek tree teen 1935 ene Thomas S Motikoe op die voorgrond. Hy verklaar dat sy vader se voornaam Samuel was. Hy is dus nie 'n seun van die voor=gemelde Thomas nie, alhoewel hy 'n naamgenoot en stellig familie van die ouere was. Ook hy is woonagtig te Namahali. Hy voer ook aan dat sy vader leraar van die NG-Sendingkerk was. In die woonbuurt van Namahali - blykbaar op 'n perseel wat aan hom as huishoof toegeken was - het hy so teen 1900 'n geboutjie vir aanbidding opgerig. Na die dood van sy vader het hy sy vader se plek in die NG-Sendingkerk agt tot nege jaar beklee. Dit beteken nie noodwendig dat hy ook leraar was nie. Hierna verbreek hy sy oorspronklike kerkverband. "I left the DR Church and went to Moshoeshoe Berean Bible Readers and have for the past 14 years conducted Divine Services in this hut of my father's." Hy doen nou aansoek "to be allowed to worship my God with all who believe in Him in that same hut."

Die kaptein is die aansoek goedgesind. Teen 1938 beveel hy aan dat aangesien die plek waar hulle tot dusver kerk hou nie oorspronklik vir kerkdoeleindes bedoel was nie en te klein is, 'n kerkperseel toegeken moes word al sou kragtens wetgewing die MBBRC nog nie so kwalifiseer nie. Dit lei later daartoe dat in 1940 formeel om staatserkenning aansoek gedoen word.

Die volgende besonderhede word onder meer deur die Assistent-Naturelle=kommissaris aan die Hoof-Naturellekommissaris in Pretoria deurgestuur: Die lidmate in die Hoek staan op ongeveer 250. Die groei is sowat 20 per jaar - hoofsaaklik deur geboortes. Motikoe is "of good character" en het op grond van sy eie bewering Std VI te Morija geslaag. Na sy breuk met die NG-Sendingkerk het hy sowat een jaar te Qualabata vertoef. Hulle beskik oor geen fasiliteite vir teologiese opleiding nie. Motikoe sou wel voldoen aan die aanvaarde standaarde vir dergelike leraars, maar kwalifiseer nie vir aanstelling as huweliksbevestiger nie. Die leraars

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ontvang geen vaste traktement nie, dog daar is sekere kollektes wat die leraar vir sy eie onderhoud mag aanwend. Na die dood van die stigter skeur die beweging in twee "and one section of the congrega= tion followed Motikoe while the other followed Matobako. The dispute has as yet not been settled and at one time there was talk of an im= pending court case." Die Assistent-Naturellekommissaris beveel die applikasie nie aan nie "for the above reason and also for the reason that there would appear to be no system of control whatsoever."

Verdere verdeeldheid

Wat Witsieshoek betref, tree verdere verdeeldheid na die dood van Moti= koe in. Mohono moes nie lank ná 1952 nie, gesterf het. Ons het nie vasgestel deur wie hy opgevolg is nie. Ook het ons nie bepaal presies wanneer Motikoe oorlede is nie. Dit is in elk geval vóór 1960. Waar ons 'n mate van koördinerende leierskap aan hom toeskryf, skyn daar ver= band te wees tussen latere leierstwis en die ordening in 1952 waarteen Mohono beswaar gemaak het.

Die weduwee Motikoe

Na die dood van Thomas S Motikoe begin sy weduwee leiding neem. Ook ontstaan die gedagte dat hulle in die Hoek nou sterk genoeg is en nie meer met Paasfees na Lesotho hoef te gaan nie. Die weduwee Motikoe ondervind egter weerstand. Soos een informant dit stel: "Sommige baruti (leraars) wou nie hê dat vrouens die leisels neem nie. Tot nou toe weier hulle nog (28 Februarie 1962) en sê 'n vrou kan nie op hulle kop sit nie. Sy leef nog, maar is niks in die kerk nie."

Die leierstwis

Daar ontbrand 'n stryd tussen leiers. Dit blyk dat Jakob Motleleng en Simeon Moteka, waarskynlik een van diegene wat deur Motikoe georden is, as leiers gekies word. Motleleng word deur die gemeente, plaaslik gekies, eerstens vir diens op Namahali. Hy sou binne die Hoek arbei. Simeon Moteka word gekies om buite die Hoek te arbei. Miskien is die Namahali -standplaas as die senior pos beskou. Die stryd begin tussen

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die twee "oor wie grootste is." Motleleng word deur die meerderheid gesteun en Moteka moet genoeë neem. Toe Motleleng te sterwe kom, sê die gemeente dat sy plek ingeneem moet word deur Nehemia Mohasoane. "Nee," sê Moteka, "ék moet die moruti se vrou hier help. Daarom het ek mag om hierdie gemeente op te pas." Ook sê hy: "Ek sal my nie laat regeer deur so 'n jongman soos Mohasoane nie." Ons moet op hierdie punt byvoeg dat Moteka na die dood van Motikoe "die vrou van Motikoe geneem het." Mohasoane beweer op sy beurt dat gedurende die bediening van Motikoe daar deur die lekgotla (raad/kerkraad?) gereël is "dat Moteka die ge= meente te Kestell moet bearbei."

Teen die tyd dat ons veldwerk afgesluit is in (1963-64) het die stryd nog voortgeduur. Moteka en Mohasoane woon binne die Hoek. Beide se aanhang is nie sterk nie. Veral in die omgewing van Namahali "baklei hulle met mekaar." Mohasoane hou nog 'n mate van verband met Lesotho.

Net buite die Hoek het 'n Blanke, ene Liddell, vir Matobako "'n plekkie op sy plaas gegee." Dit is blykbaar op dieselfde plaas Bluegumbush/ Bluegumbosch waar Matita gewoon, en sy weduwee, Alice, na sy dood aangebly het. Hy is die derde leier in die steurbestel wat nog voort= duur. Van hom het ons reeds vóór die dood van Matita in 1935 verneem. Sy aanhang is ook nie sterk nie. Dit is veral aanhangers uit die Qwaqwa= wyk wat hom as leier gekies het.

Alhoewel Alice die oorkonde van Matita se "bonatuurlike ervaringe" lewendig hou, speel sy tans nie 'n besondere rol nie. Matobako beheer die Matita-"praalgraf" in Lesotho. Die drie: Moteka, Mohasoane en Matobako, is onderling in 'n magstryd om die "moderatorskap" in die MBBRC gewikkel. Van die drie is Mohasoane die voorbeeldigste en mees priesterlike leier.

Die meer resente gegewens oor 'n magstryd binne MBBRC-geledere kom slegs uit Witsieshoek en omgewing. Maar selfs daar is dit nie duidelik waarom die geval Ben Mahanka nie ter sprake kom nie. Immers, hy is omstreeks 1949 die leier van Motikoe te Arlington in die Vrystaat. Daarna word Moteka, Mohasoane en Mahanka in 1952 deur Motikoe georden; 'n Ordening waarteen Mohono as moderator op kerkregtelike gronde beswaar maak en in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

die gelyk gestel word. Ons bekom uit 'n ander oord 'n brokkie inligting dat teen 1963 ene Ben Mahanka - Mohono skrywe die van met 'n slot -e - as 'n soort Moderator van die MBBRC in Bethlehem se omgewing optree. Dit is duidelik dat Mahanka in 'n omskrewe buurgebied beheer uit=oefen en nie meer deur die genoemde aanspraakmakers op "moderatorskap" as 'n mededinger in die Hoek beskou word nie.

3.3.4 Die organisatoriese aspekte

Die ontlening

Ons veldwerker het 'n afskrif gemaak van 'n konstitusie wat deur een van die aanspraakmakers op leierskap te Witsieshoek vir dié doel aan hom beskikbaar gestel het. Daarin word verduidelik dat die woorde van die oorspronklike in hierdie latere konstitusie ietwat verander is. Die stuk as geheel maak die indruk dat die samesteller(s) die grootste gedeelte heelhuids oorgeneem het uit Wette en Bepalinge wat destyds in die PEMS, soos vergestalt in Lesotho, gegeld het; dit wil sê tot die MBBRC se aangegewe stigtingsjaar, 1921. Respondente uit Witsieshoek beweer kortweg dat die MBBRC se regeringstelsel in die praktyk dieselfde is as dié van die NG-Kerk naamlik Kerkraad, Ring en Sinode. (Daar is egter bevind dat die diakenamp in onbruik geraak het). Sowel die PEMS as die NG is Calvinisties-Gereformeerd. V Ellenberger wy egter uit oor die <u>Seboka</u> wat sy ontstaan in 1898 gehad het. Hy verduidelik: "The <u>Seboka</u> (a Sesuto word meaning assembly) is the name that designates the meetings of the European missionaries and the Native ministers. That new mixed Conference (as it was called) took the place of the old missionary Conference in all ecclesiastical questions proper" (1938: 263). In die konstitusie kom naas die meerdere vergadering <u>Phutheho ea Baruti</u> ook <u>Seboka</u> voor.

Aangesien die NG-Sendingaksie in die onderhawige bestel geen so 'n lig=gaam gehad het nie, is die <u>Seboka</u> aan die PEMS ontleen.

Die regeringstelsel

Volgens die konstitusie word die MBBRC regeer deur:

(a) die <u>Phutheho ea Baruti</u> (die vergadering van leraars) wat jaarliks vergader

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(b) die Synodo wat driejaarliks vergader;
(c) die Presbytery wat jaarliks byeenkom;
(d) die Consistory wat maandeliks vergader.

Dit is duidelik dat (a) die Seboka is, met dié verskil egter dat, vir sover ons kennis dra, geen Blanke nog in die MBBRC 'n leraar was nie. Ons hoor darem dat die MBBRC "nie die reg het om die arbeid van ander kerke te minag nie. Die goeie raadgewinge van blanke en swart leraars van ander kerke sal oorweeg word."

Die MBBRC wil dus in sy regeringstelsel hom basies hou by die Presbi=teriale (Gereformeerde) stelsel.

In sekere opsigte is daar egter reeds afwykinge in die konstitusie. So verneem ons dat die "groot Komitee" bestaan uit die Mothei (stigter/grondvester) en vise-voorsitter en aangevul kan word deur 'n saakgelas=tigde, wat 'n geordende leraar moet wees. Hierdie mothei sal optree volgens die oorspronklike doelstelling van hulle wat die kerk gestig het en was (ten opsigte van daardie tydbestel) tot met sy dood, Matita. Hulle wat hom opvolg, word vir 'n termyn van vier jaar verkies. In teen=stelling met die Presbiteriale regeringstelsel word Matita, die stigter, se posisie lewenslank verskans. Ook het ons aangevoer dat Matita voor sy dood in 1935 uit sy pad sou gegaan het, om op eie houtjie vir Matobako as sy opvolger aan te stel. 'n Mens kry die indruk dat die oorspronklike konstitusie nie net redaksioneel gewysig is nie, en dat byvoorbeeld die bepaling dat die MBBRC se voorsitter/moderator na die regime van Matita al om die vier jaar verkies word, 'n wysiging is wat in eerste instansie die "Mohono-Matobako"-magsvete weerspieël. Ander bepalinge wat toon dat hierdie amp meer mag aan die "moderator" toeken, is dat die voorsitter 'n 20% hoër traktement ontvang as die ander geordendes - wat op dieselfde vlak vergoed word - en dat die voorsitter die bevoegdheid het om ten behoewe van die Kerk om persele aansoek te doen.

In die praktyk het ons uit veldwerk ook kon aantoon dat onderlinge skeuring en hergroepering om 'n leiersfiguur aan die orde van die dag is. Ons veldwerker in Witsieshoek bevind dat Matobako die verste af=wyk van die Presbiteriale stelsel; Hulle sê hy is "tog die kop en het

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

die reg om ondergeskiktes te verplaas."

Teen 1963 beskrywe ons veldwerker in Lesotho die posisie in die Buti=gerigte Kereke ea Moshoeshoe - Buti is lank reeds oorlede - as 'n besondere vorm van hiërargie. Die wese van die rangorde verskil ook tussen die twee geslagte:

"Mansmense: Hier word mense volgens range geklassifiseer, eerstens kom die leier - wat 'n grootman is en wat baie meer mag het as enige iemand in die gemeente; dan volg die leraars wat onder die leier staan en wat die bevel van die leier moet uitvoer; onder hulle kom die ouderlinge en diakens.

"Vroumense: Onder die vrouens is daar ook rang en dit word bepaal deur die gawes wat 'n mens besit."

Ons sien dus dat, in teenstelling met Witsieshoek waar die diakenamp in onbruik geraak het, dit in reste van die Butiskeuring nog gehandhaaf word. Die dominante tendens is egter nie die Presbiteriale regerings=vorm nie maar eerder die Episkopale. In praktyk beskik die leier oor meer mag as wat laasgenoemde stelsel normaalweg voor speling gee. Ons staaf deur aan te haal uit dieselfde veldwerker se beskrywing: "Tug: Hier word die tug op 'n ander wyse beoefen as gewoonlik. Hier word 'n mens na die leier gebring - en daar moet hy alles sê wat hy gedoen het, my moet niks wegsteek nie. Daarna sal die leraar vir hom bid en daarna word hy ook 'n water gegee, net soos by die genesing, om te drink."

Verenigings

Mokhatlo oa Ba-Nazari

Uit een van die inskripsies op die "praal"-graf van Matita blyk dit dat hy die stigter van "the true Nazareters Order Association, 1906-1935" was. Ons het reeds verneem dat, volgens M-L Martin, Matita se volge=linge bekend sou staan as Nazarites. Met betrekking tot hierdie aspek skrywe sy: "They refuse to have their hair cut, they drink no alcoholic drinks, and they do not smoke. They observe the Old Testament Nazarite laws (Num.6)" Dit mag wees dat in geïsoleerde gevalle die MBBRC as

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

"Nazarites" bekend staan, maar volgens die feite het ons hier met 'n vereniging (<u>mokhatlo</u>) binne MBBRC-verband te doen. Hierdie ver= houding blyk uit die konstitusie waarin voorgeskryf word: "Die plaaslike leraar/evangelis is amptelik gebonde om besondere sorg aan hierdie vereniging te wy. Die moderator sal leiding gee aan die leraars met betrekking tot die bystand. Ook sal hy die vereniging leer om die leraars te respekteer ...." Die voorskrif is vir misverstand vatbaar. In die lig van ons relaas insake die ontstaansgeskiedenis van die MBBRC slaan 1906 op Matita se "Fobane"-ervaring en 1935 op die jaar van sy dood. Uit die konstitusie verneem ons boonop dat die Verenig= ings van die MBBRC moet saamwerk met die "Good Templars" ('n beweging wat geheelonthouding bevorder).

Vrouevereniging

Binne MBBRC-verband bestaan 'n vrouevereniging. Hoofleiding is toege= sê aan die eggenote van die moderator. In afsonderlike gemeentes is die leidsters die eggenote van die plaaslike leraar of, waar 'n evange= lis staan, die vrou van die evangelis. Hierdie reëling is ook van krag met betrekking tot Ringe/Sirkels, waar die vrou van die voorsitter van die Ring in dieselfde ressort die leiding neem.

<u>Mekhatlo ea Sekolo</u>

Die konstitusie maak ook voorsiening vir "vereniging van skole." Daar word voorgeskryf: "Die skool sal vyf dae per week vergader." Ons kry hier 'n redaksionele kortsluiting in die sin dat, onder Vergaderinge/Werk= saamhede van die Kerk, soos Sinode en Kerkraad, en waar gestipuleer word hoe dikwels hulle moet vergader, daar ook 'n onderafdeling voorkom: (e) <u>Phutheho tse ding le mekhatlo li tla kena hang ka veke. Sekolo se tla kena matsatsi a mahlano</u>. (Die gemeente en dergelike asook die verenigings sal eenmaal per week vergader. Die skool sal vyf dae per week gehou word). Dit impliseer dus dat die MBBRC uit die staanspoor die behoefte aan formele onderwys aangevoel het, en waar moontlik sy eie kerkskooltjies in gemeentelike ressort wou stig.

Samestelling

Teen 1964 was die MBBRC ten opsigte van etniese aanhorigheid nog oor=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wegend Suid-Sotho. Ons ingewonne gegewens is ontoereikend met die oog op bevindinge rakende aspekte soos die sterkteverhouding manlik : vroulik, lidmate : katkisante/kinders, en geletterd : ongeletterd. Glo= baalweg blyk daar nie juis verskil te wees tussen MBBRC-aanhangers as groep en die betrokke swart bevolking ter plaatse nie.

Groei

Ons het reeds die bloeitydperk van die MBBRC gedurende die bewind van Matita tussen die jare 1922-1925 gestel. Dit hang saam met Matita se aanvanklike welslae in Witsieshoek. Verder kan ons aanvaar dat van sy volgelinge in Lesotho en Witsieshoek uitwaarts beweeg het en 'n heenkome gevind het op boereplase, en in dorpe en stede. Na bewering - deur infor= mante soos sy seun, Malakia - het Matita oor 'n wye gebied evangelisa= sieveldtogte gehou. Ons weet ook dat hy in die proses proseliete gemaak het. Die MBBRC se verbrokkeling en agteruitgang het vroeër in Lesotho begin intree as in Witsieshoek. 'n Gesiene inwoner van die Hoek en een van ons beste respondente het verklaar dat in die tyd van eerw J J Ross die MBBRC nog sterk was. Dit is m.a.w. gedurende 1889 - 1934 (Crafford 1982:131). Selfs teen 1964 is die MBBRC in die Hoek en omgewing nog 'n separatistebeweging met 'n sinvolle aanhang. In die lig van ons karige gegewens, kry ons tog 'n idee van die stand van sake met die afsluiting van ons veldwerk.

Wat lokale groeperinkies betref, berig iemand uit die Matobakofaksie dat aanhoriges verspreid oor die volgende plekke aangetref word: Thaba Bosiu, Ha-Mojela, Qualabata, Bethanie, Ha-Molapo, Makhoagoeng, Witsieshoek, en die National Park (Matsitseng - Ha-Hlabathi). Matobako woon eintlik op Bluegumbush (Bluegumbosch 199) buite die Hoek en trek sy ondersteuners, wat Witsieshoek betref, hoofsaaklik uit die Qwaqwawyk aan die noordweste. Matobako se skatting, as sou hy 800-1000 lidmate net in die Hoek en naby= geleë plase beheer, word deur 'n veldwerker in twyfel getrek omdat N Mohasoane 200-250 lidmate vir die hele Hoek aangee en S Moteka sê dat hy 95 lidmate het wat net onder hom is. Ander inligting wat ingewin is, dui daarop dat in die Noordoos-Vrystaat, benewens wat reeds genoem is, die MBBRC ook volgelinge op plekke soos Harrismith, Bethlehem, Lindley en Frankfort gehad het. Ook Bloemfontein is in die Vrystaat uitgewys.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In Transvaal verneem ons van Heidelberg en Vereeniging. In die Kaapprovinsie word Kimberley genoem as 'n oord waar ook volgelinge woonagtig is. Daar is selfs belangstelling uit die kringe van die Christian Evangelical Mission Church waarvan die leier destyds in Blaauwvlei, Retreat - in die Kaapse Skiereiland - gewoon het en wou saamwerk.

Die MBBRC se invloedsfeer is eintlik nog beperk tot sporadiese groe= perinkies in Lesotho en die Vrystaat. Uitsondering is Witsieshoek waar die verdeelde MBBRC, saamgetel binne die Separatisme, nog 'n sinvolle getalsterkte handhaaf.

Stoflike aangeleenthede

Kragtens die MBBRC se Presbiteriaal-georiënteerde konstitusie is daar in beginsel kontrole oor die stoflike aangeleenthede ingebou. Ons staan egter weer eens voor die verskil in die praktyk. So het ons verneem dat van owerheidsweë teen 1940 aanbeveel word dat die aan= soek om 'n kerkperseel nie toegestaan word nie. Een van die redes was dat daar wat Witsieshoek betref geen kontrole was nie. Die konstitusie bevat egter voorskrifte rakende finansiële state en by ge= leentheid meld Mohono dat een van die leiers in gebreke gebly het om dergelike state betyds in te handig. Die MBBRC het met verloop van tyd nie hoë prys op die bou van kerkies gestel nie. Die leier van die <u>Kereke ea Moshoeshoe</u> - met Matita-Butiverbintenis - "sê hulle bou nie kerke nie, maar hulle loop en verkondig die Boodskap." M-L Martin verwys egter na kerkgeboue, met daarbinne 'n besondere kruis op die vloer (1963:49). Hierdie voorbeelde slaan op Lesotho. Soos in baie ander bewegings gebruiklik is, verneem ons van verpligte geldelike bydraes. Vermoedelik het die traktemente van leraars en evangeliste probleme veroorsaak en is bevind dat, in 'n sekere bestel, daar enersyds voorge= skryf is dat leraars verbied word om eieregtelik op te tree, en ander= syds dat, uitgesonderd die moderator, leraars en evangeliste onderskei= delik gelyke traktement ontvang.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


3.3.5 Leerstellige aspekte

Gereformeerd-Protestants

Volgens hulle konstitusie wil die MBBRC Gereformeerd-Protestants wees. Dit is duidelik dat hulle - wat die leerstellige betref - aangewese was op 'n verwerking van die Confessio Belgica/Nederlandse Geloofsbe=lydenis in keurige Suid-Sotho. Waar daar egter in die NGB, Art.31, van diakens sprake is, laat die konstitusie hulle uit; dis ook oorwegend in die praktyk die geval. Met betrekking tot die Sakramente, Art.33, was daar in die MBBRC, in 'n sekere bestel, 'n uitbouing van die huwelik naas die Nagmaal en die Doop. Dit is egter tussen hakies geplaas en word tans nie as 'n derde Sakrament beskou nie. Alle leerstellige as=pekte word nie in die konstitusie aangedui nie. So lees ons elders in die konstitusie dat hulle voorsiening maak vir die Nooddoop: "Moruti o tla kolobetsa motho e mong le e mong ya ikopelang kolobetso a se a le makgatheng a lefu." (Die leraar sal elkeen doop wat om die Doop versoek wanneer hy op sterwe lê). Ons het ook aangevoer dat Matita in sy "Hiernamaalse Interim" deur die sonderlinge "Eenoog, Eenbeen", Walter, gedoop sou gewees het. Hy sou hom na die rivier, die Jordaan, geneem het "terwyl ek nog my sonde dra. Ek is daar gedoop. Toe ek daar uit kom, kom ek skoon uit en al my sonde het agter=gebly in die water." Hy word gedoop deur driemalige onderdompeling. Alhoewel hierdie relaas nie in die geskrewe konstitusie weerspieël word nie, moes hierdie afwyking, in Gereformeerd-Protestantse verband gesien, tog sy invloed in die MBBRC laat voel het.

'n Ope Kánon

Wat so ewe aangevoer is, dra des te meer klem omdat ons 'n opvallende uitbouing ten opsite van 'n ope kánon in die MBBRC bemerk. Naas sy beroep op die Bybel woeker Matita met sy "bonatuurlike ervaringe." Matita se aanklank as evangelisasieprediker/boetprediker moet in hoë mate aan sy uitvoerige en dramatiese vertolking van hierdie sonderlinge gebeure toegeskryf word. Ons het reeds van Ellenberger verneem van Matita se klemplasing "chiefly through speaking to the populace about the resurrection."

Hierdie voorliefde vir 'n ope kánongerigtheid verklaar ook gedeeltelik

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



waarom Matita vir sy ordening aanklop by C J Beetge van die Volle Evangelie Kerk, 'n Apostolies-gesindte wat destyds voorrang gegee het aan "Geestesgawes" eerder as aan 'n lang teologiese opleiding vir hulle leiers. Dat Matita in "bonatuurlike bestel" deur driemalige onder=dompeling gedoop is en die Volle Evangelie Kerk by die doopsbediening net één keer onderdompel (Müller 1957a:67), het blykbaar nie gepla nie.

In die MBBRC word die verband tussen Woord en Gees nie streng gehand=haaf nie. Matita dien hom aan as Boodskapper van Moshoeshoe en die "profetes" 'Mantsopa se voorsegginge dra by tot die MBBRC se "bonatuur=like" sanksionering. Selfs in die konstitusie kom die naam: Kereke ea Moshoeshoe voor. As doelstelling word geformuleer: "om alle onge=regtigheid te bestry, om die geloof en vroomheid (borapeli) van die Basotho te bevorder, en om alle mense van Afrika te leer om te volhard in verwagting van die Here Jesus." Alhoewel daar dus 'n klemplasing is op die MBBRC as etnies-religieuse beweging in Suid-Sothoverband, is die perspektief wyer as hierdie etnos. Ook bemerk ons weer eens dat die eskatologie óm die Wederkoms onderstreep word.

Dit is duidelik dat ons insake die leerstellige posisie tot geen een=duidige bevinding kan geraak nie. Ons sou selfs kon noem dat Matobako, nogal een van die aanspraakmakers op "moderatorskap", ons veldwerker se taak bemoeilik deur te sê: "Kyk, ek sal jou alles sê as die Gees (Moya) vir my toelaat."

Rakende die besondere naam van die beweging, het ons reeds betoog dat die MBBRC as kérk in eie reg bejeën wil word. Uit die konstitusie - maar ook op sterkte van ander inligting - het die MBBRC baie gebaat by hul Protestantse erfenis. Alhoewel hulle in die konstitusie en by wyse van die grafinskripsie waar Matita begrawe lê, swaargewig toeken aan vervolging deur die PEMS en die NG-Sendingkerk as ontstaansveroorsaking, het hulle teologies gesproke veel ontleen aan hierdie twee verwante vormgewinge van kerkplanting in Lesotho en die RSA.

Die MBBRC, ook bekend as die Kerk van Moshoeshoe of die Kerk van Matita, was in die Matitabestel, uit 'n leerstellige gesigshoek gesien, te sterk georiënteer óm die leierspersoonlikheid. Verbrokkeling binne die MBBRC-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geledere ná Matita se dood het momentum verkry grootliks as gevolg van leierstwis wat toegespits was op magsvetes oor "moderatorskap". En waar proseliete hoofsaaklik afkomstig was uit die PEMS en die NG-Sendingkerk - denominasies wat in die breë van krag tot krag gevorder het - is baie t.g.v. hulle vroeëre teologiese toerusting op die duur ontgoël. Immers, hulle is dan juis geleer dat Christus die Hoof van die Kerk is en dat in die Presbiteriale stelsel van kerkregering derge= like leiersvetes beslis nie gedoog word nie.

Die onderlinge vetes werk stellig ook verbrokkeling op leerstellige gebied in die hand. So is die Matobakogroepering, ten opsigte van die Gereformeerde komponent, meer aweregs. Hoe ver afgewyk kan word, bemerk ons in die beskrywing van M-L Martin. Afgesien van wat sy skrywe, het ons persoonlik met haar en van haar informante onderhoud gevoer en het een van die swart informante 'n diepteduiding rakende die "twee hane", soos dit deur sommige Matitavolgelinge geïnterpreteer word, na vore gebring. Die wit haan stel die Blankes voor en die swart haan die swart bevolking. Daar word selfs gewonder waarom die oorwinning van die swart haan in die betrokke konnotasie nie reeds in vervulling getree het nie (vgl 2.3.4 en 2.3.5).

### 3.3.6 Die tug in die MBBRC

In die geskrewe konstitusie

Globaal gesien, wil die MBBRC die kerktug toepas soos dit gebruiklik is in die PEMS en die NG-Sendingkerk. In hulle geskrewe konstitusie toon hulle dat hulle nie heelhuids wil oorneem nie. Die volgende word onder meer van kerkweë verbied: die leviraat (kenelo), poliginie, mabello (die gebruik dat 'n baie jong dogtertjie deur verlowing aan 'n man verbind word deurdat hy 'n bees (gewoonlik 'n vers) aan haar ouers gee), waarsêery (bonohe), die benutting van kragmedisyne (boupelli), en moya wa motheketheke (stellig in die sin dat dit 'n tipe senusiekte of bose besetting, deur towery veroorsaak, sou wees). Dit stel dus sekere tradisionele kultuurkomponente sensurabel.

In 'n ietwat ander kategorie sou ons die afkeer aan dronkenskap (hetsy as

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

gevolg van bier of brandewyn) en die rook van dagga moet plaas.

In die praktyk

Matita het blykbaar ná sy traumatiese Fobane-ervaring nie meer onsedelikheid gepleeg nie.

Ons het vroeër aangevoer hoedat die MBBRC se aksie in Witsieshoek en veral van die Mafolontiri, met hulle nagtelike byeenkomste in die berge, sommiges hulle, in die proses van proselietmakery, aan ontug skuldig gemaak het. Nie "die vervolging van groot Blanke Kerke in Lesotho en die OVS" waarvan in die konstitusie vermeld word nie, maar ontug het daartoe aanleiding gegee dat gevestigde kerke soos die PEMS en die NG-Sendingkerk georganiseerd teen die MBBRC begin optree het. Gedurende ons ondersoek is nog bevind dat gesensureerdes van gevestigde Kerke sonder meer opgeneem is in die MBBRC. Ook was van ons respondente skepties oor die leiers in twisbestel wat hulle aanspraak probeer konsolideer het deur die weduwee van 'n vorige leier "op te pas".

Ons herinner ook daaraan dat "godsoordele" aan Matita, die stiger, toegeskryf is. Dit kom dus neer op bonatuurlike sanksies wat hy as charismatiese leier of uitsonderlike middelaar in werking sou kon stel. Aan die huidige leiers word dergelike magte nie juis toegedig nie.

3.3.7 Die liturgiese aspek

Matita as liturg

Matita moes as liturg diep beïndruk het. Uit veldwerk verneem ons dat Matita, waar hy ook al opgetree het, deur sy voorkoms imponeer het. Hy was 'n welsprekende en dramatiese redenaar met 'n goeie sangstem. Op sy toga was allerlei Bybeltekste en simbole aangebring. Die woord "Maranata" is byvoorbeeld daarop uitgeborduur.

Uit Witsieshoek verneem ons dat selfs 'n man soos Solomon/Salmone Ntohla - iemand wat onder die PEMS tot bekering gekom het nog voordat hy saam met Paulus Mopeli na die Hoek verhuis het, en wat in die NG-Sendingkerk

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

en in stamverband tot met sy dood in die Groepjaar 1918 'n leidende rol gespeel het - vertel het hoe hy na Matita geluister het. Hy het bevind dat Matita gawes sou gehad het om Gods Woord oor te dra; "he based his points on the Bible" (1962.03.28).

Aksente in die kerklike jaar

In MBBRC-verband val die aksente hoofsaaklik op Kersfees, Paasfees en Pinksterfees. Die beweging hou Pinksterbidure soos gebruiklik is in die NG-Kerk.

Erediensliturgie

Die liturgiese orde in die erediens is enersyds geskoei op die lees van die liturgie soos gehandhaaf in Calvinistiese-Protestantse denomi= nasies soos die PEMS in Lesotho en die NG-Sendingkerk. Die PEMS-lieder= bundel, Lifela tsa Sione, word gebruik. (Ons moet onthou dat dit ook in die NG-Sendingkerk onder Sothosprekendes ingeburger was totdat in 1966 'n eie bundel, Hosana, beskikbaar word).

Andersyds is daar verskil. Ons veldwerker in die Hoek bevind dat ander liedere, wat nie in Lifela tsa Sione staan nie, ook gehoor word. Verder bemerk hy tendense soos dansery en rondbeweeg. By sekere dienste is 'n genesingsrite inbegrepe.

Hy beskrywe vir ons twee spesifieke eredienste, onderskeidelik gelei deur S M en A M. By ontleding van die twee is daar formele ooreenkoms. By albei is die volgende elemente in volgorde: Votum, Lied, Gebed, Lied en, ná die Preek, Gebed en Seën. Waar S M egter as Skriflesing gehad het Rigters 10:6-18 en Handeling 18:9-10, het A M blykbaar geen formele Skriflesing gedoen nie. Na S M se Skriflesing doen hy 'n gebed waarna die preek volg. A M sou sonder meer begin preek het. Oor die preek van S M skrywe ons veldhulp onder andere: "Dit was meer Bybelstudie as preek. Dit het gegaan oor die Israeliete, wat God so liefgehad het, en wat Hom verlaat en ander gode gedien het. Die tekste waarop hy nadruk gelê het was Rigters 10:10-14. Hy het net oor baie dinge gepraat wat eintlik geen verband het nie."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Wat A M se preek betref, sê hy onder meer: "Ek weet nie of mens dit 'n preek mag noem nie. Dit is 'n soort vermaning van iemand af wat 'n beter ervaring het. In sy toespraak het dit geblyk asof hy vir ons wou 'skrikmaak'. Hy het af en toe gesê dat hulle wat hulle broers nie liefhet nie, na die hel toe sal gaan. Hy het ook die kwessie van Moses genoem. Hy het genoem dat die einde baie naby is omdat nou ge= beur wat die Bybel sê, naamlik dat die geleerdheid in die eindtyd sal vermeerder. Toe sê hy dat daar 'n geleerdheid is wat na die hel toe lei en die wat na die hemel toe lei. Dit het vir my gelyk asof geleerdheid na die hel toe lei, omdat ons leer om ons volk nie te verlos nie maar te vernietig." - Ons moet hier verduidelik dat ons veldhulp, 'n teo= logiese student, vergesel was van 'n medestudent. Teenoor A M se stand= puntstelling voer die veldhulp aan dat S M nie teen teologiese op= leiding is nie en selfs meen dat soos 'n Moses baie vir sy volksgenote veil gehad het, hulle na voltooide studie na die MBBRC moet oorkom om leiding te gee.

Na die preek sluit S M die erediens af met gebed en die Seën. A M, egter, laat drie mense bid; as rede word aangegee dat drie mense se getuienis beter is as een of twee s'n. Daarna word die Onse Vader deur die hele gemeente gebid, waarin die leraar hulle voorgaan. Dan eers word afgesluit met die Seën.

Sowel A M as S M wou bekend staan as die eintlike leier van die MBBRC tydens ons studie. Ons het die leierstwis reeds behandel. Hier wys ons egter daarop dat ten spyte van ooreenkoms in die liturgie met die Calvinisties-Protestantse daar by A M groter afwyking was as by SM.

Anders as in die geval van die twee eredienste, wat met mekaar vergelyk kon word, het ons net een geval waar 'n onthulling van 'n grafsteen in die MBBRC waargeneem en beskrywe kon word. Daarin bemerk ons egter 'n sterker afbuiging van die Calvinisties-Protestantse posisie.

Onthulling van grafstene

Hierdie plegtigheid het onder leiding van A M gestaan. Ons veldwerker doen verslag: Die gemeente het in prosessie na die grafte gestap.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Die leraar het voor geloop, saam met die evangeliste. "Toe ons in die begraafplaas kom, het ons 'n entjie van die grafte bly staan. Die leraar en evangeliste het nader gegaan. Ons het solank gesing terwyl die evan=geliste die toga vir die leraar omhang. Daarna het hy graf vir graf ge=seën. Eers het hy 'n klip geneem en gespuug en weer op die graf geplaas. Hy het sy hande op die grafsteen geplaas en duidelik die woorde gepraat: 'Ek seën jou in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.' ... Nadat hy dié werk gedoen het, het hy teruggekom na ons toe, waar hy weer met behulp van die evangeliste die toga uitgetrek het. Van hierdie plek af het ons so sing-sing geloop in 'n prosessie wat hom volg. Iets wat weer vir my snaaks was, is dat al die mense (mans) hulle hoede afgehaal het behalwe hy. Dit was net 'n gewone hoed. Dit is een van die tekens van superioriteit. Op pad huis toe het hy ons - soos by 'n bruilof - terug- en voorwaarts laat beweeg."

Waar ons veldwerker meedeel dat hulle binne in die begraafplaas 'n entjie van die grafte bly staan het, bedoel hy dat leraar, evangeliste en bloed=verwante toe verder tot by die grafte gegaan het. Nadat die leraar sy rite by die grafte beëindig het en by die ander aangesluit het, het die bloedverwante iets op die grafte uitgegooi. 'n Bietjie later, ter=wyl die ander sing-sing geloop het en vorentoe- en agtertoe beweeg het, is 'n tweede fase van die bloedverwante se rite by die grafte voltooi. Dié keer is iets 'gebrand'. Die veldwerker vertel dat hy nie presies kon waarneem nie want sy uitsig is deur die mense in die onmiddellike omgewing van die graf versper. Hy het egter navraag gedoen. Die grafte, wat ter sprake was, was van twee kinders.

3.3.8 Die tradisioneel-religieuse aspek

Stellingname kragtens konstitusie

Volgens hulle konstitusie duld die MBBRC geen kompromis tussen hulle Protestants-Christelike Geloofsposisie en die tradisioneel-religieuse nie. Daar is ook sekere verbodsbepalinge wat miskien ontleen is aan 'n genootskap soos die Volle Evangelie Kerk. So spreek die konstitusie hom uit teen die gebruik van sterk drank en word samewerking met die Templiere (geheelonthouders) aangemoedig. (Op Matita se houding rakende

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sorghumbier kom ons later terug).

Matita in die praktyk

Vanuit die leerstellige gesigshoek het ons reeds beskrywe hoe Matita hom inderdaad op die standpunt van "'n Ope Kánon", waar hy die Bybel aanvul uit sy sonderlinge, beweerde openbaringe wat aanklank vind by sy volgelinge, gestel het.

Uit Witsieshoek verneem ons dat spanning ontstaan binne MBBRC-geledere oor bier. Die weduwee van "Rev. T. Motikoe" "vertel hoe maklik mense oortuig word en hoe maklik hulle ook weer vergeet. Matita het baie sterk gestaan teen die gebruik van bier. Hulle wat ag gegee het aan sy predi=king het toe afskeid geneem van daardie gewoonte. Vroue het toe geweier om bier te maak vir hulle mans. Dit het veroorsaak dat die mans na ds Ross gegaan het om daaroor te kla. Ds Ross het toe gesê dat hulle wat oortuig is en nie vir hulle mans die bier wil maak nie, verban moet word uit die kerk uit. Baie, so sê sy, was toe verban. Maar nou, daardie mense, hulle maak weer bier soos voorheen. Sy het gesê dat dit 'n bewys is dat mense onbetroubaar is." - Of eerw J J Ross wel so gesê het, laat ons daar. Dit staan vas dat Matita eerder geheelonthouding as matigheid bepleit het.

Ons het reeds aangevoer dat Matita wonderwerke sou gedoen het. Uit hier=die beweerde wonderwerke en die relaas van respondente lei ons af dat Matita in die bekamping van boloi (towery) die ngaka sou oortref het, dat hy opgetree het teen die lebollo (besnydenis), en dat sy welslae in die verband aan gebed toegeskryf is.

Variasie in die praktyk ná die dood van Matita

Dit is duidelik dat, ná die dood van die stigter, sowel die konstitusionele riglyne rakende die tradisioneel-religieuse aspek as die beleid van Matita in dié verband, vervaag het. Ons gegewens dui daarop dat 'n sinvolle persentasie uit die MBBRC op die duur weer 'n ander geestelike tuiste gevind het. In die verbrokkelde bestel, veral ná die Matitaregime, is die aanduiding dat daar variasie is van groep tot

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



groep. Op sy beurt lyk dit of die Motikoegeledere meer ooreenstem met die NG-posisie en die Matobakogeledere meer vervlegting met die tradi= sioneel-religieuse toelaat. Die onthulling van die grafsteen onder leiding van Matobako in 1963 dui byvoorbeeld op verbintenisse met die badimo en die onpersoonlike supernaturalisme. Ter stawing dien ook die volgende: Ons het beskrywe hoe Matobako die weduwee van Matita, Alice Phakoa, onder sy vlerk geneem het. Hierdie einste Alice staan ons veldhulp te woord. Op 'n vraag of die gestorwenes die lewendes kan benadeel of seën, sê sy dat dit wel kan gebeur. Uit eie ervaring vertel sy dat haar vader vroeg oorlede is nog voordat sy getroud was. Toe wyle Matita met haar wou trou, het haar oupa probeer om struikelblokke in die pad te plaas. Hy het gesê dat sy nie met 'n leraar moet trou nie; die rede was: leraars betaal nie graag trougoedere of lobolo nie. Maar die werklike rede was jaloesie; hy wou hê sy ander dogters moes eers trou. Alice was ontsteld en bekommerd, maar in 'n droom het sy haar pa vertel hoe haar oupa haar behandel. Sy het later wakker geword. Daarna het alles reggekom met die trouery. Sy glo dat haar pa op een of ander manier dinge laat vlot het.

Die veldwerker sê toe dat indien die badimo ons in ons moeilikhede kan help, dan moet ons hulle seker dankie-sê op "die nodige manier". Sy stem toe saam. "Sy vertel my dat haar man nie daardie dinge gedoen het nie omdat hy gelei is deur die Gees. Sy sê dat ons as Christene kan offer op 'n Christelike manier. Dit is hierdie manier van 'party' (m.a.w. om dit vir die mense wat rondom ons is te verberg)".

Alice glo dat die tradisionele reinigingsgebruike nagekom moet word. Gestel 'n mens het tronkstraf uitgedien, dan moet jy nog gereinig word van die onreinheid van die tronk. "As hy nie 'gewas' word nie, dan kan hy maklik weer gevang word." Sy maan teen geringskatting van hierdie gebruike. Sy noem dat sethoto en gal van die dinge was wat die oumense ge= bruik het. (Sethoto is byvoorbeeld kragmedisyne waarmee kapteins "gewas" of "gereinig" word.)

Dit is ook Alice wat uitvoerig vertel hoe Matita "deur die gees" gelei is om vir Mofokeng/Matobako te genees en tot opvolger te verkies, en hoe Matita in die "taal van die gees" met die "manne in wit klere wat Matobako

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


kom haal het" kon praat. As sy meedeel waarom Matita jare tevore vir 'n tydperk van tien maande nie gepraat het nie, gebruik sy die frase: (Dit) "was vertel van die hemel."

Uit Witsieshoek verneem ons slegs dat by sekere (kerk)dienste 'n genesings=rite inbegrepe is. As daar kortweg van Bafodisi (Genesers) in die Vry=staat sprake is, het dit betrekking op die Marumoskeuring, die African Presbyterian Bafolisi Church, wat uit die Presbyterian Church of Africa (Mzimba) weggebreek het.

Volgens ons veldwerk het taboe-agtige verbodsbepalinge en verstrengeling met die genesingskomponent van die tradisionele religie meer speling in die Butigeledere begin opeis.

Ons steekproef het betrekking op die heersende praktyk in die "Kerk van Moshoeshoe." In dié geval het ons te make met 'n voortsetting van die Buti-afskeiding. Buti is lank reeds dood. Hulle betuig nog erkentlik=heid teenoor Matita as stigter van die gelyknamige moederkerk . Hulle skep ook die indruk dat hulle in 'n meer verbrokkelde bestel as die MBBRC in Witsieshoek probeer oorlewe. Ons veldwerker in Lesotho skrywe: "Hier word vir mense gebid, hande opgelê (ba rapelloa, ba behiloe matsoho.) Maar voor dit gedoen word, moet hulle sê of hulle miskien nie een of ander gebruike of rites van die Kerk oortree het nie, byvoorbeeld soos die eet van 'n dooie iets se vleis en die eet van varkvleis; want volgens hulle maak hierdie dinge 'n mens onrein. Nadat iemand hande opgelê is, dan neem die leier 'n glas wat nie deur baie mense gebruik is nie (as dit miskien nie daar is nie, dan neem hy 'n nagmaalkelkie) en daarin word water gegooi en dan word 'n kruisie op die water gemaak met die vinger, en dan moet diegene wat siek is, dit drink. Daarna word weer water aan die sieke gegee in 'n bottel. Hierdie water moet hy altyd in 'n bad gooi en daarmee sy liggaam was." Ons het ook reeds verneem dat die leier sensuurmag in homself saamtrek en aan oortreders "water" gee om te drink ter reiniging.

Hier het ons dus 'n inburgering van taboes en word water op 'n sonderlinge wyse in kragmedisyne omskep.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

3.3.9 Die gestalte van die MBBRC

Ons probeer in hierdie afdeling nie samevattend beskrywe nie maar wil tog die aandag daarop vestig dat ons tendense onderken wat dui op be= sondere vormgewing. Die omtrek van hierdie gestalte wat na vore tree, word duideliker as ons die beweging vanuit verskillende gesigs= hoeke betrag.

3.3.9.1 Die hegte verbintenis tussen Stigter en Stigting

In hoë mate is daar 'n besondere verbintenis tussen Matita, die stigter van die MBBRC, en die gestalte wat sy beweging vertoon. Uit wat ons te wete gekom het, moes Matita bepaald 'n dinamiese leierspersoonlikheid gehad het asook singuliere charismata wat hy deur oortuigende optrede benut het om volgelinge te werf. Al mag daar afgeding word aan die be= troubaarheid van relase betreffende Matita se sonderlinge "geboorte , skyndood en siekte-ervaringe", sy "magtiging in bo-aardse sfere as Boodskapper van God" en "opdrag van Moshoeshoe I om insonderheid die Basotho in kerkverband te vergader", en daarna sy "wonderwerke" in ondermaanse bestel tot met sy dood in 1935 ..., kom 'n mens nie weg van die konsensus onder volgelinge van Matita dat hulle 'n hoë prys daarop stel nie. Dit word as 't ware 'n komponent wat kohesie in eie groepering versterk omdat hulle deel in 'n erflating van omvattende aard, 'n erflating uit die boedel van die uitnemende Matita.

3.3.9.2 Leerstellig

Uit leerstellige gesigshoek is daar so 'n sterk klem op leierstwis as hoofoorsaak van separasie in die onderhawige beweging, dat die wese van die Kerk bedreig word deur persoongeoriënteerde lewe en strewe.

Ons bevind dat Matita nie formeel wegbeweeg van die PEMS as moeder= kerk omdat hy die PEMS van kettery of heresie verdink nie. Om die waarheid te sê, die PEMS het aan hom in PEMS-bestel verbasend veel speling toegelaat. En toe hy ná sy ordening deur Beetge, van die Volle Evangelie Kerk in 1921, sy MBBRC in 1922 stig, skoei hy sy konstitusie op die lees van hierdie Gereformeerd-Protestantse PEMS in sowel organi=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



satoriese as leerstellige opsig. Weliswaar is daar toe reeds in die praktyk afwykinge wat veral verband hou met 'n verskansing van die stigtersposisie (Matita as "moderator") en kulturele eiendomlikheid.

Onder die leerstellige stip ons slegs aan: (a) Matita sou in die "hemelse Jordaan gedoop" gewees het, "en toe ek daar uit kom, kom ek skoon uit en al my sondes het agtergebly in die water." (b) 'n "Ope Kánon", Matita woeker met sy "bonatuurlike ervaringe" as openbaringsbron naas die Bybel, en alhoewel niemand ná Matita nog so 'n komplekse "ervaringsdoolhof" daargestel het nie, is daar sprake van: "Kyk, ek sal jou alles sê as die Gees vir my toelaat." (Matobako het as respon= dent waarskynlik van moya gepraat.) (c) Leierstwis, veral toegespits op magsvetes oor "moderatorskap", is aan die orde van die dag. Matita en Buti skeur oor "geleerdheid" maar op die keper beskou gaan dit om oppergesag. In Witsieshoek was drie leiers nog teen 1963-1964 aan die stry oor wie "die grootste is." Leerstellig is dergelike persoonge= sentreerde twis in stryd met die wese van die Kerk omdat Christus die Hoof van Sy Kerk is. (d) Messianisme. Waar ons inleidend geskrywe het, het ons beweer dat van die ses bewegings wat in hierdie hoofstuk beskryf word, Matita in sekere sin die sterkste in "profetiese" fokus geplaas kan word, met messiaanse trekke aan die periferie. M-L Martin, soos deur ons aangehaal, sluit af: "Matita, who is to-day no longer among the living, is their prophet. As yet, Jesus Christ is still adored as Saviour, but will he not some day disappear and make room for the black prophet Matita who died and rose from the dead, and thus possess an important characteristic of the black messiah?"

Ons gegewens soos deur veldwerk ingewin is, is nie eenduidig nie. Ook was dit duidelik dat in die gemoed van ondervraagdes ons hier in die omgewing van sensitiewe velde beweeg. Op sy minste dui ons gegewens daarop dat Matita deur die MBBRC beskou is as 'n Evangelisasie/Boetprediker by uitstek wat op wonderbaarlike wyse tot bekering kom en deur God met singuliere gawes vir sy roeping toegerus is. As radikaalste stelling= name vind ons dat ons veldassistent uit Lesotho verslag doen en skrywe: "Hier word die gestorwe leier in die plek van Christus gestel. Dit ge= beur soms dat wanneer 'n mens die graf van wyle Walter besoek, word hy gevra om by die graf van Matita 'n gebed te doen"

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Ons vestig ook die aandag daarop dat 'n parallellisme uitgewerk word. Sy "tande" is bewysstuk dat hy "reeds bekend is" in die "hemel". Wat ons as skyndood tipeer, word deur sommige informante weerspreek. Hy was werklik dood en het opgestaan. Hy verbaas deur parate Bybelkennis, sonder dat hy teologiese opleiding gehad het. Hy wek Matobako tot lewe; Matobako is eintlik sy "vel"; Matita se gees lewe voort in sy selfaan=gestelde "opvolger". Is Matita se "praalgraf" blote graf? Is Matita slegs een van die badimo of kon hy aspireer tot messiasskap met wyer trefkrag as slegs Moshoeshoe I se swart mense? Uiteraard moet die "Swart Haan en Wit Haan"-stuwing ook in dié verband inbereken word.

3.3.9.3 Organisasie

Ons het hoër op reeds begin vermoed dat in die MBBRC die Presbiteriale kerkregeringstelsel van die PEMS sal neig na die Episkopale. In die praktyk bespeur ons dat, namate verbrokkeling intree, daar meer mags=konsentrasie in die leierspersoon setel. So word Seboka, Sinode, Ring, en Kerkraad inderdaad uitgeskakel en kry ons eenmanseggenskap, op die lang duur, in kleiner versplinteringe.

Hiërargiese rangorde volgens die eggenoot se ampstatus loop parallel deur na die geledere van eggenotes. Daar is egter ook 'n impuls wat dergelike regimentering ietwat teenwerk. In die Kereke ea Moshoeshoe (Buti-faksie) byvoorbeeld, deurbreek persone met besonder "gawes van die gees" die betrokke rangorde omdat hulle daarin slaag om 'n eiesoortige statusposisie te verower.

Die Mafolontiri was inderdaad die stormtroepe van die MBBRC in 'n sekere tydvak. As die MBBRC hom egter op die stigting binne eie bestel van 'n bepaalde vereniging beroem, dan is dit die Ba-Nazari. Dit is 'n verenig=ing wat in die lewe geroep is met hoof doelstelling: geheelonthouding.

Oor groeitendense en stoflike aangeleenthede is ons gegewens nie toe=reikend om tot besliste bevindinge te kom nie. Wat tog na vore tree, is dat die MBBRC tussen die jare 1922-1925 sy bloeitydperk moes beleef het. Sy invloedsfeer is hoofsaaklik beperk tot sporadiese groeperinkies in Lesotho en die Vrystaat. Wat die Vrystaat betref, kan ons met meer

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



stelligheid beweer dat in Witsieshoek die verdeelde MBBRC se aanhang, saamgetel, 'n sinvolle persentasie verteenwoordig binne die sowat veer= tien separatistiese bewegings.

Met betrekking tot die stoflike aangeleenthede is van owerheidsweë in die Hoek teen 1940 verneem dat interne kontrole veel te wense oorlaat. Ons veldassistent moes ook kla dat oor die algemeen sy vrae vaagweg beantwoord is; en oor een van die respondente - nog een van die aan= spraakmakers op "moderatorskap" - se opgawe van aanhoriges voeg hy by: "ek glo dit nie."

3.3.9.4 Die liturgie

Die liturgie wissel oor 'n wye spektrum. Dit is bevreemdend, omdat die MBBRC histories 'n skismatiese beweging uit die Calvinisties-Protestantse geledere is. Dit is duidelik dat daar selfs in Witsiehoek wisseling voorkom van 'n punt in ooreenkoms met die Gereformeerde liturgie aan die een kant tot vér afwykend aan die ander kant. Dit geld so 'n inte= grale komponent soos die plek van Skriflesing in die erediens. Die in= druk wat M-L Martin van die MBBRC in Lesotho gee. is allermins Gerefor= meerd en toon meer ooreenkoms met ons linkse of Sionistiese tipering. Ook het ons bemerk dat by die onthulling van grafstene onder leiding van A M die tradisionele danse eerder as die Christelik-liturgiese die botoon voer.

3.3.9.5 Die tradisioneel-religieuse aspek

Ons kon net sowel die gegewens oor die onthulling van grafstene as illustrasie van die verstrengeling met die tradisionele religie gebruik het.

Daar is reeds aangevoer dat die MBBRC in sy konstitusie Protestants-Christelik wil wees. Hulle konstitusie volg leerstellig op 'n paar uitsonderings na, die <u>Confessio Belgica</u>/Nederlandse Geloofsbelydenis. Waar van die NGB afgewyk word, is dit moeilik om die ontleningsbron aan te toon. Dit mag wees dat eklekties gekies is uit 'n geloofsposisie soos in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


die Volle Evangelie Kerk. M-L Martin lê klem daarop dat hulle die Ou Testamentiese Nasareërwette (Num. 6) nakom, dog die taboe-agtige verbodsbepalinge mag ook verband hou met die tradisionele religie.

In watter mate Matita deur die kersteningsaksie veral vanuit die PEMS en NG-Sendingkerk beïnvloed is, is nie helder nie. Ons bemerk egter dat hy uit sy pad gaan om sekere tradisioneel-gesanksioneerde gebruike teen te werk. Daar is ook by Matita bewustelik of onbewustelik 'n uit=bouing van sekere karaktertrekke wat ons as kenmerke van die tradisionele religie beskrywe het. So sou ons onder meer kon noem: (a) dat hy on=persoonlike supernaturalistiese sanksies sou ingeroep het teen <u>lebollo</u>; (b) dat hy, in die MBBRC, sy "sonderlinge ervaring" óm <u>Fobane</u> en daarna ingebou het; en (c) dat Moshoeshoe I inderdaad vir hom en vir baie van sy volgelinge as een van die <u>badimo</u> as voorspraak vir die MBBRC dien.

Ná die dood van Matita, tot met 1963/1964, word sy bydrae tot 'n "Ope Kánon" nog uitvoerig oorgedra. In 'n sin is sy charismata geroeti=niseer in die huidige MBBRC. Daar was in hulle gemoed maar net een Matita; alhoewel sy inspirasie nog mag deurwerk, en dalk meer bepaald in "uitver=korenes" soos Matobako.

Ons verkeer egter op vaster grond waar ons bevind dat water tot <u>krag=medisyne</u> in MBBRC-verband verander word. Dit is immers tipies van die magiese in die tradisionele religie. Ons sê nie dat hierdie aanwending van "<u>water</u>" deurgaans in die MBBRC onderskryf word nie, maar dat dit wel inslag in sekere MBBRC-splintergroepe gekry het, staan vas.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

## 3.4 ST PAUL'S APOSTOLIC FAITH MORNING STAR CHURCH OF SA

### 3.4.1 Inleiding

Die St Paul's Apostolic Faith Morning Star Church of South Africa word deur Pauw (1960:244-5) bestempel as "The most interesting church I came across in Taung." In sy studie ter plaatse kry hy goeie samewerking van die kant van die beweging. Dog behalwe vir erkenning van ontvangs, word 'n vraelys, gerig aan die hoër instansies van dieselfde beweging, nie ingevul nie - ten spyte van herhaalde navrae. Gedurende die onderhawige ondersoek was die navorser gelukkiger. Dit beteken nie dat hy oor die hele spektrum stof kon insamel nie, maar amptelike versperring was daar nie.

Die besondere naam van die beweging sal later vollediger behandel word. Hier noem ons net dat die stigter 'n voorliefde het om in sy gebed na Jesus Christus as die Môrester te verwys.

### 3.4.2 Die ontstaansgeskiedenis

Die ontstaan van hierdie beweging en sy stigter staan in noue verband.

E L Ramoipone

Die stiger - en nog steeds op datum van ondersoek die leier - is Elias(e) L Ramoipone. Hy is in die Frankfortse distrik gebore, op Vaalkrans, die plaas van Marthinus Pretorius. Gedurende die Anglo-Boereoorlog het hy perde opgepas. As agterryer vergesel hy die Boere deur Wes-Transvaal so teen 1901.

Aanvanklik toon Ramoipone geen belangstelling in die Christelike Gods=diens nie. Hy is 'n "dronklap". Tydens die leroborobo (Griep-epidemie, 1918) was hy eendag in die lande besig met 'n span osse. Daar oorval hierdie siekte hom. Hy het die span osse net daar gelaat en weet nie eers wie die osse uitgespan het nie.

Onderwyl hy siek was, kom daar iemand na hom en sê: "Gaan en word

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

gedoop in die water; jy sal gesond word." Hy steur hom nie juis daaraan nie. Weer het hy gehoor: "As jy jou nie in die water laat doop nie, sal jy nie gesond word nie." Uiteindelik willig hy in. 'n Sekere Motinki het hom na die water geneem. In daardie bestel hoor hy 'n stem vir hom sê dat hy mense geestelik moet bearbei en vir hulle bid sodat hulle gesond word. Dit is dan hierdie siekte wat tot sy bekering gelei het. Maar hy sê ook hy het "die gees gekry." Hy hoor duidelik "'n woord van bo-af, uit die hemel" wat sê: "Gaan kerk toe!" Skielik ontdek hy dat hy kan lees. Dit moet beslis verstaan word dat hy vantevore nooit leesonderrig ontvang het nie.

Gedurende daardie tyd begin hy insien dat hy "water" moet gebruik. Dit lei daartoe dat hy met Apostoliesgesindtes in aanraking kom. Hierdie "watersindroom" sou selfs sy vervreemding van die Apostoliese Geloof=sending bewerkstellig. Ons veldwerker teken in direkte rede aan: "Ek is biskop Eliase Ramoipone van die St Paul Morning Star, wat ek self gestig het. Ek het van die Faith Mission af gebreek. Dit was nie oor iets sleg nie. Dit was oor water wat ek graag wou gebruik. Hulle het my nie toegelaat om water te gebruik nie. Dit is waar ek sterk is. Ek maak mense gesond met water as God dit toelaat."

Hierdie stigter is 'n vlot spreker en is bepaald intelligent; veral as ons onthou dat hy blykbaar geen noemenswaardige, formele skoolonderrig gehad het nie.

As wewenaar slaag die bejaarde Ramoipone daarin om met 'n vrou te trou wat veel jonger en geleerder is as hy. Sy staan haar plek vol in die beweging soos gelei deur haar man.

Dit is duidelik dat Ramoipone in die geledere van die Apostoliese Separatiste 'n gesiene leier is. Maar duideliker nog - so sal dit verder blyk - is dit dat sy volgelinge aan hom op die gebied van genesing charismatiese gawes toeskryf.

Skeuring uit "Geloofsending"-verband

Ons het reeds verneem dat Ramoipone uit die Faith Mission sou geskeur het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierdie bewering van die stigter self word deur van ons informante weerspreek. Dit is wenslik om hierop uit te brei.

In die onderhawige beweging se Buka ea Katikisimane lees die eerste sin: "Kereke ena e fumanoe ke Bishop E L Ramoipone ka selemo sa 1942." (Hierdie kerk is 'gestig' deur biskop E L Ramoipone in die jaar 1942). Gewoonlik word die woord hloma vir stig gebruik. Hier lees ons fumanoe wat ons ken in die sin van is gevind/is ontdek/ is as vergoeding ont= vang. Ramoipone het ook beweer dat hy eerste afgeskeur het van die Faith Mission wat hier die konnotasie het van die AGS (Apostoliese Geloofsending) se aanhoriges onder Swartes. Onder diegene wat verskil, is een S N. Hy verklaar dat Ramoipone skeur van St John (Mmanku) en dit rym met die kronologie waar St John se skeuring uit dieselfde ge= sindte so teen 1939 plaasgevind het (Verslag 1973:829).

Oor die Le Roux-onttrekking aan die Swartes in AGS-verband teen 1915 en die kettingreaksie wat hierdeur ingelui is, het ons veral onder Evaton in hoofstuk 2 uitgewei. Wat Ramoipone meer bepaald betref, blyk sy standpunt te wees dat Blankes wat min of meer Le Roux se plek moes inneem nie die AGS -fort kon hou nie. Ramoipone speel Le Roux en sy opvolgers teen mekaar af en sê die eintlike skeuroorsaak was dat die Blankes wat ná Le Roux gekom het, nie speelruimte vir die sogenaamde "waterkultus" gegee het nie.

### 3.4.3 Die organisatoriese aspek

#### Rangorde

Ons kry 'n sekere rangorde in die beweging. Soos in amptelike stukke, word die leier, E L Ramoipone, as biskop beskou. Sy seun, Stirley, het gepraat van "archbishop"; wat sy vader vertaal met moruti o moholo. Tweede-in-bevel is Ramoipone se regterhand (letsoho). Op daardie tyd= stip was dit Martiens Rakhoali. Mahisa Seele Monnapula, wat te Mohopela (Taung) optree, is weer die regterhand van Rakhoali. Moses Modupe is leraar (moruti) te Nigel. Daarna kom die evangelis (moevangeli). Ver= volgens kry ons die koster en dan die gemeentelede en kinders.

Die vroue is ook hiërargies volgens die rang van hulle mans ingedeel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

(Evaton, 1963-09-28).

Daar is reeds gelet op die eerste sin van hulle kategeseboek. Direk daarna volg (vertaling): "Hierdie boek is die eerste in hierdie kerk. Sedert daardie datum het hierdie kerk die volgende leraars gebaar:

(1) Rev M L Rakgoadi (Letsoho la Biskop)
(2) Rev M S J Monnapula
(3) Rev J T Mokhati
(4) Rev H S Modupe
(5) Rev J Melamu
(6) Rev H Mosoaedi
(7) Rev D N Tshabalala."

"Hierdie leraars, dis hulle wat bereik of beheers is deur die Gees van God op die tydstip toe die vergadering van die konferensie in sitting was te Wilberforce op 19 Februarie 1960. (Uitstorting van die Gees ... Handelinge 2) " ... ba fihletsoeng ke Moea oa Molimo ...."

Wat hier opval is dat 'n bykomende bekragtiging of ingryping van die Gees van God veronderstel word. Ter illustrasie kan die tweede geval hierbo, te wete Monnapula geneem word. Vir sover vasgestel kon word, is dit dieselfde persoon na wie Pauw verwys (1960: foto teenoor 161 en 164). Pauw doen sy veldwerk omstreeks 1952 (1960:ix). Die eerste naam van Monnapula is Mahisa (Suid-Sotho: Mafisa), sy tweede Seele. Toe ons met Ramoipone oor hom op Evaton praat, het hy nie van 'n derde voornaam gerep nie. Maar wat hy wel bygevoeg het, is dat hy nie meer goeie gesondheid geniet nie. Het hy dan al die jare sonder hierdie bonatuurlike vervol=making gearbei? Of is daar bo en behalwe die roeping en bevestiging 'n soort "Second Blessing"?

Die hiërargie word duideliker waar die bevoegdhede van leraars, evange=liste en predikers op hulle sertifikate uiteengesit word:

"Minister's Certificate

........................ He has authority

1. To preach the Gospel of Jesus Christ - Matt. 28:19

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2. To baptise believers. Matt. 28:18-19.
3. To lay hands on and pray for the sick. - James 5:14-15.
4. To bury the dead. 1 Cor. 15:12-58, Rev. 14:13.
5. To administer the Holy Communion and to solemnise Marriages.

....

Evangelist's Certificate - Presies dieselfde as vir Minister van 1 tot en met 4 maar 5 word vervang met: To consecrate Children.

Preacher's Certificate - soos hierbo vir Minister 1 tot met 3 en 5 vir Evangelist.

Algaande het ons bemerk watter groot prys op eerbied teenoor meerderes gestel word; veral manlike ampsdraers. Die veldwerker skryf: "Dit het vir my geïnteresseer hoe almal respek teenoor hulle toon. As vrouens iets van die Ouman neem of iets gee dan buk hulle. Soms kniel kinders as hulle met een van hulle praat." Iemand anders verklaar dat vroue in die meerderheid is in hierdie beweging. Dit is byna algemeen. Maar in die onderhawige geval voer hy as rede aan: "Vrouens word baie hoog=geag en word niks gevra omtrent hulle sedelike lewe nie." Hierdie eer=biedigheid of eerbetoon oorskry selfs die grense van gewone gedraginge binne 'n hiërargiese bestel. So bevind ons dat vroue voor die Nagmaals=tafel voor Ramoipone in dieselfde houding staan as gedurende die seën=handeling buite op die vierkant. Hulle hou die hande op borshoogte oop, met handpalms na bo op mekaar gekruis. Die informant - so ewe genoem - meen selfs dat ons met 'n "volmaakte Kerk"-pretensie te doen kry "Waar God met die oë gesien word."

Verhouding tot ander gesindtes

Een van die leraars en 'n vertroueling van Ramoipone, M, het laat deur=straal dat hy nie kerkisties optree nie. Dog of samewerking en kerklike wellewendheid in hierdie groep deur almal nagestreef word, is te betwyfel. Ons haal aan uit 'n vraelys wat deur 'n kundige op verantwoordelike wyse ingevul is: "V. Organisasie .... Groei die Beweging deur Proseliet=makery? Indien wel, uit watter Kerke hoofsaaklik? - Deur Proselietma=kery. Veral uit Kerke waarin Blankes ook behoort maar veral uit die NG Sending Kerk: 'Boere Kerk' soos hy deur hulle genoem word' ....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Bekeerlinge uit die ongekerstenes? 'Nee'."

Wyd vertak

Die beweging is wyd vertak. Dit is nie beperk tot een provinsie nie en word ook in Lesotho verteenwoordig. Die hoofkwartier is te Evaton waar die huidige "aartsbiskop", Ramoipone, goed ingegrawe is. Die kerkgebou is nuut en modern. Benewens sy woonhuis op dieselfde terrein is daar 'n hele kompleks kamers wat veral diens doen as tydelike huis= vesting vir siekes wat van elders na Ramoipone kom vir sy soort ge= nesing. Bo en behalwe hierdie ruim perseel het hy nog 'n stuk of twee in die Evatonse gebied. Hy staaf sy bewering dat hy inkomste ook ten bate van sy gesindte aanwend deur na sy gebouekompleks te verwys. Pauw (1960:244-5) wy uit oor 'n besondere uitbouing te Taung insluitende groentetuine, vrugtebome en 'n klein plantasie "of bluegum and other trees, planted to produce timber for building, for their own use, and for sale."

Geld en ander bates

Oor hoe geld en ander bates verkry word en benut word, is konsensus uitgesluit. Ons het reeds in 2.10.5.5 onder Evaton aangemerk hoe daar ingestrengelheid waargeneem is ten opsigte van geldelike insameling, genesing, eiendomsreg en so meer. Ons veldwerker was persoonlik getuie hoedat in die Ramoiponebestel vroue aangespoor is om uit dankbaarheid vir "water" wat die geboorteproses sou verlig het, iets te gee. 'n Ander informant verklaar hoe geld geïn word: "deur middel van kollektes, vaste bydrae, dankoffers en verkoop van geheiligde - en helende waters - want andere word gereinig, terwyl andere gesondheidsdrankies moet hê om ge= sond te word." Oor hoe gelde bestee word antwoord hy: "Dit is die eiendom van die opperman of biskop en hy betaal sy onderdane." Ons sal nog verder te wete kom hoe dankoffers tydens 'n byeenkoms te Tweespruit in die Oranje-Vrystaat ingesamel is.

'n Dankofferdiens op Tweespruit

Na 'n Nagmaalsviering het 'n dankofferinsameling plaasgevind. Mokhati

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het die leiding geneem. Hy begin met Skriflesing, 1 Kron. 29:1-5a. Hy herhaal in eie woorde hoedat koning Dawid die tempel wou bou maar dat Salomo die eintlike bouer was. Hy lê klem op vrywillige offer=gawes. Hulle as Naledimense (naledi = ster), verwysende na hulle as aanhangers van die beweging met die besondere naam "... Morning Star ...." moet wys dat hulle waarlik Kérk is. Baie mense dink mos dat hulle Apostoliese groepering sommer 'n ding is; 'n ding sonder voorkant of agterkant - dis nie duidelik waarheen sy werk gerig is nie. Werk moet sigbaar wees, helder skyn. Hy dui aanskoulik aan hoedat sommige pseudo-Christene optree. Hoe hulle lewe ookal is, meen hulle dat as die pre=dikant die begrafnisstoet lei, jy hemel toe gaan. Dergelike mense beweer dat hulle in die Here glo, maar hy glo ook dat die "Bantoedokter (kragdokter) my huis bewaar met brandgoete - maak kruisietjie in die hoek van die huise en onder die deur en so aan." 'n Jong man trek sy aandag af. Hy soek dringend na droomduiding. "Nee," sê Mokathi, "nie vandag nie of nou nie. Daarvoor is daar ook 'n tyd; baie drome kom van groot slang." Hy lees 'n tweede Skrifgedeelte, 2 Kor.9:6-15. Op 'n mooi manier beklemtoon hy die punt: "wie spaarsaamlik saai sal ook spaar=saamlik maai".

Elkeen bring sy dankoffer afsonderlik na die tafel. Die prosedure is dat iemand wat sy dankoffer gee, opstaan, 'n lied insit en al singende na die tafel beweeg. By die tafel word getuienis gelewer en die geld op die tafel geplaas. Mokathi kondig aan hoeveel dit is en iemand anders teken die bedrag aan. Met 'n vervolgstrofe van dieselfde lied of 'n herhaling van dieselfde strofe gaan die gewer dan weer sy/haar plek inneem. Van tyd tot tyd word hierdie gang van sake onderbreek deur gemeentesang. Ritmiese liggaamsbeweging kom ook soms voor.

Die tema van die dankoffergetuienis was hoofsaaklik genesing in die kader van genesing soos dit by Ramoipone se Morning Star geskied.

Teen die einde se kant reël Mokhati dat 'n man en 'n vrou bid. Dit is klaarblyklik leidende persone in hierdie groep. Daarna sluit hy met 'n omvattende gebed. Ons lig egter die aanhef daarvan uit: "God van Moshweshwe-hulle en God van Moreka-hulle (Moroka?); God van Israel-hulle; God van die Swartes; God van die Blankes. Ons is vanmôre/laat=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

nag (?) hier, Lam van God. Ons hef die oë op na die berge van Jerusalem ....". As laaste lied word Naledi e ntle ya meso gesing. Hier het ons 'n soort kenwysie of "tema"-lied van die Morning Star.

Die duur van die dankofferdiens was van ongeveer 00h30-05h00.

Samestelling

Vanweë die wye opvanggebied van Ramoipone se beweging is die etniese samestelling heterogeen.

Op Tweespruit het die ondersoeker gesien dat jong kinders die kerklike byeenkoms bywoon in die eiesoortige kleredrag van die Morning Star. Ons kon ook waarneem hoe dogters en vroue ingelyf word deur 'n bekleding= seremonie tot hulle onderskeie bonde/verenigings binne daardie gesindte.

Die volgelinge in die beweging is redelik gebalanseerd saamgestel ten opsigte van die jeug, volwassenes, manlik en vroulik. Die getalleoor= wig is egter aan die kant van die vroulikes. Met betrekking tot die vroulikes is dit weer die middeljariges wat in die meerderheid is.

Groei

In die breë vertoon die beweging nog groei. Naas natuurlike aanwas trek Morning Star aanhangers veral vanweë die populariteit wat die leier, Ramoipone, geniet as een van die groot genesers in sy soort.

Weliswaar is die groei nadelig beïnvloed deur interne konflik en skeuring. Uit E L Ramoipone se beweging skeur 'n broerskind, Johannes Ramoipone. Hy skei af met 'n gevolg en noem sy groepering die St Paul Melchezedec Venus Apostolic Church of Africa. Hy was die sekretaris in sy oom se beweging en beweer dat sy oom ene Mokhati van Tweespruit al hoe meer begin voortrek het. Aan hom is nie geleentheid gegun om sy saak te stel nie. (Oor Johannes Ramoipone se beweging is daar 'n aparte beskrywing in Verslag 1973:799-805). Dit is dieselfde Mokhati van wie ons reeds kennis dra. E L Ramoipone weerlê die bewerings van Johannes Ramoipone. Hy het versoek dat die eintlike rede as vertroulik bejeën word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die biskop het ook vertel van 'n dreigende skeuring. Een van sy senior leiers is blykbaar besig om wederregtelik trustgelde vir hom toe te eien. Daar sou egter nog 'n kerklike ondersoek ingestel word.

Ook breek Lydia Tšukulu weg uit die beweging van E L Ramoipone en stig haar St Peter Morning Star Church. Onder Wintersveld in 2.10.4 kom hierdie geval ter sprake (vgl ook Verslag 1973:806-23).

Tot op datum van ondersoek bly die Morning Star van E L Ramoipone nog sterk staan en het die aangeduide skeuringe nie kernsplitsing ten ge= volg nie.

### 3.4.4 Die rol van die vrou

#### Hiërargiese ordening

Daar is reeds genoem dat die vroue, dit wil sê die getroudes, hiërargies ingedeel is volgens die rang van hulle mans.

#### Die invloedryke vrouevereniging

Dit is nie slegs die getalle-oorwig en hiërargiese parallelisme wat die vrou in die beweging 'n belangrike rol laat speel nie. Soos in ander swart Kerke en separatistiese bewegings in die RSA is hulle georganiseer in 'n eie Vrouevereniging. Naas weeklikse bidure op Donderdae ter plaatse en na gelang van omstandighede, is daar streekbyeenkomste en jaarliks 'n algemene vergadering. Dit is by uitstek die vrou wat uitgeken kan word aan haar besondere kleredrag, onderskeie van dié van ander kerke of bewegings.

In die geval van Morning Star is dit dan Anna(h), die jong, tweede (?) vrou van die "aartsbiskop" wat die hoogste status in hulle vrouevereniging= ing beklee. Haar formele onderwyspeil is bo die gemiddeld. Sy kom oorspronklik van Harrismith waar sy opgegroei het in een van die gevestig= de, Protestantse kerke. (Ons lig hierdie punte uit omdat dit nie die enigste geval is nie. 'n Ander pertinente voorbeeld is in ons Reitz= steekproef waar ons informant nie by name genoem word en ook nie dat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sy die tweede vrou is nie (Verslag 1973:537).

In 'n erediens (5-7-1964) te Evaton word verwys na 'n saamtrek uit die hele opvanggebied van Morning Star wat gehou sou word en omskrywe is as: "Convention Women Manyano Prayer Meeting." Dit word gestel dat die (hoof)doel sal wees om die kerkwerk te bevorder. Die vergadering beoog om klem te lê op respek teenoor hulle ouderlinge. Daar sal geleentheid wees om uit te praat oor probleme. By voorbaat word egter gewaarsku teen bokwinihi. 'n Tswana het by navraag die woord uitgespreek as bokwenegi wat sou beteken frustrasie of wringende harteleed. Die woorde=boek Mabille & Dieterlen - Paroz (1950) dui die Suid-Sothowoord bokoenehi aan onder die betekenis "backsliding, apostasy". Omdat hierdie beweging van Ramoipone al probleme gehad het met vroue wat te selfstandig wou op=tree en selfs weggebreek het, soos in die geval van Lydia Tšukulu (Verslag 1973:806: hoofstuk 2B -2.10.4) vind 'n mens miskien dié besondere aksent.

Tydens die bekleding op Tweespruit kon die onderskeidende kleredrag van die vroue van Morning Star duidelik waargeneem word. Dit bestaan uit 'n blou romp, ligter blou bloese (ouer vroue het 'n soort los oorhangende halfjurk), 'n rooi skouerband, 'n metaalwapen, 'n gehekelde kraag en 'n wit hoedkappie met rooi lint om die bol.

Die "bekleding" of inlywing

Die "bekleding" van dogters en die daaropvolgende "bekleding" van vroue te Tweespruit is gedurende die middag van 12 Desember 1964 waargeneem. Die verrigtinge het onder leiding van Ramoipone se vrou, Anna(h) plaas=gevind. Haar man is ook betrek.

Opvallend was die volgende: (1) Daar is blykbaar 'n tweedeling in sowel die dogters- as vrouevereniging. 'n Dogtertjie ongeveer tien jaar oud, wat beklee is, se drag toon ondergeskikte verskille van dié van dogters so tussen 14-15 jaar. Ook by vroue is dit waargeneem. Een kriterium blyk ouderdomsgroepering te wees. (2) As Ramoipone hom rig tot diegene wat staan beklee te word sê hy: "Hierdie kleed wat julle volgens wet dra, het verbasende lewe. Dit het krag. As julle (die klere) betrag

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

volgens die groot wet, as soldaat of as jy (die kleed) sou uittrek, of as jy sou trou, moet jy dit eer, want jy het dit vir goed (durend) aangetrek. Dit is daarom dat 'n soldaat nie renegaat speel nie ('le sa tsebeng ho kweneha'). En wat ook al die omstandighede, hy storm in. En ook 'n poliesman, hy dra dit (uniform). (Dit gebeur) dat hulle dit uittrek en ander klere aantrek. Maar môre sien jy hy bevind hom in moeilikheid want hy het nie volhard nie. Klere is wapens. Daarom, (of nou?) seën ons die werk van die tydstip van onderskraging ('Jwale re hlononolofatsa mosebetsi wa nako ya tshehetso); want ook die meneer van ons (die ondersoeker) gaan julle fotografeer." (3) Vir die dogters en vroue is daar verskillende formuliere. Die vroue s'n is uitgebreid. Daarin word dit duidelik gestel dat hierdie vroue-aksie onder die Raad (lekgotla) van St Paul Apostolic Morning Star staan. Die toetredenes verbind hulle plegtig om ook die hiërargiese geskakeldheid binne die vrouevereniging te eerbiedig. Vroue met amptelike verpligtinge moet byvoorbeeld stiptelik hulle boeke vir kontrolering na die hoof aanstuur. (4) Anna(h) Ramoipone doen die eintlike bekleding van 'n dertiental vroue. Twee van hulle wat so pas beklee is maak buitegewone liggaams=bewegings (Zapfelzustände word dit soms in Duits genoem). Elke keer nadat die biskopsvrou, Anna(h) die klere van een vir haar aangetrek het, begin sy met haar hand op die hoed en voer 'n soort strykbeweging ondertoe uit asof sy 'n "seën"-handeling uitvoer.

Dit is duidelik dat hoë prys gestel word op lidmaatskap van die vroue=vereniging en dat die regimentering die rol van die vrou in die beweging as geheel verhoog.

### 3.4.5 Die leerstellige karaktertrekke

#### Die Kerkbegrip

In hierdie beweging speel eie geloofservaring 'n groot rol. Daar is so 'n sterk binding aan die leier en veral aan die hoofleier as geneser dat die Christosentriese gevaar loop om te verswak. 'n Goeie voorbeeld vind ons in die relaas van J T Mokhati, 'n streekleier en een wat sterk aan=klop om "regterhand"-skap van die biskop.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Mokhati was lidmaat van die Metodiste Kerk en in diens van Ackerman en Kie. op Tweespruit. Hy word ernstig siek. Uit sy relaas verneem ons: "Ek het na dokters gegaan, Blanke en Sothodokters. Daar is 'n spreekwoord wat sê 'n sieke soek genesing by alle lapa's." 'n Sothokrag=dokter bevind dat hy hom nie kan help nie. Mokhati se siekte sou slegs genees kon word deur na daardie soort mense te gaan wat vir mense bid en hulle na die water laat gaan. Hy ontdek toe in sy omgewing van daar=die mense wat onder biskop Ramoipone werk. Hy word gedoop deur onder=dompeling en wel sewe maal." Dit tref hom dat daar ooreenkoms is tussen sy onderdompelingsdoop en dié van Naäman. Mokhati begin evangelisasie=werk doen en na twee jaar - in 1949 - word hy as evangelis van Morning Star deur biskop Ramoipone ingeseën. Dit is nie dat hy die Metodiste Kerk verag nie maar hy voel met sy hele wese gedronge om by Ramoipone se beweging aan te sluit; die "kerk wat mense laat water drink."

Mokhati verwissel dus sy kerkverband volgens eie interpretasie nie as gevolg van prinsipiële besware teen die leerstellige posisie van die Metodiste Kerk nie.

Die Sakramente

Die Doop

Die Doopverrigtinge wat ons waargeneem het, het plaasgevind in 'n spruit onder leiding van Mokhati. Biskop Ramoipone het 'n vaderlike oog oor alles gehou. Die verrigtinge begin met skriflesing uit Hand. 16:13-15; 8:26-34. Mokhati preek bevatlik vir die betrokke gehoor. 'n Mens be=luister iets van 'n boetprediker. Hy ken sy Bybel.

Mokhati gaan die water in. Onderwyl hy die eerste tree gee, hef hy Lifela tsa Sione, Lied 200 strofe 5 aan. Hy verken die bedding met 'n "wandelkierie". Die gemiddelde watervlak is net bokant die heupe. Op een tydstip sien ons hom staan met linkerhand op die knop van sy kierie wat bo die water uitsteek. Sy regterhand is uitgestrek en sy wysvinger dui na die middel van die spruitgedeelte waar die onder=dompeling sou plaasvind. Die ondersoeker het die indruk gekry dat Mokhati aan die praat was, dog kon onder omstandighede nie sekerheid

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

verkry nie. Daarna is die kierie in die water so geplant dat 'n deel bo uitsteek.

Ons sien hoedat die doopkandidate agtermekaar die water betree. Daar word gedoop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Na "Vader" word die dopeling onderdompel, en so ook na "Seun" en "Heilige Gees". Ons moet onthou dat die dopelinge in die water kan staan en dan kan meewerk deur half te hurk. Mokhati sit self 'n strofe in. Die gemeente sing lustig met trombegeleiding en handgeklap. Daar is egter tog een of ander onreëlmatigheid en Mokhati spreek hulle skerp aan. Hy doen 'n beroep op diegene wat die wet ken om leiding te gee. Die sang word onderbreek sodra die volgende naam staan uitgespreek te word en ook vir die duur van die formule met driemalige onderdompeling.

Wat nou opval, is dat dieselfde wysie deurgaans gesing word, maar dat eie woordkomposisies voorkom. So kry ons Lona ba emeng lebopong la letsha la Betsaida. (Julle wat staan op die strand/wal van die bad van Betesda; kan ook vertaal word met waterpoel, meer, dam, vywer).

Dit is nie net die gemeente op die wal wat Mokhati probleme besorg nie, ook een en ander van die dopelinge en veral Julia handel nie na wense nie. Selfs na die eerste onderdompeling hoor ons: "Julia, Julia, wat maak jy, Julia? Praat man, Julia, wat maak j ..., molato keng (wat is fout) ..., Julia!"

Ten minste by een geleentheid is daar 'n doelbewuste onderbreking in die liturgiese gang. Mokhati wil klaarblyklik 'n aspek belig. Hy vra dat Joh. 3 vanaf vers 22 tot met 23a gelees word. Hy beklemtoon dat daar baie water was.

Uit die aard van die saak duur 'n dergelike doophandeling lank. Wat egter meer as net momenteel ervaar word, is die reëlmatige opeenvolging van die "agtergrond"-sang waar die een wysie gehandhaaf word maar die tromslag tog binne perke varieer en miskien ook die handgeklap.

Sodra die Doopbediening klaar is, begin 'n soort genesingskuur. Persone van verskillende ouderdomme het die water begin binnegaan van waar die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

dopelinge dit vroeër gedoen het. Die tromslaner het met oorgawe 'n flink ritme aangegee. Die sang was selfs lustiger en in die water en daarbuite is allerlei reaksies gehoor en gesien. So sien ons 'n vrou wat reeds in die water was 'n tree of vyftien van die wal op die gelykte in potsierlike beweeglikheid haar lyf wring. Kindertjies word uit die water aangegee, bitterlik aan die huil. 'n Ou man nader die wal met 'n kierie. Hy word begelei om die kuur te ondergaan.

Die afsluiting van die Doopverrigtinge - soos genoodsaak deur weers=omstandighede - vind in die vierkant buite die kerkgeboutjie plaas.

Mokhati vra aan elke dopeling afsonderlik vrae waarop instemmend en hoorbaar geantwoord moet word. Hy oorhandig sertifikate. Op elke ser=tifikaat het hy 'n teks uit die Bybel aangebring. Dit beklemtoon hy maar veral ook die feit dat die Doop baie water vereis soos in die ge=val van die Ethiopiër wat deur Filippus gedoop is. Hy hamer ook op wetsgehoorsaamheid. Hy stel dit onder meer: "Wie nie die wette van die Republiek van Suid-Afrika gehoorsaam nie, is 'n vyand van die waar=heid ...." Hy rond af deur uit te wei oor Ps. 119:105 wat hy aan T S M op sy sertifikaat aangebring het. Skynheilige mense buit ander uit. Die Here Jesus het aan 'n verharde geslag geen teken gegee nie. Sy slot=sin is 'n redenaarsvraag: "Waar is die hartesmart?"

Biskop Ramoipone rig ook 'n kort woordjie tot die gedooptes.

Die Nagmaal

Die Nagmaal soos gevier op Tweespruit het so teen 10h30 op 'n Saterdag=aand 'n aanvang geneem. Die lang platdak saaltjie was stampvol. Op die tafel staan ses brandende kerse en 'n bordjie vir dankoffers. Die Nagmaal word met ouels (klein ronde wafeltjies - in Engels "consecrated wafer") en gewone wyn gevier. Die wyn word in kelkies bedien.

Mokhati lei die diens in die teenwoordigheid van biskop Ramoipone. Skriflesing Joh. 6:31-38. Die prediker is nie gebonde aan 'n manuskrip nie. Dit is nie teksprediking nie. Die inhoud van die perikoop word tuisgebring met lewendige voordrag. Mokhati onderbreek self sy preek

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en laat Lied 210 sing waaruit hy so pas strofe 2 aangehaal het ter beklemtoning van Christus se liggaam as die brood. Op onopsigtelike wyse vleg hy verderaan die beskrywing van Paulus rakende die instelling van die Nagmaal in (1 Kor.11:23-26). Daarna is die trant meer in die rigting van 'n oproep tot bekering. Daar moet gewaak word teen vorm=godsdiens. Hy haal selfs 'n rektor van die Universiteit van die Vry=staat aan wat sou gesê het: "christianity has failed to do the good=will." Mokhati sluit op hierdie stadium af deur onder meer te sê: "Geloof is nie net om uniforms te dra ... of soos jou baadjie nie maar geloof is mooi gedrag. Geloof is om jou maikutlo (gedagtes/persoonlik=heid) te verander (fetoha); geloof verander die bewussyn van 'n mens waar hy hom ookal begewe ..." 'n Tronk kan nie mens regmaak nie, slaan kan nie mens regmaak nie, maar die ding wat die mens regmaak dis die Woord van die Here."

Nadat Lied 293 volgens die voorgeskrewe wysie gesing is maar met hand=geklap en die liturgiese Amen soos by hulle ingeburger, word oorgegaan tot die eintlike bediening van die Nagmaal.

Mokhati laat Lied 55 op die wysie van Lied 111 sing. Nou en tot aan die einde van die bediening is daar geen handgeklap nie en is die tempo stadig.

By hierdie geleentheid is die Nagmaalsformulier soos dit in hulle Diens=boek staan, nie gebruik nie. Daar is slegs uit 1 Kor. 11:23 - gelees. Die Nagmaalgangers word nie gelyktydig met brood (ouels) en daarna met wyn bedien nie. Ses kom op 'n keer aansit. Mokhati lees dan 1 Kor.11: 23 tot met 24. Daarna bied hy aan elkeen sy ouel onderwyl hy sê: "Lig=gaam van onse Heer Jesus Christus of "wat vir julle gebreek is" ... "tot vergifnis van sonde." Hy spreek die instellingswoorde ten opsigte van die brood so uit dat uiteindelik die sestal byvoorbeeld sowel woorde uit 1 Kor.11 as uit Matt.26:28 verneem. As hy daarna aan dieselfde sestal die wyn bedien dan haal hy 1 Kor.11:25 aan en sê byvoorbeeld slegs by die afsonderlike oorhandiging: "Here ons doen dit tot U ge=dagtenis." En alhoewel hy hom by die beker meer vryheid toelaat, soos " ... ons gedenk onse Heer, U groot liefde", is dit hier meer kort=sluiting as liturgiese innovasie. In die geheel het hy daardie aand

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

op hierdie wyse die Nagmaal aan 47 mans en 72 vroue bedien.

Sodra so 'n sestal met brood en wyn bedien is, voer biskop Ramoipone 'n seënhandeling op elkeen uit.

Teen hierdie tyd is die dankoffer al in die bordjie op die tafel geplaas. Die dankoffer het in totaal R10-68 beloop.

Vroue van die gebedsbond wat tot die Nagmaal toetree, drapeer 'n wit doek oor hulle hoed; die ander net 'n wit doek of 'n kombinasie-doek-sluier.

Onderwyl die Nagmaal bedien word, sing die gemeente Lied 211(a) oor en oor. Dit skep 'n gewyde stemming alhoewel - veral tydens of na Ramoipone se seënhandeling - daar soms kort uitroepe en spastiese bewegings voorkom.

Hierdie deel van die diens het so teen 23h30 begin en geduur tot ongeveer 00h20.

3.4.6 Die liturgiese aspek

'n Eie diensboek

Daar bestaan 'n gedrukte Diensboek - Buka ea Tsebetso ea ba St Paul's Apostolic Faith Morning Star Church ea South Africa. Dit is by hoë uit=sondering dat so 'n boek in dergelike bewegings wel bestaan. Baie ander gaan eklekties met tekste uit die Bybel te werk om 'n soort liturgiese orde te handhaaf. Die formuliere in die Morning Star is kort en in wese 'n ordening van Bybeltekste. Die mees opvallende kenmerk van die boek is dat 'n groot aantal tekste aangegee word vir gebruik as votum. Die werk is Apostolies in wese maar skyn geen ontlening aan 'n bestaande diens=boek - sê uit die Apostoliese Geloofsending (AGS) - as kerk van oor=sprong te wees nie.

Votum

Tekste uit die Bybel is gebruiklik dog daarmee word nie volstaan nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die liturg brei daarop uit in 'n gebed wat gewoonlik met hulle besondere gesonge Amen afsluit.

Sang

Die Lifela tsa Sione (eintlik die Gesangboek van die Kereke ea Lesotho) is basies hulle enigste bron. Die solfège- of solfanotering van hier=die bundel word gewysig. Soms word 'n ander wysie uit dieselfde bundel verkies. So af en toe kry ons ook - vir sover ons weet- 'n wysie eie aan hierdie gesindte. Die moontlikheid bestaan ook dat ons hulle eie wysie en woorde hoor by hulle "tema-lied". Sang gaan dikwels gepaard met handgeklap. Trombegeleiding kom voor. Die trom is veral gehoor tydens die uittog na die spruit waar die onderdompelingsdoop plaasvind, gedurende die plegtigheid en op pad terug na die kerkterrein.

Prediking

Die neiging is tot perikoopprediking eerder as uitleg van een spesifieke teks. Naas wat ons op Tweespruit kon opteken, het ons veldhulp te Evaton, die hoofkwartier, 'n erediens belewe en beskryf soos gelei deur die biskop self. Daar was die Skriflesing Matt. 5:1-5. Sowel Mokhati as Ramoipone kan treffende beelde aanwend. So het Ramoipone verwys na 'n bandopname wat in die loop van die ondersoek gemaak is en gesê: "Nadat ek gepraat het, kon ek my eie stem weer hoor praat. Dit het vir my laat dink dat alle dinge wat ons op aarde doen, geskrywe is in die hemel en ons sal nooit nie kan sê dit is nie ons wat so gespreek het." Albei die predikers het parate Bybelkennis. Ons veldwerker het die indruk gekry dat Ramoipone 'n besondere voorliefde rondom 'n "Morester"-kompleks vertoon. Alhoewel die Môrester in die eerste plek op Christus dui, hou dit ook verband met die naam van Ramoipone se stigting. Ons het ook gehoor hoe Mokhati die "Ster" beklemtoon en hoe 'n verbandhoudende lied 'n soort temalied van die beweging skyn te wees.

In die loop van die prediking sluit die prediker dikwels sy punte af met uitdrukkings soos "Kgotso!" (Vrede), "Kgotso ya Modimo!" Maar oor die algemeen is dergelike uitdrukkings geykte reaksies uit die gehoor. Namate die prediker vuriger in sy voordrag word of aanskouliker, na die mate kry

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ons naas hierdie geykte woorde ook emosie-uitinge wat wissel van persoon tot persoon.

Beide predikers is veeltalig. Ons het bevind dat Mokhati naas Suid-Sotho ook Tswana, Xhosa, Zoeloe, Afrikaans en Engels besig.

Gebed

Die hoof gebed waar die liturg in die meeste kerke as mondstuk van die gemeente optree, word gewoonlik vervang deur 'n besondere gebedswyse. Almal bid gelyktydig hulle eie gebed hardop.

Uitmonding van (ere)diens in "water"-rite

Die diens is gewoonlik nie beperk tot die kerkgebou nie. 'n Informant beweer selfs dat in hierdie beweging kerkbou in satelietgemeentes ont=moedig word. Die erediens wat normaalweg binne die kerkgebou begin, beweeg uit na buite waar in 'n binneruim of vierkant "water" liturgies-geïnstitueerd gedrink word en 'n bykomende seëning of bekragtiging deur handoplegging plaasvind. Dit skyn of alternatiewe reëlings getref mag word. Op Evaton was dit 'n koue dag en net 'n handjievol mense het opge=daag. Ons veldhulp deel mee: "Toe het die tyd aangebreek om vir mense te bid en hand op te lê. Hulle het voor die tafel gekom in 'n ry. Eers het hulle water gedrink wat onder in 'n laai gestoor was. Hulle het mooi klein glasies (plastiek) wat hulle hiervoor gebruik. Ramoipone het elkeen van hulle op die voorkop of kop met sy vingers betas. Sy vingers het hy eers in die water gesit.

Dit was snaaks vir my om te sien hoe hierdie mense te kere gaan nadat hulle so deur hom hande-opgelê is. Party het gedraai soos dronk mense. Kinders het ook gekom en dieselfde het met hulle gebeur."

Op Tweespruit het hierdie gebeure hom op die vierkant langs die kerksaal=tjie afgespeel. Ook daar het Ramoipone self opgetree. Daar is gesien hoe die vingers van sy regterhand soos stywe pennetjies op die hoof van die persoon steek. Na die aanraking was daar sommige wat weggesteier het met 'n soort swenkbeweging of trekkings.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Daarna is "water" ritueel gedrink.

Vervolgens is hulle na Mokhati, waar hulle met handoplegging "geseën" is.

3.4.7 Die tug

Uit hulle <u>Katikisimane</u>

Van die vyf-en-veertig vrae in hulle Katikisimane handel drie oor die Tien Gebooie. Die volgorde word so verander dat die Vyfde Gebod laaste gestel word sodat dit aansluit by die laaste drie vrae. Vraag 43 se antwoord slaan op Matt.19:14 - "Laat staan die kindertjies en moet hulle nie verhinder om na My te kom nie, want die koninkryk van die hemel is juis vir mense soos hulle." Vraag 44 verwys na kinderopvoeding in dié sin dat jy hulle die regte weg leer sodat as hulle opgegroei het hulle nie daarvan afwyk nie. Die laaste vraag en antwoord verwys na tug van kinders. Dit sluit ook die lat ("roede") nie uit nie. Hierdie tug be= oog sy sieleheil.

Opknapping van organisasie insluitende tug

Daar is bevind dat nog voor 1960 'n begin gemaak is om die hele organi= sasie, wat uiteraard ook die tug insluit, op te knap. Dit is verder duidelik dat skeuringe en 'n dreigende skeuring - vir sover ons inlig= ting bekom het - die noodsaaklikheid van dergelike stappe ondersteep het.

Op die "Sinode" wat te Nigel in sitting was (1959-02-18) is besluit dat plaaslike leraars wat uit gemeenteverband tree, afstand moet doen van hulle kerklike kleredrag. In dieselfde asem word genoem dat dit op ge= lowiges ook van toepassing is. Vir geval hulle kerkboeke besit, moet hulle dit ook inhandig. Daar is beweer dat die Morning Star te kampe gehad het met weerbarstigheid, onsedelikheid en dislojaliteit in skeu= ringe. Ook is gedui op onregmatige aanwending van trustgelde as rede vir 'n dreigende skeuring. Teen dergelike misstande wil die Morning Star amptelik optree.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Hiërargiese dissipline

Ons veldwerker was beïndruk deur die swaar klem wat op eerbetoon teen=oor ampsdraers val. Ons het reeds gelet op die hiërargiese ordening in die kerkregering. Dit veronderstel in die eerste plek onderwerping aan ampsdraers onmiddellik bo jou in die rangbestel. Uiteraard is dit by uitstek eerbetoon en onderworpenheid aan Ramoipone, die biskop.

Wetsgehoorsaamheid

In sy prediking het Mokhati uit sy pad gegaan om te beklemtoon dat die Morning Star die landswette wil gehoorsaam. Hy het byvoorbeeld uitge=wei oor hoe skaam hy is as hy op plase optree en boere deel aan hom mee dat volgelinge van sy gesindte oortree het. Op 'n bandopname bid hy ernstig en lok sodanige instemming van sommige in die gehoor uit dat sy woorde nie altyd duidelik deurkom nie. Vir die Owerheid word pertinent gebid en ons verneem die naam van die destydse Staatspresident (Swart) en minder helder klanke wat kon dui op die toenmalige Eersteminister (Verwoerd).

3.4.8 Die genesingsaspek

Genesing en sy vervlegting

Genesing kom binne die Morning Star vervlegt deur die hele beweging voor. Ons kon tot dusver byna geen aspek beskryf of genesing was daarby betrek. Ons probeer egter hier die besondere helingskompleks verder onder die loep neem.

Sy sterk suggestie

Ons het reeds onder die ontstaansgeskiedenis gehoor dat die stigter moes verneem: "As jy jou nie in die water laat doop nie, sal jy nie gesond word nie." En verder dat water insonderheid aangewend moes word. Onder die leerstellige karaktertrekke het ons die geval J T Mokhati aangeteken en aangevoer hoedat hy die Metodiste Kerk verlaat om onder Ramoipone aan te sluit.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Ander aspekte rakende die geval Mokhati

Toe hy volgelinge in sy omgewing ontdek wat onder Ramoipone ressorteer, word hy beïndruk deur die heldersiendheid van 'n sekere vrou. "Emma Leutloileng staan op en verbaas my deur my lewe voor my bloot te lê en my siekte en deur te sê: Jy het slegs gekom omdat die toordokter (krag=dokter) jou aangesê het."

Aan hom is ook 'n bottel water gegee. Hy omskrywe: " ... waaroor gebid is. Daarin is niks bygevoeg nie. Daar is aan my voorgeskrywe dat as ek opstaan nog voor ek koffie drink, moet ek van die water drink."

"Ek het nou begin om 'n mens te wees wat mooi werk. My moya het my oor=tuig dat ek drank moet laat staan. En pyp moet laat staan."

Nadat hy in 1949 evangelis in die beweging van Ramoipone geword het, het daar blykbaar ál meer seën op sy arbeid gerus: "Daar was statte wat magies besweerwas (thakhiswe) .... (Hy laat geen twyfel nie deur by te voeg: ka Sesotho - op tradisionele wyse). Ek het tussen hulle ingegaan in die Naam van God; ek het gebid vir hulle huise en kinders ... vrouens het na ons gekom en uiteindelik het ek hulle laat water drink en die hande opgelê. En later het ek die wonder belewe dat die Heer diegene verhoor wat na my kom met 'n rein hart en vertrou. Die mense was verheug en ek was verheug maar met dien verstande dat dit God is wat alle wonders werk in/vir hulle wat in Hom glo."

"Ek was by 'n vrou genaamd Mogo Poshodi, wat aan swaar bloedvloeiing gely het; wat alle soorte dokters besoek het. Uiteindelik het sy by ons aan=gesluit. Gebed verhinder nie watter mens ook al. Daarom het ek gegaan en vir allerlei mense gebid en hande opgelê en hulle laat water drink en so meer ...."

"Ek het hierdie vrou verder behandel. Een oggend wys sy my 'n slang wat uit haar sou gekom het wat in vloeistof, marèkè-rèke lê. (Die woord word hier gebesig vir troebel vloeistof en diarree). Die gebeure laat my besluit om met die vrou na die plaaslike dokter, wat destyds daar geprak=tiseer het, dr Du Preez, te gaan. Hy moes haar ondersoek en vasstel waar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


die snaakse pho(l)ofolo (snaakse ding/gedierte) gesit het. Die uit=einde van die tog is dat na verdere behandeling hierdie vrou gehelp is sodat sy nog in daardie jaar 'n kind gekry het; sy was vir sewe jaar 'n onvrugbare vrou."

Mokhati se bedrywighede sou daartoe lei dat hy voor die hof gedaag word op aanklag dat hy "dokterskap" beoefen. Sy verweer is dat hy voorbidder is. Die landdros gee uitspraak "dat hy slegs 'n morapedi is." (D.w.s., 'n persoon wat bid, 'n bidder. Die woord word ook ge=bruik vir 'n vroom persoon, 'n gelowige of kerkganger).

Ook die beskuldiging - so deel Mokhati verder mee - dat hy geld sou gevra het vir dienste, kon nie bewys word nie. Die landdros sou hom toegevoeg het: "Gaan en help mense dat hulle gesond word, maar oppas vir mense ten opsigte van geld!"

E L Ramoipone, die veelsydige "spesialis"

Sy roem

By ons eerste onderhoud (1963-09-28) deel Ramoipone mee hoe hy ge=durende sy siekte in die 1918-Griepbestel op bonatuurlike wyse opdrag kry dat sy heling ook sal saamhang met 'n besondere "apostoliese" waterdoop. Uit daardie tydsgewrig dateer ook sy roeping om in derge=like kerkverband as geneser op te tree. Teen 1963 word Ramoipone deur sy volgelinge beskou as hulle groot spesialis. Ons ontmoet die biskop dan ook op Evaton aan hoofkwartier waar Mokhati 'n pasiënt uit die omgewing van Tweespruit na hom bring vir gespesialiseerde behandeling. Ook buite die Morning Star sou hy al bekendheid verwerf het vanweë sy veelsydige of omvattende helingsbevoegdheid. Dít sou juis die geheim wees agter die werfkrag en groei van sy beweging.

Sommige van die besonder kenmerke van sy genesing en sy "spesialiteite" sal duideliker word in wat volg.

Sy diagnose

Hy stel die veroorsaking en die moeilikheid vas eerder deur helder=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



siendheid as deur kundigheid soos verwerf sou kon word na skoling in die mediese wetenskap. Hy diagnoseer sowel liggaamlike kwale as geestesongesteldheid.

Siektes en hulle behandeling

Vir die verskillende soorte siektes is daar verskillende behandeling.

Om die senings te trek, is daar onder meer 'n stoomproses. Die pasiënt wat Mokhati van Tweespruit na Ramoipone op Evaton vervoer, word later aan ons veldhulp uitgewys. "Sy is nou beter. Haar tone was ingekrimp maar hulle begin nou om weer uit te kom."

'n Vader kom by Ramoipone kla dat sy dogter geboorte moet gee en daarom kom hy om water te vra. Ons veldwerker skrywe: "Ek het die Ouman aan sy eie kind hoor sê: 'Gee hom nommers 7 en 9.' Daarna het ek hom ge= vra of die water nie dieselfde is nie." Die antwoord was dat die water wel dieselfde is maar dat die bottels in verskillende groepe gerangskik is. Dit kan ook wees - so verduidelik Ramoipone - dat siekte met die bloed te doen het. Normaalweg word van water gebruik gemaak waaroor gebid is. As die maag nie reg werk nie, word olie gebruik.

Soms stel hy vas dat daar vreemde voorwerpe in die liggaam is, wat die siekte veroorsaak. So het hy al diere soos slange, muise, paddas, uit die pasiënt gehaal. En dan is dit nie dooie goed nie. So 'n muis be= weeg as hy te voorskyn kom. Hy is byvoorbeeld geroep na 'n siek man op Roodepoort; uit hom haal hy 'n <u>sehohwane</u> uit ('n generiese of soortnaam vir padda (<u>sehoho</u> - verkleinwoord <u>sehohwane</u>).

Ramoipone het ook aansien verwerf vanweë sy diagnose en behandeling van geestelik versteurdes. Ons veldwerker teken aan: "Hy verklaar dat hulle nie toordery, waarsêery ens. in die kerk toelaat nie. As iemand gevang is deur die gees wat eis dat hy op heidense manier behandel word, dan kan hy daardie gees verander om 'n kerklike gees te wees."

Sy hande

Ons het reeds onder die liturgiese aspek verwys na Ramoipone se "Hand=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


oplegging." Waar die erediens op Evaton uitmond in 'n genesingsrite, sit hy eers sy vingers in die water. Die veldwerker is verbaas oor die reaksies van sommiges wat hy daarna aanraak. Sy antwoord was: "Dit is die krag van hierdie hande (hy wys sy hande), by tye van groot feeste is dit erger. Mense val asof hulle dood is soms, want die gees werk ook magtiger gedurende sulke geleenthede."

Sy apteek en museum

Ons veldhulp vermeld ook: "Toe gaan wys hy vir my waar die water ge= stoor is. Die water is in bottels, net soos by 'n apteker gerangskik. Hulle het ook etikette buite. Ek het toe gekyk na daardie 7 en 9. Ek kan nie meer 7 onthou nie maar 9 is vir vroue wat kinders moet kry. Daar is nog vir die volgende: sejeso (Kaffir poison), die wat werk soek en ook vir baie dinge wat slegs aan 'n ngaka herinner."

"Hy het van onder die katel 'n karton uitgetrek waarin dinge in bottels was wat hy uit mense uitgehaal het en vir my gewys. Ek kon nie duide= lik sien wat daar binne was nie, want die bottels is al vuil aan die buitekant. In een bottel, wat hy gewys het, het hy beduie dat daar 'dinoha' slange was, maar ek kon daarin "round worms" sien, behalwe iets wat 'n bietjie donker van kleur was. Ek kon nie sien wat dit is nie. Hy vertel dat hy deesdae nie so baie van hierdie dinge het nie omdat hulle by die kleinhuisie soms uitgaan. Ek vra hom op watter manier hierdie dinge uitgekom het by die mense. Hy is nie seker nie. Hy vertel reg= uit dat hy nie leuens wil vertel nie want hierdie dinge is dinge van God. 'n Mens weet soms nie hoe dit gebeur nie."

"Toe ons uitkom, ontmoet ons daardie man, wat kom sê het dat sy dogter 'n kind moet kry. Hy kom vertel dat sy 'n seuntjie gekry het. Die man sê dat hy die pa van die kind gesê het om te kom wys hoe dankbaar hy is (deur iets te gee - geld). Die Ouman sê toe: 'Jy sien hoe werk hierdie water as God dit toelaat. Maar 'n mens moet homself nooit daaroor laat prys nie. Dit is God wat alles doen'." Die Ouman was in elk geval bly."

3.4.9 Slotopmerkinge

(i) Die besondere naam van die beweging het verskillende insette.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"Morning Star" hou verband met die stigter se voorliefde in gebede en preke om na Christus te verwys as die Môrester. Ook in gemeente=sang vorm hulle eie(?) Môresterkomposisie 'n soort temalied. Ons kon nie bo twyfel vasstel dat die stigter - soos hy beweer - uit "Faith Mission" (die sendingaksie van die AGS) direk skeur nie. Johannes Ramoipone voer aan dat Petros Moloi een van diegene was wat die inisia=tief geneem het om weg te breek en so die St Paul Faith Mission gestig het. Hy roep onder andere ook Elias Ramoipone in vir samewerking (Verslag 1973:800). Hiervolgens is E L Ramoipone se stigting 'n skeur=beweging uit die St Paul van Moloi. Ons sou verder kon redeneer dat juis die feit dat hy "St Paul" in die naam behou heenwys na die Moloi=stigting as "moederkerk". Wat "Church" betref is daar meer voorbeelde dat dergelike bewegings in eie reg kérk wil wees en nie meer "Mission" nie. Dit is 'n toevoeging in resente tye. Ter stawing op hierdie punt bemerk ons dat ook Pauw geen melding maak van "Church" nie (1960:244).

(ii) Die Morning Star vertoon 'n besondere dubbeldorigheid . In een gestalte wil hulle Apostolies- Protestants wees maar tegelyk uitbeweeg na 'n tradisioneel-religieuse posisie waar geborgenheid veral gesoek word in 'n sfeer waar "heilige water" en die hoof leweraar van hierdie water bekombaar is. Die biskop in die onderhawige beweging is by uitstek die spesialis wat die water met sy gebed bekragtig en beroemd is vir sy om=vattende helingsukses. Die bepaalde genesing kom vervlegt voor deur die hele beweging. Die Morning Star se komplekse genesingsbestel toon sterk ooreenkoms met siekte en die rol wat die kragdokter in die tradisionele religie speel.

(iii) Naas 'n besondere uitbouing van die genesing in Ramoipone se beweging, tref dit ons hoe die liturgie uitgebreid beoefen word en byvoorbeeld uitmond in 'n helingsrite met "water" en handoplegging.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

## 3.5 CHURCH OF CHRIST'S ASSEMBLIES (CCA)

### 3.5.1 Inleiding

Op die spoor van hierdie separatistiese beweging is gekom deur die naslaan van uitgawes van The World. Uit hierdie koerant se berig van 5 September 1956 is dit duidelik dat die Church of Christ's Assemblies en Catherine Ngcelwane, die "hoof", die verbeelding van 'n besondere leserspubliek teen 1956 moes aangegryp het.

### 3.5.2 Ontstaan en geskiedenis

Die Church of Christ's Assemblies (CCA) is 'n skeurbeweging uit die Church of the Province. Catherine Ngcelwane en haar man was lidmate van daardie kerk toe die breuk ontstaan het. Die CCA se ontstaan, geskiedenis en wese is so heg ineengestrengel met die persoon van Catherine Ngcelwane en haar beweerde "singuliere" gawes dat beskrywing daardeur bemoeilik word.

Catherine Ngcelwane is op 24 April 1904 op Silwerfontein (Syferfontein?) naby Boons in die Transvaal gebore. Sy is Tswanasprekend. Blykbaar het sy op 60-jarige leeftyd baie binnenshuis gebly en bestee sy baie tyd aan haar persoonlike voorkoms. 'n Informant beskrywe haar voorkoms soos volg: "Moeder Mphele is 'n mens met 'n mooi liggaamsbou; iemand wie se gelaat altyd skynende is." (Haar bynaam is Mphele met nadere omskrywing Mma = moeder; waar haar man dan kortweg Mphele is). Op skool het sy tot Standerd 3 gevorder, is lief vir lees, veral die Bybel. Nadat sy uit die skool is, het sy tuis met die huishouding gehelp. Sy word op Pot=chefstroom in die Anglikaanse Kerk (Church of the Province) as lidmaat ingelyf. Later, so teen 1933, werk sy as huishulp by die Kampongbe=stuurder te Modderbee. Daar ontmoet sy vir Sampson Ngcelwane, met wie sy later getroud is. Hy was destyds Kampongklerk by Van Ryn Deep.

Gedurende 'n sekere tydperk - die kronologie is onseker - laat haar ge=sondheid te wense oor. Catherine Ngcelwane gaan tevergeefs na dokters en wel dingaka. Waarskynlik was dit 'n siekte wat in een of ander ver=band tot die lentegety staan want sy was gewoonlik hier teen September

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



siek. Gedurende so 'n ongesteldheid onderwyl sy in 'n diepe slaap verkeer, kom sy in aanraking met Iemand. Hierdie "iemand" beveel haar om haar weer te laat doop, spesifiek deur onderdompeling. Sy handel op hierdie instruksie wat by herhaling in 'n soort droom na haar kom. Sy doen dit deur in die eerste plek na die betrokke "priest of the Anglican Church" te gaan. Hy kon nie die noodsaak insien van so 'n "herdoop" nie. Uit die binnekring van die CCA verneem ons dan: "She was thus forced or driven to look for people who could baptize her by immersion. She got in touch with a man who ultimately baptized her and then she felt that she was being filled by the Holy Ghost."

Die persoon deur wie sy gedoop is, was ene Solomon Vandu. Hy was nie aan 'n besondere kerk verbonde nie. Hy het rondgegaan, mense genees en wonders gedoen. Die doop is in die Westelike swart dorp bedien.

By daardie geleentheid hoor sy 'n stem sê: "Dis ek, Jehova, jou God. Ek stuur jou om te bid vir hulle, die siekes."

In gesigte sien sy nou die siekes en hulle omstandighede en bevind later dat die omstandighede ooreenstem met die gesig wat sy vooraf gehad het. Sy ervaar dan ook dat haar bemoeiing met dergelike gevalle met sukses bekroon word. Sy sien ook gesigte rakende gemeentelike aangeleenthede. Tot tyd en wyl sy die strekking oorgedra het aan die gemeente alwaar hulle in die kerkgebou saam is of afsonderlik aan aanhangers na gelang van omstandighede, voel sy geestelik belas. Daarna, egter, ondervind sy geen moeilikheid om rustig te slaap nie.

Sampson Ngcelwane vertel hoedat Catherine Ngcelwane nadat sy met haar geloofsgenesingspraktyke begin het, nie weer daardie periodieke onge= steldheid ervaar het nie. Uit sy relaas moet ons verder aflei dat sy na die onderdompelingsdoop nog binne die Church of the Province gebly het. Daar was egter 'n gedurige toeloop van mense by haar. Dit is onder die aandag van die blanke priester gebring. Sy is om 'n verduideliking gevra. Die uiteinde was dat die kerk nie genoeë geneem het met haar handelswyse nie. Daar ontstaan spanning en sy word versoek om onder omstandighede nie kerk toe te gaan nie maar liewers tuis te bly. Dit was vir haar nie maklik nie aangesien sy op daardie tydstip leidster

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die plaaslike Vrouegebedsbond was. Alhoewel sy haar onttrek het, het siekes haar bly besoek en kon sy nie weier om hulle te help nie. So is die verwydering bestendig. Eintlik, so verduidelik die informant, was dit nie 'n skeuring wat gepaard gegaan het met kwaaie gevoelens nie.

'n Ander informant beweer dat Catherine Ngcelwane se beweging in die jaar 1953 te Newclare begin het. Haar siekte het haar na Mmanku te Evaton gedrywe; dit wil sê, na die hoofkwartier van Christina Nku, leier van die St John's Apostolic Faith Mission. Of hulle haar sou genees het, is nie duidelik nie dog sy keer terug met Mmanku se teg= niek wat sy op haar beurt binne haar klein invloedsfeer van destyds aanwend. Teen die einde van 1954 het sy reeds 'n klompie volgelinge en is haar beweging nie meer Anglikaans nie aangesien daar samewerking met (of aansluiting by) Sionisties- of Apostoliesgesinde separatiste is want sy onderhandel met 'n groep onder Maile uit daardie dampkring. Kort daarna besluit sy om onafhanklik op te tree. Sedertdien sou haar beweging groei.

The World skrywe: "Fifteen years ago a humble woman set foot in Western Township to preach the word of God." Hiervolgens begin die CCA ge= durende 1951. Ook dit rym nie met die amptelike skrywe om Staatser= kenning waarin verklaar word: "The Church was founded ... and the founder is Rev Sampson L L Ngcelwane, in the year 1938."

Volgens The World verhuis Catherine Ngcelwane in 1951 direk van Western Township na Brits alwaar sy haar hoofkwartier aanlê.

Ons bemerk reeds dat dinge nie klop nie. Informante uit die geledere van die CCA neig onder meer om die skeurmomente en -oorsake te verdoesel. In afdeling 3 kom ons hierop terug.

Wat Catherine Ngcelwane betref, dui ons beskrywing daarop dat sy nie bevrediging kry in die Church of the Province nie. Haar beweerde singuliere gawes en geroepenheid dra selfs daartoe by dat sy nie 'n geestelike tuiste in die separatistiese geledinge soos die St John's Apostolic Faith Mission vind nie. Slegs in 'n eie stigting, die besondere CCA, sou sy haar kon uitlewe.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 3.5.3 Organisasie en Samestelling

Wie die eintlike opperleier in die CCA is, is 'n knoop wat moeilik deur te hak is, omdat ons ingesamelde stof nie eenduidig in strekking is nie. Of sou ons eerder moet volstaan by duale/komplementêre leierskap?

'n Kundige informant stel dit: " ... met betrekking tot die Kerk (te wete die CCA) daarin is die verantwoordelikheid nie binne sy persoon= like magsbevoegdheid nie maar binne dié van 'n Vrou." Hy spesifiseer: "e leng eena Mmamphele kapo jwaleka ha ho thwe moprofeta eena o se a phetha jwale ka ha e le molekane kapo monna wa Mmamphele." (te wete Moeder-Mphele, of soos sy genoem word profeet - sy rol is meer kragtens maatskap of as eggenoot van Moeder-Mphele).

Catherine Ngcelwane ("Mmamphele") sou - soos in die ontstaan en vroeë geskiedenis van die CCA aangevoer - as die geestelike leier kragtens "singuliere gawes" en die gevolglike groepvorming óm haar optree. Ons beskrywe later hoedat sy voorkeurbehandeling kry by die Nagmaal en dat by die Doop daar water "waaroor die profetes, Catherine Ngcelwane, eers gebid het" in die rivierpoel uitgestort word. Dit is egter veral in die vervlegte genesingskomponent van die CCA waar Catherine Ngcelwane die hoofrol speel (3.5.6).

Aan die ander kant sal ons sien dat Sampson Ngcelwane optree as biskop in die pogings om Staatserkenning vir die CCA te bekom. Hy neem leiding of delegeer sy gesag. Hy is meer as primus inter pares waar ons hom betrag saam met ses van sy leraars op die Septemberfees. By name is dit ten opsigte van die administratiewe en handelsaspek van die CCA dat hy domineer.

In die CCA skyn dit of ons twee leierspersoonlikhede kry wat in eie reg sterk teen mekaar opweeg en tog 'n komplekse beweging koördinerend uitbou.

Sampson Ngcelwane is middeljarig, met 'n mooi forse voorkoms en sterk persoonlikheid. Daarby is hy besonder net op sy persoon en smaakvol geklee. Hy is in die skool van die lewe en by name die stadslewe van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Johannesburg gevorm eerder as deur formele hoërskoolonderrig. Hy besit bepaald organisasietalent in die handelsrigting. Sy skoonseun, Molefe, het by die CCA aangesluit omdat hy beïndruk is deur die reglementering of "discipline" wat hierdie beweging kenmerk. Ngcelwane se Engels is van hoë gehalte. Ook word hy as opsiener/biskop bejeën as iemand wat "mooi met mense praat." Hy kom van digby Lovedale en is van huis uit Xhosa. Oorspronklik behoort hy aan die Presbyterian Church. Ngcelwane verhuis na die Witwatersrand alwaar hy - soos al verneem - diens doen as kampongklerk. Hy bedank later om by Biskop Clayton van die Church of the Province in diens te tree as motorbestuurder. Hierdie werk doen hy twaalf jaar lank. Toe die biskop aangestel word as aartsbiskop en na Kaapstad verhuis, wou Ngcelwane hom nie daarheen volg nie. Uit die aard van die saak bring sy motorbestuurderskap mee dat hy nie juis dienste in sy eie kerk, die Presbiteriaanse, kon bywoon nie en om die rede en geen ander nie besluit hy om na die biskop se kerk oor te gaan. Gedurende daardie tydperk kom hy in nouer voeling met Catherine en trou hulle. (Oor Sampson Ngcelwane se kerklike aanhorigheid word sy relaas hier weergegee).

Hoër op, in 3.5.2 oor die geskiedenis van die CCA, is bevind dat alles nie klop nie. Ons meen die oplossing is onder meer dat Catherine Ngcelwane teen 1938 vervreemd raak van die Church of the Province. Dit gaan aanvanklik nie goed om haar "praktyk" op te bou nie. Teen 1949, is dit haar man wat in sy sierlike handskrif 'n amptelike skrywe om Staatserkenning rig. Hy maak gewag van 250 volgelinge woonagtig in die gebiede Western Township, Johannesburg, Bethanie (naby Brits) en Rustenburg. By herhaling gee hy aan ons die versekering dat die CCA 'n selfstandige, religieuse beweging is. Hulle glo egter nie in isolasie nie; neem byvoorbeeld uitnodigings aan na funksies van die Bantu Reformed Church in Brits, dog vind dit nie moontlik om vriendskaplik met die Zion Christian Church te verkeer nie. Een van die redes is dat Lekganyane se mense 'n afsydige houding teenoor die CCA en ander kerke inneem.

Oor die jare 1949 - 1962 probeer die CCA om Staatserkenning te verkry. Hierdie erkenning het onder meer die toewysing van kerkpersele bevoor=deel. En alhoewel staatserkenning teen die einde van 1959 nie meer beleid is nie, bly dit sinvol om een en ander rakende die CCA vanuit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Brits te skets.

Op 20 April 1953 word 'n perseel toegeken. Daarop word 'n kerkgebou voltooi wat destyds op £2 500 (R5 000) gewaardeer is. Op 'n datum so laat soos 18 Desember 1959 antwoord die betrokke Departement nog dat hulle nie die erkenning kon aanbeveel nie. Die CCA met Sampson Ngcelwane aan die spits, gee die saak nie gewonne nie. Hy wend hom tot die "Conference" van die Bantu Ministers' Association of South Africa in sitting te Johannesburg en woon die vergadering persoonlik by. Uit 'n skrywe van hierdie liggaam, gedateer 15 Maart 1961, blyk dit dat die uitvoerende komitee ter plaatse gaan ondersoek instel het om verder op hoogte van sake te kom. Gevolglik word getuig dat Ngcel= wane deur hulle geag word "... to be a very good and honest man in all the church undertakings, who also has no criminal record, non political member of our association, loyal to the Government of the Union. He has also the required educational standard." Verder ver= soek die vereniging dat die applikasie gunstig oorweeg sal word. Dit impliseer ook dat die CCA sy hoofkwartier bly benut. Verteenwoordigers van die CCA spreek die betrokke Departement op 28 Junie 1962.

Die hoofkwartier van die CCA is geleë aan die poort tot die swart woon= buurt. Dit is 'n hele geboukompleks met kruidenierswinkel en kafee; kerkgebou en pastorie; 'n reeks vertrekke ter huisvesting van personeel en pasiënte. Die kerkgebou, pastorie en reeks vertrekke vorm 'n eenheid. Die bouplan sou aan Catherine Ngcelwane as openbaring gekom het en die opdrag om te bou van God asook besonderhede soos die kleurskema. Binne die kerkgebou is opvallende muurversiering: sterre en sekelmaan, 'n groot engel agter die preekstoel met blanke gelaatstrekke, goudkleurige vlerke en blou gewaad. Sampson Ngcelwane en sy broer - sy broer is 'n bouer - het die projek uitgevoer.

Hierdie beweging het 'n sterk handelsinslag. Volgens 'n informant is dit nie die enigste plek waar die CCA besigheid doen nie. Sekere jong dogters werk in die besighede maar is ook op ander wyses ingeskakel in die organisasie van die CCA.

Afgesien van die hoofkwartier, is die CCA se verspreiding - nie dat orals

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



selfstandige gemeentes bestaan nie - soos volg: Emdeni, Naledi, Moroka, Dube, Meadowlands, Orlando-Oos, Diepkloof en Natalspruit; Boons, Ventersdorp; Atteridgeville, Lady Selborne, Hebron, Ga-Rankuwa, De Wildt, Wintersveld, Hammanskraal; Rustenburg, Bethanie (by die stat Makolokwe), Bleskop, Luka, Phokeng, Kanana - Serutube; Bochem en Mamabolo; Port Elizabeth, Beaufort, Bloemfontein en Vryburg.

Gespesifiseerde statistiek kon nie verkry word nie. Daar is reeds verwys na 250 aanhoriges in 1949. Teen 1959 word 325 vir die woonbuurt te Brits verstrek. Aan die ondersoeker is op drie geleenthede die glo= bale aanhoriges as 7 000, 10 000 en 3 000 gestel.

Ten opsigte van finansies was die posisie gedurende die veldwerkbestel by benadering soos volg: vaste jaarlikse bydrae vir lidmate, manlik 50 sent en vroulik 35 sent. Dit word opgestuur na die biskop. Dit is bedoel vir algemene administrasie. In 'n plaaslike gemeente (te Rusten= burg) is addisioneel tweemaal per maand kollekte opgeneem. Dit is vir die huur van die gebou wat hulle vir kerk gebruik en beligting (kerse). Lidmate betaal 25 sent vir 'n doopseel. By Nagmaal word vrywillige offergawes gebring.

Een van ons informante beweer dat 20 sent betaal word voordat 'n sieke deur die profetes ondersoek word. Daar is ook 'n bepaalde, voorgeskrewe dankoffer vir geval daar genesing intree. Later word aan die orde ge= stel hoedat Catherine Ngcelwane 'n "profeteskoling" daarop nahou. Dit impliseer ook skitter soos 'n informant dit stel - in die sin van uit= troon of domineer in die CCA en dat profeteleerjongeskap lei tot ge= delegeerde en gedesentraliseerde profetiese optrede met inbegrip van geldelike gewin.

As 'n werker dan vanuit Rustenburg oor die kerkregering meer bepaald wil skrywe dan is die hiërargie anders as by die Anglikaanse denominasie. Die CCA is Episkopaals omdat 'n mens Sampson Ngcelwane formeel as hoof het; en in dalende orde leraars, evangeliste en bareri (predikers). Maar op die keper beskou staan die profetes, Catherine Ngcelwane, in rangorde bo hierdie drie range.

Daar is twee knooppunte in die CCA se kerklike jaar waar 'n mens sowel

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

organisatoriese as geestelike oorhoofse binding kry. Dit is 'n feestelike saamtrek in September en 'n tweede saamtrek in Februarie.

Die Septemberfees staan in direkte verband met Catherine Ngcelwane se roepingservaringe. The World se berig dui daarop dat hierdie ervaring beide die organisatoriese aspek as die geestelike impak beïnvloed: "She is a prophetess of no mean powers. It was to her that a vision appeared advising her that on September 8 each year the church must hold celebrations. It was on this day that the Lord gave her the power to heal the sick and to diagnose the ailments of the flesh - she claims."

Die ander fees, dié in Februarie, kon ons nie persoonlik waarneem nie. Informante - sonder die moontlikheid van ruggespraak - het beweer dat hierdie fees in die teken van voorouergeeste (badimo) staan.

In 3.5.3 is genoem dat Molefe by die CCA aangesluit het en beïndruk is deur die dissipline. Ook is genoem dat hy die skoonseun is van die Ngcelwane-egpaar. Molefe is algemene sekretaris van die CCA. Hy doen die werk nie voltyds nie aangesien hy 'n skoolraadsekretaris is.

Inlywing by die CCA val normaalweg saam met die doop van volwassenes. Wat organisasie en samestelling betref, val dit op dat die CCA as skeurbeweging sy impak en vormgewing in noue verbintenis met Catherine Ngcelwane opbou. Sy is 'n persoonlikheid wat in die betrokke sfeer bejeën word as 'n "geroepe profetes" met singuliere gawes veral afgestem op genesing. Weliswaar tref dit so dat haar man, Sampson Ngcelwane, organisasietalent in die handelsrigting het en daarmee binne die CCA-verband woeker. Die handelsinslag is egter nie dominant nie dog onderskraag eerder die charismatiese rol van Catherine Ngcelwane.

Sy is van huis uit Anglikaan en hy Presbiteriaan maar nòg die Presbiteriale nòg die Episkopaalse kerkregeringstelsel kenskets die organisatoriese opset van die CCA. In feite rig 'n "profetes" die CCA en is die tweede-in-bevel haar man wat as haar openbare arm optree. So voer hy onderhandelinge oor Staatserkenning na buite, en binne die CCA is hy dan biskop kragtens sy eggenootskap in eerste instansie. Sy natuurlike

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


aanleg onderskraag sy status in die hiërargie en daarby het sy er= varing in diens van biskop Clayton hom te stade gekom soos waar ons hom later as hoofliturg in die Nagmaalsdiens sien optree.

Dit is duidelik dat hierdie beweging nog groei. Gespesifiseerde satis= tiek kon egter nie verkry word nie. Die opvanggebied is hoofsaaklik in die omgewings van Soweto, Pretoria, Brits en Rustenburg.

3.5.4 Leerstellige karaktertrekke

In hulle aansoek om Staatserkenning in 1949 vind 'n mens die volgende: "Aims and Objects: (a) To preach to the people the Gospel of Christ: taking the Bible as the Text and guide. (b) To baptize by whole immersion all converts in the Name of the Father, the Son and the Holy Ghost. (c) To solemnise in the Christian manner those adherents who enter into matrimony. (d) To discourage all heathen and pagan beliefs and practices among the members. (e) Taking Christ's teaching as a moral and ethical code, the church aims at making its members law abiding citizens of the state and of the heavenly state in the life hereafter."

Kinders word toegewys (consecrate). Volgens een van die leraars, R, kom kinders rein in die wêreld. Die leier van die CCA te Rustenburg sê: "dat die Doop bedien word vir die vergewing van sondes daarom kan dit nie aan kinders bedien word nie. Kinders het geen sonde soos Jesus gesê het, toe Hy gesê het: laat die kinders na My toe kom want die koninkryk van die hemele is hulle s'n." Die algemene sekretaris wy soos volg uit: Die mens moet eers tot sy verstand kom voordat hy ver= antwoordelik vir sy dade gehou kan word. Normaalweg word net kindertjies toegewy. Dit gebeur egter dat ouers met groter kinders aansluit; vandaar dat op die betrokke môre ook kinders van so 'n tien of elf jaar oud ook geseën is. Dit is 'n stelreël dat 'n man die kind aanbied. Die leraar neem die kindjie in sy arm en lê die hand of sy hofie. Daarna bid hy vir elke kind afsonderlik.

Die Doop - soos deur ons waargeneem - is deur die toewyding van kinders, soos pas beskrywe, vertraag. Daarvoor is na die Krokodilrivier gegaan.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



et sonop behoort die dopelinge reeds in die water te wees. Sampson gcelwane, in 'n bruin pak geklee, het na vore gekom tot op die wal an die rivier. 'n Lied is gesing, uit die Skrif gelees en 'n gebed edoen. Daarna het Ngcelwane 'n botteltjie water te voorskyn gebring n plegtig oor die poel, waar die doop sou plaasvind, uitgestort. Dit s water 'waarvoor die profetes,Catherine Ngcelwane, eers gebid het' informant M).

ierna het een van die leraars halflyf in die poel ingestap. 'n Aantal elpers of Evangeliste was behulpsaam met die onderdompeling. So 'n yftal op 'n slag is gelyktydig gedoop. Die dopeling word sewe maal nderdompel op voetspoor van die bevel van die profeet Elisa aan Naäman. adat die doopplegtigheid afgehandel is, was daar 'n soort genesings= ite. Klein kindertjies is een maal onder die water gedruk en nie meer ie omdat hulle hartjies swak is. 'n Bejaarde, uitgemergelde man, is et 'n primitiewe draagbaar vervoer en versigtig - ook net een keer in ie water neergelaat en uitgedra. Dit sou goed wees vir die gesondheid. ok het gemeentelede, wat reeds gedoop is, die proses deurloop. Die lottoneel is waar helpers of Evangeliste mekaar onderling bedien.

agmaal. Die Nagmaal van die CCA begin in die aand, want die Here esus het dit in die aand ingestel. Die aksiediens behoort om midder= ag 'n aanvang te neem. Dit was letterlik so gedurende die September= ees. Sampson Ngcelwane het die aksiediens gelei. Hy was gekleed in it gewaad/toga met stola. Hy is ongeskoeid. As Nagmaalsbrood word ekoopte ouels gebruik. Ouels en wyn is plegtig op 'n skinkbord ge= laas. Daarop neem hy dit met eerbied agter die preekstoel in alwaar ie gemeente hom nie kan sien nie, kniel neer en bid geruime tyd. Ons een dat Ngcelwane veel van Biskop Clayton geleer het. Daarom is die agmaal in Anglikaanse gestalte eerder as Presbiteriaanse. Dit is egter ie ál nie.

oetwassing gaan aan die deelname vooraf. (Ons het dit nie self waar= eneem nie maar sê dit op gesag van die veldwerker in Rustenburg. Die koene word binnekant die kerkruim uitgetrek "want dit is 'n heilige lek"). Eerbetoon aan die tafel of altaar met die tekens is opvallend. aar deelnemers groepiesgewys voor die verhoog kom kniel, kry 'n mens

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

die indruk dat kommunikante glo aan instorting van bonatuurlike "genade". By sommige is allerlei trekkings. Catherine Ngcelwane word apart bedien. Sy kom afsonderlik na vore. Met die teruggaan na haar sitplek het sy halfpad bly staan en half lomerig 'n arm uitgestrek. Waar ons later na= vraag gedoen het by die CCA-lidmate is verduidelik dat dit 'n soort psigiese voorvervoering is wat dan uitloop op profetiese uitspraak (vgl 3.5.2).

3.5.5 Liturgiese en aanverwante sake

Dit is duidelik dat die posisie fluktueer. Met die Septemberfees het Sampson Ngcelwane selfversekerd en beheersd as liturg opgetree. Hy het 'n mooi voordrag. By die aanvang. egter, het hy die aandag daarop gevestig dat hulle 'n besoeker in hulle midde het!

Hy het een van sy leraars, Ramathe, aangesê om met uitsondering van die Aksiediens en die Doopdiens as liturg leiding te neem. Ook hy het hom goed van sy taak gekwyt.

Eerstens kenskets ons die liturgie soos waargeneem aan die hoofkwartier in algemene trekke. Ons oorsig van die nagtelike diens omspan Saterdag 22h00 - Sondag 01h30. Die diens het tot dagbreek geduur. Die biskop, leraars en evangeliste het op die ruim verhoog plek ingeneem. Van die kant van die verhoog gesien, het Catherine Ngcelwane redelik voor links teen die muur 'n erestoel gehad. Daar was op die vloerruimte te min bankies as sitplek sodat die meeste aanwesiges gestaan het. Gemeente= sang gaan gepaard met 'n ritmiese beweging van die liggaam en handgeklap. Daar is 'n soort pendelritme. Daar word dikwels gesing. Hierdie wyse van sing is nie van toepassing gedurende die Nagmaalsdiens nie.

Tweedens tipeer ons die liturgiese aspek soos deur die veldhulp in die omgewing van Rustenburg weergegee: "Die gewone erediens op Sondag word van 14h00 tot 16h00 gehou. Die orde is soos volg: Gesang met handge= klap en rondbeweging. (Die vrouens spring van een plek na die ander). Gebed deur die leier. Gesang. Gebed deur die gemeente dit wil sê almal gelyktydig hulle eie woorde, meesal knielend en met die bolyf vooroor= gebuig. Daarna, voordat hulle weer staan, word die Onse Vader deur

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



almal opgesê. Gesang. Aankondiging deur die leier. Gebed deur die gemeente soos tevore. Skriflesing en preek deur die prediker. Hy gee geleentheid aan die Evangelis om ook te preek; hý op sy beurt weer geleentheid aan die leraar om te preek. Ook aan die vrouens word ge=leentheid gegee om te preek. (En vir geval die biskop sou teenwoordig wees, is hy die laaste om te preek). Handoplegging op die siekes ter genesing. Dit is ook die geleentheid om in vreemde tale te praat". By wyse van kommentaar voeg ons veldhulp by: "Daar is nie duidelikheid wanneer hulle preek of bid nie. Hulle maak so 'n groot geraas dat 'n mens nie mooi kan volg wat gesê word nie. Die groot geraas is die teken dat die mense onder beheer van die Gees staan .... Die meeste tyd word gegee aan gesange. Met tussenposes - word die prediking onderbreek - 'n gesang gesing - daarna gaan die prediker met sy preek voort."

3.5.6 Genesing en sy vervlegting in die CCA

Om enigsins die omvattende heling en sy vervlegting deur die hele CCA heen aan te dui, word fasette belig.

Kort na haar onderdompelingsdoop, so deel Catherine Ngcelwane aan ons mee, was haar eerste openbaring dié van 'n pasiënt wat op haar aangewese sou wees; iemand wat sy op Venterspos opspoor. Sy noem nog 'n sestal voorbeelde. Vergelyk ons waar hulle verspreid lewe met 3.5.3 is daar positiewe korrelasie. Dit beteken dat haar genesinge aanhangers vir die CCA werf. Afsonderlike genesinge het ter plaatse reklamewaarde en groeipunte ontstaan op die wyse.

In haar genesing speel maagspoelinge 'n vername rol. Aan hoofkwartier sien ons 'n vrou besig om die outydse, wit emalje houer met rooi gom=lastiekvoerpyp te bêre. 'n Informant weet te vertel dat dit die ver=naamste medisyne is "en oortref die gebed en handoplegging deur haar, die profeet Mmaphele."

Sy verwerf aansien ten opsigte van <u>mafonfonyane</u>-siektes. Dit sou gees=teskrankheid en aanverwante siektes wees wat aan toordery toegeskrywe word. So erg was van die pasiënte dat hulle na haar gebring is, vas=gebind met rieme.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Alhoewel die geval Sippora Rangaka van Rustenburg nie direk aan mafon=fonyane geknoop is nie, is sy by name genoem as 'n kroniese geval wat genees is. Sy word dan ook later aan ons voorgestel. Ook laat ons hierdie geval daarna deur die veldwerker by haar tuisadres ondersoek. Hy doen verslag: "Tsepora was vir sestien jaar mal en sy was by die hospitaal vir mal mense vir sestien jaar." Op die vraag hoe sy gesond geword het - so vervolg hy - "het sy vertel dat Mmamphele haar altyd water gegee het om te drink, haar altyd gespuit het en haar met sewasho gewas het. Sy vertel dat sy eendag in die kerk terwyl hulle sing, die gesang 'Raragang (Raohang?)masole' (Lifela tsa Sione no 286) begin sing het. Sy sê van daardie dag af het sy begin mooi praat en verstaan."

Waar pasiënte oor 'n tydperk behandel word, bestaan daar fasiliteite aan hoofkwartier (3.5.3). Teenstrydig met 3.5.3 kry ons op amptelike vlak die versekering dat gelde nie betaalbaar is vir behandeling of huis=vesting nie. Pasiënte moet self in hul lewensonderhoud voorsien. Van hulle word verwag dat hulle die daaglikse oggenddiens om 09h00 bywoon. Tydens hierdie byeenkoms word uit die Skrif gelees, insonderheid ge=deeltes waar daar van genesing sprake is. Catherine Ngcelwane bid dan daar vir die pasiënte; dit wil sê vir diegene wat kan loop en die verrigtinge kan bywoon. Vir die ander gaan sy afsonderlik in hul kamers bid.

Wonde, wat nie wil genees nie, word soms met asyn en as behandel. Vir maagkwale word sout soms by die water, wat gedrink word, gevoeg. Oor die algemeen is dit skoon water wat gebruik word. Dit is egter water wat verband hou met Catherine Ngcelwane se gebed. Haar man beklemtoon dat alles draai om die feit dat sy en sy alleen die water met gebed seën. Die water self verander nie; "but it's got to be the prayer of Catherine" (Sampson Ngcelwane).

Dat ons nie bloot met ligte ongesteldhede te doen het nie weerlê hy deur sy bewering dat sy eggenote al longtering genees het en dat vroue met borskanker onder haar behandeling volkome herstel het; gevalle waar snydokters gewoonlik die bors afsit.

Twee jong Swartes, behorende tot die CCA, word deur twee geestelike

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



werkers verbonde aan 'n Evangelisasieveldtog op 'n koppie naby Brits aangetref. Die twee CCA-jongelinge was toe al drie dae besig om te vas, te bid en Bybel te lees onder gure weersomstandighede. Langs daardie weg soek hulle om 'n deurbraak te bewerkstellig tot "profeet=skap" in die konnotasie van die CCA. Ons twee informante doen ook skriftelik verslag en som op: "Wat hulle gaan soek het: Die krag van profesie; om die mense se siekte te ondersoek deur middel van die Bybel; om te genees deur middel van sout .... Hulle het 'n ou Bybel sonder kantblaaie wat hulle daar by die bergie laat staan nadat hulle klaar is". .... "Wat hulle glo en vertel van die Profetes: Die mense glo dat die Profetes hulle siektes profeteer en genees .... Dit is sy wat mense leer profeteer. Een van die jong mans, wat op die bergie was, het daar weens siekte gekom, nou was dit blykbaar dat hy ook werd vir profeetskap was. Hierdie Profetes glo aan God sowel as aan die Voorvadergeeste. In haar ondersoeking van mense, vertel sy mense hoe hulle voorvadergeeste ontevrede is met hulle en sekere verpligtinge moet nagekom word. In haar ondersoeking gebruik sy die Bybel as haar dolosse. Met toe oë maak 'n mens die Bybel oop. Hulle lees waar die vingers van die linkerhand of regterhand trap." As hierdie "duiding" vir ons nog vaag is, dan spel ons veldwerker in die omgewing van Rus=tenburg dit uit: "Mosebeletsi van Rustenburg, Josephina Mathe, vertel dat sy die Bybel oopmaak. Uit die Bybel kan sy iets lees wat nie in die Bybel staan nie, maar sy kan die mense die siekte sê wat hom of haar pla. Sy sê dat as 'n ander mens die Bybel neem en dieselfde plek lees, sal hy ander dinge lees; die eintlike dinge wat in die Bybel staan. Die Bybel in haar geval gee ander letters as wat daar staan. Die gees sal haar ook sê hoe sy die siekte moet gesond maak ...."

Heling en vervlegting met tradisionele waarsegging word ten opsigte van die CCA deur etlike getuies gestaaf. Dieselfde Josephina Mathe skroom nie om te vertel dat sy 'n sangoma is nie (Zoeloe: isangoma = waarsêer, toordokter, geestebesweerder ...). Sy werk egter nie met dolosse nie. "Sy vertel dat die badimo (voorvadergeeste) vir hulle openbaar wat hulle moet doen met die siektes. Sy beweer dat 'n mens wat dit kan doen, 'n mens is wat eers siek was, deur bose geeste besit was. Josephina was ook mal en sy is deur die profetes, die vrou van die biskop, genees. Nadat sy gesond geword het, het sy ook 'n profetes

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

geword. Josephina vertel dat sy al baie mense gesond gemaak het. Sy gee die naam van Gladys Letsatsi wat nog by haar bly. Gladys sê sy was mal gewees en nou is sy gesond.

By hierdie Beweging, sê hulle, dat daar baie mense gesond gemaak word. Die mense sê dat dit Kerk van die gees is .

Uit 'n ander hoek aksentueer ons die vervlegting. Dit raak daardie sensitiewe area in die tradisionele kultuur naamlik onvrugbaarheid. 'n Vrou, eggenote van ene Lube, glo aan God, die voorvadergeeste en genesing deur middel van sout. Wat sy weet is dat sy agt jaar lank na hulle huwelik sonder kinders gebly het. "Die profetes het haar geprofeteer en genees deur middel van sout en water. Daarna het sy kinders gebaar. Nou het hulle vyf kinders in hul huis."

3.5.7 Aard en effek van tug

Spesifieke gegewens in die sin van kerklike sensuur is moeilik bekom= baar. Molefe, die skoonseun van die Ngcelwanes- soos reeds vermeld in 3.5.3 - is beïndruk deur die gehalte van dissipline in die CCA. Dit is aanleidende oorsaak tot sy aansluiting by die CCA. Die plaaslike leier te Rustenburg getuig dat waar leraars en evangeliste hul mag misgaan hul onderskeidelik ses maande en drie maande van die Nagmaal geweer word. Oor die aard van die oortreding gee hy geen nadere aan= duiding nie.

Meer onverbonde informante meen tug word nie juis gehandhaaf nie. Dit sou saamhang met gebrekkige kennis van die Bybel en sy norme. Speling wat aan die tradisionele religie binne die CCA gegee word is vir sommige dié aantrekkingskrag.

Tug in die CCA staan ook in 'n verbintenis hoewel nie streng te skei van die tradisionele religie nie. Dit is nie gerade - en selfs gevaar= lik - om formeel met die CCA te breek, veral as siekte jou daarin ge= dryf het. Rede is dat supernaturele sanksies na bewering in werking gestel kon word en by name deur die invloedryke profetes. Selfs aan= horiges "met 'n goeie verstand is bevrees ... dat iets hulle sal oorkom

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



... baie maal al is daar geen genesing nie ... die eienaar van die Kerk met 'n verwensing dat iets gevaarliks hulle mag oorval". - Die informant se gedagte is dat daar 'n kondisionering is vanuit die "heiden=dom" en in sonderheid sy geloof in toordery wat selfs intelligentes demoraliseer.

3.5.8 Slotopmerkinge

Teen die einde van 1963 was daar 'n sterk moontlikheid dat die CCA as gevolg van 'n sameloop van omstandighede binne afsienbare tyd die hoof=kwartier te Brits sou ontruim en in een of ander vorm naby Boons sou uitbou. Op grond van ons beskrywing is die algemene indruk dat die groeikurwe van die CCA nog opwaarts neig.

Daar kan nou beter begrip wees vir die stelling van 'n kundige informant soos weergegee in 3.5.3 te wete: " ... met betrekking tot die Kerk daarin is die verantwoordelikheid nie binne sy (Sampson Ngcelwane se) persoonlike magsbevoegdheid nie maar binne dié van 'n Vrou." 'n Ewewig=tiger siening sou wees dat op die hoogste hiërargiese sport 'n egpaar daarin slaag om deur 'n besondere duale/komplementêre leierskap hulle CCA-beweging na wese en organisasie uit te bou. Catherine se "roeping", haar "profetiese" en "helings"-gawes word vergestalt in die CCA. Dit speel 'n vername rol in werwing en binding. In feite werk dit sterk in op die religieuse wesensaard van die CCA. In hierdie sin domineer sy in die CCA-bestel. Daarteenoor is Sampson meer die institusionele organiseerder. Weliswaar is hy aanvanklik Presbiteriaan, word Angli=kaan om praktiese redes, waar hy as motorbestuurder van 'n Anglikaanse biskop optree en daardie gesindte se liturgie aanpas in die CCA en ook aan die kerkregering elemente ontleen. Aan die CCA besorg hy 'n sterk handelsinslag.

Globaal genome is die "charismata" wat deurslaggewend deurdring in die CCA dié wat aan Catherine Ngcelwane, die "profetes" toegeskryf word. Die besondere charismata by nadere betragting, vertoon groot ooreen=koms met die tradisionele religie. Ons kensketsing van die ngaka en sy rol in siekte van uiteenlopende aard korreleer in hoë mate met wat ons in die CCA-dampkring beskryf het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sowel Sampson Ngcelwane as Catherine was vir jare blootgestel aan kultuurbeïnvloeding op 'n besondere akkulturasieveld, die PWV-gebied en sy omgewing. In hulle geval het hulle albei as jongmense eers lidmate van historiese/gevestigde denominasies gewees. Uit ons beskrywing is dit makliker om Catherine se separasie te begryp as dié van Sampson. Sy leierskap berus eerder op persoonlikheidstrekke wat vanuit die gewone Sielkunde verklaar sou kon word. Uit die gegewens tot ons beskikking kan ons ook nie aflei dat hy met voorbedagte rade sy vrou manipuleer in die bestel van 'n separatistiese beweging nie. Dit sou meer logies wees om te besluit; hy voel meer tuis en geborge in 'n religieuse milieu soos dit in hulle CCA en dergelike bewegings vergestalt word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 3.6 ZION CHRISTIAN CHURCH

### 3.6.1 Inleiding

Geen ander beweging binne die studieveld het so die verbeelding aan=gegryp as die Zion Christian Church (voortaan aangedui met ZCC) en wel die deel wat tydens die ondersoek onder leiding van Edward Lekga=nyane gestaan het nie.

Ons beskrywing van die ZCC in hierdie hoofstuk berus in hoë mate op eie navorsing. Veldnavorsing is soos verduidelik (1.4.5.3) in 1960 en met onderbreking in 1963-1966 uitgevoer. Ons hoof toespitsing op die ZCC was in 1963-1964. In feite is ons daarstelling van die ZCC dus gedateerd. Bykomend word egter verwys na Edward se dood in 1967, opvolgingsgebeure insake hierdie opperleierskap en die 1980-Bevolking=sensus. Laasgenoemde is die eerste sensus waarin die ZCC apart versyfer is naas "Ander Swart Onafhanklike Kerke" en wel onder Kodenommer 27 (vgl hoofstuk 2A, onder meer Tabel 3). Ook word slegs terloops na lite=ratuur (soos Hanekom 1975) verwys aangesien relevante literatuur in hoofstuk 4 bygewerk word.

### 3.6.2 Die ontstaan en uitbouing van die ZCC onder die stigter, Egenase Lekganyane, oorlede 1948

Van ons respondente voer die ontstaan van die ZCC terug tot waar Egenase Barnabas Lekganyane as gewone lidmaat van die Free Presbyterian Church of Scotland (en sedert 1923 bekend as die Bantu Presbyterian Church) sy verband met dié kerk verbreek. Die skeiding was so teen 1911.

Ons kan aanneem dat hy onder andere beïnvloed is deur die Dowierigting. Dowie stig sy Christian Catholic Apostolic Church in Zion in die jaar 1896. Hierdie beweging vind aanklank in Suid-Afrika. Ons verneem dat Swartes teen 1904 in Johannesburg gedoop word. 'n Sendeling, P L le Roux, verwissel ook sy NG-Kerkverband en sluit by die Dowiegeledere aan in 1909. Die Dowiegesindes was toe reeds bekend onder die naam Apostolic Faith Mission/Apostoliese Geloofsending (die FM/AGS). Vir 'n aantal jare sou Le Roux hierdie besondere geloofsoortuiging sterk uitdra tot die Swartes.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

In die proses word Egenase Lekganyane ook bereik.

Egenase Lekganyane kom in aanraking met ene Letoaba wat vanuit Pot=gietersrus namens die Zion Apostolic Church (die sendingaksie van die AGS) in die omgewing van Thabagone arbei. Hy sluit aan. Op 'n stadium vertoef Lekganyane aan die Witwatersrand. 'n Respondent, M, deel ons mee hoe hulle twee gedurende 1912 as gewone lidmate in Johannesburg kerkdien=ste bywoon waar hulle ook van tyd tot tyd deur Le Roux bedien word.

Oor presies in watter jaar Lekganyane met die AGS breek, het ons nie uitsluitsel nie. Een van ons informante beweer dat hy in 1915 wegbreek en by Elias Mahlangu aansluit. Dit is juis in hierdie jaar dat Le Roux hom aan die Swartes onttrek om hom meer bepaald aan die Blankes te wy. Le Roux kon blykbaar spanwerk inspireer in sy leiersbestel. Na sy ver=trek egter, tree 'n sterk skeuringstendens na vore binne die geledere van die swart aanhoriges van die AGS. Onder die skeurings kort ná die Le Roux-era, was die Zion Apostolic Church of South Africa, met Elias Mahlangu aan die spits. In 2.10.5.4 rakende Evaton het ons die "Apos=toliese eensydige verswaring" belig. Ons stip slegs aan dat die hoof veroorsakingskompleks in die dampkring van die versplintering in feite 'n aandrang was op toegewinge wat nie in die AGS se geloofsposisie gedoog kon word nie soos gebruike óm "gebedswater". Ons meen dat dit onder=liggend was aan Egenase se toenadering tot ander splinterbewegings uit die AGS.

Teen 1920 skeur Egenase Lekganyane van Mahlangu en skaar hom by Edward Motaung, wat destyds in Lesotho gewoon het en wat blykbaar ook sy ver=bintenis met die "moedergroep" verbreek het. Sy gesindte heet egter nog Zion Apostolic Faith Mission. Waarskynlik was daar aan die begin 'n hegte verhouding tussen Lekganyane en Motaung. Lekganyane se een seun kry die naam Edward en getuies beweer dat Motaung vernoem is. Motaung bevestig hom as evangelis en orden hom later as leraar. Lekganyane moes 'n ver=trouensposisie beklee het onder Motaung as mookamedi (biskop - soos hulle gewoonlik vertaal). As mookamedi het Motaung sy grootste aanhang in Lesotho gehad dog sy invloedsfeer was nie net tot Lesotho beperk nie. Dit het ook uitgekring na die omgewing van Witsieshoek. Motaung kom egter in botsing met die gereg, word gevang en kry tronkstraf. In sy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



afwesigheid wil dit voorkom of Lekganyane waarneem vanuit Lesotho.

V Ellenberger skrywe oor "Edward" - wat sonder twyfel Edward Motaung is - en sy bedrywighede: "Another attempt (i.v.m. die nagevolge van die Eerste Wêreldoorlog en separatisme) which could have become more serious in many respects, was the agitation caused by a certain Edward, prophet and healer, who posed in the north of Basutoland as the Christ Himself returned in the form of a Native, and whose modes of action, especially political, added to a notorious immorality, resulted in his being officially expelled from the territory ...." (1938:349-50).

Blykbaar bevind Motaung hom later met 'n groepie volgelinge naby Pretoria, te Wallmannsthal. Teen 1944 word bouvalle van wat sy woonkompleks sou gewees het, aan ons uitgewys. In elk geval sy seun, Solomon D. Lion, het later op Klipgat, no 52, distrik Brits, gewoon. Informante uit Wallmannsthal is dit eens dat hierdie groep hulle afsydig gehou het en uitsluitend Suid-Sotho gepraat het. Uiteraard, gedagtig aan sy verban=ning uit Lesotho, kon hy sy beweging nie juis in Transvaal uitbou nie. Van ons respondente beweer ook dat onderwyl Motaung in die tronk was, Egenase Lekganyane dislojaal was deur van die volgelinge meer bepaald onder homself te begin saamtrek. Of Lekganyane se verhuising na Trans=vaal direkte verband het met die verbanning van Motaung het ons nie na=gegaan nie. Dit is egter duidelik dat Lekganyane in daardie provinsie meer tuis was en onder minder beperkinge as Motaung sou staan. Dit klop ook met ons beskrywing van Wallmannsthal waar die ZCC pertinent verteen=woordig is en ons nie verneem het dat Motaung se beweging as sodanig voortleef nie (2.10.3).

Ons sal later opmerk dat in een van die aansoeke om staatserkenning 1914 as stigtingsjaar aangegee word. Hierdie jaartal blyk in die lig van ons gegewens vervroeg te wees waar byvoorbeeld die Lekganyane-Motaungverbintenis buite rekening gelaat word.

Presies wanneer Lekganyane en sy volgelinge finaal besluit het om hulself as religieuse beweging onder die naam ZCC te identifiseer, kon ons nie vasstel nie.

Ons sal meer en meer bemerk dat Lekganyane se persoonsamestelling en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

sy strewe in noue verbintenis staan tot die verloop van sake in die ZCC en sy wese. Vandaar dat ons oor hierdie verhouding uitwei.

Egenase Barnabas Lekganyane, die stigter van die ZCC, is gebore ongeveer in 1885 en is op 1 Junie 1948 oorlede. Hy het die eerste lewenslig te Thabagone in die Pietersburgse omgewing gesien. Informante is nie een=duidig oor sy afkoms nie. Die meeste verklaar hy is van Pedi-afkoms. Uit Turfloop egter verneem ons van studente wat Egenase se seun, Edward, van naderby leer ken het, dat die Lekganyanes oorspronklik van Swart=booistad naby Hammanskraal kom. Hulle spruit dan uit die Hwadubastam. In hierdie geval is daar 'n Ndebele-inslag (Van Warmelo 1944:23).

Dit word vertel dat hy uit 'n "profete"-familie is. Sy een oupagrootjie was bekend as die grootste <u>ngaka</u> van sy tyd in die omgewing van Thabagone. Hanekom noem hom by name: Marobathoto Raphela (1975:40). Ook Egenase sou as <u>ngaka</u> bekend staan. Een getuie omlyn hierdie <u>ngaka</u>begrip as <u>senoge</u> - waarsêer. 'n Ander stel dit: "This sect ZCC, was founded by a famous witchdoctor, Egenase (Ignatius probably) Lekganyane."

Met feesgeleenthede was Lekganyane 'n baas voordanser. Waar hy later ten bate van sy religieuse strewe op sy reklame- of werwingstogte gegaan het, het Shika Kgomedi Lekgothoane soms as 'n tipe hofdigter opgetree. Die verstandhouding was dat Lekgothoane die geldstukke kon optel en vir hom=self hou wat aanwesiges in hulle meelewing en as erkenning vir die "enter=tainment" aan die voete van Lekganyane neerwerp. Namate sy ZCC sterker geword het, bou hy sy beweging verder uit deur werwingsreise waarby soms 'n hele stoet motorvoertuie betrokke is. Na die besoek van die Koning van Engeland (George VI) aan Suid-Afrika sou hy dieselfde Rolls Royce waarin die koning gery het en deur sy seun, Joseph, bestuur is, vir reklamedoeleindes benut. Dog veral organiseer hy sentrale saamtrekke óm feeste soos met Paasfees en Kersfees.

Op 3 April 1918 is Lekganyane te Haenertsburg met S Raboliba getroud. Daar is egter konsensus onder informante dat hy 'n poliginis was en dat selfs in die prediking dié soort huwelik goedgekeur is op grond van Ou Testamentiese voorbeelde.

Onderwyl Lekganyane binne die jurisdiksiegebied van kaptein Athlone

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Mamabolo gewoon het, ontstaan daar spanning tussen hom en die kaptein. 'n Vrou, volgeling van Lekganyane, wou nie 'n land skoffel nie. Dit lei tot 'n hofgeding waarin Lekganyane klaer en die kaptein aangeklaagde is. Die kaptein verloor die saak maar uiteindelik moes Lekganyane daardie gebied verlaat. Hy gaan op die plaas van ene Reeves woon. Aldaar sit hy sy kerklike bedrywighede voort totdat die eienaar besef dat sek=tariese groepvorming aan die gang is en dit weer vir Lekganyane on=moontlik gemaak word om daar aan te bly.

Toe koop Lekganyane die plaas Warmberg, distrik Pietersburg in die omgewing van Mphahlele. Daar kon hy glo nie opgang maak nie. Later koop hy die plaas Maclean. In beredenering waarom die plaas gekoop moes word, vind ons dat klem gelê is op die opheffing van sy mense en sy maatskaplike werk wat hy aldaar beoog. Dit was omstreeks 1927/28. Dit word sy hoofkwartier, naby Boyne en ongeveer 40 km van Pietersburg. Dit is egter nie waar die huidige Zion City Moria onder sy seun Edward uitgebou is nie maar buite sig van die hoofpad waar sy ander seun, Joseph, later sy vader se hoofkwartier in opposisie teenoor Edward ontwikkel.

As leier moes Lekganyane bepaald binding aan hom en binne sy groeiende ZCC kon handhaaf. Die ondersoeker het persoonlik nog van sy vertroue=linge soos Mamabolo ontmoet. Hy was egter soos ons kon aflei uit sy verwisseling van religieuse aanhorigheid wispelturig en eiesinnig. Sy strewe om self aan die hoof te staan van 'n eie beweging moes 'n lang aanloop gehad het. Vir 'n kerkleier was hy te diktatoriaal. En namate Lekganyane opgang gemaak het, het gerugte al sterker geword dat sy op=gang nie ongekwalifiseerd verwelkom mag word nie. Daar is gesê dat hy op een of ander wyse 'n magsgreep verkry het en behou oor volgelinge wat gaan uitwerk. Hy sou alwetend wees. Sonde sou hy vergewe. Dit sou moontlik wees vir 'n volgeling om buite-egtelike geslagsverkeer te beoefen mits die voorneme aan die leier bekend gemaak word en toestem=ming verkry is; aan so 'n vergunning sou betaling verbonde wees. Daar is beweer dat die sondigheid dan vergoeilik word. Hy sou in die ZCC volgens etlike informante as die Messias bejeën word.

Egenase Lekganyane laat 'n boedel van £11 021 (R22 043) na. Dog dit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

sluit sy plase uit. Volgens 'n sekere respondent is die boedel in ses verdeel.

Daar is nie eenstemmigheid oor die dood van Lekganyane nie. Monde=linge weergawes wissel tussen uiterstes. Aan die een kant word beweer dat hy na 'n lang siekbed oorlede is. 'n Ander posisie op die spektrum is dat menslikerwys gesproke sy dood verhaas sou gewees het deur die oormatige gebruik van sterk drank. Aan die ander uiterste lê die be=wering dat hy as 't ware ten hemel opgeneem is. Hierdie "mite" is in ooreenstemming met die geloof dat hy onsterflik sou wees. So sou 'n familielid dan eendag by die deur van sy woning verskyn het met die medeling dat Lekganyane nie meer daar is nie. Feitelike posisie sou dan wees dat leidende persone vanuit die binnekring van die ZCC sy sterwe nie wou aanvaar nie ....

In elk geval, die sterfdag van Egenase Barnabas Lekganyane, die stigter van die ZCC, word histories op 1 Junie 1948 gestel.

Onder leiding van Egenase Lekganyane word daar driekeer sonder welslae aansoek om staatserkenning vir die ZCC geloods.

Die aansoeke word in die jare 1925, 1940 en 1942 gedoen. Die stigtings=jaar word verskillend aangegee, te wete 1914, 1925 en 1924. Die herkoms verskil ook. In die eerste aansoek word genoem dat die ZCC geskeur het van die Free Church of Scotland. In die 1942-aansoek word verklaar dat die ZCC nie deur skeuring uit 'n ander Genootskap ontstaan het nie. Laas=genoemde is 'n belangrike stellingname of dit nou waar is of nie. Dit plaas ons byvoorbeeld binne 'n problematiese kompleks rakende die ZCC. Nadat Lekganyane sy verband met Motaung verbreek het, stuur hy nie slegs 'n eie stigting met besonder lewensvatbaarheid van stapel nie. Maar na bewering deur 'n swaargewig respondente sou hy ook 'n beleid van onver=bondheid en selfs afsydigheid ten opsigte van Kerke en ander bewegings volg. Tewens, 'n spontane ontstaan en groei word in ZCC-kringe beklemtoon.

Waar die skeurrede wel aangegee word, word in 1942 uitvoerig geformuleer: " ... the only cause of secession was a desire to live more in accord with the earlier apostolic teaching .... The divergencies specifically

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



mentioned were total immersion three times at baptism, the taking of the sacraments at night in a special place after washing of feet, the power to heal by prayer without the use of medicine. (The medical abstention including vaccination being against the tenets of the Church)".

Wat organisasie betref, is daar 'n tipe hiërargiese ordening. Lekganyane bly biskop oor die jare. In 1940 kry ons in dalende rangskikking: "Bishop", "Overseers", "Ministers", "Headmen". Ook word gerep van diakens, wat laer in rang is as evangeliste. "Headman"-skap in hierdie konnotasie is vreemd aan 'n Episkopale kerkregeringstelsel. Daar is nou 'n uitgereide Konstitusie voorhande; deels ontleen aan die een of ander denominasie dog duidelik met 'n paar opvallende innovasies. Reeds in 1925 is daar voorskrifte oor 2/- of 3/- wat van lidmate per maand verwag word maar in 1940 6d per kop beloop. Die biskop kry teen 1925 £9 per kwartaal en in 1942 wissel die leraars se salaris van £2 tot £4 per maand.

Elke gemeenskap (gemeente) het na bewering sy sekretaris en penningmeester. Wat die samestelling van aanhoriges en die groei betref, verneem ons dat daar in 1925 515 mans- en 411 vrouelidmate in die Unie was. Teen 1940 was daar 8 500 Gedooptes en 13 000 Ongedooptes. (Ons moet onthou dat die ZCC Apostolies is in dié opsig dat hulle slegs volwassenes doop). Hulle vermeld dat gedurende die tydperk van tien jaar (ongeveer 1925-1935) hulle met meer as 2 000 lidmate gegroei het. Van 1936 tot on=geveer 1940 was die vermeerdering in lidmaattal 1 200. Die 1942-statis=tiek stel die lidmate op 27 487 verteenwoordigende 55 gemeentes. So vroeg soos 1925 word vermeld dat die ZCC al verteenwoordig word in Rhodesië (Enkeldoorn, Mosetla en Bikiti). Een van die deputasie wat aan=soek om staatserkenning gedoen het, was uit Bikiti. Binne die Unie is die verspreiding nog binne 'n beperkte area. In Transvaal is hulle vol=gelinge veral te vinde in die omgewings van Pietersburg, Johannesburg, Germiston en Pretoria.

Met betrekking tot opleiding is die standaard laag. In 1925 verneem ons dat net die biskop St V geslaag het en een leraar St VI. Leraars kry slegs opleiding gedurende Konferensies. Ook in 1942 geniet hulle geen formele opleiding nie maar is "self-taught."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Alhoewel ons uit hierdie drie aansoeke die ZCC beter leer ken volgens die profiel wat hulle met die oog op staatserkenning skets, is daar aspekte waarop ons meer beligting sou wou hê. Dit was byvoorbeeld bekend dat die ZCC in Egenasebestel een van die ryk bewegings was en dat hulle tipe genesing 'n bron van "dankoffers" was. Ons herinner ook daaraan dat die neiging by betroubare respondente bespeur is om Egenase Lekganyane eerder as 'n ngaka te kenskets as dat hy 'n gesiene kerkleier sou wees.

Opsommend oor die ZCC in Egenase Lekganyanebestel bevind ons:

Die ontstaan en uitbouing van die ZCC hang ten nouste saam met die stigter se persoonlikheid en sy strewe. Egenase Barnabas Lekganyane was tot sy dood in 1948 opperleier in 'n hiërargies gestruktureerde beweging.

Egenase Lekganyane en sy ZCC skyn nie mooi in te pas in 'n kerklike spektrum nie. Dit geld byvoorbeeld sowel die leerstellige aspek as die organisatoriese aspek.

Ons het gesien hoedat hy uit die Presbiteriaanse en uit die Apostoliese (AGS/ZAC) denominasies wegbreek. Wat die Apostoliese betref, sluit dit swartbeheerde splintergroepe in wat reeds geskei het van die AGS. Hy rus nie voordat hy 'n eie vormgewing beheer wat sou bekend staan as die ZCC. Hierdie ZCC sou dan na bewering in wese nie uit een of ander kerkverband gesepareer het nie maar spontaan gegroei het. Daar word ook 'n tendens bespeur dat Egenase Lekganyane as 'n Messias bejeën word. Informante buite ZCC-verband is geneig om Egenase eerder as ngaka te sien in teenstelling met kerkleier. Die tugstandaarde in die ZCC word bevraagteken.

### 3.6.3 Die magstryd om opperleierskap in die ZCC na die dood van die stigter

Dit is opvallend dat in die magstryd wat ons gaan beskrywe die demo= kratiese beginsel rakende die verkiesing van ampsdraers nie ter sprake kom nie. Dit moet deels toegeskryf word aan die sleutelrol wat Egenase

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Lekganyane in die ZCC gespeel het. Na die dood van Egenase sou die opvolgingstryd nie in prinsipe gaan oor 'n ope groslys vir die ver= kiesing van 'n opperleier nie. Die aanhoriges het genoeë geneem dat die opperleierskap deur 'n seun van Lekganyane geërf word. Normaalweg sou die oudste seun, Barnabas, opgevolg het. Hy sterwe egter kort na die dood van sy vader. Daarna ontstaan die stryd tussen die twee broers Joseph en Edward. Elkeen het ondersteuners agter hom kon monster.

Ons stel hoë prys op 'n bandtranskripsie soos vervat in Verslag 1973: 857-59 waarin 'n relaas gegee word van hoedat Edward vir Joseph uitoor= lê het en 'n groot meerderheid ZCC-aanhangers meegevoer het. Dit kom op die volgende neer: Egenase het voor sy dood aan sy broer Paulus te kenne gegee dat Joseph hom moes opvolg. Edward en sy vader het gebots. Teen die wil van sy vader in het hy in Natal gaan werk en was dan ook afwesig tydens die dood van Egenase. Paulus en Joseph - sonder dat Joseph bewus is van sy vader se opdrag - gehoorsaam die tradisionele Sothogebruik om 'n jaar te wag voordat opvolgers en in hierdie geval die "opsiener van die Kerk" aangewys word. Intussen verontagsaam Edward en sy ondersteuners die "rou"-bestel. Edward monster sy aanhang veral uit stedelike gebiede alwaar sterk leiers soos Moses Mamabolo en Charlie Molepo optree.

Hulle maak van byderwetse metodes gebruik soos stemmery en naamtekening op lyste; het nuwe vlae en het reeds begin om "die vyfpuntster uit te sny." Waar Paulus in September 1949 eers die aankondiging gemaak het, het hulle reeds in April gesê: "Nee, hulle is aan die kant van Lekganyane se kind genaamd Edward en daarom het hulle niks met hulle oom, Paulus Lekganyane, te make nie. ...." Die segsman sluit sy relaas af uit die gesigshoek van diegene wat die onderspit gedelf het: "Waar hulle begin het om mense te intimideer en in te skryf, was ons nie daar= van bewus nie en het ook nie besef wat hulle in die mou voer nie."

Alhoewel Joseph en sy aanhang die onderspit gedelf het, het die Joseph-groepering nie gedisintegreer nie. Dit beteken dat ons organisatories twee bewegings onderskei wat albei weier om afstand te doen van die naam ZCC. In ons navorsingsbestel duur die twisverhouding voort. So sterk het ons die spanning aangevoel dat die hoof rede waarom ons besluit het

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

om ons op die Edwardgeledere toe te spits 'n diplomatiese was. Indien ons volgehou het om altwee te ondersoek - veral in die om=gewing van hulle aangrensende hoofkwartiere - was die gevaar 'n wesenlike dat sowel die een as die ander ons hulle samewerking sou ontsê het. Ons gegewens dui dus op 'n skismatiese verskeurdheid.

Hierdie verskeurdheid word in sekere opsigte bestendig deur wed=ywering waarin die een die ander probeer afskiet. Waar ons verder=aan op die Edward-ZCC konsentreer, wil ons hier volstaan met 'n paar bewysvoeringe vanuit die Joseph-ZCC se betoog teen sy broer se beweging.

Populêrweg word van die ZCC onder Joseph gepraat as die ZCC-leebana (duifie of jong kransduif). Dit is in teenstelling met Edward se ZCC-naledi (ster). Volgens wat die Josephgeledere aanvoer, moes die ZCC eers net onderskeidende lapellappies gedra het. Schlosser doen haar veldwerk in 1953 en bevind dat die oorspronklike kenteken "ein einfaches schwarzes oder grünes Band von gleicher Grösse" was en voeg by: "Es wird noch heute von Anhängeren Josephs getragen ...." (1958: 209). Toe Edward die bykomende metaalster invoer, moes Joseph 'n teenprestasie lewer en besluit op die metaalduif as bykomende embleem.

'n Kennisgewingbord wat verwys na Joseph se hoofkwartier toon duidelik dat hy en sy aanhang hulle as die ononderbroke voortsetting van Egenase se ZCC beskou. Om hierdie stellingname enigsins te begryp,neem ons die volgende bewerings uit die omgewing van Wallmannsthal, waar die Joseph=aanhangers die sterkste van die twee opponerende lojaliteitsgroepe is. Die leier tree as respondent op. Laat ons sy beredenering op die voet volg: Hy beweer dat hulle hulle krag deesdae (omstreeks 1964) veral daaraan dank dat Edward weg is skool toe. Dit slaan op sy onderrig te Turfloop. Edward het in sy verleentheid hom 'n rat voor die oë laat draai. Blankes het aan die hand gedoen dat hy skool toe moes gaan vir teologiese opleiding. Hy gaan toe leer en dít terwyl sy vader, Egenase, geen sodanige opleiding benodig het nie. Inteendeel, hy is deur "wind" geleer. By geleentheid het 'n sesesedi (dwarrelwind) vinnig aangekom. Dit waai stof en blare op totdat dit hom, Egenase, bereik. Meteens het hy moya ( gees ) ontvang en 'n groot profeet geword. Toe hy nog geleef het, het Egenase en Edward verskil. Edward het daar ver

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gaan bly waar sy vader hom nie met die oë kon sien nie en hom ver= lustig in aardse plesier. Intussen word sy vader siek en sterf. Voordat Egenase gesterf het, het hy alles geneem, wat hy gehad het en dit aan Joseph gegee. Om dié rede het Joseph krag ontvang en moes hy ook in die ZCC as leier oorneem. Edward, toe hy hoor van sy vader se dood, het alles kom inpalm wat hy kon maar het nie daarin geslaag om die grootste ding, wat Egenase persoonlik aan Joseph bemaak het, naamlik die seëninge te bekom nie. Tot sover ons respondent.

Dit is nodig om hier te verduidelik dat hierdie sesesedi in die teken sou staan van supernaturele bekragtiging. Die sesesedi mag byvoorbeeld 'n samebundeling van badimo wees wat hulle op daardie wyse manifesteer en wat vir Egenase Lekganyane terstond, bonatuurlik toegerus het as leier van die ZCC. Die seëninge, soos gesien vanuit hierdie tradisio= neel-religieuse stellingname, is aan Joseph oorgedra en nie aan Edward nie. Edward sou dan pynlik bewus gewees het van hierdie gemis as aan= spraakmaker op hoofleierskap. In sy soeke na kompensasie het hy toe na 'n ondermaanse teologiese skool gegaan en daar is hy gekondisioneer om nog minder ontvanklik te wees vir dergelike bekragtiging of besetting.

Ons het aangetoon hoe daar na die dood van Egenase Lekganyane tweespalt binne die ZCC ontstaan het tussen sy twee seuns, Joseph en Edward, oor wie die vader sou opvolg as opperleier. Elkeen van die twee broers kon sy ondersteuners agter hom monster. Omdat Edward Lekganyane sedert 1949 so op die voorgrond getree het, word die indruk by baie gewek dat die ZCC 'n eenheid is. Dit is nie so nie. Wat wel bygevoeg kan word, is dat behalwe vir hierdie leierstwis met twee Lekganyanebroers aan die spits daar tot op datum nie van verdere noemenswaardige versplintering sprake was nie. Binne die separatisme as samelgroep ressorteer daar nog 'n sinvolle aantal volgelinge onder Joseph Lekganyane.

### 3.6.4 Verdere uitbouing van daardie deel van die ZCC onder leierskap van Edward Lekganyane (1949-1967)

Waar ons ons verder bepaal by die ZCC-deel onder aanvoering van Edward Lekganyane strek hierdie bestel van ongeveer 1949 tot sy dood in 1967. Dit sou by uitstek hý wees wat die verbeelding aangryp en die beweging

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

verder uitbou tot een van die grootste van sy soort in Suider-Afrika. Uit 'n kerklike gesigshoek betrag, is dit sonderling dat 'n tipe de=nominasie so persoonsgekonsentreerd gerig is.

Edward Lekganyane is omstreeks 1923 gebore. Toe hy begin skoolgaan, het sy vader al aparte geriewe vir sy eie kinders geskep. Een van die leerkragte deel mee hoe Edward en Joseph by hom in die privaatskool was. Joseph sou "the brighter of the two" gewees het. Dit is 'n vraag in die lig van latere verwikkelinge of Edward sy bes gedoen het. Volgens die onderwyser het Edward op skool ongeveer die st V-peil bereik. Toe hy=self op 1 Februarie 1963 ondervra is met die oog op toelating tot die Teologiese Skool te Turfloop, het hy geantwoord dat hy in besit is van 'n st VI-sertifikaat. Hierdie sertifikaat het hy deur middel van korres=pondensie verwerf so teen 1958/59. Ook word dit duidelik dat Edward oorweeg het om, nadat hy 'n Evangelistesertifikaat verwerf het, aansoek te doen om tot die leraarskursus toegelaat te word.

Ons het reeds in ander verband verneem dat hy klasse bygewoon het aan die betrokke teologiese skool. Ter plaatse het ons gehoor dat hy ge=middeld presteer het. 'n Eksamenantwoord kom onder ons aandag en daar=uit blyk dat hy 'n sterk, drukskrifagtige handskrif het en feitelike gegewens vir die doel volledig-genoeg weergegee het. Hy het dan ook inderdaad die kursus geslaag. Dit het nie beteken dat hy in die be=trokke Kerk vir die Evangelisamp kwalifiseer nie.

Daar moet in gedagte gehou word dat Edward Lekganyane (in die vervolg skryf ons slegs Lekganyane vir Edward Lekganyane) nog jonk was toe hy teen 1949 toeslaan en die grootste gedeelte van die ZCC agter hom skaar. Volgens ons berekening was hy destyds ongeveer 26 jaar oud.

Hy laat geen gras onder sy voete groei nie. Hy gaan van plek tot plek en werf aanhangers. Kort nadat hy leiding begin neem, ontvang mnr H v S bó verwagting verlof om 'n rolprentopname te maak van so 'n geleentheid. Lekganyane word in aksie gesien op Mooiplaas naby Pretoria waar 'n plak=kersdorp na 1945 opgeskiet het. Sy orkes speel. Voor ons oë word vir 'n oomblik gefokus op 'n misdeelde tienderjarige wat sy oë op 'n eienaardige manier laat rol. Ook hy moet bydra tot die opgewondenheid onder die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

skare. Middelpunt van die belangstelling is egter Lekganyane. Hy voer 'n helingsrite uit. Hy betas die betrokke pasiënte se kop, skouers, en langs die arms af tot by die heupe. Die pasiënte moes geldelike dankoffers vooraf in gereedheid gehou het want ons sien hoe aansluitend by so 'n bevoeling van 'n pasiënt hy haastig note in sy sakke stop want die pasiënte beweeg feitlik sonder noemenswaardige stilstand voor Lekganyane verby.

Ons het hier dus 'n kykie op een van die wyses van geldinsameling in die ZCC. Daar is beslis baie ander want Drum skrywe in 1954: "During the five years that Eddie has been head of this section of the Church he has succeeded in making it one of the richest of many rich churches in South Africa."

'n Intelligente swart vrou vertel dramaties hoedat sy 'n fees op Moria bywoon en Lekganyane sy verskyning maak: "Daar is aangekondig dat binne 'n kort tydjie die koning (kgoši) sal kom. Daar is besonder baie polisie gestuur (dis eintlik van die ZCC-personeel in eie uniform) om toesig te hou met die oog op sy verskyning.

"Daarna het die koning die berg afgekom. Daar was 'n groot opskudding. Die skril vereringsuitroepe deur die vroue het luid opgeklink (meduduetso). Hulle het hom geprys deur te sê: 'Seun van Lekganyane, Kgomo! (d.w.s. met vermelding van hul totem, die bees). Sommige het in bome geklim; dit was iets ysliks. Nou, toe hy verbygaan, het hy 'n wonderlike staf gehad en spierwit handskoene gedra; die mense was uitbundig in hul ver= voering toe hy verbygaan. Dit is 'n man wat verbasend beïndruk."

Lekganyane is bepaald iemand wat imponeer en ook ydel is. Ons het hom in verskillende rolle kon betrag. By geleentheid, so tussen openbare optredes deur in sy ontvangslokaal het hy 'n handspieëltjie uitgehaal en sy hare gekam. En daarby baie noukeurig sy gesig bestudeer. Nie net in sy verskeidenheid uniforms nie, maar ook in gewone drag is hy iemand wat deur 'n ring getrek kan word.

Waar Schlosser onder die indruk gebring is dat Lekganyane geen imponeren= de stem het nie, swak uit die vuis praat en manuskripgebonde is (1958:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


184) wil ons 'n korreksie aanbring. Hy het wel nie 'n buitengewoon-goeie stem nie, dog daar is niks daarmee verkeerd nie. Ons het hom gehoor toe hy op 'n fees en met hoë staatsamptenare teenwoordig uiter=aard meer manuskripgebonde was. Maar ons was ook in sy kerkgebou waar hy 'n lopende kommentaar op 'n Skrifgedeelte gelewer het en vry gepraat het. By die geleentheid het hy hom vlot van sy taak gekwyt.

In <u>Verslag 1973</u>:864-5 staaf ons die stelling dat Lekganyane meer as <u>primus inter pares</u> is. Dit doen ons na aanleiding van 'n formele onder=houd met hom en sy raadslede. Ons kon waarneem hoe hy 'n vat op sy raadslede het. Hy tree nie sonder meer outokraties of diktatoriaal op nie, dog hou die hef in hande. Selfs een van die mees senior lede, Moses Mamabolo, wat 'n vertroueling van sy vader was, het hy tot orde geroep.

Hy kon ook nuwe personeel werf en aan hom bind. So het M.Mkg tot die ZCC toegetree en later sekretaris geword. Vir Lekganyane sal M Mkg sy lewe veil hê.

Dit het die ondersoeker geluk om ooggetuie te wees van 'n tipe seënrite by die "heilige boom" aan die ZCC-hoofkwartier op Paassondag, 14 April 1963. Allerlei voorwerpe is onder die boom opgestapel. Daar was onder meer identiteitsdokumente, kieries, pakkies koffie, 'n verskeidenheid (water)houers of kruike. Lekganyane het in volle mondering en met die vaandel van die ZCC om hierdie stapel beweeg. Die vaandel is skuins gehou sodat die punt van die vaandel as 't ware strelend oor die voor=werpe gaan. Op Lekganyane se gesig was 'n sweem van 'n glimlag (of vervoering?). Daar was geen aanduiding dat hy 'n gebed uitspreek of prewel nie. Dit is moontlik dat hierdie rite meer as eenmaal plaasvind, anders sou die stapel te hoog word. Onmiddellik na die "seënhandeling" deur Lekganynae, het die mense, wat die voorwerpe daar geplaas het, ge=storm en die artikels weggedra; die uitkenning was moontlik omdat waar nodig etikette aangeheg was. Dit is duidelik dat die houers (veral dié met water) en ander voorwerpe daar geplaas word deur mense wat dit wil laat seën sodat dit onder andere vir genesingsdoeleindes of vir beskerming gebruik kan word. Die feit dat Lekganyane onder sulke omstandighede die seënhandeling uitvoer, bewys dat hy die bonatuurlike gawes wat sy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

volgelinge aan hom toedig, aanvaar.

Edward Lekganyane bou voort op grondslae soos deur sy vader, Egenase, gelê. Tewens, hy het self aan ons gesê dat hy deur geen ander kerk as die ZCC van sy vader gevorm is nie. Ons sal meer duidelikheid moet kry oor hoe hy binne die bestel van agtien jaar 'n leierskorps aan hom bind, tot spanwerk inspireer en daar 'n algemene fenomenale groei aangemerk word. Teen 1964 al toon die Edwardera 'n sterk wins onder tradisioneel-religieuses, gesekulariseerdes en diegene behorende tot 'n hele spektrum denominasies.

Daar is aspekte van sy leierskap wat nie bloot op normaal sielkundige vlak belig kan word nie, soos die aangeduide "seënrite". Dit blyk egter 'n diplomatiese prestasie vir sowel Lekganyane as sy Raad - waaronder sterk manne wat beide die tradisionele lewenswyse as die lewenswyse onderhewig aan die Westerse kultuurimpak ken - dat hulle einde 1962 staatserkenning vir die ZCC verkry op 'n tydstip toe in beginsel wegbe= weeg is van hierdie soort erkenning.

### 3.6.5 Die organisatoriese aspek

Fynere besonderhede rakende die organisatoriese aspek van die ZCC was moeilik bekombaar. Hier noem ons pertinent dat in 'n formele onderhoud gesê is dat die konstitusie privaatsaak is en die navorser dus nie van 'n eksemplaar voorsien kan word nie. 'n Ander verskoning was Lekganyane se bewering dat aangesien die ZCC so 'n magtige beweging is, hy nie op 'n sekere tydstip paraat is om gegewens te verstrek nie. Ook is hy besig met 'n kursus waar hy nog leer om sy kerklike organisasie op te knap. Hoe dit ook al sy, die ondersoeker het tog daarin geslaag om twee resente konstitusies te vergelyk.

Knooppunte van die ZCC se vervlegte organisasie word veral gesien gedurende hulle grootse saamtrekke maar veral met hulle hoogfees te Zion City Moria oor Paasnaweke. Die navorser het die een in 1963 by= gewoon. Daar was volgens hulle eie statistiek 18 842 op 'n sekere tyd= stip op die terrein aanwesig. Sedertdien het die bywoning geëskaleer. In <u>Verslag 1973</u>:867-70 kom 'n mens sterk onder die indruk van die spektrum

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


bedrywighede gedurende sodanige saamtrekke.

Met betrekking tot die twee konstitusies,hou albei verband met 'n ouer of ouere grondwette. Ons het reeds vermeld dat Egenase Lekganyane drie aansoeke om staatserkenning vir sy ZCC geloods het. Die laaste was in 1942. By dergelike aansoeke om erkenning is gewoonlik gevra of die beweging 'n geskrewe konstitusie het. Dit wil lyk of in die Egenase= bestel 'n konstitusie bestaan het sedert 1925, bygewerk is en sy finale beslag in 1942 gekry het. Dit is dus baie waarskynlik dat sowel Edward en sy geledere as Joseph en sy geledere teruggryp op die 1942-teks. In die een lees ons dat J E Lekganyane die opvolger van E B Lekganyane in die ZCC is. Die ander een wat die datum 9 Maart 1954 dra, laat hierdie opvolgingsoorkonde uit. Eersgenoemde is dus die konsti= tusie van die Joseph-ZCC terwyl laasgenoemde dan slaan op die Edward-ZCC. (Ons verwys na hierdie twee onderskeidelik as na J en E ). Ongeluk= kig het ons nie nagegaan wanneer J presies opgestel is nie. J is egter eenvoudiger geformuleer en 'n mens kry die indruk dat J ter in= sae was toe E opgestel is. Ons weet egter dat Egenase in 1948 oorlede is sodat J moontlik teen 1950-1953 sy beslag gekry het. By E is bepaald 'n regsgeleerde se hulp ingeroep. Daarin word 'n tweedeling in 'n mate gehandhaaf. Enersyds is daar 'n poging om "Church government and Business Affairs" doeltreffend te beheer en andersyds word die "religi= ous and spiritual matters" wat "unalterable" is, op voetspoor van die oorspronklike konstitusie oorgedra. E klop dan ook inderdaad met J in hierdie opsig; behalwe dat "Bishop" in J in E "Superintendent" word. (Tot sover die vergelyking - ons gaan voort met die Edward-ZCC se konstitusie).

Daar is 'n magskonsentrasie solank die Superintendent lewe en 'n ver= skansing van sy posisie. Hy beklee die amp lewenslank. Daar is egter ook 'n "Governing Body" of dagbestuur wat by die optrek van die konsti= tusie bestaan het uit die Superintendent, Algemene Sekretaris, Penning= meester en twee ander lede. In al vyf gevalle word die name genoem. Aan hulle word die reg verleen om ander te koöpteer. Wye magte is aan hierdie dagbestuur verleen: "All administrative and governing powers of the church in accordance with the Constitution shall between the dates of each conference rest in the Governing Body ...." En nou weet die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ondersoeker dat een van hulle ook lyfwag en motorbestuurder van Edward Lekganyane was. Dit is ook hy wat die wêreldreis met die leier meege= maak het. Onwaarskynlik is dit dat so iemand 'n sterk standpunt sou inneem vir geval hy nie met die Superintendent saamstem nie.

Volgens konstitusie word driemaal per jaar "Conference" gehou en wel op Goeie Vrydag, in September en in Desember. Dergelike konferensies bestaan uit: "Ordained ministers, Evangelists, Deacons, Preachers, Members", en waarby later die woord ingevul is: "who wish to attend". Op hierdie vergadering lewer die algemene sekretaris dan verslag en word vakatures aangevul, onderhewig aan die goedkeuring van die Super= intendent. Hoe die "Conference" effektiewe inspraak kan hê en kontrole kan uitoefen, is twyfelagtig in die lig van die aard en omvang van die grootse byeenkomste wat daarmee saamval. Daar is bepaald nie kans vir rustige analise van die globale stand van sake en toepaslike beleids= formulering en implementering nie. Die sleutelmag sowel beleidmakend as administratief setel gevolglik in wat as "Trustees" in die konsti= tusie bestempel word. Hulle is veel meer as 'n spoedeisende komitee of dagbestuur. Dit word tussen die lyne uitgespel. Die "Committee" be= staan uit slegs die Superintendent, Algemene Sekretaris en Penningmeester. Eintlik het hulle effektiewe volmag en weer eens het die "Superintendent" die hef in hande. Die Trustees se wye magte kan soos volg gespesifiseer word.

"All property of the Church shall vest in the said Trustees jointly." Alle fondse van die ZCC word by hulle inbetaal en hulle bank dit of deponeer dit, na gelang van omstandighede, by 'n bougenootskap. Uitbe= talings geskied per tjek en ook hier het die Superintendent 'n sterk posisie; "the Superintendent or his representative, appointed by him in writing, together with the General Secretary shall operate upon the said bank or building society account, and shall sign or endorse all documents in connection therewith." Die "Trustees" kan die "Governing Body" byeenroep en 'n kworum sal dan bestaan uit minstens drie. Met die goedkeuring van die Superintendent kan hulle in die lig van die gegewe omstandighede feitlik met volmag handelend optree:

"Frame, sanction, amend, abrogate or alter rules and regulations for the

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



conduct and functioning f any committee, congregation, or other body of the Church or any off cial of the Church/or of its individual members;

Fix and allow all salari s, stipends or other payments or allowances to members of the Church.

Define the rules and reg lations to be followed in regard to the hearing of all or any disputes c complaints as between Church bodies or members of the Church ...." Art 5 (2),(b),(c),(i).

Daar is nie net magskons ntrasie solank die Superintendent lewe nie, dog ook het hy prerogati f ten opsigte van sy opvolger: "The Super= intendent may in writing appoint a superintendent to fill his place in the case of his death an may nominate other persons to succeed such appointed successor in c der of priority and any such successor so appointed shall <u>ipso fac o</u> in the case of the Superintendent's death have all the powers conf rred on the office of Superintendent by this Constitution" (Art 12). - In die praktyk het dit eintlik erflike op= volging binne die Lekgar anefamilie beteken.

Dit is duidelik dat wat ov Lekganyane en sy magsbevoegdheid konstitu= sioneel voorgeskrywe wor en wat in die praktyk geld, aansienlik verskil. Waar respondente as amps raers te Zion City Moria opgetree het, het hulle weggeskram van bet teling soos "bishop", <u>mookamedi</u> (opsiener, superintendent) en <u>kgoš</u> (koning). Daar is gesê dat ons Lekganyane liefs as <u>moruti</u> (leraar) moes aanspreek.

Ongebonde informante bev er egter die teendeel. Hulle lê klem op die feitelike posisie dat Le ganyane nie eers as die hoogste in 'n rangorde gestel moet word nie. I is vir sy volgelinge in 'n eiesoortige, opperste posisie. Hierc e status is so verweef deur die korpus van die ZCC dat ons dit in die h ërargiese konteks net raak want ons kom telkens weer terug op Lekganyane se hoë posisie in gedeeltes waar ons handel oor aspekte soos tug, genes g en die tradisionele religie.

In die hiërargie van die ZCC word in die konstitusie ook gewag gemaak van <u>Ministers</u>, <u>Evangelis s</u>, <u>Deacons</u> en <u>Preachers</u>. Die rangorde is nie eenduidig nie. Daar is yvoorbeeld tydens 'n feesgeleentheid een van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



personeel aan ons voorgestel as die hoof oor al die leraars van die ZCC. Hy het geen ekstra onderskeidingstekens gedra nie. (Op daar=die tydstip was ons reeds ingelig dat Evangeliste een goue streep op die mou dra en leraars twee). Leraars is geordendes, dog ons vind nie die verwagte onderskeiding tussen geordendes en ongeordendes nie. "Ministers", "Evangelists" en "Deacons" preek, lê siekes die hande op en bid vir hulle, neem begrafnisse waar en doop gelowiges. Al verskil tussen "Ministers", en "Evangelists" is dat eersgenoemde ook huwelike bevestig. Hier moet ons opmerk dat vir sover ons inligting strek Lekganyane eers nadat hy die kursus aan die Teologiese Skool te Turf=loop gevolg het as huweliksbevestiger deur die staat aangestel is. Hy sou die eerste in die ZCC wees. Die huwelike wat dus ter sprake is in die konstitusie moet huishoudelik binne ZCC-verband ingeseën word sonder staatsgeldigheid. Die verskil wat gemaak word in die konstitusie tussen Evangeliste en "Deacons" is dat "Deacons" nie die nagmaal mag bedien nie. "Deacons" het gevolglik 'n laer rang as Evangeliste. Dit is 'n amp wat 'n ander konnotasie het as die diaken in die Gereformeerde kerkreg. "Preachers" is op hulle beurt weer hiërargies laer as "Deacons" want hulle mag nie die doop bedien nie.

'n Amp in die ZCC, wat nie in hulle grondwet vermeld word nie, maar wat in die praktyk 'n rol speel, is die van "Profeet". Dit lyk of hulle een of ander plek in die hiërargie verower. Ons stip hierdie punt slegs aan omdat ons in die afdeling oor tradisionele religie daaroor uitwei. In die omgang word ook terme gehoor soos <u>bakgômana</u> en <u>letsôgô</u>. Eers=genoemde beteken dan edelmanne, hoofmanne of (hoof)raadslede. <u>Letsôgô</u> op sy beurt beteken letterlik regterhand maar in hierdie konnotasie iemand wat onmiddellik onder 'n ander in 'n hiërargiese regeerstelsel optree. In die onderhawige verband is albei terme in die tradisionele regeringstelsel bekend.

Uit kerklike standpunt betrag, is die vraag aan watter stelsel voorrang gegee word in die ZCC. Die antwoord is aan die Episkopale stelsel; al sou daar ook aanpassing wees en al oorskry die magsbevoegdheid van Lekganyane alle kerklike omlyning.

Dit lyk of daar in die ZCC 'n komplekse motivering rakende hulle fonds=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



insameling en -besteding is. Ons moet dit egter voorop stel dat ons oor hierdie aspek van die organisasie geen toegang tot basiese ge= gewens soos geouditeerde finansiële state gehad het nie. Om ons ver= leentheid te onderstreep verwys ons na Hanekom waar hy spesifiek handel oor finansies in die ZCC (1975:52-54). Hy skrywe byvoorbeeld dat die ZCC selfonderhoudend en finansieel besonder sterk is. Lidmate "maak in die reël op vrywillige basis en oor die algemeen met blymoedigheid geldelike bydraes tot die kerk. Dit wil egter voorkom asof daar soms 'n mate van druk in hierdie verband uitgeoefen word; hoe groter die bydrae, hoe groter die beloftes van genade en voorspoed vir die skenker." Oor waarom sommige lidmate bereid is om aan die druk toe te gee, lui dit: "Dit hou verband met tradisionele religieuse opvattinge wat, hoewel nie amptelik binne die kerk bely nie, nog steeds deur 'n groot deel van die lidmate gehuldig word." Hy vind dan bewyslas vir sy stellingname in 'n skrif= telike verslag van sy informant X. Die respondent betoog dat lidmate die geloofsopvatting huldig dat die badimo geld van die lewendes benodig. Hulle dra mildelik by en glo 'by doing so they in return will get more money as blessed by the spirits. The people do believe that Lekganyane will give it over to their spirits!" (1975:53). - Nou tref dit so dat ons nog vóór Hanekom die lang verslag bekom het waaruit aangehaal word. Ons dilemma is egter dat die ondersoeker ten spyte van informante buite die ZCC óm en selfs informante wat behoort het aan die ZCC, hulle nie kan blootstel aan uitken= ning nie. Selfs 'n respondent wat sy inligting op skrif gestel het, moet liefs anoniem bly. Met dié voorbehoud word die volgende insake motivering van fondsinsameling en -besteding aangebied.

Die einste X van Hanekom is nog meer eksplisiet en skrywe: "Lekganyanes claim to be mediators between the spirits of the dead and each and every member of their supposed congregation .... In the light of animism, members of this congregation are to sacrifice money only; to thank their spirits for protecting them and securing their work and life. Not to thank God in any way; but to thank Lekganyane the mediator .... It is said that if he (Lekganyane) wish to buy a car (he alone runs in cadil= lac cars) or wish to buy a lorry for his farm, he inform the conference that the mediator has no legs to manage the affairs of the institution. And that this may anger many spirits, especially those short tempered ...."

In die ZCC onder Egenase Lekganyane verneem ons in die aansoeke om

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



staatserkenning dat teen 1925 2/- of 3/- maandeliks per lidmaat as bydrae voorgeskryf is. (Dit is blykbaar vir vroue en mans onderskei= delik). Teen 1940 is die kabelo 6d per kop; 'n mens sou eerder 'n ver= hoging verwag het. In die Edwardbestel het ons nie besonderhede nie. Ons weet egter dat kerklike administrasie in die Evangelistekursus wat hy gevolg het, ingesluit was. Hy was nog besig met die kursus toe ons hom oor hulle beweging se administrasie van gelde uitgevra het. Hy het geantwoord dat dit privaat is, dat hy nog aan die leer is en voornemens is om die riglyne wat hy bestudeer in sy ZCC te implementeer. Dit val buite ons veldwerkbestel, maar ons het die indruk gekry dat hy wel van sy personeel opdrag gegee het om aanhoriges aan huis te besoek met die oog op meer gereelde geldelike gawes. In dié sin is daar ietwat sterker klemplasing op kabelo teen 1966.

"Alle paaie lei na Rome". Die Pedi sou sê na mošate (hoofstat). Vir die ZCC is dit Zion City Moria en by name oor die Paasnaweek. Dit is ook dan dat daar 'n omvattende geldinsameling plaasvind. 'n Bejaarde informant het in die vroeë sestigerjare die geldaspek van so 'n fees in die gedagte waar hy opmerk: "Dis die enigste kerk wat ek van weet waar die geld in suikersakke op 'n vragmotor gelaai en bank toe vervoer word."

Soos die Blankes na die see of na die binnelandse vakansieoorde gaan vir meerdaagse ontspanning, so gaan die ZCC se lede na Zion City Moria. Die verskil is dat die koopkrag in die geval van die Blankes verskil= lende instansie ten goede kom. In die geval van die ZCC word die toe= loop georganiseerd gelok en geïnspireer om hulle koopkrag langs een kanaal, die ZCC, te bestee. Spesiale toerbusse en treine word gereser= veer. Dit bring mee dat op pad daar sosiaal verkeer kan word. Die reëling vat dan pos dat byvoorbeeld 'n groep feesgangers saamspan om 'n bees te Moria aan te koop vir gebruik oor die feesdae. Dit verhoog ook hulle gesellige verkeer en sluit bemarkingsprobleme uit.

'n "Professionele" geselskap wat by Moria tot groot vermaak van die skare opgetree het, het gesing en mimiese handeling daarmee gepaar. Op 'n slag was dit "Tlong ho Jesu" (Lifela tsa Sione, no 314). Een en ander "Negro Spirituals" is ook gesing. Kort beroepe is ingevleg op die toe=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



skouers om hulle aan die Here te wy. Die hoofklem het in die betrokke opset nie op aanbidding geval nie. Dit was eerder 'n vermaaklikheids=item. Later is een en ander van hulle in die kerkgebou herken. Toe het hulle die groen ZCC-baadjies aangehad wat aantoon dat hulle een of ander amp beklee.

Daar word dikwels geparadeer. Die ZCC-blaasorkes tree in die openbaar op en speel soms byderwetse sekulêre trefferwysies. Ons het reeds vermeld hoe die skare in vervoering raak as Lekganyane prominent in paradebestel optree. In die triomfmarse is hy geklee in 'n opgesmukte uniform en speel die rol van tamboermajoor. Hy hanteer die staf met behendigheid; en veral as hy die staf in die lug opgooi en weer vang, word uitroepe van bewondering gehoor. Daar is selfs uitroepe wat aan aanbidding grens. So het die navorser by geleentheid verneem: Konyana ya Modimo ( Lam van God ).

Dit is 'n grootse, kleurryke skouspel. Wanneer hoogwaardigheidsbekleërs in een of ander hoedanigheid die fees besoek, word 'n groot deel van die roete tussen die hoofingang tot waar by die ontvangslokaal afgeklim word aan weerskante belyn deur ZCC-aanhoriges in hulle onderskeidende drag. Dit is dan dat 'n mens diep beïndruk word deur die groot aantal vroue wat reeds aan die ZCC se gebedsbond behoort, die jeuggroepering en die talryke mans in ampskleredrag. Die eentonige khaki van die jeuggroepe word opgehelder deur die bottelgroen van die mans in die hoër range en die vroue wat dieselfde skakering groen rompe en geel bloeses dra. En agter hierdie erewagbelyning die krioelende skare. In ons bestel is al besef dat die feeste toeristepotensiaal het. Daar was al 'n sentraal geleë "uitkyktoring". Uiteraard dra hierdie omvattende ontspanningsaspek daartoe by dat meer geld oor die hoogfeesdae by Zion City Moria geïn word.

Daar is waargeneem hoedat tougestaan word voor die administratiewe kantoorkompleks. Die indruk is geskep dat inbetalings gedoen word en ook besondere artikels in ZCC-konnotasie aangekoop word. Mny. - een van die bakgomana - het verduidelik dat die toustaners slegs daar rap=porteer. Ons is nie toegelaat om nader ondersoek in te stel nie. Talle respondente het egter die toeloop as fondsinsameling aangedui. Daar sou dan hoë prys gestel word op kontant dankoffers. Die "kaptein word gegroet".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

In ons studiebestel sou R10 'n aanvaarbare bedrag wees. Die vyfpunt=ster van metaal met die naamafkorting ZCC daarop, die baai ('n wolstof) lappies en die papier is daar verkrygbaar. Vir ZCC-aanhoriges sou al hierdie artikels omgewe wees van supernaturele kragbelading. Die tien=derjarige jeugregimente en jong manne kon meesal onderskei word deur 'n wit stewel met sole van motorbuiteband. Die stewels sou bykans onont=beerlik wees want hulle word ook "geseën" sodat die draer se pad op soek na werk vir hom oopgaan. Die "seën" kos na bewering iets ekstra, ongeveer R1.

'n Groot advertensie vir Joko-tee en FG-koffie pryk bo een van die geboue van die ZCC-winkelkompleks. Informante het veral gepraat van Lekganyane-koffie. Dit is dan die gewone koffie waarvoor die ZCC 'n agentskap verkry het maar wat eers "Lekganyane"-koffie word nadat dit daar gekoop is waar Lekganyane dit "geseën" het. Die beweerde seën sou nie noodwendig ver=swak wanneer ander koffie namate die voorraad verbruik word, bygevoeg word nie.

Wat die besteding van fondse betref, sou die ZCC na bewering sedert hulle in 1962 staatserkenning ontvang het, verskeie kerkpersele bekom het. In die lig van bostaande beweringe is die persele nie noodwendig bloot met die oog op geestelike werk aangevra nie. Ook is verneem dat die ZCC aan die Universiteit van die Noorde 'n geldelike toekenning be=willig het omdat van hulle studente by die opvoeding baat.

Ons het nie uit veldwerk spesifieke inligting bekom oor barmhartigheids=projekte nie. Op Moria mag daar huisvesting vir nooddruftiges en hulp=behoewende bejaardes wees.

Wat die samestelling, geografiese verspreiding en getallegroei van aan=horiges in die ZCC betref, is soos volg bevind: Gedurende die bedeling van Edward het die ZCC nie net 'n deurbraak tot die aanhangers van die tradisionele religie - veral onder die Pedi - bewerkstellig nie, maar het ook volgelinge uit alle lae van die swart bevolking hul by die be=weging gevoeg. Ook Kleurlinge en Indiërs is reeds volgelinge. Van die sogenaamde Ethiopiese kerke en van die ontstamde, verwestersde Swartes sluit mense in groot getalle aan. As hoofrede vir die aansluiting word

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


gewoonlik aangedui dat hulle in hul soeke na genesing by Lekganyane en sy ZCC heling en geborgenheid ervaar. Respondente, wat nie aan=horiges van die ZCC is nie, weerlê weliswaar nie die ZCC se genesing as aantrekkingskrag nie al sou hulle ook bedenkinge daaromtrent mag koester.

Die wye spektrum ten opsigte van aanhorigheid hang uiteraard met die ruimtelike verspreiding saam. Selfs waar respondente, wat beheerposi=sies binne die ZCC beklee het, geantwoord het oor geografiese versprei=ding, was hulle vaag. Daar is egter in die breë 'n aanduiding dat die beweging reeds ingang gevind het in elkeen van die vier provinsies van die RSA, in Suidwes-Afrika, Lesotho, Swaziland en selfs sporadies in Zimbabwe, Zambië en Malawi.

Om 'n groeikurwe op grond van volgelingtal te trek, is nie maklik moont=lik nie. Amptelik - vir sover Lekganyane en senior raadslede ons te Zion City Moria op 28 Novemver 1964 'n onderhoud toegestaan het - is wat aanhoriges betref aan ons meegedeel dat die ZCC aan die groei is - e ya gola. Toe ons vra of hulle nie meer spesifiek kon wees nie, is na oor=leg begroot dat die totale aanhorigheid 200 000 op daardie tydstip be=loop het. Daar is verduidelik dat dit 'n vae skatting is.

Teen 1943, dit wil sê, 'n vyf jaar voor die dood van Egenase Lekganyane, skat die betrokke staatsdepartement die getalsterkte van die ZCC op tussen 40 - 50 000. Ons sou dus kon aanneem dat die ZCC in die sterf=jaar van Egenase sowat 70 000 volgelinge kon monster. Tussen 1948 en 1964 vertoon die ZCC dus sterk groeikrag. Waar ons vanuit die Edward=hoek verneem van 200 000 in 1964 is die aanhoriges van sy broer se ZCC nie ingereken nie. Hanekom dui op 'n halfmiljoen aanhangers omstreeks 1964 vir die twee saam (1975:57). In 1967 - die jaar waarin Edward sterf - stel The Star van 23 Oktober 1967 die totaal op 600 000. Neem ons dan Sensus-1980 as eindpunt, word in die steekproeftabellasie (no 02-80-02 p121) vir die ZCC 768 740 versyfer. Sensus-1980 maak geen onderskeid tussen die Joseph- en die Edwardaanhangers nie. Ons kan dus ten spyte van ons karige gegewens, beweer dat daar wat volgelinge betref, 'n fenomenale eskalering was veral in die ZCC van Edward.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

3.6.6 Die rol van die vrou

Dit is 'n bekende feit dat binne die swart aanhangers van denominasies in die RSA asook in die verskillende separatistegroeperinge die vroue wat getalsverhouding betref, ver in die meerderheid is. Hierop was die ZCC volgens die bewering van die meeste respondente 'n uitsondering En alhoewel die Sensus-1980 die relevante versyfering - deur ons omge= reken tot 'n persentasieverhouding - stel op manlik: 49,6% teenoor vroulik: 50,4% bly dit nog interessant dat die manlikes so 'n hoë ewe= wig beding (Tabel 3).

Die ZCC het sy eie vrouevereniging met 'n eie kleredrag waardeur hulle van ander kerke en bewegings onderskei kan word. Hulle dra 'n geel bloese en bottelgroen romp en kopdoek en die ZCC-kenteken. In teen= stelling met al die kerke en bewegings is hulle weeklikse byeenkomste op 'n Woensdagmiddag waar die ander op Donderdagmiddag vergader. Vir sover ons weet dateer dit uit die Egenasebestel.

Volgens ons algemene waarneming is die vrou in die ZCC tot op datum veel meer weerhou van inspraak in die ampshiërargie. Vergelyk byvoor= beeld die rol van Lydia Tšukulu van die St Peter Morning Star Church wat haar eie stigting beheer (2.10.5.4) en Christina Nku wat 'n deur= slaggewende rol in die St John's Apostolic Faith Mission of SA speel (Verslag 1973:826).

3.6.7 Die liturgiese en aanverwante aspekte

Kerkgeboue

In aansluiting by die organisatoriese aspek val dit op dat die ZCC as die grootste beweging in ons studiebestel so min kerkgeboue opgerig het. Dit lyk of 'n sentralisasiebeleid en die aard van die liturgie hiertoe meewerk.

Met uitsondering van 'n kerkgeboutjie wat Egenase Lekganyane op 'n vroeë stadium in die geskiedenis van die ZCC gebou het, verrys die groot saal= kerk op Zion City Moria eers laat in die Edwardera. Daar is respondente

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to Information, University of Pretoria, 2022

wat beweer dat laasgenoemde desentralisasie teenwerk deur so één prestige gebou. In stede soos Pretoria is later van gehuurde sale soos bioskoopsale gebruik gemaak. So kry ons as voorbeeld die "Orient" in Pretoria. Ons kan aanneem dat die meeste dienste op die platteland in die opelug gehou is. Waar die ZCC egter meerdaagse opwekkings- of propagandasaamtrekke beoog, is gevalle opgeteken waar van gras, riet of droë mieliestamme 'n kraal of beskuttingsomheining opgerig is. Tewens op 13 Januarie 1960 was so 'n kraalheining nog te sien aan Egenase se ou hoofkwartier waar Joseph sy ankerpunt het. Te Delareyville is ook van mieliestamme gebruik gemaak. Dus word by plaaslike omstandighede aan=gepas. Sit en luister na die prediking word afgewissel deur sang en gebede. Die ritmiese beweging waarmee sang dikwels gepaard gaan, kan selfs so oorheers dat daarvoor ruimte nodig is; ja selfs die geykte liggaamshouding wanneer op "Oosterse" wyse gebid word, pas nie aan by stoele en banke nie.

Met betrekking tot die kerkgebou van die ZCC te Moria verklaar Lekganyane dat hy beïndruk is deur 'n sinagoge in Johannesburg-Noord. Ons meen egter dat daar aanpassinge gemaak is. So is die vyfpuntster, die ZCC en die kenmerkende kleure, geel en groen, aangebring. Die grondplan is 'n reg=hoek. Daar is 'n galery, hoofsaaklik bedoel vir die orkes. Aan die teen=oorgestelde kant is 'n ruim verhoog. Die hele gebou is modern asook die ameublement.

Die gehoor sit geskeie - mans en vroue afsonderlik. Met feestye is daar slegs plek vir eregaste, personeel, orkes, "geklede" Vrouegebedsbondlede (nie almal nie) en 'n paar besoekers wat gelukkig is om plek te kry. Lekganyane sit op sy spesiale sierstoel apart op die verhoog. By ge=leentheid was daar twee mikrofone; een slegs vir Lekganyane en die ander vir die tolke of predikers en tolke. Daar is gesien dat iemand spesiaal die stoel indra - as 't ware by die stoel wagstaan - en na afloop die stoel weer uit die saal verwyder. 'n Paar van Lekganyane se senior per=soneellede word ook op die verhoog geakkommodeer.

Die fluktuerende aard van die liturgie

Ons moet aanneem dat die hele aard en opset van die dienste in die ZCC

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



fluktueer. 'n Beskrywing en analise van die een, hou nie noodwendig steek vir 'n ander nie. Hierdie fluktuasie het nie slegs te make met die orde en die elemente nie, maar ook met standaard, stemming, deel=hebbing en so meer. So kom ons te hore van dienste waar die Bybel nie gebruik word nie of formeel bygehaal word en waar die prediker dan heel onbeholpe in teenwoordigheid van die vergaderdes soek om 'n teks te kry. Die teks sou egter geen verband hou met wat die prediker ten beste gegee het nie. Naas hierdie flitse uit die Lydenburgse wêreld, kry ons 'n veel radikaler afwyking soos opgeteken te Delareyville.

Dáár was die swaartepunt van die liturgie 'n begieting van 'n portret van Lekganyane gepaard met 'n kringloop, danssang en so meer. Informante vermeld dat ook in die kerkgebou aan die hoofkwartier daar fluktuasie is. Die vlag is by geleentheid al seënde gebruik. Enkelinge het in ekstase geraak of in beswyming neergesyg; daar is geprofeteer en huldigings=krete is gehoor.

Alvorens twee eredienste vergelyk word, word 'n tendens buite die ge=struktureerde aanbidding uitgesonder. Daar word in die dampkring van die ZCC liedjies gehoor wat herinner aan kort <u>dirêto</u> (tradisionele prys=liedere). 'n Swart predikant uit 'n gevestigde kerk stel dit so: "They compose as Africans used to do. They are just <u>sereto</u>." En dan gee hy as voorbeeld: "The Morning Star will come; Lekganyane, our God, is that Star ...." Uit 'n ander oord hoor ons: "<u>Jehovah o rile: Lichaba li tla phuthehela ha Mamabolo Zione</u>." (Jehova het gesê: Die volke sal vergader by Mamabolo Zion). 'n Volgende voorbeeld hou iets van 'n verweer in: "Ga se koša; ke thapelo mpogo." (Dis nie sommer 'n (dans)liedjie nie; dis die klimaks (van 'n huldigingsgebed). 'n Waarskuwingsliedjie in Zoeloe het die strekking: hulle wat onrein na Sion nader sal deur vuur verteer word. In die opvanggebied van die ZCC is 'n sekere liedjie popu=lêr. Dit is 'n éénsinlied: <u>Pelo ya motho ke sera</u> (die hart van die mens is 'n vyand) of ook omgestel: <u>Sera sa motho ke pelo</u> (die mens se vyand is sy hart). Langdurig en met allerlei harmoniërende wysieverandering word slegs op hierdie vyf woorde gesing.

Aanverwant aan hierdie neiging is waar <u>Lifela tsa Sione</u> 116 - 'n welbe=kende gesang uit 'n Protestantse liedereskat - verander word, sowel wat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



woorde as wysie betref. Jesu ke 'Moloki oa ka (Jesus is my Verlosser) word gesing as: Edward/Eddie ke Mmoloki wa ka. Alhoewel hierdie innovasie ook slaan op die dogmatiese, word dit ook hier verantwoord omdat die wysie meer dartelend word en ritmies volgens danspassies gerig word.

Eredienste aan die hoofkwartier

Die twee eredienste van die ZCC waarna verwys is, is gehou op 14 April 1963 en 29 November 1964 aan die hoofkwartier. Die eerste was in 'n Paasfeesbestel en die tweede op 'n gewone Sondag met die wete dat aan die navorser toestemming verleen is om verslag te doen met aanwending onder meer van klankapparaat.

As die liturgiese orde of verloop vergelyk word, is daar sodanige oor= eenkoms dat ons sowel 'n min of meer gevestigde vormgewing as 'n soepel variasie waarneem. In April was die gebou beset deur personeel en lede van die vrouegebedsbond asook eregaste. (Altesaam is binne en buite ongeveer 'n 5 000 met 'n luidsprekerstelsel bereik.) In November was daar sowat 700 in die kerk. Die gehoor was verteenwoordigend. Daar is egter ook beweer dat 'n deel aangery is. Die rektor en gade van die Teologiese Skool, waar Lekganyane student was, was ook uitgenooi.

Aksente in die erediensliturgie

Ten spyte van omstandigheidsoorsake meen ons dat die volgende aksente in die liturgie onderken kan word:

(1) Die sosiaal-sekulêre

Lekganyane en sy Raad (veral Lekganyane) neem 'n ereplek op die verhoog in. Hulle status is nie sonder meer kerklik nie. Weliswaar is na Lekganyane as "bishop" verwys maar sy beheerraadslede word in die om= gang bakgómana (edelman/hoofman) genoem. 'n Soort seremoniemeester tree op. Waarskynlik is dit een rede waarom ons geen votum kry nie. In die Aprildiens is daar 'n ineenstrengeling van feesaangeleenthede en erediens. Simon Monyethabeng is seremoniemeester en prediker. Die diens het al

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sy aanloop geneem dan rig hy 'n welkomswoord aan die besoekers. Ere=gaste word as 't ware by name genoem. Aan kapteins en Blankes word voorrang verleen. Na so 'n aankondiging is daar handgeklap. Daarna is statistiek van kerklike aard gegee met tussenin die getal voertuie wat op daardie tydstip getel is - selfs een ossewa. Nadat die Seën uitge=spreek is, het hy na die mikrofoon gekom en die verrigtinge afgesluit deur die gemeente/skare te lei in die welbekende: "Pula!. - Pula! - Pula!"

Monyethabeng, Moses Mamabolo en Lekganyane het in hierdie diens al drie gepreek. Moses Mamabolo lui sy preek in met 'n aanprysing van Lekganyane, sy samewerking met die owerheid en uitbouing van die ZCC. Mamabolo se optrede sou goedskiks kon inpas by 'n sosiale geleentheid of politieke saamtrek waar 'n hoof figuur in die kalklig geplaas word.

(2) Die blaasorkes

Die orkes het met die Aprildiens 'n afdeling mans in ZCC-uniform in optog begelei vóór die tyd en aansluitend die kerk binnegelei. Die orkes het teenoor die verhoog op die galery hul plek ingeneem. Aangesien die aanvangstyd vertraag is, het hulle slegs 'n paar liedere gespeel voordat die Biskop en sy Raad binnegekom het en terwyl almal staan totdat hulle hul plekke ingeneem het. By die Novemberdiens was daar vooraf meer tyd en kon hulle meer liedere speel.

Selfs voordat die gebou betree is, kon kerklike wysies gehoor word. So kon ons 'n indruk kry van hul repertoire en speelwyse. Met hoë uitson=dering is al die wysies uit Lifela tsa Sione afkomstig. As uitsondering is Fatshe le teng le ratehang oor die radio bekendgestel en uit Sankey-tradisie "Shall we gather at the river ...." gespeel.

Na afloop van die diens, onderwyl die mense uitloop, het die orkes weer gespeel. Gedurende die diens is nie juis met orkesbegeleiding gesing nie. Dit het egter tog gebeur toe Mamabolo sy preek afgesluit het en Lifela 108 - "Ha le mpotsa tšepo ea ka ...." self ingesit het.

'n Musiekkenner, mev H M Hofmeyr, wat die verrigtinge bygewoon het, het verklaar dat die tema van die liedere - van dié wat sy uitgeken het -

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


deurgaans gehoor kon word maar dat variasies ingespeel word. Volgens Lekganyane in 'n onderhoud, het die orkes op Moria tot stand gekom en is sy ontstaan nie aan ander ontleen nie. Ons kan gevolglik aanneem dat orkesspel en kerksang of selfs orkesspel met werwingstogte en tydens feestelike saamtrekke waar in gelid beweeg is, op mekaar in=gewerk het. Dit skyn of variasie by die ZCC neig tot die volgende temawysie: m.s:___:m.s:___:m.s:___m.s.:___ So word 'n pols(klop) beklemtoon en sou sang gepaard met groepbeweging van ritmiese aard bevorder kon word. 'n Soort liturgiese "Amen" word bygevoeg by etlike liedere. In Lied 116 - Ha le lakatsa ho tseba ... - is daar 'n her=haling van die "Amen", en dan volg hulle eie komposisie wat gepaard gaan met handgeklap. As voorspel voordat die diens 'n aanvang geneem het, is by die een geleentheid twee wysies met 'n sterk marsinslag ge=hoor. Gedurende die diens was die tendens om die standaard-toon=setting te handhaaf.

(3) Votum. Daar was geen votum nie. Die eintlike diens neem 'n aanvang met die sing van 'n Lied soos Lifela 200.

(4) Skakelsang. Waar sonder orkesbegeleiding gesing is, is nie van 'n amptelike voorsinger gebruik gemaak nie. Nadat die aanvangslied genoem was, kon die stem van iemand wat voorsing gehoor word, dog eers nadat die woorde frasegewys intonerend en in vinnige tempo "gedikteer" is. So word kontinuïteit dan in gemeentesang bewerkstellig. Die rede moet deels daarin gesien word dat almal die liedere nie uit die hoof ken nie, slegs 'n klein persentasie gesangboeke na die diens gebring het en daar diegene is wat nie kan lees nie. Meer as een prediker het opgetree en waar een prediker byvoorbeeld Lied 32 strofes 1 en 2 genoem het en self voorgesing het, het die volgende een vanaf strofe 3 begin voorsing. So 'n gebruik dien as skakel met die vorige en as voorspel tot sy eie boodskap.

(5) Die gebede. Daar was geen gebed deur een of ander van die predikers namens die gemeente nie. Skynbaar is dit gebruiklik om na die eerste gesang en voordat die Seën uitgespreek is, te bid. Geleentheid vir gebed is oor die luidspreker aangekondig met: A re rapeleng! (Laat ons bid!). Diegene wat beweegruimte gehad het, het op die knieë gegaan en met die hoof tot op die vloer begin bid. Die ander het in die stoele

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

vooroor gebuig en ook begin bid. As groep bid almal gelyktydig maar elkeen sy eie woorde. Toe die bandopname gespeel is, kon opnuut ge= hoor word hoedat die somtotaal van die stemme soos die gedreun van 'n waterval is. In sekere sin voel 'n mens asof die volume aangedraai word en geleidelik weer verminder word om dit uiteindelik af te skakel. Tussenin is daar stemme wat uitstyg en sommige wil-wil ooremosioneel raak. Pandemonium heers daar nie. Op weinig uitsonderings na, word daar= in geslaag om op ordelike wyse af te sluit. Hoedat dit bewerkstellig word, is met ons swart hulp ter plaatse bespreek en tot 'n slotsom geraak dat die persoon op die verhoog, wat die gebed aangekondig het, harder as die ander in sy nabyheid begin bid het. As hy dan ophou en sy plek op die stoel inneem, word diegene op die verhoog en die ander in die eerste rye daarvan bewus en hou ook op met bid. Op die wyse vind 'n soort ket= tingreaksie plaas. In die onderhawige geval was die stoel van die per= soon wat die mikrofoon hanteer het in so 'n posisie op die verhoog dat indien iemand onder die gebed sy oë sou oopmaak, hy die persoon terug op sy stoel sou kon sien.

(6) Skriflesing en prediking. Die Suid-Sothovertaling van die Bybel word gebruik. Alhoewel Lekganyane dit nie as 'n wet van Mede en Perse ag nie, was dit gebruiklik in sy vader se bestel en verkies hy dit ook so. In ons steekproewe was dit deurgaans die geval.

'n Interessante flits kry ons op wat aanleiding daartoe gegee het dat Lekganyane tydens die omvattende waarneming (insluitende bandopname) nie self gepreek het nie. Onderwyl die ondersoeker besig was om voor die diens buite opnames van die jeuggroepe en orkes te maak, kom die navorsings= assistent en deel mee : "Hulle het geskrik; die biskop sê hy sal nie gaan preek nie." En weerklink sy spontane, heerlike laggie op die band.

Dit skyn egter asof Lekganyane 'n bepaalde Skriflesing as 'n tweede of selfs hoof moment in die konstituering van die erediens uitsonder. Nadat hy 'n welkomswoord gerig het - op 'n tydstip toe die diens al 'n aanloop geneem het, en daar pertinent genoem is wie die drie is wat sou preek - kondig hy aan en sê: "Re tla bula pulo ya mošomo ka Pesalme ya kgaolo ya 27. Modimo a be le lena!" Waarop die gemeente antwoord met "Amen!" (Ons sal open die opening van die werk met Psalm hoofstuk 27. God wees met

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

julle!) Hy lees stadig en duidelik en bied geleentheid aan 'n tolk om die Skrifwoorde direk in Zoeloe oor te dra. Die Biskop vervolg: "Kgotso e be le lena! - uit die gemeente word "Amen!" gehoor - "Mantswe a pulo a mosebetsi wa rona ke wona a ...." (Dit is nou die woorde ter opening van ons werk). Handgeklap deur die gemeente.

Ten opsigte van die prediking self kan die volgende aangestip word: Waar Lekganyane Psalm 27:1-10, soos hierbo aangedui is, gelees het, kon ons geen verband sien met die prediking wat sou volg nie. Oor die al= gemeen volg Skriflesing eers na 'n inleidende woord. Die predikers het vry gepraat en die tolk het dieselfde mikrofoon gebruik. Dit is duidelik dat die predikers in dié praktyk geoefen is. Prediker en tolk koördineer seepglad. Lekganyane het sy eie, aparte mikrofoon .

Wisselwerking tussen prediker en gemeente word deurgaans bewerkstellig. Die aanspreekvorm vir gemeente is "Volk van God". 'n Soort eggobeaming word aan die gemeente ontlok. Die prediker punktueer sinne of kort sin= groeperinge met Kgotso ya Modimo e be le lena! (Die vrede van God wees met julle!); waarop die gemeente reageer met Amen! Hoe hoër die emosiona= liteit, hoe veelvuldiger en vinniger hierdie wisselwerking. Die prediking is bevatlik vir 'n gehoor wat nie noemenswaardig geleerd is nie. Daar is bewyse van beelde uit die ervaringswêreld van toehoorders wat ingebed word. So 'n voorbeeld kom uit die preek van Frans Ramakwane: "Nou, wanneer vrouens uitgaan om sprinkane te gaan vang ... instede van sakke neem hulle mandjies .... Hulle kom op die sprinkane af terwyl hulle nog verkluim is. Nadat hulle hul mandjies daarmee volgemaak het, op pad huis toe, ontdooi hulle as gevolg van die sonskyn ... en vlieg uit .... Nou sit hulle met die mandjies!" Hiermee wou hy dit inskerp dat by baie die preek by die een oor ingaan en by die ander uit.

Die onderhawige preke dui op 'n voorliefde vir deelname van meer as een prediker per diens, elkeen met sy eie tema. Onderling probeer hulle om 'n soort kontinuïteit te handhaaf deur 'n skakellied en inleiding alvorens 'n Skrifgedeelte of 'n teks gelees word. Lekganyane gee in die eerste diens byvoorbeeld 'n lopende kommentaar op Jesaja 41. Die oue Mamabolo impro= viseer meer demagogies as Skriftuurlik. Monyethabeng, daarenteen, het 'n oog vir die kerklike jaar. Hy kies Johannes 20:1-18 en lê 'n hegte

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


verband tussen Christus se opstanding en Sy Hoofskap deur Efesiërs hfst 1 ook in berekening te bring. Nadat hy vlugtig verwys het na die Opstandingsgebeure, val die klem eintlik op fundering in Christus, die eenheid en die eerlikheid in lewenswandel. Moontlik het hy die eenheid bietjie te veel gesien in die feit dat van heinde en ver per= sone na die Paasfees op Moria gekom het. Oor die algemeen was die preek skriftuurlik. Die prediker het blyke gelewer van 'n goeie spreker te wees wat boei deur voordrag en gedagtegang. Ons het diep onder die indruk gekom van sy verhewe taal en styl en die uitbou van sy tema. Dit is dus moeilik om tot reglynige bevindinge te kom oor Skrif en Prediking in die ZCC.

(7) Die Seën. Lekganyane het in albei dienste die Seën uitgespreek. Hy doen dit met uitgestrekte hande. Hy beskou homself en word deur die ZCC beskou as geordende. Tydens die Novemberdiens was sy woorde: "Laat ons die seën ontvang! (Met 2 Korinthiërs 13:13 in gedagte het hy vervolg) Die genade van die Here Jesus Christus en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met ons almal tot in ewigheid! Amen!"

Orde en verloop van die ZCC-erediens op 29 November 1964: Die orkes speel ter aanvang gewyde liedere. <u>Lifela</u> 200. Gesamentlike gebed. <u>Lifela</u> 315. Welkomswoord deur die Biskop en sy reëlings. Sy Skrif= lesing, Psalm 27:1-10. <u>Lifela</u> 12 strofes 1 en 2. Die drie preke: Eerstens Bethuel Makgobatlou: inleidende woord. Skriflesing Romeine 10-11. Sy preek. <u>Lifela</u> 67 strofes in volgorde 5 en 3. Tweedens Frans Ramakgwane: Vredeverkondiging as aanvang tot inleidende woord. Skriflesing Psalm 118:1 en 2. Sy preek. <u>Lifela</u> 32 strofes 1 en 2. Derdens Samuel Maake: Inleidende woord. Skriflesing Johannes 13 vers 34. Sy preek (handgeklap deur gemeente aan die slot) <u>Lifela</u> 32. Weer eens 'n kenmerkende gesamentlike gebed. Die Biskop spreek die Seën uit. Orkesspel onderwyl die aanwesiges die gebou verlaat. In <u>Verslag 1973</u>: 902-17 is 'n bandtranskripsie van die diens te vinde .

Opsommend kan oor die liturgie en aanverwante aspekte soos volg besluit word: Reglynige bevindinge word bemoeilik deur die komplekse en variërende aard in die ZCC. Soms is dit byna vry of soos die diens in November 1964, waaraan die meeste gewig toegeken moet word, strenger

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

beheersd. Lekganyane het byvoorbeeld gemaan dat die ondersoeker ook gewapen is met apparaat. Dit is egter duidelik dat ons met 'n hele spektrum te make het, sowel wat voorkoms as wat gehalte betref. Selfs die prestige kerksaalgebou te Zion City Moria bied nie ruimte vir die ritmiese bewegings en die vry geykte gebedshouding nie.

Aan die periferie van hulle (kerk-)sang moet ons kort liedjies onderken wat herinner aan die tradisionele diréto of prysliedere. Orkes en ge= meentelike sang staan in wisselwerking. In groter eredienste speel die orkes voor die aanvang van die diens asook na afloop onderwyl die aan= wesiges die gebou verlaat. By uitsondering word sang gedurende die diens deur die orkes begelei. Dit skyn of die orkes in sy speelstyl 'n polsritme beklemtoon wat sang gepaard met groepbeweging van ritmiese aard kon bevorder.

Die welbekende Lifela (Lifela tsa Sione) is deurgaans gebruik en dis duidelik dat die standaardtoonsetting redelik gehandhaaf word. Wat egter doelbewus bygevoeg is, is 'n soort liturgiese "Amen!". Na gelang van wie in die loop van die diens aan die woord is, hoor ons 'n voor= singer woorde frasegewys intoneer en dan voorsingend optree, sodat selfs diegene wat ongeletterd of oningewyd is, kan saamsing. Waar meer as een prediker optree, kry ons skakelsang vóór, tussen en ná optredes.

'n Eerste lied vervang in sekere sin die gebruiklike votum. Hiervoor is deels ook die sosiaal-sekulêre aspek van die diens verantwoordelik waarin 'n soort seremoniemeester ook ná die lied optree en 'n welkomswoord spreek met sosiaal-sekulêre inslag. Hierdie inslag is selfs voorhande by in= leidende woorde tot preke in die loop van die diens en neig tot ver= heerliking van Lekganyane en sy ZCC.

Die normale gebedswyse is op die knieë met hoof tot op die vloer. Daar word gelyktydig gebid maar elkeen bid sy eie woorde afsonderlik.

By Skriflesing word sterk voorrang aan die Suid-Sothovertaling gegee. Dit lyk of Lekganyane 'n losstaande Skriflesing as 'n tweede of selfs hoofmoment in die konstituering van die erediens uitsonder. Die tendens is dat meer as een prediker in 'n erediens optree. Hulle begin met 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



inleidingswoord voordat die Skriflesing gedoen word. Waar die pre= dikers Noord-Sothosprekend was, is in Zoeloe getolk. Die predikers is in dié praktyk geoefen. Die prediking is bevatlik met die oog op 'n gehoor wat nie noemenswaardig geleerd is nie. Wisselwerking tussen prediker en gemeente word ook bevorder deur 'n geykte, veelvuldige punk= tuering deur die prediker. Dit is die ene "Kgotso ya Modimo e be le lena" van sy kant met 'n gekondisioneerde eggo-"Amen!" uit die ZCC-gehoor.

Die prediking het beide perikoopprediking en teksprediking behels. By geleentheid het Lekganyane 'n lopende kommentaar op 'n gedeelte uit Jesaja 41 gelewer. Die drie predikers in die Novemberdiens het meer vanuit 'n teks gepreek. Daar is allerlei skakering tussen Skrifgebonde uitbouing en ineenstrengeling van sosiaal-sekulêre mensverheerliking en die Christelike boodskap.

Oorsigtelik beskou, stem die liturgie in die ZCC ooreen met dit wat ander swart splintergroepe uit die AGS-geledinge kenmerk. 'n Afwyking is die "Messiaanse", improvisasieliedjies. 'n Uitvoeriger beskrywing van die liturgiese aspekte kom voor in Verslag 1973:877-85 en die voor= melde 902-17 .

3.6.8 Die leerstellige aspek

Skisma of spontane ontwikkeling?

Met die ZCC kom ons voor 'n formele probleem op leerstellige gebied te staan. Enersyds stel respondente in beheerposisies binne die ZCC hulle op die standpunt dat die ZCC 'n beweging is wat spontaan ontwikkel het. Daar sou nie juis skismatiese separasie van 'n bepaalde denominasie of moederkerk gewees het nie. Andersyds is daar tog bewyse dat Egenase Lekganyane ingeskakel was by spesifieke kerkverbande soos die AGS. Selfs hulle konstitusie dui eerder op laasgenoemde. Ons kry (a) 'n glo= bale doelstelling wat enige kerk of sendinggenootskap kon onderskryf en (b) besonderhede wat gaandeweg die indruk versterk dat die ZCC 'n voor= liefde het vir 'n tipe Apostoliese posisie.

Wat (a) betref lees ons onder "Denomination":

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


"Such as to organise such denomination for the spread of the word of God and the Gospel of our Lord Jesus Christ in the World. Whereas the above pillars have seen, and still see with deepest Christian anxiety, the deplorable spiritual and mental condition of our people who inhabit the colonies of the world, which the word of God declares shall be lighted up with the glorious rays of the sun of righteousness, and whereas we further remember with deep emotion the last Command of our ascending Lord: 'Go ye into the world and preach the Gospel to all nations'; and desiring to show our love by our obedience, we there= fore resolve hereby to constitute ourselves into a distinct denomination ..."

Wat (b) betref is daar 'n besondere klemplasing op "Zion" as daar 'n kensketsende naam vir hulle beweging gekies word. Daar word na 'n Bybelse fundering gesoek. Hulle beroep hulle op Heb. 12:22-23 wat hulle soos volg aanhaal: "But ye are come unto Mount Zion, City of the living God, heavenly Jerusalem, innumerable company of angels; general assembly and Church of the first born of God, the judge of all." Daar word dan beslis: "The name of the Church shall be designated the 'Zion Church Christian'. Of hier bloot 'n omstelling is van die woord= orde in die naam en of Egenase later die meer gangbare Zion Christian Church gesanksioneer het, weet ons nie. Die "Zion" het egter in die separatistebestel 'n konnotasie in die dampkring van die Dowie-Le Roux= kettingreaksie onder Swartes. Ons herinner ook daaraan dat in een van die aansoeke om staatserkenning daar genoem is: "The only cause of secession was a desire to live more in accord with the earlier aposto= lic teaching ... total immersion ... the power to heal by prayer with= out the use of medicine. (The medical abstention including vaccination being against the tenets of the Church). In alle geval: Die ZCC be= tuig dat hulle Kérk wil wees en wil sy oorspronklike geloofsposisie onveranderd bly handhaaf.

Die Drie-eenheid

In 'n skriftelike antwoord van 'n vertroubare informant, rakende Edward Lekganyane, lees ons: "Die leier word op dieselfde voet beskou as Vader, Seun en Heilige Gees."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



God

'n Konsensus van die menings dui op 'n soort Deistiese Godsbegrip by die lede van die ZCC. Daar is by hulle weinig sprake van God die Vader. Daar word egter wel geglo in die "God" van Lekganyane, maar eintlik verskuiwe die aksent en kry ons belydenisse soos volg: "Modimo Lekganyane O tee." (God Lekganyane is een) - Dít by wyse van uittarting deur 'n ZCC-volgeling toe 'n sendeling besig was om die dak van 'n kerk op te sit. "Kgoši Modimo Lekganyane" (Koning God Lekganyane) is gehoor. "Sometimes he is called God." "Ek skaam nie om te sê Lekganyane is 'n god, want hy gee reën." 'n Respondent wat vroeër 'n opname gemaak het, het beweer dat hy vyftien ZCC-gesinne ondervra het en kom tot die gevolgtrekking: "Lekganyane is God and there is no other God above him". 'n Ander infor= mant lewer die volgende getuienis: "Some time back, when I was still at school, I was a member of Lekganyane's. - You saw the woman who passed here just now, she is my stepmother. She belonged to the church of Lekganyane and so I joined the church. Some of my friends told me that I had joined a church worshipping an ordinary man, I didn't believe them. But one day in the evening, they had a tsošoletšo (revival meeting). We were to go to a certain village. We walked in a group. At a certain point one said that we should pray. We all knelt down and prayed. A certain man, staying near Zion City, prayed also. He was a Venda and in his prayer he mixed Venda and Sotho, as though his "God" only spoke Sotho, and this is what he prayed: 'We are praying to Thee, the living God, Egenase Lekganyane of Thabagone'. Hy vervolg dan: "That shocked me and discouraged me, seeing that one of my friends, who told me before that the Church worshipped a man, was present. He was right."

Almag en alwetenheid word deur die ZCC-volgelinge aan sowel Edward as sy vader toegeskryf. In 1948 reeds is beweer dat die stigter die doen en late van sy volgelinge sonder tussenkoms kon kontroleer. Onderwyl die navorser veldwerk in die Groblersdalse omgewing gedoen het, was 'n intelligente informant, 'n onderwyser, nie gewillig dat sy naam op band gehoor sou word nie. Dit sou gevare net vererger, want Lekganyane weet in elk geval op daardie oomblik waarmee ons besig is. Dit slaan op Edward en dateer uit 1960.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Die bevoegdheid om sondevergifnis te verleen, is aan Egenase toege=skrywe. So word getuig dat as 'n ZCC-man buite-egtelike gemeenskap gehad het hy vergifnis van Lekganyane kon erlang. Blykbaar was dit usansie om onder sulke omstandighede 'n geldoffer aan te bied.

By geleentheid in Noord-Transvaal het 'n groep volgelinge voor 'n vol rivier met wa en osse te staan gekom. Die leier het beveel dat in die naam van Lekganyane deurgevaar moes word. Ongelukkig is wa en osse meegesleur en het etlike van die geselskap 'n waterdood gesterf. Edward sou egter reën kon skenk of weerhou. Daar is gevalle bekend waar met donkiekarretjies oor die 160 kilometer na Moria afgelê is ten einde reën van Lekganyane te bekom. 'n Informant deel verder op 10/12/63 mee dat Lekganyane self gedurende 'n fees in daardie jaar sou gesê het dat die droogte en dergelike strawwe verband hou met die feit dat ZCC-volgelinge nie hulle offergawes na Moria bring nie. Ons ge=tuie wys daarop dat Lekganyane self die Bybel gelees en uitgelê het. Hy het uit Miga gelees en dit was vir hom duidelik dat die voorspel=lings volgens Lekganyane op homself, Moria en die ZCC in die eerste plek betrekking het; dog by implikasie ook in wêreldwye perspektief gesien moet word. Immers, Miga 1:2 lui: "o Volke, luister almal saam! o Aarde en sy volheid, let op! Sodat die Here Here getuie teen julle kan wees, die Here uit sy heilige paleis."

God die Seun

Oor Edward Lekganyane as die "Seun" sou dit nie moeilik wees om uit=sprake van ZCC-volgelinge op te stapel nie. Die volgende gee 'n aan=duiding:

"Lekganyane is die Christus van die Bantu."

"The Church to which I belonged, believed and taught that there was one man sent by God - this man was a non-European - and that he is our Jesus."

"Nou, in 1960 het twee gedooptes van die ZCC vir my die volgende meege=deel: 'As hulle sonde gedoen het, vra hulle vergifnis in die naam van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Jesus en Lekganyane.'"

Iemand het op versoek sy getuienis skriftelik bevestig (21/11/60) en deel o.a. mee: "'n Sekere F M alhier het in 1959 vir my gesê hulle noem Lekganyane die Verlosser, omdat hy die Bantoe uit die duisternis in die lig gebring het ... met nadruk word verklaar dat Ps 2:6 nie profeties van Jesus is nie, maar van Lekganyane. ".... ba mo rêta ba re: 'Lekganyane ke modimo wo o jago bogobe" (hulle prys hom en sê: 'Lekganyane is God wat pap eet') kom weliswaar nie van dieselfde segs=man nie, maar is stawende getuienis van wat hy persoonlik aangehoor het. "Een prediker het by herhaling gesê dat Lekganyane Jesus Christus ten volle is (Yesu Kriste ka botlalo). Hy sê: God het sy Seun Jesus na die aarde gestuur om siekes gesond te maak, dooies op te wek, blindes se oë te open, ens.; en nadat Hy aan die kruis gesterf het, het God vir Jesus na die hemel teruggeroep en Lekganyane in Jesus se plek gestel om siekes gesond te maak, Blankes en Nie-blankes, van die Ooste en Weste, die Suide en die Noorde, Lekganyane is Jesus Christus ten volle." Dit is wat mense van hom getuig.

Liedere, wat in die ZCC gesing word, is 'n besondere bron waaruit ons tot kennis oor die wesenskenmerke van die beweging geraak. In die af=deling Liturgie het ons reeds een en ander na vore gebring. Ons het gewys op liedere uit bekende Sangbundels, waar die naam van Jesus Chris=tus vervang word met dié van Lekganyane, soos in Lifela tsa Sione, no 116, waar "Jesus is my Verlosser" verander word tot "Eddy is my Verlosser." Maar dis veral in die meer spontane uitinge - veral liedjies geskoei op tradisionele vorme en wysies - waar ons 'n insae kry in wat onder baie van die ZCC-geledere gangbaar is. So kry ons: "Jesus Christus, Hom sal ons nie prys nie, maar Lekganyane is ons Christus" (26/10/60). "Eddie re rapelele Kwanyane ya Modimo" (Eddie, bid vir ons Lam van God). Dit dui op 'n voortsetting van die Messiaslyn, aangesien ons ook kry: "Naledi ya moso e tlile, Kwanyan'a Modimo, Egenase." "Die Môrester het verskyn, die Lam van God, Egenase); en dan: "Eddy maak vir ons die weg oop; ons is kinders van Eddy; maak vir ons oop!"

'n Ander skakering kry ons in die gedagte dat Edward Lekganyane die vicarius Christi is soos die Pous in die Rooms-Katolieke Kerk. Die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



getuienis vind ons sonder die minste moontlikheid van ruggespraak, byvoorbeeld uit die omgewing van Wonderboom-Suid en Lobethal (Sekhu=khuneland). Nadat 'n informant sewe redes aangevoer het waarom die ZCC die Evangeliese Kerke sou haat, vervolg ons getuie uit Lobethal:

"It is however interesting to learn that Edward instructed his people that whenever they go away from Z.C.C. they must never be without church. He advises his members to join the R.C.C. when they are tired of Z.C.C. because the pope is Vicarius Christi like himself; beside these two churches Z.C.C. and R.C.C. all are not real churches."

Lekganyane behandel per geleentheid 'n gedeelte uit Jesaja in 'n erediens. Op die klank af sou 'n mens hier geen "Messias"-kompleks kon vasstel nie. Die merendeel informante, egter, wys nie slegs op 'n voorliefde vir Messiaanse profesieë by die ZCC nie, maar ook op die feit dat Lekganyane die Woord sou wees, vlees (1979-vertaling verkies mens) geword het en onder hulle die ZCC's kom woon het. Ons het reeds beskrywe hoe Edward hom by geleentheid laat "kruisig" het en so hierdie geloof wou propageer. Ons kan ook aanneem dat hy deur die jare heen 'n fyner diplomaat geword het, en/of dat sy luitenante en volgelinge die Messiaskap uitdra. So word Bybeltekste as op Edward duidende geïnterpreteer. Iemand wys pertinent daarop dat tekste geneem word waarin daar van kgotso sprake is. Hierdie vrede kry dan 'n besondere konnotasie, byvoorbeeld Jesaja 53:5. Gewenk word dat die feit dat hy soos 'n gewone mens lyk, ons nie moet blind maak vir die feit dat hy in die volheid van die tyd in ons midde kom woning maak het nie. So word profesieë van Daniël op Lekganyane en 'n Swart Ryk betrek. Toe Koning George op sterwe gelê het, sou hy 'n kroon op 'n swart man se hoof gesien het en hierdie man sou later blyk te wees Edward Lekganyane.

Die buitelandse toer van Lekganyane in 1960 en sy beplanning dat hy betyds terug sou wees vir die Septemberfees het nie net baie reklame=waarde na buite gehad nie (bv Zonk, Julie 1960) maar het ook half-mitiese verbeeldingsvlugte onder sy volgelinge aan die gang gesit. Hy sou aan die Pous gaan bewys het dat hy 'n ewevoeter is .... "They say all other churches are not churches. They will be swallowed up by his church. That will be the only church. There are no Europeans in the

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



church, but members tell stories about Europeans being in the church. It is said he baptised many in England." Blanke volgelinge sou ook reeds Moria tydens feeste bywoon. Hulle ondervind geen taalmoeilikheid nie - al ken hulle geen Sepedi nie - want deur 'n wonderwerk verstaan en praat hulle dit onmiddellik.... Onderwyl hy op toer was, is gesê dat Lekganyane gegaan het om 'n "koninkryk te gaan ontvang." By sy terugkeer sal hy 'n groot man wees, 'n kaptein volgens sommige. Ander weer het bespiegel of Lekganyane nie dalk 'n teenhanger vir Luthuli is nie en het dus vir hom laasgenoemde se bepaalde aardse politieke aspirasies toegedig.

Aan inligting oor 'n besondere middelaarsposisie moet buitengewone gewig toegeken word. Baie beweer - en dit verneem ons ook direk van die ZCC-lede - dat die Lekganyanes nie self Modimo is nie, dog funksioneel 'n essensiële tussenskakel is tussen God en mens. Daarom word gebid tot die God van Egenase en Edward. Slegs deur hulle kan in aanraking met die ware God gekom word. So sterk is hierdie geloof dat die tradisionele geloof in die badimo (voorouergeeste) as middelaars by die tradisionaliste ondermyn word. Hierin vind ons dalk een van die antwoorde waarom die ZCC daarin slaag om 'n deurbraak tot die heidene in Sekhukhuneland te bewerkstellig, wat aan menige historiese sendinggenootskap nie beskore was nie. 'n Jong swart man naby Delmas stel die posisie soos volg: "Ek gaan na die ngaka (kragdokter) en hy sê ek moet 'n bees uithaal. Ek haal uit; ek word nie gesond nie. Ek gaan na Lekganyane en word gesond; ek haal 'n dankoffer uit. Lekganyane is 'n groter ngaka; hy is sterker as die badimo met wie die ngaka werk. Hy staan naby Modimo."

God die Heilige Gees

Ons het reeds gesien hoedat daar van 'n taalwonder sprake is by die hoofkwartier, Zion City Moria. Wonders en 'n legio charismata, waarvan Lekganyane die bron of kanaal is, vloei na bewering deur tot die lede van die ZCC. Die mantel van Elia (Egenase) het op besondere wyse op Edward geval. (Ons het reeds verneem hoe hierdie "apostoliese opvolging" en "ampsbekragtiging" vanuit die Josephgeleding bestry word). Hoe dit ook al sy, 'n relaas oor die dood van Egenase lui dat hy nie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


gesterwe het nie, maar verdwyn het. Edward sou toe uit die huis gekom en gesê het dat sy vader nie meer daar is nie maar dat sy vader se gees nou in hóm is. Kort daarna sou hy 'n openbaring ontvang het dat hy groter as sy broer Joseph sou word.

'n Stap verder en hy is nie slegs "Jesus Christus ten volle" nie, maar ook die Trooster met hierdie verskil dat die "Trooster" eintlik Lekganyane is in wie die Heilige Gees geïnkarneer is. Dit sou dan die geheim wees waarom daar soveel seën rus op die ZCC. (Daar is selfs 'n trop maer beeste op een tydstip gedurende die Septemberfees 1963 oor die feesterrein voor Lekganyane verbygejaag. Dit was op die oomblik dat hy van sy woning die plein betree het. Later sou die ondersoeker verneem dat die seën van Lekganyane hierdie beeste sou vetmaak.)

Lekganyane word bejeën as die "God" van die Swartes wat hulle uit die duisternis tot die lig geroep het. Ons bemerk hier 'n formele ooreen= koms met die woorde in 1 Petrus 2:9. Die uitleg is egter dat hulle "God" ("Vader, Seun en Heilige Gees") saam met die ZCC tans "pap eet", reeds die eindbedeling ingelui het en nog in sy volle "goddelikheid" aan die ander ook geopenbaar sal word in die volle lig wat van Lekganyane afstraal.

Die Kerk

Ons het al uit verskillende gesigshoeke flitse op die kerkbegrip in die ZCC gekry. Namate die ZCC onder Edward 'n al-sterker wordende posisie verower het, voel hulle nie meer minderwaardig teenoor ander bewegings en selfs gevestigde kerke nie. Ten spyte van 'n betekenisvolle toevloei uit die kerke na die ZCC, lyk dit nie of hulle die ZCC se kerkbegrip noemenswaardig korrigeer nie. Die koersduiding is eerder in die rigting dat die beweging hom aandien as 'n omvattende, religieuse gemeenskap. Die tendens word hieronder verder verduidelik.

Samevatting

Opsommend oor die leerstellige sou ons kon bevind:

Die ZCC wil volgens konstitusie 'n "Apostoliese" geloofsposisie onver=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

anderd handhaaf en op daardie grondslag uitbrei. In die praktyk is daar fundering en uitbouing wat van hierdie grondslag afwyk.

As ons uitgaan van die Christelike Drie-eenheid, kry ons by die ZCC 'n soort monoteïsme waar Vader, Seun en Heilige Gees saamgetrek word en wat deïsties is in die sin dat God eintlik verdring of verplaas word. Om hierdie bewering te staaf, is die volgende tydens veldwerk opgevang: "'God' Lekganyane is een; daar is geen God bo hom nie. Hy gee reën en kan verhoed dat dit reën. Tot hom word gebid. Hy is almagtig en al=wetend. Hy skenk vergifnis van sonde."

Iets word afgeding aan hierdie onverkorte uitsprake deurdat God die Seun as onontbeerlike tussenskakel tussen mens en God gestuur het. Dié "Seun" sien meesal op Lekganyane. Weliswaar is ook aangevoer dat in die naam van Jesus en Lekganyane gebid kan word. Maar dis veelal Lekganyane wat eintlik die tussenkoms van voorouergeeste (badimo) uit=skakel. Lekganyane is by uitstek die "Christus" van die Swartes; of Psalm 2:6 dui nie profeties op Jesus as Christus nie maar op Lekganyane. Immers so stel iemand dit blatant: Lekganyane is Jesus Christus ten volle (Yesu Kriste ka botlalo).

'n Ander skakering is dat Lekganyane die vicarius Christi in Rooms-Katolieke sin is met dié verskil dat die ZCC by implikasie in sy wê=reldomvattende pretensie ook die Rooms-Katolieke Kerk sal insluk. Tewens die eind-eskatologiese bedeling het nie slegs met die "mens=wording" van Lekganyane in beginsel, en wel as "Koninkryk", aangebreek nie, maar Lekganyane leef steeds onder mense. Die bestel aan die hoof=kwartier, Zion City Moria, is nie bloot eksemplaries nie want ononder=broke in tyd en ewigheid sal Lekganyane se "vredesryk" sig uitleef en uitbrei.

In hierdie leerstellige ZCC-pretensie is daar nie juis ruimte vir 'n vry afsonderlike Pneumatologie nie. In Lekganyane is die "ander Troos=ter/Voorspraak" (Joh.14:16) in 'n sekere sin geïnkarneer. Hy deel reeds in die seëninge van "ampsbekragtiging". Hy is die bron van lewens=belangrike charismata . In sy bediening word reeds taal- en hoor=wondere gesuggereer soos in Handeling 2, op Pinksterdag.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

So word die ZCC in eie oog 'n unieke, omvattende "heilskoninkryk" onder Lekganyane as stralende "heilgewer".

3.6.9 Genesing in die ZCC

Die genesingsaspek is sterk uitgebou in die ZCC. Verreweg die meeste ZCC-volgelinge, wat ons te woord gestaan het, beweer dat hulle in hul soeke na heling uiteindelik baat in die ZCC gevind het.

Daar is reeds verwys na 'n aansoek om staatserkenning en hul standpunt: "the power to heal by prayer without the use of medicine. (The medical abstention including vaccination being against the tenets of the Church)". En alhoewel die ZCC in hierdie opsig dit tans nie heeltemal so nou neem nie, was hulle vroeër verbete teenstanders van mediese dokters, klinieke en hospitale. Met die ontwikkeling van Atteridgeville en die uitbouing van sy polikliniek, was dit veral ZCC-lede wat weerstand gebied het. So gebeur dit dat ZCC-pasiënte in die openbaar onsag behandel is. Aan ons is vertel hoedat hulle met naalde of prieme 'n jong dogter bloedge=laat het. Haar neuswande is aan die binnekant deursteek dat die bloed uitstroom. Dit is deels gedoen om te demonstreer dat die ZCC kan doen wat mediese dokters doen en veel meer. Maar elf jaar later, so teen 1963, word nog by 'n vulstasie in Voortrekkerweg (Pretoria) deur 'n ZCC-aanhanger in vooruitsig gestel dat Lekganyane hospitale soos die Pre=toriase Algemene Hospitaal (tans Hendrik Verwoerdhospitaal) sal laat leegloop. Uit Wes-Transvaal verneem ons van 'n soortgelyke stellingname deur die ZCC (Verslag 1973:891-2).

Met die geweldige opgang wat die ZCC in die Edward Lekganyanebestel gemaak het, was dit vir hom noodsaaklik om sekere magte te delegeer. So is aan die ondersoeker op die feesterrein, waar persone met water besprinkel is, deur sekere ampsdraers verduidelik dat Lekganyane hierdie magte aan hul gedelegeer het. Seën word so oorgedra. So weet ons ook dat water geneem word van die hoofkwartier om op die werf of lapa tuis te sprinkel. Hierdie handeling staan ook in die teken van 'n gebed om reën of is 'n reënrite.

Alhoewel daar dan met die verloop van tyd sekere innovasies kom, skyn

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


dit of die ZCC die ou grondslae in wese nie verander nie. So lees ons: "From under a tree he ministered his flock. All those who were ill, queued to tell him about their diseases and misfortunes. After vigorously handling them from head to knees, they were passed on to assistants who completed the 'cure' - like one who sprinkles blessed water on the faces, backs and soles of their feet" (Drum, July 1954).

3.6.10 Die tradisioneel-religieuse aspek

Selfs in die by uitstek beskrywende benadering van die ZCC, val dit op dat daar 'n besondere vervlegting met die tradisionele religie be= staan. 'n Respondent, wat te Molepo, naby Zion City Moria gebore is, later sleutelposisies in sy kerk beklee het en by geleentheid selfs as mondstuk ten bate van separatistiese bewegings met regeringsinstan= sies onderhandel het, wil die ZCC sien as 'n spontane groei uit 'n be= sondere kultuurbodem, in sonderheid die tradisioneel-religieuse van die Swartes. Hy verwys dan veral na die ngakaskap waarvoor die Lekga= nyanes bekend was.

Deurgaans het die navorser by ondervraging van informante buite ZCC-verband konsensus gekry dat Egenase en Edward eerder as dingaka gesien moet word as dat hulle kerklike president of biskop sou wees. Verwant aan hierdie gedagte is beweringe dat hulle tradisionele dinohe (sieners/waarsêers) is eerder as profete.

Vroeër is vermeld (3.6.2) dat in die familie van Lekganyane beroemde "profete" sou gewees het. Dit lyk asof dergelike prestige 'n aan= beveling in ZCC-verband is. Ons sou dit ook kon stel dat indien iemand in sy persoonlikheidsamestelling sensitiwiteit openbaar vir profetisme hy die oog vang vir een of ander rol in die beweging.

Dit is egter opvallend dat in die ZCC vroue in ons ondersoekperiode nog nie juis uitgestyg het in die formele weergawe van hulle kerkregering of geestelike opset nie. Dit beteken nie dat hulle nie langs die weg van hul vrouevereniging inspraak het nie maar dat daar in dié opsig verskil is met ons bevindinge rakende besondere bewegings in Winters= veld en Evaton soos verantwoord in hfst 2B.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Ander konnotasies word egter ook aan profete en profetisme gegee. 'n Blanke eregas het gesien hoedat iemand gedurende 'n fees op Zion City Moria op die grond heen en weer rol en praat. Op navraag is aan hom verduidelik dat die persoon aan die profeteer is. Dit gebeur ook dat persone rukbewegings met die skouers maak. Die "gees" sou dan by die skouers ingaan as voorspel tot profetering. In dergelike gevalle en waar veral tydens hoogtepunte gedurende dienste en feeste die gevoel hoog kan loop en sommiges in vervoering raak, kon selfs gepraat word van gekondisioneerde profetisme .

Daar is ook informante wat beweer dat profetisme spontaan ontwikkel. Dit sou dan slaan op gevalle waar 'n persoon 'n natuurlike of erfregte=like aanleg het, dog wat gestimuleer kan word. Dit lyk of ons respon=dente uiterlike ooreenkoms sien met die geroepenheid en opleiding tot <u>ngaka</u>skap maar sonder die tradisioneel-religieuse veronderstellinge. Dit wil sê, dat "profete" in die ZCC vergelykbaar is met persone aan wie in gewone kerklike bestel al in die geskiedenis speling gegee is op grond van singuliere gawes .

'n Verdere konnotasie word skynbaar aan profete in die volgende situasie gegee: Alhoewel ons nie toegelaat is om nader te gaan nie, het ons gesien hoedat op 'n afgekampte terreintjie te Moria 'n tipe bieg en/of droomduiding aan die orde was. Ons begeleier het verduidelik. Iemand wil byvoorbeeld 'n droom uitgelê kry. Hy of sy gaan dan in daardie kampie en vertel dit aan een van die profete wat daar diens doen. So 'n profeet is bevoeg om die droom op te klaar.

Vervlegting word verder gesien waar die meer magiese ingeweef word. Op 31 Augustus 1960 beweeg 'n respondent op die terrein aan die hoof=kwartier. Hy vind 'n paar mense druk besig om <u>moretlwa</u>stokkies te sny. Dit is net voordat aanhangers uit alle oorde na die fees sou kom. Ons weet dat soortgelyke pennetjies in die proses van siektediagnose in die ZCC byvoorbeeld op die kop van siekes gedruk word. Dit is ook welbekend dat tradisionele kragdokters behandelde penne om landerye inslaan ter beskerming teen haelskade en so meer. Ons vermoed dit is in hierdie konnotasie dat die <u>moretlwa</u>stokkies versprei word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Lekganyane sou in die ZCC-kringe vir Modjadji, "reënkoningin" by uitnemendheid, as reënmaker oortref. Ons het reeds in 3.6.4 verwys na die "seën"-rite wat Lekganyane by die boom met die ZCC-vlag uitvoer. Onder die opgestapelde voorwerpe was identiteitsdokumente, kieries, koffie en houers. In Verslag 1973:896 word verdere besonderhede gegee wat op 'n onderbou van magiese aard dui. Naby Groblersdal bevestig 'n informant wat voorheen 'n leier in die ZCC was, wat hy onder andere in konferensies van die Dorotheasending openbaar het. 'n Uitgawe van Dorothea News (omstreeks 1960) noem 'n magiesgelaaide seël wat teen £5 (R10) gekoop kon word - "with our 'god's' name and symbol (an ox) called 'Mohau' (grace). This piece of paper was sent to me when my wife was ill. I had to wave it over her, which would 'heal' her in the name of our leader, and enable her to bear a child. Even the dead may be raised with this paper!" (Hierdie informant, AM, staan ons te woord op 22 Oktober 1960.)

'n Swart skoolraadsekretaris, EK, doen 'n ondervinding op tydens "Bat-fair", 'n skou op Hammanskraal in 1963. 'n Swart verslaggewer, behorende aan die ZCC, is in die geselskap van kapteins, skoolraadsekretarisse en ander. Tee word op 'n skinkbord voorgesit. Die verslaggewer haal 'n stuk papier te voorskyn en waai daarmee oor die tee. Die segsman vertel hoe hy en van diegene wat die tee gedrink het en nie in die ZCC is nie, ietwat ongemaklik gevoel het oor hierdie optrede van die verslaggewer omdat hulle nie die dieptesin van die handeling - hetsy ten goede of ten kwade - kon peil nie.

### 3.6.11 Tug, sy aard en effek

In die ZCC kan die tug nie juis behandel word soos dit formeel en logies in die beskrywing van Kerke saamhang met Woord en Sakrament nie. Dit is 'n tug wat in sy omskrywing desnoods uit ten minste twee gesigs=punte of op twee vlakke betrag kan word, 'n normale en 'n supernaturele.

Wat die normale betref, is daar 'n sekere etiese tendens. Dit geld ook die prediking en word liefs hier genoem omdat dit hier beter inpas.

Daar word gemaan tot liefde onderling en waar die erediensopset nie so

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



streng is nie, word daar in die sosiaal-sekulêre komponente geroem dat diefstal en bakleiery nie op Moria - al sou daar ook derduisende byeen wees - plaasvind nie. Die sterk ZCC-polisiemag wat kontrole uitoefen, word dalk diplomaties verbygegaan. Dit is immers hulle wat grootliks bydra tot voorsorg wat getref word dat byvoorbeeld sterk drank, wapens of messe, nie die terrein binnegedra word nie. Besoekers besef wel deeglik dat hulle daar binne die magsfeer van Lekganyane en sy ZCC is. Ons het ook getuienis dat Lekganyane self tydens feeste sy volge=linge maan om gehoorsaam te wees aan landswette. By geleentheid het hy hulle geloof dat hulle nie betrokke was by die Sharpevillegebeure nie.

Oor die algemeen stem informante buite ZCC-verband egter saam dat die tug - gemeet aan kerklike standaard - slap is. Dit sou veral geslag=telike verkeer raak. Daar sou glo 'n "lerato la boena" ("liefde van broederskap/gemeenskap") beoefen word in ZCC-geledinge. Hierdie onder=linge liefde sou dan dui op geslagtelike verkeer op losse skroewe. Uit Standerton, Belfast, Groblersdal en Pretoria kry ons getuienis dat daar op hierdie gebied allerlei toegewings gemaak word. Op 25 Oktober 1960 kry ons twee informante, kilometers uitmekaar. Die een beweer: "If he (naamlik Lekganyane) chooses, she must obey." Hierdie "she" is enige vrou uit sy aanhang wat hom behaag. Die ander een omskrywe: Lekganyane word as 'n soort bruidegom beskou en illustreer: Sy huisbediende hoor dat 'n vrou so pas by die ZCC aangesluit het en sê: 'Daardie vrou kan nou te eniger tyd na Lekganyane se lapa ontbied word.' 'n Verdere uit=breiding sou wees dat by toetrede 'n vrou of dogter na die plaaslike leier se lapa ontbied kan word. Dit sou 'n soort rituele eenwording in die ZCC vervolmaak.

'n ZCC-leier sê dat hulle nie nousienend met betrekking tot dergelike buite-egtelike verkeer is nie want "hulle maak soldate". 'n Ander variasie is dat die nagtelike dienste gepaard met hulle danse aanleiding gee tot onsedelike verkeer: "What actually happens is this that, when members of this congregation are asleep, they are visted by the spirits. For an example the spirit of Mna A may visit him and inform him to have intercourse with Mohu. B." Daar kan nie weiering wees nie, "in fear of the spirits".

Ons bemerk gaandeweg dat ons voorneme om uit tweërlei gesigspunt of op

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

tweërlei vlak die tug in die ZCC te behandel nie deurgevoer kan word nie. Die normale en die supernaturele staan in allerlei verbintenisse. Wat laasgenoemde betref is daar ook 'n webagtige verbinding. Die supernaturele is tegelyk persoonlik en ook onpersoonlik. Hierbo was van voorouergeeste (persoonlik) sprake wat inspraak het. Lekganyane egter, se leiersrol is nie bloot te begrype op die vlak van wat normaalweg terrein van die Sielkunde is nie. Sy charismata sluit ook skakeling met voorouergeeste en okkulte, magiese komponente in. ZCC-aanhoriges leef in 'n bestel waar Lekganyane sou heel of beskerm of andersyds seën kan weerhou en kan bedreig ver bó die magsbevoegdheid van kerklike leiers. Lekganyane se volgelinge verheerlik hom of vrees hom in so 'n mate dat hulle hom kwalik sou kon kritiseer op gevaar af dat supernaturele sanksies in beweging kom. Immers hy word bejeën as "biskop" of "kaptein" en "middelaar-ngaka" van 'n ander as die gewone, kerklike orde.

Die tug kan gevolglik in die ZCC uiteraard nie as aparte ondereel en volgens kerklike model omskryf word nie omdat vreemde komponente voorhande is. Die vraag ontstaan of die ZCC nie eerder kultureel-religieuse beweging as Kerk is nie en die tug uiteraard meer organies deel is van die ZCC-korpus nie.

### 3.6.12 Die gestalte van die ZCC

Die stigter van die ZCC is Egenase B Lekganyane. Vir sowat dertig jaar sou sy lewe en strewe bepalend inwerk op die aard en ontwikkeling van die ZCC. Ons het aangetoon dat die ZCC as skeurbeweging ontstaan. Hy en sy beweging pas egter nie mooi in 'n kerklike spektrum nie. Tewens die ZCC sou al vroeg in daardie bestel begin aanvoer dat hulle nie gesepareer het nie maar spontaan gegroei het. Egenase fundeer sy stigting eerder tradisioneel-religieus as teologies. Informante sien in hom 'n ngaka eerder as kerkleier en onderstreep die tendens dat hy as 'n besondere Swart Messias bejeën word. Ook word 'n sterk kommersiële inslag onderken dog die motief agter dankoffers is dikwels vreemd aan kerklike offervaardigheid en korreleer op die tradisionele voorouerdiens en onpersoonlike supernaturalisme. Egenase tref verder voorsorg dat die ZCC erfregtelik bemaak kan word binne Lekganyanefamilieverband.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Na Egenase se dood in 1948 ontwikkel daar 'n magstryd om leierskap in die ZCC tussen die twee broers Joseph en Edward Lekganyane. ZCC-aanhangers betwyfel nie die erfregtelike aanspraak nie. Die twee=spalt ontstaan as gevolg van groepvorming. Edward slaag daarin om 'n oormag te monster aanvanklik met behulp van stedelike pressiegroepe en meer onortodokse werwingsmetodes. Alhoewel Edward daarin slaag om die grootste gedeelte van die ZCC mee te voer, bly die ander ZCC-seksie nog voortbestaan onder Joseph.

Edward is meer as primus inter pares, bewerkstellig binding aan hom as persoon en inspireer 'n sterk leierskorps tot spanwerk. Toegegee dat hy in 'n ander tydbestel as sy vader optree en meer geleentheid tot uitlewing gebied is, bereik hy binne die bestek van agtien jaar meer as sy vader in dertig jaar. Soos in die geval van sy vader kan sy persoonlikheid nie getipeer word bloot op normaal sielkundige vlak nie. Daar is charismata wat hy beoefen en deur bewonderende volgelinge aan hom toegeskryf word wat verband hou met die tradisionele kultuur in sy supernaturele dimensies.

Op skouspelagtige wyse word die ZCC aan hoofkwartier, Zion City Moria naby Pietersburg, gedurende feestelike saamtrek, veral oor Paasnaweek, in lewe en strewe vertoon. Hierdie feeste is meer as net 'n groot toe=loop van mense. Dit is ook organisatoriese en religieuse knooppunte. Daar is geleentheid vir gemeentelike reklame, feestelike samesyn en geldelike insameling, magsvertoon en nie meer so periferies nie, toe=ristemeelewing. Wat die ZCC betref, is daar bykans organiese verband=legging. So is daar naas die Heilige Doop en Heilige Nagmaal ook ver=sterking van groepbewussyn soos jeugparades, optogte onder orkesbege=leiding en huldiging van die leier. Hy word in die kalklig geplaas. Daar word ook meer innerlike binding aan hom verstrek deurdat sy be=weerde charismata, byvoorbeeld gedemonstreer word waar hy in helings=rites self optree of sy magte delegeer. Die trefwydte van sy omvattende seën blyk uit gebruiksartikels, identiteitsdokumente, houers, koffie, kieries wat deur hom onder die "heilige" boom op rituele wyse met krag gelaai word.

Wat samestelling en organisasie aangaan, is die ZCC die grootste beweging

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

in sy soort binne ons studieveld en ook die mees gekompliseerde. Getalle eskaleer nog. Statistiek dui daarop dat gedurende die regime van Edward sy aantal volgelinge vertiendubbel het.

Daar is groot verskil tussen die geskrewe konstitusie en die praktyk. Sowel in die konstitusie as in die praktyk is daar in die breë 'n tweeslagtigheid. Die ZCC wil sowel 'n kerklike gesindte as Apostolies georiënteerd wees maar ook 'n tradisioneel religieusmaatskaplike groot=heid met Westerse handelsinslag. Hierdie ietwat simbiotiese betrokken=heid is moontlik die rede waarom in die Edwardbestel 'n besondere deur=braak tot die aanhangers van die tradisionele religie (veral onder die Pedi) gemaak is maar tegelykertyd ook tot ander etniese groepe en individue wat ten opsigte van verwestersing oor 'n breë spektrum ver=sprei is.

Die regeringselsel is hiërargies. Uit 'n kerklike gesigshoek staan die ZCC nader aan die Episkopale maar omgebuig na die tradisionele kultuur=patroon. Besonder baie mag is saamgetrek in die leier wat dan in sowel die handelsaspek as die religieuse aspek 'n beherende aandeel het. (Ons het reeds die erfregtelike opvolging hoër op aangesny).

Daar is 'n besondere uitbouing van die liturgie. Daar word meer speling gegee aan wat kenmerkend is van die tradisionele sang en danse. Selfs in vergelyking met ons voorbeelde van skeurbewegings uit die AGS is daar radikaler afwykinge soos die messiaanse improvisasieliedjies en selfs 'n neiging tot mensverheerliking soos opgeteken óm 'n Lekganyaneportret in die omgewing van Delareyville.

Wat die leerstellige betref, is daar 'n hele spektrum ernstige afwykings oor die Drie-eenheid, Vader, Seun en Heilige Gees. Binne die ZCC is 'n Swart Messias te sien; en in eie reg Edward Lekganyane ook as 'n Swart Messias in een of ander verhouding tot sy vader te sien. Hy word 'n "Heilgewer" wat 'n unieke "Heilskoninkryk" uitbou.

Ons het dan ook bemerk dat by die poging tot aparte beskrywing van die aspekte genesing, tug en die tradisioneelreligieuse ons allermins aan 'n verstrengeling kon ontkom.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Genesing is volgens ons informante die sterkste werwingsfaktor. Genesing in die ZCC is enersyds "Apostolies" - " ... the power to heal without the use of medicine." Hierdie tipe genesing gaan gepaard met betasting van die sieke deur Lekganyane, wat ook sy magte kan delegeer. Maar vir die ZCC is daar in feite 'n omvattende heling of totale geborgenheid waaroor Lekganyane in eie reg beskik of waarvan hy onvervangbare "middelaar" is. In feite oorskry sy ngaka-skap dié "Apostolies"-kerklike en sou byvoorbeeld nie een van sy moeder=kerke sy implementering van geloofsgenesing kon gedoog nie. In hier=die verband kan ons maar net verwys na onderliggende konnotasie in ver=bintenis met Lekganyane se "water"-medikasie wat genesend werk maar wat ook gesprinkel kan word om te laat reën. Sy ngakaskap veronderstel ook kommunikasie met die badimo aan wie hy na bewering geld-"offerandes" sou oordra.

Die tug en sy aard en effek in die ZCC is ook vervleg met hierdie totale helingsaanname. Op 'n meer aardse vlak word aangevoer dat ZCC-lede nie sterk drank gebruik nie, wetsgehoorsaam is en as goeie werk=nemers daardeur 'n plek in die arbeidsmark verower. Oor die algemeen egter, uit 'n kerklike gesigspunt gesien, beweer informante dat die tugstandaard laag is. Daar is ook 'n supernaturele vlak wat in bereke=ning kom volgens baie respondente. Lekganyane sou alwetend wees en sy magsbevoegdheid sluit ook die inwerkingstelling van supernaturele sank=sies in waar sy misnoeë gewek word. Hy is immers volgens baie middelaar in eie reg wat inhou dat hy kan insluit maar ook kan uitsluit.

Dit word al duideliker dat aan die tradisioneel-religieuse komponent 'n swaargewig in die gestalte van die ZCC toegeken moet word. Met ver=wysing na 1.1.2 is op sy beurt die onpersoonlike supernaturalisme of magiese die sterkste. Dit is hierdie wesenskenmerk wat die ZCC by uit=stek 'n vreemdsoortige "Kerk" maak. Ons het op hierdie aspek fel belig=ting gekry waar Lekganyane by die "heilige boom" allerlei gebruiks=artikels soos houers, koffie, kieries en selfs identiteitsdokumente op rituele wyse met krag laai.

Alhoewel ons dan 'n saak uitgemaak het dat die ZCC wel 'n separatistiese beweging is wat geskeur het uit bepaalde denominasies en die skeurredes

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



as ressorterende onder skisma kan aandui, is daar ook 'n ander ver=oorsakingskompleks wat so sterk domineer dat daar groot begrip moet wees vir die stellingname dat hierdie beweging uit die tradisionele kultuur ontstaan het. In hulle soeke na harmonie in 'n besondere akkulturasiebestel sou hulle dan in 'n religieus-maatskaplike verband óm so 'n "heils"-leier soos die charismatiese Lekganyane groepeer as 'n eie organisasie.

In afdeling 1.1.1 het ons gepraat van 'n spektrum teologiese posisies van regs na links . Die ZCC is hiervolgens uiters links. Van uit die tradisionele kultuur gesien, beteken dit egter dat die ZCC die minste afgewyk het van die oorspronklike.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 4

# BEREDENERING EN BEVINDING

## 4.1 Inleiding

### 4.1.1 Die metodologiese benadering

Uit wat ons in hoofstukke 1, 2 en 3 aangevoer het, het dit al duideliker geword dat die Separatisme in die RSA onder die Sotho 'n komplekse ver= skynsel is wat derhalwe 'n omvattende metode vir sy bestudering vereis. Ons meen dat ons metodologie voortsetting van navorsing op hierdie gebied kan bevrug. Ons totale metode is saamgevat in 1.4.8. So by= voorbeeld dui Fig II, V en VI daarop dat slegs deur komplementêre stu= dies ons meer perspektief sal kry.

### 4.1.2 Verbandlegging

Daar was by ons ook 'n toenemende gewaarwording dat by die inwinning van kennis oor 'n sekere aspek dit telkens blyk dat daar verbintenisse is met ander. In die "wêreld van die separatisme" is daar allerlei verband= legging. Waar ons dan 'n aantal temas probeer deurtrek en interpreteer of met ander woorde ons beredeneringe en bevinding uit verskillende gesigshoeke probeer aanbied, kan hulle nie streng afgebaken word nie.

## 4.2 Omvang en frekwensie

### 4.2.1 'n Eie dinamiek

Met verwysing na Tabel 1 skyn die separatisme in die RSA sy eie dina= miek te hê. Die finale beeld tot dusver is een van aanmerklike toename van sowel die aantal bewegings as die persentasie van separatiste-aanhoriges onder Swartes.

Die separatisme is 'n komplekse verskynsel waar pogings tot vereniging wel voorkom maar skeuring op skeuring domineer. Waar Gerdener met voorbehoud 'n sterk vermeerdering tussen die jare 1946 en 1951 uitwys,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



daar bereken ons (Tabelle 3 en 3a) - weliswaar ook met voorbehoud - 'n persentasie-aanhorigheid van ongeveer 29- 30% vir 1980. Vir die jare 1980, 1960 en 1951 was die globale separatistepersentasie onder= skeidelik: 29,3%, 21,2% en 18,6%. Waar die Transkei en Bophuthatswana vóór 1980 Onafhanklike Swart State geword het en apart versyfer is, het ons op datum van berekening slegs die sensusgegewens van Bophutha= tswana mede kon verwerk. Bophuthatswana het in 1980 'n separatiste-aanhorigheid van 35,2% gehad. Die RSA en Bophuthatswana saamgetel, stoot dan die gemiddelde persentasie vir 1980 tot 29,7% op.

Daar is 'n betekenisvolle vermeerdering van die separatiste tussen die sensusmomente 1946 en 1951 van 9% en 'n tweede oplewing tussen 1960 en 1980 van ongeveer 8% (2.5.3).

In teenstelling tot die toename van die separatiste, het die ooreen= stemmende persentasie van Nie-Christene of aanhangers van die tradi= sionele religie binne die totale swart bevolking soos volg gedaal: 40,7%, 32,0% en 25,9% vir die sensusmomente 1951, 1960 en 1980 (2.5.4).

In Tabel 6 vind ons 'n globale driedeling geskoei op Tabel 5 wat die volgende getals- en persentasieverspreiding lewer: die groei/afname van die meer "gevestigde" Kerkgenootskappe was vir die jare 1951, 1960 en 1980 onderskeidelik 40,7%, 46,8% en 44,8%. Die stygende lyn van separatiste-aanhorigheid tussen 1951 en 1980 is vanaf 18,6% tot 29,3% en die afname in die persentasie Nie-Christene van 40,7% tot 25,9% word in die totale herhaal.

Uit ervaring wat met Verslag 1973 opgedoen is, moet ons waarsku dat dit gevaarlik is om uit hierdie statistiese opsomming die ooglopende ge= volgtrekking te maak dat die aanhang van die gevestigde Christelike Kerke sedert 1951 baie stadig gegroei het en dat dit veral die separa= tistebewegings is wat meerdere aanhangers uit diegene wat Nie-Christene is, getrek het. Die moontlikheid dat 'n groot deel van die wins van die separatistebewegings wel uit die Christene afkomstig is en dat gevestigde kerke hierdie verlies deur verdere kerstening gebalanseer het, moet deeg= lik ondersoek word. Ons kon hierdie aspek nie verder ontleed nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4.2.2 Aktueel

In die breë kom die Sothobevolkings op 31% van die RSA se totale swart bevolking te staan. Vir 1980 beteken dit in ronde syfers vir die Sothogroepe die totaal van 6 268 000. Sou ons dan die glo=bale separatiste persentasie van 30% ook hier laat geld, laat dit ons met sowat 2 089 000 aanhoriges. Dit is dus duidelik dat die separatisme selfs net op getalle af, aktueel bly (2.7.3).

4.2.3 Hoë en lae frekwensie

Daar kan op sterkte van Tabelle 8 tot 13 en hulle projeksie op die Taalkaart, veral vergelykend gekyk word na Figure II, V en VI. Die figure toon onderskeidelik die separatiste (digtheids)frekwensie aan vir die sensusmomente 1951, 1960 en 1980 - (2.9.1).

Daar is by wyse van steekproewe besondere aandag gegee aan gebiede met sowel hoë as lae frekwensie. In die onderhawige werk slaan ons illu=strasies meer op hoë frekwensie. Verslag 1973, egter, handel uit=voeriger oor lae sowel as hoë digtheid. 'n Goeie voorbeeld is Lesotho. Op Fig II arseer Lesotho tussen 0% en 10%. In die verslag is op grond van die tersaaklike gegewens swaargewig vir lae frekwensie hoofsaaklik toegeken aan 'n vroeë en deurgevoerde sendingaksie deur twee denomina=sies te wete die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap wat sedertt 1833 daar arbei en die Rooms-Katolieke wat sedert 1862 daar werk (Verslag 1973:574-8, 998).

Dit is veral op ons digtheidskaarte van die RSA waar die separatiste as persentasie van die swart bevolking per landdrosdistrik (1951), ekonomiese streek (1960) en statistiese streek (1980) veraanskoulik word, waar die neiging tot aaneengeslote patroonvorming opval. Dit is by uitstek duidelik in Fig II. Uit hierdie statisties, horisontale benadering is tot die oortuiging gekom dat daar ingewikkelde konstel=lasies ten opsigte van die separatisme bestaan en dat gesoek kan word na optimum en minimum veroorsaking. Uiteraard kon verwag word dat 'n religieuse fenomeen soos die separatisme een of ander patroonmatigheid sou vertoon. Waar die 1951-sensus egter uitvoeriger verwerk is om ook

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

in Fig I, Christene, en in Fig III, Nie-Christene as persentasie van die swart bevolking en in Fig IV, die separatiste as persentasie van die Christene te bereken, is dit duidelik dat ons met ingewikkelde korrelasies te doen kry. Behalwe vir wat wel in Verslag 1973 voorhande is, het ons vir die huidige volstaan met Fig VI en eie opnames gedurende 1964/65.

Die vrugbaarste teelaarde van die separatisme skyn hiervolgens saam te val waar etnies-vreemdes die globaal omskrewe Sothogebiede binne=dring of waar algemene oorvleueling van etniese verbande voorkom soos in die Witwatersrandgebied (2.9.3). Swaar arsering op Fig VI sluit by=voorbeeld Streek no 59 in waarbinne onder meer Volksrust en Standerton val met 'n separatistepersentasie van 58%. Hoë persentasies separatisme vanaf hierdie streek sluit patroonmatig aan by die Witwatersrand en omgewing. Alhier is die swart bevolking so heterogeen dat dit haas 'n onbegonne taak is om die Sotho apart te bestudeer. Aan die ander kant speel hierdie stadskompleks geen ondergeskikte rol ook onder die Sotho=groepe nie. Nie net neem die Rand 'n strategiese posisie met betrekking tot die RSA as geheel in nie, maar dit kan op die kaarte gesien word hoe die Rand tussen Suid- en Noord-Sotho inwig en dat die noordoostelike Tswanagrenslyn deur die stadskompleks sny.

'n Vergelyking van die vergrote projeksies van die Witwatersrand op Fig II en Fig VI toon die neiging dat die skakerings van oos na wes ligter word op Fig VI. Op Fig II is die eintlike Johannesburg 'n uitsondering. In Tabel 11 Kodeno. 22 lyk dit of dit die munisipale kampongs is wat sterk meespreek om die separatistepersentasie tot so 'n lae vlak neer te dwing. Die munisipale en mynkampongs, Kodeno. 22(c) toon 'n persentasie van 6% wat die oog vang. Die "Christene" is dan ook die laagste persen=tasie in die vyf-en-twintig gespesifiseerde afdelings op Tabel 11. Daarenteen is die "Nie-Christene" die hoogste, naamlik 69%. Ons kan aan=neem dat 'n konsentrasie mynkampongs in Johannesburg geleë is en 'n sterk impak het op die arsering van 1% - 10%.

Wat 'n globale vergelyking van die amptelike Sensusmomente te wete 1951, 1960 en 1980 betref, is bevind dat naas kleiner fokuspunte dit duidelik is dat dié fokuspunt vir die separatisme onder die Sotho, die Transvaalse

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hoëveld vanaf Volksrust tot by die Witwatersrand gebly het.

4.2.4 Sinvolle verskil in sterkte-persentasies (stadsgebiede)

Daar is vier illustrasies in hoofstuk 2A te wete Ga-Rankuwa, Bloemfontein, Thabong en Soweto d.i. steekproewe in stedelike gebiede met 'n sterk, eie statistiese opname. (Hierby moet eintlik 'n besondere, swart dorp naam=lik Evaton ingereken word (2.10.5) maar sy statistiek is op 'n ander basis versamel en gevolglik nie juis vergelykbaar nie). Ons volstaan dus met die saamgetrokke sterkte-persentasies soos in 1964/65 versamel. Ons let op sinvolle verskille wat eers verklaar word wanneer ons die volle uiteensettinge raadpleeg. Tabel 18(a) word daarom weer hier herhaal.

TABEL 18(a) SAAMGETROKKE STERKTE-% IN 4 STEDELIKE GEBIEDE - 1964

| | Ga-Rankuwa | Bloemfontein | Thabong | Soweto |
|---|---|---|---|---|
| Gevestigde kerke | 46 | 78 | 71 | 64 |
| Separatiste-samelgroep | 54 | 22 | 29 | 36 |
| | 100 | 100 | 100 | 100 |

| | Ga-Rankuwa | Bloemfontein | Thabong | Soweto |
|---|---|---|---|---|
| Separatiste-samelgroep onderling | | | | |
| S | 28 | 54 | 31 | 35 |
| E | 19 | 18 | 13 | 7 |
| A | 34 | 19 | 40 | 24 |
| Z | 19 | 9 | 16 | 34 |
| | 100 | 100 | 100 | 100 |

Ons herinner daaraan dat die afkortings S, E, A en Z die volgende beteke=nis het:
Separatiste (S) sluit in die separatiste uit die meer gevestigde kerke. Voorbeelde is die Bantu Reformed Church en die Lutheran Bapedi Church.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


In leer en liturgie onder andere betuig hulle min of geen afwyking van die oorspronklike moederkerk toe te laat nie. Hulle is primêre splitsinge. Hulle is met verwysing na hulle onderskeie moederkerke meer behoudend of stem ooreen met die moederkerk.

Ethiopies (E), staan sterker antiteties ten opsigte van die gevestigde kerke. Ons kan aanneem dat hulle meer eksperimenteer met Liturgie en selfs ook die Leerstellige; dat hulle meer eklekties te werk gaan. Meer prys word in etlike bewegings op etniese eiesoortigheid binne die swart gelედinge gestel. Voorbeelde sou wees die United National Church, en die Ethiopian Church en sy verdere splitsinge.

Apostolies (A), vorm 'n derde onderverdeling. In hierdie geval is daar nie juis sprake van 'n moederkerk nie. In die VSA is die Apostoliese gesindtes menigvuldig. En dis veral uit die VSA dat 'n hele aantal ver= teenwoordigers hulle op die Blankes in die RSA toegespits het. Van huis uit is die Apostoliese geloofsposisie gevarieerd. Blanke aanhoriges het op hulle beurt deur sendingwerk hierdie gestaltes onder die Swartes in= gedra. Uit hierdie Apostoliese kompleks het etlike swart leiers met hul volgelinge weggebreek. In wese was dit 'n wegbreek uit 'n meer Apos= tolies-behoudende posisie na posisies wat nog meer speling gee aan singuliere gawes en die uitlewing daarvan soos onder andere deur spesifieke helingspraktyke en die rituele gebruik van "geseënde water".

Sionisties (Z), is die laaste van die vierdeling. Die groep word beskou as teologies nog minder behoudend as die Apostoliese of A-tipe. Hulle lyf die tradisionele religie meer blatant in die korpus van die beweging in. Waar by die A nog van 'n duale verbintenis sprake mag wees, is by die Z-tipe 'n verstrengeling van die tradisionele religie met die Christe= like geloof kenmerkend; selfs 'n oorwoekering van die Christelike.

Ons sou ook van "regs" en "links" kon praat. Indien die teologiese posisie van die beweging behoudend of ortodoks is ten aansien van die kerkverband waaruit geskeur is, word dit as regs getipeer. Links daar= enteen is bewegings wat sterk ooreenkoms vertoon met die tradisionele religie en dus afwyk van die Christelike geloof al sou hulle hul as kerk aandien. (Vgl. 1.2, 2.9.4 en 2.11).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Wanneer die separatiste-samelgroep in elkeen van die vier onderhawige gebiede verder verdeel word, kom 'n mens by die persentasies in die tweede deel van Tabel 18a uit.

Wat dadelik aandag trek is dat Ga-Rankuwa en Bloemfontein in byna elke opsig verskil behalwe dat die onderlinge sterkteverhouding binne die separatiste ten opsigte van die E-groep ongeveer gelyk is. Bloemfontein verskaf 'n beeld van geringer separatisme terwyl Ga-Rankuwa 'n fokuspunt van separatisme is.

Dit is egter duidelik dat hierdie faset vanuit 'n statistiese benadering eers in samehang met beligting uit ander hoeke soos byvoorbeeld die his= toriese geïnterpreteer sal kan word. Tewens dit is in elke geval gedoen:

4.2.4.1 Ga-Rankuwa

Ga-Rankuwa dui op 'n buitengewoon komplekse sametreffing. Fig VII weer= spieël 'n hele stuk ksersteningsgeskiedenis in Pretoria en omgewing. Feitlik elke gevestigde kerk het ywerig ksersteningswerk gedoen. Met uitsondering van die Metodiste lê die getalsterkte van die ander kerke merkwaardig na aan mekaar. Wanneer die naamlys van Ethiopiese, Aposto= liese en Sionistiese bewegings in Ga-Rankuwa nader ontleed word, is dit duidelik dat ons met klein splintergroepies te doen het. Die Ethiopiese groepe tel 39 met 'n totale ledetal van 810. Dit is 'n gemiddelde ledetal van 20 per groep terwyl die Ethiopian Church met 'n aanhang van 143 of 17,7% die grootste enkele groepering is.

Die Apostoliese groepe met 1 442 aanhoriges in 42 bewegings (gemiddeld 34 per groep) vorm die grootste verband.

Die Sioniste met 27 groepe en 797 aanhangers is egter die interessantste want as die Zion Christian Church met sy 556 volgelinge hier weggesny word, het die ander 26 groepe slegs 'n gemiddelde aanhang van 9,3 lede.

Die beeld van versplintering kom hier sterk na vore

In Verslag 1973:56 word beredeneer dat die ksersteningsaksie van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bekendste kerke tussen 1946-1960 in Pretoria en omgewing persentasie= gewys konstant bly maar dat die separatisme besondere groei vertoon. Die neiging skyn te wees dat die aanhoriges van die tradisionele reli= gie eerder 'n geestelike tuiste in die separatistiese bewegings as in die gevestigde kerke gevind het.

4.2.4.2 Bloemfontein

Op die Taalkaart kan gesien word hoe Bloemfontein geleë is in 'n soort Tswanaskiereiland wat deurskiet in die globaalomskrewe Suid-Sothokader tot by ThabaNchu. Hiervoor is daar tot op groot hoogte 'n historiese verklaring. In 2.9.4.3 het ons die Rolongverhuising in 1833 van Plat= berg na ThabaNchu en met hulle saam twee Metodistesendelinge, Archbell en Edwards, genoem. Hierdie vestiging met sy kersteningsinslag in 'n vroeë bestel moes uiteraard etniese sterkteverhouding en georganiseerde sendingarbeid in Bloemfontein beïnvloed het. Ook is klem gelê op die feit dat ds (later dr) Andrew Murray so vroeg soos 1849 sendingwerk in Bloemfontein aangevoor het.

Ons bemerk hoe hierdie voorgeskiedenis klop met die etniese en religi= euse sterkteverhoudinge (Tabelle 15 en 15(a)). Teen 1970 is die Suid-Sotho 41%, die Tswana 34% en die Xhosa 19%. Etnies is Bloemfontein dus die mees homogene stad van ons steekproewe. Bloemfontein was een van die plekke in die groter raamwerk van ons ondersoek waar stam- of taal= eiendomlikheid binne die E-indeling een van die oorsake was vir skeuring. Die Bechuanaland Methodist Church was ontevrede omdat "the Sexosa language is the only language used in the AME Church in Church and schools."

Bloemfontein groei ook meer geleidelik en gebalanseerd. Gevolglik kon die kersteningsaksie beter tred hou en 'n vroeë voorsprong benut. Dit het op sy beurt meegebring dat die separatistebeeld in Bloemfontein minder versplinterd is as in die ander illustrasies. In Fig VIII be= merk ons 'n opvallende sterkteverhouding binne die separatiste onderling. S is verreweg die sterkste. E en A is byna ewe sterk en Z met sy 9% die swakste. Vir die "linkse" groepe was Bloemfontein in ons studie= bestel nog 'n swak teelaarde. Dit is hulle wat die tradisionele religie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

vryelik akkommodeer.

4.2.4.3 Thabong

Hierdie swart woonbuurt digby Welkom, staan in die teken van die bedrywighede op die Vrystaatse Goudvelde. Alhoewel uit die aard van die saak die bevolking sedert 1949 buitengewoon gegroei het, is die beplanningsinstansies nie oorval nie. Fasiliteite het tred gehou.

Die swart bevolking is uit 'n wye sfeer getrek en was gevolglik etnies heterogeen. Die kerklike persentasie-verhouding hou hiermee verband. Die drie sterkste gevestigde denominasies is die Metodiste, die Rooms-Katolieke en die NG Sendingkerk (NG Kerk in Afrika). Ons bemerk dus dat trekarbeiders uit Lesotho, waar die Rooms-Katolieke sterk verteen=woordig is, Thabong beïnvloed. Hierdie drie Kerke het bepaald die separatisme gestrem. Ten spyte hiervan bereik die separatiste reeds teen 1964 'n persentasie van 29%; 'n vlak wat eers teen 1980 die RSA-gemiddeld sou wees. Wat die onderlinge verhouding tussen separatiste betref, is die A-verband die sterkste met sy 40% terwyl die Z-verband op 16% bereken word. Die gemiddelde volgelingegroep is vir A 34,2 en vir Z 16,6. Die lae volgelingegetal en die groot aantal separatiste=groepe dui op die nou reeds bekende beeld van omvangryke versplintering. Nie slegs het leiers uit 'n wye hinterland hulle greep op die snel ont=wikkelende Thabong probeer behou nie, maar ons het in die loop van die opname ook bevind dat bewegings in die woonbuurt ontstaan het.

4.2.4.4 Soweto

Dit is die swart stadskompleks wat in die teken van die ontginning van goud en die industriewese aan die Witwatersrand staan. Soweto het gedurende die laaste drie dekades fenomenaal dog met horte en stote gegroei. In Tabel 17(a) word sy heterogene etniese aanhorigheid volgens huistaal teen 1980 uitgelig. Ons bemerk dat die groot totaal van die bevolking gestel word op 827 520. Die presentuele sterkte vir ons drie Sothogroepe is soos volg: Noord-Sotho 9%, Suid-Sotho 14% en Tswana 18%. Die Nguni saamgetel beloop ongeveer 48%. In totaal is daar tien afson=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



derlike taalgroepe plus 'n samelgroep van klein miderhede versyfer. Soweto is dus 'n komplekse knooppunt waarin ons Sotho-studievoorrang statisties nie eers die hoofkoord in die ineenstrengeling is nie.

Alhoewel 'n gelykmakende proses wel in die Sowetostadslewe aan die gang is, kan daar nie gepraat word van 'n homogene kultuur nie. Ons stem saam met Möller waar hy beweer: "Etniese verband bly steeds 'n faktor waarmee rekening gehou moet word" (1972:39-43). Tewens ons assistente het in die loop van hulle veldwerk in Soweto ook bevind dat dergelike etniese heterogeniteit versplintering in die hand werk.

In die vergelykende Tabel 18a is ons tweeledige opname in Soweto saam= getrek. Soweto 2 (Tabel 17b) slaan op 'n relatief ouer deel van die stadskompleks en Soweto 1 (Tabel 18) op die relatief jonger deel. In laasgenoemde het die stadsgroei nog meer geëskaleer as in eersgenoemde. Samehangend hiermee was daar die problematiek rondom vrae soos: In watter mate het die gevestigde Kerke tred gehou? Is die jonger Soweto 'n vrugbaarder teelaarde vir sekere tipes separatisme? Waar Soweto by uitstek aan die bombardement van die Westerse kultuur, sy industrie en tegnokrasie onderhewig is, toon die Z-separatisme nog lewensvatbaar= heid? - Vandaar dan die ietwat kunsmatige tweedeling.

Die gevestigde denominasies bereken 'n persentuele sterkte vir die ouer deel van 61,7% en vir die jonger van 54,5%.

Wanneer ons egter die separatiste-samelgroep onderling vergelyk, is daar opvallende verskille. S plus E is tweemaal so sterk in die ouer as jonger deel. E, egter, speel in albei gebiede 'n ondergeskikte rol. Vir S bly die ouer deel die vrugbaarste bestel. A en Z is ewe sterk in die jonger deel. Saam versyfer hulle oor die 27% van die totale bevolking van die jonger Soweto terwyl S plus E nog geen 9% versyfer nie. Z vind relatief 'n vrugbaarder teelaarde in laasgenoemde. As ons egter na die saamgetrokke versyfering van Soweto (Tabel 18a) kyk, dui die persentuele sterkteverhouding op 'n buitegewone lewensvatbaarheid vir die ver-linkse Z. Die berekening is soos volg: S = 35%; E = 7%; A = 24% en Z = 34%. Van ons vier stadsgebiede in hierdie tabel is Soweto die enigste waar S en Z op so 'n hoë vlak byna eners versyfer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Verder val dit op dat in die ander drie stadsgebiede die Z-groepering veel swakker is as in Soweto. Op grond van ons eie opname is Soweto dus 'n swart stadkompleks waarin die Z of ver-linkse separatisme besondere lewensvatbaarheid aan die dag lê.

Wanneer die relatiewe getalsterkte verder beoordeel word, is die klein getal volgelinge van elke plaaslike geloofsgroep die opvallende. Indien 'n mens in die ouer Soweto (Tabel 17b) onder die S-groep die African Methodist Episcopal en die Bantu Methodist Church (579 saam) wegsny, wissel die gemiddelde grootte van die volgelinggroepe van 13,2 (S-groep) na 15,1 (E-groep) na 15,6 (Z-groep) en 17,2 by die A-groep. In die jonger deel van Soweto (Tabel 18) is die gemiddelde volgelingetal slegs effens hoër.

As ons vergelykenderwys na die versyfering in ons vier stadsgebiede vanuit ons skakering regs/links kyk, dan is een van die mees opvallende tendense hoe hoog die persentuele verhouding is as die linkse vleuel (A en Z) saamgestel word. Behalwe Bloemfontein (28%) is die ander drie oor die 50%. Vir Ga-Rankuwa Thabong en Soweto is die posisie onder=skeidelik soos volg: 53%, 56% en 58%. In ons wesensverkenning van die separatisme het ons al meer en meer opgemerk dat die A-tipe separatisme neig om sonder gewetenstweespalt die tradisionele religie in te burger. Die ver-linkse Z-tipe doen dit selfs in 'n meerdere mate. In Thabong is die verhouding binne die separatiste-samelgroep tussen A en Z, 40 : 16 terwyl dit in Soweto 24 : 34 is. Wat Thabong betref, is dit duidelik dat Evaton met sy "eensydige A-tipe verswaring" en administratiewe anker=punte 'n lewendige wisselwerking daarop nahou. Uiteraard kan 'n separa=tistevesting soos Evaton proporsioneel nie dieselfde invloed op Soweto as een van die grootste swart stadskomplekse in die wêreld uitoefen nie. As ons egter S, E, A en Z in Soweto weer eens beskou, bemerk ons dat S en Z met 35% teenoor 34% blyk te polariseer. Dit wil sê dat "regs" en "links" as 't ware in kompetisie is. Uit ons vergelyking van die ouer deel en jonger deel van Soweto val dit op dat Tabel 17b (die ouer deel) die persentuele sterkteverhouding vir A en Z soos volg aandui: 6,68% tot 11,14% terwyl dit in die jonger deel sowel vir A as vir Z op 13,68% versyfer is (Tabel 18). Die Z waarin die tradisionele religie relatief die sterkste opgeneem word, vind dus in die ouer deel meer aanvaarding

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



as die A-tipe. In jonger Soweto is die persentuele verhouding van Z ietwat hoër as in die ouer een (2,54%). Die A-tipe is egter byna tweemaal so hoog, 'n wins van 7%. Saam teken A en Z 'n wins in die jonger Soweto in vergelyking met die ouer deel van 9,54% aan. Die linkse deel van die spektrum toon dus steeds lewensvatbaarheid.

Dit is egter die vér-linkse vleuel van ons spektrum wat die minste fluktuasie vertoon. Waar ons Z-tipes op hierdie flank plaas, bevind ons dat by hulle die onpersoonlike supernaturalisme of die magiese 'n sterk klem dra. Dit is duidelik dat hierdie komponent soos ontleen aan die tradisionele religie sy lewenskrag en invloed in Soweto bly behou. En dít in een van die strategiese swart stadsgebiede binne die PWV-kompleks waar die impak van die Weste soos geïntensifiseer deur die goudindustrie en 'n besondere konsentrasie van nywerhede 'n gelade akkulturatiewe spanningsveld daargestel het.

4.2.5 Betekenisvolle verskil in plattelandse gebiede

In hoofstuk 2B het ons veral Fig II en Fig VI behandel. Plattelandse voorbeelde soos Frankfort en Wintersveld is beskrywe en bespreek. Daar is by nader ondersoek bevind dat vir hoë insidensie separatisme, 'n veel=voud oorsake aangeteken kan word en dat dit van geval tot geval mag verskil. Frankfort is 'n distrik waar meer bepaald mielies en koring verbou word en ook met skape en beeste geboer word. Swartes is betrok=ke as plaasarbeiders. Ook is daar die swart dorpswoonbuurt waar 'n hele konsentrasie separatisteleiers òf in eie reg òf as verteenwoordigers van bewegings met ankerpunte elders, optree. Daar is veral lewendige wissel=werking met Evaton en Standerton. Die swart bevolking is saamgestel uit sowat 55% Suid-Sotho, 37% Zoeloe en 9% Xhosa. Op hulle beurt is die Suid-Sotho verdeelbaar in ongeveer 60% Kwena en 40% Tlokwa. Histories was daar byvoorbeeld wrywing tussen die Kwena en Tlokwa in Witsieshoek. Dit het deurgewerk in sendingwerk en het sy invloed ook in Frankfort laat geld.

Wat die Blankes van Frankfort betref het ons kerklik 'n ingewikkelde steurbestel beginnende met die toetrede van die Wederdopers in die tagtigerjare van die vorige eeu en skeuringe òm die Anglo-Boere-oorlog

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in Gereformeerde geledinge. Onder dié omstandighede kon kerstening en kerkopbou onder die Swartes deur die meer gevestigde NG Kerk nie met die behoefte tred hou nie.

Die oorlogsontwrigting val boonop - wat Frankfort betref - saam met die Le Roux-, Poho- en Marumo-afsplintering. Dit gee momentum aan die separatistiese versplintering.

Die eskalering van die separatiste-aanhang hou verder direk verband met die ke rsteningswerk deur Apostoliesgesindtes onder die Swartes. Bestaande en nuwe geloofsverdeling onder die Blankes word hierdeur sonder meer op Swartes oorgedra.

Hiernaas kom die besondere effek van leierstwis van Swartes onderling as oorsaak van verdere skeuring na vore.

Wintersveld, ons tweede voorbeeld van 'n vrugbare gebied vir die separatisme, was oorspronklik byna ongerepte Transvaalse bosveld. Die gebied word deur 'n sindikaat gekoop, in landbouhoewes van vyfmorg- en tienmorgeenhede opgesny en aan Swartes verkoop. In die dekade 1940 - 1950 vind verkope druk plaas. Swartes, hoofsaaklik uit die stedelike gebiede, is die kopers. Gevestigde Kerke kry moeilik kerkpersele om georganiseerd in daardie kompleks tred te hou. Plaaslike separatiste= leiers wat grondeienaars was, was in 'n gunstige posisie om 'n huisge= meente op eie werf te begin en uit te bou. Die landbouhoewes bied as sodanig nie juis die geleentheid vir selfversorging nie. Die eienaar en ander ekonomies bedrywiges, verkoop hulle arbeidskragte binne die groot stedelike kompleks en bly in 'n hegter of sporadiese kommunikasie met Wintersveld.

Nie minder nie as 59 afsonderlike bewegings is gedurende 1963/64 in die Wintersveld aangeteken. Invloedryke leiers van separatistiese bewegings elders slaag daarin om verbindingslinies oop te hou met aanhoriges wat hulle in die Wintersveld vestig. 'n Sterker tendens skyn egter te wees dat leiers spook om 'n eie gemeentetjie op die been te bring. (Vgl. 2.10.4 vir 'n uitvoerige beskrywing van Wintersveld.).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In bogenoemde voorbeelde op die platteland bemerk ons hoe situasies kan verskil. In Frankfort is die Swartes in hoë mate in diens op plase waar die Blanke die eienaar is (uitgesonderd die munisipale swart woonbuurt waar die verhouding ietwat anders is). In Wintersveld is Swartes eienaars van vry "onproduktiewe" landbouhoewes, "boer" met 'n eie separatiste-aanhorigheid, of staan onder beheer van 'n verwyderde leier en verdien hulle lewenstog veral buite die Wintersveld.

Wat die globale geografiese studieveld betref, het ons reeds in 4.2.3 uitgewy oor lae en hoë frekwensie. Lae frekwensie kry ons byvoorbeeld in 'n band wat van wes na oos strek ten suide van Bloemfontein en wat by Lesotho aansluit. (Lesotho se vroeë kersteningsgeskiedenis is welbe= kend, beginnende met die Paryse Sendinggenootskap in 1833 en die Rooms-Katolieke Kerk in 1862).

In 2.9.4 het ons reeds daarop gewys dat die vrugbaarste teelaarde vir die separatisme volgens Fig II, V en VI hoofsaaklik skyn saam te val met gebiede waar etnies-vreemdes die globaal omskrewe Sothogebiede binnedring of waar algemene oorvleueling van etniese verband voorkom soos in die Witwatersrandgebied.

Naas kleiner fokuspunte is dit duidelik dat die vernaamste fokuspunt vir separatisme onder die Sotho vanaf 1951 tot 1980 die Transvaalse Hoëveld vanaf Volksrust tot by die Witwatersrand gebly het.

### 4.2.6 Opsommend insake versyfering

Opsommend sou 'n mens as besondere versyferde kenmerke onder die Sotho die volgende wou noem:

(1) Die separatisme blyk sy eie dinamiek te vertoon. Tot dusver is dit een van aanmerklike toename van sowel die aantal bewegings as die persentasie separatiste-aanhoriges bereken op die swart bevolking. Vir die sensusmomente 1951, 1960 en 1980 was die RSA separatiste= persentasie onderskeidelik 18,6%, 21,2% en 29,3%. Teen 1980 het ons die totale Sotho-aanhoriges ten opsigte van die separatisme op 2 089 000 geskat. Uit die gesigshoek van getalle is die separatisme dus reeds

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n aktuele verskynsel.

(2) Die wisselende sterktegraad hang saam met 'n komplekse veroor=saking. Ons bemerk dat ons besondere versyferde kenmerke in hoë mate ooreenkoms vertoon met algemene faktore wat die verloop van akkultura=sie kan beïnvloed.

Die lae frekwensie in Lesotho hou veral verband met die toegang wat die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap in 1833 en die Rooms-Katolieke Kerk in 1862 verkry. Die betreklik lae insidensie in Bloemfontein teenoor die ander stedelike gebiede kan ook teruggevoer word na die verhuising in 1833 van die Rolong saam met hulle sendeling(e) na hulle vestigingspunt op ThabaNchu. Daarby kom die daadwerklike begin van geordende sendingwerk as gevolg van moeite wat ds (later dr) Andrew Murray hom so vroeg soos 1849 (Du Plessis 1920:100) getroos. Verder, groei Bloemfontein geleidelik en kon die kernstening vanuit die meer gevestigde Kerk met die ontwikkeling tred hou.

Wat ons plattelandse voorbeelde betref, bemerk ons hoe Frankfort in 1951 binne die hoogste interval arseer. Sonder om die gebroke kerste=ningsfront onder Gereformeerdes, histories te verduidelik en die Le Roux-impak soos dit verloop het, te skets, sou eskalasie onder die separatiste nie verklaar kon word nie.

Vir hoë separatistedigtheid is daar ook verband met etniese heterogeni=teit. In 2.9.4 het ons reeds daarop gewys dat die vrugbaarste teelaarde volgens Fig II, V en VI saamval met gebiede waar die globaalomskrewe Sothogebiede deur etnies-vreemdes binnegedring of oorvleuel word soos in die Witwatersrandgebied die geval is. Naas kleiner fokuspunte is dit duidelik dat vir die separatisme onder die Sotho gedurende die jare 1951 tot 1980 dié fokuspunt die Transvaalse Hoëveld vanaf Volksrust tot by die Witwatersrand gebly het.

Wat bewegings en aanhorigheid betref, was dit duidelik dat die A - Z-dampkring vir separatisme die belangrikste is. Dit het egter duidelik geword dat versplintering eerder as amalgamasie aan die orde van die dag was. Weliswaar is daar enkele groter bewegings onder die S - E-tipes.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Met die oog daarop dat skrywers soos Sundkler uitgewei het oor derge= like "Ethiopians", het ons meer klem laat val op die A - Z-tipes en onder hulle, naas die Zion Christian Church wat verreweg die grootste is, 'n paar bewegings raakgeloop wat relatief groot is en aan die groei is. Die opvallendste is egter die menigvuldige klein beweginkies ten gevolge van skeuring op skeuring onderling. Vandaar dat ons byvoorbeeld in Thabong (4.2.4.3) bereken het dat die gemiddelde volgelingegroep vir A op 34,2 te staan kom en vir Z 16,6 is. (Vergelyk ook Ga-Rankuwa (2.9.4.2)).

Die A en Z maak orals in ons vier groot stedelike voorbeelde behalwe in Bloemfontein oor die 50% van die separatisme uit. Dit beteken dat die linkse komponent 'n besondere swaargewig daarstel. Berekeninge op grond van Tabel 18a toon aan dat A plus Z binne die separatistesamelgroep die volgende persentuele sterkteverhouding versyfer: Vir Ga-Rankuwa 53%; vir Thabong 56% en vir Soweto 58%. Ons herinner daaraan dat dit in A en Z is waar die badimo- en magiese komponent van die tradisionele religie duideliker na vore tree.

## 4.3 Die organisatoriese aspek

### 4.3.1 Die oorhoofse doelstelling

In feite word die oorhoofse doelstelling van bewegings deur hulleself as 'n eie kerklike groepvorming aangedui. Die doelstelling - en hier moet ons onthou dat die meerderheid bewegings in ons ondersoekbestel nog gepoog het om staatserkenning te bekom kragtens die beleid wat om en by 1925 - 1963 gegeld het - was om as Kerkdenominasie te kwalifiseer. 'n Interessante verskynsel was dan ook om waar die oorspronklike naam= gewing nog die woord "Mission" bevat het dit mettertyd tot "Church" te verander. In die volksmond bly die benaming egter Kerk van So-en-So - "Kereke ya Ramoipone", " ... ya Lekganyane". Hierdie tendens word later weer aan die orde gestel.

### 4.3.2 Die leiergerigtheid

By die betragting van die organisasie van die menigvuldige bewegings

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



val dit op hoe sterk die klem geplaas word op die persoonlikheid van die leier. Gevolglik is dit gerade om ons ietwat hieroor te oriënteer.

In 1.1 het ons reeds vermeld dat Mühlmann aandring op die bestudering van persoonlikheid en milieu waar verskynsels soos separatistiese bewegings ter sprake is. Bidney beweer tereg dat die studie van "personality in culture" 'n belangrike deel van die Volkekunde is (1953:79). Gibb plaas leierskap binne 'n breë raamwerk. Hy verkies dat 'n mens eerder dink aan "leader behavior" en verklaar: "In general it may be said that leadership is a function of personality and of the social situation, and of these two in interaction" (Lindsey ed. vol. 2 - 1959:916-7). Waar Gibb vanuit die Sielkunde oor leierskap handel en hom skaar by die "interactional" -aanhangers, verdwerg hy tog nie die individu en sy persoonlikheid in die milieu nie.

Alhoewel nie in strakke teenstelling nie, benader Bock leierskap uit die gesigshoek van die Volkekunde. Sy doelstelling is "to present a view of anthropology based on a unified theory of cultural phenomena" (1968:vii). Hy dui die rol van die leier soos volg aan: "By leader=ship role we mean a social role involving the legitimate exercise of authority over other persons. A person with authority is socially entitled to command the actions of others, and his commands are backed up by social sanctions: rewards and punishments. The way in which he exercises this authority varies with the culture and the type of social group .... Leaders are specialists in decisionmaking. By virtue of their social position, they are entitled to act for and on behalf of others. The leader/follower relationship may take many forms, but is always characterized by the fundamental asymmetry of authority" (1968: 109). Hy onderskei vier algemene leierskapstipes volgens die herkoms van die leier se reg tot gesagsuitoefening: (a) the hereditary leader; (b) the bureaucratic leader; (c) the charismatic leader; en (d) the representative leader. Waar Bock hierdie leiersrolle kenskets, betoog hy onder meer dat die erfregtelike leier se gesag uit hoofde van sy persoon erken word eerder as vanweë sy bekwaamheid. Vrymagtige gesagvoering soos toegeskryf aan "Oosterse Despote" kom egter selde voor want by nader ondersoek word die leier se gesag subtiel beperk.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die (b) burokratiese leiersrol, speel verworwe kenmerke die grootste rol. Hierdie leiers vorder van laer tot hoër gesags= posisies deur bevoegdheid (binne die bepaalde bestel) en senioriteit (jare van getroue diens in daardie bestel). Burokrasieë ontstaan "under rather special social conditions and they both attract and develop the kind of person who has moderate ambitions and who desires a career filled with routine and security" (1968:111). Bock is be= indruk deur Max Weber wanneer lg. (c) die charismatiese leier as die teenoorgestelde van die burokratiese leier beskou. "He is the unique person who rises to authority in times of great social crisis; by the force of his personality, he commands enthusiastic followers who may bring about social revolution." Die stigters van wêreldreligieë en die profete sowel as militêre en politieke helde is tipiese voorbeelde van charismatiese leiers. Wonderwerke en openbaringe, heroïese op= tredes en dapperheid en verstommende sukses is die normale kenmerke van hierdie tipe leiers. Mislukking lei tot die ondergang van derge= like leiers.

Bock vestig ook die aandag op die verdere verloop van sake. "The up= heaval brought about by charismatic leaders is generally followed by what Weber called the 'routinization of Charisma'. Rigid institutions (of the bureaucratic type) take over and adapt the ideas of the leader, converting what were radical ideas into a dogma that can be administered by institutional routine. In this process the novel ideas are modified and made acceptable to a large following" (1968:111). (d) Vierdens behandel die skrywer die verteenwoordigende leier. Hy mag eienskappe vertoon wat ook by die drie bogenoemde leierstipes voorkom, dog hierdie eienskappe vorm nie die basis van sy gesag nie. "The representative leader is chosen by his followers (through general sensus or election). The basis of his authority is the fact that he was chosen by a group of people and is responsible to them." Of hulle nou vir 'n beperkte of onbepaalde termyn verkies word, hulle kan slegs aanhou lei so lank as hulle volgelinge gewillig is om te gehoorsaam. Verder is daar weë waarvolgens dergelike leiers hulle gesag ontneem kan word sonder om die hele sosiale stelsel omver te werp (1968:112).

As ons nou Bock se vier leierstipes in die studiebestel verantwoord,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

is dit duidelik dat in die separatisme hoë prys op die charismatiese leiertipe gestel word.

4.3.3 Magstryd

Die voorkeur wat aan die charismatiese leier gegee word hou op sy beurt verband met een van die hoofredes vir onderlinge skeuring naamlik 'n magstryd tussen leierspersoonlikhede. Wanneer die separatiste= bewegings wat in hoofstukke 2 en 3 behandel is, beskou word, is dit dui= delik dat die klem eerder op die persoon van die leier as op die beweging self val.

In die meeste gevalle is die hoof rede vir skeuring 'n magstryd tussen leierspersoonlikhede om opperleierskap binne die menigvuldige groeperinge. Die vermenigvuldiging eskaleer in ons ondersoekbestel nie in die eerste plek verweë verskille oor leerstellige interpretasie of swart- versus blanke beheer (waar laasgenoemde nog 'n mate van seggingskap het) of tugtoe= passing of mededeelhebbing van die tradisioneel-religieuse naas die Christelike geloof nie. Dit is onderlinge magsvetes waarin persoonlik= hede sensitiewe botsingspotensiaal verskaf. Die strydende leiers monster elkeen geredelik 'n faksie omdat volgelinge sterk persoonlike binding aan een of ander van die strydendes daarop nahou. Hierdie verdeelde lojali= teitsgroeperinge kan ook meebring dat daar agter elke leier 'n afsonderlike pressiegroep gevorm word. Dit is by uitstek die rede waarom skeuring op skeuring eerder as versoening en hereniging so 'n sterk tendens is. Sou ons die ses bewegings soos uitvoeriger beskrywe in hfst 3, op hierdie punt nagaan, dan is dit net die Church of Christ's Assemblies waar ons geen stryd om leierskap onderken het sedert verbintenisse met die blank= beheerde denominasies opgesê is nie.

Ter stawing die volgende: (a) Die Afrikaansche Kerk (African Church): Die stigter, J M Kanyane Napo, doen aanvanklik baanbrekerswerk vir die Church of England. Hy tree vry selfstandig op totdat 'n blanke deacon oor hom aangestel word. Die twee bots oor "apartheid" in daardie konno= tasie en Napo vestig 'n eie verband. Daarna kom spanningsverhoudinge tussen leidende Swartes op die voorgrond. Hierdie wrywinge word gekom= pliseer deurdat die stigter en sy familie erfregtelike verskansing in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die hiërargiese regeerstelsel van die nuwe beweging wil inbou. In hierdie geval kom biskoppe teen mekaar te staan en word eksepsie geneem teen die oorskryding van grense van bisdomme. Ook word aange=dring op 'n meer demokratiese verkiesing van die senior biskop.

(b) Die Lutheran Bapedi Church: In dié geval is die skeuring uit die Berlynse Sending onder aanvoering van 'n blanke sendeling, J A Winter. Sy implementering van wat hy as 'n beleid vir onafhanklike, inheemse Kerke beskou het, was in daardie bestel ontaktvol. Alhoewel verdeeld=heid al teen die einde van sy leierskap - wat geduur het van ongeveer 1886 - 1921 - begin intree het, moet swaargewig daarna vir skeuringe toegeken word aan magsvetes tussen Swartes onderling. Waar Winter se invloedsfeer oorwegend tot die Pedikonstellasie beperk was, het wed=ywerende leiers uit verskillende stamme soms ook stamlojaliteit teen stamlojaliteit ingespan om die oorhand te behaal.

(c) Die St. Paul's Apostolic Morning Star Church: Ons herinner daaraan dat hierdie beweging een van die vele splinterbewegings uit die Dowie-Apostoliese Geloofsending is. Le Roux het sterk-koördinerend opgetree totdat hy in 1915 hom voltyds aan die Blankes gewy het. Toe ontstaan 'n versnelde kettingreaksie van skeuring in hierdie Apostoliese geledinge onder die Swartes. Die leierskapvetes is uiters kompleks. Die aksente in die veroorsaking lê tog ietwat anders as by (a) en (b) hierbo . By die leierspersoonlikhede is daar nie net 'n strydhandeling nie maar ook 'n bonatuurlike geroepenheid. Hierdie persoonlike roepinggeladenheid strook ook met die verwagting en bevrediging van die aanhangers. Die leier word deur die eise van sy aanhangers tot onafhanklikheidsoeke gestimuleer. Sy besondere charismata versterk natuurlik die neiging tot afskeiding. Siekte-ervaring en openbaringe dui soms op geroepenheid tot die stigting van 'n kerk . Met dergelike geroepenheid het daar ook soms na bewering heldersiendheid gepaard gegaan; gawes van genesing van gewone of bona=tuurlike veroorsaakte siekte is normaalweg aan die orde. Die leier brei as "geroepene" sy genesingsaktiwiteite sodanig uit dat dit soms soos 'n magiese kroonslagaar deur die korpus van sy beweging loop. Hierdie cha=rismatiese geladenheid lei daartoe dat mindere leiers op hulle beurt met 'n beroep op eie sonderlinge ervaring en opdrag hulle eie onafhanklike beweging loods en so skeuring op skeuring bewerk.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(d) Die Zion Christian Church: In hierdie geval het ons twee broers wat in 'n verbete stryd gewikkel raak oor hoofleierskap in hulle vader se stigting, die Zion Christian Church. Kragtens die sleutelrol wat laasgenoemde in die ZCC gespeel het, is 'n soort erfregtelike opvolging in ZCC-verband binne die Lekganyanegesin nie deur die aanhangers be=vraagteken nie. Joseph, die een broer, monster sy aanhang meer uit die ondersteuners in die omgewing van die destydse hoofkwartier naby Pieters=burg. Edward, die opponerende broer, trek sy ondersteuners veral uit die stedelike gebiede waar sterk leiers soos Moses Mamabolo en Charlie Molepo, optree en hom steun. Die naywer het gedurende ons ondersoektermyn voort=geduur.

Alhoewel Edward se ZCC sterker groei as Joseph s'n, is laasgenoemde nog 'n grootheid om mee rekening te hou in die bestel van separatistiese bewegings.

Ons kry dus hier bevestiging vir leierskaptwis as een van die mees deur=slaggewende redes vir die vermenigvuldiging van separatistiese groepe.

Uit ons versamelde stof is daar naas die klem op charismatiese leiers nie juis 'n strakke tweedeling ten opsigte van die sogenaamde Ethiopiese en Sionistiese tipes separatisme nie. Ons kan nie deurgaans beweer dat die Ethiopiese bewegings voorkeur gee aan 'n vry outoritêre kapteinsagtige of hoofmanspersoonlikheid teenoor Sionistiese bewegings wat voorkeur gee aan die ngakatipe nie. Ook 'n kriterium soos die hoofsaaklik "messiaanse" klop nie met ons ingewonne stof nie. 'n Grootste Gemene Deler kan nie bereken word nie. Van die vier tipes leiers wat Bock omskrywe, is daar by separatiste weliswaar 'n voorliefde - soos reeds betoog - vir die charismatiese maar dan ook in 'n besondere konnotasie.

Ons hoef nie veel verder te gaan as McCamel nie (2B - Evaton - Bylaag 2). Hy bly formeel lidmaat van die African Methodist Episopal Church - by uitstek 'n "Ethiopian" beweging volgens Sundkler. McCamel se leiersrol is egter enersyds "Ethiopian" en andersyds "Zionist" met 'n sterk klem op "geseënde water" in verbintenis met sy "charismata". Wat hierdie faset van sy persoonlikheid betref is hy 'n vermaarde ngaka. McCamel dien hom ook in daad en woord aan as 'n "swart messias".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Dit moet vir ons duidelik word dat die magstryd tussen mense en die beroep op charismatiese bedeeldheid in eie reg, albei belangrike bydrae lewer tot die bevordering van aparte groepvorming.

4.3.4 Die regeringstelsel

Met verwysing na die kerkregeringstelsels soos aangestip in 1.1 is dit baie duidelik dat voorrang by feitlik alle separatistegroepe aan die Episkopale gegee word. Selfs waar daar geskeur is uit Presbiteriale (Gereformeerde) denominasies is hierdie tendens aanwesig. Met verwysing na Verslag 1973:650-700) is byvoorbeeld bevind dat wat status en funksie betref die mookamedi-amp (opsiener/biskop) tog iets anders is in die Bantu Reformed Church as die amp van moderator in die NG Kerk in Afrika, (tot 1964 nog bekend as die NG Sendingkerk), die gesindte waaruit ge= skeur is (Verslag 1973:695). In die onderhawige studie is daar talle voorbeelde. Onder meer kan ons noem dat Sampson Ngcelwane van huis uit Presbiteriaan was maar "bishop" van sy eie beweging, die Church of Christ's Assemblies, is. Ramoipone, die leier van die St. Paul's Apostolic Faith Morning Star Church is biskop of "archbishop" (wat Ramoipone in teenwoor= digheid van die ondersoeker met moruti o moholo (die groot of hoofleraar) vertaal). Die hoof is meer as primus inter pares; sy posisie is eie= soortig.

Ons het in die separatistiese bewegings gewoonlik te make met 'n besondere hiërargiese stelsel wat enersyds ontleen is aan die kerk en andersyds aan die tradisionele kultuur. Ons bemerk dat daar elemente ingebou word wat herinner aan die tradisionele regeringstelsel. In die African Church verneem ons van 'n "sides-man" wat vertaal kan word met seatla/letsogo (hand of regterhand). Die Zion Christian Church gebruik die term bakgomana (edelliede) vir senior raadslede. Die hiërargiese rang= skikking in dalende orde het dikwels 'n hele reeks posisies. Die ge= troude vrou neem gewoonlik op haar beurt 'n gelykwaardige posisie aan die van haar man in op die parallel-geordende rangskikking vir vroulikes.

In Konstitusies vind ons dikwels verskansing van die posisie van die stigter. Sy leierskap is lewenslank en soms word daar selfs konstitu= sioneel voorsiening gemaak vir erfregtelike opvolging. In die praktyk

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

is hierdie tendens sterk. Die African Church lewer 'n dokument tot hierdie effek. In die Zion Christian Church kom die skeuring na die dood van Egenase Lekganyane nie oor die goeie reg van erfregtelike opvolging nie maar oor twee van sy seuns wat in 'n stryd gewikkel raak oor wie die vader se plek moet inneem.

Weliswaar is daar soms ook meer demokratiese stuwinge. So beweer die leier van die United National Church (Verslag 1973:633-649) dat die kerk=leierskap nie 'n erfporsie is nie (1973:649) dog hyself was in 'n sin die aangenome kind van die stigter. Hierdie kerklike nepotisme kan ook lei tot spanning binne bewegings en skeuringe. Ons het dit aangeteken by die African Church waar in die leierstwis biskop Lieta die onderspit delf maar waar hy in feite tog deur ander soos Mochochoko gesteun word in die standpuntstelling dat die Kanyane-stigtersfamilie nie *per se* die opperleier lewer nie.

Dit is dus duidelik dat daar nie in alle gevalle sprake is van 'n erf=regtelike opvolging in die leiersposisie soos in die geval van die tradisionele nie.

Ons ingewonne gegewens dui daarop dat die voorrang wat aan die episko=pale kerkregeringstelsel gegee word wel verband hou met die tradisionele regeerstelsel waar ons 'n hiërargiese ordening het met die kaptein aan die hoof. Hy was sowel politieke as religieuse hoof. Opvolging was normaalweg erfregtelik. Met verwysing na Bock se aanduiding van erf=regtelike leierskap, is die kaptein beslis nie 'n "Oosterse Despoot" met vrymagtige gesagvoering nie (1968:110).

Daar is 'n uitgesproke neiging tot klein embriobeweginkies elk onder 'n eie leier. In die klein groepe slaag menige leier daarin om vry des=poties op te tree. In uitsonderlike gevalle, waar sterk leierspersoon=likhede van uit 'n ankerpunt 'n groot aantal volgelinge oor 'n groot gebied wil beheer, val die tendens op dat die plaaslike outonomie van onder=geskikte leiers binne dieselfde beweging oorhoofse koördinasie verswak en dergelike leiers met 'n groep volgelinge uit satellietgemeentes skeur. Ons Evatonsteekproef dui op 'n komplekse veroorsaking van hierdie tendens. Na mate ander aspekte aan die orde gestel word, sal dit duideliker word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Personeel: Met die leier as hoof op 'n veelal eiesoortige hoogste sport op die hiërargiese leer, is die onderhorige personeel in 'n dalende orde gerangskik. Hulle statusvlak en funksie kan nie een= lynig omskrywe word nie. Ons vind benaminge soos biskop (vir streek= bisdomme). Die St. John's van Christina Nku het byvoorbeeld in ons ondersoekperiode so 'n biskop met biskopsetel te Wallmannsthal gehad. Daaronder verneem ons van leraars, evangeliste en predikers. 'n Mens hoor min van ouderling en diaken behalwe in die geval van die Bantu Reformed Church wat histories uit NG Kerkverband geskeur het.

In die oorgroot meerderheid bewegings is daar ook profete. Uit die gesigshoek van die onderskeie bewegings is Elias Ramoipone van die Morning Star die gevierde profeet; so ook Makurube van die St. Paul's Apostolic Faith Healing Mission of SA (2B - Bylaag 1 - Evaton) en vele andere.

Ons het beskrywe hoe die eintlike hoof van die St. John's om diploma= tiese redes haar een seun as biskop laat poseer maar in werklikheid is sy die aartsbiskop en dié profeet (2.10.5.5). In Wintersveld is dit Lydia Tšukulu van die St. Peter Morning Star Church (Verslag 1973:806-9) wat sowel hoofprofeet as biskop is. In hfst 3 is aangedui dat Catherine Ngcelwane en haar man in 'n soort vennootskap die Church of Christ's Assemblies beheer. Sy ontleen haar status aan haar profeetskap.

Afgesien van dergelike hoofprofete, kry ons dikwels ook mindere profete binne die rangordening. 'n Sterk beweging soos die Zion Christian Church beskik oor 'n groot aantal. Hierdie amp mag saamval met 'n amp soos dié van leraar maar mag ook in eie reg een of ander status binne die beweging verower.

4.3.5 Knooppunte van die kerkorganisasie

By die lewenskragtiger bewegings is die normale tendens om ten minste eenmaal per jaar 'n sentrale fees te hou. Uit die hele opvanggebied word personeel en aanhoriges getrek. Dit is dan by uitstek die geleë tyd om oor organisasie te beraadslaag. Waar die biskop 'n hoof administratiewe sentrum uitgebou het, word op daardie punt saamgetrek. Ons het dit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

onderstreep dat Evaton as klein geografiese begrensing buitengewoon baie hoof sentra huisves. Binne ons opname beskik die Zion Christian Church egter oor sy Zion City Moria naby Pietersburg op die platteland. Selfs 'n betreklik klein beweging soos die St. Peter Morning Star Church van Lydia Tšukulu het 'n sentrum in Wintersveld noordwes van Pretoria.

4.3.6 Werwing van aanhoriges

Uit algemene waarneming moet bevind word dat in ons studiebestel proselietmakery nog aan die orde van die dag is. Ten spyte egter van ons statistiese benadering soos verbeeld in die frekwensiekaarte (Fig I-V) en die kolomfigure, wil ons ons nie waag aan bepaalde bevindinge ten opsigte van proselietmakery aan die een kant en die impak wat die separatiste aan die ander kant op die aanhoriges van die tradisionele religie gemaak het nie. Dat dit gebeur, word deur die volgende twee voorbeelde duidelik gestaaf.

In hierdie verband verwys ons terloops na wat ons aanvoer oor die Lutheran Bapedi Church en wat Hanekom (1975) oor die Zion Christian Church skryf. In 3.2.1 vestig ons die aandag daarop dat die Britse generaal, Wolseley, in 'n veldslag in 1878 die mag van Sekhukhune breek en vervolg: "Na hierdie veldslag en die veranderde bestel wat intree, gaan deure meer oop vir sendingarbeid in Sekhukhuneland. Die histori= kus, T S van Rooyen, wys egter daarop dat die Pedi vir Merensky ten onregte kwalik geneem het as sou hy hulle verkoop het en hulle so die onderspit gedelf het in die oorlog. Hierdie weerstand het stellig die aanklank van die Evangelie geaffekteer en vir jare deurgewerk .... J P D Winter, seun van Winter, is dieselfde mening toegedaan." Hanekom skrywe hoe die ZCC onder leiding van Edward Lekganyane 'n tydperk van dinamiese en skouspelagtige groei binnegegaan het. (Ons het aangetoon dat Edward se leierskap van 1949 tot 1967 gestrek het - 3.6.4). Hanekom wy uit: "Volgens skatting was die totale aanhangers van hierdie kerk in 1954 reeds 80 000 (Schlosser, 1958:197). 'n Groot deel van die mense wat hulle by Edward se kerk aangesluit het, het voorheen aan kerke soos die Switserse Protestantse Sending en die Berlynse Sending behoort. Skrywer is ook bewus van 'n aantal lidmate van die Lutherse Kerk te Kratzenstein wat tans gereeld dienste van die ZCC by Moria bywoon omdat - volgens hulle

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- 'daar ware lewe in Zion is.' Ook tradisionaliste, wat voorheen geen verbintenis met 'n kerk gehad het nie, het hulle in groot getalle by die ZCC aangesluit" (1975:42).

Verreweg die sterkste rede waarom die meeste volgelinge by separatis= tiese bewegings aansluiting soek is die behoefte aan genesing. Dit is 'n soeke na 'n omvattende heling sowel liggaamlik as psigies; 'n geborgen= heid wat op die keper beskou nie juis deur die Westerse genesingsbestel gewaarborg word nie. Hierdie aspek is so belangrik dat dit later weer behandel word. (Dit kry aandag in afdeling 4.8.3(2)).

4.3.7 Insameling en besteding van fondse

Met betrekking tot hierdie faset van die organisatoriese was daar by die meeste informante uit die binnekring van die bewegings nie open= heid nie. Dit geld veral waar nog nie om staatserkenning aansoek ge= doen is nie. By dergelike aansoeke was kontrole (insluitende die fi= nansiële) ter sprake. Dit is duidelik dat ons met 'n wye spektrum te doen kry of 'n hele reeks van posisies kan onderskei beginnende by doel= matige kontrole tot kerklik-vreemde motivering en besteding vir eie gewin.

Die African Church het byvoorbeeld hulle doelmatige kontrole in breë trekke soos volg beskryf: Hulle "Trustees" speel 'n belangrike rol as toesighoudende liggaam ten opsigte van "the Temporal concerns of the Church." Vir elke Provinsie (eintlik elke bisdom) is daar 'n sodanige "Board" wat driejaarliks aan die Sinode verslag moes doen en jaarliks aan die onderskeie "Conferences". Die gelde wat binne die AC geïn word, word hoofsaaklik vir drie doeleindes aangewend: (i) sinodale uitgawe; (ii) traktement van ampsdraers met toespitsing op die lerende personeel (die AC wil graag sien dat sy leraars voltyds in diens van die kerk sal staan); (iii) kerkbou. Volgens hulle algemene sekretaris word gelde veral by die United Building Society belê. - Die AC reël dus sy verskillende stoflike aangeleenthede soos dit elders in kerke die reël is (Verslag 1973:597).

Gedagtig aan ons spektrum sou ons die St. John's Apostolic Faith Mission meer na die middel plaas. Hulle het 'n bankrekening geopen. Ons kan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

aanneem dat bo en behalwe die gewone kerklike heffinge en insameling, hierdie beweging 'n aansienlike inkomste uit dankoffers ontvang waar genesing sou ingetree het en wel deur bemiddeling van personeel aan wie singuliere gawes toegeskryf word.

Dit is nodig om hier te verduidelik dat by die planting van die kerk onder die Swartes, sendinggenootskappe en kerke die bekeerlinge geleer het om na vermoë dankoffers te bring. Onder die Sotho word onder meer van kabelo gepraat. Die term het egter mettertyd 'n enger konnotasie gekry. Waar die gedagte oorspronklik 'n sistematiese, vrywillige offer=gawe in geld was, wat byvoorbeeld jaarliks gebring word, sê 12/- (R1,20) per jaar, het dit ontaard en in wese die konnotasie van 'n kerkbelasting aangeneem. Ryk en arm het 12/- betaal. Waar ons van "dankoffers" binne die separatisme praat, het dit tasbare dankbetuiginge geword - oor die algemeen geld - vir buitengewone heling gesien uit die gesigs=hoek van die pasiënt.

Verder na links op die spektrum plaas ons dan bewegings waar die kerk-vreemde motivering van dankoffers of die verkoop van kommoditeite soos "geseënde" simbole en veral "gebedswater" in feite dominant is ten opsigte van die generering van inkomste. Hier sou 'n mens as voorbeelde kon noem die McCamelbeweging en die ZCC.

In die breë is daar by 'n betekenisvolle meerderheid van die bewegings 'n kommersiële komponent aanwesig. Anders as by die kerk- en sakewêreld sluit dit byvoorbeeld magiesgeïnspireerde motivering by verkope in.

Met betrekking tot die besteding van fondse is daar dus ook nie 'n een=lynige bevinding nie. Daar het gedurende die studie 'n tendens na vore gekom dat bewegings hulle finansiële administrasie aan die opknap was. So 'n geval is Elias Ramoipone se beweging (3.4.7).

Ons wil hier beklemtoon dat sowel ten opsigte van die insameling as die besteding van fondse ons slegs in enkele gevalle gespesifiseerde gegewens tot ons beskikking gehad het. Tewens, slegs 'n klein persen=tasie van die bewegings het destyds geskrewe Konstitusies gehad. Van laasgenoemde het ons enkeles ter insae gekry. Die Konstitusies toon

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

egter tekens dat Kerk en Staat nie streng afgebaken word nie. Dit is bekend dat na 1920 'n besondere stelsel van staatserkenning aan kerklike bewegings onder Swartes in swang was. Ten einde so 'n gesogte erkenning te bekom, is dikwels van regsgeleerdes of kwasiregsgeleerdes gebruik gemaak om 'n konstitusie op te stel. Langs hierdie weg is die organisatoriese probeer druk in 'n keurslyf van die Wet op Maatskappye en het die regskundige uiteraard meer aandag aan die wetsaspek as aan die religieuse gewy. Meer bepaald in die onderhawige verband rakende die finansiële sy, het ons bevind dat konstitusie en praktyk dikwels verskil.

Vir diepteduiding ten opsigte van dié verskil, voer ons die volgende aan: Dit lyk of in die separatisme die leier nie slegs hoof is van die religieuse nie. As biskop, priester en profeet, wil hy en sy volgelinge 'n nuwe stamtipe vorm. Daar word in feite swaargewig toe= geken uit 'n organisatoriese gesigshoek aan die leier en volgelinge wat 'n allesomvattende samelewingseenheid wil vorm. Die tradisionele kap= tein was sowel politieke as religieuse hoof. Die grondgebied was nie privaateiendom nie maar deur die kaptein in trust gehou. Die kaptein was die hoof vaderfiguur. Na hóm is die toevlug geneem in tye van groot droogte en dan word duidelik gesien dat hy die stammiddelaar is teenoor die kapteins-badimo en selfs Modimo.

As ons nou ons gegewens oor die separatisme projekteer op ons omskrywing van die tradisionele kaptein, is daar op die keper beskou naas groot ooreenkoms tog klemverskuiwing. Weliswaar dien baie separatisteleiers hulle as hoof vaderfigure aan en word as sodanig deur hulle volgelinge bejeën. Dit was egter nie gebruiklik vir kapteins om soveel te bewillig vir statussimbole soos luukse motors nie. Al is die ZCC miskien 'n uiterste geval in ons studiegebied (Schlosser 1958:183), is die neiging tog daar waarneembaar. Soos kapteinskap oorerflik was, so is daar 'n neiging - alhoewel nie deurgaans nie - dat erflike opvolging in leiersfamilies onder die separatisme verskans word (3.1.4 en 3.6.3). Ons herinner daar= aan dat separatistiese bewegings as sovele kerke wil bekend staan en dus in feite die kerk as erfenis vir besondere families wil oormerk.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4.3.8 Samestelling van aanhoriges

Hieroor is dit nie moontlik om met betrekking tot die onderskeie bewegings sonder voorbehoud algemene stellings te formuleer nie.

(1) Wat die sterkteverhouding van manlikes teenoor vroulikes betref, is die vroulikes volgens algemene waarneming in die meerderheid. (Vgl ook die afsonderlike afdeling oor die rol van die vrou - 4.4). Daar was net een beweging waar die respondente geneig was om 'n uitsondering te onderken. Dit was die ZCC.

Vir verklaring is dan gesoek in die rigting dat Edward Lekganyane 'n sterk impak op die manlikes in stadsbestel gemaak het en dat seuns en jong mans in ouderdomsgroepe of regimente in ZCC-verband georganiseer is. In lied en aksie het hulle bedrywighede sterk ooreenkoms met die tradisionele danse vertoon. Daar is ook twyfel uitgespreek oor tug en beweer dat op die gebied van geslagtelike verkeer aan die mans baie speling toegelaat is. 'n Ander bydraende faktor sou wees dat die hiër=argies-gestruktureerde beheer oorwegend manlik is. Die hiërargie is nie in 'n tipe parallellisme soortgelyk aan die ordening in die meeste ander bewegings deurgetrek nie. Die baie range is geklee in onderskeidende uniforms en kentekens. Daar word nie juis van vroulike "profete" in die ZCC gehoor nie. Wat getalsverhouding betref, dui die Bevolkingsensus van 1980 daarop dat die ZCC - ons het nie aparte versyfering vir die Edward- en Joseph-ZCC nie - meer konform word aan die algemene same=stelling waar die vroulikes in getalle oorheers. Die ZCC-persentasie vir die RSA en Bophuthatswana is vir manlik en vroulik onderskeidelik 48,98% en 51,02%. Dit is egter interessant dat vir die RSA afsonderlik die betrokke persentasies 49,63% : 50,37% en vir Bophuthatswana 43,93% : 56,07% (Tabelle 3(a) en 3(b) - hfst 2) bereken.

Rakende die sterkteverhouding moet ook rekening gehou word met die natuurlike aanwas. Dit is opmerklik hoe in die kleingroep die kinders meelewend is. Hulle neem lustig deel aan gemeentesang, begeleidende sang by die onderdompelingsdoop - gewoonlik in die opelug by 'n spruit of rivier - en word meegevoer deur die gestruktureerde "genesing". In die omgewing van Marico waar die Sioniste in 'n vesting van die Hermanns=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



burgse 'n onbeduidende minderheidsgroep was, aanskou ons hoe 'n groepie kinders van sowat ses tot tien jaar in kinderspel 'n ge= nesingsrite dramatiseer. Meelewing is egter nie tot die kleingroep beperk nie. In groter bewegings soos die Morning Star van Ramoipone (3.4) is vasgestel hoe kinders vanaf hulle prille jeug ingeskakel word onder andere deur in onderskeidende kleredrag uitgerus te word.

Verder is daar by lewenskragtige bewegings weinig sprake van 'n gevoel van minderwaardigheid teenoor die meer gevestigde kerke onder die Swartes. Tewens teen 1980 sou die separatiste-sterktepersentasie op 'n 30% bereken word vir die RSA as geheel. Hierdie hoë aanhorigheid bevorder die selfbeeld; ook van die menigvuldige klein splintergroepe.

(2) Met betrekking tot geletterdheid, word die vroeëre gaping tussen die sogenaamde Ethiopiese en die Sionistiese tweedeling tans ook kleiner. Sundkler kon nog ten opsigte van leiers in die separatisme skrywe: "While stressing the fact that even the Zionist Churches concede status to the supposedly educated man, one should add that this does, of course apply still more to the Ethiopian Churches. The difficulty of the rising church leader in Ethiopian circles, as far as his reputation with regard to education is concerned, seems to be to steer clear of both the Scylla of the young Intellectual - openly showing contempt for his uneducated subleaders - and the Charybdis of total lack of education" (1961:126).

Hierdie veralgemening, wat teen 1948 geformuleer is, geld globaalweg nie meer nie. Ons hoef slegs na die eskalering van swart leerlinggetalle bo 'n standerd sesstandaard te verwys. Dit het uiteraard die geletterdheids= peil binne die separatisme laat toeneem. Waar die RSA-gemiddelde vir die separatisme vir die jare 1951, 1960 en 1980 onderskeidelik op 18,6%, 21,2% en 29,3% gestaan het (4.2.1 - Tabelle 3 en 3a) was daar as gevolg van natuurlike aanwas en ondertrouing in die lig van hierdie persentuele verhouding en sy stygingstendens 'n styging in die geletterdheidpeil binne die separatisme. As ons daarby bedink dat die separatiste prys daarop stel om die jeug aktief in hulle onderskeie bewegings te betrek en dat proselietmakery veral vanweë die komplekse "genesingsaanspraak" geskied, is dit verstaanbaar dat die totale separatiste-aanhorigheid 'n geletterd= heidsdistribusie sal vertoon wat neig tot gelykvormingheid aan die kurwe

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die swart bevolking as geheel.

Ons het byvoorbeeld aangetoon - en dit staaf die wins deur ondertrou=ery - dat die skoonseun van die leierspaar in die Church of Christ's Assemblies 'n skoolraadsekretaris is (3.5.3). Die leier van die Morning Star trou as wewenaar 'n tweede keer met 'n vrou wat veel jonger is as hy. Sy is uit 'n gevestigde Gereformeerde kerk en haar onderwyspeil is bo die gemiddeld (3.4.2). Dieselfde geld vir 'n Moderator van die African Presbyterian Bafodisi Church. In hierdie geval is die vrou een van ons respondente op Reitz waar sy destyds ook onderwys gee (vgl Verslag 1973: 548; waar die professionele kwalifikasie nie genoem word nie.) By die St John's van Christina Nku word dagskole daadwerklik bevorder en hou hulle 'n eie teologiese skool daarop na (Verslag 1973:839,842).

(3) Separatiste-aanhorigheid moet ook beredeneer word vanuit die sty=ging van die gemiddelde kersteningsvlak oor die laaste drie dekades onder Swartes in die RSA. Vir die jare 1951, 1960 en 1980 was hierdie styging onderskeidelik 40,7%, 46,8% en 44,8% (Tabel 6) terwyl die ge=middelde vir Nie-Christene of die tradisionaliste afgeneem het in die=selfde volgorde van 40,7%, 32,0% na 25,9% (Tabel 6). Alhoewel daar wins en verlies binne ons driedeling-kompleks is en 'n mens in 'n doolhof beland as fyn rekenkundige ontleding aangedurf word, het ons reeds in 4.2.1 onder meer gestel: "Die moontlikheid dat 'n groot deel van die wins van die separatistiese bewegings wel uit die Christene afkomstig is ... moet deeglike ondersoek word. Ons kon hierdie aspek nie verder ontleed nie" (4.2.1). Ons dink dat in die onderhawige verband tog gesê moet word dat die RSA die mees gekerstende gebied in Afrika is en ook die gebied is waarin 'n groot aantal denominasies sendingwerk en kerkbou voortsit. Die Tomlinsonverslag kom onder meer tot die gevolgtrekking: "Die stormloop van oorsese sendingliggame na die Suid-Afrikaanse sen=dingtoneel was gedurende die afgelope 100 jaar fenomenaal .... Die sendingbedrywende instansies het geen beplanning of uitgewerkte stra=tegie vooraf opgestel nie. Die gevolg was 'n geweldige oorvleueling en soms verdringing van mekaar" (1954:hfst 5:47-8).

Met verwysing na Frankfort het ons bevind dat 'n gebroke front op kerklike gebied en die gevolglike gebrek aan gestruktureerde kerstening

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

en kerkopbou (2.10.2.5) bydra tot die daarstelling van 'n optimum teelaarde vir die separatisme. Toegegee dat kerklike samewerking met die oog op oorhoofse kerstening nie oorvereenvoudig kan word nie omdat die leerstellige ook meespreek, is dit tog verwarrend vir tradisionaliste wat oorweeg om Christen te word. In so 'n gebroke be=stel is die versoeking vir sendingbedrywende kerke ook daar om stan=daarde vir toetrede tot die bepaalde kerk te verlaag. Dit werk proselietmakery vanuit die separatisme in die hand. Die lidmaat van 'n sekere kerk het dan nie die dogmatiese onderskeidingsvermoë om te evalueer nie. Aan die ander kant - gesien die groot spektrum kerke - kan die separatisme makliker eklekties ontleen om veelvormige groeperinge daar te stel. Geld dit aansluiting uit 'n kerk by 'n sepa=ratistiese beweging, is die verwarring groot in die lig van die menig=vuldigheid van afsonderlike bewegings wat bestaan.

(4) Etniese homogeniteit en heterogeniteit kom in die onderskeie groepe se samestelling in allerlei sterkteverhoudinge voor. Die ver=oorsaking is net so gevarieerd.

Afgesien van die groot stedelike komplekse wat binne ons omskrewe studieveld val, het ons meesal met 'n etnies-heterogene samestelling in die algemene bevolking te make. Ons kan byvoorbeeld na Soweto (2.9.4.5) verwys, Tabel 17a. Ons stem saam met Möller waar hy met betrekking tot die Rand in die algemeen bevind dat die etniese hetero=gene patrone daar verskil van die ander stedelike sentra in Suid-Afrika. Hier domineer een etniese groep nie die ander nie. 'n Gelykmakende pro=ses is wel aan die gang maar - en ons haal aan: "Dit beteken nie dat daar gepraat kan word van 'n homogene kultuur nie. Etniese verband bly steeds 'n faktor waarmee rekening gehou moet word" (1972:39-43). Dit impliseer dat die verskeidenheid tog die koördinasie op die gebied van kerstening en die planting van selfstandige kerke bemoeilik. Ons veld=werkers in Soweto, veral een, het klem gelê op die etnies-heterogene samestelling as faktor wat koördinasie teenwerk. Ons stem saam waar hy soos volg uitwei: "Die groot getalle mense wat uit verskillende wind=streke kom, het beteken dat hulle gekom het as mense met verskillende tale en uit verskillende stamme met 'n verskeidenheid gewoontes." Verskil in ontwikkelingspeil was daar en is daar nog in Soweto. Omdat hierdie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



mense vir mekaar in hoofsaak vreemdelinge bly, word individualistiese selfhandhawing op die spits gedryf. Gepaard daarmee gaan 'n materia= lisme en hedonisme. Daar bestaan ook 'n gevoel van onveiligheid. Mense groet mekaar nie op straat nie omdat die enkeling nie weet of hy dalk beroof of beseer mag word nie. Op een of ander wyse benadeel al hierdie dinge die kerklike lewe in die algemeen.

Wrywing as gevolg van etnies-heterogene oorvleueling - alhoewel nie die dominante nie - is in etlike gevalle die rede vir onderlinge skeuring binne die separatisme. Botsing wat teruggevoer kan word, ook na etniese aksente in die magstwis, is in veldwerk aangeteken. So vind ons in Bloemfontein (2.9.4.3) dat Tswana en Xhosa skeur. In Evaton kom daar tweespalt na die dood van die stigter, P L Moloi, in die St Paul's Apostolic Faith Mission. 'n Seun van Moloi en Nhlapho geraak in 'n leierstwis. In ons studiebestel grens hulle hoofkwartiere aan mekaar. Die Moloiseksie is hoofsaaklik Sothosprekend en die Nhlapho= seksie hoofsaaklik Zoeloesprekend (Verslag 1973:972). In die Lutheran Bapedi Church (3.1.4.3; vgl. ook Verslag 1973:492) dra spanning tussen Pedi en Tswana by tot separasie. Dergelike wrywing dra dus by dat, binne etnies-heterogene oorvleuelingsgebiede, daar 'n mate van etnies-homogene uitkristallisering in aanhorigheid mag onstaan.

Etniese heterogeniteit is egter nie slegs tot ons stadsgebiede beperk nie. As ons Figure II, V en VI bestudeer, is dit duidelik dat die Witwatersrand op die snypunt is waar die globale omlyninge - Noord-Sotho, Suid-Sotho en Tswana - mekaar raak. Ten ooste na Volksrust word 'n besondere hoë digtheidspatrron vir die separatisme gearseer. Hier is optimum teelaarde vir separatistiese aanhorigheid in die algemeen en vir vermenigvuldiging van skeurbewegings in besonder.

Daar is egter 'n pragmatiese tendens wat 'n uitkristallisering van etnies-homogene groepe teenwerk. Dit is die neiging by die meeste leiers om ter wille van die gewin sy volgelinge uit so 'n groot as moontlike opvanggebied te trek. Dit gee aanleiding tot fyn versplintering in klein, byna magtelose en invloedlose groepies volgelinge en die byna afwesigheid van 'n oorhoofse funksionerende verband per beweging Dit is asof elke leier met sy groepie volgelinge in isolasie en byna

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



volslae outonomie optree.

In ons studieperiode was daar wel pogings tot koördinasie. Waar stadsrade soos Pretoria swart woonbuurte gekonsolideer het en orde geskep het ten opsigte van onreëlmatige plakkery in omstedelike gebiede, is dit duidelik dat elkeen van die menigvuldige separatistiese bewegings nie op kerkpersele of skoolkamerfasiliteite kon aanspraak maak nie. Daar is aan die hand gedoen dat bewegings saam groepeer. Ons het in die opsig nie verder op die saak kon ingaan nie. Ons algemene waarneming dui daarop dat daar nie vordering was in die rigting van amalgamasie nie.

Uit meer algemene oorwegings het 'n organisasie soos die Interdenominational African Ministers' Federation (IDAMF) momentum probeer gee aan groter groepering en amalgamasie (2.1.2). Kerke soos die Metodiste het ook as skakels opgetree om konsolidasie te bewerkstellig. So het die ondersoeker Mahabane snr in Kroonstad gespreek en is aan hom meegedeel dat hy juis besig was om 'n twaalftal groepies te laat amalgameer. Daar was ook ander in die veld. So was daar 'n seprartisteleier wat Sionistiesgesindes (in dié geval ons Z sowel as A) wou saamsnoer. Die navorser het ook die indruk gekry dat 'n paar wou voog speel vir eie gewin. Teen 1969 interesseer M West hom in die AICA (The African Independent Churches' Association) wat onder meer samewerking wil bevorder. Hy skryf later oor "The rise and fall of AICA" en binnegevegte wat 'n doelstelling soos die bevordering van meer eenheid in bewegings ontsenu (1975:142-70). Hy skrywe onder meer: " ... AICA's stability was always fragile and it experienced endless leadership struggles" (1975:168).

Pogings tot konsolidasie ly dus gewoonlik skipbreuk op die rotse van leierstwis.

In ons studiebestel is daar ook die uitsondering van enkele groot en hegte bewegings. Selfs relatief groter bewegings soos die St John's van Christina Nku en die Morning Star van Elias Ramoipone het al afsplintering uit eie geledere belewe. Die ZCC van Edward Lekganyane het in tweespalt ontstaan en is by afsluiting van ons veldwerktermyn

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nog sonder sy wegbreekgroepe.

## 4.4 Die rol van die vrou

### 4.4.1 Die persentuele verhouding van aanhorigheid, manlik en vroulik

Daar word vry algemeen aanvaar dat getalsgewyse die vroulike aanhangers die mans in die separatistiese bewegings oortref. Met verwysing na Tabel 2, het ons reeds verduidelik waarom vergelyking in detail inge= wikkeld is. Wat in Tabel 2 egter sterk opval tydens die sensusmomente 1951 en 1960 is die hoë persentasie vroulike aanhangers in die Trans= vaalse stedelike gebied. Vir 1951 is die berekening 31,9% en vir 1960 is dit 36,8%; waar die ander relevante persentasies tussen 19,2% en 23% varieer.

### 4.4.2 Die emansipasie van die swart vrou

Dit is nie korrek om dogmaties te beweer dat die vrou in die tradisio= nele lewe despoties deur die man regeer is nie. Die baanbrekersendeling, B B Eybers, het van 'n respondent 'n spreekwoord uit Kenia aangehaal: "Die rug wat die kind abba, regeer die land". In Sotho verneem ons van: <u>Mosadi ke motse</u> (die vrou is die stat). Die vrou was in die tra= disionele bestel veral pikbouer en huisbouer. Sy was tegnies vir alle praktiese doeleindes meer bedrywig as die man en effektief huishoof. In hoë mate was die vrou eerder as die man kultuuroordraer. Met die ontstamming en verstedeliking het sy nog meer pligte oorgeneem en nog meer beheer oor die gesinslewe begin uitoefen. Uit die tuislande het die swart man in groot getalle weg van die huis sy arbeidskrag in Westerse bestel gaan verkoop om slegs sporadies na sy vrou en kinders terug te keer. Uiteraard is die ondernemingsvermoë van die vrou hier= deur spontaan en noodwendig geprikkel.

Dit is welbekend hoe grootskaalse verstedeliking in die PWV-bestel 'n omvattende impak gehad het. Ons het byvoorbeeld bevind dat Soweto met horte en stote gegroei het. Oor die algemeen het die vrou uit die tuislande nie haar man na die stad gevolg nie. Maar namate die vrou in gesinsverband huisvesting binne die stedelike kompleks bekom het,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het haar dogters en selfs sy gaan verdien. Dit was nie meer nodig om die tydrowende pikbou te boefen nie. 'n Hele sametreffing het tot haar emansipasie bygedra en laat momentum kry. Ons herinner daaraan dat sowel Christina Nku as Lydia Tšukulu 'n plattelandse agtergrond het. Evaton bied vir Christina Nku die speling om werklik biskop te word en Lydia Tšukulu vorder tot biskop in Wintersveld waar daar ook eien=domsreg op grond verkry kon word.

4.4.3 Hiërargiese rangorde

Onder die uiteensetting van die organisatoriese het ons reeds verwys na die baie algemene parallelle ordening van die man en vrou in die=selfde beweging. Manlikes en vroulikes in so 'n tweedeling is elk op hulle beurtafsonderlik hiërargies gerangskik. Weliswaar vind ons der=gelike tendense ook by die sendingaksie van Genootskappe en Kerke wat tot denominasies onder die Swartes gelei het. Die vrou van die evangelis is byvoorbeeld aan die hoof van die Vrouevereniging in sy wyk. Maar die reëling word nie so ver deurgetrek dat sy effektief leier word oor die wyk se totale kerklike bedrywighede nie. In teenstelling hiermee be=vind ons dat in etlike separatistiese bewegings die vrou oppermagtig word. Voorbeelde is hierbo in 4.4.2 genoem. Dit is egter nodig om te omskrywe omdat in die geval van vroue die opperbevoegdheid gekamoefleer mag word. Hiervoor skyn daar twee hoof redes te wees: Eerstens dat in die tradisionele regeerstelsel die kaptein en sy raadslede normaalweg saamgestel is uit manlikes. Tweedens dat in die optrede na buite soos in die geval van 'n opwagting ten einde staatserkenning te beding, die vrou gewoonlik nie op die voorgrond wou tree nie. Ons het dan ook be=skrywe hoe daar in die praktyk kompromieë is wat verskillende gestaltes aanneem. Christina Nku stoot haar seun voor. Lydia Tšhukulu voer haar pa in alhoewel sy haar vader minder speling toelaat en ons hom eerder as hooflitUrg sien optree. Ons het ook die voorbeeld van Catherine Ngcelwane en haar man Sampson. Hulle is eerder twee leierspersoonlik=hede wat "in eie reg" sterk teen mekaar opweeg en tog 'n komplekse be=weging laat funksioneer. Hierdie Church of Christ's Assemblies is een van die beste voorbeelde van bewegings waarin man en vrou in vennootskapsverband optree. Hy beheer die meer kerklike organisasie en daarby die kommersiële uitbouing. Sy is profetes in besondere

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

konnotasie, lei charismatiese kandidate op en spesialiseer in omvattende genesing wat sowel liggaamlike as psigiese heling in=sluit. Dit is veral Catherine Ngcelwane wat die aantrekkingskrag tot groepvorming is en was. In feite deurbreek sy as ngaka die ge=wone kerklike hiërargiese of episkopale organisasie deur hierdie vermaardheid. So gesien kan 'n mens haar nie juis op 'n rangsport onmiddellik onder haar man, die biskop , plaas nie, want sonder haar sou die beweging kwyn.

In die onderhawige rangorde kan die vrou allerlei tussenposisies in=neem. Ons het reeds genoem dat die vrou normaalweg die status onder die vroue beklee wat haar man in die beweging hou. Van die reël word egter ook afgewyk. In die geval van die St John's verneem ons van "Ministers - both male and female" (Verslag 1973:837). Ons was teen=woordig waar Christina Nku daadwerklik vroue georden en bevestig het (a w 1973:847).

Oor die algemeen egter, tree die emansipasie van die vrou nie so blatant op die voorgrond nie. Dit is ook waar dat die vrou nie op=sigtelik na vore tree in die meeste sogenaamde Ethiopiese groeperinge nie. Ons dink hier aan bewegings soos die Presbyterian Church of Africa en die Bantu Reformed Church. Dit is dus 'n tendens wat 'n hoër voorkoms het by ons Apostoliese en Sionistiese bewegings.

### 4.4.4 Die vrouevereniging

Ons weet dat een van die algemene kenmerke van die verskillende kerke onder die Swartes die invloedryke vroueverenigings is. Dit is vroue wat byvoorbeeld gereeld op Donderdagmiddae biduur bywoon. Op grond van ons bevinding kan 'n mens sê dat alle separatistiese bewegings soortgelyke gebedsbonde daarop na hou. Die ZCC, egter, vergader Woensdae. Na ons beste wete dateer dit nog uit die afsydige houding wat Egenase Lekganyane teenoor ander kerke en bewegings inge=neem het. Hierdie vereniginkies - want onder die separatistiese be=wegings is hulle gewoonlik klein groepies - is geneig om hulleself ook tot onderlinge hulpverlening te organiseer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

### 4.4.5 Genesing en die vrou

Algemene waarneming en ook binne veldwerkverband dui daarop dat 'n sinvolle persentasie bewegings hulle genesingsaktiwiteite saamtrek in kliniekbehandeling. Waar verpleging by uitstek 'n voorkeurterrein vir vroulikes is, is die tendens om 'n keurkorps lekeverpleegsters binne 'n eie beweging te laat funksioneer. Hierdie neiging word ver=sterk aangesien die versorging neig om wassinge, maagspoelinge en be=trokkenheid by kraamgevalle in te sluit. Uit ons navorsing het ons byvoorbeeld genoem dat die McCamelbeweging hulle aandien as 'n heling=instituut met eie verpleegsters in kenmerkende uniform (2.10 - Bylaag). Meermale het ons van maagspoelinge verneem. Dié behandelingswyse speel 'n rol by die Church of Christ's Assemblies (3.5). So verbreid is hierdie tipe behandeling dat daarvoor in sekere kringe al 'n teg=niese term in omloop is. Ons een veldwerker verneem uit die mond van 'n tienderjarige dogter dat hulle op die punt staan om te "gaan sasol". Op sy vraag wanneer presies hulle na Sasolburg gaan, lag sy hom uit en moes hy ontdek dat sy na <u>enema</u>behandeling verwys!

Die wye spektrum ongesteldhede wat binne die separatisme genees sou kon word, sluit histerie en onvrugbaarheid in. Die tipe histerie wat in Suid-Sotho gewoonlik as <u>mafonfonyane</u> bekend staan, kom dikwels voor by dogters in hulle puberteitsjare. Tradisioneel word dit toegeskrywe aan bonatuurlike oorsake, byvoorbeeld dat 'n kêrel "liefdesmedisyne" bekom het en wat sy op een of ander wyse ingekry het. By getroude vroue kleef daar tradisioneel en vandag nog 'n stigma aan onvrugbaar=heid. Die separatistiese leier wat die siektes behandel, vervul dik=wels die rol van lekepsigiater. Ons kan dus aflei dat dit 'n toeloop van vroue na die verskillende bewegings veroorsaak. Dit skep op sy beurt die behoefte aan tredhoudende personeelvoorsiening.

'n Goeie voorbeeld is weer die Church of Christ's Assemblies, waar Cathe=rine Ngcelwane as dié profeet 'n besondere aantrekkingskrag sou uitoefen vanweë haar beweerde charismata om te diagnoseer, te genees en perso=neel op te lei. Sy is dan ook die bewegende krag agter hulle besondere kliniekbehandeling aan hulle hoofankerpunt op Brits (3.5).

Die rol van die vrou is beslis 'n besondere vergeleke by die rol in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Westerse kerke in die algemeen. Sy is soms profetes maar altyd op die voorgrond in 'n eie beweging en by die belangrike helingspraktyke wat aangetref word.

4.5 Die leerstellige aspek

4.5.1 Die verhouding kerk en sekte

In ons probleemstelling (hfst 1) het ons die twee begrippe omskrywe. Daar het ons betoog dat die essensie van die begrip sekte 'n afskei= ding uit die kerk is.

Waar ons naas sekte ook die separatisme noem, slaan laasgenoemde sowel op afskeiding uit kerklike denominasies as op gevalle wat beweer dat hulle geen verband met een of ander kerk gehad het nie, maar spontaan ontwikkel het.

Die Christelike Kerk in tyd en ruimte dank sy ontstaan, vormgewing en voortgang nie aan 'n besondere gemeenskapsin van die mens nie. Weliswaar is die sosiale in die mens 'n belangrike wesenseienskap en by implikasie sal dit 'n rol speel in die kerklike gestaltes op aarde, maar dis nie deurslaggewend nie. Hierdie stellingname het ons gestaaf deur onder andere terug te gryp op <u>kuriake/ekklesia</u>: Christus roep en lê beslag op Sy eiendom. Die kerk is die uitgeroepte, die vergaderde wat uit die hele menslike geslag vir Hom as gemeente tot die ewige lewe uit= verkies is deur Sy Gees (die Heilige Gees) en Woord in die eenheid van die ware geloof. Hy bly Sy Kerk beskerm en onderhou. Jesus Christus is die enigste Middelaar en Hoof. Die Christelike kerk is nie in eint= like sin 'n mensgerigte belange-organisasie, vereniging of dergelike instansie nie.

Met betrekking tot afskeiding/separasie in kerklike bestel, het ons klem gelê op <u>heresie</u> en <u>skisma</u>. <u>Heresie</u> het die konnotasie van onder= myning van die leerstellige fondament van die kerk en wel so dat 'n nuwe gemeenskapvorming naas die <u>ekklesia</u> ontstaan. Dit kan die kerk nie toelaat nie. <u>Skisma</u> is meer 'n persoonlik gemotiveerde stryd wat skeu= ring in die kerk veroorsaak. Die grondbetekenis van <u>skisma</u> is spleet

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



of skeur egter soos by die kameelpoot nog met 'n verbinding of web tussenin. So word dan in oordragtelike sin verwys na spanningsver= houdinge tussen broederskappe of afsonderlike groepvorming rondom 'n leierspersoon.

Müller verwys na die sektewese as die verskynsel " ... afgeskeie ge= loofsgroepe wat hul van gevestigde kerke of ouer geloofsgemeenskappe afskei om in felle kritiek en antitese teen die oue waaruit hulle ge= stam het, 'n nuwe gemeenskap te stig, waarin vir hulle die "ware" en "suiwere" kerk beliggaam word ...." Müller betoog tereg dat dit nie so eenvoudig is om die begrip 'sekte' te omskrywe en aan te dui presies waarin die wesensonderskeid tussen 'kerk' en 'sekte' geleë is nie .... Daar is definisies wat die historiese, numeriese, staatsregtelike of juristiese, dogmatiese en psigologiese oorbeklemtoon. Hy betoog verder dat hierdie gesigspunte nog nie die sosiologiese wesensdrang en struk= tuur van die sekte onder die soeklig bring nie (NGTT 1964:159-61).

Boerwinkel bevind dat in verskillende menging die twee volgende ele= mente vrywel in alle sektes voorhande is: Sekte as werk van die vlees en sekte as korreksie op die kerk (1953:19) - vlees dui hier op die swakke en sondige mens of die sondige lewensrigting. Afgestem op die sektegees trek dit saam in die een hoofsonde naamlik hoogmoed. Die mens wil hom op een of ander wyse laat geld en nie as skepsel <u>onder</u> God on= voorwaardelik soos die tollenaar skuldig staan nie (1953:26).

In hoofstuk 1 het ons verder aangedui dat die separatisme nie slegs vanuit die verhouding kerk en sekte omlyn kan word nie. Onderliggend aan hierdie aanname was dat selfs Müller se klem op die sosiologiese wesensdrang en struktuur van die sekte as belangrike komponent in die definisie nie toereikend is nie. Immers, ons sou kon redeneer dat die eenheidsbenadering van die Volkekunde nie gedek word deur die benadering van die Sosiologie nie. Ter plaatse het ons tentatief genoem dat die separatisme ook 'n verbintenis met iets anders kan vertoon. Ons het gewenk na 'n soort simbiose/sinkretisme waarin gepoog word om in= sonderheid Christelike Geloof en die tradisionele religie in verbin= tenis uit te lewe.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

4.5.2 Heresie en skisma in die separatisme

Uit 'n leerstellige gesigshoek betrag, sentreer 'n wesentlike vraag=stelling óm die voorkoms al dan nie van heresie en skisma in die separatisme.

Dit is binne ons goeie reg om so te vra. Onder die organisatoriese aspek het ons vermeld dat in feite die oorhoofse doelstelling van die bewegings is om as kerklike denominasies bekend te staan (4.3.1). Dit wil sê deel te hê aan die Kerk. Dit tref egter so dat die afsonderlike bewegings buitengewoon leiergerig is. Ook is daar uitgewei oor die magstryd om oppergesag. In die meerderheid gevalle is die hoof rede vir skeuring 'n magstryd tussen leierspersoonlikhede om opperleierskap binne die menigvuldige groeperinge. Dit is onderlinge magsvetes waarin persoonlikhede sensitiewe botsingspotensiaal verskaf (4.3.3). Evaton is 'n soort mikrokosmos vir die separatisme in ons ondersoekveld. En onder ons slotopmerkinge rakende Evaton as steekproef, kon ons reeds formuleer: "Een van die sterkste skeuroorsake was 'n magstryd om leier=skap in 'n bepaalde beweging. En omdat die bewegings by uitstek groep=vorming om en onder 'n besondere leier is, lei persoonlike magsvetes tussen aanspraakmakers tot onderlinge splitsing waar die leier en sy party wegbreek om 'n eie organisasie daarop na te hou" (2.10.5.9). Ons herhaal ook dat van die sestal bewegings wat in hoofstuk 3 vir uit=voerige beskrywing uitgesonder is, daar slegs in die Church of Christ's Assemblies nie sprake is van leierstwis nie.

Ander bydraende faktore tot toespitsing op leierstwis is reeds onder die organisatoriese aan die orde gestel soos die voorliefde vir 'n soort Episkopale regeringstelsel met buitengewone magsbevoegdheid deur erf=regtelike opvolging en eiendomsreg (4.3.4 en 4.3.7).

Teologies beskou, is een van die grondfoute dat so 'n hoë persentasie van die bewegings persoonsgesentreer is in plaas van Christusgesentreer.

Per definisie bevind ons dus dat in die separatisme die skisma-komponent opvallend aanwesig is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Met verwysing na heresie of kettery, let ons daarop dat die verskillen= de separatistiese bewegings en veral die A en Z nie net leiersgerig is nie maar voorrang gee aan 'n sekere leierstipe. Waar Bock vier tipes omskrywe (1968:109-12) het ons bevind dat hoë prys op die charismatiese leiertipe gestel word (4.3.2). Verder lui ons slotsin oor die magsvetes: "Dit moet vir ons duidelik wees dat die magstryd tussen mense en die beroep op charismatiese bedeeldheid in eie reg, albei belangrike by= draes lewer tot die bevordering van aparte groepvorming"(4.3.3).

Ons sal hoe langer hoe meer daarvan oortuig moet word dat elke vorm van charisma nie binne die separatisme betekenis het nie. Die charisma waaraan voorkeur gegee word, kom kennelik ooreen met dit wat hoë priori= teit in die tradisionele religie geniet. Ons gee in bedenking dat in die buitegewone leiersgerigtheid en daarby die sterk klem op 'n betekende charisma ons 'n verbintenis onderken tussen skisma en heresie in die separatisme. By die eerste oogopslag is heresie as komponent meer ver= skole in die separatisme. Ter verduideliking voer ons die volgende aan:

In hoë mate was die leidende persoonlikhede in die bewegings nie teo= logies geskoold nie. Waar die A en Z separatisme so 'n hoë persentuele getalsverhouding daarstel, was dit eintlik net die St John's Apostolic Faith Mission wat 'n eie lewensvatbare kweekskool in resente tyd in die lewe geroep het. 'n Dertigtal studente het teen 1964 opleiding ontvang (Verslag: 1973:842). Dit wil nie sê dat geen geval van heretiese redenasie opgeteken is nie. Byvoorbeeld, 'n leier uit 'n beweging op Evaton het dit teen die Trinitariese Doop en beroem hom daarop dat hy belese is op die gebied van die teologie. Maar hy is 'n uitsondering.

Waar 'n groep egter afskei van 'n Christelike Kerk (wat erns maak van Skrifbegronde Belydenis) om die tradisionele religie vryer uit te lewe, is dit op die keper beskou heresie. As illustrasie neem ons die be= weging soos beskrywe in 3.4. Die leier verklaar: "Ek het van die Faith Mission af gebreek. Dit was nie oor iets sleg nie. Dit was oor water wat ek graag wou gebruik. Hulle het my nie toegelaat om water te gebruik nie" (3.4.2.1). Hierdie water het egter op stuk van sake met die tradisionele geloof in die magiese of onpersoonlike super= naturalisme te doen. Ons weet reeds dat in 1.2 die badimo en die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

magiese komponente dié twee komponente is wat domineer in die tradisionele religie. Dergelike vervlegting van die tradisionele religie in die meerderheid A- en Z-bewegings dui dus op die aan=wesigheid van heresie in die separatisme. In dié sin is daar 'n besondere aksent in die separatisme. Leerstellig is dit 'n sterk heretiese inbouing van die tradisionele religie in die separatisme wat hom aandien as sovele kerke of denominasies - volgens hulle oor=hoofse voorgegewe doelstelling (4.3.1). Dat die huisvesting van die tradisionele religie so sterk en so algemeen in die vergestalting van die separatisme plaasvind, word baie duidelik in die lig van ons ordeningsprobleem (4.1.2). Ons tematiese aanpak word erg bemoeilik waar ons die leerstellige en die tradisionele in ons beredenering probeer skei. Ten einde duplisering sover moontlik te vermy, dra ons baie van wat hier aan die orde gestel kon word oor na afdeling 4.8. Dit bring egter ook mee dat ons bewyslas in hoë mate ten opsigte van die leerstellige na die betragting vanuit die tradisioneel-religieuse komponent oorgeplaas word.

4.5.3 Die kerkbegrip

Dit is reeds vir ons duidelik dat die meeste van die bewegings neig om te veel te sentreer om die leierspersoon en sy volgelinge in eie groepering as om kerkverband in Christus te wees. Daarby is daar die neiging tot kommersialisme wat veral 'n tradisioneel-religieuse helings=bestel ten grondslag het. Die "vrywillige" dankoffers word gemotiveer deur vermeende charismata wat die leier en/of van sy ampsdraers sou beoefen.

In ons navorsingsbestel was "polities"-geïnspireerde skeuring en mags=monstering in baie verswakte stuwinge voorhande. Ons bedoel hier die insidensie van bewegings wat weggebreek het uit bestaande denominasies op grond van beweerde botsing tussen Blankes en Swartes waar die Blankes miskien in die sendingkerke outoritêr sou opgetree het.

In die Lagdenverslag kon nog geskryf word; "Almost without exception secessions have been led by Church officers who have been unable to co-operate smoothly with their European Superindents. The Commission

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



has little sympathy with the movement, as there can be no doubt that its leaders have not yet arrived at the stage when dissociation from the control of European Missionaries is likely to contribute increased wisdom in Church administration, or more ennobling examples of personal self-sacrifice and piety; but so long as it remains un= associated with mischievous political tendencies, members unite in advising that any measure capable of being represented as religious persecution should be avoided .... Some of those who by restless ambition have become prominent in association with the movement, are not men to whom its destinies could with confidence be entrusted, and in order to maintain some check upon the possible harmful influence of such, the course which recommend itself to the Commission is to accord recognition to such Native Churches as are possessed of suffi= cient stable organisation to control their pastors and enforce disci= pline where necessary ...." (1903-5 Vol 1:63 - par 320). Die "move= ment" wat hier ter sprake is, is die Church Separate Movement waarin reeds destyds op die gevaar van "mischievous political tendencies" gewys is. Hiervan was daar in ons ondersoekbestel baie jare later ook weinig sprake.

Indien ons die kerkbegrip van die bewegings toets aan die kenmerke van die kerk, val die volgende op:

(i) Die bediening van Gods Woord

Daar is hier allerlei skakeringe. Daar is bewegings soos die African Church waar ons geen afwyking in Skrifverklaring gevind het nie.
Aan die ander uiterste was daar 'n afgesonderde New Church-gemeente waar ons 'n uiterste posisie van 'n Ope Kánon aantref. In Lesotho is daar in dié kerkie drie preekstoeltjies. Op die eerste word die Bybel uitgelê; op die tweede die arcana of openbaringe van Swedenborg; en op die derde niks, want die prediker lewer sy eie versinsels ten beste. Die meeste bewegings het nog geen teologies opgeleide predikers nie en dus is die gevaar van subjektiwisme groot. Gelukkig is dit in hoë mate waar - veral in die bewegings wat uit die Dowie-Le Roux-kettingreaksie voort= gekom het - dat hulle tog nog meesal "mense van één Boek", die Bybel, is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(ii) Die sakramente

Ook ten opsigte van die sakramente is daar teologies verskillende posisies. Daar is byvoorbeeld separatistiese bewegings soos die Presbyterian Church of Africa in Bloemfontein met destydse plaaslike leier E Mopeli, wat eintlik behoudend Gereformeerd is. Die grootste persentasie bewegings is egter die doop van volwassenes deur onder=dompeling - liefs in riviere - toegedaan. Ons kon uiteraard nie 'n hoë aantal Nagmaalsdienste waarneem nie. By die meeste bewegings was dit gebruiklik om die diens gedurende die nag te hou. By die A- en Z-groepe het die nagmaal gepaard gegaan met voetwassing. Ook hier is 'n spanwydte gebruike. Een van die uiterste afwykings was die geval in Wintersveld waar niertjies en bloed ook op die nagmaalstafel was en die deelnemers later ook buite die kerksaaltjie op 'n altaar die niertjies en ander eetware soos koekies as brandoffers aangebied het.

Dis duidelik dat ten opsigte van die sakramentsbediening in die separa=tisme - en ons het ons op die A- en Z-groepe toegespits - die algemene opvatting is dat die sigbare tekens en seëls (die water by die doop en die brood en wyn by die nagmaal) in sigself met krag gelaai is. Ook hierin kan kontaminasie met die geloof in towerhandelinge uit die tradisionele religie aangedui word. Oor hierdie aspek word verder uit=gewei in 4.8.

(iii) Die tug as kenmerk van kerkwees word apart beskrywe (4.7).

Rakende die mag van die kerk (met verwysing na die uiteensetting in hfst 1) is tot op datum die lerende mag soos uiteraard beoefen deur teologies-opgeleide persone, redelik swak; omdat daar nog nie juis sprake is van dergelike opleiding nie. Die dienende karakter van die kerklike mag word ook deur etlike van ons veldassistente in twyfel getrek. Dit hang saam met 'n besondere magskonsentrasie in die persoon van die leier. (Vgl ook die tugaspek, 4.7 en die vervlegting met die tradisionele religie, 4.8).

Met inbegrip van wat nog aangevoer en beredeneer gaan word, kan 'n mens beweer dat behalwe vir enkele S-groepe, nie van 'n kerk gepraat kan word

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


nie. Die afskeidinge dra selde die volle kenmerketal van kerkwees en staan dus weg van die kerk. Dit is asof die meeste nog nie uit die bindinge van die tradisionele religie kan ontkom nie. Leerstellig is daar 'n duale of dubbeldorige verbintenis waar hulle 'n versoening probeer bewerkstellig tussen Christelike Geloof en die etnies-gebonde religie. Dit is asof hulle nie bewus is van die onversoenbaarheid van die twee: die unieke Christelike Geloof en die etnies-kultureel gebonde tradisionele religie nie. Daar is nie 'n besef van 'n skisofre=niese slingering in die belydenis van geloof en die uitlewe daarvan nie. Die algemene indruk is dat 'n beduidende persentasie van die menigvuldige separatistiese groeperinge sonder gewetenswroeging die tradisionele religie inkorporeer ten spyte daarvan dat hulle oorhoofse, formele doelstelling aangegee word as die stigting en uitbouing van 'n bepaalde denominasie.

### 4.6 Die liturgiese aspek

#### 4.6.1 Die begrip liturgie in wyer konnotasie

Die begrip liturgie omskrywe die vasgestelde vorme van die openbare erediens. Die wese van die liturgie is dan die ontmoeting van God met Sy gemeente waar hulle voor Hom verskyn. Die handelinge van die kant van God is die bring van die Woord, Sakramente en Seën; van die kant van die gemeente kry ons dan die belydenis, gebed, sang en die gee van liefdegawes (Grosheide 1934:666). Ons beskrywing betrag die liturgie uit 'n breër gesigshoek ten einde enigsins die besondere uitbouing van die liturgiese en aanverwante komponente in die separatisme te oorkoepel.

Uiteraard hou die liturgiese verband met die leerstellige posisie van 'n denominasie of beweging. So verskil Rooms-Katolieke en Protestantse kerke byvoorbeeld ten opsigte van die liturgie. Etlike kerke wat in die RSA arbei, het gedurende die afgelope dekades aandag gewy aan die her=nuwing van die liturgie. Uit 'n resente handleiding haal ons aan: "Die inrigting van die erediens, die rangskikking van die verskillende ele=mente, die doel en die inhoud daarvan, hang af van hoe die erediens verstaan word. Die wese van die erediens bepaal elke onderdeel daarvan. Daar is maar een uitgangspunt moontlik om te kom tot die wese van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

erediens en dit is uit die groot beginsels wat in die Skrif aangegee word.

"Kortliks is die erediens die samekoms van die volk van God met sy opgestane Here; dit is die samekoms van die volk van die verbond met die God van die verbond .... Vir die erediens is die volmaakte versoeningsdaad van God in Jesus Christus grondliggend" (Barnard/Serfontein 1976:3). Deur dergelike handleidings of diensboeke word gepoog om willekeur te vermy.

Uiteraard bly besinning oor die liturgie aktueel in die Sendingwetenskap en word gevra hoe ver verinheemsing gevoer kan word. Ons ondersoek dui daarop dat die separatisme in hierdie opsig 'n hele spektrum daarstel.

4.6.2 Kerkgebou of ruimte?

Met betrekking tot die meeste bewegings kan gevra word of hulle nie eerder op ruimtes as op kerkgeboue aangewese is nie. Dit word treffend onderstreep by die groot aantal groepe wat as Apostolies of Sionisties ingedeel kon word. Ons dink onder meer aan die onderdompelingsdoop - liefs in riviere - en helingsrites waar ons 'n neiging bespeur dat die rite in fases buite die kerklokaal verloop. Dit was die geval, soos beskrywe, in die beweging van Elias Ramoipone (3.4.6.6) en in dié van Lydia Tšukulu (Verslag 1973:812-4).

Dit was pateties om in 'n klein kamerkerkie te Lady Selborne te sien hoedat daar in 'n sirkel om pasiënte, tydens "handoplegging" deur die leier, 'n aantal aanhoriges al hardlopende probeer beweeg en daarnaas ritmiese bewegings daarby ingepas is (Verslag 1973:714). Hierdie handeling is in meer uitgebreide vorm uitgevoer as die sogenaamde isiguqo te Charleston nadat die banke in die skip van die kerkie na die mure geskuiwe is. By die Zion Christian Church (Joseph se hoofkwartier) het die ondersoeker 'n ruimte gesien met hoë gras omhein en te Delareyville was so 'n kraal met mieliestronke omhein (dié keer in 'n diens van Edward se aanhangers). 'n Veldassistent wat hieroor verslag doen, beskrywe hoe binne hierdie stronkomheining 'n plat tafeltjie met 'n portret van Lekganyane geplaas was. Tydens die verrigtinge was 'n belangrike moment waar die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

ZCC-volgelinge al dansende óm die portret gemaal het en die portret met water besprinkel het. Hierdie ad hoc-kraal bied eintlik 'n elemen=têre oplossing vir die dwingende spelingsruimte wat dergelike liturgieë vereis.

Die Delareyvillegeval laat ook die vraag ontstaan of so 'n saamtrek van die ZCC in die teken staan van 'n ontmoeting met God of met 'n besondere profeet. Waar ons die ZCC in die Z-kategorie plaas, is die toespitsing in liturgiese bestel op die leiersfiguur ook waarneembaar in die A-tipe.

'n Ander tendens wat hier genoem moet word, is die ywer om kerkpersele te bekom. In die lig hiervan streef almal inderdaad na 'n eie ruimte.

4.6.3 Kerkgeboue

Daar is geen eenlynige bevinding oor 'n tipe kerkgebou wat voorkeur sou geniet nie.

Alhoewel die ouer, meer gevestigde Ethiopiese bewegings, oor die alge=meen op strategiese plekke groot geboue het, is daar byvoorbeeld die St John's van Christina Nku wat naas eenvoudige lokale ook al beskik oor hipermoderne fasiliteite. Dit kon ons sien in Soweto en Katlehong (Natalspruit). Daar is van die leiers wat beweer dat die bouplan op bonatuurlike wyse aan hulle geopenbaar is. Christina Nku se kerk op Evaton moes twaalf deure hê. Daarenteen moes Lydia Tšukulu se kerk in die Wintersveld vyf deure hê.

Die reghoekige saaltipegebou word om sowel ekonomiese as praktiese redes dikwels aangetref. Ons dink onder andere aan die kerkgebou van die Bantu Reformed Church op Brits en die kerk van Edward Lekganyane van die Zion Christian Church naby Pietersburg. Soos aangeteken in hfst 3.6 is Lekganyane geïnspireer deur 'n Joodse sinagoge in Johannesburg-Noord. By eersgenoemde is die ruim verhoog ook bedoel vir die kerkraad. Die ouderlinge moet daadwerklik tydens eredienste en so meer in 'n posisie wees om toesig te hou vanaf 'n hoër vlak.

In feite moet die skip van die kerkgebou vir die Apostoliese en Sioniste

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



so min vaste sitplek as moontlik hê kragtens die mobiliteit in etlike sangwyses, gebedshoudinge en so meer.

Daar is egter telkens in beskrywings soos onder andere in Wallmansthal en Evaton aangemerk dat baie van die separatiste kleingroepe in privaat huise of in geboutjies op eiendomspersele vergader.

4.6.4 Kensketsende kleredrag

Ook wat kleredrag betref, is daar 'n wye spektrum. Dit is nie slegs ter onderskeiding van 'n globale tweedeling, die kerklike teenoor die wêreld=like nie. Dit gaan ook oor identiteitsafbakening tussen 'n menigvuldig=heid bewegings.

Die meeste sogenaamde Ethiopiese bewegings hou by die kleredrag van die oorspronklike moederkerk . Z Moloto, leier van die Bantu Reformed Church, kon op Brits nog gefotografeer word in die swart manelpak van die destydse NG-Sendingkerk. Die African Church op sy beurt, hou by die reëls van die Church of England.

Sampson Ngcelwane van die Church of Christ's Assemblies, het oorgeslaan na 'n wit toga in hulle Nagmaalsliturgie. Hierdie toga is versier met twee geborduurde kruise op heuphoogte en op borshoogte 'n opvallende koord terwyl hy 'n metaalkruis aan 'n halsketting oor die toga vertoon. Ons herinner daaraan dat Ngcelwane eers Presbiteriaan en toe om prak=tiese redes Anglikaan was voordat hy en sy vrou die CCA stig. In sy ontlening wil hy iets van die klassieke swier van veral die Anglikaanse ampskleed paar met 'n koordstuk wat laat dink aan die koordgordels wat by uitstek verbind word aan separatiste geledere wat meer Apostolies/ Sionisties georiënteerd is.

Dit is egter veral in laasgenoemde dampkring(e) waar 'n hele reeks innovasies of variasies aangetref word. Alhoewel ons nie in besonder=hede ondersoek ingestel het nie, kom tendense soos die volgende na vore: Baie beroep hulle op supernaturele openbaring ten opsigte van spesifieke klere en kleure wat gedra moet word. Die kleure het gewoonlik simboliese betekenis. Dit is opvallend hoe wit, blou en rooi hoog op die voorrang=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

lys staan. Meer bepaald sien ons dit by die vrouegebedsbonde. Die ZCC verkies bottelgroen en geel. Sundkler skrywe byvoorbeeld: "The Zionists are buried in their white Church garments, as a promise of the whiteness and holiness of heaven. And there the two poles between which Zionist syncretistic religion moves and oscilates are brought together, the dream and Heaven. The dream, which once inspired him to put on the white sacred garment as a guarantee of health and life, and the heavenly Zion, where he will wear white robes day and night, without spot or blemish" (1961:220). Op 'n ander plek lees ons: "The Angel says: You have to wear a green sash." (a.w. 1961:249). Derge=like insprake word deur die profeet oorgedra in genesingsbestel. So sou 'n mens ook kon verwys na Berglund. Waar Sundkler wil aantoon dat die kleur swart liefs vermy word, voer Berglund aan dat daar 'n koppeling is tussen die ingubo yamadlozi, "the cloth of the shades" en waarsegging. "Informants are emphatic that the cloth must be either black or of another dark colour. Dark blue or navy are accepted as being black. 'We use this cloth so that we can see clearly, in white.' The diviner at eThelezini said: 'The black is the colour of the night where they (the shades) are'" (1976:176-7).

Op Charlestown het ons navraag gedoen na die gordel van koordmateriaal wat van die plafon van die kerkie hang. Aan ons is meegedeel dat dit die gordel van die oorlede stigter, Johannes Nkonyane, is. By sekere helingsrites speel dit nog 'n rol.

By Johannes Ramoipone is daar 'n moment in die erediens waar die liturg aankondig: Re tl'o kena sedibeng (Ons betree nou die fontein, of ons sal die fontein binnegaan). Die woorde dui aan dat hulle oorgaan tot die genesingsrite. Ramoipone stuur sy eggenote dan om sy stola te gaan haal. Sy kom met 'n sekere serp. "Nee", sê hy, "nie daardie een nie maar die een met geel, blou en rooi." Daar was ook 'n ster, 'n kruis en letters op die serp. Die funksie van die stola is dat die leier dit seënend op die hoof van die pasiënt plaas maar so dat een punt nog oor sy skouer hang (Verslag 1973:803).

Dit word uiters moeilik om - gedagtig aan die menigte bewegings - onderskeidende kentekens soos lapelwapens uit te dink. Ons het be=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



skrywe hoe Edward Lekganyane vandag die wolstoflappies plus 'n metaal=vyfpuntster met die letters ZCC gebruik. Die Josephgeledere het die lappies plus 'n metaal duifembleem. Dieselfde tendens is by skeurings in die Morning Star van Elias Ramoipone vasgestel. Al is daar vorm=ooreenkoms tussen die ster van Johannes Ramoipone nadat hy weggebreek het uit die beweging van Elias, sou die diepteduiding dan verskil. Elias se stersimbool is in besondere sin die môrester, waaraan 'n balkie hang met die naam van die beweging en as verdere uitbreiding, 'n kruis. Johannes Ramoipone het 'n soortgelyke ster uitgesoek maar nou het ons met die venusster of aandster te make want hulle beweging se naam is mos: St Paul Melchezedec Venus Apostolic Church of Africa. Vir geval die formele ooreenkoms tussen die sterre te veel herinner aan die moederkerk waaruit geskeur is, is daar nog ander variasies ter onder=skeiding en versterking van eie identiteit aangebring.

Met verwysing na 3.4.2, rig Elias Ramoipone aan die nuutbeklede toe=tredendes tot hulle vrouegebedsbond 'n spesiale woord. Hy lê klem daarop dat soldate die stryd betree met 'n besondere uitrusting. So is hulle ook uitkenbaar as 'n besondere strydgroep.

Die strekking van Elias Ramoipone se woorde herinner aan wat ons by Reyneke en Boersema vind. Reyneke beklemtoon hierdie aspek in die toerusting van die ngaka. Volgens sy informante moet die Tswana=ngaka "bewus" wees 'dat hy te alle tye in lewensgevaar verkeer omdat ander dingaka se marumo (assgaaie) op hom gerig is', grotendeels vanweë jaloesie en naywer" (in Eloff/Coertze 1972:156). Boersema op sy beurt wys op die belangrikheid van die malopo-uitrusting in die oog van malopo-aanhangers: "Naas die malopodans self, is die malopo-uitrusting seker die kenmerkendste eienskap van die kultus ." Hy noem dan onder meer die simboliese betekenis, dat daardeur meer aanhangers gewerf word, dat hulle deur die term dihlamo verwys na sowel bepaalde kledingstukke as na die totale uitrusting van die lelopo insluitende medisyne-amulette (1984: 101). Hierdie voorbeelde uit die tradisionele, dingaka en malopo, bewys dat klere en versierings as kragtige beskermingsmiddels in dergelike verbande dien en gedien het.

Daar is meer as 'n redelike vermoede dat hierdie beskermingsfunksie ook

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



by 'n betekenisvolle persentasie van die separatiste aan die orde is. Hierdie neiging word duideliker as ons kenmerkende kleredrag tot "uit=rusting", insluitende byvoorbeeld besondere stawwe sou uitbrei. In 3.4.5 word die kierie/staf in die spruit, waar die doop bedien word, so geplant dat 'n deel bo die watervlak uitsteek. In Verslag 1973:828, 836 het ons beskrywe dat Christina Nku gedurende die aanloop tot haar geroepenheid tot haar eie separatistiese beweging 'n staf sou ontvang het. Ons haal aan: "Vir 'n geruime tyd nog het sy 'n bange stryd gevoer. Dog by die aanvegtinge was daar ook bemoediging. Onderwyl sy per geleent=heid by die grafte bid, ontvang sy 'n goudgeel staf; maar dit was reeds die tweede nadat sy reeds op agt-en-twintigjarige leeftyd een met 'n kruis ontvang het .... Haar besondere ampstaf of een wat net langer is met dieselfde ontwerp, is (ook) in die water aan die kant van die doop=vont opgemerk."

'n Tendens wat hier beklemtoon moet word, is dat die onderskeidende naam en onderskeidende kleredrag/uitrusting en veral kentekens wat 'n beskermingsfunksie sou vervul, belangriker word hoe verder links 'n mens in die spektrum beweeg.

4.6.5 Skakeringe in die liturgieë

Die liturgiese ordening vertoon ryke skakering van beweging tot be=weging en selfs binne dieselfde beweging sodra daar 'n uitbreiding kom van opvanggebied. Die Bantu Reformed Church soos op Brits onder leiding van Z Moloto bestudeer, is byvoorbeeld in sy liturgie sterk behoudend in die lig van sy herkoms uit die NG-Sendingkerk (NG-Kerk in Afrika) terwyl die Lady Selbornetak al afwykings wil vertoon (vgl Verslag 1973: 673-80). Uiteraard is daar in hierdie opsig komplekse verbintenisse. Dit is oor die algemeen nog só dat primêre skeurbewegings uit die historiese of meer gevestigde moederkerke soos die African Church (3.1.5), die Lutheran Bapedi Church (3.2.2) en die Presbyterian Church of Africa (2.9.4) - al drie uit denominasies met vaste gestruktueerde liturgieë - slegs onbeduidend afwyk ten opsigte van liturgie; indien daar wel afgewyk word. Dergelike lojaliteit bly veelal in die African Church van krag sedert sy vroeë stigting. Op sý beurt hang dit saam met die mate van teologiese geskooldheid van die leier al dan nie. Op Brits

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ten opsigte van die BRC is dit 'n ervare oud-evangelis wat optree en te Lady Selborne 'n leek. Die BRC is egter 'n resente skeuring verge=leke by die AC. Wat laasgenoemde betref het ons 'n erediens ter illu=strasie, waar 'n Canon optree. Die liturgie van die Church of England stel hoë eise; die Book of Common Prayer skryf voor dat die liturg dikwels op besondere wyse voorsing. Die klokheldere sangstem van die Canon,"the Rev Seperepere", was dan ook 'n groot bate. Die liturgie was stewig gebaseer op Merapelo ya Pontsheng, Difela tsa Kereke (Setswana) Hulle volg dus die amptelike handleiding sonder meer. (In Verslag 1973: 598-600 is die diens uitvoerig beskrywe).

Teenoor hierdie voorbeelde van bewegings wat in feite liturgies behou=dend wil bly met betrekking tot die denominasie waarvan geskeur is, is daar 'n swaargewig bewegings wat 'n verskeidenheid posisies inneem verder na links op die spektrum. Ons beredenering kan binne hierdie dampkring egter nie op bepaalde handleidings begrond word nie. Tewens, waar so baie in verbintenis met die "Apostoliese" impak ná die Anglo-Boere=oorlog, die Tweede Wêreldoorlog en sy kettingreaksie van skeuring onder die Swartes gehad het, was die liturgiese meestermodel nie voorhande nie. Dit kan algemeen aanvaar word dat die Apostoliese geledere onder die Blankes teen 1915-1925 wat liturgie betref weinig koördinering ge=had het. Ten spyte hiervan was daar neigings wat by die Swartes meer aanklank gevind het; die sangwyse met handgeklap en beweeglikheid onder ander.

Waar ons ons vervolgens meer bepaal by die Apostoliese en Sionistiese bewegings, kan ons miskien tog die volgende tendense omskrywe:

(1) Eklektiese kompilasie van Skrifgedeeltes eerder as formuliere

By uitsondering word die erediens, die bediening van die sakramente of die bevestiging van ampsdraers met aanwending van geskrewe formu=liere voltrek. Opknapping in hierdie opsig vind ons by 'n beweging soos die van Elias Ramoipone eers gedurende ons navorsingsbestel. Sommige elemente word heel kunsmatig ingevoeg. So is daar by die National Native Apostolic Church 'n "lig"- of "lamp"-element in hulle Nagmaal=viering. Die skrifbegronding word dan: Hand.20:8. "En daar was baie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


lampe in die bo-vertrek waar hulle vergader het."

(2) Kontaminasie eerder as kompilasie

'n Uiterste geval waar ons meer kry as bloot kunsmatige eksegese is by die St Peter Morning Star van Lydia Tšukulu gevind. Hier word nier=tjies en bloed saam met brood en wyn op die nagmaalstafel geplaas, 'n ingewikkelde liturgiese sentrum buite die kerkgebou aangebring, met 'n brandofferaltaar op 'n ander plek buite die kerkgebou, waar 'n deel van die nagmaalsliturgie afspeel. Van die bloed wat op die tafel was, word om die kerkgebou gesprinkel (Verslag 1973: 812-20).

(3) Votum en seëngroet

Etlike bewegings oriënteer hulle wel aan Bybelse tekste dog veroorloof hulle meer vryheid en van 'n formele seënbede of -groet is daar weinig sprake.

(4) Die Tien Gebooie, skuldbelydenis en genadeverkondiging

word nie gebruik nie.

(5) Skriflesing

Die lees van 'n hele perikoop waaruit later 'n teks in strenge Skrifver=band uitgelê word, dra nie die klem nie. Hulle verkies dat meer as een prediker tydens die diens optree en dat elk sy eie teks neem vir 'n eie boodskap.

(6) Prediking

Die prediking het in die meeste gevalle nie 'n sterk dogmatiese onderbou nie. Dit hou deels verband met die feit dat die prediker slegs by uit=sondering teologiese opleiding gehad het. Hoofrede is egter dat die prediker die aksent nie so seer op die intellek of die wil laat val nie, maar op die emosionele.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Die neiging is tot 'n preektrant wat daarop gemik is om van tyd tot tyd gedurende die verloop van die preek ook hoorbare reaksie by die gemeente op te wek. Hierdie tendens kom des te meer tydens opwekkings=dienste of konferensies na vore. Die preektrant word deurspek met aller=lei interjeksies. Die spreker is opgewonde en punktueer sy gedagtegang met: "Vrede vir julle!". Hoe meer opgewonde die spreker raak, hoe vinniger volg hierdie clichés en die gekondisioneerde reaksies. So word deurgaans rapport tussen spreker en gehoor verkry. In Evaton het ons waargeneem hoe 'n biskop moes preek ter voorbereiding van die deelname aan Nagmaal. Hy het die indruk gewek dat hy so emosioneel gelade was dat hy 'n minimum gepraat het. Ons meen dat in daardie bestel - geïnterpreteer vanuit die biskop en die gemeente - hy so moya-gelade was dat hy eerder vol "plofkrag" was as in staat om sy gedagtes te formuleer. Die betrokke deelnemers aan die Nagmaal het daarmee as voorspel tot die sakramentsbediening genoeë geneem.

(7) Konferensies en opwekkingsdienste

Tydens dergelike byeenkomste word aan soveel as moontlik die geleentheid gegee om persoonlik 'n bydrae te lewer. So 'n deelname geskied met 'n self=gekose strofe, oorwegend uit Lifela tsa Sione, wat self aangehef word en dan saam deur die aanwesiges gesing word. Onderwyl daar gesing word, gaan die persoon na vore, lewer dan getuienis en gaan terug onderwyl hy of sy dieselfde strofe of 'n ander uit dieselfde lied voorsing. Dit is opvallend dat hierdie lied dikwels die grondslag vorm van die getuienis of boodskap eerder as die Skrif. Uit 'n leerstellige gesigspunt is dit gelukkig dat Lifela tsa Sione sterk Bybels begrond is .

(8) Die wyse waarop gesing word

Die sangwyse wissel aanmerklik. Daar moet onthou word dat dit by uit=sondering gebeur dat gemeentelede in die kerk gesangboeke byderhand het. In ons bestel was daar ook 'n aansienlike persentasie wat nie kon lees nie. Dit lei daartoe dat iemand dikwels nie slegs voorsing nie maar ook die woorde van 'n reël vooruit inharmoniseer sodat daar kontinuïteit is.

Die kerksang wissel van klassieke melodieë volgens standaard gesing tot

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sangwyses - soms van dieselfde bewoording - met sterk marsritme of 'n ander soepele ritme gepaard met handgeklap of handgeklap tesame met liggaamsbewegings.

Ons het aangeteken hoe die ZCC van die gesange laat sing met begeleiding deur hulle blaasorkes (hfst 3:6). In kleiner bewegings het ons soms 'n klein, tradisionele trommetjie. Dit is egter gebruiklik dat byvoorbeeld tydens die bediening van brood en wyn by geleentheid van Nagmaal, daar nie musiekinstrumente of handgeklap gehoor word nie. Daar word dan slegs gesing en wel die standaardsolfa. Liedere soos Lifela 210, 211 en 211A is in dié verband baie bekend.

(9) Gebede

'n Sterk tendens, wat in die meeste bewegings die gebruiklike, geykte gebedswyse in openbare samekomste geword het, is soos volg: In plaas daarvan dat een namens die gemeente of groep voorgaan, bid almal gelyktydig hulle eie afsonderlike gebede hardop. Waar ruimte dit toelaat, word daar gekniel en die bolyf vooroor gebuig met hande en voorhoof op grondvlak. G van der Leeuw skrywe oor die Islam en illustreer die sudjûd (Prosternasie) wat op 'n tapyt uitgevoer word (Bleeker vol 1, 1955:195). Ons sou egter nie eenlynig kon redeneer dat hierdie gebedshouding ontleen is aan die Islam nie. H V Morton voer byvoorbeeld aan dat prostrasie nie "a curious invasion of Moslem ritual into the Christian Church" is nie. "It is really the other way round ... for when the Koran was compiled, Christian saints and hermits might be seen performing their daily prostrations in all the deserts and mountains of the East as indeed we are told St. Simeon Stylites did upon the pillar in Syria" (1938:169).

(10) Dankoffers

Die bewegings verkies om die dankoffers, selfs gedurende eredienste, nie in die banke op te neem nie. Voorrang word daaraan gegee dat elkeen sy dankoffer persoonlik gaan deponeer, byvoorbeeld op 'n tafel voor in die lokaal. In hfst 3.4 het ons in verband met die Morning Star 'n relaas gegee van 'n uitgerekte dankofferdiens. Die prosedure is gewoonlik dat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

iemand wat sy dankoffer gee, opstaan, 'n lied insit en al singende na die tafel beweeg. Die gemeente sing dan saam. By die tafel word vertel waardeur die dankoffer gemotiveer is. Met 'n vervolgvers van dieselfde lied of met die sing van dieselfde strofe gaan die gewer weer sy of haar plek inneem. By gewone eredienste is die neiging om in gelid al singende na die tafel en terug te gaan.

4.6.6 Helings- of genesingsrite

Die gemiddelde erediens mond by baie separatistiese groepe gewoonlik uit op 'n helingsrite. Daar is onderlinge verskille dog oor die alge= meen verloop sake soos volg: Die siekes word uitgeroep. Een of meer senior ampsdraers van die gemeente bid vir hulle. Hierdie gebed word vergesel van betasting van die kop (soms ook die skouers met 'n streel= beweging langs die arms af). Daarna word op gestruktueerde of rituele wyse water "waaroor gebid is" (deur gebed gewy is) aan die pasiënt gegee om te drink. Dit lyk of dit alhoemeer inslaan dat die besondere gebedswater aan 'n wyer kring bedien word nadat pasiënte aan die beurt gekom het.

Die besondere gebedswater word deur sommige bewegings binne die gebou bedien. By ander vind ons weer ontvang die betrokkenes die water buite die gebou.

Dit is gewoonlik die profeet of profetes wat hierdie water seën. By die Morning Star is Vrydae vir die hoofleier, Elias Ramoipone, vasdag en bid hy ook vir die water. By die Church of Christ's Assemblies is dit Catherine Ngcelwane wat vir die water bid. Nadat die "wywater" voorhande is, word die uitdeling in eredienbestel gewoonlik deur vroue behartig. Ons moet dit so verstaan dat hierdie bevoegdheid ge= delegeer word. So delegeer Lydia Tšukulu van die St Peter haar mag aan haar moeder en word laasgenoemde bygestaan deur ander vroue.

In sommige bewegings is daar die sogenaamde isiguqo-rite Die pasiënt neem sy of haar plek meesal in die middel van die ruimte in. Uitge= lese bidders loop al singende óm die pasiënt onderwyl die res van die gemeente op die periferie saamsing. Op die duur het die sang en be=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


weging amper 'n mesmerismiese uitwerking.

### 4.6.7 Slotopmerkinge

Dit is duidelik dat daar in die meeste bewegings 'n neiging is om weg te beweeg van die gestruktureerde liturgieë soos byvoorbeeld gebruik=lik is in die Gereformeerde Kerke in Westerse bestel. Weliswaar is daar nog 'n behoudende tendens by die S- en E-tipes. Voorbeelde is die Bantu Reformed Church, die African Church en Presbyterian Church of Africa. By die A- en Z-tipes is die afwykinge meer waarneembaar. 'n Beduidende persentasie van hulle het historiese koppeling gehad met Apostoliese moederkerke uit Amerika. Die Swartes het bepaald meer aanklank gevind by die gangbare liturgie in Apostoliese geledere. Maar selfs die vryer speling wat onder meer aan emosionaliteit en beweeglik=heid in dergelike kring gegee word, bevredig die meeste A- en Z-kategorieë nie (vgl Pauw 1960:131). 'n Verklaringselement skyn ons in Du Toit te vind waar hy meer in verband met die kerklied onder Swartes verklaar: "Wat harmonie vir die Europese mens is, is ritme vir die inboorling van Afrika. Hy dans eerder sy godsdiens uit as om dit uit te redeneer. Hierdie ritme word voortgebring deur die lied self, of deur die geklap van hande of die slaan van 'n trom ...." (1967:335).

Ons kan nie dogmaties beweer dat selfs in die A- en Z-groepe die wese van die Christelike liturgie as 'n ontmoeting van God met sy gemeente sodanig genivelleer word dat dit eerder 'n ontmoeting met 'n besondere profeet geword het nie. Dat daar egter tendense in hierdie rigting is, word bewys in die beskrywing van die Zion Christian Church (3.6).

Die volgende is meer bepaald ten opsigte van die A- en Z-kategorieë as tendense aangemerk: (1) As gevolg van die aard van hulle liturgie wil alles nie presies inpas in die gangbare kerkboustyl en die plasing van ameublement nie. Hulle benodig eerder 'n verhoog as 'n preekstoel. Nor=maalweg tree meer as een prediker in die erediens op en neem ander amps=draers saam met hulle op die verhoog hulle plekke in. Die sang met sy soepele ritme, dikwels gepaard met ritmiese beweeglikheid word deur vaste sitplekplasing gestrem. Die dankoffer- en konferensietegniek neig daartoe dat na vore in die gebou beweeg word om kollekte persoonlik

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

te gaan gee of deel te neem. So is daar meer momente wat mobiliteit vereis. (2) Daar is 'n voorkeur aan eklektiese kompilasie van Skrif=gedeeltes in stede van formuliere. (3) Die prediking het nie 'n sterk teologiese onderbou nie. Dit is meer op die emosionele as op die in=tellek ingestel. Die besondere preektrant is deurspek met interjeksies en hoorbare reaksie uit die gemeente. Daardeur word rapport of 'n lewendige wisselwerking beoog. (4) Die gebed is nie beperk tot die (hoof)liturg nie. Ons kan sê die priesterlike gebed namens die ge=meente word in hoë mate vervang deur 'n gebedswyse waar almal gelyk en elkeen sy eie woorde hardop bid. (5) Dit is gebruiklik in die A- en Z-kategorieë dat die erediens uitmond in 'n vry komplekse helingsrite wat binne die gebou of buite die erediens1okaal voltrek word. Waar 'n dergelike rite die vorm van die <u>isiguqo</u> aanneem of buite in rotasie etlike fases deurloop, soos handoplegging, en dat die kultiesvoorgeskrewe prosedure gevolg word waar water "waaroor gebid is" gedrink word, is dit duidelik dat die liturgiese meer eise stel as wat normaalweg in 'n kerk=gebou geakkommodeer kan word.

Wat hierbo aangestip is, dui daarop dat die liturgie soos gebruiklik in Gereformeerde of Presbiteriale Kerke in Westerse bestel en selfs in die Apostoliese moederkerke grootliks vervang word deur die respons wat aan die tradisionele kultuur van die Swartes eie is.

## 4.7 Die tugaspek

### 4.7.1 Die wese van die kerklike tug

In ons probleemstelling (1.1) het ons onder die kenmerke van die kerk as 'n derde naas die bediening van die Woord en Sakramente die suiwer uitoefening van die tug genoem. Verder het ons aangevoer dat daar verskil is tussen die mag van die kerk en die wêreldlike mag. Ons het op grond van Keet (1945:195) aangedui dat die wêreldlike mag afkomstig is van die algemene genade van God soos dit in die skepping tot ver=wesenliking kom, terwyl die kerklike mag sy oorsprong het in die salig=makende genade van God in Christus Jesus. Laasgenoemde word op gees=telike wyse toegepas as diens en nie as heerskappy nie, en maak gebruik van geestelike middels en geen dwang nie (Bavinck 1931:537-40; Grosheide

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

1934:1063).

Die kerklike tug staan in die teken van (i) die eer van God; (ii) die opbou van die kerk en sy orde; (iii) die behoud van die lede en waar nodig die terugbring uit 'n sondige lewenswandel; (iv) kerktug geskied uit die motief van die liefde; en (v) inbegrepe is ook vrywillige onderwerping aan die kerklike opsig en tug.

Die vraag is of in die separatistiese bewegings die wesensaard van die kerklike tug behoue bly; indien nie, watter faktore daardie karak=ter bedreig.

4.7.2 Kerktug en tug in die separatisme

Alhoewel daar nie dogmaties gestel kan word dat die tug deurgaans van laer standaard in die menigvuldige bewegings as in die historiese of meer gevestigde Kerke is nie, dui die swaargewig in ons bevinding in dié rigting. Hierdie tendens word in die hand gewerk deur veroorsa=kingskomplekse soos die volgende:

(a) 'n Persoongesentreerde kerkbegrip. Uiteraard word die tug bepaal deur die kerkbegrip. Dit het vir ons reeds baie duidelik geword dat uit 'n leerstellige gesigshoek 'n groot aantal bewegings te veel leier=gerig is en dat persoonlike magstryd om leierskap, en groepvorming óm 'n leierspersoon, in kerklike bestel skeurfrekwensie laat eskaleer. Dit bring mee dat aan die begrip sekte en sektevorming onder Swartes daar al minder 'n stigma kleef en dit dus nie tugwaardig geag word nie. Ons het bepaal dat die separatisme teen 1980 onder Swartes 30% van die totale kerklike aanhorigheid verteenwoordig. Dit het ten gevolg dat dit al makliker word om eerder as versoening binne een kerkverband of separatisteverband, te skeur en 'n eie beweging te loods. So 'n bestel bevorder ook proselietemakery; veral as dit boonop gepaard gaan met verlaging van tugstandaard.

(b) Karakterintegriteit en die separatistiese bewegings. Waar die leier uit 'n posisie van mag optree, volg dit dat hy of sy in besonder in die praktyk minder aan sensuur onderworpe sal wees. Dit dra des te meer

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

klem omdat leierskap gewoonlik binne die kleingroep uitgelewe word. Respondente het die indruk gewek dat etlike persone in beheerposisies nie onbesproke in wandel en handel was nie of selfs nog is nie. Der=gelike informante het gewoonlik verkies om anoniem te bly. Ook waar ander nie bang was vir "reprisals" nie, is dit gerade om nie besonder=hede te verstrek nie. Waar die volgende genoem word, word 'n mens bewus van die dampkring waarbinne die toepassing van sensuur in baie bewegings nie tot sy reg kom nie.

Gevalle is genoem van weerbarstigheid, subjektiewe standaarde en sek=suele vergrype. Voorbeelde is verstrek van grootheidswaan wat heiligs=kennis insluit. Daar is allerlei verbintenisse tussen sulke euwels. 'n Beduidende persentasie kan die versoeking om trustgeld wederregtelik te gebruik, nie weerstaan nie. En hoe word reg laat geskied waar die leier ook eienaar is van die perseel waarop die (kerk)fasiliteite uit=gebou word en hy spesialiseer in "kerklike" kommersialisme as "profeet" met "dankoffers" vir water wat hy "gewy" het ter omvattende "genesing"?

Vanuit die teologie kan gevra word, maar waarom nie die tug onmiddellik orden ná Woord en Sakrament nie? Die rede is dat ons met die ineenge=strengelde kommersialisme reeds op 'n terrein is wat 'n woekergroei ver=toon in teenstelling byvoorbeeld tot die tugsfeer van gevestigde kerke wat Westers georiënteer is. In dergelike denominasies - en ons dink veral aan Protestantse Kerke - is uitsluiting van deelname aan die Nag=maal op grond van die volgende in die Formulier formeel op die periferie "almal wat afgestorwe heiliges, engele of ander geskape dinge aanroep, en dié wat beelde vereer; alle towenaars en waarsêers wat diere of mense of ander dinge besweer en wat aan die beswering glo" (NG-Kerkboek 1976:31). "In die meerderheid separatistiese bewegings word in die enkele konsti=tusies wat deur ons bekom is, standpunt ingeneem teen tradisioneel-religieuse komponente soos byvoorbeeld die <u>badimo</u> en die tradisionele afwering en beskerming teen <u>boloi</u>. By onderhoudvoering het respondente vanuit 'n separatistestellingname ook eksepsie geneem teen 'n onderskrywing van dergelike aannames. Alternatiewelik was die reaksie dat in ander bewegings sodanige kontaminasie wel voorhande is maar nie by húlle nie. Ons onthou nog hoe Christina Nku van die St John's 'n onderleier wat met 'n volgelinggroep weggebreek het, bestempel as geen kerkleier nie maar 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


"poenskop"-ngaka, wat nie "volgens hulle Wet gehandel het nie" (Verslag 1973:841). By nadere ondersoek is egter bevind dat ontlening aan die tradisionele religie by die meeste bewegings wel aangeteken kon word en nie slegs op die periferie sy impak het nie maar na die sentrum deurdring. In die praktyk word dergelike inburgering van die tradisioneel-religieuse komponente nie as sensurabel beskou nie.

Die voorkoms van tradisioneel-religieuse sanksies in die separatisme word onder afdeling 4.8.2(e) en 4.8.3(c) beredeneer. Hier gryp ons vooruit na ons bevinding dat sanksies, wat normaalweg nie by kerktug ter sprake is nie, groot gewig dra by die linkervleuel van ons spektrum. So gesien, sou daar tussen kerklike tug en die tug in menige separatiste= bewegings wesenlike verskil wees.

4.8 Vervlegting van die tradisionele religie

In hoë mate is wat ons verwag het rakende 'n besondere vervlegting van die tradisionele religie in die separatisme gekry.

In 1.2 het ons van die standpunt uitgegaan dat die Christelike geloof uniek is kragtens die Besondere Openbaring. Voorts dat die geloof bely en beleef word in die wêreld; dat ons sekere ooreenkoms kan verwag, maar dat die tradisionele religieë skering en inslag is van die etniese kulture en andersom.

Die kenmerke van die besondere tradisionele religie, soos relevant onder Swartes in ons studiebestel, word op merkwaardige wyse in die wese en vormgewing van die separatisme teruggevind. Meer nog, daar is sprake van besondere klemplasing. Met verwysing na 1.2.2 val daar nie swaar aksent op Modimo (die Opperwese) nie, maar wel op die badimo (voorouer= geeste) en die onpersoonlike supernaturalisme of die magiese. Die voorkoms van die tradisionele religie in die separatisme is een van die mees dominante tendense in ons A- en Z-groeperinge. Hierdie neiging is ook nie net tot A- en Z-groepe beperk nie. Globaalweg bevind ons dat die impak van die tradisionele religie in afnemende sterkte gevoel word waar ons die bewegings oor ons spektrum van links na regs op posisies Z, A, E en S inskakeer. In ons betoog handel ons vervolgens oor die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Opperwese, die voorouergeeste en towery.

4.8.1 Die Opperwese

Daar is bevind dat daar onder die Sotho 'n geloof in 'n Opperwese, in die breë bekend as Modimo, 'n skeppergod, was. Hy is vaag en ver en word dikwels gesien in verbintenis met natuurverskynsels soos droogte en orkane. Modimo het hom egter om die een of ander rede onttrek en waar hy hom tans bevind, is onseker. Die hemelruim is die waarskyn=likste woning. Die neiging is om Modimo te sien as 'n opperwese vir 'n bepaalde etnos of stam, maar nie direk gemoeid met die onderhouding van sy besondere skepping in detail nie. Omdat Modimo ver en vaag is, is daar weinig sprake van gereelde dienshandelinge aan die Opperwese (1.2.2). Eiselen en Schapera beweer tereg: "The Tswana and Southern Sotho speak of Modimo, but their conceptions of this being have been so affected by missionary teaching that it is now almost impossible to obtain any clear idea of his traditional attributes" (Schapera 1962: 264). Gevolglik kan ons ook ten opsigte van die vervlegting van die tradisionele opperwesebegrip en die Christelike Godsbegrip in die sepa=ratisme nie tot eenduidige bevindinge in detail geraak nie.

Die tradisionele reënrite te Phokeng in die veertigerjare gee aanlei=ding tot die Bafokeng Missionary Society as skeuring uit die Saron-Phokenggemeente van die Hermannsburgse Sending (Verslag 1973:441-52). Waar ons die rite, soos dit in 1964 uitgevoer is, bestudeer, is respon=dente die mening toegedaan dat Modimo en die Christelike God een en dieselfde is. Volgens hulle het die oumense, vóór die kersteningsbe=stel, Modimo aanbid. En tans wanneer hulle saam met die tradisionaliste deelneem aan die reënrite, dan beskou hulle Modimo en die God van die Skrifte as een en dieselfde.

By etlike bewegings heers daar verwarring oor die Christelike Drie-een=heidsbegrip. In die Transvaal Conference Church word die Unitariese Godsbegrip verdedig (2.10.5.9). In die Pentecostal Baptist Church of South Africa verneem ons: "Daar is geen onderskeid tussen God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees nie" (2.10.4.3).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Dit is betekenisvol dat ons juis in een van ons mees linkse bewegings, die Zion Christian Church, in hierdie verband die volgende kon aandui: "As ons uitgaan van die Christelike Drie-eenheid, kry ons by die ZCC 'n soort monoteïsme waar Vader, Seun en Heilige Gees saamgetrek word, en wat deïsties is in die sin dat God eintlik verdring en verplaas word. Om hierdie bewering te staaf is die volgende in veldwerk opgevang: 'God' Lekganyane is een; daar is geen God bo hom nie. Hy gee reën en kan verhoed dat dit reën. Tot hom word gebid. Hy is almagtig en alwetend. Hy skenk vergifnis van sonde .... Weliswaar word ook aangevoer dat in die naam van Jesus en Lekganyane gebid kan word. Maar dis veelal Lekganyane wat eintlik die tussenkoms van voorouers (badimo) uitskakel" (3.6.8).

In die lig hiervan sou ons ten opsigte van die opperwesebegrip tog in 'n mate kon veralgemeen. Hoe vaag ook al, bespeur ons 'n tendens dat die beeld van God die Vader verbind word met 'n afsydige en verwyderde god=heid. Maar omdat hierdie komponent nie juis 'n strydkompleks van skeu=ring uitmaak nie, is ons bewyslas uit veldwerk nie sterk genoeg om be=slis 'n teruggryping na die ou Modimo-konnotasie te konstateer nie.

Die vervlegting kom duideliker na vore waar ons die separatisme vanuit die Christologie en die Pneumatologie (die leer in verband met die Heilige Gees) van nader beskou. Ons behandel hierdie aspekte hier=onder in samehang met die twee ander komponente van die tradisionele religie.

4.8.2 Die vorouergeeste

In 1.2.2 is tot die gevolgtrekking gekom dat 'n kernelement van die tradisionele religie die geloof in en dienshandelinge aan die voorouer=geeste is. Onder die Sotho word na hulle verwys as die badimo. Die impak van die badimo op die separatisme kan vanuit 'n sestal gesigshoeke beredeneer word.

(a) Daar is een geesteswêreld

Tradisioneel val daar swak klem op wat onder gekerstendes as Hemel en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hel verstaan word. Sodanige tweedeling skyn, by betragting van die menigvuldige bewegings, ook onderbelig te wees. Dit is eintlik net in die Moshoeshoe Berean Bible Readers' Church (3.3.2) waar die stigter, Matita, 'n bonatuurlike belewenisdoolhof sou verken het. Uit sy eie weergawe sou hy in daardie "Hiernamaalse Interim" deeglik bewus geraak het van ewige straf en ewige geluksaligheid op grond van 'n mens se geloof en lewe op aarde. Dit is egter nie eenduidig dat Matita se "hiernamaalse" sinoniem met die Christelike toekomsverwagting is nie. In daardie sfere ontmoet hy Moshoeshoe I. Of Moshoeshoe toe die opdrag gegee het om na die aarde terug te keer as besondere boodskapdraer, of dalk iemand anders, is nie uit ons veldwerk duidelik nie. V Ellenberger egter skrywe: "By mingling the supernatural with the practical, he made out amongst other things, that he had gone through death; that, whilst dead, he had been taken up to Heaven through innumerable worlds; that an angel had then taught him to read and write; and finally he had been allowed to appear before Moshesh, who had expressly charged him to return to earth and to call the Basutos in his name to become converted" (1938:322).

(b) Die geeste beïnvloed hulle nasate

Oor die geloof dat die geeste of badimo hulle nasate beïnvloed daarmee het verskillende respondente uit die A- en Z-tipes akkoord gegaan. Vir hierdie positiewe korrelasie tussen die tradisionele en 'n beduidende persentasie bewegings sou ons soos volg kon redeneer:

Waar die Sotho 'n hiërargiese ordening handhaaf in sy gesin, familie, groep en stamlewe, slaan dit nie slegs op die sosiaal-politieke organisasie nie maar ook op die religieuse. Voorrang word aan die senior familiehoof in die aanroeping van die badimo gegee. Dit geld ook die kaptein in sy wyer magsbevoegdheid. Dit is 'n erflike status. Reyneke verwys na die tradisionele tendens onder die Sotho as hy ten opsigte van die Tswana skrywe: "Die lede van die stam is besonder daarop gesteld dat die oudste seun van die hoofvrou hul kaptein moet wees, veral omdat hy dien as skakel tussen die stam en die afgestorwe kapteins, wat gereken word as die voorvaders van die stam" (1971:87). Hy is bestem om as middelaar op te tree in krisisse van groter omvang soos

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

droogtes. Ook Erasmus beklemtoon hierdie verbintenis: " ... die opvolgingspatroon het ook 'n religieuse grondslag. Die stamhoof is die lewende verteenwoordiger van die eintlike herders van die stam, naamlik die voorouers .... Wanneer hy sterf, word hy ook opgeneem in die geledere van die voorouers" (1970:52). Die stamhoof is inder= daad hoofpriester en tree as sodanig op die voorgrond in rites wat die stam as geheel betrek; so ook in dalende orde die senior mans= persoon in die familiegroep en die huisgesin.

Oor die algemeen het respondente meermale verwys na die geykte tradi= sionele gebedsformule: "New Gods, entreat the ancient gods for us" (Ook aangehaal uit Casalis deur Erasmus, 1970:125). Die gedagte is dat die senior persoon in die eerste instansie skakel met die mees onlangsgestorwene of jongste van die badimo. Na gelang van omstandig= hede kan die gebede slaan op familie-badimo of stam-badimo. Dit is duidelik dat hierdie patroon in die separatistiese bewegings gevolg word.

Die New Foundation Apostolic Church in Wallmannsthal (2.10.3.1) moedig selfs die volgelinge aan om tot die badimo te bid.

Uit Wintersveld (2.10.4.5) kom ons veldassistent tot die gevolgtrekking dat die meeste bewegings van die "voorouertipe" is. Hy wei uit: "Offers word geoffer aan die voorouers; 'n bees of 'n skaap of 'n bok, word geslag vir die doel. 'n Mens word genooi om saam te kom geniet van die kos - vleis en vernaamlik bier. Om die ware karakter van die offer te ver= doesel word gesê dat 'die offerande in die Ou Testament gevind word'."

Uit Soweto (2.9.4.5) verneem ons dat die leier van die Nazareth Bible Sabbath Mission die verloop van sake in sy beweging terugvoer tot hulp van die badimo, en by name van sy oorlede moeder: "Van die dag af dat hy 'n koppie op haar graf gaan sit het, voel hy gelukkig en kry hy werk."

Verkenning in Bloemfontein toon aan dat die Apostolic Catholic Zion Church dikwels die oorsaak van siekte koppel aan die misnoeë van die badimo (2.9.4.3).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Met verwysing na ons afsonderlike beskrywing van bewegings in hoofstuk 3, is dit slegs die Afrikaansche Kerk (African Church) en die Lutheran Bapedi Church - twee van ons ses voorbeelde - waar die badimo nie onder=ken is nie.

Wat die Zion Christian Church van Edward Lekganyane betref, is al soos volg gebid: "We are praying to Thee, the living God, Egenase Lekganyane of Thabagone" (3.6.8).

Na afsluiting van ons veldwerkbestel, is Egenase se seun, Edward, oor=lede. Na bewering sou van die ZCC-volgelinge nou sowel Edward as Egenase onder die besondere badimo in hulle gebede aanroep. Tewens, Hanekom bevestig hierdie stellingname: "Dit skyn of binne die Z.C.C. 'n akkulturatiewe verwarrende situasie ontwikkel het wat betref die toe=naderingsmoontlikhede tot Modimo. Hy kan enersyds deur middel van di=rekte gebed bereik word. Andersyds kan slegs tot Modimo genader word langs die ineengestrengelde lyn van Christus, Lekganyane en die voor=ouergeeste. Hoewel hier nie veralgemeen kan word nie, kom dit in sommige gevalle voor dat in die persoonlike gebede Christus of Lekganyane as tussengangers beskou word. By seremoniële aangeleenthede van 'n meer tradisionele aard word Christus en Lekganyane soms bygestaan deur die badimo ten einde Modimo te bereik" (1975:77). Ons let daarop dat, by Hanekom, "Lekganyane" betrekking kan hê op die oorlede leiers Egenase en Edward, maar ook op die huidige leier, Barnabas, bygenaamd "Ramarumo", kan slaan.

Dit lyk dus of die Lekganyanes in ZCC-geledere as besondere badimo beskou word. Hulle word bejeën as "kapteins"-badimo van 'n "kerk"-stam.

(c) Wilsopenbaring deur drome en besetting

Soos in 1.2.2 omlyn, is drome, teenspoed en besetting by uitnemendheid die wyses waarop die badimo die berig dat hulle met die nasate in ver=binding wil tree, oordra. Drome en besetting word hier aan die orde gestel terwyl teenspoed meer bepaald in 'n volgende afdeling aan die beurt kom.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Oor drome skryf Mönnig oor die Noord-Sotho onder meer: "The main method of communication between ancestor spirits and the living descendants is dreams (ditoro). The living can ... communicate directly, but only one-sidedly, with their ancestors through prayers. The ancestors, on the other hand, cannot speak directly to the living, and can only express their desires by visiting them in their dreams. This they do through the characteristics of their attributes of moya and seriti. It has been shown that the moya and seriti can be heard and seen respectively. Separated from the body through death, the moya can speak, while the seriti forms the visual image of the deceased, but only in the dreams of the living" (1967:57). Mönnig verduidelik dat alle drome nie ewe belangrik is nie. Indien iemand egter by her=haling van 'n sekere voorouer droom, weet hy dat iets daardie voorouer hinder. Soms praat voorouers in drome en dra hulle begeertes oor. Dikwels is die sein wat badimo deur drome wil oordra nie duidelik nie, en dan neem die Pedi sy toevlug tot "diviners to interpret their dreams and instruct them concerning the form of sacrifice necessary to appease the ancestors" (1967:58). Alhoewel ons Mönnig se onderskeiding tussen moya en seriti nie presies kan projekteer op ons tersaaklike gegewens soos te velde ingewin nie, is dit opvallend dat in die separatisme daar in die weergawe van drome nie streng onderskei word tussen drome, gesigte, openbaringe en opdragte nie.

Deur ons beskrywinge heen is daar hoë positiewe korrelasie tussen der=gelike insprake, wat in supernaturele konteks geplaas word en geroepen=heid tot leierskap binne 'n eie beweging. Gewoonlik word die relaas ingelui met: "Moya het openbaar", "die hemel het beveel", of "'n stem het gesê". In Evaton (2.10.5.8) is bevind dat hierdie verskynsel in allerlei verbintenisse die aard en vormgewing van bewegings beïnvloed.

Wat drome betref, voer ons bykomende bewyslas aan. Uit ons Thabong=verkenningsveld, geraak ons tot die bevinding dat moya inspireer tot drome, openbaringe, diagnose van bonatuurlike siekteveroorsaking en genesingsvoorskrifte. Alhoewel moya-duiding sterk afgestem is op siekte in die separatisme, sluit dit ook in: teenspoed, voorspoed, vrugbaarheid en so meer. Moya werk veral deur charismatiese persone. Hierdie per=sone word profete genoem (2.9.4.4).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Uit Soweto (2.9.4.5) verneem ons dat B M van die Jerusalem Catholic Christian Apostolic Church in Zion, sy kerklike opdrag koppel aan 'n besondere droomgebeure. Een van sy badimo verskyn aan hom in 'n droom en spreek hom aan in die woorde: "Lo man, Abraham! Rise up and lead all the rest!." Die betrokke Apostoliese gesindte waaraan hy destyds behoort het, is egter nie gediend daarmee dat sy badimo dergelike in=sette lewer nie en B M skeur. Hy kom toe blykbaar in aanraking met meer eksotiese sektarisme. Sy stellingname dat die ongelowiges soos 'n dier sterwe en niks meer van hulle gehoor word nie, vertoon treffende ooreenkoms met dié van die Jehova Getuies (Müller 1957b:25-32). Maar wat dan van die badimo? - Sy oplossing is dat in die ou bedeling, die tra=disioneel-religieuse van die Swartes, hulle verhouding tot God (Modimo) goed was. "Dit was die tyd van vrede, toe alles nog stil was. Hulle sterf nie soos die dier nie, maar kan uit die graf vlieg - soos Christus - en in hulle geval kan hulle in verbinding kom met die lewendes." Tewens uit daardie bestel, toe daar 'n inniger verhouding tussen God en die badimo was en die badimo gedeel het in die hoër wetenskap, flits die erfenis nog deur tot sekere begenadiges soos die dingaka en die izangoma. By implikasie is B M nou in die gelukkige posisie dat hy sowel in die ou geestelike erfenis deel as in die Christelike; te meer daar hy op bonatuurlike wyse deur een van sy badimo opdrag ontvang het om die rol van 'n Abraham te speel.

Die Church of Christ's Assemblies met hoof ankerpunt in die swart woon=buurte te Brits, se ontstaan, geskiedenis en wese is so heg ineenge=strengel met die persoon van Catherine Ngcelwane en haar beweerde "singuliere" gawes dat beskrywing daardeur bemoeilik word. Onder meer toe sy in 'n diepe slaap verkeer, sou sy met Iemand in aanraking gekom het. Hierdie Iemand beveel haar om haar weer te laat doop, spesifiek deur onderdompeling. Sy handel op hierdie instruksie wat by herhaling in 'n soort droom na haar kom .... "She got in touch with a man who ultimately baptized her and then she felt that she had been filled by the Holy Ghost." By daardie geleentheid hoor sy 'n stem sê: "Dis ek, Jehova, jou God. Ek stuur jou om te bid vir hulle, die siekes." In gesigte sien sy nou die siekes en hulle omstandighede .... Sy ervaar ook dat haar bemoeiing met sukses bekroon word. Sy sien ook in gesigte gemeentelike aangeleenthede. Tot tyd en wyl sy die strekking oorgedra

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het, voel sy geestelik belas. Sy is die groot leier met betrekking tot hulle genesingskompleks; hulle groot profetes wat "siektes profeteer en genees" en sy lei "profete" op. Sy sou aan God sowel as aan die badimo glo en sou die Bybel gebruik as waarseggingsinstrument (3.5).

Ten opsigte van die wilsopenbaring van die badimo deur besetting is die koppeling in die separatisme wel ondervang dog in meer verskuilde vorm as in drome. Die redes hiervoor skyn kompleks te wees. Een is dat kerstening - al sou dit ook formalisties bely word - by 'n betekenisvolle persentasie respondente besetting as komponent in hulle onderskeie bewegings laat kamoefleer.

By nadere ondersoek, is dit op grond van ons informasie, gerade om 'n ietwat kunsmatige onderskeiding tussen besetting en besetenheid te maak. Die begrip besetting sou dan uit die gesigshoek van die A- en Z-separatisme 'n meer positiewe konnotasie hê terwyl ons aan besetenheid 'n meer negatiewe betekenis moet toeken. Grosheide omlyn die Bybelse begrip van besetenheid soos volg: "Besetenheid: die volkome, na liggaam en siel oorheers word deur één of meer duiwels, wat aan die lyer geweldige liggaamskrag kan gee, hom sy heerskappy oor eie doen en late totaal kan ontneem, allerlei krankheid kan bewerk, soos doofheid en blindheid en stomheid, sy voorstellings- en denkwêreld volkome in verwarring kan bring, in so 'n mate selfs dat sy selfbesef heeltemal teruggedring en oorheers word, sodat hy hom vereenselwig met die duiwel, wat hom oorheers" (1934:120). Herskovits weer, wei uit oor besetting (possession) in 'n meer positiewe betekenis. Hy skrywe onder andere: "Possession ... is more than merely a mode of ascertaining the will and the intent of supernatural beings that direct the universe .... It is an experience framed by the conventions of worship of the individual to whom it comes, and in these terms is never haphazard, but patterned .... Under states of possession, devotees experience a change in their customary behavior, even the timbre and pitch of their voices may alter .... Rapport with the supernatural not attainable by ordinary people is vouchsafed to the worshiper who experiences possession .... Of all means by which the individual achieves oneness with the supernatural, none is more striking, more convincing to those who believe, and apparently more satisfying than possession" (1949:371-2; vgl ook 1967:52-4).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

In 1.2.2 het ons in verband met besetting na Eiselen en Schapera verwys en onder meer aangehaal: " ... particularly among the Nguni and Shangana-Tonga, the ancestor spirits may actually enter into and 'possess' women and far less frequently men, and use them as mediums" (Schapera 1962:253).

Ashton plaas die besondere siektesindroom bekend as _motheketheke_ ook in die dampkring van besetting en verklaar dat vroue veral daaraan ly. Die besondere siekte kan slegs genees word deur 'n spesiale, uitgerekte rituele behandeling. "Besides being cured through this protracted treatment the patient acquires powers of divination, and is placed _en rapport_ with the _badimo_ who reveal medicines to him and teach him to doctor, and especially how to cure others suffering from _motheketheke_" (1952:283-5). Dergelike spesialiste staan onder die Suid-Sotho bekend as _leqheka/lethuela/mokoma_. Kohler se werk, die _Izangoma Diviners_ (1941), gee perspektief op die voorkoms van 'n besettingsiekte by waar=sêers onder die Zoeloe. Die neiging dat die Suid-Sotho in die Vrystaat gewoonlik van hierdie konstellasie waarsêers as _sankoma_ praat, wys op Nguniverbintenisse. Besetting is dus 'n bekende en wyd verspreide ver=skynsel by die tradisionele kultuur.

Alhoewel Sundkler veral die Zoeloe in sy visier kry, is daar grootskaalse ooreenkoms tussen sy bevindinge oor besetting by separatistegroepe en ons eie. Sy stellingname is soos volg: Daar is bepaald 'n inburgering van besetting in die tradisionele sin. Wat die Europeër aansien vir 'n besondere emosionalisme "is actually a variety of stages of Christianized possession .... From the Zionist point of view it is all part of his mighty effort to drive out demons. But they are driven out with the finger of traditional Zulu religion .... Perhaps the most important point is that inspiration by the Holy Spirit, _uMoya_, is interpreted in terms of possession, as a state of mind .... It is quite obvious that in the Zionist there is a spirit of optimism and of joy which marks him off from the heathen with his more gloomy outlook; the _amadlozi_, the Spirits, have been baptized. There is also a difference of scale. While the effective beneficial influence of the ancestors did not reach beyond the narrow boundaries of the kraal and the kin, the Angel may extend his sphere to a whole congregation or Church" (1961:260-1).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Waar Hanekom die geloofsopvattinge binne die Zion Christian Church interpreteer, orden hy sy gegewens onder die hoof: die Heilige Gees. Alhoewel Hanekom nie in beginsel van Sundkler verskil ten opsigte van besetting nie, betrag hy die verskynsel vanuit die Volkekunde met toe=spitsing op 'n beweging wat binne ons studieveld van besondere belang is. Die skrywer begin deur te verklaar dat binne kris is kultusse of be=wegings soos die ZCC en wat as nativisties bestempel kan word, daar dikwels misverstand oor die persoon en werk van die Heilige Gees be=staan. In ruim mate geld dit vir die ZCC. Daar heers verwarrende op=vattings en Hanekom skryf dit toe aan "die kontinuerende en steeds funk=sionele belangrikheid van die voorouergeeste in die lewe van die Swart=man .... Aangesien dit dikwels binne die ZCC voorkom dat die funksies van die gestorwenes deur die 'Heilige Gees' oorgeneem word of dat die 'Heilige Gees' deur die voorouers verdring word, is dit te betwyfel of die 'Gees' binne die kerk die Heilige Gees van die Woord van God is" (1975:78-80). Die skrywer beklemtoon dat die navorser voor probleme te staan kom wanneer hy 'n algemene tipering wil daarstel. Op grond van respondente se weergawes is daar 'n wye spektrum. So is daar die uit=spraak van 'n prediker wat onder meer lui: "Die Môya ô Mokgêthwa is by die lug. Die profeet (Lekganyane) kan my help om dit te vind en dan woon die Môya ô Mokgêthwa in my bors, longe, bloed en lewer. 'n Mens kan sien as die Heilige Gees in iemand woon, want hy lyk soos iemand wat wil mal word. My gestorwe vader se môya kan ook in my kom woon. Engenas en Edward Lekganyane se môya kan ook in ons kom woon. Die meeste môya wat ons almal het, is van Engenas en Edward. As ek in die moeilikheid is, dan bid ek vir Engenas en Edward. Ek het nie nodig om tot Christus te bid nie, want Engenas en Edward sal vir my intree by Christus .... Die Môya ô Mokgêthwa en die badimo is ewe sterk, want hulle is een ding .... Die Môya ô Mokgêthwa is by die profeet. As 'n mens 'n profeet is, is hy terselfdertyd die Môya ô Mokgêthwa" (a.w. 1975:81-2).

Aan die ander kant van die spektrum is daar byvoorbeeld 'n respondent wat verklaar: "Die Môya ô Mokgêthwa is die Gees van God. Engenas en Edward kan nie deur die mense praat nie (in vreemde tale). Ons onthou maar net vir Engenas en Edward" (a.w. 1975:82). - Ons bemerk dus dat in etlike gevalle daar werklik eerder van besetting as van inspirasie sprake is. Dit is blykbaar ook waarom die skrywer in die slotparagraaf

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

verwys na toestande van histerie of epileptiese aanvalle wat dikwels as 'n teken van "Geestesbesetting" beskou word (1975:84).

Ons het reeds in 4.6.4 onder die liturgiese aspek na Boersema (1984) verwys. Ook die werk van Van der Hooft (1979) handel oor die malopo-verskynsel. Waar albei die aksent op besetting laat val, kom insigte waartoe hulle geraak hier ter sprake.

Met betrekking tot Van der Hooft, noem ons die volgende: (1) Hy bevind dat die verskynsel "bezetenheid bij de Pedi voorkomt, dat bezetenheid zich by hen kan aankondigen met ziektesymptomen en dat zij een bezeten=heidsritueel bezitten waarby de 'in bezit nemende machten' niet zonder meer verdreven worden maar de bezetene en de bezittende in dans en zang een evenwichtige verstandhouding opbouwen" (1979:112). (2) Die malopo-siekte word veroorsaak deur 'n nie-harmoniese verhouding tussen pasiënt en voorouer. (3) In die maloporite word getrag om deur 'n offer, inder=daad deur selfopoffering van die pasiënt, die harmonie tussen pasiënt en voorouers te herstel. (4) Sou die selfopoffering deur die pasiënt wel deur die voorouers aanvaar word, dan volg 'n wedergeboorte: die pasiënt raak tydens die inisiasie gaandeweg ontslae van sy simptome. (5) Die pasiënt "voelt zich in de dans lichamelijk herboren" (1979: 146-7). - Ons bemerk dat sekere trekke soos beweerde buitengewone siekte in die A- en Z-separatisme, die "oorgawe" om juis oor te gaan tot 'n spesifieke "kerk" met 'n besondere liturgie, ooreenstemming in die breë met die malopokultus vertoon.

Boersema se bevindinge prikkel ons beredenering omdat hy uitgaan van die algemeen aanvaarde standpunt dat die badimo by uitstek diegene verteenwoordig wat hulle lewende nageslag ten goede of ten kwade be=invloed. Besondere pluspunte oor "beweerde besetting ...."(1984:xi) by die Kgaga van Maake in die werk van Boersema is die volgende: (1) "Die onderskeidende kenmerk van die malopokultus is egter dat nie alleen familiegeeste hulle na bewering in die lewendes manifesteer nie, maar ook vreemde geeste wat deur die badimo gestuur is om kontak met hulle (die badimo se) lewende nageslag op te neem". Die malopo sou dan weg van hulle eie tuiste gesterf het, dikwels sonder dat hulle verwante daar=van bewus was en dus sonder dat die nodige oorgangsrites deur die verwante

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die vreemde gees uitgevoer is. Die medium word volgens informante deur die badimo uitverkies om die nodige offerandes te bring en 'n tuiste (thokola) vir die vreemdes te skep. - Boersema gryp vooruit en kom tot die oortuiging dat iewers tog 'n koppeling tussen die betrokke medium en lelopo (gees) vasgestel sou kon word (a.w. 1984:24-8). (2) Verskillende kategorieë malopo kan onderskei word. Onder kultuslede staan hulle bekend as Sothogeeste, Bakonigeeste, Shanganageeste en Mandaugeeste. (3) Die inisiatief in die geval van maloposiekte sou van die geeste kom en nie die gevolg van 'n oortreding aan die kant van die aspirant-medium wees nie. (4) Dit is opvallend dat besetting in vaste volgorde sou plaasvind volgens bewering van respondente naamlik eerstens die Sothogees - wat ook 'n onontbeerlike skakel tussen die lewendes en die vreemde geeste is. Tweede sal die Bakoni- of Shanganageeste hulle verskyning maak terwyl die Mandaugeeste laaste hulle verskyning maak, aangesien laasgenoemde skynbaar as skakel en tolk vir die Mandaugeeste optree, wat self nie praat nie aangesien hulle taal onbekend is aan die medium. Die Mandaugeeste word ook as die senior geeste beskou sover dit hulle vermoë en aansien betref en dit is daarom gepas dat hulle laaste sal verskyn (a.w. 1984:35). (5) Malopo (besetting) en mediumskap sou op sigself nie 'n siekte wees nie. Die stellingname van die kultuslede sowel as die gemeenskap as sodanig is dat die malopomedium nie per se 'n siek persoon is nie. "Die siekte is onvermydelik en is juis die spesifieke aspek waaraan die roeping geïdentifiseer word .... Die informante het naamlik verklaar dat wanneer 'n persoon deur 'n gees beset word, daar 'n stryd tussen die lelopo (= moya) en die moya (gees of asem) van die medium plaasvind ten einde te kan saamsmelt ('meng') om een moya te vorm. Die liggaamlike siektetoestand is die gevolg van hierdie stryd. Die uiteindelike manifestasie van die gees dui dan ook gewoonlik 'n beslisste keerpunt ten goede in die siekte aan" (a.w. 1984:40). (6) "Nie alleen kon die blanke geneeshere by die hospitale deurgaans nie die siekte-oorsaak diagnoseer nie, maar die siektesimptome het dikwels tydens die opname in die hospitaal volgens bewering verdwyn, net om na ontslag in 'n nog ernstiger graad te verskyn. Die meerderheid informante het ook by die bekende Messiaanse bewegings soos die Apostelkerke* om hulp aangekop. Hoewel die behandeling wat hulle hier ontvang (hoofsaaklik sang, gebed en besprinkeling met gewyde water) in sommige gevalle tydelike verligting gebring het, was die genesing nie permanent nie."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Boersema verduidelik sy astriks ná Apostelkerke: "Die belangrikste van hierdie kerkgenootskappe is die 'Zion Christian Church', die 'Church of Nazareth' en die 'Apostolic Faith Mission'" (a.w. 1984:45). (7) Die maloposiekte is nooit die gevolg van towery nie, gevolglik laat dit slegs die moontlikheid van die badimo as oorsaak. (8) Die malopo is 'n besondere kategorie badimo, naamlik "die badimo en geeste wat deur die badimo gestuur is, wat hulle fisies in die lewendes manifesteer. Skynbaar kom die inisiatief in elke geval van die kant van die badimo en hierdie optrede sou 'n aanduiding kon wees van die badimo se verbon=denheid met die aardse lewe en hul begeerte om met hulle lewende nage=slag kontak te behou. Die antwoord van die informante hieroor was soos volg: Malopo toon 'n lewendige belangstelling in die wel en wee van hul kinders, en sien nie alleen na hulle om nie, maar wil graag in die naby=heid van hulle kinders wees. Dit doen hulle deur dans en sang (malopo kom 'speel met hulle kinders') (vergelyk ook Huskisson 1958:117; Van der Hooft 1979:7,66; asook Krige en Krige 1947:242)" (a.w. 1984:47). (9) "Naas die ooglopende religieuse en genesingsfunksies, vervul die malopokultus ook 'n besondere sosiale en ekonomiese funksie wat direk verband hou met veranderde sosio-ekonomiese omstandighede van die Kgaga sedert die einde van die vorige eeu" (a.w. 1984:125). (10) Boersema beredeneer oortuigend hoe die malopokultus óm die besondere besettings=kompleks 'n eie groepvorming binne die groter sosiale gemeenskap of stam laat ontstaan. Hy wys daarop dat die malopodokter sy of haar beroep as ngaka ya malopo kombineer met ngaka ya ditaola/ditlhako (dokters met dolosse). Alhoewel die werkmetode in die praktyk oorvleuel, is die malopodokter verder ook spesialis op die gebied van geestesbesenheid. Dit is gebruik dat die jong malopodokter wat 'n praktyk begin, vir 'n aantal jare 'indiensopleiding' onder sy of haar leermeester deurloop. (a.w. 1984:49). Waar Boersema byvoorbeeld die sosiale funksie om=skrywe, is dit opvallend hoeveel ooreenstemming daar tussen die malopo-kultus en die A- en Z-separatisme is. Onder meer stel hy dit: (i) "Elke ngaka ya malopo, lede van haar gesin (Boersema gebruik 'haar' omdat die meerderheid vroulik is), oud-leerlinge en pasiënte-in-opleiding, vorm saam 'n aanduibare eenheid of 'tak' binne die malopokultus by die Kgaga .... Binne die eenheid bestaan 'n hiërargiese orde met die ngaka aan die hoof .... Die hiërargiese orde van die eenheid kan ook meesal tydens besetenheidsdanse (veral tydens inisiasieseremonies) waargeneem word

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



...." (a.w. 1984:119). "Dit is egter die gebruik by ouer dingaka tša malopo met gevestigde praktyke om 'n jaarlikse malopofees te organi= seer. Hierdie fees vind dikwels in die somer plaas (Desember tot Febru= arie) waartydens al die oud-leerlinge van heinde en ver, asook familie van die ngaka, uitgenooi word om die fees te kom bywoon .... Malopo= byeenkomste bied ook aan sowel mans as vroue die geleentheid om sosiaal te verkeer ...."(a.w. 1984:121-2). In sy finale gevolgtrekking besluit Boersema onder andere: "Die malopokultus verteenwoordig 'n afwykende toe= voeging tot die tradisionele godsdienspatroon van die Kgaga van Maake ... veranderde omstandighede het nie die wêreldbeskouing of religie van die Kgaga totaal verander nie, maar aanleiding gegee tot 'n nuwe toe= voeging (die malopokultus) waarvan die aard en uitingsvorme in harmonie met die tradisionele wêreldbeskouing en religie is .... Die oorsprong en ontstaan van die malopokultus is, na die mening van die skrywer, nie te wyte aan 'n bewustelike poging van 'n bepaalde minderheidsgroep om die bestaande orde te opponeer of selfs te verander nie .... Die kultus verteenwoordig eerder 'n onsekere teruggryp na die verlede as 'n radikale en georganiseerde poging tot konflik en vernuwing" (a.w. 1984:125).

Dit moet vir ons duidelik wees dat daar aanmerklike verskil is tussen die milieu waarin die malopokultus soos bestudeer deur Van der Hooft en Boersema funksioneer en die milieus waarin die meeste separatistiese bewegings binne ons Sothoveld ondersoek is. Ons dink aan faktore soos 'n sterker impak van akkulturasie vanuit die Weste waar Swartes in die PWV-gebied en by Blankes op plase hulle arbeid verkoop en aan die kers= tening vanuit 'n groot verskeidenheid denominasies. Maar, ten spyte van dergelike verskille, is ooreenstemmende trekke in die vergestalting van die malopokultus en die separatisme van ons A- en Z-skakeringe opvallend. Juis die feit dat, volgens Boersema, die malopokultus meer bevrediging bied as selfs die Zion Christian Church, stel aspekte van ons problema= tiek insake die separatisme in reliëf.

Weliswaar het ons in die separatisme nie die fyne onderskeidinge tussen kategorieë badimo soos in die malopokultus onderken nie. Dit beteken nog nie dat daar radikaal verskil is nie. Tewens, in 3.4.8. word 'n bekende separatisteleier beskrywe as sou hy 'n veelsydige spesialis wees. Een van sy spesialiteite waardeur hy aansien verwerf het, is na bewering

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

sy diagnose en behandeling van geestelik-versteurdes. Ons veld=werker teken aan: "Hy verklaar dat hulle nie towery, waarsêery ens in die kerk toelaat nie. As iemand gevang is deur die gees wat eis dat hy op heidense manier behandel word, dan kan hy daardie gees ver=ander om 'n kerklike gees te wees." 'n Ander illustrasie is die volgende: 'n Blanke eregas het gesien hoedat iemand gedurende 'n fees op Zion City Moria op die grond heen en weer rol en praat. Op navraag is aan hom verduidelik dat die persoon aan die profeteer is. Dit gebeur ook dat persone rukbewegings met die skouers maak. Die "gees" sou dan by die skouers ingaan as voorspel tot "profetering" (3.6.10). - Met hierdie voorbeelde word baie duidelik beweeg in die dampkring van besetting. Die meer moderne variasies van besetting, soos Boersema dit aandui, word net met 'n effens ander gedaante ook by die separatiste aangetref.

Vanuit 'n oorkoepelende gesigspunt beskou, bevind Boersema dat towery, naas badimoveroorsaking, nie in die malopobesetting voorhande is nie. Hierdie komponent in die A- en Z-bewegings kom later ter sprake. Wat egter sowel in die malopokultus as in die separatisme koördinerend werk, is die toespitsing op 'n totale betrokkenheid binne eie groepsverband. Ons stel hierdie tendens aan die orde waar ons veral meer veralgemenend oor genesing of heling en sy lewensvatbaarheid in dié bewegings handel.

(d) Die gebruik van 'n ngaka/priester om onduidelikhede te verklaar

Met verwysing na 1.2.2, het ons uitgewei oor die integrale rol van die ngaka in die tradisionele gemeenskap. Die boodskap wat die geeste van die voorsate deur drome, besetting en so meer, tot die kennis van nasate wil oordra, is normaalweg onduidelik. Die nasate is gevolglik aan=gewese op die hulp van 'n ngaka as waarsegger om die boodskap opgeklaar te kry.

Besondere drome, besetting en teenspoed, is inderdaad slegs 'n vae koers=aanduiding dat daar 'n wanverhouding tussen die badimo en die nasate is.

Die diepteduiding van die ngaka gaan oor 'n wye veld vanweë die wye magte wat die badimo oor die lewendes het. Liggaamlike siekte en allerlei

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



teenspoed word gevolglik in verbintenisse gesien wat nie tot tevreden=heid op streng wetenskaplike wyse verklaar en behandel kan word nie.

Dit is nie moeilik om deur ons beskrywinge heen voorbeelde aan te teken waar in die separatisme die leier of profeet hierdie rol vervul nie. In 2.10.5.8 is aangetoon hoedat die hoofleier van bewegings in Evaton gewoonlik iemand is wat siekte kan "profeteer". Alhoewel baie nie radikaal teen gewone, opgeleide dokters en hospitale is nie, sou derge=like kundiges en fasiliteite tog nie toereikend wees nie. Die tendens is sterk dat die konnotasies "bishop", "profeet" en ngaka by die vol=gelinge in 'n eenheidsverbintenis funksioneer. Na bewering tel onder die genesings-"charismata" ook heldersiendheid.

Aan 'n leier word gevra of dit vir hom moontlik is om uit te vind of 'n siekte deur bose geeste of deur badimo veroorsaak word. Hy antwoord: "Ja, as die siekte veroorsaak word deur geeste, word dit ook aan my verduidelik." Daarby onderken ons ook 'n besondere ambivalensie in sy relaas. "Byvoorbeeld, as die gewoonte van die stam gewees het dat hulle jaarliks offers vir hulle afgestorwenes bring, dan wanneer die nakomelinge dit nie meer wil doen nie, moet hulle op 'n behoorlike manier dit laat vaar. Soos deur 'n bees te slag en al die bloedverwante byme=kaar te maak en openlik te sê dat hulle nou wil afsien van hierdie ge=woonte. Nou ja, as hierdie soort ding nie gedoen is nie, dan kan die Christen, wat nie meer offer nie, gepla word deur die badimo. Hierdie dinge kan ek alles sien." Op 'n vraag of hy ook aan mense voorskryf om te gaan offer, was sy reaksie: "Nee, in die openbaring het die 'hemel' vir my vertel dat ek nie moet werk volgens die offerandes aangesien Christus daardie metode nie gevolg het nie. Ek is heeltemal nie op daardie spoor nie" (2.10.5.8).

Na aanleiding van ons Thabonggegewens (2.9.4.4) was dit duidelik dat die genesingshandelinge van die dingaka, in die oë van die segsmanne, verskuif het na die optrede van die voorgangers van die separatistegroepe. Dit was veral by die voorgangers van die Zionistegroepe, waar hierdie neiging opgevang is.

By die Church of Christ's Assemblies (3.5.6) gebruik die profetes die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bybel as haar waarseggingsinstrument. "In haar ondersoeking van mense, vertel sy mense hoe hulle voorvadergeeste ontevrede is met hulle en sekere verpligtinge moet nagekom word. In haar ondersoekinge gebruik sy die Bybel as haar dolosse. Met toe oë maak 'n mens die Bybel oop. Hulle lees waar die vingers van die linkerhand of regterhand trap." Ter verduideliking verklaar een van die profetesse uit die wyk Rustenburg: " ... as 'n ander mens die Bybel neem en dieselfde plek lees, sal hy ander dinge lees — die eintlike dinge wat in die Bybel staan. Die Bybel in haar geval gee ander letters as wat daar staan. Die gees sal haar ook sê hoe sy die siekte moet gesond maak ...."

In die Apostles Brethern Church of South Africa sê hulle groot "Profetes": "Ons werk net soos die mathuela (tradisionele waarseggers). Ons is mense van die gees. Sommige Apostoliese kerke sê die voorvaders is demone, maar ons glo aan hulle" (2.9.4.4).

Uit Evaton (2.10.5 - Bylaag 2) het ons 'n geval beskrywe waar 'n invloed=ryke leier beweer het dat hy inderdaad die Derde Persoon in die Drie-eenheid sou wees; die Heilige Gees. Sodanige stellingname sou ons kon tuisbring onder 'n blatante soort besetting wat opkom - al sou dit ook half onbewustelik wees - as 'n stuwing vanuit die wilsopenbaring van die badimo. In die onderhawige geval onderken ons 'n besetting wat radikaler wil wegbreek uit sowel die tradisionele religie as uit die Christelike religie. In vergelyking tot die malopo (Boersema 1948:125) is dit nie ekwilibriumsoekend nie, maar ook by die separatisme is dit ou wyn wat in nuwe sakke aangebied word.

(e) Goeie gesindheid van geeste bewaar deur eerbiediging van taboes

Ons het by die tugaspek (4.7) belowe om sanksies, wat normaalweg nie by kerktug ter sprake is nie maar groot gewig dra by die linkervleuel van ons separatistespektrum, in behandeling te neem. Dit word nou gedoen.

Daar is 'n neiging tot rigorisme en/of taboeagtige tug. Weliswaar skeur 'n groot persentasie bewegings uit "moederkerke" soos die Apostoliese en/of Pinksterdenominasies waarin verbodsbepalinge soos die teen sterk drank, die rookgewoonte, en so meer, voorkom. In die separatisme kry

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ons egter 'n uitbreiding.

As Hanekom daartoe oorgaan om die sondebegrip binne die ZCC te beredeneer, skrywe hy tereg: "Ten einde etnografiese perspektief ten opsigte van die sondebegrip ... te verkry, is 'n beknopte uit=eensetting noodsaaklik van opvattinge aangaande verbodsbepalinge, kulturele kontinuïteit, respek teenoor ouderdom en verhoudingsituasies by die tradisionele Bantoe (Noord-Sotho)" (1975:88). Ons verwys slegs na sy interpretasie in verband met die verbod op die eet van varkvleis. Die ZCC betuig lojaliteit aan die ou Mosaïese wette. "Maar dit moet ook vermeld word dat die kolobe (wildevark) die stamtotem van die Mamabolo is, en dat dit dus vir 'n groot persentasie van die kerklid=mate tradisioneel verbode is om die kolobe te dood en van die vleis te eet. Aangesien gewone varke as soortgelyk aan wildevarke beskou word, bring dit mee dat die taboebepaling ook op gewone varke van toepassing gemaak word. Hierdie verbodsbepaling van die kerk kan dus beskou word as 'n tradisionele taboe, waarvoor nou 'n Bybelse grondslag gevind is" (1975:92).

Die onderhouding van taboes veronderstel reeds dat bonatuurlike strawwe mag intree as dergelike voorskrifte nie nagekom word nie. Daar is egter twee sindrome wat hier aangestip word, naamlik die optrede van die badimo en die magiese. (i) Wat die badimo betref, word hulle optrede inge=deel onder die persoonlike supernaturalisme. Pauw se algemene indruk met spesiale verwysing na Taung is "that in the totality of traditional belief and ritual the ancestor cult has disintegrated more than the rest" (a.w. 1960:38) en "the ancestor cult really centred in the family and family group" (a.w. 1960:237). Ons, op ons beurt, bevind dat die badimo-impak meer aktueel in 'n beduidender aantal bewegings gewaar word as wat 'n mens in die onderhawige kersteningsbestel sou verwag. Ons het die aksent op die invloed van badimo, byvoorbeeld in Wallmannsthal (hfst 2B), in begrafnisrites gewaar. Ten opsigte van Wintersveld word aangetoon, op grond van afsonderlike bewegings wat daar bestudeer is, dat die badimo oor die algemeen 'n groot rol speel. Die Evatonsteekproef toon ook dat die badimo in etlike bewegings 'n rol speel. (ii) Waar badimo-bemoeiing oor die algemeen 'n koersaanduiding terug na die tradisionele veronder=stel, is daar dikwels 'n koppeling tussen die charismatiese leier en die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



badimo.

Dit bring mee dat 'n aantal betekenisvolle leiers in die separatisme nie bloot op grond van hulle ondermaanse of gewone persoonsamestelling sanksies implementeer nie, maar ook aanspraak maak op bondgenootskap met die badimo of besondere badimo. Soos 'n leier dit gestel het: "Iemand anders se badimo kan my nie help nie." Inderdaad word die nog lewende leier in die Zion Christian Church - in ons navorsingsbestel, Edward - middelaar tussen sy volgelinge en Egenase, die "jonggestorwe" van die badimo. Ons kry dus nie slegs oordrewe persoongesentreerde sanksies nie, maar die leierspersoon is boonop bedeel met badimo-affiniteite. Die koppeling met die badimo is 'n tendens wat veral in toenemende mate aan die linkerdeel van die separatistespektrum in die prent kom. Dergelike verbintenisse is, kerklik-leerstellig, in stryd met die Christologie waar Christus die enigste Middelaar is.

(iii) In die sfeer van onpersoonlike supernaturalisme mag die tug in die separatisme ook dimensies van magiese aard inhou. Ons herinner aan die Church of Christ' Assemblies (3.5.7) waar bevind is: "Dis nie gerade - en selfs gevaarlik - om formeel met die CCA te breek, veral as siekte jou daarin gedryf het. Rede is dat supernaturele sanksies na bewering in werking gestel kon word en by name deur die invloedryke profetes."

Een van die opvallendste verskynsels in die separatisme is die gelade konnotasie wat "gebedswater" verkry. Op die keper beskou, word 'n omvattende "geborgenheid" daarmee gepaar. En die beskikker daaroor is die leier. Maar dit veronderstel ook dat, vir geval die leier die "water" weerhou, die groep "weerloos" gelaat word in omvattende sin. Ook hier waar towerkragtige sanksies ter sprake is, is dit veral in die linkerdeel van die spektrum waar die koppeling in die prent kom. Uit 'n kerklik-dogmatiese gesigshoek is dit in stryd met die Pneumatologie (die leerstuk in verband met die Heilige Gees). Dit is 'n miskenning van God die Heilige Gees as Derde Persoon in die Drie-eenheid wat veral deur die Woord heilig. Ons sou ook kon redeneer dat hierdie magiesgelade konnotasie die Gees as 'n mag of onpersoonlike bonatuurlike krag bejeën, wat outomaties losgelaat word ten nadele of ten voordele

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(vgl 1.2.2.3).

So gesien, is daar tussen kerklike tug en die tug in menige separatiste=bewegings, en meer bepaald in ons A- en Z-separatisme, 'n wesenlike verskil.

(f) Selfsugtige gebede omdat eiebelang by geeste afgebid word

Indien ons op hierdie kenmerk van die tradisionele religie ons versamel=de stof projekteer, dan is daar weinig kongruensie.

'n Verklaring hiervoor sou onder meer in die volgende rigtings gesoek kon word. Eerstens het die oorgrote meerderheid bewegings kruisbestuiwing uit 'n ryke spektrum kerke of kersteningsinstansies ontvang. Diegene wat namens 'n beweging in gebed voorgegaan het, was gewoonlik vooraf gekeur. Ook was hulle bewus daarvan dat ons by tye selfs ons waarneming met band=apparaat aangevul het. Tweedens, is die gebruiklike, gebedswyse onder die liturgiese aspek (4.6.5) soos veral gebruiklik in ons A- en Z-tipe beskrywe. Wat die vrye gebed betref, vind ons dat in plaas van een persoon wat namens die gemeente voorgaan, almal hulle eie afsonderlike gebede hardop bid. Uiteraard is dit dan nie moontlik om die inhoud van een of ander van die gebede uit te lig en te analiseer nie.

Ten opsigte van die voorouergeeste of badimo as 'n kernelement van die tradisionele religie, bevind ons dat, in die A- en Z-tipe separatisme, die impak sterk is. Van die kriteria wat ons aangewend het, is dit by uitstek vier uit die ses kenmerke wat algemeen aangetref word. (i) Daar is 'n inburgering van die geloof dat die geeste die nasate beïnvloed. (ii) Die wilsopenbaring van die badimo deur drome en besetting speel gewoonlik 'n belangrike rol. (iii) Die separatisteleier is gewoonlik by uitstek die kundige om onduidelikhede op te helder. Sy funksie as "profeet" kan nie juis onderskei word van die ngaka in die tradisionele bestel nie. Die separatisteleier neem as besondere priester ook die funksie van die ngaka as rituele ekspert oor. (iv) Die tug is geneig om ook taboes in te sluit, wat daarop gemik is om die goeie gesindheid van geeste te bewaar.

Waar dit reeds duidelik is dat die tradisionele religie opvallend aan=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wesig is in die linkerdeel van die spektrum en die badimo 'n kern=element van daardie religie is, is ons in ons verwagting gesterk dat dit, leerstellig gesproke, die Christologie is wat in die gedrang kom. Ons moes egter reeds ook die Pneumatologie aansny alhoewel hierdie leerstuk meer bepaald in die volgende afdeling in berekening gebring word.

4.8.3 Towery

In 1.2.2 het ons aangedui dat daar by die tradisionele religie van twee "pole" gepraat sou kon word, naamlik die persoonlike supernatura=lisme en die onpersoonlike supernaturalisme. Onder laasgenoemde res=sorteer dan die geloof in towery en handelinge wat daarmee verband hou.

Vir ons doel lyk dit nie nodig te wees om strak te onderskei tussen tradisionele of etniese religie en towery nie. In dié opsig verwys ons slegs na Herskovits. Hy haal Lowie aan wat skryf, "both magic and religion are best regarded as extremely ancient components of the human world-view", en dan vervolg hy self : "As such they are like parts of a single mechanism that helps to assure man his place in a scheme of things so vast, and so complex, that without these various controls he would be hard put to it to make meaning out of life, or to achieve a sense of security in it" (1949:360).

Beals/Hoijer is sterker afgestem op towery waar hulle soos volg opsom: "Magic ... is a body of techniques and methods for controlling the universe, based on the assumption that if certain procedures are fol=lowed minutely, certain results are inevitable. It presupposes an orderly universe of cause and effect, not one in which events may occur unpredictably at the whims and fancies of supernatural beings. Nonethe=less, magic is frequently associated with religion, as a technique with which to attain desired religious ends. It is, indeed, a method of compelling, by its own logic, the aid of the supernaturals" (1966:593).

In direkter verband tot ons ondersoek, skrywe R D Coertze oor die gods=diens in Atteridgeville naby Pretoria. Waar hy handel oor die geloof in towery en towerpraktyke, definieer hy soos volg: "Die geloof in tower=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

krag is die geloof in die aanwesigheid in die skepping van 'n willose bonatuurlike krag wat deur diegene wat kennis het, gerig en gestuur word om die kundige tot diens te wees. Afhangende van die opset waar=mee hierdie krag aangewend word, kan 'n mens dan van goedwillige en kwaadwillige towery praat. Die krag wat gebruik word, is neutraal. Die opset van die mens wat dit aanwend, bepaal die klassifikasie" (1972: 357-8).

Waar ons verwag het dat towery, as 'n tweede oorheersende kenmerk in die tradisionele religie, sy impak in die separatistiese groepe sou laat voel, is dit op grond van ons beskrywinge nou baie duidelik dat dit wel die geval is. Weer eens is die geloof in, en aanwending van towery minder voorhande by die S- en E-geledere en toenemend aanwesig op die verdere spektrum A - Z.

Ons word egter op ons hoede gestel om nie te dogmaties of eenduidig tendense af te baken nie. Ter stawing noem ons die Bantu Reformed Church, een van die regse S-bewegings, wat die Nooddoop inburger. "Moruti o tla kolobetsa motho ofe kapa ofe ha fela a ikopela kolobetso makhatheng a lefu". (Die predikant moet enige persoon doop wat in sterwensnood vir homself daarom vra) (Verslag 1973:694,699). Die moontlike benutting van 'n immanente magiese krag kom dus ook wyer as net aan die linkerkant voor.

Met verwysing na 4.2.4.4 het ons, in 'n vergelyking van die vier stedelike gebiede, op die volgende onder meer die klem laat val: "As ons verge=lykenderwys na die versyfering in ons vier stadsgebiede kyk, vanuit die skakering regs/links, dan is een van die opvallende tendense hoe hoog die persentuele verhouding is as die linkse vleuel A en Z saamgetel word. Behalwe Bloemfontein (28%) is die ander drie oor die 50%. Vir Ga-Rankuwa, Thabong en Soweto is die posisie onderskeidelik soos volg: 53%, 56% en 58%. In ons wesensverkenning het ons al meer en meer opge=merk dat die A-tipe separatisme neig om sonder gewetenstweespalt die tradisionele religie in te burger. Die vér-linkse Z-tipe doen dit slegs in meerdere mate .... In Soweto is dit die vér-linkse vleuel wat die minste fluktuasie vertoon. Waar ons Z-tipes op hierdie flank plaas, bevind ons dat by hulle die onpersoonlike supernaturalisme of die magiese 'n sterk klem dra. Dit is duidelik dat hierdie komponent, soos

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

ontleen aan die tradisionele religie, sy lewenskrag en vloed in Soweto bly behou ...."

In ons verdere beredenering kan ons goedskiks betoog uit vier gesigs=hoeke ten opsigte van towery en sy funksionering in die separatisme:

(a) Aanwending deur 'n kundige rituele ekspert - ngaka word priester

As ons die ingesamelde stof oorsigtelik betrag, bemerk ons dat in ons stedelike steekproewe dit net Bloemfontein is, waar towery nie 'n be=tekenisvolle rol speel nie. Wat ons plattelandse verkenning betref, is dit duidelik dat ons nie streke kan uitsonder waar towery nie funk=sioneer nie. Verder val dit op dat in vier uit die ses bewegings - soos in hoofstuk 3 beskrywe - towery onderken word. Die uitsonderings=gevalle was die Afrikaansche Kerk (AC) en die Lutheran Bapedi Church (LBC). Soos in die tradisionele bestel, waar die ngaka priester word, is dit opvallend dat die separatisteleier in die oë van sy volgelinge hierdie rol oorgeneem het.

In die New Apostolic Church foka (besprinkel, berook) die leier 'n "ding" "wanneer ons vrees dat so 'n ding vir ons of enige iemand ... 'n ongeluk kan bring" (2.10.3.4).

Uit Ga-Rankuwa (2.9.4.2) verneem ons ten opsigte van The Bundle Church dat die Heilige Gees 'n krag word "wat hulle gebruik vir genesing van hulle pasiënte deur handoplegging". 'n Plaaslike leraar beroem hom daar=op dat hy die Heilige Gees so beheer dat dit hom nie "streng vang nie; maar dit is nie alle mense wat sulke gawes het nie."

Die New United Apostolic Church in Zion of South Africa vertoon lewensvatbaarheid in Soweto. Die leier skeur uit die Lutherse Kerk. Hy vind fout met hulle "verkeerde doop". Hy sluit aan by die AGS. Hier - so vertel hy - is hy uitgejaag toe hy op 'n dag besig was om "vyf horinkies uit die vloer te grou" wat gebruik sou gewees het om die Kerk "sterk te vang" in die sin van "sterk te maak". Ook by ander separa=tistegroepe kry hy op die duur nie geestelik bevrediging nie. By ge=leentheid sou hy selfs as "slams" uitgekryt word. Uiteindelik stig

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hy 'n eie beweging in 1949.

In die Church of Christ's Assemblies het ons die neiging uitvoerig beskrywe. Op die hoogste hiërargiese sport slaag 'n egpaar daarin om 'n duale of komplementêre leierskap in 'n eie beweging uit te bou. Die vrou is in dié geval eerder die ngaka/priester. Haar roeping, profetiese en helingsgawes, word vergestalt in die CCA. Dit speel 'n vername rol in werwing en binding. Inderdaad werk dit sterk in op die religieuse wesensaard van die CCA. In hierdie sin domineer sy in die CCA-bestel. Daarteenoor is haar man meer die institusionele organi=seerder (3.5.8).

Vanuit die onderhawige gesigshoek is hoofleierskap in die Zion Christian Church (ZCC) en sy koppeling met die kundige rituele ekspert, waar die ngaka ook priesterlike funksies uitvoer, besonder sterk. Deurgaans is, by ondervraging van informante buite ZCC-verband, konsensus gekry dat Egenase en Edward eerder as dingaka gesien moet word as dat hulle kerk=like "president" of "biskop" sou wees. Verwant aan hierdie gedagte is beweringe dat hulle tradisionele dinohe (sieners/waarsêers) sou wees eerder as profete in kerklike betekenis (3.6.10).

(b) Geroepenheid tot priesterskap deur drome en bonatuurlike ervaringe

Daar is 'n hoë positiewe korrelasie tussen die geroepenheid van leidende persoonlikhede in die separatistiese bewegings van die A- en Z-indelinge en dié van die ngaka of isangoma. Ons let egter daarop dat in die ver=skillende relase - selfs eerstehandse weergawes - daar onduidelikhede voorkom. Die relaas begin byvoorbeeld met 'n sketsmatige verwysing na 'n bonatuurlike ervaringskompleks. Die geroepene geraak in 'n siekte=toestand waar medici en selfs dingaka op die duur nie verligting kon aanbring nie. In daardie bestel sou die kandidaat 'n besondere droom hê, 'n stem verneem, in beginsel 'n sekere opdrag kry. Op 'n stadium in die vertelling word ietwat kripties aangedui: "Die hemel (legodimo) het beveel", of in die besondere droom het "iemand verskyn en gesê dat ek my moet laat doop", of "in 'n gesig het ek siekes gesien wat ek moet gaan genees." Die term "hemel" word naas die term moya (gees) gebesig. Dit is ook nie duidelik of dit onder die begrip persoonlike supernaturalisme

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



of onpersoonlike supernaturalisme ingedeel moet word nie. Dit bring ook mee dat daar op ons gegewens afgestem, nie eenduidig gestel kan word dat moya 'n mag is, of alternatiewelik badimo-ingryping meebring nie. Sake word nog verder gekompliseer omdat moya, in die gemoed van ons respondente, sou slaan op Moya (Moya o Halalelang - die Heilige Gees), - maar dan inderdaad tog eerder as 'n soort mag beskou word in teenstelling met die Derde Persoon in die Drie-eenheid vanuit 'n teologiese gesigshoek gesien.

'n Ander tendens wat in die onderhawige verband hier aangeteken word, is dat die leiers prys daarop stel dat hulle nie die tradisionele ngaka is en, by implikasie, allermins die middelaarsfunksie beklee wat die ngaka as priester in die tradisionele lewe vervul nie. Hulle geroepenheid is 'n bestiering om in kerklike verband omvattende leierskap uit te oefen. Soos in (a) hierbo aangestip, is die ngaka uiteraard die kundige rituele ekspert wat as middelaar optree. Ten spyte van die pretensie van die separatisteleier, bevind ons in die praktyk by die A- en Z-bewegings - en ook nie slegs by hulle nie - dat die middelaarskap nie beperk is tot God en mens in die lig van die versoening in Christus nie. Die gemeenskap van die heiliges en die gemeenskap aan die heilige dinge sluit meermale in dat die profeet of priester in die separatisme innovasies in sy litur=gie aanbring wat berus op aan die kerk vreemde veronderstellinge. En hiervoor is sy beweerde bonatuurlike geroepenheid 'n besondere onderbou.

Dit is nie moeilik om ons koersduidende bevindinge te illustreer nie:

(i) Matita, stigter van die Moshoeshoe Berean Bible Reader's Church, sou na bewering gedurende sy "skyndood" 'n ervaringsdoolhof bewandel en terugkeer met 'n spesifieke opdrag tot evangelisasie/kerkstigting (3.2.3).

(ii) "His Grace the President" van die St Paul Apostolic Faith Healing Mission of South Africa skeur uit die St Paul van P L Moloi. Daar was volgens hom nie juis stryd nie. Dit was 'n bevel van bo, of van die hemel (ka taelo ya lehodimo). Die veronderstelling was dat hy by Moloi, na vyf jaar, leraarstatus sou verwerf. In die derde jaar "is ek deur Moya-inspirasie gedring .... Ek moes 'n kerk begin ...." Aanvanklik beveel die hemel hom om nie vir gebedswater betaling te eis nie; hy beoefen

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


nog sy ambag as kleremaker. Hy begin egter gebrek ly. "Daarna praat die hemel met my en sê: 'ek sal jou geld gee om kos en klere te dek'. Toe begin mense wat ek behandel my met 10/- te dank. ... Daarna het die hemel my beveel om die dankoffers (dit wil sê die kabelo of stel=selmatige, kerklike dankoffers) na 15/- op te stoot ...." Die hemel sou hom ook ten opsigte van die Julyperdewedrenne die "nommers" van die wenners voorspel. Dit verstrek hy dan aan sekere persone. Ongelukkig sou baie in gebreke bly om hom uit erkentlikheid te "dank".

(iii) Daar word in die St Paul's Apostolic Morning Star Church of SA baie gemaak van die besondere handoplegging deur die leier, Ramoipone. Die veldassistent beskrywe 'n erediens op Evaton wat uitmond in 'n ge=nesingrite. Die leier sit eers sy vingers in sy spesiale "gebedswater". Die veldwerker is verbaas oor die reaksies van sommige wat hy daarna aanraak. Op navraag was sy antwoord: "Dit is die krag van hierdie hande (hy wys sy hande), by tye van groot feeste is dit erger. Mense val asof hulle dood is soms, want die gees werk ook magtiger gedurende sulke ge=leenthede" (3.4.8.4).

(c) Die beskikbaarstelling van medisyne of water wat met kragkomponente gelaai word

Tradisioneel was dit die ngaka of kragdokter wat omvattende geborgenheid verseker het deur die voorbereiding en aanwending van kragmedisyne. In 1.2.2 het ons aangedui dat daar 'n bonatuurlike vrese was vir 'n be=paalde soort kragvermindering. Ons het verwys na Tempels (1956) en na Reyneke (1971). Buitengewone aanvegtinge van liggaam en gees sou buiten=gewone kragmiddele (dipheko) en oordeelkundige aanwending daarvan na ge=lang van omstandighede vereis. Naas natuurlik-aanklewende eienskappe, sou daar ook oordragtelike eienskappe wees, byvoorbeeld dat die krokodil 'n 'koel' dier is en dat die ngaka 'koel hande' moet hê.

In die loop van ons ondersoek het ons sterk onder die indruk gekom dat genesing 'n buitengewone rol in die separatisme speel. Deur hulle ge=nesingsaansprake vertoon die A en Z kategorieë 'n besondere lewensvat=baarheid. Om redes wat algaande duideliker sal word, gee ons voorkeur aan die term heling. En alhoewel ons nie alle heling in A en Z wil

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



terugvoer na die magiese of onpersoonlike supernaturalisme nie, stel ons dit hier aan die orde.

Ons het reeds in 4.1.2 daarop gewys dat ons tematiese aanpak bemoeilik word deur allerlei verbintenisse. Ten opsigte van heling kry ons 'n komplekse verstrengeling met ander aspekte. 'n Terugblik laat ons by= voorbeeld die volgende sien: (1) By leierskap is een van die besondere charismata waarop prys gestel word aansprake op genesingsbevoegdheid (4.3.2). (2) Onder die werwing van aanhoriges het ons geformuleer: "Verreweg die sterkste rede waarom by separatistiese bewegings aan= sluiting gesoek word, is genesing" (4.3.6). (3) 'n Hoë persentasie bewegings vertoon die neiging om 'n tipe kliniekbehandeling daarop na te hou (4.4.5). (4) Die gemiddelde erediens by die A-en Z-groepe mond uit in 'n helingsrite (4.6.6). (5) Een van die opvallendste verskynsels in die separatisme is die gelade konnotasie wat "gebedswater" veral in die A- en Z-groepe verkry (4.6.6).

Hierdie verstrengeling geld nie alle bewegings nie. Ons sou selfs kon beweer dat by ons S- en E-tipes daar nie 'n buitengewone uitbouing ten opsigte van genesing, vergeleke by historiese of gevestigde kerke soos die NG Kerk en die Metodiste Kerk, is nie. Prinsipieel glo die kerk immers dat God in Sy vrymag sonder meer kan genees. Wat hier egter aan die orde is, is 'n uiterste stellingname wat soms by die A- en Z-tipe gehoor word, naamlik dat gebedsgenesing of geloofsgenesing nie binne gevestigde kerke nie maar slegs binne sekere separatistiese bewegings bewerkstellig word. Al sou laasgenoemde by onderhoudvoering afgewater word, werk so 'n pretensie deur na kringe buite die globale separatiste-omlyning. Gevolglik is daar tog binne gevestigde denominasies diegene wat om genesing by die separatiste aanklop. Hulle onderwerp hulleself dan vir korter of langer tydperke aan daardie "behandeling", om daarna weer na hulle eie kerk terug te keer. Hierdie interim of <u>in transito</u> verpleging kan egter nie uit die gesigshoek van die gevestigde kerke verontagsaam word nie. Alhoewel ons dit nie statisties kan begroot nie, lyk dit of die A- en Z-tipe tog 'n sterker toevloei na hulle geniet as dat dit bloot 'n heen-en-weer verkeer is. Ons sou sê dat A en Z hier= deur verseker word van 'n toevallertjie bó en behalwe hulle lewensvat= baarheid kragtens beweerde genesingspotensiaal.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Namate 'n mens genesing in die A- en Z-bewegings in oënskou neem, word die oortuiging gewek dat ons te make het met meer as wat ons gewoonlik onder genesing as 'n begrip verstaan. Ons sou eerder van die begrip heling moet praat. Ten einde so 'n uitgangspunt te belig, dien die volgende:

(1) Meer ontlening aan Westerse geneeskunde

Die verbete afwysing van alle Westerse kundigheid en fasiliteite het sodanig verswak dat ons onder die A- en Z-tipe bewegings slegs spora= dies gevalle kry waar bewegings of enkelinge beginselbesware daarteen handhaaf. So teen die vyftigerjare het die ZCC nog in Pretoria (Atteridge= ville) sterk weerstand gebied teen behandeling aan die polikliniek. Ons het egter nie ander blatante voorbeelde van hierdie aard opgeteken nie. Vir die afname in teenstand is daar in die RSA-bestel baie meewerkende faktore, waaronder die sterkste dalk die onderwys is wat onder Swartes besondere momentum gekry het.

Om ons egter meer by die genesingsaspek te beperk, verwys ons eerstens na Pauw. Hy beoog dat in Taung die meeste mediese dienste sedert 1930 beskikbaar gestel is en beweer "that good use is now being made of them, in spite of the unwillingness of some people to do so in the earlier stages" (1961:172). Een van die biskoppe van die St John's het teenoor ons beslis verklaar dat hulle "Apostoliesgesindes" weet dat vir sekere siektes operasies deur snydokters uitgevoer moet word of dat pasiënte, na gelang van omstandighede, vir behandeling en medikasie aangewese is op moderne fasiliteite. Dit is ook welbekend dat Sendinghospitale 'n ereplek ingeneem het in die breër opset van kerstening. Daarby was dit veral die Duitse sendelinge wat in ons studieveld homeopatie beoefen het.

Vanuit die gesigshoek van die aanvaarding van moderne medisyne, tref dit ons dat Beals en Hoijer klem lê op belangrike gevolge. Hulle stel dit: " ... the greatest significance of the acceptance of modern medicine is not the substitution of new remedies for old but such problems as changes in status involved in the replacement of the medicine man by the doctor and the nurse, the revision of the concepts of social functions of ill= ness, and the complications induced in family relations, land division

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



or consumption patterns resulting from decreased infant mortality" (1966:738). Alhoewel Beals en Hoijer se algemene stellingname waar is, dui ons steekproewe daarop dat die meeste leiers wat genesing in hulle bestel beklemtoon, verbasend daarin slaag om hulle onderskeie forte te behou teen die Westerse aanslag, al gee hulle ook toe dat gekwalifiseerde geneeshere soms ingeroep kan word. Ons vind algaande 'n verklaring vir hierdie verskynsel.

(2) Lewensvatbaarheid en uitbouing van heling. Dit geld veral die A- en Z-tipe.

Ten spyte van die akkulturatiewe bestel waarin die separatisme optree, bevind ons dat die benutting van helingsrites konstant bly. Die redes hiervoor is onderling verbonde en van komplekse aard. Per slot van rekening, soek die onderskeie bewegings na 'n "holistiese" of allesom= vattende heling, wat die fisiese sowel as die psigiese insluit. Dit moet die mens in sy lewensverbande insluit: sowel in sy ondermaanse as in sy supernaturele lewensfere. Daar word gesoek na 'n omvangryker ge= borgenheid wat volgens hulle nie gewaarborg word deur die veelal geseku= lariseerde Westerse wêreld- en lewensbeskouing nie; al is die Westerse mediese wetenskap ook hoe gespesialiseerd. Iemand het hulle probleem= stelling pittig soos volg vereenvoudig: "Ons weet al dat malaria veroor= saak word deur die muskiet maar wie het die muskiet gestuur?" Met ander woorde, hulle neem genoeë met die diagnose en behandeling van die Wes= terse dokter op natuurlike vlak. Die Westerse dokter skiet egter te kort in sy diagnose en behandeling met betrekking tot die supernaturele.

Dat ons koersduiding ter verklaring redelik juis is, word versterk deur die volgende:

(i) Heldersiendheid

In etlike bewegings word hoë prys gestel op beweerde heldersiendheid van hulle leiers. Christina Nku van die St John's, Lydia Tšukulu van die St Peter en Edward Lekganyane van die ZCC sou na bewering helder= siendheid as een van hulle besondere charismata besit. Dit wil sê dat hulle in beginsel geen onderskragende middele of tegnieke nodig het om

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

helder te kan "sien" nie.

(ii) Onvrugbaarheid by vroue

In ons veldwerk het ons in etlike gevalle verneem dat onvrugbaarheid by vroue deur leiers of leidsters genees sou gewees het. Die herstel sou na bewering nie kragtens die mediese wetenskap plaasgevind het nie maar word gekoppel aan singuliere gawes wat nie noodwendig op suiwer Christelike gebedsgenesing berus nie.

(iii) Psigiatriese en/of sielkundige behandeling

Op grond van ons gegewens word die indruk gewek dat die swart dogter of vrou minder weestand het teen sekere spanninge in die hedendaagse lewe. Baie gaan op jeugdige leeftyd uit die meer beskermde stam- of gesinsverband na stede en dorpe en voer 'n abnormale, individualistiese lewe. Ons dink byvoorbeeld aan 'n beduidende persentasie huisbediendes. In haar dagtaak is sy durend ingestel op die huishouding en kultuur=uitlewing van Blankes. Haar vryetydsbesteding is dikwels 'n abnormale voorhuweliksverhouding sonder die tradisionele bogadi/lobolo-sekeringe. Ons het 'n hoë frekwensie "klinieke" in stedelike gebiede aangetref waar onder meer vir "geestessteuringe" voorsiening gemaak is. Telkens duik die siektekompleks op wat as mafonfonyane bestempel word. Mafonfonyane is egter geensins beperk tot die stad nie. Dit is veral die dogter in haar puberteit of adolessensie wat aan dergelike ongesteldhede ly. Basies sou die oorsaak volgens respondente nie langs natuurlike weg veroorsaak wees nie. Op Standerton het 'n bekende sendeling, Jandrell, aangevoer dat daar tradisioneel aan bonatuurlike "besetting" gewig toe=geken word. Dit sou "mannetjies" wees wat daardie soort histerie ver=oorsaak.

Ons herinner ons hoedat 'n aantal respondente uit een van ons gevestigde denominasies in Soweto saam was. Die ondervraging het 'n wye spektrum bestryk. Veral een - 'n leiersfiguur in kerklike, onderwys en ander lewensverbande - het aangevoer dat in baie van die groter gevestigde kerke dit moeilik gaan om 'n hartlike onderlinge verkeer op dreef te hou. Daarenteen is die meeste separatiste in klein groepies georganiseer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Ter illustrasie noem hy die groetery na afloop van eredienste. Die leier gaan uit sy pad om elke kerkganger te groet en met hom te gesels. Dit sou 'n intieme gesellige koinonia bevorder. Hy het daaruit die lyn verder getrek en beweer dat baie van hierdie leiers die rol speel van leke-sielkundiges en/of psigiaters. Daar is dan ook in die algemeen 'n leemte ten opsigte van dergelike spesialisasie en fasiliteite. Ons is oortuig daarvan dat hierdie respondent 'n waardevolle bydrae gelewer het tot 'n beter begrip van wat in menige separatistegroep die soeke na "heling" motiveer.

In hierdie verbande wil ons weer eens na sowel Boersema (1984) as na Van der Hooft (1979) verwys. Albei handel oor die malopo-verskynsel Dit is nie dat 'n mens die aard en betekenisduiding heelhuids by die separatisme kan betrek nie maar van die gegewens en insigte kan met erkentlikheid oorgeneem word. Van der Hooft skrywe 'n proefskrif oor De Malopodans met subtitel "Een transcultureel-psychiatriese studie". Sy verkenning doen hy vanuit Groothoekhospitaal, Zebediela, in Noord-Transvaal. Drie van sy bevindinge is hier van belang. Eerstens bevind hy dat onder malopo-dokters en hulle dissipels daar meer vroue as mans is. En voeg hy by: "Vrouwen, die niet zelden bezeten raken door mannelijke voorouders, hetgeen de vrouwlijke media met mannelijk gezag bekleedt, waarvan een belangrijkheid ook wanneer zij niet bezeten zijn aan hun blijft kleve." Dit bring op sy beurt mee dat manlike malopo-dokters hulle in 'n oorwegend vrouegeselskap bevind. Hierdie skaars soort manne blink in die afsonderlike malopo-groepe gewoonlik uit, ver= werf daar spoedig leidende funksies en lewer die malopo-dokters van besondere faam. Dit is ook geen seldsaamheid nie dat in daardie kringe 'n man deur 'n vroulike voorouergees beset word (1979:118). Tweedens noem ons:"Katharsis, muziek en dans en resocialisering manifes= teren zich als elementen van moderne psychiatrische heelwijzen. Dit is egter niet alles; ook elementen van suggestieve therapie, psychodrama en arbeidsterapie zijn in de malopo-initiatie te herkennen." En derdens kom hy tot die gevolgtrekking: "De malopodans is een zinrijke aanpassings= reactie op ziekte en 'stress', niet alleen van individuen binne de Pedi-sameleving maar ook van de sameleving als geheel"(a.w. 1979:147).

Wat Boersema betref is die volgende vir ons hier van belang, Eerstens; "Hoewel die beroep as ngaka miskien sy vroeëre (tradisionele) status en aansien verloor het, is die ngaka 'n dinamiese werklikheid ook vandag

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nog. Dit geld veral gevalle van voortdurende teenspoed, onver=klaarbare gebeure of waar Westerse medisyne en/of behandeling nie die gewenste uitwerking het nie. Die ngaka deel die pasiënt se (kulturele) verwysingsraamwerk en denkpatrone en met hierdie agter=grondkennis kan sy die pasiënt help om onderliggende konflikte te identifiseer en te interpreteer tot tevredenheid van die pasiënt" (a.w. 1984:51). Tweedens, "Die malopokultus verteenwoordig 'n af=wykende toevoeging tot die tradisionele godsdienspatroon van die Kgaga van Maake. Die kultus is van resente oorsprong en hou waar=skynlik verband met veranderde sosio-kulturele omstandighede. Hierdie veranderde omstandighede het nie die wêreldbeskouing of religie van die Kgaga totaal verander nie, maar aanleiding gegee tot 'n nuwe toe=voeging (die malopokultus) waarvan die aard en uitingsvorme in har=monie met die tradisionele wêreldbeskouing en religie is" (1984:125).

Al sou ons ook die malopo-kultus buite, links van ons spektrum, plaas en hulle hul nie aandien as 'n kerk nie, is dit duidelik dat baie van wat Van der Hooft en Boersema bevind positief korreleer met tendense wat aangetref word in die separatiste soos onder A en Z gegroepeer.

(iv) Die doop as heling en reiniging

Pauw wei uit oor dié verskynsel wat by ons A- en Z-tipe separatisme, soos te velde bestudeer, ook 'n sterk klemplasing kry. Daar is bevind dat tydens die doopritueel nie slegs volwassenes in die proses van toetrede tot die beweging die water binnegaan nie, maar ook ander. Met die St Paul van Elias Ramoipone as voorbeeld, kom hy tot die ge=volgtrekking: "The reason for everybody's entering the pool (including members previously baptized and children still unfit for baptism) is that going through the water is an act of healing or of safeguarding good health. ... I think it is clear that this ritual bears a dis=tinctly magical character" (1961:166).

In die loop van ons ondersoek het daar telkens gebruike in sig gekom wat in hierdie dampkring tuishoort.

In die Pentecostal Baptist Church of South Africa te Wintersveld word

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n reinigings- of beveiligingsrite voltrek. Na die begrafnis, wás die mense in water wat geseën is en waarin ás gegooi is (Verslag 1973:379). By die Church of Christ's Assemblies met ankerpunt Brits, is sewasho ter sprake (3.5.6).

Dit is baie duidelik in ons beskrywing van die Zion Christian Church dat die opperleier in die oë van sy volgelinge die rol binne daardie bestel van kragdokter vervul en 'n hele spektrum "medisynes" met krag=komponente laai. So verneem ons van 'n magiesgelaaide stuk papier "was sent to me when my wife was ill. I had to wave it over her, which would 'heal' her in the name of our leader, and enable her to bear a child. Even the dead may be raised with this paper" (3.6.10).

Sonder moeite sou ons verder kon betoog na aanleiding van besondere kieries of stawwe, betekende kleredrag en so meer. Ons meen egter dat die opvallende waterkompleks as 'n sambreelillustrasie kan dien.

Globaal genome is die waterkompleks in die A- en Z-bewegings een van die mees lewensvatbare komponente in die separatisme. Dit oordonder die meeste van die ander innovasies as dit uit 'n kerklike gesigshoek gesien word. Ons het reeds aangeteken dat in baie gevalle die erediens uitmond op die drink van "gebedswater" op rituele wyse (2.9.4.4). Die verskynsel kan nie simplisties verklaar word omdat nagmaalswyn nie aan alle swart leiers van separatistebewegings binne 'n sekere tydvak be=skikbaar was nie.

Die waterkompleks lewer 'n betekenisvolle bydrae tot die vermenigvul=diging van bewegings. In Evaton (2.10.5.4) het ons bevind dat die gebied nie slegs 'n vrugbare teelaarde of ankerpunt vir die separatisme in die breë is nie, maar dat daar 'n sterk verteenwoordiging van die Apostoliese , en by name uit die sendingaksie van die Apostoliese Geloofsending (AGS), is. Die St Paul's Apostolic Faith Morning Star skeur uit die AGS oor "water". (Ons het hierdie voorbeeld ook vanuit die gesigshoek van heresie in 4.5.1 aan die orde gestel). Waar die beweging in 3.4 omvattend behandel word, sien ons dat die leier water in komplekse verbintenisse betrek. Hy hou onder ander 'n apteek met "waters" vir 'n spektrum ongesteldhede daarop na en vertoon sy welslae

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


in 'n eie museumpie. Die dinoha (slange) wat hy uit pasiënte uithaal is sonderling. Dit skyn of Pauw ons nader aan 'n oplossing bring. Waar hy dieselfde beweging in Taung bestudeer, verduidelik die streek=leier ten opsigte van die water soos volg: "that there were snakes in the liver. The snakes were said to be of the kind called seleke (or seleka). Later he explained to me that the snakes were the result of sorcery." In 'n voetnoot toon Pauw aan dat seleka kan beteken: 'An earthworm, a species of small harmless snake' (1961:180).

Hierdie voorbeeld toon duidelik aan waarom die AGS nie sodanige speling kon gee vir water of gebedswater in dergelike konnotasie nie.

Water speel soms 'n rol in 'n magstryd om hoofleierskap. Na die dood van die stigter van die St Paul Apostolic Faith Mission, ontwikkel 'n magstryd tussen J Moloi, 'n seun van die stigter, en ene Nhlapho. J Moloi beroep hom onder meer op 'n buitengewone "watersuksessie". Volgens hom het sy vader, P L Moloi, "as profeet water geseën deur gebed". Na die dood van sy vader was daar nog van die geseënde water oor. Dié "water" bly hy ten voordele van die beweging aanwend. Hy sorg dat die water nie opraak nie. Van tyd tot tyd voeg hy ander water by sonder gevaar te loop dat die "seën" geleidelik verflou. Hy alleen het die uitdelingsbevoegdheid van die kragwater (2.10.5.4).

By die Church of Christ's Assemblies beskrywe ons die doop in die Odi- of Krokodilrivier. By die rivier aangekom, haal die leier (Sampson Ngcelwane) eers 'n botteltjie met water te voorskyn en gooi dit oor die stroom uit. By navraag word verduidelik dat dit besondere water is "waaroor die profetes, Catherine Ngcelwane, eers gebid het" (3.5.4).

Die beskikbaarstelling van water vir omvattende geborgenheid kan groot afmetings aanneem. Ons ondersteun ons stellingname deur na die McCamel=beweging en na die Zion Christian Church te verwys. Tot en met sy dood bly McCamel lid van die African Methodist Episcopal Church. Hy sou in Johannesburg soveel water gebruik het dat die munisipaliteit bekommerd begin raak het. Sy "water"-geloofwaardigheid en "water"-verkope eska=leer verder toe hy vanuit Evaton optree .... "Daar gaan gereeld lorrie=vragte 'geseënde' water uit na alle lokasies op die Rand ...." McCamel

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het 'n meerderheidsaandeel - vanuit Evaton gesien - in hierdie "water"-bedryf. Ons veldassistent voer 'n onderhoud met 'n predikant van die AME Church met die oog op McCamel. Alhoewel die respondent sy antwoord oor 'n wyer boeg gooi, betrek hy tog vir McCamel in eerste instansie. Hy verklaar onder meer: 'Daar is mense ... wat hulle 'bana ba metsi' noem. Dit is nou mense wat alles opsy gebêre het en lewe soos ware Christene. Daar is baie sulke mense. Hulle gebruik net water waarvoor gebid is. Hulle kook daarmee, drink dit en gebruik dit in hulle huise, behalwe net vir wasdoeleindes; daarvoor gebruik hulle gewone water. Hierdie water word met die vragmotor afgelewer. Dit is die Vader Mc=Camel s'n.' Die assistent vra toe of hulle vir die water betaal. 'Hy sê dat hulle seker iets moet betaal daarvoor, al is hy nie seker nie. Hy voel net dat daar tog iets vir sulke moeite betaal moet word' (Evaton, 2.10.5.9 - Bylaag 2).

Wat die Zion Christian Church in die era van Edward Lekganyane betref, is 'n hele spektrum rakende die "water"-sindroom beskrywe. So weet ons van water wat geneem is van die hoofkwartier om op die werf of lapa tuis te sprinkel. Hierdie handeling staan in die teken van 'n gebed om reën of reënrite (3.6.9). Waar Lekganyane 'n seënrite by die "heilige boom" uitvoer, is daar houers (veral vir water) geplaas sodat dit onder andere vir genesingsdoeleindes of vir beskerming gebruik kan word (3.6.4).

Verbandhoudend met die komplekse konnotasie wat water in ons beskrywinge daarstel, let ons ook op wat Sundkler en Pauw bevind. Hulle beredeneer die grootskaalse voorliefde by die Apostoliese en/of Sionistiese separa=tisme vir die onderdompelingsdoop. Sundkler herlei die verskynsel tot die "traditional Zulu ritual practices in streams and pools" (1961:201). Hy bevind ook dat daardie doop nie sonder meer eenmalig bedien word nie maar neig om herhaal te word en sodoende die funksie van 'n reinigings=rite aanneem.

Pauw beredeneer op grond van sy ondersoek - veral onder die Tlhaping - dat die koppeling na die tradisionele nie so direk is as wat Sundkler dit aandien nie. Pauw skrywe: "Baptism by immersion ... has no close morphological parallel in traditional Tswana rites .... It is typical of many 'western' Baptist churches that they tend to make baptism all-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

important to salvation, so that one cannot be saved, or one can scarcely be saved, without being baptized, whereby a certain efficacy is attached to the rite itself. It is not regarded as a mere re=presentation of a spiritual process or action which makes one accepta=ble to God, but the rite itself is seen as bringing one in that con=dition, or at least as contributing a great deal toward the attainment of that goal. This type of doctrine I hold to be distinctly magical (1960:146 ff). Its magical nature is also shown in the stress that is laid on the particular form the rite must take ... in magic even a minor deviation from the proper form of a rite may render it ineffectual" (1960:194-5). Daarom doen Pauw aan die hand dat die magiese waarde wat gewoonlik toegeskryf word aan die onderdompelingsdoop dit veral aanvaar=baar maak vir die Tlhaping. "The traditional religion of the Tswana bore a strongly magical character and such of its ritual as still exists is predominantly magical. Having this background of magic, new doctrines attaching a magical interpretation to the modes of behaviour with which they are concerned will have a stronger appeal than doctrines which are distinctly non-magical" (a.w. 1960:195).

Ons stem saam met Pauw dat die magiese komponent domineer. Ons eie ondersoek moes egter 'n wyer veld bestryk. Ons kon gevolglik nie in detail verskille kontroleer soos Pauw hier wil uitwys tussen die Nguni (Zoeloe) en die Sotho (Tswana - Tlhaping) nie. Die Zoeloe-impak is egter veel sterker op die Sotho in ons omskrewe studieveld as in Taung.

Met verwysing na Sundkler wat gewag maak van die herhaling van die doop, wil ons kommentaar lewer. Ons gegewens dui wel daarop dat in drome of ander beweerde bonatuurlike ervaringe sterk druk uitgeoefen is om juis die onderdompelingsdoop te verkies. In hierdie sin is daar etlike leiersfigure wat byvoorbeeld as kinders of volwassenes deur besprinke=ling gedoop is, wat later 'n tweede maal gedoop is en wel deur onderdompe=ling. Dergelike gevalle is Matita, Christina Nku en Catherin Ngcelwane. Ons ingewonne stof laat ons egter nie toe om te betoog dat die herdoop of onderdompelingsdoop later weer presies stap vir stap oor die volle liturgiese of rituele gang deurloop is nie. Dit is eerder so dat die stroom, die poel of water in die opgaardam (soos by die St John's op Evaton) "geseën" is. Ons duidelikste voorbeeld was miskien juis by

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


laasgenoemde. Op 9 Augustus 1964 is 'n doopplegtigheid bygewoon. By daardie geleentheid is ongeveer 'n honderd-en-vyftig gedoop en het sowat dieselfde aantal van die geleentheid gebruik gemaak om ook in die water te gaan (Verslag 1973:835). Die tweede groep is bepaald nie gedoop nie maar het elkeen op sy eie gesorg dat hulle van kop tot tone met die water in aanraking was.

(d) Gebruik van gedienstiges

Die vierde en laaste gesigshoek waaruit ons die aanwesigheid of funk=sionering van towery in die separatisme toets, is die gebruik van ge=dienstiges. In 1.2.2.3 het ons gedienstiges omskrywe. 'n Moloi (toornaar of toorheks) beoefen kwaadwillige towery. In sy of haar duistere bedryf kan van gedienstiges gebruik gemaak word. Ons het Mönnig aangehaal waar hy in sy werk oor die Pedi bevind dat dithuri gemaak word van dooie dinge, terwyl lewende dinge afgerig word as dithongwa. Een van die dithuri staan bekend as Tholwane. Hy is bekom deur "grafskending". Ook voer hy aan dat nag-baloi ook self kan verander in een van hulle ge=dienstiges en dan byvoorbeeld vlieg en die slagoffer ontvoer (1967:72-5).

Uiteraard betree 'n mens 'n sensitiewe terrein sodra vrae oor gedienstiges in separatistebestel tot aanhoriges gerig word. Immers, hulle wil hulle onderskeie bewegings as kerk sien. Is gedienstiges dan nie per definisie in diens van kundiges wat kwaadwillige toordery beoefen nie? Waar egter in die algemeen oor die tradisionele geloof om inligting uitgevra is, is bevind dat gedienstiges nie onvoorwaardelik afgeskryf word nie.

Die volgende illustrasie dui egter daarop dat navorsing in detail moontlik meer bewyslas mag aanvoer dat 'n besliste koppeling tussen die separatisme en gedienstiges dalk nie so sporadies voorkom nie: Die Church of God and Saints of Christ word in Soweto bestudeer. Ons het hierdie beweging onder Z ingedeel. Genesing/heling vorm 'n komplekse komponent in die beweging as geheel. Vaagweg word beweer dat vir alles wat gebruik word, gebid word tot die gees, om krag te vra. Swaargewig word by implikasie aan die magiese toegeken. Daar is kragvlae, kraggordels, kragwater en kragsout. Half terloops verneem ons dan: Sout en water word gebruik om die huis te reinig. Dit hou Tikoloshe en ander geeste, wat deur

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



toornaars gestuur word, weg. Dit word op die erf om die huis, in die huis en op die dak gestrooi of gesprinkel (Verslag 1973:154-5). Tikoloshe word hier as gedienstige bejeën.

4.8.4 Opmerkinge

Dit is dus duidelik dat ons 'n uitgesproke neiging tot 'n eenheidsbe= nadering, 'n allesomvattende of totalitêre siening ten opsigte van heling, in die A- en Z-bewegings aantref. Dié tendens of karaktertrek bring mee dat die strakke afbakening van bevindinge onder aparte rubrieke nie moontlik is nie vanweë 'n oorkoepelende tendens tot gestaltevorming. So sien ons dat Pauw in die doop van sekere bewegings magiese trekke gewaar en ons stem met hom saam.

Dit skyn dus of die separatisme as verskynsel óm 'n brandpunt sentreer. Met ander woorde, dat stuwinge of verbintenisse in samehang na harmonie soek. In die Volkekunde sou ons neig om vir perspektief lig te gaan opsteek by skrywers soos Herskovits wat formuleer: "Culture is the instrument whereby the individual adjusts to his total setting, and gains the means of creative expression." Herskovits kwalifiseer egter self sy stellingname deur te sê: " ... it must never be conceived as reducing the individual to a passive inert status in the process .... This adjustment is furthered by the creativeness which, as a fundamen= tal expression of the restlessness of the individual in the face of the ways of his group, permits him to exercise various modes of self-expression, and thus to extend the scope of his culture without breaking down its basic orientation" (1949:640-41).

Oorsigtelik genome, kan ons akkoord gaan met 'n hoof bevinding van Möller. Hy doen navorsing in Soweto en bevind onder meer oor die magiese dat hy nie gronde gevind het "om te beweer dat die geloof in die voorouers vinniger as die geloof in towery in die sekularisasie= prosesse van die stad afgetakel word nie ... dat daar onwillekeurig die vraag ontstaan of daar nie 'n integrale verband tussen die twee is nie. By die tradisionele praktisyn sowel as by die meeste Sioniste= profete ... het dit trouens geblyk dat die geloof in die voorouergeeste baie aktief saamwerk met die geloof aan die magiese praktyke. Dit is

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

vir die Bantoedokter ondenkbaar dat hy kan praktiseer sonder die goeie skakeling met sy voorouergeeste" (Deel 3,1973:107). Ons kan Möller se stellingname oordra na die separatisme van ons A- en Z-bewegings. Ons sou selfs verder kon gaan en beweer dat ons bewys=las aangevoer het dat die geloof in die voorouergeeste en in towery nie slegs tot A en Z beperk is nie. Leiersfigure soos Matita en McCamel het verbintenisse na die kant van die S en E en tog kon ons aantoon hoedat Matita in sy beweging die badimo huisves terwyl McCamel veral met sy "water"-bediening die magiese propageer.

Dit is baie duidelik dat die separatisme en insonderheid die A-en Z-groeperinge nog in 'n toestand van anomie verkeer en 'n toestand van eunomie (1.1) nog nie in sig is nie. Leerstellig sou ons kon rede=neer dat die worsteling om Kerk te wees weliswaar soos dit wêreldwyd die geval is, gaan oor die sola gratia (deur geloof alleen). In die separatisme onder die Sotho van die RSA word hierdie worsteling fel belig deur die impak van die badimo en die magiese. Vanuit die Volke=kunde betrag, is dit duidelik dat ons met die separatisme in akkultu=ratiewe bestel te make het.

4.9 SLOT

(1) Die taak om soos Mühlmann versoek (1.1) omvattende werklikheids=beskrywing te doen, is na vermoë uitgevoer in hoofstukke 2 en 3.

Waar Mühlmann onder meer aandui dat van die bewegings vreedsaam mag begin en later tot geweld kan oorslaan, het laasgenoemde neiging in ons ondersoekbestel geen noemenswaardige rol gespeel nie. Die soge=naamde "Ethiopian Movement" met sy opruiende antiblanke tendens, het sy sielkundige motivering verloor. Ons bevinding stem in hierdie opsig saam met die van Pauw waar hy die separatistebewegings in Taung aandui as "less consciously concerned with the interracial situation." Daar is nie eers "particular enthusiasm for a broad Bantu nationalism" nie. Hier is dus aksentverskil volgens ons eie en ook die insig van Pauw teenoor wat Sundkler bevind het (Pauw 1960:231-2). Weliswaar het ons in Verslag 1973 twee bewegings beskrywe wat in hulle vroeë geskiedenis wel "politiek" op die spits gedryf het. Die eerste is die Alikoli

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Church New Jerusalem of Africa. Die stigter het veral oor die jare 1923 en 1924 in die Lydenburgse gebied opruiend opgetree en het tronkstraf in Pretoria uitgedien. Tydens ons veldwerk was dit byna 'n uitgestorwe beweginkie (Verslag 1973:919-30). Die tweede is die United National Church in Africa. Die UNC was in sy ontstaan ge= inspireer deur politieke strominge in die African National Congress. Die UNC sou dan die ideaal van 'n "nasionale" kerk vir die "African" in Afrika nastrewe en die "onafhanklike kerke" verenig (Verslag 1973: 633-48). Ook van die UNC en sy strewe het min tereg gekom. Hieruit wil ons nie betoog dat subversiewe optrede vanuit die separatisme in die toekoms uitgesluit is nie. In die lig van ons ondersoek moet 'n mens egter die onverbondenheid van separatistegroepe en militante organisasies duidelik aandui.

(2) Die vraag of die separatisme se oorsake en vergestalting vanuit 'n akkulturatiewe bestel verklaar kan word, kan ten slotte positief beantwoord word. In 1.1 het ons akkulturasie as verskynsel in be= rekening gebring. Daar is tot die slotsom geraak dat daar tans al= gemeen aanvaar word dat akkulturatiewe kontak soos by die oorname van die Westerse kultuur deur nog veelal primigene of gebonde etnieë 'n komplekse steurbestel veroorsaak. Die verwarring hou in: besondere gistingspotensiaal en groot botsingsmoontlikhede en loop uiteindelik in die rigting van die herstel van ewewig. In hulle grype om ewewig te herwin en omdat persoonlikhede en groepe nie op gelyke wyse met die Westerse kontak het nie, geskied die uitoefening van keuse-vryheid in baie gevalle sonder die nodige konformiteit binne eie gesins-en groepsverband. Die botsing duur baie lank sodat wisselende wyses van kontak en ewewigvorming aan die orde is.

Hierdie karakterisering klop met ons ingewonne gegewens soos hoofsaak= lik deur veldwerk verkry is. Verder is dit duidelik dat Blankes in verreweg die meerderheid bewegings nie meer direkte inspraak het nie. Die gisting en botsing geskied dus op stuk van sake binne die sfeer van die separatisme self of binne - soos hulle tans gewoonlik genoem word - die "Onafhanklike Swart Kerke". Telkens is daarom ook onderken dat swart leierspersoonlikhede onderling in 'n magstryd geraak, groepe agter hulle monster, en skeurbewegings lei.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In 1.3.2.2 het ons belowe om meer bepaald terug te kom op Sundkler se stellingname, soos vervat in sy werk: Bantu Prophets in South Africa, naamlik dat die essensiële oorsaak van die ontstaan van die separatistegroepe die geskeidenheid is wat in Staat en Kerk in die RSA gehandhaaf word.

Sover ons weet was prof dr A van Schalkwyk die eerste wat 'n volwaar=dige resensie oor die boek van Sundkler geskryf het in Op die Horison (1949, Jg 11, no 4:153-55). Ons is nie van plan om oor die hele veld te gaan wat Van Schalkwyk dek nie. Daar is egter drie punte wat ons daaruit wil aanteken. In die eerste plek dat die beskrywende deel hoofstukke 5, 6 en 7 werklik baie waardevolle gegewens bevat. Tweedens, die gevolgtrekking van Sundkler naamlik: "The syncretistic sect be=comes the bridge over which the Africans are brought back to heathenism", is in die woorde van Van Schalkwyk "iets wat ons almal al lankal meer aangevoel het as wat ons dit kon begryp of bewys het. Sundkler het dit egter onweerlegbaar vasgestel en sy gevolgtrekking moet 'n duidelike wek=roep wees vir die Sending ...." Derdens, dat hierdie boek ook sy swak deel het. Dwarsdeur die werk word probeer om oorsake vir die ontstaan van separatisme aan te dui. Met verwysing na Sundkler (1948:17) skrywe van Schalkwyk: "Veral is dit duidelik dat Sundkler dit het teen die 'Colour bar ... between White and Black in Church and State'". Die resensent betoog dat Sundkler ook ander oorsake feitelik in sy werk noem, maar nie in staat is om hulle self te sien as die werklike oor=sake nie. Van Schalkwyk stel dit dan: "Na ons mening moes hy hierdie saak (die separatisme) benader het as 'n tipiese volkekundige verskynsel wat hom ook in ander dele van die wêreld voorgedoen het waar botsing tussen twee kulture plaasgevind het. Indien Sundkler bewus is van wat gedoen is veral deur Amerikaanse volkekundiges, laat hy daar egter niks van merk in hierdie werk nie. Ek verwys slegs na werke van Spier, Gayton, Nash, Chinnery, Lesser en Williams wat soorgelyke herlewings in die tradisionele godsdiens ('nativistic cults') in ander dele van die wêreld beskrywe - en hier was die oorsaak beslis nie 'n kleurskeids=lyn nie, .... Indien Sundkler die duidelike verband tussen sy eie gegewens en dié van die navorsers gesien het, sou hy die separatisme herken het as 'n tipiese 'kontra-akkulturasie'-verskynsel .... Dit is duidelik die verlange na die goeie ou dae van die Zoeloeryk en daardie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

kultuur herlewe nou in 'n nuwe gedaante" (p155).

In hoë mate gaan ons akkoord met Van Schalkwyk. Oor die "brug"-stelling van Sundkler en Van Schalkwyk se instemming - al is dit dan ook by implikasie - dat 'n gelowige tog na die heidendom kan terugval, het ons reeds in 1.3.2.2 gesuggereer dat Sundkler ook sy Luthersdogmatiese posisie bewustelik of onbewustelik laat meespreek. Dit val buite ons bestek om onder ander die Gereformeerde standpunt teenoor die Lutherse te stel rakende die Volharding van die Heiliges (Perseverance of the Saints). Wie wil dit op hom neem om te beweer dat daar geen wedergeborenes binne die separatistebestel aangetref word nie?

Met betrekking tot Van Schalkwyk en sy toespitsing op "kontra-akkul=turasie", meen ons dat dit raadsaam is om te hou by die term akkultu=rasie alleen. Daarom skaar ons ons nader aan Kellermann (1964) wat sy proefskrif betitel: Profetisme in akkulturasie perspektief. Hy stel dit aan die begin van sy gevolgtrekkings: " ... Bantoeprofetisme is inderdaad 'n komplekse verskynsel met 'n verskeidenheid van fasette en aksente, terwyl diverse oorsaaklike faktore daarmee in verband staan" (1964:246). Profetiese bewegings is volgens hom "akkulturasie fenomena, en moet as sodanig noodwendig in hierdie perspektief gesien word. Eers wanneer die omvangryke en gevarieerde impak van die Christendom en Wes=terse Kultuur, tesame met al die praktiese implikasies daarvan in kon=siderasie geneem word, word dit moontlik om tot een of ander mate wetenskaplike gevolgtrekkings en veralgemenings ten aansien van Bantoe=profetiese bewegings, te maak." In die kader daarvan formuleer hy dan 'n aantal konklusies van beperkte reikwydte, "die omvattende totaliteit waarvan - betreklik gesproke - die resultaat van die onderhawige onder=soek konstitueer" (a.w. 1964:246). Uiteindelik kry ons gevolgtrekking no 8: "Samevattend kan dus gekonkludeer word dat die profetiese be=wegings onder die Suid-Afrikaanse Bantoe nie primêr 'n eschatologiese ontvlugting van die werklikheid is nie, ... maar in die eerste plaas 'n realistiese sosio-kulturele poging van die kant van die Bantoe, om vanuit hul tradisionele kultuurpatroon die impakt van die Christelike Godsdiens en die Westerse Kultuur te verwerk. Sekondêr en ineenge=weefd met die voorafgaande hou dit ook verband met diverse ander rele=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vante faktore, wat wissel van belangebotsing en ander vorme van etnies-kulturele konflik, tot 'n egoïstiese najaging van persoonlike prestige by somme (aspirant) Bantoeleiers" (1964:252).

Kellermann stem in beginsel saam met Van Schalkwyk in sy bo-aange= duide kritiek op Sundkler. Hy weerlê uiteraard meer uitvoerig en vanuit 'n omvattende stellingname naamlik die akkulturatiewe impak in die algemeen. Ook voer hy bewysmateriaal aan uit die historiese verloop van die kerstening in die RSA (onder meer in 1964:106).

Met verwysing na Hanekom (1975) in afdeling 1.3.2.4 is dit aanbe= velingswaardig dat hy as volkekundige oor die separatisme skryf en wel met 'n etnografiese verkenning van een van die besondere bewegings in die RSA as voorbeeld. Hy is een van die skrywers wat tot op datum nog die beste daarin geslaag het om die - soos hy dit stel - "geestelike en ideologiese infrastruktuur" te omskrywe. In hoë mate kan ons op grond van ons beskrywinge saamstem met Hanekom dat die verskynsel "sowel 'n bewustelike as onbewustelike reaksie teen die geestelik-kul= turele verowering deur sendingkerke waaraan die Swartman onderworpe was" vertoon. Maar terselfdertyd sou dui "op pogings om die Christelike boodskap binne 'n inheemse idioom te verwerk ten einde aanpassing by die veranderde lewenspatroon moontlik te maak." Waar hy egter byvoeg: "Dit hou verder verband met 'n gevoel van ontevredenheid met 'n bestaande polities-maatskaplike bestel", het ons deur talle voorbeelde bewys gelewer dat onderlinge magstryd en versplintering juis daar die botoon voer waar Blankes geen inspraak meer het nie. Ons sou dus wel akkoord kon gaan met Hanekom: "Akkulturasie is nie die oorsaak van 'n krisis-kultus nie, maar slegs die kulturele situasie ...." (1975:114). Die besondere kulturele situasie binne die wêreld van die separatisme in ons studiebestel was bepaald een waarin "die diepste dieptes van die menslike persoonlikheid" aangetas is "en sowel hom as die gemeenskap waaraan hy behoort, in 'n staat van onewewigtigheid" (Coertze 1968:33) gedompel het. 'n Eunomiese orde of toestand van normgetroue ordelikheid is nog nie in sig nie. Hierdie feit van verwarring en onewewigtigheid word ook deur die volgende feitereekse beklemtoon.

(a) 'n Neiging wat veral uit ons statistiese benadering en sy aanskou=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


like verwerking na vore tree, is dat die separatisme gedy waar etniese heterogeniteit en snelle verwestersing aan die orde is. Veral Figuur II, V en VI dui daarop. Waar Figuur II op die 1951-Sensusgegewens slaan en Figuur VI, die 1980-gegewens ten grondslag het, bemerk ons dat hoë separatistefrekwensie neig om saam te val met oorvleuelingsgebiede van verskillende etniese verbande. In 2.9.1-3 het ons uitvoerig hieroor gehandel en tot die volgende slotsom geraak: "Naas kleiner fokuspunte is dit duidelik dat die fokuspunt vir die separatisme onder die Sotho vanaf 1951 tot 1980 die Transvaalse Hoëveld vanaf Volksrust tot by die Witwatersrand gebly het."

(b) Veel belangriker as die statistiese frekwensie in sy verspreidings=patroon, is egter die wesensverkenning van die separatisme. Ons kern=bevinding kom daarop neer dat die separatisme 'n verbandlegging tussen twee wêrelde naamlik die Christelike en die betrokke tradisionele probeer daarstel. Uiteraard het die religieuse voorrang in ons ondersoek geniet.

Met talle voorbeelde het ons aangetoon hoe die meeste Z- en A-voorbeelde van die menigvuldige bewegings bewustelik of onbewustelik swaargewig toeken aan die geloof in die voorouers (badimo) en die onpersoonlike super=naturalisme of towergeloof binne die korpus van hulle onderskeie groep=vorming.

Hierdie sentrale bevinding tref ons des te meer omdat die menigvuldige bewegings hulle daarop beroem dat hulle Kérk is. Met verwysing na hoofstuk 3 waar ses bewegings beskrywe word, is dit 'n vraag of sekere bewegings nie eerder 'n besondere religieus-sosiale groepering as 'n kerk is nie. 'n Dergelike stellingname sou veral die ZCC (3.6) geld. In ZCC-kringe was daar selfs beweringe dat die ZCC nie van 'n denominasie gesepareer het nie maar 'n spontane ontwikkeling is. So gesien, sou 'n mens kon redeneer dat die ZCC dan sou gegroei het uit die tradisionele kultuurbodem. Nou val dit op dat die ZCC oordrewe persoonsgerig is; dat die groepvorming veral om 'n charismatiese leier plaasvind en dat die beweging in hoë mate die badimo en die magiese benut. In hierdie lig, sou 'n saak uitgemaak kon word dat die ZCC in die onderhawige ak=kulturatiewe bestel eklekties uit die kerk ontleen maar op die keper beskou uit die tradisionele kultuur met sy omvattende religie, lewe.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die Sendingwetenskap en selfs in die Volkekunde het die term sinkretisme eintlik al die betekenis van religieuse kontaminasie. Kerstening in die RSA het hoofsaaklik gegaan oor die indra van die Kerk onder die swart bevolking. Dit het daartoe aanleiding gegee dat sinkretisme veral gebruik is waar die Evangelie en die tradisionele religie van swart etnieë soos die Sotho ineengestrengel sou geraak het. In die onderhawige studie skyn dit of die term sinkretisme nie juis wil klop met ons bevindinge nie. Ons gegewens dui daarop dat by hoë uitsondering daar vanuit 'n leerstellige of kerklik-dogmatiese gesigshoek by die bewegings 'n gewetenstweespalt onderken is. Eintlik sou ons nie eers kon praat van 'n beduidende skisofreniese slingering binne die separatisme nie. Die naaste wat ons aan 'n oplossing kom, is om die begrip dubbeldorigheid voor te stel. Maar selfs dan doen ons af aan die simbiotiese interafhanklikheid wat die separatisme wil bewerkstellig tussen die tradisionele religie en die Christelike Geloof.

Die vraag of daar van 'n gevarieerde boog eerder as vaste kategorieë by die indeling van separatistegroepe sprake is, moet ook positief beantwoord word.

Ons herinner aan die reeds baie bekende indeling van Sundkler, naamlik "Ethiopian" en "Zionist". In die tweede uitgawe van sy werk het hy 'n derde kategorie bygevoeg, te wete "Messianic" (1961:315,323).

Die Ensiklopedie van die Wêreld onderskei drie fases in die Suider-Afrikaanse separatisme, te wete, die Ethiopiese, die Sabbataries-Baptistegroep en die Sioniste. Hierdie fases sou nie slegs opeenvol=gend wees nie maar 'n drietal gestaltes vertoon (1977:20-21 - verge=lyk ook 1.1). Die indeling van Turner soos weergegee in 1.3.2 uit Hayward (1963):12) het weliswaar betrekking op Afrika in die breë, maar toon tog aan dat daar steeds geëksperimenteer word met afbakening. Die neiging om verskillende kategorieë te onderskei is dus 'n bekende ondersoekpatroon.

In die onderhawige studie het ons telkens na 'n besondere separatiste=spektrum verwys. Ten einde egter skakeringe oor die spektrum ietwat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


in te kleur, is 'n gewaagde, kunsmatige vierdeling aan die hand ge= doen naamlik S, E, A en Z. S = Separatiste, E = Ethiopies, A = Apostolies en Z = Sionisties. Daar is 'n uiteensetting van hierdie begrippe aan die begin van afdeling 4.2.4. Hierdie vierdeling het ons tog gehelp om byvoorbeeld aan te dui dat daar in ons statis= tiese benadering 'n betekenisvolle persentuele verskil bestaan tussen stadsgebied en stadsgebied. Ons verwys na 2.9.4 - Tabel 18a, waar ons 'n saamgetrokke beeld kry van die verskille tussen Ga-Rankuwa, Bloemfontein, Thabong en Soweto. Alhoewel die resultaat nie reken= kundig eksakt is nie, het hierdie vierdeling tog uitgewys dat tipes separatisme nie orals dieselfde vrugbare teelaarde het nie. Met meerdere insig is die oortuiging mettertyd gesterk dat daar veel eerder van 'n spektrum as van kategorieë sprake is. Die verskillende separatistegroepe wil maar nie presies in 'n kategorie val nie.

Ter stawing sien ons hoe die Bantu Reformed Church wat by uitstek as S-tipe bestempel is, die nooddoop ingevoer het (Verslag 1973:694). In 2.9.4.2 teken ons op hoe 'n oud-evangelis in Ga-Rankuwa begrawe word met 'n nat beesvel om die kis gedrapeer. By navraag is bevind dat daar 'n verbintenis is tussen die vel en die badimo. Geloof in en diens aan die badimo is egter 'n komponent wat eie is aan die tradi= sionele religie en wat ons by die linkse vleuel van die spektrum ver= wag. Die Bantu Reformed Church wat ons saam met die African Church (3.1) en die Lutheran Bapedi Church (3.2) onder S huisves, vertoon dus per geleentheid kontaminasie uit die tradisionele religie. Met ander woorde die BRC is nie suiwer S nie maar inkorporeer soms 'n wesenlike element uit die Z-tipering.

Die Lord's New Church in Wintersveld (2.10.4.3) word onder E ingedeel. Die tersaaklike gegewens dui egter daarop dat oor die omskrewe veld heen hierdie beweging op leerstellige gebied nie 'n hegte eenheid ver= toon nie.

Op die keper beskou, is daar spanning tussen die Brandergroep en die Swedenborggroep binne dié een beweging. Om die posisie beter te begryp, is die volgende uitweiding nodig. Mokone skeur van die Meto= diste Kerk in 1892. Hy is 'n leraar. Sy nuwe stigting kry die naam

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ethiopian Church. Hierdie afskeiding sou mede die sogenaamde Ethiopiese Beweging inlui. Onder Mokone se kollegas in daardie vroeë stadium was ook S J Brander wat 'n leidende rol in daardie kringe sou speel (vgl Sundkler 1961:38-39). Brander stig sy eie beweging en noem dit die Ethiopian Catholic Church in Zion. In volgorde verwissel hy sy aanhorigheid van Metodiste Kerk na Church of the Province. Saam met geesgenote van die Ethiopiese Beweging sluit hy by die African Methodist Episcopal Church aan totdat hy sy eie beweging in 1904 stig (vgl Pauw 1960:52). Wat egter vir ons onderhawige redenering van belang is, is dat "Catholic" nie "Rooms-Katoliek" beteken nie, maar eerder "Anglikaans" (Sundkler 1961:181). Dís dan nou die Branderkomponent wat geïnkorporeer of geamalgameer word met die Swedenborgiaanse Lord's New Church wat beter bekend is onder die naam New Church Mission. Sundkler voer hierdie voorbeeld van vereniging aan as interessant "chiefly because it shows that in a major crisis the supposedly theological traditions of a Separate Church are cast aside in favour of some solid realities" (a.w. 1961:306). Ons gaan nie verder op Sundkler se "major crisis" in nie. Kompromië is bepaald aangegaan toe Brander en die Swedenborgiane begin saamspan het. Ons veldwerk dui nie aan dat daar juis omvattende druk van buite was nie. Maar wat wel gedurende ons ondersoek aan die lig gekom het, is dat die Branderseksie al meer en meer oortuig geraak het van die onhoudbare koppeling vanuit 'n teologiese gesigspunt beskou. Die kerngeskil kan herlei word tot die Swedenborgiaanse inset wat die Branderseksie as 'n bedreiging vir die kerk beskou. Die Swedenborgiane is Unitaries en dring gevolglik daarop aan dat by die doop die Triniteit of Drie-eenheid van God nie bely word nie. Tweedens dring die Swedenborgseksie daarop aan dat naas die Bybel ook die openbaringe van Swedenborg soos vervat in die sogenaamde Arcana sy plek sal inneem. In die praktyk is daar tekens van nog groter verskil. Ons veldwerker in Lesotho beskrywe hoe daar 'n Swedenborgiaanse kerkie met drie preekstoele besigtig is. Op een preekstoel word uit die Bybel gepreek, op die tweede uit Swedenborg se boek en op die derde is daar geen begronding nie aangesien die prediker sy eie versinsels ten beste aanbied.

Ons het reeds onder die leerstellige aspek betoog dat die teologiese

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

verskille per se nie swaargewig dra in die menigvuldige bewegings nie. Ons klemplasing met die Swedenborg-Branderbeweging as voor= beeld is egter dat in die onderhawige geval ons hier 'n uitsondering het waar die Brandergroep, met historiese verbintenisse aan kerke, teo= logies beswaard voel omdat die Swedenborgiane teologies te ver afwyk. In terme van ons spektrum, sou ons binne die korpus van die betrokke inkorporasie die Branderseksie op E kon plaas maar dat die uiterste vleuel van hierdie beweging 'n posisie baie ver links op die spektrum inneem. Waar in Swedenborg se openbaring geglo word, is ons inderdaad in terme van die tradisionele religie op die periferie van Z.

Ander voorbeelde vind ons met die lewenskragtige separatisme uit die AGS as die kettingreaksie ná die Le Roux-onttrekking in 1915. Chris= tina Nku se beweging is enersyds Bybelsfundamenteel maar andersyds speel die magiese waterkompleks 'n belangrike rol (Verslag 1973:833,847). Net so ook die beweging van Elias Ramoipone soos volledig beskryf in 3.4. Hier vind ons dus posisies binne ons A-verdeling met belangrike skake= ling na die Z-kategorie.

As laaste voorbeeld herinner ons aan die "Healing Institute" van McCamel. Hy is nog lid van die AME Kerk wat histories as kérk in die RSA kom sendingwerk doen het. 'n Mens sou 'n S-kategorie wil aandui. In daardie sin eintlik buite die spektrum en regs van S; maar op sy minste uit die gesigshoek van die separatisme is die AME Ethiopies (dus E). McCamel word ook in die Swart Pers in een asem met Bhengu genoem, wat in die Apostoliese ("Assemblies") dampkring beweeg (daar is dus A-skakeling). Ons het egter uitvoerig aangetoon dat McCamel sy "water"-pretensie as geloofwaardig aan baie verkoop het. Die skakeling is dus in sy geval S, E, A en Z omdat die magiese element eie aan die Z-kategorie is. Dit is dus duidelik dat Sundkler se aanvanklike tweedeling te wete Ethiopian en Zionist, en sy latere byvoeging van Messianic, verhelderend inwerk op die verskynsel Separatisme. Dog selfs sy driedeling kan nie volledig deurgetrek word nie. McCamel demonstreer sy messiaanse aanspraak wel op mees blatante wyse, maar dié trek is ook in mindere of meerdere mate by 'n paar ander bewegings onderken.

In die breë gesien, meen ons dat op grond van ons verkreë informasie,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dit raadsaam is om in terme van skakeringe eerder as kategorieë te dink. Dit klop ook beter met akkulturasie as verskynsel. Coertze toon tereg aan dat grootskaalse aanname van vreemde kultuurgoedere ongelykvormigheid "in die doen en late van mense binne dieselfde etnos" (1980:105) in die hand kan werk. Toegepas op die separatisme bring dit mee dat individue en groepe in verskillende grade die oorname al dan nie van die "nuwe religie" belewe. En saam met kerstening is daar ook samehangende kultuurfigure wat oorgeneem of verwerp word. Die er=kenning van skakeringe pas dus beter by die beskrywing van die menig=vuldige separatistegroepe betrokke by die sametreffing van kulture en wel oor 'n bepaalde tydperk of in 'n bepaalde situasie.

Weer eens - uit die skakeringsgedagte gesien - kom ons onder die besef dat die separatisme onder die Sotho binne die omskrewe studieveld, onder omvattende druk verkeer vanuit die tradisionele religie. Uit 'n neutraal volkekundige gesigshoek betrag, bly dit 'n ope vraag of die separatisme dan 'n verinheemsing van die kerk is of dalk 'n brug vorm terug na die tradisionele religie wat skering en inslag was van die tradisionele kultuur.

Ons aanvangshipotese is dus korrek bewys: Die separtisme is 'n komplekse verskynsel. Sy kompleksiteit bemoeilik definisie. Dit vertoon ooreen=koms met die sektarisme maar is ook 'n skakeringsryke poging tot harmonie=soeking in akkulturatiewe bestel tussen die tradisionele religie en die Christelike Geloof.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# VERWYSINGS EN BEKNOPTE BIBLIOGRAFIE


Adam, L und Trimborn, H 1958 Lehrbuch der Völkerkunde. 3te Ausgabe. Stuttgart; Enkel.

Andersson, E 1958 Messianic Popular Movements in the Lower Congo. London; Paul.

Ashton, H 1952 The Basuto. London; Oxford Univ. Press.

Asmus, G 1939 Die Zulu. Essen; Essener Verlagsanstalt.

Baëta, C G 1962 Prophetism in Ghana. A Study of the "Spiritual" Churches. London; SCM.

BaNtu 1964 Bantukerk koop grond vir dorpsontwikkeling. Desember.

Bavinck, H 1913 Handleiding bij het onderwijs in den Christelijken Godsdienst. Kampen; Kok.

do 1930 Gereformeerde Dogmatiek (4 vols) 4e druk. Kampen; Kok.

do 1931 Magnalia Dei. 2e druk. Kampen; Kok.

Bavinck, J H 1949 Religieus Besef en Christelijk Geloof. Kampen; Kok.

do 1954 Inleiding in de Zendingswetenschap. Kampen; Kok.

Beals, R L 1951 Urbanism, Urbanization and Acculturation. Am. Anthr. vol. 53, no. 1, pp1-10.

Beals, R L and Hoijer, H 1966 An Introduction to Anthropology. 3rd ed. London; Collier-Macmillan.

Beals, A R (ed.)/ Spindler, G and L (co-eds.) 1973 Culture in Process. 2nd ed. New York; Holt, Rinehart & Winston.

Bleeker, C J (red.) 1955/56 De Godsdiensten der Wereld. (2 vols.) 3e bijgewerkte en vernieuwde druk. Amsterdam; Meulenhoff.

Benedict, R 1971 Patterns of Culture. 5th ed. London; Routledge & Paul.

Benso 1980 Buro vir Ekonomiese Navorsing: Samewerking en Ontwikkeling.

Berglund, A-I 1965 The worship of Ancestors as a problem in the Church. Credo vol. 12, no. 1, pp8-21.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




| | | |
|---|---|---|
| Berglund, A-I | 1976 | Zulu Thought-Patterns and Symbolism. Cape Town; Philip. |
| Beyerhaus, P | 1961 | What is our answer to the Sects? Ministry vol. 1, no. 4, pp4-12. |
| Bidney, D | 1953 | Theoretical Anthropology. New York; Columbia Univ. Press. |
| Bock, P K | 1968 | Cultural Anthropology. An Introduction. New York; Knopf. |
| Boersema, N | 1984 | Die aard en die betekenis van die malopo=kultus by die Kgaga van Maake. - Verslag S-124. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskap=like Navorsing (RGN). |
| Boerwinkel, F | 1953 | Kerk en Sekte. 's-Gravenhage: Boekencen=trum. |
| Bona | 1964 | Dikoloi tse mpsha bobedi - R21 000 - ya Z.C.C. - March. |
| do | 1964 | Ditirafalo tsa Paseka kwa Moria. - May. |
| do | 1965 | Ditabakgolo tsa kgwedi e .... - June. |
| Book of Common Prayer | (see Maxwell, W D) | |
| Boshoff, C W H | 1968 | Kerk en Sending onder die Bantoe van Suid-Afrika in 'n Eeu van Sekularisasie en Sekularisme. Doktorale proefskrif, Univ. van Pretoria. |
| Brandel-Syrier, M | 1962 | Black Women in search of God. London; Lutterworth. |
| Breutz, P-L | 1953 | The tribes of Rustenburg and Pilanesberg Districts. Ethnological Publications no. 28. Pretoria; Govt. Printer. |
| do | 1953 | The tribes of Marico District. Ethnological Publications no 30. Pretoria; Govt. Printer. |
| do | 1954 | Die stamme van die distrik Ventersdorp. Etnologiese Reeks no. 31. Pretoria; Staats=drukker. |
| do | 1957 | Die stamme van die distrikte Lichtenburg en Delareyville. Etnologiese Reeks no. 37. Pretoria; Staatsdrukker. |
| do | 1963 | The tribes of the Districts of Kuruman and Postmasburg. Ethnological Publications no. 49. Pretoria; Govt. Printer. |
| Bruwer, J P | 1957 | Die Bantoe van Suid-Afrika. hersiene uitg. Johannesburg; Afrikaanse Pers. |


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bruwer, J P s.j. Die Storie van Basoetoland. Kinders van die Wêreld vol. 7, pp183-93. Kaapstad; Albertyn.

Bryant, A T 1929 Olden Times in Zululand and Natal. London; Longmans, Green.

Callaway, C 1870 The Religious System of the Amazulu. London; Trübner.

Casalis, E 1861 The Basutos or Twenty Three Years in South Africa. Facsimile Reprint 1965. Cape Town - Africana Collecteana Series vol. 12.

Coertze, P J 1958 Ras en Kultuur. Hertzog-Annale, jg. 7, no. 11, pp43-57.

do 1968 Akkulturasie. Cronjé, G (red.) Kultuur= beïnvloeding tussen Blankes en Bantoe in S.A. pp1-34. Pretoria; Van Schaik.

do (red.) 1973 Inleiding tot die Algemene Volkekunde. 3e uitg. 1e druk. Johannesburg; Voortrekkerpers.

do 1980 Die filosofiese en metodologiese grondslae van die volkekunde. Johannesburg; Lex Patria.

Coertze, R D 1968 Geleide akkulturasie. Cronjé, G (red.) Kultuurbeïnvloeding tussen Blankes en Bantoe in S.A. pp35-59. Pretoria; Van Schaik.

do 1972 Godsdiens in Atteridgeville. Eloff, J F en Coertze, R D (reds.) Etnografiese studies in suidelike Afrika. Pretoria; Van Schaik. pp335-72.

do 1974 Volkekunde en Ontwikkeling. (Professorale intreerede). Universiteit van Pretoria: Publikasies, Nuwe Reeks no. 81).

Coetzee, J H 1969 Kommunikasie en die tradisionele religie van die Bantoe. Sodat hulle kan verstaan. Kommunikasie as sendingprobleem. Lux Mundi 2. Potchefstroom; Potchefstroom Herald. pp11-37.

Confessio Belgica/Nederlandse Geloofsbelydenis - Afr. teks in De Villiers/ Zeeman/Viljoen: Leer uit die Woord 5. 7e oplaag 1978. Bloemfontein; NG Sendingpers.

Crafford, D 1982 Aan God die Dank. Geskiedenis van die sending van die Ned. Geref. Kerk binne die Republiek van Suid-Afrika en enkele aangrensende Buur= state. (vol. 1). Pretoria; NG Kerkboekhandel, Transvaal.

Cronjé, J M 1959 Die Selfstandigwording van die Bantoekerk. Met spesiale verwysing na die Nederduitse Gerefor=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



meerde Sendingkerk in Noord-Rhodesië. Doktorale proefskrif. Univ. van die Oranje-Vrystaat.

Cronjé, J M 1981 Aan God die Dank. Geskiedenis van die Sending van die Ned. Geref. Kerk buite die Republiek van Suid-Afrika. (vol. 2). Pretoria; NG Kerkboekhandel Transvaal.

Damane, M 1963 Histori ea Lesotho. Morija; Moria Print=ing Press.

Drum 1954 Mr. Drum visits ... "Zion Christian Church". July.

1956 No room for half-a-million Christians. February.

Du Plessis, J 1911 A History of Christian Missions in South Africa. London; Longmans.

do 1920 Het Leven van Andrew Murray. Kampen; Kok.

Du Plessis, J C 1939 Die oorsake van Separatisme. Op die Horison. vol. 1, no. 1, pp39-42; vol. 1, no. 2, pp56-60.

Du Plessis, W J J 1966 Ga-Rankuwa, motse o motjha. Die Ligstraal. Jrg. 23,no. 2,15 April,pp1,16.

Du Toit, H D A 1967 Die Kerstening van die Bantoe. Pretoria; NG Kerkboekhandel.

do 1970 Vyf Godsdienste van die Wêreld. Pretoria; NG Kerkboekhandel.

Dijk, K s.j. Korte Dogmatiek. (Boeketreeks no. 76-77). Kampen; Kok.

Eiselen, W W M 1934 Christianity and the religious life of the Bantu. Schapera, I (ed.). Western Civiliza=tion and the Natives of South Africa. pp263-81.

do 1968 Culture. J. of Racial Affairs. vol. 19, no. 2 pp12-24.

Ellenberger, D F and MacGregor 1943 History of the Basuto. Ancient and Modern. London; Caxton.

Ellenberger, V 1938 A Century of Mission Work in Basutoland (1833-1933) (Transl. from the French by E.M. Ellenberger). Morija; Morija Printing Press.

Ensiklopedie van die Wêreld. 1970 Vol. 9. Stellenbosch; Albertyn.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


| | | |
|---|---|---|
| Erasmus, O C O | 1970 | Die Godsdienstige Begrip en die Uitlewing in 'n Tswanagemeenskap. Doktorale proef=skrif. Univ. van Potchefstroom vir C.H.O. |
| Evans, I L | 1934 | Native Policy in Southern Africa. An Out=line. London; Cambridge Univ. Press. |
| Fourie, H C M | 1921 | Amandebele van Fene-Mahlangu en hun re=ligieus-sociaal leven. Doktorale proef=skrif. Rijksuniv. te Utrecht. |
| Frazer, J G | 1963 | The Golden Bough. A study of Magic and Religion. (Abridged ed. in one volume - original 1910 passim) London; Macmillan. |
| Gerdener, G B A | 1922 | Die Ursachen der Sektiererei im Reformations=zeitalter. Doktorale proefskrif. Eberhard Karls-Universität zu Tübingen. |
| Gibb, C A | 1959 | Leadership. Lindzey, G ed. Handbook of Social Psychology. 3rd Printing, vol. 2. |
| Grace | | La amogetswe ka kgotso motseng wa Moria! You're peacefully welcome at Moria City! 1965, May. |
| Greenslade, S L | 1953 | Schism in the Early Church. London; SCM Press. |
| Grosheide, F W (red.) | 1934 | Korte Christelijke Encyclopaedie. Kampen; Kok. |
| Hanekom, C | 1972 | Aspekte van die religieuse organisasie van die Mamabolo. Eloff, J F en Coertze, R D (red.) Etnografiese studies in Suidelike Afrika. Pretoria; Van Schaik. pp96-145. |
| do | 1975 | Krisis en Kultus. Geloofsopvattinge en seremonies binne 'n Swart kerk. Kaapstad; Academica. |
| Hayward, V E W | 1963 | African Independent Church Movements (Research Pamphlets no. 11). Edinburgh; Edinburgh House Press (for World Council of Churches). |
| Hellmann, E (ed.) | 1949 | Handbook on Race Relations in Southern Africa. London; Oxford Univ. Press. |
| Herskovits, M J | 1949b | Man and his Works. 3rd Printing. New York; Knopf. |
| do | 1958 | Acculturation. The study of Culture Contact (original edit. 1938). Gloucester (Massachu=setts); Smith. |
| do | 1967 | Cultural Dynamics. 3rd Printing. New York; Knopf. |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Hosanna 1966 Hosanna. Difela tsa N.G. Kerk in Afrika. 1ste oplaag (Suid-Sotho) Bloemfontein; NG Sendingpers.

Hutten, K 1957 Geloof en Sekte. (Vertaling deur J J Poort - oorspronklik: Die Glaubenswelt des Sektierers ....) Franeker; Wever.

Junod, H A 1927 The Life of a South African Tribe. 2 vols. 2nd ed. London; Macmillan.

Kamma, F C 1955 Die Messiaanse Koréri-bewegingen in het Biaks-Nomfoorse cultuurgebied. Den Haag; Voorhoeve.

Keet, B B 1945 Ons Redelike Godsdiens. Stellenbosch; CSV van SA.

Kellermann, A G 1964 Profetisme in Suid-Afrika in Akkulturasie Perspektief. Doktorale proefskrif. Rijks=univ. te Utrecht.

Die Kerkbode Die Zion Christian Church: beweging vol teenstrydighede. 24 Maart 1982.

Kidd, D 1925 The Essential Kafir. 2nd ed. London; Black.

Knap, J J 1915 De Kerk (Dogmatische Fragmenten, 1ste Reeks) Kampen; Kok.

Knoob, W J 1961a Ethnologische Aspekten derreligiösen Bewegungen in südlichen Afrika. Mühlmann, W E (Red.) Chiliasmus und Nativismus.

Kittel, G (red.) 1949 e.v. Theologischen Wörterbuch zum Neuen Testament. (TWNT) 10 vols. Stuttgart; Kohlhammer.

Kluckhohn, C & Murray, H A (with collaboration of Schneider, D M) 1969 Personality in Nature and Society. 2nd ed. New York; Knopf.

Kohler, M 1941 The Izangoma Diviners. Ethnological Publi=cations no. 9. Pretoria; Govt. Printer.

Kraemer, H 1947 The Christian Message in a Non-Christian World. 1st reprint. London; Edinburgh House Press.

do 1956 Religion and the Christian Faith. London; Lutterworth.

Krige, E J 1944 The Magical Thought Pattern of the Bantu in relation to Health Services. African Studies vol. 3 no. 1 pp4-11.

Kritzinger, J J 1982 So lyk die SA kerke se lidmaattalle. Die Kerkbode, 17 Maart 1982.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | |
|---|---|---|
| Lagden-verslag | 1905 | - Sien onder South Africa .... |
| Lea, A | 1926 | The Native Separatist Church Movement in South Africa. Cape Town; Juta. |
| Lifela tsa Sione | 1952 | Lifela tsa Sione le tse Bojaki le lipina tsa Tsona. 23rd ed. Morija; Morija Sesuto Book Depot. |
| Linton, R (ed.) | 1940 | Acculturation in Seven American Indian Tribes. New York; Appleton Century. |
| do | 1945 | The Cultural Background of Personality. New York; Appleton-Century - Crofts, Inc. |
| Lowie, R H | 1925 | Primitive Religion. London; Routledge. |
| Luzbetak, L J | 1963 | The Church and Cultures. An Applied Anthropology for the religious worker. Illinois, Divine Word Publications, Techny. |
| Malan, J S | 1963 | 'n Ondersoek na die geskiedenis, samestel=ling en sosiaal-politieke organisasie van die Swazi's van Ngobe te Hoepakrans, in die distrik Lydenburg. MA-verhandeling, Univer=siteit van Pretoria. |
| Malan, J S (jr) | 1968 | Die tradisionele religie van die Xhosa. MA-verhandeling, Randse Afrikaanse Univ. |
| Martin, M-L | 1963 | The church facing prophetic and messianic movements. Ministry vol. 3, no. 2 pp49-61. |
| do | 1964 | The Biblical Concept of Messianism and Messianism in Southern Africa. Doctoral thesis, Univ. of South Africa. |
| Maurer | 1964 in | TWNT (Kittel) Bd 7, pp963-5. |
| Maxwell, W D | 1960 | An outline of Christian Worship. 8th ed. London; Oxford Univ. Press. |
| Mokitimi, S | 1949 | African Religion. Hellmann, E. (ed.) Handbook on Race Relations in South Africa. London; Oxford Univ. Press. (Ch. 23). |
| Molema, S M | n.d. | Chief Moroka. His life, his times, his country and his people. Cape Town; Methodist Publishing House. |
| Möller, H J | 1971 | The Church, culture change and the meaning of the group. Bosch, D J (ed.) Church and culture change in Africa. Lux Mundi 3. Pretoria; NG Kerkboekhandel, pp66-88. |
| do | 1976 | Stedelike Bantoe en die Kerk. 6 vols. (Verslag aan die RGN, Pretoria.) |


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vol. 1 Bantoe in die Stad: Metodes van navorsing en agtergrond (1972)
2 God en die Voorvadergeeste in die lewe van stedelike Bantoe (1972)
3 Magie by die stedelike Bantoe (1973)
4 Die kerk onder die stedelike Bantoe (1974)
5 Kerk en samelewing by die stedelike Bantoe (1974)
6 Die Lewens en Wêreldbeskouing van die stedelike Bantoe (1976)

Mönnig, H O 1959 'n Analise van die sosiaal-kulturele lewe in Hovesground: 'n stedelike Bantoewoonbuurt. Doktorale proefskrif, Univ. van Pretoria.

do 1967 The Pedi. Pretoria; Van Schaik.

Morton, H V 1938 Through Lands of the Bible. London; Methuen.

Mühlmann, W E 1961a Chiliasmus und Nativismus ( Studien zur Soziologie der Revolution, hg. v. W E Mühlmann, Bd.1) Berlin; Luchterhand.

do 1964 Rassen, Ethnien, Kulturen (Moderne Ethno=logie in Soziologische Texte Bd. 24) Berlin; Luchterhand.

Müller, J J 1936 Die Christelike Sektewese. Kaapstad; Nasio=nale Pers.

do 1957a In U Lig. Deel 2. Bloemfontein; SACUM.

do 1957b Die vernaamste Sektes in ons Land. Kaapstad; NG Kerk-Uitgewers.

do 1964 Die Sektebeskouing van Calvyn. Ned. Geref. Teologiese Tydskrif (NGTT) vol. 5, no. 3, pp159-67.

Myburgh, A C 1956 Die stamme van die distrik Carolina. Etnologiese Reeks no. 34. Pretoria; Staats=drukker.

Myrdal, G 1944 An American Dilemma. The Negro Problem and Modern Democracy. New York: Harper & Bros. (Ch. 40 - The Negro Church, pp858-78).

Naturellesake, Dept. van N.A. 74/214 (later 120/2/1) - Deel 1: - hooflegger insake Swart kerklike aangeleenthede; die separatisme of "onafhanklike Kerke" e.s.m. - Pretoria (hoofkantoor).

NG - Die Kerkboek 1976 Algemene Sinode. Kaapstad; NG Kerk-Uitgewers.

Nyenyane 1963 All Africa Church Conference. Our Africa. July.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




| | | |
|---|---|---|
| Oberholster, J A S | 1956 | Die Geref. Kerke onder die Kruis in Suid-Afrika - Hulle Ontstaan en Ontwikkeling. Kaapstad; HAUM. |
| Oberholster, J J en Van Schoor, M C E | 1963 | Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat. Bloemfontein; NG Kerk-Uitgewers. |
| Oosthuizen, G C | 1958 | Theological Discussions and Confessional developments in the churches of Asia and Africa. Doctoral thesis. Free University Amsterdam. |
| do | 1979 | Die Nagmaal in die Afro-christelike gods=dienstige bewegings. NGTT vol. 20, Maart, pp120-131. |
| do | 1981 | Succession Conflict within the Church of the Nazarites. Institute for Social and Economic Research (ISER) no. 13, Univ. of Durban - Westville. |
| do | 1984 | Independent Churches and Religious Move=ments - A Variety of Causes. Testimonium - J. of the Faculty of Theol., Univ. of Zululand. Vol. 2, no. 1, pp50-74. |
| Opler, M K (ed.) | 1949 | Culture and Mental Health. New York; Macmillan. |
| Opperman, K C P | 1964 | Die ryk Swart Biskop. Die Huisgenoot, 24 Jan. |
| Parrinder, G | 1953 | Religion in an African City. London; Oxford Univ. Press. |
| Pauw, B A | 1960 | Religion in a Tswana Chiefdom. Intern. African Institute. London; Oxford Univ. Press. |
| do | 1963 | African Christians and their Ancestors. NGTT vol. 4 no. 4, pp203-13. |
| do | 1975 | Christianity and the Xhosa Tradition. London; Oxford Univ. Press. |
| Redfield, R, Linton, R and Herskovits, M J | 1935 | A Memorandum for the study of Accultura=tion. Am. Anth. vol. 38 pp149-52. |
| Reyneke, J L | 1945 | 'n Bydrae tot die kennis van die Magies-Religieuse Lewe van die Kwena-Stam (B.P.) MA-verhandeling, Univ. van Pretoria. |
| do | 1971 | Towery by die Tswana met besondere verwysing na die Kgatla-bagaKgafela. Doktorale proef=skrif, Univ. van Pretoria. |


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | |
|---|---|---|
| Reyneke, J L | 1972 | Towery by die Bakgatla-baKgafêla. Eloff, J F en Coertze, R D (reds.) Etnografiese studies in Suidelike Afrika. Pretoria; Van Schaik. pp146-181. |
| Ross, J J | 1930 | Die Sending te Witzieshoek. Paulus Mopeli en ander sake rakende die Sending aldaar. Bloemfontein; Nasio=nale Pers. |
| R.P. 63/1963 | | Buro vir Statistiek. Bevolkingsensus 1960, vol. 1 Geografiese Indeling van die Bevolking. Pretoria; Staatsdrukker. |
| RSA | | Buro vir Statistiek. Bevolkingsensus 1960. Steekproeftabellasie, no. 6: Godsdiens Alle Rasse. Pretoria, |
| RSA | | Buro vir Statistiek. Bevolkingsensus 1960, vol. 3. Kerkverband. Pretoria; Staatsdrukker. |
| RSA 02-05-01 | | Departement van Statistiek. Bevolking=sensus 1970 - Stede, Dorpe en Nie-Stedelike gebiede. Pretoria; Staats=drukker. |
| RSA 02-80-01 | | Sentrale Statistiekdiens (SSD) Steekproef=tabellasie. Geografiese verspreiding van die Bevolking - Sensus 80. Pretoria; Staatsdrukker. |
| RSA 02-80-02 | | Sentrale Statistiekdiens (SSD). Steekproef=tabellasie. Maatskaplike Eienskappe. Bevolkingsensus 80. Pretoria; Staatsdrukker. |
| Schapera, I (ed.) | 1934 | Western Civilization and the Natives of South Africa: Studies in Social Contact. London; Routledge. |
| do | 1946 | The Bantu Speaking Tribes of South Africa: an ethnological survey. 2nd ed. London; Routledge. |
| Schlier | 1949 | TWNT (Kittel) Bd. 1, pp180-184. |
| Schlosser, K | 1949 | Eingeborenen Kirchen in Süd- und Südwest Afrika: Ihre Geschichte und Sozialstruktur. Kiel: Mühlau. |
| Schmidt | 1950 | TWNT (Kittel) Bd. 3, pp502-539. |
| Schropshire, D W T | 1938 | The Church and Primitive Peoples. - for SPCK. London; Macmillan. |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




| | | |
|---|---|---|
| Schüler, G M K | 1966 | Die Barolong van ThabaNchu. 'n Studie in Kultuurverandering. Doktorale proefskrif, Univ. van Stellenbosch. |
| Seward, G | 1956 | Psychotherapy and Culture Conflict. With case studies by Judd Marmor. New York: Ronald Press. |
| Sekese, A | 1962 | Mekgwa le Maele a Basotho. 1st ed. Basutoland, 1908; 1st. ed. Republic of South Africa, 1962. Morija; Morija Printing Press. |
| Smith, C T e.a. | 1959 | Die Heidendom in die Sendingkerk en die Weerlegging daarvan. Kerk en Wêreld, no. 2. Bloemfontein; NG Sendingpers. |
| South Africa | 1905 | South African Native Affairs Commission 1903-5. Report of the Commission. 4 vols. Cape Town: Cape Times Limited, Govern=ment Printers. - Lagdenverslag. |
| South African Native Races Committee | 1908 | The South African Natives: their Progress and Present Condition. London; Murray. |
| Stayt, H A | 1931 | The Bavenda. London; Oxford Univ. Press. |
| Stogdill, R M | 1948 | Personal Factors associated with Leader=ship. A Survey of the Literature. Research Foundation, Ohio State Univer=sity. J. of Psychol. 1948, vol. 25, pp35-71. |
| Sundkler, B G M | 1961 | The Concept of Christianity in the African Independent Churches. African Studies, vol. 20, no. 4, pp203-13. (Oorspronklik gelewer in Aug. 1958 by die alg. vergadering van die Instituut vir Sosiale Navorsing Seminar Programme 1958, Univ. van Natal.) |
| do | 1961 | Bantu Prophets in South Africa. 2nd ed. International African Institute. London: Oxford Univ. Press. |
| Swedenborg (Emanuël) | | Sien o.m. Grosheide Korte Christelijke Encyclopaedie, 1934, p1015. |
| Tempels, P | 1956 | Bantu Philosophie (Deutsch von Joseph Peters). Heidelberg: Rothe. |
| Transvaal Supreme Court | 1905 | Tsewu v. Registrar of Deeds (1905 TSC. 130). |
| Die Transvaler (Eie Berig) | | Stam oorhandig R4 000 aan Regering. 22 Sept. 1961. |
| do (Pretoriase Personeel) | | Sekteleier kan lesings bywoon. 2 Apr. 1963. |


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tomlinsonverslag 1954 Verslag van die Kommissie vir die Sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoe=gebiede binne die Unie van SA.

U.G. 61/1955 Samevatting van die Tomlinsonverslag. Pretoria; Staatsdrukker.

(Fotostatiese afdrukke van die oorspronk=like hfst. 5,14 en 40. Bloemfontein, NG Sendingpers).

Verder Record of Evidence, vol. 72:6655-58 - insake die African Church).

Tylden, G 1950 The Rise of the Basuto. Cape Town; Juta.

TWNT 1949 e.v. Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament (Neuauflage) - Kittel.

Unie van Zuid-Afrika 1921 Naturellenzaken Kommissie.

(A4 - 21) "Israeliten" te Bulhoek en het voorgevallene in Mei 1921.

Kaapstad; Cape Times Bpk. Goevernments Drukkers.

Unie van Suid-Afrika 1925 Verslag van die Naturelle Kerke Kommissie. Kaapstad; Cape Times Bpk.

Van Antwerp, C M 1938 Die Separatistiese Kerklike Beweging onder die Bantu van Suid-Afrika. Doktorale proefskrif. Univ. van Kaapstad.

Van den Berg, M R 1966 Syncretisme als Uitdaging. Amsterdam; Buiten & Schipperheijn.

Van der Hooft, G A 1979 De Malopodans. Doktorale proefskrif. Utrecht; Rijksuniv.

Van der Leeuw, G 1938 Religion in Essence and Manifestation. (Engels deur Turner - oorspr. Phänomeno=logie der Religion). London; Allen & Unwin.

Van der Leeuw, G en Bleeker, C J (red.) 1956 De Godsdiensten der Wereld. 3e bygewerkte en vernieude druk). 2 vols. Amsterdam; Meulenhoff.

Van Niftrik, G C 1953 Kleine Dogmatiek. 4e druk. Nijkerk; Callenbach.

Van Rooyen, T S 1955 From Unrest to Peace. The Story of the Clash of two Civilizations. Lantern. vol. 4 no. 3, pp261-66.

Van Schalkwijk, A 1949 'n Aktuele probleem vir die Sending. Duisend Sektes in Suid-Afrika. Op die Horison. vol. (Jrg) 2, pp153-56.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Van Warmelo, N J (ed.) 1932 Contributions towards Venda History. Religion and Tribal Ritual. Ethonologi=cal Publications, no. 3. Pretoria; Govt. Printer.

do 1935 A Preliminary Survey of the Bantu Tribes of South Africa. Ethnological Publica=tions no. 5. Pretoria; Govt. Printer.

do 1944 Ethnological Publications:

No. 17 The Bakgatla ba ga Mosêtlha.
18 The Ndebele of J Kekana.
19 The Bahwaduba.
20 The Tribes of the Vryburg District.
21 A Genealogy of the house of Sekhukhune.
22 History of Ha Makuya.
Pretoria; Govt. Printer.

do 1952 Taalkaart van Suid-Afrika. Ethnologiese Reeks no. 27. Pretoria; Staatsdrukker.

Van Wyk, J H 1952 Etniese Indeling van ons Sendingveld - 'n feitelike ondersoek na die besetting van die Suid-Afrikaanse Sendingveld met die oog op Gesonder Indeling. M.Th.-verhandeling, Teol. Seminarie te Stellen=bosch.

Verslag do 1973 Die Separatisme en Inheemse Kerklike Bewegings onder die Bantoe van die Sothogroep. Pretoria.

Vilakazi, A 1962 Zulu Transformations. Pietermaritzburg; Univ. of Natal Press.

War Office 1905 The Native Tribes of the Transvaal. Prepared for the General Staff, London.

Welbourn, F B 1961 East African Rebels. A Study of some Independent Churches. London; SCM Press.

Weltkirchen Lexicon 1960 (1 Auflage). Stuttgart; Kreuz-verlag.

Wessmann, R 1908 The Bawenda of the Spelonken (Transvaal). (Transl. Weinthal). London; African World.

West, M 1975 Bishops and Prophets in a Black City. African Independent Churches in Soweto, Johannesburg. Cape Town; Philip.

Wickert, W 1949 Und die Vögel des Himmels wohnen unter seinen Zweigen. Hundert Jahre Bauern=mission in Südafrika. Hermannsburg (Lüneburger Heide): Missionshandlung.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | |
|---|---|---|
| Willoughby, W C | 1928 | The Soul of the Bantu. London; Student Christian Movement. |
| Winter, J A | 1914b | The mental and moral capabilities of the Natives, especially of Sekukuniland (Eastern Transvaal). S. Afr. J. of Sci. vol. 2, pp371-83. - (SAJS). |
| The World | | Division stops progress. - March 10, 1956. (re The Church of Christ's Assemblies). September 5, 1956. Mokete o moholo oa Kereke ea Apostolic (re Morning Star - E Ramoipone). |
| | | Bantu Methodist Church. (re funeral of J Mdelwa Hlongwane, founder of the BMC) - July 19, 1958. |
| | | Day of Prayer. (re Transvaal Interdenomina= tional African Ministers' Association - TIAMA - prayer for member churches scheduled for 27th July). July 19, 1958. |
| | | Road to Kingdom not by Denominations. (inter alia re recent death of Bishop E. Lekganyane) November 2, 1967. |
| Yinger, J M | 1957 | Religion, Society and the Individual. - An Introduction to the Sociology of Religion. New York; Macmillan. |
| Zonk | | Re Easter and the unveiling of Foundation Stone. (ZCC - Zion City Moria). June, 1960. |
| | | Lekganyane leaves for Overseas. July, 1960. |
| | | Death of Famous African Prophet (re McCamel). July, 1963. |
| | | Z.C.C. Easter Conference. May, 1964. |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022